Die grootste aanpassing wat ons reg sedert 1979 ondergaan het, lê sonder twyfel in die aanvaarding van 'n menseregtebedeling wat by wyse van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993[2] in 1994 in werking getree het. 'n Aantal regte wat die potensiaal het om alle gevangenes te raak, is in die interim-Grondwet erken en word ook in die nuwe Grondwet[3] vervat. Een van die mees basiese van hierdie regte is dat elke mens die reg het op die beskerming van sy of haar waardigheid.[4] Daarby mag die staat geen persoon aan "wreedaardige, onmenslike of vernederende" behandeling of straf onderwerp nie.[5] Geen vonnis van gevangenisstraf mag dus op so 'n wyse afgedwing word dat dit as wreedaardig, onmenslik of vernederend beskou kan word nie. Verder het elke persoon die reg om onder menswaardige omstandighede aangehou te word, wat minstens die voorsiening van voldoende akkommodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling op staatskoste insluit.[6]

Buiten die feit dat voldoende akkommodasie voorsien moet word, is dit maklik denkbaar dat 'n gevangenis só vol kan raak dat die omstandighede waarin die gevangenes aangehou word nie meer menswaardig sal wees nie.[7] Sodra toestande in gevangenisse hierdie punt nader, is die dag waarop 'n gevangene by die konstitusionele hof sal aansoek doen om die aanhouding in daardie oorvol gevangenis ongrondwetlik te verklaar, op hande. En sommer so op die oog af wil dit lyk of hoofregter Rumpff se standpunt dat die oorbevolking van die gevangenisse nie 'n faktor is wat die toepaslikheid van 'n vonnis kan beïnvloed nie, nie die menseregte-eeu sal kan oorleef nie.

Verskeie vrae kan uit hierdie paar inleidende gedagtes geopper word: is dit *per se* in stryd met die bepalings van die Grondwet indien gevangenes in 'n oorvol tronk aangehou word? Wat word werklik met 'n "oorvol" gevangenis bedoel? Aan watter maatstawwe word dit gemeet? Wat is die praktiese uitvloeisels van 'n oorvol gevangenis en hoe raak dit Suid-Afrikaanse gevangenes werklik? En, les bes, hoe sou die konstitusionele hof 'n aansoek van 'n gevangene

---

2 Wet 200 van 1993 (hierna "die interim-Grondwet" genoem).

3 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996.

4 A 10 van die 1996-Grondwet bepaal: "Elke persoon het 'n inherente waardigheid en die reg op respek vir en beskerming van hierdie waardigheid" (ons vertaling).

5 A 12(1)(e) van die 1996-Grondwet.

6 A 35(2)(e) van die 1996-Grondwet.

7 As hierdie omstandighede, op die feite geoordeel, nie menswaardig is nie, sal die aanhouding waarskynlik terselfdertyd ook in stryd met a 10 en 12(1)(e) wees (kyk *supra* vn 4 en 5).

wat in 'n oorvol gevangenis aangehou word, kon beoordeel en watter faktore sal waarskynlik by hierdie beoordeling 'n wesenlike rol speel? Ons sal in hierdie bydrae poog om antwoorde op hierdie vrae te bied of voor te stel.

DIE SYFERS

Op 31 Desember 1995 was daar 112 195 gevangenes in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Die amptelike beskikbare akkommodasie is aangedui as 94 381. Dit het 'n besettingsyfer van 118,9 persent behels, of dan 'n oorbevolking van 18,9 persent. Die provinsiale oorbesetting het egter gewissel van 39 persent in die Noordelike Provinsie, tot slegs 4 persent in die Oos-Kaap.[8] Van die groter gevangenisse was Pollsmoor Maksimum Gevangenis die volste, teen 190 persent van sy amptelike kapasiteit.[9] Dit is dus duidelik dat die oorbevolking van gevangenisse nie landwyd dieselfde omvang toon nie. Dit is inderdaad gevaarlik om te sê dat die oorbevolking 'n *Suid-Afrikaanse* probleem is, eenvoudig omdat dit nie landwyd 'n eenvormige situasie vertoon nie.

'n Vergelyking van die huidige gevangenisbevolking met die syfers van die verlede is nogal insiggewend.[10] Twintig jaar gelede was daar alreeds 90 533 gevangenes in aanhouding. Tien jaar gelede was die syfer 108 392.[11] Dit is duidelik dat die gevangenisbevolking nie oor die laaste twee dekades wesenlik gestyg het nie. Van 1975 tot 1995 was die styging gemiddeld skaars 1,2 persent per jaar, wat swak vergelyk met die dramatiese styging in misdaad oor dieselfde tyd, asook met 'n bevolkingsgroeikoers van sowat 2,5 persent.[12] Die beskikbare akkommodasie het oor die afgelope tien jaar van 83 943 tot 94 381 toegeneem, dit wil sê 12,4 persent (of sowat 1,2 persent per jaar). In der waarheid sou die huidige akkommodasie omtrent voldoende gewees het vir die aantal gevangenes wat twintig jaar gelede in aanhouding was.

'n Maatstaf wat internasionaal gebruik word om 'n idee te gee van hoe groot die gedeelte is van 'n land se bevolking wat in aanhouding verkeer, is die aantal gevangenes per 100 000 van die totale bevolking. Hierdie syfer het in Suid-Afrika in die laat 1970's en vroeë 1980's 'n hoogtepunt bereik en was al so hoog as 423.[13] Suid-Afrika is inderdaad lank beskou as die land met die hoogste *per capita* gevangenisbevolking in die wêreld. Sedertdien het Rusland en die Verenigde State van Amerika ons verbygesteek,[14] en ons huidige koers van

---

8 Syfers voorsien deur Department van Korrektiewe Dienste.

9 Sonder 'n verwysing na die groot variasie wat tussen verskillende gevangenisse en streke voorkom, sou geen ondersoek oor die oorbevolking van gevangenisse volledig wees nie. Die idcaal is 'n volledige ondersoek maar hierdie artikel is beswaarlik 'n gepaste forum daarvoor.

10 Al die syfers in hierdie paragraaf is bekom uit amptelike bronne, hetsy die departementele jaarverslae of van die Departement Korrektiewe Dienste self.

11 Hierdie syfers varieer aansienlik van jaar tot jaar en die gevaar bestaan altyd dat uitsonderlike syfers geneem word en afleidings dan daaruit gemaak word. Die betrokke syfers is egter gekies omdat dit wel die algemene tendens weerspieël.

12 South African Institute of Race Relations *Race Relations Survey 1994/1995* (1995) 6.

13 Vgl Terblanche "Sentencing in South Africa" (1995) 6(2) *Overcrowded Times* 12 – hierdie syfer (wat uit 1979/1980 dateer) is nie noodwendig die hoogste wat bereik is nie. In 1971 was hierdie syfer bv 417 (vgl *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van Suid-Afrika* (RP78/1976) par 5.1.6.1.37 – die "Viljoen-kommissie").

14 Mauer "Russia, United States world leaders in incarceration" (1994) 5(5) *Overcrowded Times* 9. Die koers vir Rusland was 558 en vir die VSA 519. Suid-Afrika het (volgens dié publikasie) op 368 gestaan en die derde plek ingeneem.

gevangesetting staan in die omgewing van 360. Die daling in hierdie koers is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n daling in die gevangesettingskoers vir swartmense.[15]

Indien 'n mens net na die syfers kyk, wil dit voorkom of die oorbevolkte situasie in ons gevangenisse tans beter daar uitsien as in die verlede. Die huidige gevangenisbevolking is egter anders saamgestel as tien en twintig jaar gelede. Veral die persentasie langtermyngevangenes is tans baie groter as toe. Hierdie syfer het in 1968/69 'n laagtepunt bereik maar meer as 27 persent van al die gevonniste gevangenes wat deesdae opgeneem word, het vonnisse van meer as twee jaar gevangenisstraf,[16] terwyl dit in 1984/85 9,8 persent[17] was en in 1974/75 7,7 persent.[18] Aangesien al hoe meer gevangenes lang vonnisse uitdien, word die omset van mense kleiner. Dit beteken dat die beganers van ernstige misdade die gevangenisse volsit wat 'n positiewe tendens is. Dit beteken egter ook dat die moontlikhede om iets aan die probleem van oorbevolking te doen al kleiner word, en dit is nie bemoedigend nie.

Die gevangenisbevolking is egter in nóg 'n opsig anders saamgestel – 'n al groter wordende deel daarvan is verhoorafwagtende gevangenes. Die syfer van hierdie kategorie gevangenes het tussen tien en twintig jaar gelede taamlik konstant in die omgewing van 16 000 gebly, maar oor die laaste dekade met 68,5 persent toegeneem tot 28 421 aan die einde van 1995.[19] Dit beteken dat, waar die verhoorafwagtendes in 1985 slegs 15,6 persent van die totale gevangenisbevolking uitgemaak het, hulle tans 25,3 persent daarvan uitmaak.

Die oorbevolkte situasie in 'n gevangenis soos Pollsmoor is hoofsaaklik aan verhoorafwagtende gevangenes toe te skryf. Aan die einde van 1995 het Pollsmoor akkommodasie vir 3 896 gevangenes gehad, en 'n groot deel van hierdie syfer is deur die 1 987 verhoorafwagtendes opgeneem. In totaal is 5 933 gevangenes egter in die gevangenis aangehou – 2 037 meer as die beskikbare akkommodasie. Laasgenoemde syfer is byna net so hoog as die getal verhoorafwagtendes.

'n Mens moet verder ook vir die syfers versigtig wees want dit word kunsmatig gemanipuleer. Deur middel van die (redelik ingewikkelde) vrylatingsbeleid,

---

15 Vgl Terblanehe *supra* vn 13 12 – die daling was vanaf 462 (1979/1980) tot 340 (1993). Die presiese rede vir hierdie daling is feitlik onbepaalbaar en 'n mens kan maar net daaroor spekuleer. Die maklike uitweg is om dit eenvoudig aan die afskaffing van apartheid toe te skryf. Die Viljoen-kommissie het bv beklemtoon (vgl Deel III par 1.13) dat baie swartmense teen 1976 in gevangenisse was vanweë minder ernstige misdade. Dit het groot getalle kort-termyngevangenes tot gevolg gehad. Baie van hierdie oortredings was aan apartheid te koppel. Maar bruinmense is ook deur apartheid getref en hulle gevangesettingskoers staan steeds byna onveranderd in die omgewing 840 (Terblanehe *supra* vn 13 12). Na ons mening het 'n veranderde vonnisbeleid, wat sedert die middel 1980's veral in landdroshowe begin posvat het en waarvolgens daar in 'n groeiende mate van die oplegging van kort termyne van gevangenisstraf wegbeweeg is, waarskynlik die belangrikste rol in die daling van die aanhoudingskoers gespeel. Oor die presiese invloed van die hoë syfer onopgeloste misdade kan net gespekuleer word, maar dat dit die gevangenissyfers kunsmatig laag hou, is bo alle twyfel.

16 Vgl Departement van Korrektiewe Dienste *Jaarverslag (1 Jan – 31 Des 1995)* Tabel 8.

17 Vgl Departement van Korrektiewe Dienste *Jaarverslag (1 Jan – 31 Des 1994)* Tabel 1.

18 Viljoen-kommissie par 5.1.6.1.15 en 5.1.6.1.25.

19 Die syfer in 1985 was 16 864.

amnesties en ander vorme van vroeë vrylatings,[20] insluitende die sogenaamde "bursting",[21] word sorg gedra dat die gevangenisbevolking binne bepaalde perke bly.[22]

AKKOMMODASIE

Die oorbevolking van tronke behels egter veel meer as net getalle. Eerstens is daar 'n bepaalde ruimte waarbinne 'n aantal mense aangehou word. Volgens die Gevangenisdiensorders moet minstens 3,344m^2 vloeroppervlakte in 'n gemeenskaplike sel per gevangene voorsien word.[23] Wanneer lugruimte ook in ag geneem word, moet 8,5m^3 per gevangene beskikbaar wees.[24] Hierdie maatstawwe is veronderstel om aan internasionale standaarde te voldoen. Professor Van Zyl Smit noem dat dit in die verlede al gebeur het dat tot 45 mense in 'n sel van slegs 15 meter by 5 meter aangehou is.[25]

'n Mens moet aanvaar dat, wanneer dit by grondoppervlak kom, daar 'n punt is waar meeste mense sal voel dat 'n gevangenis oorbevolk is, en 'n punt waar meeste mense sal voel dat dit nie oorbevolk is nie, met 'n wye gebied tussenin.

ANDER ASPEKTE VAN OORBEVOLKING

Wanneer verder by die koue syfers van soveel gevangenes en soveel vloerruimte verbygekyk word, raak oorvol gevangenisse veral die mense wat binne-in daardie ruimte moet leef en werk. Oorbevolking het, volgens die Departement van Korrektiewe Dienste, die volgende negatiewe gevolge:

> "Die selle in gevangenisse is ontwerp om 'n spesifieke aantal gevangenes te huisves. Sodra hierdie getal gevangenes vermeerder weens oorbevolking, het dit outomaties 'n negatiewe invloed op die lewensomstandighede van die gevangenes, omdat die normale vloerspasie en lugruimte wat vir gevangenes beskikbaar is, daardeur versteur word. Dit plaas verder ook druk op ablusiefasiliteite in selle en die res van die gevangenisinfrastruktuur, wat kombuise, hospitaalafdelings, warmwaterstelsels, waskamers, ens. insluit. Dit het ook 'n negatiewe invloed op toesig- en beheerfunksies en benadeel die gestelde veiligheidstandaarde."[26]

---

20 Voorbeelde van hierdie vrylatings blyk uit die *Jaarverslag (1 Jan – 31 Des 1994)* 6: 6 maande afslag van die opgelegde vonnis aan (basies) alle gevangenes; vrylating van alle gevangenes onder 18 jaar oud, moeders met kinders van onder 12 jaar en gestremdes. Hierdie vergunnings is deur die staatspresident verleen. Die vrylating van moeders met kinders van onder 12 jaar oud het 'n nadraai in die hof gehad. In *Kruger v Minister of Correctional Services* 1995 1 SASV 375 (T) het mansgevangenes met kinders onder 12 jaar oud by die hof aansoek gedoen om tersydestelling van die betrokke presidensiële bepaling omdat dit met die gelykheidsklousule van die interim-Grondwet (a 8(2)) in stryd sou wees en onbillik teen manspersone diskrimineer. Die hof het egter gemeen dat die president se optrede soos 'n geskenk was en dat niemand gevolglik op die vergunning aanspraak kan maak nie.

21 "Bursting" is 'n term uit Engeland wat basies "noodvrylatings" beteken – kyk Neser en Takoulas "Bursting at the seams: Prison overcrowding – a brief overview" 1995 (30) *Die Landdros* 135.

22 Volgens die *Citizen* 1996-4-11 "Prisons are understaffed, underfunded" is die huidige begroting voldoende vir 97 000 gevangenes. So 'n begroting is totaal onredelik – daar was immers in 1973/74 alreeds daagliks gemiddeld 98 851 mense in aanhouding (Viljoen-kommissie par 1.7). Sedertdien is daar 'n aanvullende begroting vir hierdie tekort ingedien.

23 Ander standaarde geld vir enkelselle maar in Suid-Afrika word daar hoofsaaklik van gemeenskaplike selle gebruik gemaak.

24 Van Zyl Smit *South African prison law and practice* (1992) 144.

25 *Ibid.*

26 *Jaarverslag (1 Jan – 31 Des 1994)* 3.

'n Mens moet egter daarop wys dat hierdie ander aspekte nie noodwendig met oorbevolking (in die eng sin van die woord) verband hoef te hou nie. 'n Tekort aan ablusiegeriewe kan bestaan selfs al is 'n sel net half vol; indien daar nie fondse vir voldoende personeel is nie, kan 'n half leë gevangenis te min personeel hê vir die behoorlike bestuur daarvan; onvoldoende warmwatervoorsiening is ook moontlik in gevangenisse wat nie (volgens die syfers) te veel mense huisves nie. Dit is natuurlik so dat, indien die infrastruktuur vir 'n bepaalde aantal mense ontwerp is, dit ontoereikend sal word indien daardie getal mense meer word. Die ander kant van die munt is dat dit moontlik is om voldoende geriewe te voorsien al is daar te veel mense in die selle.

Die beskikbaarheid van staatsfondse speel natuurlik 'n geweldig belangrike rol in die bepaling van die hoeveelheid gevangenisse en ander geriewe wat opgerig word. Indien geld nie 'n oorweging was nie, kon al die nodige geriewe in oorvloed voorsien word. In Suid-Afrika is dit egter byna ondenkbaar dat so 'n situasie ooit bereik sal word, en hierdie ideale toestand kan vir navorsingsdoeleindes buite rekening gelaat word.

GEVANGENES SE PERSOONLIKE GEVOELENS OOR OORVOL TRONKSELLE

Gedurende Januarie 1996 het ons oor die oorbevolking van gevangenisse kwalitatiewe navorsing gaan doen by 'n groot (Pollsmoor), medium (Victor Verster), en klein gevangenis (Beaufort-Wes).[27] Onderhoude is op 'n vrywillige grondslag met twintig gevangenes elk by Victor Verster en Pollsmoor gevoer, en met tien gevangenes by Beaufort-Wes. Ons teikengroep was verteenwoordigend van die res van die gevangenes en die meeste van hulle het die ernstiger misdrywe soos moord, roof en verkragting gepleeg. Gewoontemisdadigers het ook voorgekom.

Die verskeidenheid van misdrywe, lengte van aanhouding, lengte van vonnis en selbesetting sien soos volg daar uit:

Vermoënsmisdade

Ongeveer 38 persent van die gevangenes het uitsluitlik vermoënsmisdrywe begaan. Dit het misdrywe soos huisbraak, diefstal, voertuigdiefstal en bedrog ingesluit. Die lengte van vonnisse het gewissel vanaf 1 jaar 6 maande tot 12 jaar 3 maande met 'n gemiddeld van 6 jaar, terwyl die lengte van aanhouding gewissel het van persone wat pas gevonnis is tot 7 jaar met 'n gemiddeld van amper 2 jaar per gevangene. Die gemiddelde persentasie besetting van die selle waarin hierdie gevangenes aangehou is, was 140 persent.

Geslagsmisdade

Verkragting en poging tot verkragting was die enigste twee misdrywe in hierdie kategorie en 6 persent van die gevangenes het hulle uitsluitlik hieraan skuldig gemaak. Die lengte van hulle vonnisse het gewissel van 2 jaar 6 maande tot 10 jaar 6 maande met 'n gemiddeld van 5 jaar, terwyl die lengte van aanhouding gewissel het van 4 maande tot 4 jaar met 'n gemiddeld van 8 maande. Die gemiddelde persentasie besetting van die selle was 137 persent.

---

27 Kwalitatiewe navorsing behels hoofsaaklik dat onderhoude gevoer word met 'n bepaalde groep mense ten einde 'n indruk te kry van hulle siening van 'n bepaalde saak. Dit is nie daarop gemik om syfers te genereer nie.

Geweldsmisdade

Geweldsmisdrywe het die algemeenste voorgekom en ongeveer 44 persent van die gevangenes het hierdie klas van oortredings begaan. Dit het onder andere misdade soos aanranding met die opset om ernstig te beseer, opsetlike saakbeskadiging, gewapende roof, moord en strafbare manslag ingesluit. Die lengte van die gevangenes se vonnisse het gewissel van 1 jaar tot 45 jaar met 'n gemiddeld van byna 11 jaar, terwyl die tydperke in aanhouding gewissel het van persone wat pas begin het tot 18 jaar met 'n gemiddeld van 2 jaar 7 maande. Die selbesetting was 140 persent.

Ander misdade

Die oorblywende misdrywe het 12 persent van die totaal uitgemaak en het bestaan uit misdade soos ontvlugting, onwettige besit van 'n vuurwapen, besit van verdowingsmiddels en verset teen arrestasie of 'n kombinasie van die ander misdrywe. Die vonnislengtes het gewissel van 1 jaar 5 maande tot 16 jaar 6 maande met 'n gemiddeld van 8 jaar 6 maande, terwyl die lengtes van aanhouding gewissel het van 1 jaar 6 maande tot 11 jaar met 'n gemiddeld van 5 jaar 6 maande. Die gemiddelde persentasie selbesetting was 142 persent.

Gevangenes is in afsondering gespreek en slegs by Pollsmoor was 'n bewaarder teenwoordig. Alhoewel ons nie wou hê dat die gevangenes vooraf ingelig moes word aangaande die rede vir ons besoek nie, het dit wel by Victor Verster en Beaufort-Wes gebeur – gevolglik het die kwessie van oorbevolking aldaar sterker na vore getree.

Ons onderhoude met die gevangenes was daarop gemik om te bepaal of oorbevolking in die algemeen vir individuele gevangenes 'n probleem is. Die kort antwoord is dat oorbevolking *per se* vir die meeste gevangenes nie 'n probleem is nie.[28] Hulle het die lot aanvaar om hulle vonnisse in 'n oorvol gevangenis uit te dien. Die beperkte lewens- en beweegruimte wat oorbevolking meebring, het meeste van hulle nie juis geaffekteer nie. 'n Sterk behoefte aan sosiale verkeer is deur meeste gevangenes uitgespreek. Hierdie mense se probleem met die lewe in die gevangenis was eerder geleë in faktore soos onvoldoende mediese dienste, beperkte kontak met die buitewêreld, die gehalte van hulle kos, optrede deur die bewaarders, dwangarbeid, onvoldoende ontspanningsfasiliteite en bendebedrywighede wat hulle lewens regeer. 'n Mens moet nie uit die oog verloor dat meeste van hierdie probleme uit oorbevolking kan voortspruit nie, en gevolglik kan hierdie faktore as deel van oorbevolking *in die wye sin van die woord* gesien word.[29]

Die meer opgevoede en gesofistikeerde gevangene (wat in die minderheid was), tesame met 'n klein groepie ander gevangenes vir wie oorbevolking wel 'n probleem was, het egter 'n behoefte aan groter lewensruimte gehad. Hierdie mense het hulle privaatheid hoog op prys gestel en wou wegkom van die bendebedrywighede en die slegte gewoontes van hulle medegevangenes. Hulle het verder 'n behoefte gehad aan intellektuele stimulasie en morele standaarde, wat onder andere deur oorbevolking onderdruk word.

---

28 Hier word gepraat van oorbevolking *in die eng betekenis* van die woord. Dit behels eenvoudig dat 'n groot getal mense in een sel saamgehok word.

29 Vgl die eng betekenis (*supra* vn 28).

Die gevangenes se probleme met oorbevolking was grootliks beperk tot die tekort aan geriewe in die gevangenisse. Te min beddens het veroorsaak dat party gevangenes tussen die ander beddens op die vloer moes slaap. In ander gevalle word dubbeldekkerbeddens gebruik. Hierdie gebruike beperk 'n gevangene se lewens- en beweegruimte drasties en veroorsaak byvoorbeeld dat hy nie kan rondbeweeg sonder om medegevangenes te steur nie. Weens die aantal mense in 'n sel is stort- en toiletgeriewe meesal ontoereikend. Soggens is daar weens normale menslike behoeftes en roetine 'n toeloop na die storte en dus 'n beperkte storttyd vir elke gevangene. Nie alleen veroorsaak die oorbenutting van storte die opbou van stoom en dus 'n benoude en bedrukte gevoel in die selle nie, maar dit dra ook by tot die vinnige verspreiding van siektes. Dieselfde probleme bestaan by die gebruik van die toilette. Verder moedig oorbevolking bendebedrywighede aan. Gevangenes verkeer onder geweldige druk om aan hierdie bendes te behoort en het dikwels nie 'n ander keuse nie. Botsings en struwelinge tussen bendes is aan die orde van die dag en het dikwels noodlottige gevolge.

SLOTSOM UIT KWALITATIEWE NAVORSING

Die meeste gevangenes beleef die oorbevolkte toestande soos ons dit gevind het (met ander woorde 'n oorbevolking in die omgewing van 140%) as sodanig nie negatief nie. Dit is egter duidelik dat die oorbevolking van gevangenisse eerder in die wye sin van die woord verstaan moet word omdat dit nie net deur lewensruimte bepaal word nie. Aspekte van 'n normale lewe soos toilet- en wasgeriewe, ontspannings- en werksgeleenthede asook eetgeriewe is van groot belang. Gevangenes kan, bloot volgens die ruimtemaatstawwe, meer as voldoende grondgebied per gevangene gegun word maar die betrokke sel kan steeds oorbevolk wees indien daar nie voldoende toilet- en wasgeriewe is nie. Al word die sel se bevolkingskwota nie oorskry nie, kan 'n gevangenis steeds totaal oorbevolk wees omdat daar te min personeel is om behoorlike beheer oor die gevangenes uit te oefen, veral as hulle die selle om een of ander rede verlaat.[30]

'n Laaste aspek waarop gewys moet word, is dat verskillende mense verskillend op dieselfde saak reageer. Daar sal dus altyd mense wees vir wie oorbevolking in die eng sin inderdaad hoogs problematies is. In Suid-Afrika is hulle egter in die minderheid.

IS OORBEVOLKING ONGRONDWETLIK?

Professor Van Zyl Smit noem dat aanhoudingsomstandighede so swak kan word dat dit as wrede en onmenslike straf beskou kan word.[31] Dit blyk ook die uitgangspunt in die Amerikaanse reg te wees.[32]

Die regsposisie in die Verenigde State van Amerika sal waarskynlik vir Suid-Afrikaanse doeleindes van aansienlike belang wees. Die ongrondwetlikheid van straf word in Amerika geraak deur die Agste Wysiging tot die Amerikaanse Grondwet wat onder andere die oplegging van wrede en buitengewone straf ("cruel and unusual punishment") verbied. Daar is min twyfel dat gevangenisstraf

---

30 Kyk in die algemeen Durham *Crisis and reform* (1994) 32 ev.

31 *Supra* vn 24 147.

32 Vgl *Hutto v Finney* 437 US 678 (1978); *Ruiz v Estelle* 503 F Supp 1265 SD Tex (1980); *Wilson v Seiter* 501 US 294 (1991); *Helling v McKinney* 113 S Ct 2475 (1993).

in bepaalde omstandighede wreed en buitengewoon kan wees. Daar is dan ook uitdruklik in *Estelle v Gamble*[33] beslis dat gevangenisstraf aan die beperkinge van die Agste Wysiging onderworpe is.

Die ontwikkeling van die huidige regsposisie in Amerika dateer basies uit die sestigerjare.[34] Sedertdien het gevangenes die federale howe oorstroom in menseregte-aksies wat elke aspek van gevangenisbestuur geraak het.[35] Een van die eerste Supreme Court-beslissings wat spesifiek na die algemene omstandighede van aanhouding in gevangenisse gekyk het, was *Rhodes v Chapman*.[36] Hier is beslis dat die aanhoudingsomstandighede in die gevangenis, hetsy alleen of in kombinasie met mekaar, ongrondwetlik sou wees indien dit die gevangenes ontneem van die "minimal civilized measure of life's necessities".[37] Dit behels egter nie dat die lewe in die gevangenis aangenaam moet wees nie; selfs moeilike lewensomstandighede is dikwels eenvoudig deel van die straf wat die gevangene in die gevangenis ondergaan.[38] In 'n daaropvolgende beslissing, *Wilson v Seiter*,[39] is daar op *Rhodes v Chapman* uitgebrei. Volgens hierdie uitbreiding is die omstandighede in die gevangenis op sigself nie genoeg om te bevind dat die straf ongrondwetlik is nie maar word 'n subjektiewe element bygevoeg, naamlik dat hierdie omstandighede die resultaat moet wees van strafbare handelinge deur die gevangenisowerhede.[40] Die blote feit dat die gevangenis oorvol was, het die aanhouding nie ongrondwetlik gemaak nie.[41]

Die "omstandighede" wat ter sprake is, is al in verskeie Supreme Court-beslissings duidelik gemaak. 'n Voorbeeld is *Helling v McKinney*,[42] waar die volgende omstandighede genoem is saam met 'n verduideliking van die oorsprong van die staat se verantwoordelikheid in hierdie verband:

> "[When] the state by the affirmative exercise of its power so restrains an individual's liberty that it renders him unable to care for himself, and at the same time fails to provide for his basic human needs – e.g., food, clothing, shelter, medical care and reasonable safety – it transgresses . . . the Eighth Amendment."[43]

Oefening word baie dikwels tot hierdie lys gevoeg. Uiteindelik kan 'n mens hierdie faktore saamvat as daardie omstandighede wat, indien dit ontneem word, 'n nadelige effek op die fisiese en geestesgesondheid van die betrokke persoon sal hê.[44]

---

33 429 US 97 (1976).

34 Vgl Branham en Krantz *Sentencing, corrections and prisoners' rights* (1994) 128 ev.

35 Vgl Jacobs "The prisoners' rights movement and its impacts, 1960–80" in Morris en Tonry (reds) *Crime and justice: An annual review of research* (Vol 2) (1980) 429.

36 452 US 337 (1981). Die basis van die beslissing was 'n bestryding van "double celling" (waar twee mense aangehou is in 'n sel wat vir een mens ontwerp is) in die Lucasville gevangenis in Ohio.

37 347.

38 *Ibid.*

39 111 S Ct 2321 (1991).

40 Vgl Mushlin *Rights of prisoners* (1993) 28. Hierdie toevoeging is fel gekritiseer, veral omdat skokkende omstandighede volgens hierdie kritiek bestaan, ook in die afwesigheid van strafbare optrede – *idem* 36 ev.

41 Vgl *idem* 99.

42 113 S Ct 2475 (1993) 2480.

43 Vgl ook *Wilson v Seiter* 111 S Ct 2321 (1991) 2327; *DeShaney v Winnebago County Department of Social Services* 109 S Ct 998 (1989) 1005.

44 Kyk Mushlin *supra* vn 40 82 91 ev.

Om spesifiek tot oorbevolking terug te kom: dit is duidelik dat oorbevolking *per se* nie wrede en buitengewone straf uitmaak nie.[45] Die gevolge van die oorbevolking kan egter wel daartoe aanleiding gee, soos Mushlin dit stel:

> "To succeed, the plaintiffs must show that the conditions caused by overcrowding fall below the bottom line of human existence forbidden by the Eighth Amendment."[46]

Hierdie "conditions" is die wat hierbo in die aanhaling uit *Helling v McKinney* genoem is, en die vraag of die omstandighede so erg is, is 'n feitevraag waarvan die bewyslas op die eiser rus.

Dit is sinvol om in meer besonderhede te kyk na enkele beslissings oor die onderwerp wat in Amerika gegee is. In *French v Owens*[47] is 'n sogenaamde "klasaksie" namens alle gevangenes teen die Indiana *Reformatory* te Pendleton, Indiana ingestel. Die *Reformatory* is 'n maksimum sekuriteit inrigting wat reeds in 1923 gebou is. Die gevangenes se klagtes was gerig teen die oorbevolking, swak lewensomstandighede, onvoldoende mediese dienste, 'n gebrek aan veiligheid, onhigiëniese voedseldienste, onvoldoende opvoedings- en beroepsonderwysprogramme, 'n arbitrêre dissiplinestelsel en onvoldoende toegang tot die howe. Die verhoorhof bevind onder andere dat die selle nie voldoende ventilasie gehad het nie, dat die beligting onvoldoende was, dat die stort- en toiletgeriewe onhigiënies was, dat die gevangenes onvoldoende sport en ontspanning gebied is, dat mediese dienste ver tekortgeskiet het en dat opvoedings- en beroepsonderwysprogramme byna nie bestaan het nie. Teen hierdie agtergrond spreek die verhoorhof ook die belangrikste kwessies, naamlik "double celling" en oorbevolking, aan. Uit die getuienis het dit geblyk dat oorbevolking 'n ernstige inpak op die vlakke van geweld en vyandigheid gehad het. Messtekery, homoseksuele verkragtings en gewelddadige onderdrukking, met die gepaardgaande gevolge daarvan, het daagliks voorgekom. Die verweerder het onder andere verwys na *Rhodes v Chapman*[48] waarin die Supreme Court beslis het dat "double celling" nie *per se* wrede en onmenslike straf uitmaak nie.[49] Die inrigting in Lucasville was egter relatief nuut, skoon en veilig en het dus 'n sterk kontras gevorm met die Indiana *Reformatory*. Die hof beklemtoon in sy uitspraak die belangrikheid van die beginsel van die totaliteit van omstandighede en haal soos volg uit *Gates v Collier*[50] aan:

> "Each factor separately . . . may not rise to constitutional dimensions; however, the totality of these circumstances is the infliction of punishment on inmates violative of the Eighth Amendment."[51]

---

45 Vgl Van Zyl Smit *supra* vn 24 147; Branham *supra* vn 34 248–254. Vir 'n algemene bespreking van oorbevolking in Amerika kyk Durham *Crisis and reform* (1994) 31–59.

46 *Supra* vn 40 100.

47 777 F2d 1250 (7th Cir 1985).

48 *Supra* vn 36.

49 Kyk die teks *supra* by vn 40.

50 501 F2d 1291 (1974).

51 Sien ook *Palmigiano v Garrahy* 639 F Supp 244 (DRI 1986) en *Hutto v Finney* 437 US 678 (1978) in hierdie verband. In lg saak het die Amerikaanse Supreme Court bevind dat die omstandighede in die isolasieselle wel inbreuk gemaak het op die Agste Wysiging se verbod teen wrede en buitengewone straf. Hierdie omstandighede het faktore soos die gevangenes se dieet, voortdurende oorbevolking van die selle, geweld, vandalisme en swak oordeel deur die bewaarders ingesluit.

Gevolglik bevind die hof dat die oorbevolking by die *Reformatory* in die lig van al die ander omstandighede en wanneer dit as 'n geheel oorweeg is, op wrede en onmenslike behandeling van die gevangenes neerkom.

Die grondwetlikheid van "double celling" is ook in *Bell v Wolfish*[52] oorweeg. Die eisers se argument was in hierdie geval egter nie op die Agste Wysiging se verbod teen wrede en buitengewone straf gebaseer nie, maar wel op die "due process"-bepaling van die Vyfde Wysiging. Die Supreme Court verwerp die eisers se argument dat "double celling" daarop neerkom dat hulle straf die reg op "due process of law" (of regsprosesreëlmatigheid) skend. Die rede hiervoor is dat die proses nie afgehandel is sodra die vonnis opgelê is nie, en dat die reëlmatigheid daarvan moet voortduur in die loop van die vonnisuitdiening. Die hof beklemtoon egter twee faktore as motivering vir die beslissing om die eis van die hand te wys, naamlik dat meeste aangehoudenes nie vir lang periodes aangehou was nie, en tweedens dat die aangehoudenes 'n groot mate van bewegingsvryheid gehad het. In gepaste gevalle het die "due process"-beginsel dus wel 'n kans op sukses.[53] Aangesien "due process" duidelik in artikel 35 van die 1996-Grondwet verskans is, sou Suid-Afrikaanse gevangenes ook op grond hiervan 'n aanval op die grondwetlikheid van oorbevolking kon loods.

Die Zimbabwese hoogste hof het in *Conjwayo v Minister of Justice, Legal and Parliamentary Affairs*[54] ook gekyk na faktore wat die grondwetlikheid van aanhouding in 'n gevangenis kan raak. Heelwat is uit hierdie beslissing te leer, omdat dit 'n Afrika-perspektief op die probleem bied. Die applikant in hierdie saak is toegelaat om net vir 'n halfuur per weeksdag in die ope lug te oefen, en oor naweke glad nie. Dit was in reaksie op 'n poging om hom uit die gevangenis te ontset, en het beteken dat die applikant oor naweke tot so lank as 47 ure basies in sy sel moes bly. Dit beskou hoofregter Gubbay as

> "plainly offensive to one's notion of humanity and decency. It transgresses the boundaries of civilised standards and involves the infliction of unnecessary suffering".[55]

So 'n siening is analoog daaraan om te sê dat die straf wreedaardig en/of onmenslik is. Verderaan voeg die hoofregter die volgende by:

> "In my opinion, to deprive the applicant of access to fresh air, sunlight and the ability to exercise properly for a period of 23½ hours per day, by holding him in a confined space, is virtually to treat him as a non-human. I think it repugnant to the attitude of contemporary society. The emphasis must always be on *man's basic dignity*, on civilised precepts and on flexibility and improvement in standards of decency as society progresses and matures."[56]

Hieruit kom die belangrikheid van die reg op die waardigheid van mense duidelik na vore. Vir sover dit hier gaan oor die behoud van die waardigheid van mense op grond van die hoeveelheid geleenthede om in die ope lug te oefen, is dit besonder toepaslik vir die Suid-Afrikaanse situasie: die meeste gevangenes kry hier oefening vir slegs een uur per dag en dit is vir baie gevangenes 'n

---

52 441 US 520 (1979).

53 Kyk Palmer *Constitutional rights of prisoners* (1977) 240–243; Mushlin *supra* vn 40 96–104 en die sake daar aangehaal vir verdere inligting aangaande die uitwerking van die Amerikaanse Grondwet op die oorbevolkingskwessie.

54 1992 2 SA 56 (ZS).

55 64A–B.

56 65G–H (ons kursivering).

praktiese probleem. Op sigself is dít waarskynlik nie ongrondwetlik nie. Hoofregter Gubbay het by 'n paar geleenthede na amptelike voorskrifte verwys waarvolgens gevangenes 'n uur se oefening per dag gebied moet word,[57] en het hierdie voorskrifte nie in enige stadium in afwysende terme beskryf nie. In der waarheid het die hof aan die begin van die uitspraak aansienlike klem daarop gelê dat die howe nie normaalweg met die werk van die gevangenisowerhede sal inmeng nie. Hierdie werk is dikwels uiters moeilik:

> "It requires expertise, comprehensive planning and a commitment of resources. all of which are peculiarly within the province of the legislative and executive branches of government. Courts recognise that they are ill-equipped to deal with such problems."[58]

Daar is deesdae geen twyfel meer nie dat 'n gevangene al die regte behou wat hy as vry mens gehad het behalwe daardie regte wat hy noodwendig moet verloor as 'n resultaat van sy aanhouding.[59] En daarom, sê hoofregter Gubbay, al is dit die taak van die gevangenisowerhede om gevangenisse te bestuur, en al moet gevangenes noodwendig aan toepaslike reëls en regulasies onderwerp word, bly dit die howe se voortdurende verantwoordelikheid om die grondwetlike regte van alle persone, insluitende gevangenes, te beskerm.[60] Hierin lê 'n basiese toets wat aangewend kan word om te bepaal of die howe moet inmeng met die manier waarop gevangenes in tronke behandel word. Dit sluit natuurlik die oorbevolkte situasie in gevangenisse in omdat dit op sigself 'n invloed kan hê op hoeveel tyd daar vir oefening vir die gevangenes beskikbaar is.[61]

Die nuwe Grondwet van 1996 bepaal dat elke aangehoudene die reg op "voldoende akkommodasie" het. "Voldoende akkommodasie" is 'n konsep wat nie in Suid-Afrika, of in ander grondwette waarvan ons bewus is, bekend is nie.[62] Dit sal mettertyd juridiese inhoud gegee moet word. Die howe sal moet bepaal of dit uitsluitlik verwys na die lewensruimte wat in die selle vir elke gevangene beskikbaar is, en of dit 'n wyer begrip is wat op die "totaliteit van omstandighede" van die aanhouding van gevangenes slaan. Daar sal verder bepaal moet word wat "voldoende" akkommodasie behels. Dit is onwaarskynlik dat ons howe sover sal gaan om absoluut enige oorbevolking ongrondwetlik te verklaar. Dit is, met ander woorde, onwaarskynlik dat die howe 'n suiwer

---

57 Vgl 64G–H 65F.

58 60H–I.

59 Die duidelikste reg wat noodwendig verlore gaan, is die reg op vryheid (a 12(1) van die 1996-Grondwet).

60 61A. Amerika het ook aanvanklik 'n sg "hands-off doctrine" gebruik. Vier redes is hiervoor aangevoer: (1) Die beginsel van skeiding van magte waarvolgens die regterlike gesag nie met die uitvoerende gesag moet inmeng nie; (2) die gedagte dat die federale howe nie behoort in te meng met 'n funksie wat aan die state opgedra is nie; (3) inmenging van die howe sal die veiligheid van gevangenisse belemmer; en (4) 'n oorvloed van litigasie is verwag (vgl Branham en Krantz *supra* vn 34 128–129). Sedert die sestigerjare het dinge egter begin verander, oa vanweë intensiewer litigasie, militanter gevangenes en 'n verandering in die samestelling van die Supreme Court (*ibid*).

61 'n Mens kry 'n kykie in die praktiese gevolge (of gebrek daaraan) van hierdie uitspraak in *Beeld* 1996–07–23 "Zimbabwe-regering 'verhinder' 5 gevangenes se amnestie-aansoek" waarin melding gemaak word van die haglike omstandighede waarin hierdie gevangenes tans aangehou word. Dit sluit in dat elkeen slegs een kombers en een stel klere het.

62 Ons het die volgende lande se grondwette nagegaan en kon geen soortgelyke bepaling vind nie: VSA, Kanada, Duitsland, Australië, Nieu-Zeeland, Namibië, Zimbabwe, Indië en Japan (Blaustein *Constitutions of the countries of the world* (1971; opgedateer tot 1995)).

statistiese beoordeling sal volg. Na ons mening sal die howe waarskynlik bevind dat die akkommodasie eers onvoldoende raak wanneer die algemene aanhoudingsomstandighede sodanig word dat aanhouding in elk geval nie meer grondwetlik is nie. Die insluiting van die woorde "voldoende akkommodasie" behoort dus nie juis 'n verskil aan die regte van gevangenes te maak nie, en dit is waarskynlik uit oormaat van versigtigheid in die Grondwet ingesluit.

DIE INVLOED VAN 'N OORVOL GEVANGENIS OP DIE OPLEGGING VAN VONNIS

Hiermee het ons ook die kern van die tweede aspek van die *dictum* van hoofregter Rumpff waarmee hierdie artikel begin is, bespreek. Dit is naamlik die vraag of die toestande in tronke enige invloed op die vonnis behoort te hê. Kragtens artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet[63] is gevangenisstraf een van die strawwe wat 'n hof 'n misdadiger kan oplê. Sodra 'n hof 'n vonnis van gevangenisstraf opgelê het, is die rol van die regsprekende gesag basies afgehandel. Die veroordeelde word dan aan die Departement van Korrektiewe Dienste oorhandig en word 'n gevangene met wie die departement handel ooreenkomstig die Wet op Korrektiewe Dienste[64] en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is. Die tenuitvoerlegging van die regsprekende gesag se vonnis word inderdaad ten volle aan die uitvoerende gesag oorgelaat.

Die howe sal toenemend van aanhoudingsomstandighede in gevangenisse moet kennis neem. Dit maak eerstens logies baie sin. Hoe kan 'n hof bepaal of gevangenisstraf 'n gepaste vonnis is sonder kennis van die omstandighede waarin die gevangene hom daagliks sal bevind? Hierdie motivering het nog altyd bestaan. Maar daar is deesdae 'n tweede rede. Ons leef nou in 'n regstaat waarin die reg die oppergesag is en die howe, as regsprekende gesag, die oppergesaghebbers. 'n Hof durf in hierdie omstandighede nie 'n vonnis op te lê, met ander woorde 'n hofbevel uit te vaardig, as dit in die praktyk kan beteken dat die veroordeelde behandeling van 'n ongrondwetlike aard ontvang nie. Met ander woorde: die howe durf nie vonnisse van gevangenisstraf oplê indien hulle onbewus is van wat agter die tralies aangaan nie. Indien die gevangenisse sodanig oorbevolk is dat aanhouding daarbinne in stryd met die Grondwet is, kan 'n hof 'n veroordeelde beswaarlik veroordeel om die hof se vonnis in sodanige omstandighede uit te dien.

SLOTSOM

Die voorgaande bespreking stel ons in staat om die vrae wat ons aan die begin van die artikel gestel het, hier kernagtig te beantwoord. Eerstens: al is daar spesifieke statistiese maatstawwe waaraan die oorbevolking van gevangenisse gemeet word, behels oorbevolking baie meer as 'n bepaalde aantal vierkante meter; tweedens: Suid-Afrikaanse gevangenes kwel hulle oor die algemeen nie baie oor die lewensruimte tot hulle beskikking nie, maar die beskikbaarheid van ander geriewe (soos eet-, oefen-, was- en werksgeleenthede) is wel baie belangrik; derdens: dit is nie *per se* in stryd met die Grondwet indien daar te veel gevangenes in 'n gevangenis aangehou word nie, op voorwaarde dat die aanhouding die gevangene nie ontneem nie van soveel van wat nodig is vir 'n menslike bestaan dat wel gesê kan word dat die aanhouding wreed en onmenslik is.

---

63 Wet 51 van 1977.
64 Wet 8 van 1959.

A critical analysis of section 21 of the Insolvency Act 24 of 1936

(*continued*)*

RG Evans
BLC LLM
Senior Lecturer, Department of Mercantile Law, University of South Africa

4 THE INTERPRETATION OF SECTION 21(5)

Section 21(5) of the Insolvency Act has created a cauldron of conjecture relating to the separate property of the solvent spouse and the nature of its vesting in the trustee on the one hand, and on the other, to interests of the separate creditors of both the spouses. Although spouses married by antenuptial contract are generally not liable for each other's debts, the insolvency of one such spouse does affect the position of the other. As mentioned above, where the separate estate of one spouse is sequestrated, the estate of the solvent spouse also vests first in the Master, and upon his appointment, in the trustee.[67] Under certain circumstances the solvent spouse may however claim the release of the property allegedly belonging to her.[68]

Looking first at the nature of the vesting of the solvent spouse's property, the question that arises is whether the trustee becomes the owner of the property which in terms of section 21 has vested in him. This question was considered by the Appellate Division, albeit *obiter*, in *De Villiers v Delta Cables (Pty) Ltd*.[69] It is however submitted that this will not be the last word on the matter, and in my opinion there is a strong possibility that this aspect may also find itself before the Constitutional Court.[70] Before considering the ruling of Van Heerden JA in this regard, it is necessary to look at the provisions of section 21(5) of the Insolvency Act as well as earlier case law. Section 21(5) provides:

> "Subject to any order made under sub-section (4) any property of the solvent spouse realised by the trustee shall bear a proportionate share of the costs of the sequestration as if it were property of the insolvent estate but the separate creditors for value of the solvent spouse having claims which could have been proved against the estate of that spouse if it had been the estate under sequestration, shall be entitled to prove their claims against the estate of the insolvent spouse in the same manner and, except as in this Act is otherwise provided, shall have the same rights and remedies and be subject to the same obligations as if they were creditors

---

* See 1996 *THRHR* 613–625.
67 S 21(1) Act 24 of 1936.
68 See s 21(2) of the Act.
69 1992 1 SA 9 (A).
70 See part 5 below.

of the insolvent estate; and the creditors who have so proved claims shall be entitled to share in the proceeds of the property so realised according to their legal priorities *inter se* and in priority to the separate creditors of the insolvent estate, but shall not be entitled to share in the separate assets of the insolvent estate."

In *Kilburn v Estate Kilburn*[71] Wessels ACJ said the following in this respect:

"Now the Insolvency Act provides that when one spouse becomes insolvent, the estates of both spouses vest in the Master, and then in the trustee when appointed, but there is a proviso that the trustee must release such property of the solvent spouse as is shown to have been acquired during the marriage with the insolvent by a title valid as against the creditors of the insolvent spouse. In other words if property has been acquired by the spouse who is not insolvent by means of her own money or from a source other than her husband, then she holds it by title valid as against the creditors of her insolvent husband. But if she obtains it from him during marriage as a donation, or if the insolvent gives money to his wife to buy property and have it registered in her name, or if she buys property with money provided by the husband ostensibly for herself but in reality for her husband's estate or even for the benefit of both the spouses, then it is his property and forms part of his estate; and the property, though registered in her name, is not acquired by the non-insolvent spouse by a title valid as against the creditors of the insolvent."

Tindall JA said the following about this passage in *Estate Phillips v Commissioner for Inland Revenue*:[72]

"In that case immovable property bought during the marriage between Kilburn and his wife was bought with his money and registered in her name. On his insolvency his wife's estate as well as his own vested in his trustee. She applied for the release of the property under proviso (a)(iii) on the ground that she had acquired the property during the marriage by a title valid against creditors of her husband. The Court decided that she had not acquired the property by a title valid against the creditors of the insolvent. But in the judgement there is a passage (at 508) which, superficially considered, seems to support the view that the Court there held that notwithstanding the registration of the property in Mrs Kilburn's name, the husband was in law the owner. A careful perusal of the reasons shows however, that that is not the correct interpretation of the judgement. The actual decision was that under the insolvency law, Mrs Kilburn could not retain the property against her husband's creditors; the question whether the ownership in the property vested in him was not decided nor did it arise for decision."

In *Stand 382 Saxonwold CC v Kruger*[73] it was held that dominium over such property does not pass to the trustee. It was submitted in that case that ownership of immovable property of the solvent spouse had passed to the insolvent estate and that it should be dealt with in accordance with section 20 of the Insolvency Act. However, since section 20 does in fact deal with the regulation of and effect on the estate of the *insolvent*, this submission was dismissed by Kirk-Cohen J[74] as follows:

"By no stretch of the imagination does s 20(1)(c) include the property of the insolvent's spouse to whom he is married out of community of property. Her property is dealt with in terms of the provisions of section 21 . . ."

---

71 1931 AD 501 507–508.
72 1942 AD 35 45–46.
73 1990 4 SA 317 (T) 323.
74 321I–J 323D.

Referring to the submission that the property of the solvent spouse must be regarded as part of the property of the insolvent estate, the judge quoted as follows from *Estate Phillips*:[75]

> "Having regard to our system of registration of immovable property, in the absence of fraud the proposition that the *dominium* in the farm vested in the donor until his death [i.e. that immovable property registered in the name of one person may be owned by another] is indeed startling."

Kirk-Cohen J ruled that the solvent spouse does not lose her rights of ownership, because, in the light of the system of registration of immovable property, the legislature would expressly have stated that ownership passes to the trustee if this was its intention.

Van Heerden JA, however, took an opposing view on this matter in *De Villiers v Delta Cables (Pty) Ltd.*[76] What follows is a brief summary of the relevant facts. Mr and Mrs Matthews (M) entered into a contract of suretyship with Delta Cables (the respondent) whereby they bound themselves as sureties for the debts which VH Cables owed to Delta Cables. Mrs M also signed a power of attorney, the terms of which she granted authority for the passing of a mortgage bond in favour of Delta Cables by VH Cables over property which was to be acquired at a future date. After the acquisition of the property, the bond was registered over the property in terms of the above power of attorney. However, registration of the bond took place approximately three months after the final sequestration of the estate of Mrs M's spouse. Judgment was later taken against Mrs M by Delta Cables on grounds of the above-mentioned contract of suretyship. In the execution of this judgment, the aforementioned property over which the mortgage bond was registered was sold in execution. Until briefly before the sale in execution, the trustee of Mrs M's estate was unaware of the registration of the aforementioned mortgage bond, or that judgment had been granted against Mrs M. (This type of problem has probably now been alleviated by the amendment of section 17 of the Act by the Insolvency Amendment Act 89 of 1989.) After becoming aware of the registration, it was agreed that the nett income from the sale in execution, minus the amount to be paid to the first bondholder, would be carried over to the trustee. After this amount had been carried over to the trustee, Delta Cables, in its capacity as a secured creditor, instituted a claim against the insolvent estate. This claim was based on the aforementioned judgment against Mrs M. The trustee refused to treat Delta Cables as a secured creditor and in the court *a quo* applied for an order declaring Delta Cables a concurrent creditor. The trustee argued that Delta Cables was not a secured creditor because the bond on which it based its claim could not legally be registered after the sequestration of Mr M's estate without the trustee's consent. This argument was rejected by the court *a quo* which stated that the trustee would be obliged to consent to the registration of the bond, despite the provisions of section 21 of the Insolvency Act. The trustee, it was ruled, was bound by the power of attorney which was granted prior to sequestration.

If one were to pause at the condition of the baby in the Dutch case, where she would not have been able to have sat or to have walked, that her invalidity would in all probability have increased, that constant drainage would have been necessary because she was hydrocephalic and that she would have been in a prolonged sub-comatose state – if all this represented her prospects of life as a human being, was this what dignity also means? Similarly, is there any dignity to life under conditions which the patient faced in the *Hartmann* case? There are, of course, members of our society who believe that, notwithstanding the quality of life remaining to the patient, it is not within the province of human beings to decide who is to live and who is to die – with an appeal often being made to a higher authority in terms of which all life is sacred. This argument is unconvincing to persons who do not acknowledge the existence of any higher authority or to those who argue that it is also not in the province of human beings to claim to speak decisively and with finality on behalf of a higher authority. Be that as it may, one is again confronted with a choice between values: whether philosophical, moral, religious or secular, the decisive question is whether continuing and severe suffering is compatible with a life of dignity. As Strauss (*op cit* 200) puts it:

> "The question of non-treatment, of course, puts us squarely into the troubled waters of euthanasia. I am not going to say anything here on that subject except for stating a personal opinion: if it amounts to euthanasia to withhold medical treatment of grossly defective newborns – who have no hope of being cured or of living for any length of time – and the withholding doesn't inflict starvation or any other form of cruelty and allows the baby to die a natural and hopefully early death, I for one, am in favour of that kind of euthanasia."

Further, what right is the patient being denied: the right to life or the right to a life without dignity? It is submitted that where euthanasia concerns newly born congenitally defective babies, the closest that a court can come in assessing the best interests of that baby lies somewhere between the objective medical diagnosis and prognosis as well as the subjective perceptions and attitudes of the parents who must be assisted and counselled prior to making any decision one way or the other – it being of course understood that euthanasia will never be performed without the consent of the parents. This meeting between objective and subjective criteria at once combines and answers, it is submitted, society's concern for the respect and protection of the dignity of all human beings by objectifying its attitude in the medical diagnosis and prognosis of the patient, as well as the concern for one of the most intimate, personal and painful subjective decisions thrust upon some of us by life. As the upper guardian of all minor children and also as a further safeguard, a court will also act with the utmost diligence to ensure that the right to life is protected within the ambit of the values envisioned by the Constitution.

(c) Were a court of law to accept that active euthanasia is permissible under strict and specific conditions then it is submitted that this would be a situation tolerated, but not justified by the law and society. In *S v Makwanyane supra*, Chaskalson P after reviewing the imposition of the death penalty within the context of the International Covenant on Civil and Political Rights concluded:

> "The fact that the International Covenant sanctions capital punishment must be seen in this context. It tolerates but does not provide justification for the death penalty" (425D–E).

(d) In *S v Makwanyane* the view was affirmed several times that the Constitution is also there to protect the weakest and the vulnerable amongst us. Moreover, Sachs J also pointed out that section 33 of the Constitution provides for the limitation, not the extinction, of any right. It is arguable that these values are decisive if one interprets the letter of the law strictly and literally: it would be the duty of the state to protect and preserve life under any and all circumstances. However, it is submitted that a purposive approach suggests that a wider meaning be accorded to the protection of life. It is, of course, tempting to assert that protecting life or existence with the full knowledge of the concomitant pain and suffering is implicitly subjecting another to cruel, degrading and inhuman punishment, but such an approach would be tantamount to a distortion and a mockery of the *bona fide* belief of those who believe in the sanctity of life. A purposive approach, it is submitted, would take cognisance of the fact that the values permeating the Constitution will accept that under certain circumstances protecting the weakest and the most vulnerable does not only and necessarily mean preserving life, suffering and the inability to enjoy life and opportunity as articulated by other human rights notwithstanding. Because euthanasia, like capital punishment, is final and irreversible, it is submitted that the balancing process inherent in any approach based on proportionality must be preceded by the choice between ending life or alleviating pain and suffering where death is inevitable. It is further submitted that a purposive approach will recognise that the medical decision to withhold treatment to a cogenitially defective baby where death will ensue in a short time is no less or no more "immoral" than the decision to practise active euthanasia.

Conclusion

What represents the best interests of the seriously congenitally defective newly born baby who has no prospect of survival and is in increasing pain: preserving his or her life or ending the suffering by terminating the life of the baby? However our courts decide this issue, to some it will represent the usurpation of the divine prerogative over life and death; to others it will be an unavoidable and ineluctable choice between a lesser evil and a greater evil. The answer given to the relationship between the right to life and dignity within this context is, it is submitted, not so much the best interests of a minor, but rather, a reflection of an understanding of what it means to be human in our evolving democratic society based on freedom and equality.

S NADASEN
University of Durban-Westville

DIE *PACTUM SUCCESSORIUM* IN DIE DUITSE REG

1 Inleiding

Erfopvolging geskied normaalweg in die Suid-Afrikaanse reg óf volgens die bepalings van 'n testament óf volgens die norme van die intestate erfreg (*Borman en De Vos v Potgietersrusse Tabakkorporasie Bpk* 1976 3 SA 488 (A);

Ex Parte Calderwood: In Re Estate Wixley 1981 3 SA 727 (Z)). Tog duik daar sporadies in die regspraak gevalle op waar die erflater deur middel van 'n tweesydige regshandeling *inter vivos* erfregtelike gevolge probeer bewerkstellig. Sodanige ooreenkomste word as *pacta successoria* beskou en word sedert die vroegste reg nie geduld nie (Joubert "Pactum successorium" 1961 *THRHR* 23).

In 1976 verklaar appèlregter Rabie in *Borman en De Vos v Potgietersrusse Tabakkorporasie Bpk supra* 501A–D soos volg:

> "'n *Pactum successorium* (of *pactum de succedendo*) is, kort gestel, 'n ooreenkoms waarin die partye die vererwing (*successio*) van die nalatenskap (of van 'n deel daarvan, of van 'n bepaalde saak wat deel daarvan uitmaak) van een of meer van die partye ná die dood (*mortis causa*) van die betrokke party of partye reël. . . . 'n Ooreenkoms van hierdie aard druis in teen die algemene reël van ons reg dat nalatenskappe *ex testamento* of *ab intestato* vererf, en word as ongeldig beskou."

Die *pactum successorium* in die Suid-Afrikaanse reg kan vergelyk word met die "Erbvertrag" of erfooreenkoms in die Duitse reg. In paragraaf 1941 van die *BGB* word soos volg bepaal:

> "Der Erblasser kann durch Vertrag einen Erben einsetzen sowie Vermächtnisse und Auflagen anordnen (Erbvertrag)."

Naas die testament as eensydige herroepbare beskikking *mortis causa*, kan die erflater dus ook sy laaste wil deur middel van 'n erfooreenkoms uitdruk (Bassinger *Bürgerliches Gesetzbuch* (1991) 1865 ev; Esch en Schulze zur Wiesche *Handbuch der Vermögensnachfolge* (1976) 32 ev; Harder *Grundzüge des Erbrechts* (1979) 32 ev; Lange en Kunchinke *Lehrbuch des Erbrechts* (1978) 294 ev; Leipold *Grundzüge des Erbrechts mit Fällen und Kontrollfragen* (1982) 167 ev; Kipp-Coing *Erbrecht* (1990) 231 ev).

Die erfooreenkoms in die Duitse reg is 'n onherroeplike ooreenkoms wat die testeervryheid van die erflater beperk. Esch en Schulze zur Wiesche 28 verklaar hieroor soos volg:

> "Auf dem gebiet des Erbrechts können weiter Beschränkungen der Verfügungsfreiheit des Erblassers gegeben sein durch vorherige, von dem Erblasser eingegangene erbrechtliche Bindungen, nämlich durch Erbvertrag . . ."

Dit is duidelik dat die *pactum successorium* in die Duitse reg 'n gevestigde en erkende regsfiguur is. Vervolgens word die vereistes, inhoud, terugtrede, regsaard en juridiese konstruksie van die erfooreenkoms in die Duitse reg bespreek.

2 Vereistes vir 'n geldige erfooreenkoms

In die *BGB* word verskeie vereistes vir die geldigheid van die erfooreenkoms gestel. Daar kan onderskei word tussen algemene vereistes en vormvereistes.

2 1 Algemene vereistes

Die erfooreenkoms kan net deur die erflater persoonlik gesluit word. Hy kan dit dus nie deur middel van 'n verteenwoordiger sluit nie. Die ander party tot die erfooreenkoms kan wel deur middel van 'n verteenwoordiger optree (Bassinger 2100–2102; Esch en Schulze zur Wiesche 43; Harder 32; Lange en Kunchinke 295; Leipold 169; Kipp-Coing 236).

Die erflater moet volkome handelingsbevoeg wees. Testeerbevoegdheid speel hier geen rol nie. Minderjariges en verkwisters kan dus nóg persoonlik nóg deur middel van 'n verteenwoordiger 'n erfooreenkoms sluit. 'n Uitsondering bestaan in geval van verloofdes en eggenote. Hulle kan wel met mekaar 'n erfooreenkoms sluit as die erflater beperk handelingsbevoeg is. Die beperk handelingsbevoegde

erflater het egter in sodanige gevalle die toestemming van sy voog, of indien dit ontbreek, die toestemming van die voogdyhof nodig (Bassinger 2100; Esch en Schulze zur Wiesche 26 43; Harder 32–33; Lange en Kuchinke 295–296; Leipold 169; Kipp-Coing 236).

Die ander party tot die erfooreenkoms kan wel beperk handelingsbevoeg wees mits hy ingevolge die erfooreenkoms net voordele verkry. Indien hy egter ingevolge die erfooreenkoms verpligtinge aanvaar of hom daarin tot bepaalde beskikkings verbind, het hy die toestemming van sy voog, of indien dit ontbreek, die toestemming van die voogdyhof nodig (Bassinger 2100; Esch en Schulze zur Wiesche 26; Harder 32–33; Lange en Kuchinke 296).

2 2 Vormvereistes

Benewens die algemene vereistes skryf die *BGB* ook sekere vormvereistes vir 'n geldige erfooreenkoms voor.

Die erfooreenkoms is 'n kontrak en kom soos elke kontrak deur middel van aanbod en aanname tot stand (Leipold 169). Dit moet op skrif gestel en notarieel voor 'n notaris verly word. Spesiale voorskrifte geld in verband met die prosedure by die verlyding en opskrifstelling van die erfooreenkoms (Bassinger 2100; Esch en Schulze zur Wiesche 43; Harder 33; Lange en Kuchinke 297–298; Leipold 169; Kipp-Coing 236–237).

Al die partye tot die erfooreenkoms moet persoonlik teenwoordig wees tydens die verlyding daarvan (Kipp-Coing 236–237). Die erflater kan nie deur middel van 'n verteenwoordiger optree nie maar die ander party tot die ooreenkoms wel (Esch en Schulze zur Wiesche 43).

Die vormvoorskrifte geld net ten opsigte van die erfooreenkoms en nie ten opsigte van verdere ooreenkomste wat in samehang met die erfooreenkoms gesluit word nie (Leipold 169).

'n Erfooreenkoms tussen verloofdes of eggenote wat in 'n huweliksvoorwaardeskontrak vervat is, moet aan die voorgeskrewe vormvereistes van 'n huweliksvoorwaardeskontrak voldoen (Bassinger 2100–2102: Esch en Schulze zur Wiesche 43; Kipp-Coing 238).

Indien die erfooreenkoms nie aan die vormvereistes voldoen nie, is dit ongeldig (Harder 33; Leipold 169). Die vraag ontstaan of die erfooreenkoms ondanks vormgebreke in sommige gevalle wel bindende werking kan verkry. Hier word veral gedink aan gevalle waar die partye *bona fide* opgetree het. Volgens Leipold 169–170 is die onderwerp omstrede. Hy is van mening dat kondonasie hier slegs tot uiterste gevalle beperk moet word, byvoorbeeld waar die een party tot die erfooreenkoms die ander party *mala fide* daarvan weerhou het om op die korrekte vormvereistes aan te dring.

3 Inhoud van die erfooreenkoms

In die erfooreenkoms kan die partye beskikkings *mortis causa* maak. Hierdie beskikkings word egter beperk tot die benoeming van erfgename en legatarisse en die maak van ander testamentêre bemakings, dit wil sê beskikkings wat verband hou met die inhoud van 'n testament (Bassinger 2103; Esch en Schulze zur Wiesche 29; Harder 32; Leipold 170; Kipp-Coing 233–234).

Elke erfooreenkoms moet ten minste een kontraktuele bepaling bevat (Leipold 171). Die erflater kan deur middel van die erfooreenkoms net oor sy eie boedel

beskik (Kipp-Coing 234). Hy kan ook die erfooreenkoms met meer as een party sluit in die mate wat elkeen daardeur geraak word (Kipp-Coing 234).

Die erfooreenkoms kan ook met 'n ander kontrak in dieselfde oorkonde verbind word, soos 'n huweliksvoorwaardeskontrak. In so 'n geval moet die voorgeskrewe vormvereistes wat op die ander kontrak betrekking het ook nagekom word (Kipp-Coing 234–235).

Joubert 1962 *THRHR* 110 dui aan dat die erfooreenkoms in die Suid-Afrikaanse reg wat sy sluiting en herroepbaarheid betref soos 'n kontrak behandel word maar wat sy inhoud betref soos 'n testament. Daar kan nie met hierdie stelling saamgestem word nie. In die Suid-Afrikaanse reg is die *pactum successorium* uitgebrei sodat dit alle ooreenkomste insluit wat die testeervryheid van die erflater beperk (Rautenbach "Die praktiese implikasies van die verbod op die *pactum successorium* met betrekking tot vennootskapsooreenkomste" 1995 *De Jure* 102–103). Dit is irrelevant of daardie ooreenkomste verband hou met die inhoud van 'n testament of nie. Dit is wel so dat die inhoud van die erfooreenkoms in die Duitse reg beperk word tot ooreenkomste wat verband hou met die inhoud van 'n testament maar dit beteken nie dat die erfooreenkoms sy kontraktuele karakter verloor nie. Die erfooreenkoms is en bly in wese 'n onherroeplike kontrak terwyl die testament 'n eensydige herroepbare beskikking *mortis causa* is (Esch en Schulze zur Wiesche 29; Harder 32 en Kipp-Coing 239).

'n Erfooreenkoms herroep alle vorige testamente van die erflater insoverre die testamentêre beskikkings strydig met beskikkings kragtens die erfooreenkoms is (Bassinger 2111; Leipold 171).

4 Terugtrede uit die erfooreenkoms

Die *BGB* maak daarvoor voorsiening dat die erflater in bepaalde omstandighede tydens sy leeftyd uit die erfooreenkoms mag terugtree.

In die eerste plek kan hy in die erfooreenkoms vir hom 'n terugtredingsreg beding (*BGB* par 2293). Tweedens kan die erfooreenkoms, soos enige ander kontrak, deur middel van 'n ooreenkoms tussen die kontrakspartye gekanselleer word (*BGB* par 2290). Derdens kan die erflater uit die erfooreenkoms terugtree wanneer die ander kontraksparty hom skuldig maak aan bepaalde verwytbare optrede teen die persoon van die erflater. Dit is optrede wat die erflater (ingevolge par 2333–2335 *BGB*) van die "Pflichtteil" (die Duitse weergawe van die legitieme porsie) sou vrystel, byvoorbeeld 'n aanslag op sy lewe of 'n skandelike of sedelose lewenswyse waarmee die erflater hom nie kan vereenselwig nie. In die vierde plek is die erflater geregtig om uit die ooreenkoms terug te tree indien dit voorsiening maak vir 'n teenprestasie deur die begunstigde tydens die lewe van die erflater en die teenprestasie nie gelewer word nie, onmoontlik word of waar die teenprestasie gekoppel is aan 'n ontbindende voorwaarde en die voorwaarde vervul word (*BGB* par 2295).

5 Regsaard en juridiese konstruksie van die erfooreenkoms

Die erfooreenkoms is in wese 'n onherroeplike verbintenisskeppende ooreenkoms waardeur die erflater *mortis causa* beskikkings maak. So gesien, het die erfooreenkoms 'n dubbele aard, enersyds as kontrak en andersyds as beskikking *mortis causa* (Esch en Schulze zur Wiesche 32). As kontrak is die erfooreenkoms reeds volgens sy aard bindend. Dit waarborg egter nog geen vermoënsregte vir die kontrakspartye nie maar slegs die verwagting om moontlik later te kan erf (Esch en Schulze zur Wiesche 32 44; Kipp-Coing 239 ev). Die begunstigde

verkry dus tydens die lewe van die erflater slegs 'n *spes* of 'n verwagting om 'n voordeel na sy afsterwe te verkry. Die regte met betrekking tot die voordeel vestig eers by die erflater se dood.

Die erfooreenkoms beperk die erflater se testeervryheid en sy bevoegdheid om ander *mortis causa* beskikkings te maak wat in stryd met die erfooreenkoms is. Die erfooreenkoms beperk egter nie die erflater se reg om *inter vivos* beskikkings te maak nie (Bassinger 2114; Esch en Schulze zur Wiesche 28 44; Kipp-Coing 243 ev). Die gevolg is dat die ander kontraksparty nie die erflater kan verhinder om *inter vivos* oor sy bates te beskik nie. Kipp-Coing 244 is van mening dat hierdie gevolge van die erfooreenkoms voordelig en nadelig kan wees. Enersyds is dit voordelig omdat die erflater gedurende sy lewe steeds die ekonomiese vryheid het om na keuse vryelik met die beswaarde bates in sy boedel in die regsverkeer te handel. Andersyds kan die erflater hierdie vryheid misbruik deur die beswaarde bates *inter vivos* aan 'n ander te laat toekom. Die opstellers van die *BGB* het ook hierdie probleem raakgesien en aan die benadeelde kontraksparty 'n terugvorderingsreg gegee ten opsigte van alle skenkings en vervreemdings van bates deur die erflater aan ander persone, asook verswaring van bates met laste deur die erflater (Bassinger 2108 ev; Kipp-Coing 244 ev). Die ander kontraksparty kan egter eers na die dood van die erflater alle skenkings en vervreemdings wat die erflater gemaak het met die bedoeling om eersgenoemde te benadeel, van die persoon terugvorder aan wie dit geskenk of vervreem is. Hierdie terugvorderingsreg is gebaseer op die beginsels van ongeregverdigde verryking en verjaar na drie jaar, ongeag of die benadeelde kontraksparty van die skenking kennis gedra het of nie (Bassinger 2108 ev; Kipp-Coing 244 ev).

6 Gevolgtrekking

In die Duitse reg word 'n hoë premie op die testeervryheid van die erflater geplaas (*BGB* par 1937–1941). Testeervryheid geniet dieselfde mate van beskerming in die Suid-Afrikaanse reg en erfopvolging deur middel van 'n ooreenkoms (*pactum successorium*) is ongeldig omdat só 'n ooreenkoms die testeervryheid van die erflater beperk (*Borman en De Vos v Potgietersrusse Tabakkorporasie Bpk supra* 501–502). Daarteenoor maak die *BGB* voorsiening vir 'n erfooreenkoms ("Erbvertrag") wat erfopvolging deur middel van ooreenkoms moontlik maak. Hierdie erfooreenkoms is onherroeplik en plaas 'n beperking op die testeervryheid van die erflater.

Die eienskappe van die erfooreenkoms in die Duitse reg en die *pactum successorium* in die Suid-Afrikaanse reg – indien dit geldig sou wees – is dieselfde, naamlik (Hutchison "Isolating the pactum successorium" 1983 *SALJ* 237):

(a) Die begunstigde kry eers *mortis causa* regte op bates uit die oorledene se boedel; en

(b) die erflater kan nie die ooreenkoms gedurende sy lewe eensydig herroep nie.

Die erfooreenkoms en *pactum successorium* (indien geldig) is dus reeds *inter vivos* bindend op die partye maar in albei gevalle verkry die begunstigde eers *mortis causa* 'n afdwingbare reg ten opsigte van die beloofde voordeel (*Keeve v Keeve* 1952 1 SA 619 (O) 623F–G). In die Duitse reg het die begunstigde wel 'n *spes* of verwagting om 'n voordeel na die afsterwe van die erflater te verkry (par 5 hierbo). In die Suid-Afrikaanse reg bestaan daar egter nie eenstemmigheid oor wat die aard van die reg van die begunstigde sou wees nie: dit is egter duidelik

dat die begunstigde geen onvoorwaardelike, gevestigde reg sou vestig nie (Hutchison 1983 *SALJ* 227–228).

Die erfooreenkoms in die Duitse reg beperk nie die erflater se reg om *inter vivos* beskikkings te maak nie; die gevolg is dat die begunstigde kragtens die erfooreenkoms nie sy *spes* of verwagting om te erf kan beskerm deur die erflater te verhinder om *inter vivos* oor die beloofde voordeel te beskik nie. Soos aangetoon, het die begunstigde ingevolge die erfooreenkoms wel in sommige gevalle 'n reg op teruggawe (par 4 hierbo). In die Suid-Afrikaanse reg kan die begunstigde natuurlik ook nie die erflater verhinder om oor die beloofde voordeel te beskik nie aangesien die *pactum successorium* ontoelaatbaar is en die begunstigde gevolglik op geen beskerming hoegenaamd aanspraak kan maak nie.

Wat die inhoud van die erfooreenkoms in die Duitse reg en die *pactum successorium* in die Suid-Afrikaanse reg betref, is daar wel 'n onderskeid. Soos aangetoon, hou die beskikkings in die erfooreenkoms verband met die inhoud van 'n testament en is beperk tot die benoeming van erfgename, legatarisse en die maak van ander testamentêre bemakings (par 3 hierbo). Daarteenoor is die *pactum successorium* uitgebrei sodat dit alle ooreenkomste insluit wat die testeervryheid van die erflater beperk, ongeag of dit verband hou met die inhoud van 'n testament of nie (Rautenbach 1995 *De Jure* 102–103).

Volgens Joubert 1962 *THRHR* 110–111 verkeer 'n begunstigde kragtens 'n erfooreenkoms in die Duitse reg in dieselfde posisie as 'n erfgenaam kragtens 'n testament. Daarteenoor verkeer 'n begunstigde ingevolge 'n *pactum successorium* in die Suid-Afrikaanse reg in 'n gunstiger posisie as 'n erfgenaam onder 'n testament weens die aanwending van die *stipulatio alteri*. Die *pactum successorium* in die Suid-Afrikaanse reg is 'n eiesoortige ooreenkoms en behoort nie met ander regsfigure verwar te word nie. Die *pactum successorium* is nie 'n *stipulatio alteri* nie. In geval van die *pactum successorium* verkry die begunstigde eers *mortis causa* regte op die bates van die erflater. In geval van die *stipulatio alteri* verkry die begunstigde 'n reg op die bates sodra en indien hy die voordeel ingevolge die ooreenkoms aanvaar (*Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556 567; *CIR v Estate Crewe* 1943 AD 656 674).

Anders as in die Suid-Afrikaanse reg is die erfooreenkoms in die Duitse reg nie ontoelaatbaar weens die onherroeplikheid daarvan nie. Dit kan slegs ongeldig wees indien daar nie aan die statutêre vereistes voldoen is nie.

Daar is reeds aan die hand gedoen dat die verbod op die *pactum successorium* in die Suid-Afrikaanse reg in heroorweging geneem moet word (Rautenbach 1995 *De Jure* 112). Aangesien daar duidelike raakpunte met die erfooreenkoms in die Duitse reg bestaan, kan die Duitse reg met vrug geraadpleeg word.

CHRISTA RAUTENBACH
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

VONNISSE

DIE REG OP PRIVAATHEID EN DIE KONSTITUSIONELE HOF: DIE NOODSAAKLIKHEID VIR DUIDELIKE BEGRIPSVORMING

Bernstein v Bester 1996 2 SA 751 (CC);
Case and Curtis v Minister of Safety and Security 1996 3 SA 617 (CC)

Die reg op privaatheid word as fundamentele (mense-) reg in artikel 13 (hoofstuk 3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 (nou a 14 (hfst 2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996) verskans (sien Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 239; Neethling "Die reg op privaatheid en universiteite" in Van Wyk (red) *Nihil Obstat – Feesbundel vir WJ Hosten/Essays in honour of WJ Hosten* (1996) 126–128). Artikel 13 lui soos volg:

> "Elke persoon het die reg op sy of haar persoonlike privaatheid, waarby inbegrepe is die reg om nie aan visentering van sy of haar persoon, woning of eiendom, die beslaglegging op private besittings of die skending van private kommunikasie onderwerp te word nie."

Hierdie beskerming geld in beginsel ook ten aansien van regspersone mits die aard van die fundamentele regte hulle vatbaar daarvoor maak (sien a 7(3) van die 1993-Grondwet; a 8(4) van die 1996-Grondwet); en dit is inderdaad die geval wat die reg op privaatheid betref (sien *Financial Mail (Pty) Ltd v Sage Holdings Ltd* 1993 2 SA 451 (A) 462–463; *Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd v Janit* 1994 3 SA 56 (W) (1995 4 SA 293 (A) 303–304); *Neethling's Law of personality* 80–81).

Die begrip privaatheid het vir doeleindes van konstitusionele beskerming in die *Bernstein-* en *Case*-saak aandag geniet (die vrae was onderskeidelik of a 417 en 418 van die Maatskappywet 61 van 1973 wat voorsiening maak vir die ondervraging van persone en die openbaarmaking van dokumente oor sake van 'n maatskappy in likwidasie, en a 2(1) van die Wet op Onbetaamlike of Onwelvoeglike Fotografiese Materiaal 37 van 1967 wat die besit van pornografiese materiaal verbied, die konstitusionele reg op privaatheid skend). Ter wille van regsekerheid, omvattende regsbeskerming en uiteindelik geregtigheid is dit noodsaaklik om 'n duidelike insig in die hoedanigheid van privaatheid te bekom (*Neethling's Law of personality* 28). Indien nie, waarsku Gross ("The concept of privacy" 1967 *NYULR* 34) tereg,

> "our ability to articulate and apply principles of legal protection diminishes, for we become uncertain what it is that compels us towards protective measures and wherein it [privaatheid] differs from what has already been recognised or refused recognition under established legal theory".

In hierdie verband is dit belangrik om in gedagte te hou dat die persoonlikheidsbelang in privaatheid onafhanklik van juridiese erkenning selfstandig in die feitelike werklikheid bestaan. Gevolglik kan 'n begrip aangaande die hoedanigheid van hierdie belang nie deur middel van regsnorme bepaal word nie maar slegs met verwysing na sy voorkoms in die feitelike werklikheid. Regsnorme is net relevant by die erkenning én die vasstelling van die grense of omvang van die beskerming van privaatheid, oftewel by die erkenning van 'n (subjektiewe) persoonlikheidsreg op privaatheid. Dit is die taak van die regswetenskap om deur noukeurige empiriese (feitelike) waarneming 'n juiste werklikheidsooreenstemmende omskrywing aan privaatheid te verleen, aangesien regsreëls wat op 'n onjuiste opvatting oor die feitelike werklikheid gegrond is, noodwendig tot onsekerheid, inkonsekwensies en gevolglike onbillikhede sal lei. Daarom is 'n gelykskakeling deur die reg van 'n ander belang met privaatheid onaanvaarbaar, nie alleen as synde onwetenskaplik en in stryd met die feitelike werklikheid nie, maar ook as synde 'n geleibuis vir regsonsekerheid en doellose regsontwikkeling (sien *Neethling's Law of personality* 27–28).

Om duidelikheid aangaande die begrip privaatheid te bekom, is geen maklike taak nie aangesien die opvattinge daaromtrent wyduiteenlopend is (*idem* 34–36): "The concept of privacy is an amorphous and elusive one which has been the subject of much scholarly debate" (*Bernstein* 787J–788A). Wat *natuurlike persone* betref, aanvaar die howe (*National Media Ltd v Jooste* 1996 3 SA 262 (A) 271; *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 (T) 384) die skrywer se omskrywing van privaatheid:

> "Privaatheid is 'n individuele lewenstoestand van afsondering van openbaarheid. Hierdie lewenstoestand omsluit al daardie persoonlike feite wat die belanghebbende self bestem om van kennismaking deur buitestanders uitgesluit te wees en ten opsigte waarvan hy 'n privaathoudingswil het" (*Die reg op privaatheid* (LLD-proefskrif Unisa 1976) 287; sien ook *Neethling's Law of personality* 36; Neethling "Die reg op privaatheid, die pers en artikel 12 van die Wet op Egskeiding 70 van 1979" 1996 *THRHR* 530; Neethling *Feesbundel vir WJ Hosten* 129).

Privaatheid as 'n individuele lewenstoestand van afsondering van openbaarheid impliseer 'n afwesigheid van kennisname met die persoon of sy persoonlike aangeleenthede in daardie toestand. Dienooreenkomstig kan privaatheid slegs deur 'n ongeoorloofde kennismaking met 'n persoon of sy persoonlike sake deur buitestanders geskend word. Sodanige kennismaking kan weer op twee wyses geskied: enersyds wanneer 'n buitestander self met 'n persoon of sy persoonlike sake kennis maak (kennisname- of indringingsgevalle); en andersyds wanneer 'n buitestander derdes laat kennis maak met die betrokkene of sy persoonlike sake wat, alhoewel dit aan die buitestander self bekend is, steeds privaat is (kennismededelings- of openbaarmakingsgevalle) (sien *Neethling's Law of personality* 36 243; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 344). Die feit dat 'n skending van 'n persoon se privaatheid strydig met sy bestemming en wil geskied, beteken uiteraard nie noodwendig dat sodanige skending sonder meer onregmatig is nie. Ten einde die reg op privaatheid aan te tas, moet, soos by alle subjektiewe regte die geval is, *skending van 'n regsnorm* – hier die *boni mores*- of redelikheidsnorm – ook teenwoordig wees (sien *Neethling's Law of personality* 243).

Hierdie "gemeenregtelike" beskouing van privaatheid word deur regter Ackermann in *Bernstein* 789B–D onderstreep:

> "In South African common law the 'right to privacy is recognised as an independent personality right which the Courts have included within the concept of dignitas'.
>
> 'Privacy is an individual condition of life characterised by seclusion from the public and publicity. This implies an absence of acquaintance with the individual or his personal affairs in this state.'
>
> In *Financial Mail (Pty) Ltd and others v Sage Holdings Ltd and another* it was held that breach of privacy could occur either by way of an unlawful intrusion upon the personal privacy of another, or by way of unlawful disclosure of private facts about a person. The unlawfulness of a (factual) infringement of privacy is adjudged 'in the light of contemporary *boni mores* and the general sense of justice of the community as perceived by the Court'."

Daar bestaan tans egter nog nie sekerheid oor hoedanig die privaatheid van *regspersone* daar uitsien nie. As uitgangspunt kan aanvaar word dat hulle privaatheid analoog aan dié van natuurlike persone is aangesien die howe die regsbeginsels wat met betrekking tot die privaatheidsbeskerming van die natuurlike persoon ontwikkel het, sonder meer op die regspersoon toepas (sien Neethling *Feesbundel vir WJ Hosten* 129–130). Trouens, in *Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd v Janit supra* 60 (W) word die twee wyses van privaatheidskending waarna hierbo verwys is – asook die onregmatigheidsnorm van die *boni mores* – onomwonde ook ten opsigte van 'n regspersoon aanvaar. Op grond van bostaande word tentatief die volgende omskrywing van 'n regspersoon se privaatheid aan die hand gedoen: *Dit is 'n korporatiewe toestand van afsondering van openbaarheid, wat al daardie feite aangaande die regspersoon omvat wat hyself bestem om van kennismaking deur buitestanders uitgesluit te wees en ten opsigte waarvan hy 'n privaathoudingswil het.* Uiteraard is feite wat uitsluitlik op die persoonlike lewe van natuurlike persone in die *universitas* (soos direkteure van maatskappye en werknemers) betrekking het, van dié privaatheid uitgesluit (sien verder Neethling *Feesbundel vir WJ Hosten* 130–131).

In die lig van die voorgaande moet regter Ackermann in *Bernstein* 783–799 en regter Didcott in *Case* 656–657 se beskouings oor "konstitusionele" privaatheid onder die loep geneem word. As uitgangspunt moet myns insiens aanvaar word dat daar geen verskil tussen die privaatregtelike begrip van privaatheid en die konstitusionele een behoort te wees nie aangesien die feitelike hoedanigheid van privaatheid dieselfde bly.

(a) *Bernstein*-saak

Regter Ackermann (783–799) kom na 'n deurvorste bespreking van die menings van skrywers, die Suid-Afrikaanse positiewe reg en die konstitusionele beskerming van privaatheid in Europa, Amerika en Duitsland tot die slotsom dat

> "the nature of privacy implicated by the 'right to privacy' relates only to the most personal aspects of a person's existence, and not to every aspect within his/her personal knowledge and experience" (795C).

Vroeër verduidelik hy dit so:

> "The truism that no right is to be considered absolute implies that from the outset of interpretation each right is always already limited by every other right accruing to another citizen. *In the context of privacy this would mean that it is only the inner sanctum of a person, such as his/her family life, sexual preference and home environment, which is shielded from erosion by conflicting rights of the community.* This implies that community rights and the rights of fellow members place a corresponding obligation on a citizen, thereby shaping the abstract notion of individualism towards identifying a concrete member of civil society. *Privacy is*

> *acknowledged in the truly personal realm*, but as a person moves into communal relations and activities such as business and social interaction, the scope of personal space shrinks accordingly" (788C–789A; my kursivering).

Gevolglik besluit hy dat die gewraakte "information concerning the . . . affairs . . . of the company" nie privaat in bedoelde betekenis en daarom ook nie konstitusioneel beskermingswaardig is nie (795E 796B). In verband met die regter se uitspraak kan drie aspekte uitgelig word:

(i) Eerstens kom dit voor of regter Ackermann se begrip van privaatheid te eng is – hy beperk dit tot "most personal aspects" – en daarom die gevaar inhou dat beskermingsbehoeftige aspekte van privaatheid oor die hoof gesien kan word. Dit geld veral die hele gebied van *databeskerming* waar die inligting wat aangaande 'n persoon versamel word, veelal nie van 'n "most personal" aard is nie, of sommige van die data, op sigself genome, selfs nie eers privaat volgens die skrywer se omskrywing van privaatheid is nie, maar die *geheelbeeld* daarvan meesal sodanig is dat die belanghebbende kennisname daarvan deur buitestanders wil beperk (vgl *S v Bailey* 1981 4 SA 187 (N) 189–190 oor die verpligte verskaffing van uiteenlopende tipes persoonsinligting aan die staat). So gesien, bedreig die versameling en openbaarmaking van persoonlike data beslis die betrokkenes se privaatheid. (Sien vir 'n uitvoerige bespreking van databeskerming Neethling "Databeskerming: Motivering en riglyne vir wetgewing in Suid-Afrika" in Strauss (red) *Huldigingsbundel vir WA Joubert* (1988) 105 ev; *Neethling's Law of personality* 291–306; Neethling *Feesbundel vir WJ Hosten* 132–134.)

(ii) Tweedens beperk regter Ackermann sy bespreking tot die vraag of die inligting wat direkteure, amptenare of ouditeure oor die maatskappy het, hulle persoonlike privaatheid betrek. Sodoende versaak hy ongelukkig die moontlikheid van die beskerming van die privaatheid van die maatskappy as regspersoon *in casu* (sien die bespreking hierbo). Hy sê onder meer:

> "Although the phrase 'information concerning the . . . affairs . . . of the company' appears to be quite broad facially, it must be construed in conformity with the aforementioned purpose of the enquiry. It is difficult to see how any information which an individual possesses which is relevant to the purpose of the enquiry can truly be said to be private. *One is after all concerned here with the affairs of an artificial person* with no mind or other senses of its own; it depends entirely on the knowledge, senses and mental powers of humans for all its activities . . . [I]t can hardly be said that the knowledge of the director, official or auditor bearing relevantly on the affairs of the company that has failed can be said to fall within such person's domain of personal privacy" (796B–C E–F; my kursivering).

Alhoewel met die regter saamgestem word dat die betrokke inligting waarskynlik nie op die privaatheid van die betrokke persone betrekking het nie, sal ook die konstitusionele hof – soos die appèlhof reeds gedoen het (sien weer *Financial Mail v Sage Holdings supra* 462–463; *Motor Industry Fund Administrators v Janit supra* 303–304) – in die lig van artikel 7(3) van die 1993-Grondwet (a 8(4) van die 1996-Grondwet) die reg op privaatheid van regspersone, ook vir gevalle soos die onderhawige, onder oë moet neem en uitsluitsel gee.

(iii) Derdens blyk uit regter Ackermann se bespreking (790–795) van die posisie in Europa, Duitsland en Amerika dat hierdie stelsels soms 'n veels te wye toepassingsgebied aan die reg op privaatheid verleen en inderdaad ander selfstandige persoonlikheidbelange betrek wat niks met privaatheid te make het nie. Ingevolge die resolusie van die Raadgewende Vergadering van die Raad van

Europa (*Bernstein* 791B–C) word die reg op privaatheid byvoorbeeld soos volg verwoord:

> "The right to privacy consists essentially in the right to live one's own life with a minimum of interference. It concerns private, family and home life, *physical* and moral *integrity, honour* and *reputation*, avoidance of being placed in a *false light*, non-revelation of irrelevant and embarrassing facts, unauthorised publication of private photographs, protection from disclosure of information given or received by the individual confidentially" (my kursivering).

Hiervolgens word byvoorbeeld die fisiese integriteit, die eer, die goeie naam en die identiteit ("false light") ten onregte as aspekte van privaatheid beskou. (Sien *Neethling's Law of personality* 29–30 31–32 39–41 89 ev 139 ev 209 ev 279 ev oor die teoretiese begronding en positiefregtelike erkenning en beskerming van hierdie belange as unieke persoonlikheidsgoedere in die Suid-Afrikaanse reg. Sien ook *idem* 36–38 40–41 oor die onderskeid tussen hierdie regsgoedere en privaatheid.) Daar is reeds hierbo gewys op die gevare wat hierdie benadering vir die ontplooiing van privaatheidsbeskerming in ons reg sou inhou.

Gelukkig het regter Ackermann hom nie hieraan skuldig gemaak nie maar sy beslissing suiwer tot privaatheid beperk – 'n gevolgtrekking wat beslis nie ten aansien van regter Didcott se uitspraak in *Case* gemaak kan word nie.

(b) *Case*-saak

Regter Didcott formuleer sy standpunt dat die betrokke wetsverbod die konstitusionele reg op privaatheid skend, kort en kragtig soos volg:

> "What erotic material I may choose to keep within the privacy of my home, and only for my personal use there, is nobody's business but mine. It is certainly not the business of society or the State. Any ban imposed on my possession of such material for that solitary purpose invades the personal privacy which s 13 of the interim Constitution (Act 200 of 1993) guarantees that I shall enjoy. Here the invasion is aggravated by the preposterous definition of 'indecent or obscene photographic matter' which s 1 of the statute contains. So widely has it been framed that it covers, for instance, reproductions of not a few famous works of art, ancient and modern, that are publicly displayed and can readily be viewed in major galleries of the world. That s 2(1) clashes with s 13 seems to be indisputable" (656E–657A).

Die ander regters stem met regter Didcott saam dat die staat se verbod op die besit van pornografiese materiaal in die private woning die reg op privaatheid in beginsel aantas, maar hulle opper voorbehoude oor die onbeperkte besit van sodanige materiaal (sien bv 658–659 660–661 662–663). Regter Mokgoro stel dit byvoorbeeld so:

> "I must agree with his [Didcott J's] conclusion that the 1967 Act unreasonably and unjustifiably infringes the constitutional right to privacy. I would, however, respectfully part company from Justice Didcott to the extent that any part of his opinion might be read to suggest that it is not in any circumstances the business of the State to regulate the kinds of expressive material an individual may consume in the privacy of her or his own home. It may be so that, as in England, a 'South African's home is his (or her) castle'. But I would hesitate to endorse the view that its walls are impregnable to the reach of governmental regulation affecting expressive materials."

Vir huidige doeleindes is die vraag of bedoelde verbod inderdaad privaatheid skend. Myns insiens is die antwoord hierop negatief – wat wel in gedrang kom, om die knoop deur te hak, is *outonomie (vrye wilsuitoefening)*. Om dit te verduidelik, moet enigsins uitgewei word (sien *Neethling's Law of personality* 38).

Dit is wel so dat waar die staat of 'n ander buitestander aan 'n persoon voorskryf op welke wyse hy sy private lewe moet reël, soos sy kerk- en politieke verband, die opvoeding van sy kinders ensovoorts, hierdie handelswyse dikwels as 'n privaatheidskending tipeer word (sien Gross 1967 *NYULR* 37). So kan die voorskrifte van die staat oor die individuele gebruik van afhanklikheidsvormende stowwe volgens Rautenbach 1972 *THRHR* 352 'n skending van "persoonlike privaatheid" wees. Hierdie gevalle word in die Amerikaanse reg ook onder die beskermingsgebied van die reg op privaatheid tuisgebring. Trouens, by die erkenning van die reg op privaatheid as konstitusioneel verskanste mensereg, het die Amerikaanse hooggeregshof met so 'n geval te doen gehad. (In *Griswold v Connecticut* 381 US 479 (1965) beslis die hof dat 'n statuut wat die gebruik van voorbehoedmiddels in die huwelik verbied, inbreuk maak op die reg op privaatheid.) Op die keper beskou, gaan dit in hierdie gevalle egter glad nie om 'n privaatheidskending nie aangesien 'n kennismaking met private persoonlike feite strydig met die reghebbende se bestemming en wil ontbreek (vgl die skrywer se definisie hierbo).

'n Mens kan selfs verder gaan en konstateer dat daar in hierdie gevalle glad nie eers van 'n krenking van 'n (subjektiewe) persoonlikheidsreg sprake is nie. Outonomie of vrye wilsuitoefening hou naamlik verband met die selfsbestemmingsvryheid van die mens binne die perke van die reg in 'n samelewing wat, soos sal blyk, by die regsubjektiwiteit self tuishoort (sien *Neethling's Law of personality* 38). 'n Mens het hier, soos Joubert (*Grondslae van die persoonlikheidsreg* (1953) 123) oortuigend daarop wys, met twee fundamenteel verskillende dinge te make. Aan die een kant die algemene bevoegdheid of eienskap van die mens dat hy subjek (draer) van regte kan wees (dus die erkenning van sy persoonlikheid in regte of regsubjektiwiteit), en aan die ander kant die verskillende subjektiewe regte (ook persoonlikheidsregte) wat die mens het omdat hy regsubjek is. Joubert (*ibid*) stel dit so:

> "Heeltemal apart van mekaar staan die regspersoonlikheid van die mens, die funksie waarvolgens hy *doende in die reg optree*, waarin ook opgesluit is sy bevoegdheid om subjektiewe regte en verpligtinge te kan dra, en die subjektiewe regte self wat hy kragtens sy subjeksfunksie het of kan verwerf" (my kursivering).

Die "vryheid om doende te wees" is dus 'n algemeen menslike kenmerk of eienskap wat "die hele gebied van die menslike wilsuiting en selfuitlewing binne die grense van die reg" omvat; in kort "die selfbestemmingsvryheid van die mens in die samelewing" (Joubert 127; sien ook *Neethling's Law of personality* 18–19). So gesien, vorm outonomie deel van die regsubjektiwiteit self en kan die staat se inmenging in 'n persoon se besluit of hy pornografiese of onwelvoeglike materiaal in sy private woning wil besit en lees, ook om hierdie rede nie as privaatheidskending tipeer word nie.

In hierdie verband moet die *selfbestemmingsfunksie* van die individu oor sy privaatheid – in die sin dat die individu self die inhoud en gevolglike omvang van sy privaatheidsbelang bestem – wat as die wese van sy belang in privaatheid beskou word, nie met outonomie as aspek van regsubjektiwiteit verwar word nie. Hier het 'n mens naamlik met 'n essensiële (feitelike) eienskap van privaatheid te make wat deur regswerking ook as inhoudsbevoegdheid van die (subjektiewe) reg op privaatheid geld (sien hieroor Neethling 1996 *THRHR* 530; *Neethling's Law of personality* 35; vgl *idem* 13 en Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 48 oor inhoudsbevoegdhede van subjektiewe regte). In die *Jooste*-saak *supra* 271–272 verduidelik appèlregter Harms dit soos volg:

> "A right to privacy encompasses the competence to determine the destiny of private facts (see Neethling's comment on the judgment of the court *a quo*: 1994 *THRHR* 703 at 705). The individual concerned is entitled to dictate the ambit of disclosure eg to a circle of friends, a professional adviser or the public (cf *Jansen van Vuuren and Another NNO v Kruger* 1993 (4) SA 842 (A); Neethling *Persoonlikheidsreg* (3rd ed) p 238–9). He may prescribe the purpose and method of the disclosure (cf the facts in *O'Keeffe v Argus Printing and Publishing Co Ltd and Another* 1954 (3) SA 244 (C) – whether that case was truly concerned with privacy does not require consideration). Similarly, I am of the view that a person is entitled to decide when and under what conditions private facts may be made public. A contrary view will place undue constraints upon the individual's so-called 'absolute rights of personality' (*Minister of Justice v Hofmeyr* 1993 (3) SA 131 (A) 145I). It will also mean that rights of personality are of a lower order than real or personal rights. These can be limited conditionally or unconditionally and irrespective of motive."

Die voorgaande beteken nie dat persone nie teen (onredelike) staatsvoorskrifte wat hulle outonomie (veral ook in hulle private lewe) aan bande lê, beskerm moet word nie. Inteendeel, ek wil selfs sover gaan as om aan die hand te doen dat indien die handves van menseregte geen ander aanknopingspunt bied as die reg op privaatheid in artikel 13 van die 1993-Grondwet (a 14 van die 1996-Grondwet) om onderdane teen staatsvergrype in hierdie verband te beskerm nie (vgl nietemin Burchell "The protection of personality rights" in Zimmermann en Visser (reds) *Southern Cross – Civil and common law in South Africa* (1996) 653 wat aan die hand doen dat "individual autonomy" ingevolge die reg op waardigheid (a 10 van die 1993-Grondwet; a 10 van die 1996-Grondwet) beskerm moet word), outonomie wel onder die vaandel van die reg op privaatheid – soos die konstitusionele hof tans ook doen – tuisgebring moet word, maar dan met die voorbehoud dat die onderskeidelike, eiesoortige aard van privaatheid en outonomie duidelik deur die hof erken en gehandhaaf word.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

THE *McDONALD'S* CASE

SOUTH AFRICA JOINS THE GLOBAL VILLAGE

McDonald's Corporation v Joburgers Drive-Inn Restaurant (Pty) Ltd and the Registrar of Trade Marks; McDonald's Corporation v Dax Prop CC and the Registrar of Trade Marks; McDonald's Corporation v Joburgers Drive-Inn Restaurant (Pty) Ltd and Dax Prop CC 1997 1 SA 1 (A)

1 Introduction

In this case the Appellate Division clarified the position in South Africa with regard to the protection of well-known foreign trade marks. Much has been written on the protection of well-known trade marks, the most recent and

authoritative article being that of Mostert entitled "Well-known and famous marks: is harmony possible in the global village?" 86 *TMR* 103. (*TMR* had made a prepublication copy of this article available to McDonald's counsel and it was relied on in argument before the Appellate Division.) Never before, however, has there been such a perfect case study which illustrates the need for and the mechanisms behind the protection of well-known trade marks in a country.

While we will consider the *McDonald's* case against the background of the particular and peculiar facts of that case, it will become apparent to the reader that the common sense approach of the Appellate Division in determining the issues of law in the *McDonald's* case, while not upsetting the recognised principles of trade mark law, could be equally applicable in other jurisdictions. The extremely negative economic and political backlash suffered in South Africa after the unfavourable ruling of the court *a quo* is also a warning to other jurisdictions which do not offer adequate protection to the proprietor of well-known foreign trade marks.

During the period immediately preceding the Appellate Division judgment, South Africa was faced with the threat of a listing on the section 301 Watch List of the US Department of Commerce and was categorised together with other countries which are regularly criticised for their lack of adequate intellectual property protection (which countries shall remain nameless but are no doubt well-known to the reader). There was much commentary in the press and legal journals on the decision of the court *a quo*. Unfortunately, the underlying message behind such commentary was that South Africa's trade mark protection was inadequate and/or that McDonald's had failed to present its case properly before the court. Few lay commentators on the judgment correctly described the legal issues at hand and simply stressed the result of the outcome of the judgment, namely that McDonald's could not protect its trade mark in South Africa leaving open the inevitable question that "if McDonald's can't protect its trade marks, who can?". While some expert commentators concluded that South Africa's trade mark law was adequate, none bothered to look at the full evidence before the court and preferred to rely on the myopic interpretation of the evidence by Southwood J in his judgment – coming to the conclusion that McDonald's had failed adequately to present its case before the court.

Van Dijkhorst J's judgment, on the other hand, pertains to a security cession. In such a case, depending on the type of security, the position is different from the one sketched above. If one accepts that Van Dijkhorst J had a fiduciary security cession in mind, the cause of action remains the same and although the cessionary becomes creditor after the cession, the "special circumstances" exist which calls for an amendment. The special circumstances are the facts that this creditor is creditor only for security purposes and that the cedent therefore also has an interest in the claim. The parties should apply for amendment so that the cessionary can be joined as plaintiff "to obtain a proper ventilation of the dispute between the parties (creditor and debtor of the claim), to determine the real issues between them (creditor and debtor), so that justice may be done". The fact that the "creditor" has ceded the claim has not changed the original cause of

action. Furthermore, the fact that it was a fiduciary cession entails that both the cedent and cessionary have an interest in the outcome of the litigation. The legal issue to be resolved is still whether the debtor owes his creditor (previously the cedent, but after the cession the cessionary, and also the cedent as interested party, since the cession was a fiduciary security cession).

Secondly, I disagree with Van Heerden where she states that

> "[i]f this is so, then irrespective of whether the cession is effected *before* the issue of summons or *after* the issue of summons but before litis contestatio, the court should allow an application to substitute the cessionary for the cedent as plaintiff . . ."

A plaintiff who has ceded his claim before issue of summons has no cause of action and therefore no *locus standi* and a plea based on lack of *locus standi* should succeed.

From the following statement of Page J in *Ovland Management (Tvl) (Pty) Ltd v Petprin (Pty) Ltd*[105] I gather that he was of the opinion that a properly executed security cession results in the cedent denuding itself of the right to enforce payment of the rentals in terms of the agreements of lease:

> "In the light of all the considerations I have mentioned, I am of the view that, on a proper construction of the main cession agreement, the right to enforce payment of the rentals owing in terms of the contract ceded remain vested in the respondent in the absence of the occurrence of any of the events stipulated in clauses 5.1 and 9; and that the magistrate was correct in holding, on that basis, that the respondent had the necessary *locus standi in judicio* to bring the present proceedings. The use of the word 'agency' in clause 5.2 conflicts so diametrically with the remainder of the document that it can safely be disregarded as an error; and the other *indicia* raised by the appellants are far outweighed by the considerations raised by the respondent in favour of the above interpretation."

The judge regarded the cession as a fiduciary security cession subject to the conditions mentioned in clause 5.1 to 9.

1 4 Conclusion

The number of cases and the above discussion of one of the problematical aspects of security by means of claims should be strong enough evidence of the urgent need to address this complex legal phenomenon. To place security by means of claims in South Africa on a sound foundation, all the above problematic issues will have to be addressed in order to find solutions to the existing problems. Various authors[106] and judges[107] have recommended such statutory intervention to clarify the uncertainties and anomalies surrounding cession, in general, and security cessions, in particular. I shall discuss possible solutions to the existing problems in section B.

(*To be continued*)

---

105 1995 3 SA 276 (N).

106 See the referenees to Lubbe and Oelofse above. Domanski "Cession in securitatem debiti: National Bank v Cohen's Trustees reconsidered" 1995 *SA Merc LJ* 427 is the latest addition to the list of protesters: "Clarity and order need to be brought into this area of our law. It may be beyond the power of the Appellate Division to refashion the law at this stage. If that is the case, the Legislature must intervene."

107 See eg the remarks of Booysen J in *Britz v Sniegocki* 1989 4 SA 372 (D).

Fin de siècle of funksionele Romeinse reg?[1]

PhJ Thomas
MR LLD
Professor in die Regte, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Fin de siècle or functional Roman law?

The hidden or subconscious philosophy of scientists determines not only their choice of paradigm, but also their vision of the university. Duncan Kennedy's essay "Legal education as training for hierarchy" is discussed because of its critical analysis of modern legal education. The indoctrination that law should be distinguished from politics, determines the paradigm of the majority of jurists, in spite of the fact that the Frankfurter School has stated that positivism is neither objective nor neutral and this contention has been validated by events. However, the Critical Theory offers no alternative.

Roman law is eminently suited to teach students that there is no objective, neutral, correct, juridical solution, but that several solutions are possible, that the choice is determined by time and place and the result of religious, political, economical, social and other factors.

INLEIDING

In sy intreerede kry 'n professor kans om voor 'n uitgelese gehoor sonder onderbrekings of teenspraak uit te wei oor sy dissipline, en meer in besonder oor hoe hy die ontplooiing van sy vakgebied sien. Dit staan vas dat relevansie en gemeenskapsdiens in hierdie toekomsvisie 'n hoë premie sal geniet; meeste juriste weet dat Romeinse reg sedert die twaalfde eeu op universiteite aangebied word. Hierdie bydrae is egter daarop gerig om die leser in te lig hoe die Romeinse reg vandag nog die gemeenskap kan dien.

Daar is uiteraard sedert die twaalfde eeu baie oor hierdie onderwerp gepraat en geskryf en die leser word die oorsig van die tradisionele argumente ten gunste van die studie van die Romeinse reg gespaar. Meeste juriste sal met die bekendste standpunte vertroud wees. Bowendien is ek saam met Thomas Kuhn[2] van mening dat subjektiewe keuses, vergelykbaar met 'n geloofskeuse, die wetenskaplike 'n bepaalde paradigma laat kies. Soos bekend, is dit Kuhn se oortuiging dat 'n paradigma nie slegs die teorie, metodes, tegnieke, en metodologie bepaal nie, maar ook aannames, veronderstellings en waardes.

'n Punt wat eweneens met die regwetenskaplike se versweë of onbewuste filosofiese raamwerk verband hou en wat gevolglik by voorkeur vermy word, is

---

1 Intreerede gelewer op 1996-08-01 by die Universiteit van Pretoria.
2 *The structure of scientific revolutions* (1970); *The essential tension* (1977).

die siening oor die universiteit: Is dit 'n vakskool, of iets meer? Na my mening word die verskillende antwoorde op hierdie vraag in 'n belangrike mate deur die aanvaarding van die vooruitgangsgedagte bepaal. Hierdie gedagte wat reeds in die Bybel gevind word, word in die Renaissance ontwikkel in die *Utopia* van Thomas More en die *Oratio de hominis dignitate* van Pico della Mirandola. Die vooruitgangsgedagte word ook in die werk van Karl Marx gevind en moet onderskei word van die evolusieteorie van Darwin se *Origin of species*. Die vooruitgangsgedagte word naamlik gekoppel aan die idee dat die mens self sy lewensloop bepaal, en lei tot die idee van die volmaakbaarheid van die mens en die samelewing. In die agtiende eeu het wetenskaplikes soos Vico, Voltaire, Turgot, Gibbon, Condillac en Condorcet,[3] geïnspireer deur die vooruitgangsgedagte, teorieë oor menslike vooruitgang ontwikkel. In die negentiende eeu het Henri Saint-Simon en sy leerling Auguste Comte bogenoemde in 'n filosofie uitgewerk[4] waarin die idee van die onvermydelike vooruitgang van die menslike rede en die wetenskappe sentraal staan. Die mondige mens sal deur middel van die wetenskap 'n beter samelewing met vrede, harmonie en orde vestig. Dit is dus die vooruitgangsgedagte wat in die stryd teen vooroordeel en bygeloof die moontlikheid van welvaart en geluk daarstel.

Die wêreld- en mensbeskouing wat op die vooruitgangsgedagte steun, het sedert die Renaissance besondere belang aan opvoeding en opleiding geheg en die aard van die opleiding bepaal, naamlik 'n opleiding wat daarop gerig moet wees om die mens en die wêreld te verbeter en te vervolmaak. Hierdie oogmerk bepaal die keuse van vakke en metode. So was die humanistiese regsopleiding wat geleidelik vanaf die Renaissance die Westerse universiteitsmodel gevorm het, nie primêr daarop gerig om regspraktisyns soos ambagsmanne op te lei nie. Die aanhangers van die ou skool, wat deur die humaniste as 'n geldmaakberekende broodstudie gebrandmerk is,[5] was en is dan ook onmiddellik self gereed met die verwyt dat die opleiding mank gaan aan relevansie vir die praktyk.[6]

Wanneer daar egter gekies moet word tussen onderwys wat daarop gerig was om 'n veelsydige mens, 'n individualis wat rasioneel leer dink het, 'n mens wat probeer het om homself asook die wêreld te vervolmaak, af te lewer, en die alternatief: opleiding met die oog op 'n gespesialiseerde massamens wat nie belangstel, of as gevolg van sy opleiding geen belang kán stel in die vooruitgangsideaal nie, staan my keuse vas.

Ek wil egter onmiddellik erken dat bogenoemde 'n ideaal daarstel wat nooit in die geskiedenis van die universiteit geheel en al verwerklik is nie, en dat

---

3 Antoine-Nicolas de Condorcet *L'Esquisse d'un tableau historique des progrès de l'esprit humain* (1795). Condorcet het die leer van vooruitgang deur rede en vryheid op elke gebied van menslike aktiwiteit toegepas.

4 Auguste Comte *Cours de philosophie positive* vol 6 (1830–1842); *Discours sur l'ensemble du positivisme* (1848).

5 Vgl die uitlatings van Pretarca, Boccaccio, Bruni, Poggio, Vegio en Valla in hierdie verband by Voigt *Die Wiederbelebung des classischen Alterthums oder das erste Jahrhundert des Humanismus* (1859) II 477–485. Ook Rabelais se *Gargantua Pantagruel* (1532–1564) is veelseggend in hierdie verband.

6 Dit word bv gedoen deur Bodin wat teleurgesteld in sy akademiese loopbaan, as advokaat aan die *Parlement de Paris* gaan praktiseer en homself giftig oor sy gewese kollegas uitlaat (Franklin *Jean Bodin and the sixteenth-century revolution in the methodology of law and history* (1966) 63 ev).

regsfakulteite deur die eeue heen gekenmerk is deur die dualisme van die wetenskaplike ambagskool en die ambagtelike wetenskap.

Laat ons egter terugkeer na die kernonderwerp van die bydrae. Ek wil dit in drie dele afhandel. Eerstens sal ek kortliks aan die hand van Duncan Kennedy se opstel "Legal education as training for hierarchy"[7] die vernaamste kenmerke van die hedendaagse regsopleiding noem. Vervolgens kom die onvermydelike resultaat van sodanige opleiding, positivisme, ter sprake. Ten slotte word die Romeinse reg se rol in die regsopleiding en die potensiaal om nuansering van denke te bewerkstellig, bespreek. 'n Aantal voorbeelde sal laasgenoemde illustreer.

REGSOPLEIDING

Duncan Kennedy se opstel is gekies omdat die beskrywing van regsopleiding deur hierdie Harvard-regsprofessor bepaalde essensiële aspekte beklemtoon wat myns insiens universeel is. Dit beteken geensins dat ek onvoorwaardelik met al sy bewerings en gevolgtrekkings saamstem nie, of dat alles wat deur hom gesê word, inderdaad universeel is nie.

Die relevante deel van sy boodskap is egter dat regsfakulteite 'n technikonmentaliteit projekteer, met eindelose aandag aan detail ten koste van die groter geheel; dat studente glo wat aan hulle vertel word omtrent die reg, die regsberoep en die samelewing; dat 'n verbasende aantal eerstejaars regstudie gekies het om die samelewing deur middel van die reg te dien – om die onderdruktes te help en die samelewing te verbeter; en dat die lesingsaal met sy pseudo-deelname 'n mengsel van die patriargale familie en 'n Kafka-staat verteenwoordig.

Die studente leer 'n nuwe taal asook om tot dusver onverstaanbare dinge te begryp. Hulle ontdek dat daar "harder" en "sagter" dosente is; dat die "sagter" dosente oor die algemeen meer liberaal dink, minder intimiderend in besprekings is, meer oopstaan vir billikheids-, beleids- of politieke argumente, terwyl die "harder" dosente meer populariteit geniet.

Die regstudie bestaan uit die leer van reëls – wat hulle is en hoekom hulle so moet wees. In hierdie verband is die deur-Kennedy-gebruikte voorbeeld van die sogenaamde "cold case" en die "hot case" insiggewend. Laasgenoemde het gewoonlik 'n simpatieke eiser en 'n onsimpatieke verweerder. Die verweerder is byvoorbeeld 'n mynmaatskappy wat grond van 'n boer gehuur het vir oopgroefmynbou en wat sy belofte om na afloop van die mynoperasie die grond in sy oorspronklike toestand te herstel, nie nagekom het nie. Die regter ken 'n paar honderd dollar aan die boer toe maar verplig die maatskappy nie om die grond te herstel nie. Hierdie saak word bespreek om die punt te maak dat die student se aanvanklike reaksie naïef, nie-juridies, irrelevant en verkeerd was. Daar is vanselfsprekend goeie redes vir die uitspraak en die standpunt van die juris moet op die reg gebaseer en logies wees en nie bloot gevoelsmatig nie.

Deur die eeue heen het juriste met oortuiging beweer dat hulle niks op universiteit geleer het nie,[8] maar Kennedy ontken dit. Sy bewering is dat hulle sekere eenvoudige maar vir die reg belangrike vaardighede geleer het. Eerstens

7 In Kairys *The politics of law. A progressive critique* (1982) 38–58.

8 Sien bv die voorwoord van Simon van Leeuwen se *Paratitula juris novissimi, dat is Een kort begrip van het Rooms-Hollandts-reght* (1652).

om 'n enorme aantal reëls te memoriseer; dit op sigself is moontlik deur die verskillende kategorieë van die stelsel te memoriseer. Verder het hulle sogenaamde "issue spotting" geleer, dit wil sê hulle kan vasstel hoe reëls dubbelsinnig, teenstrydig of ontoereikend kan wees. Ten slotte het hulle die analise van hofsake asook die lys van *pro-* en *contra*-argumente wat juriste gebruik om 'n bepaalde reël binne of buite werking te argumenteer, geleer.

Hierdie taamlik basiese vaardighede word aangeleer op 'n wyse wat die student mistifiseer. Die lesings gee voor dat daar 'n analitiese proses bestaan wat die reg onthul, die sogenaamde juridiese redenasie, om te "dink soos 'n juris". Hierdie manier van dink is onverstaanbaar vir die leek maar verduidelik en bekragtig die regsreëls. Die belangrike vaardigheid "om soos 'n juris te dink", word deur osmose verkry. Nie alleen word elke reël sodanig op sy eie aangebied dat dit vir die student onmoontlik is om 'n totaalbeeld te verkry van wat die reg is, hoe dit werk of hoe dit moontlik verander kan word nie, maar bowendien word dié vaardighede sonder enige praktiese oefening geleer.

Hierdie beeld wat die regsfakulteit projekteer, is volgens Kennedy geensins die resultaat van onkunde en domheid nie maar doelbewus. Die intellektuele kern van die opleiding is die onderskeid tussen reg en politiek. Dosente oortuig die studente dat "dink soos 'n juris" inderdaad bestaan en verskil van byvoorbeeld "dink soos 'n politikus, teoloog, of 'n gewone mens".

Dit word moontlik gemaak deurdat dit die dosent is wat bepaal watter argumente in watter gevalle geldig is. Die totale opleiding is daarop gerig om studente juridiese redenasievermoë aan te leer wat noodsaaklik is om die korrekte oplossing te vind. Vakke soos regsfilosofie en regsgeskiedenis is periferies, en word nie werklik as relevant vir die harde, objektiewe, ernstige, streng analitiese kern van die reg beskou nie. Hierdie vakke word gesien as 'n soort voltooiingskool om die juris die sosiale kuns van "self-presentasie" te laat aanleer.

Wat gevolglik nooit bevraagteken word nie, is dat daar slegs een korrekte juridiese oplossing bestaan. Daar word verswyg dat die korrekte juridiese oplossing medebepaal word deur politieke, ekonomiese, ideologiese en ander faktore. Dat die essensie van "om te dink soos 'n juris" beteken dat vrywel enige oplossing aanneemlik gemotiveer kan word, is die kern van die probleem.

Die sogenaamde kritiese ingesteldheid, wat regsfakulteite in hul missies propageer, is 'n illusie. Om te kan beoordeel, kritiseer en indien nodig veroordeel, word rasionele denke vereis, maar soos Kennedy tereg opmerk, sou dit 'n besondere student wees wat op sy eie 'n kritiese standpunt ten aansien van die stelsel sou kon ontwikkel. Die moontlike bevraagtekening van sekere reëls en van die sisteem, asook 'n bespreking van die verhouding tussen reg en samelewing, word toebedeel aan die "luukse" regsgeskiedenis en regsfilosofie.

REGSPOSITIVISME

Dat die so pas gesketste regstudie regspositiviste aflewer, behoort nie verbasing te wek nie. Dit is nie my bedoeling om die regspositivisme en sy verskillende verskyningsvorme te bespreek nie, maar vanaf die mees simplistiese wetspositivisme[9]

9 Die eenvoudigste vorm, 'n blote doel en magspositivisme wat daarop gebaseer is dat alle reg en geregtigheid in die bevele van die wetgewer setel (vgl Wieacker *Privatrechtsgeschichte der Neuzeit* (1967) 431–468; Du Plessis "Navorsingsmetodes en -tendense" in Venter ea (reds) *Regsnavorsing* (1990) 89).

tot en met die meer genuanseerde wetenskaplike positivisme[10] vertoon hulle almal dieselfde kenmerk: Die reg moet hom by die harde feite hou. Die positivisme met sy waarneembare empiriese feite, sy objektiwiteit en rasionaliteit en sy eliminasie van waardevrae uit die regswetenskap en regsberoep het die juris gevorm.

Hierdie sogenaamde neutraliteit of objektiwiteit van die juris verlos hom van die verpligting om ideologiese, filosofiese, sosiale, ekonomiese, politieke en ander faktore in sy werk en denke te betrek, terwyl hierdie faktore almal integrerende bestanddele is van die werklikheid waarmee die reg hom besig hou. Dit beteken dat die regswerklikheid van die positiviste slegs op die werklikheid soos deur hulle self gekonstrueer, betrekking het.

Selfs die wetenskaplike positivisme, wat regsnorme uit die regskultuur aflei, beskou die reg as 'n outonome sisteem wat in isolasie "suiwer wetenskaplik" bestudeer kan word.

Dit beteken nie dat positiviste geen oog vir regverdigheid sou hê nie, maar hulle regsopleiding lei tot 'n eensydige visie met betrekking tot die ontstaansbronne van die reg, naamlik wetgewerswil of regskultuur. Dit is hulle vertrekpunt en hierin word die reg en geregtigheid gevind.[11]

Daar is egter aangetoon dat ook die positivisme, insluitend die regspositivisme, nie objektief of neutraal is nie, maar lewensbeskoulik medebepaal word. Die Frankfurtse Skool het in 1923 begin om sosiale vraagstukke te bestudeer en as doelstelling van die geesteswetenskappe geformuleer dat die positiewe wetenskap van sy sogenaamde objektiwiteit en rasionaliteit genees moet word.[12] In hierdie konteks word beklemtoon dat wetenskap self ideologie kan word en die gegewe feite kan regverdig; dat die rasionaliteit van die positivisme doelrasionaliteit is en dat die wetenskap wat die mens moet bevry, gebruik word om hom in bedwang te hou.[13]

Die Kritiese Teorie wat deur die Frankfurtse Skool ontwikkel is, bepleit gevolglik die betekenis van waardes in wetenskapsbeoefening. Die positivistiese feit/waarde-onderskeiding ken aan feite 'n onafhanklike bestaan in die werklikheid toe, terwyl waardes wat afhanklik van menslike besluitneming sou wees, ontmasker word. In die plek daarvan word aanvaar dat feite en waardes vir hulle aanvaarding en bestaan afhanklik van mekaar is. Wetenskaplike feite word bepaal deur die waardes wat die wetenskap hanteer om feite van skimme te onderskei, terwyl kritiese bespreking van waardes altyd 'n beroep op die feite insluit.[14]

Habermas[15] beweer dat die sogenaamde objektiewe wetenskap nooit die belange erken het wat hom lei nie, met as resultaat dat die mens toelaat dat hy bepaal word deur die sogenaamde objektiewe kennis. Die mens is onbewus van die feit dat ander belange en ander doeleindes ander kennis kan produseer. Met ander woorde, die sogenaamde objektiewe wetenskaplike kennis wat as waarheid

---

10 Wieacker 558–586.
11 Du Plessis 90.
12 Thomas "Wetenskapsfilosofie en die regswetenskap" 1995 *THRHR* 39–42.
13 Horkheimer en Adorno *Dialectic of enlightenment* (1992) 3–43.
14 Habermas "Rationalism divided in two" in Giddens (red) *Positivism and sociology* (1974) 213 ev.
15 *Erkenntnis und Interesse* (1968).

aangebied word, is in der waarheid konstruksies wat op 'n besondere belang gebaseer is.[16]

Die Frankfurtse Skool het veral met die studente-opstande van 1968 bekendheid buite akademiese kringe verwerf en dit tipeer die regswetenskap omdat 'n regsvariant van die Kritiese Teorie eers na daardie datum sy verskyning maak. Hierdie Critical Legal Studies beklemtoon uiteraard die ideologiese, politieke en ander waardes wat die regswetenskap bepaal. Dit spreek vanself dat die regswerklikheid soos deur die positiviste gekonstrueer, verwerp word en dat uitdruklik gestel word dat die regswetenskap nie in afsondering van die sosiale, politieke, ekonomiese en ander werklikhede beoefen kan word nie. Regskwessies is sosiaal-maatskaplik bepaal en moet sosiaal-maatskaplik beskou word. Een van die belangrikste eksponente van die beweging, Roberto Unger, wil die spanning tussen die reg en die onderliggende belange onthul. Hy gebruik die konflikte binne die regstelsel om die disharmonieë in die stelsel uit te lig. Op daardie wyse hoop hy om die gevoel van noodsaaklikheid in die regswetenskap te ondermyn. Deur aan te toon dat die reg en regswetenskap binne 'n kulturele konteks bestaan ('n konteks waarin die samelewing eerder gekonstrueer as gegewe is) probeer hy om die reg te herskep.[17]

Daar kan met twee opmerkings hieromtrent volstaan word: Die aanhangers van Critical Legal Studies verteenwoordig nie die heersende paradigma in die regswetenskap nie. Die beweging lyk dieselfde lot as die Kritiese Teorie beskore, naamlik esoteriese meditasie en elitisme.

Dit bring 'n mens weer by die onderwerp. Dit sal min teenspraak ontlok wanneer die stelling gemaak word dat dit 'n buitengewone student sou wees wat op sy eie 'n kritiese teoretiese standpunt ten aansien van die stelsel van onderrig en die regsisteem sou kon ontwikkel. Studente het te min kennis om te kan vasstel dat 'n dosent slegs een vorm van regsdenke en regswerklikheid bespreek en buite-juridiese faktore soos godsdiens, politiek, filosofie en ekonomie ignoreer. Die meeste studente aanvaar gewillig die voorstelling van die reg as 'n neutrale, a-politiese, op meriete gebaseerde sisteem wat in isolasie soos 'n ambag bestudeer kan word.

Dit beteken egter nie dat die *status quo* sonder protes gehandhaaf moet word nie. Dit bring my by die laaste afdeling, die potensiële rol van Romeinse reg in die laat-twintigste-eeuse regsopleiding.

ROMEINSE REG

Die Romeinse reg is by uitstek geskik om die student aan die begin van sy studie bewus te maak van die feit dat daar nie iets soos "die juiste juridiese oplossing" bestaan nie; dat die sogenaamde "dink soos 'n juris" net so maklik aanneemlike regverdigings vir vrywel enige moontlike oplossing kan verskaf. Indien die "kritiese denke", wat een van die missies van regsopleiding is, ernstig opgevat moet word, moet dit in die kursus Romeinse reg aangespreek word. Die alternatief sou wees om aan die hand van die Critical Legal Studies-paradigma die hofuitsprake en vervolgens die handboeke in elke dissipline te ontleed.

---

16 Romm "Habermas se wetenskapsteorie" in Snyman en Du Plessis (reds) *Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe* (1987) 180.

17 Visser "The legal historian as subversive or: killing the Capitoline geese" in Visser (red) *Essays on the history of law* (1989) 20.

Die Romeinse reg gee op elke gebied duidelike voorbeelde dat meerdere oplossings vir 'n bepaalde probleem moontlik is en dat godsdienstige, politieke, ekonomiese en ander faktore die verskeie oplossings daarstel.

Egskeiding

Dit is 'n cliché dat die resente ontwikkelings van die egskeidingsreg die Romeinsregtelike beginsel van *libera matrimonia esse antiquitus placuit*[18] geaktualiseer het. Hierdie deur die negentiende eeuse juriste gevreesde en verdoemde beginsel van egskeidingsvryheid, wat selfs deur sommiges van hulle as oorsaak van die ondergang van die Romeinse ryk aangedui is, is egter kenmerkend van die klassieke Romeinse reg, maar die voor- asook die na-klassieke reg maak dit duidelik dat ander oplossings ook moontlik is.

In die voor-klassieke reg was die huwelik *cum manu* die norm. Dit het beteken dat die vrou onder die gesag van haar man of sy vader gekom het. Die *manus*-huwelik het deur middel van *farreo* of *coemptio* tot stand gekom,[19] terwyl vir die geval waar daar van 'n huweliksvoltrekking sonder *manus* gebruik gemaak is die *usus* deur tydsverloop van een jaar die *manus* gevestig het. Die detail is minder relevant maar die gevolge gee duidelik insig in die moontlikheid van egskeiding. Die vrou kom naamlik onder die gesag van haar eggenoot waar sy *filiae loco* staan en indien sy voor die huwelik enige boedel gehad het, kom die bates haar man toe. Hoewel dit in beginsel moontlik was om die *manus*-huwelik deur middel van *diffareatio* of *mancipatio* te ontbind, moet in gedagte gehou word dat die huwelik in 'n mate 'n familie-aangeleentheid was[20] en dat die *paterfamilias* heer en meester oor sowel die persone as die sake onder sy gesag was.[21] Dit maak die gevolgtrekking waarskynlik dat egskeiding in hierdie bedeling eerder uitsondering as reël sou wees. Die egskeidingsvryheid van die klassieke reg is dus bevorder deur die in-onbruik-verval van die *manus*-huwelik.[22]

In die na-klassieke reg voer die eerste Christelike keiser Constantinus en sy opvolgers keiserlike wetgewing in wat goeie gronde vir egskeiding formuleer en egskeiding sonder goeie grond straf, alhoewel benadruk moet word dat sodanige egskeiding nie nietig verklaar word nie. Justinianus skaf in *Nov* 137 in 542 die egskeiding deur ooreenkoms tussen die gades af en verklaar in 556 'n egskeiding sonder grondige rede nietig.[23] Sy opvolger Justinus voer egter in 566 die egskeiding deur ooreenkoms weer in.[24]

Die hierbo gesketste paradoks vind sy basis in verskillende opvattings omtrent die huwelik asook die mens, te wete enersyds dat die huwelik gegrondves is op die gelykwaardige, vrye wil van die partye wat 'n belangrike humanitêre erkenning van die menslike persoonlikheid impliseer, maar wat in kontras staan met

18 *C* 8 38 2: "dit is van oudsher die *communis opinio* dat huwelike vry is"; sien ook *C* 5 4 14. Macours "Libera matrimonia esse antiquitus placuit" in Spruit en Van de Vrugt (reds) *Brocardica in honorem GC JJ van den Bergh* (1987) 55–62.

19 Gaius 1 110.

20 Sien die jonger Plinius *Epistulae* 1 14.

21 Sien Dionysius van Halicarnassus 2 26 27, *Leges regiae* Romulus FIRA I 8.

22 Sien Spruit "Een antieke huwelijkstwist" in *Romeinsrechtelijke Romanesken* (1979) 73–85 wat aan die hand van die *casus* van *D* 24 1 64 die probleme van die oorgangsperiode skets.

23 *Nov* 143 11.

24 *Nov* 140.

die huwelik as sakrament[25] soos later in die *Decretum Tametsi* van 1563 geformaliseer is, en die mens se onderhorigheid aan God.

Bogenoemde is nie slegs die gevolg van 'n veranderende mensbeeld nie maar hou uiteraard verband met die posisie van die vrou binne die patriargale samelewing asook met die karakter van die huwelik.

Handelingsbevoegdheid van die vrou

In die voor-klassieke reg moes elke vrou onder die gesag van 'n man staan, hetsy haar vader, haar man, dan wel 'n voog. In die klassieke reg het die *manus*-huwelik vir alle praktiese doeleindes verdwyn terwyl die *tutela mulierum* geen werklike betekenis meer het nie.[26] Die *SC Velleianum* van 46 nC leer *a contrario* dat vroue in alle opsigte handelingsbevoeg geword het.[27]

Karakter van die huwelik

Die Romeinse huwelik is geen regsinstelling nie maar 'n sosiale feit wat in die private sfeer sonder staatsinmenging gesluit en ontbind word. Die reg verbind sekere gevolge aan die huwelik, maar dit is opmerklik dat by die *sine manu*-huwelik albei partye eienaar van hulle eie boedel bly en sonder beperkings daaroor kan beskik.[28]

Testeervryheid

Uit die Twaalf Tafels se *Uti legassit suae rei, ita ius esto*[29] kan volledige testeervryheid afgelei word en die *pater* kon gevolglik sy naaste verwante sonder enige rede onterf. Die enigste beperking was dat dit op die korrekte formele manier gedoen moes wees. Die Justiniaanse finalisering van die reëling van die *portio legitima*[30] het in die Wes-Europese en daarvan afgeleide regstelsels inslag gevind.

Kontrastering van die Anglo-Amerikaanse testeervryheid teenoor die kontinentaalregtelike legitieme porsies plaas die sogenaamde organiese ontwikkeling van die Romeinse reg of enige ander regstelsel onder diskussie,[31] maar benadruk die standpunt dat regskwessies sosiaal-maatskaplik bepaal is en gevolglik sosiaal-maatskaplik beskou moet word.

Laesio enormis

Laesio enormis is vermoedelik ingevoer deur keisers Diocletianus en Maximianus in twee reskripte van 285 en 293 nC en oorgeneem in *C* 4 44 2 en 8. Die aldus ontwikkelde beginsel van aansienlike skade bied aan die benadeelde verkoper die geleentheid om sy skade te kanselleer. Daar word naamlik bepaal dat indien die koopprys van 'n stuk grond minder as die helfte van die werklike waarde van die saak bedra het, die verkoper die kontrak kan kanselleer. Die

---

25 Paulus *Brief aan die Efesiërs* 5 32.
26 Gaius 1 144 145 157 171 190 194; Kaser 367 ev.
27 Van Oven *Leerboek van Romeinsch Privaatrecht* (1948) 496 ev.
28 Kaser *Das römische Privatrecht* I (1971) 329.
29 Gaius 2 224.
30 *C* 3 28; *Nov* 18 115.
31 Die evolusie-idee bly aantreklik soos blyk uit bv Stein *Legal evolution. The story of an idea* (1980); Watson *The evolution of law* (1985). Dit vorm ook die ideologiese basis van vrywel die totaliteit van regshistoriese handboeke.

koper kan egter sodanige ontbinding van die kontrak verhinder deur die prys aan te suiwer tot die volle waarde van die saak.

Hierdie reskripte is in regstreekse konflik met *D* 19 2 22 3 en 4 4 15 4[32] waarvolgens dit toelaatbaar is om die ander party te kul by koop- en huurkontrakte solank daar geen *dolus* plaasvind nie.[33] Aangesien bogenoemde *Digesta*-tekste die beginsel van vrye mededinging in die handelsverkeer sou beliggaam,[34] het die twee keiserlike reskripte tot 'n aansienlike literatuur aanleiding gegee.[35]

Dit is nie my bedoeling om tot die debat toe te tree, of om die werk van een of meerdere regshistorici[36] hier op te som, of om 'n nuwe hipotese daar te stel nie, maar dit is opmerklik hoe die wel en die weë van die leerstuk ideologies gefundeer is. Die veralgemening wat in die gemeenskaps-georiënteerde laat-Middeleeue plaasvind, is moeilik verenigbaar met die in die agtiende en negentiende eeu ontwikkelde leerstuk van kontrakteervryheid. Sodra laasgenoemde tot dogma verhef word omdat die heersende ekonomiese teorieë dit as 'n noodsaaklike hoeksteen vir die ontwikkeling van handel en nywerheid beskou het, word die *laesio enormis*-beginsel aangeveg en ten slotte afgeskaf.

Die *laesio enormis*-beginsel erken naamlik die ongelykheid in onderhandelingsposisie van sekere kontrakspartye en skep sodoende die basis vir 'n algemene beginsel dat 'n kontraksparty wat as gevolg van sy swak onderhandelingsposisie in 'n baie onbillike kontrak tree, daardie kontrak kan kanselleer. Dat sodanige beginsel nie aanvaarbaar is nie vir generasies van juriste wat opgelei is om kontrakteervryheid bokant godsdiensvryheid te stel, blyk uit die enorme hoeveelheid literatuur oor twee tekste wat lankal hulle gelding verloor het. Die feit dat die keisers vir die eerste keer die gelykheidsbeginsel in die kontraktereg ingevoer het, het ook min waardering ontvang van 'n juristestand wat formele gelykheid voldoende ag.

'n Feit wat in hierdie verband vreemd is, en wat sedert *Bank of Lisbon and South Africa v De Ornelas*[37] aktueel is, is dat die *bona fides* nie vir soortgelyke situasies voorsiening gemaak het nie.[38]

Negotia stricti iuris v negotia bonae fidei

In aansluiting by bogenoemde *Lisbon*-saak, moet die onderskeid wat in die Romeinse reg gemaak word tussen die *negotia stricti iuris* en die *negotia bonae*

---

32 *D* 19 2 22 3 (Paulus libro trigesimo quarto ad edictum): Quemadmodum in emendo et vendendo naturaliter concessum est quod pluris sit minoris emere, quod minoris sit pluris vendere et ita invicem se circumscribere, ita in locationibus quoque et conductionibus iuris est. *D* 4 4 16 4 (Ulpianus libro undecimo ad edictum): Idem Pomponius ait in pretio emptionis et venditionis naturaliter licere contrahentibus se circumvenire.

33 *D* 19 2 23 (Hermogenianus libro secundo iuris epitomarum): et ideo praetextu minoris pensionis, locatione facta, si nullus dolus adversarii probari possit, rescindi locatio non potest.

34 Kaser 550; Van Zyl *Geskiedenis en beginsels van die Romeinse privaatreg* (1977) 289.

35 Sien Becker *Die Lehre von der laesio enormis in der Sicht der heutigen Wucherproblematik* Beiträge zur neueren Privatrechtsgeshichte Band 10 (1993) vir vrywel volledige literatuur-oorsig.

36 *In casu* Becker *supra* vn 35.

37 1988 3 SA 580 (A).

38 Cicero *De officiis* 3 12 ev het hom in dieselfde trant uitgelaat en kom tot die konklusie dat dit in stryd is met die natuur, wat die bron van die reg is, om uit die onwetendheid van ander wins te maak.

fidei genoem word. In die geval van eersgenoemde is die regte en verpligtinge van die partye streng bepaal en omlyn en is die regter gebonde aan hierdie streng bepaling en omlyning. Die *negotia bonae fidei* weer berus op die goeie trou en gee die regter die geleentheid om die regte en verpligtinge van die partye ooreenkomstig die vereistes van die goeie trou te bepaal.[39]

Possessio

Besit, waarvan Paulus in *D* 41 2 1 *pr* die daadwerklike liggaamlike kontak met die saak benadruk, is in beginsel 'n feitevraag. Met bogenoemde feitlike mag oor 'n saak in gedagte, sal die konstruksie van behoud van besit *animo solo*, dit wil sê deur die bedoeling alleen, as onmoontlik beskou moet word. *D* 41 2 wat oor die verkryging en verlies van besit handel, bevat egter verskeie tekste[40] wat hierdie konstruksie erken. Dat besit in die na-klassieke reg tot 'n reg ontwikkel, sal weinig verbasing wek. Die pogings wat aangewend is om die diverse tekste te probeer versoen, is meer verbasend.

Meerdere eiendomsregte

Die Romeinse eiendomsregte, dit wil sê die Romeinsregtelike eiendomsreg met sy jonger broer die bonitêre of praetoriese eiendomsreg, toon dat die Romeinse eiendomsreg nie die absolute heilige koei was wat latere juriste graag daarvan gemaak het nie, maar dat meerdere eiendomsmodaliteite deur die Romeinse juriste erken is. Hierdie onderskeid tussen die formeel juridiese eienaar en die ekonomiese eienaar word in die Romeinse reg ook by *fiducia cum creditore contracta* aangetref, en in 'n mate by die *peculium* en die provinsiale grond. Vir juriste wat met bogenoemde figure bekend is, sal die bekendstelling van die "voorlopige eiendomsreg"[41] minder skokkend wees.

Justa causa traditionis

Die *justa causa traditionis* en meer spesifiek die vraag betreffende die kousale dan wel die abstrakte stelsel van eiendomsoordrag[42] is 'n voorbeeld *par excellence* van die ryke verskeidenheid van die Romeinse reg. Die vraag watter stelsel die Romeine gevolg het, hou die dogmatici al eeue besig[43] en die naasmekaarstelling van *D* 41 1 36[44] waarin die abstrakte *causa* volstaan en

---

39 Van Warmelo *'n Inleiding tot die studie van die Romeinse reg* (1971) 257 ev 260.

40 *D* 44 2 44 2; *eod tit* 45 en 46; vgl ook Paulus *Sententiae* 5 2 1.

41 Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995.

42 Vir 'n uiteensetting sien Van Oven 74–79.

43 Die Bisantynse juriste het die probleem eerste bespreek; sien Van Warmelo "Justa causa traditionis" in *Studi in onore di Cesare Sanfilippo* 1 (1982) 619 vn 4. Duarenus en Donellus het die abstrakte *causa* voorgestel, terwyl Pothier die konkrete *causa* aangehang het, aldus Van Warmelo 619 en vn 4 en 5. Von Savigny het die teorie van die "dingliches Vertrag" ontwikkel wat in die *BGB* opgeneem is. Vir 'n oorsig oor die belangrikste literatuur vanaf 1928 tot 1975 sien Van Warmelo 618 vn 2.

44 Iul 13 dig: Cum in corpus quidem quod traditur consentiamus, in causus vero dissentiamus, non animadverto, cur inefficax sit traditio, veluti si ego credam me ex testamento tibi obligatum esse, ut fundum tradam, tu existimes ex stipulatu tibi eum deberi, nam et si pecuniam numeratam tibi tradam donandi gratia, tu eam quasi creditam accipias, constat proprietatem ad te transire nec impedimento esse, quod circa causam dandi atque accipiendi dissenserimus. Sien Van Warmelo 647 vn 48 vir literatuur oor die teks. Ander tekste wat hierdie standpunt onderskraag is *D* 18 1 41 1; 18 1 57 *pr*. Vgl egter ook *D* 24 1 39 10 11; 24 1 5 18; 12 5 3; 12 6 1 1; 12 6 26 9.

D 41 1 35[45] waarin 'n konkrete *causa* vereis word, het tot soveel analise, hipoteses en teorieë aanleiding gegee dat dit slegs vir spesialiste op hierdie deelgebied toeganklik is. Sedert die humaniste die onaantasbaarheid van tekste en die egtheid van dokumente begin bevraagteken het, het die interpolasie in sy ruimste betekenis, dit wil sê doelbewuste asook toevallige Justiniaanse en voor-Justiniaanse verandering in die teks, sy doel ruimskoots gedien, dit wil sê die dogmas teen ondermyning beskerm. Gevolglik is dit die treurige waarheid dat geen analise van die onderhawige probleem sonder drastiese aanpassings van die tekste aangetref word nie.[46] Die moontlikheid dat die Romeinse reg en meer in die besonder die Romeinse juris meer geneë was tot 'n billike oplossing in die konkrete geval as in die instandhouding van 'n regsteorie, is klaarblyklik moeilik aanvaarbaar.

KONKLUSIE

Bostaande uiteensetting maak die sogenaamde organiese ontwikkeling van die reg as 'n mite af, en ontwikkel bowendien die hipotese dat die sogenaamde gebreke in die *Digesta* geensins gebreke is nie. Die herhalings met verskillende inhoud, die teenstrydighede, die onnoukeurige taal en ander klagtes wat sedert die twaalfde eeu ywerig deur regswetenskaplikes verduidelik en weggepraat word of soms ook onvermeld gelaat is, word in afwyking van die dogmatiese, positivistiese kritiek juis as die ware bewys van die genialiteit van die Romeinse juris gesien. Dit is dié juris wat 'n wetenskap opgebou het wat oortuigend aantoon dat dit ook anders kan – dat die oplossing van die maatskaplike konteks en nie van dogma nie afhanklik is.

Dit is gevolglik jammer dat ons inligting omtrent die Romeinse juriste beperk is en dat ook ten aansien van hierdie onderwerp feit en fiksie tot 'n mite gelei het; die mite van die juris wat aan die voet van die groot regsgeleerdes sit en leer en mettertyd self gratis regsadvies uitdeel *honoris causa*.[47] Tacitus[48] verheerlik hierdie goeie ou tyd, maar reeds in die tyd van Cicero was dit gebruiklik dat aspirant politici en juriste 'n formele opleiding as retor gevolg het wat vergelyk kan word met die moderne BA-studie. Hierdie studie het geskiedenis, reg, astronomie, geografie, filosofie, musiek, literatuur, mitologie en geometrie omvat, maar al die vakke was ondergeskik aan die retoriek, die kuns om vloeiend en oortuigend oor enige onderwerp te kan argumenteer.[49]

Wanneer die student voldoende taalkunde geleer het om sinne en hele paragrawe met gemak te konstrueer, het hulle onderwerpe vir toesprake, *suasoriae* en *controversiae* aangepak.[50] In laasgenoemdes is onderwerpe betreffende 'n regspunt aangespreek en moes die student albei kante van die saak argumenteer.

---

45 Ulp 7 disp: Si procurator meus vel tutor pupilli rem suam quasi meam vel pupilli alii tradiderit, non recissit ab eis dominium et nulla est alienatio, quia nemo errans rem suam amittit. Ook *D* 12 1 18 *pr*; 24 1 5 18; 24 1 6.

46 Vgl Van Warmelo 648 ev.

47 Van der Merwe "Regsmetodologie: 'n Terreinverkenning in historiese perspektief 1987 *TSAR* 137 in besonder vn 64 65.

48 *Dialogus de oratoribus* 34 1–6. Daar moet egter opgemerk word dat Tacitus noem dat die jong man deur sy vader na 'n prominente orator geneem is en hierdie orator dan vergesel het na die howe asook die volkvergaderings.

49 Shelton *As the Romans did. A sourcebook in Roman social history* (1988) 119.

50 Marcus Annaeus Seneca *Controversiae; Suasoriae.*

'n Voorbeeld van sulke *controversiae* is die geval van 'n man wat deur seerowers gevang word en aan sy vader skryf vir die losgeld. Sy vader weier om die losgeld te betaal. Die dogter van die seerowerkaptein laat hom belowe dat hy met haar sal trou as sy hom laat ontsnap. Hy doen beide, dit wil sê belowe en ontsnap. Die meisie verlaat haar vader en trou met die jong man. 'n Ryk weduwee verskyn op die toneel en die vader beveel die seun om te skei en met die weduwee te trou. Die seun weier en die vader verstoot hom.

Alhoewel die outeurs wat hulself met retoriek besig hou hoofsaaklik op die voordragtegniek konsentreer,[51] spreek dit vanself dat die denktegniek, die onderliggende wetenskapsmetode, vir ons doeleindes belangriker is. Derek van der Merwe het verduidelik hoe die grondlegger van wetenskapsleer, Aristoteles, tussen logika en dialektiek onderskei het. Dialektiek is die tak van die wetenskap wat vanuit geredelik-geloofwaardige menings redeneer en wat oorreding ten doel het.[52] Die proses van oorreding geskied deur die probleem vanuit verskeie *topoi*, gesigspunte,[53] te benader en aan die hand daarvan óf induktief óf deduktief te redeneer. Cicero wat die Griekse denke geromaniseer het, skryf in 44 vC sy *Topica* wat 'n soort resepboek vir die retoriek is. Cicero konsentreer op die ontwerp van argumente wat volgens hom aan die hand van *topoi* wat hy as *loci* vertaal, geskied. Voorbeelde daarvan is definisie, *genus*, *species*, etimologie, analogie, oorsaak, gevolg, teenoorgesteldheid en *reductio ad absurdum*.

Dat hierdie denktegniek die regsdenke beïnvloed, word deesdae aanvaar. Om, soos Kaser, hierdie invloed te minimaliseer aangesien die Romeinse reg geen sisteem het nie en min abstraksie vertoon, is egter die resultaat van 'n anakronistiese benadering.[54] Die dialektiek is 'n wetenskaplike metode wat primêr oorreding ten doel het. Die dikwels-aangehaalde uitspraak van die juris Javolenus[55] dat elke definisie gevaarlik is, pas in hierdie konteks in en verklaar die elastisiteit van begrippe soos *possessio* en die afwesigheid van 'n definisie van eiendomsreg. Die veelgeroemde sogenaamd intuïtiewe regsgevoel van die Romeinse juriste beteken slegs dat hulle regskwessies sosiaal-maatskaplik beskou het. Die disharmonieë in die stelsel is irrelevant aangesien die gevoel van noodsaaklikheid in die regswetenskap ontbreek. Die omskrywing van 'n *regula iuris* deur Paulus is veelseggend in hierdie verband: *regula est quae rem quae est breviter enarrat. Non ex regula ius summatur, sed ex iure quod est regula fiat.*[56] Die *regula* was 'n dialektiese hulpmiddel maar kon in die betrokke geval of toegepas, of nie toegepas nie, of gewysig toegepas word.

Deur aan te toon dat die reg en regswetenskap binne 'n kulturele konteks bestaan, dat hierdie kulturele konteks subjektief bepaal is en dat die gevolglike oplossings eweneens subjektief bepaal is, kan die Romeinse reg 'n teenwig vir die positivisme in die regstudie bied.

---

51 Cicero *De oratore* 1 16–20; Tacitus 35 1 3–5; Quintilianus *Institutiones oratoriae* 8 *pr* 22–26; 12 10 73.

52 Van der Merwe 1987 *TSAR* 133.

53 *Ibid.*

54 *Idem* 135 ev en die aldaar aangehaalde gesag.

55 *D* 50 17 202.

56 *D* 50 17 1 – Paulus libro sexto decimo ad Plautium: 'n Reël verduidelik 'n saak kortliks. Die reg ontstaan nie uit die reël nie, maar die reël word uit die reg afgelei. Van der Merwe 1987 *TSAR* 140 vn 86 verwys na resente literatuur oor die teks.

Regsvergelyking in fundamentele regte-litigasie

JJ Malan
BA Hons LLB
Instituut vir Fundamentele Regte, Justisie-Kollege, Pretoria

SUMMARY

Comparative law in fundamental rights litigation

This article seeks to develop a model for distinguishing between foreign legal materials within the purview of fundamental rights which qualify as *comparable* for South African purposes as opposed to those materials which do not pass the comparability test. Both the interim and the present Constitution permit South African courts to consider foreign law when interpreting the South African Bill of Rights. The considerable number of judgments in which particularly foreign case law had hitherto been referred to testifies to the practical importance and utility of this provision. It simultaneously stresses the need for a scientifically answerable model of functional comparative law serving as an aid to give due effect to this constitutional directive. Such a model, of which the contents are discussed in the article, may also contribute to guard against the undesired phenomenon of an uncritical emulation of foreign precedents instead of constructive comparative practice.

1 INLEIDING

Artikel 39(1)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 en sy voorganger artikel 35(1) van die tussentydse Grondwet, magtig die gebruik van buitelandse reg vir doeleindes van die uitleg van die fundamentele regte-bepalings van die Grondwet (vervat in die handves van fundamentele regte onderskeidelik in hoofstuk 3 van die tussentydse en hoofstuk 2 van die huidige Grondwet). Die Grondwet magtig dus spesifiek die gebruikmaking van buitelandse reg vir doeleindes van interpretasie van die bepalings oor fundamentele regte. Alhoewel die gebruik van buitelandse reg nog altyd vir die howe beskikbaar was[1] en daar dus nie 'n uitdruklike statutêre magtiging vereis word om van regsvergelyking gebruik te maak nie, is hierdie bepalings uniek in die sin dat dit duidelik 'n voorkeur vir die gebruik van buitelandse reg suggereer. Hierdie unieke posisie is natuurlik noodsaaklik aangesien fundamentele regte en grondwetlike litigasie tot onlangs aan die Suid-Afrikaanse regspraktyk onbekend was en daar derhalwe noodwendig by buitelandse jurisdiksies lig op te steek is. Juis om dié rede het die howe in die grondwetlik verwante sake tot dusver ruim van buitelandse reg gebruik gemaak.[2] In die proses is daar veral na Kanadese

1 Hosten *et al Introduction to South African law and legal theory* (1995) 431–435.

2 Sien bv *S v Smith* 1994 1 BCLR 63 (SOK); *Qozeleni v Minister of Law and Order* 1994 1 BCLR 75 (OK); *Chairman of the Council of the State v Qokose* 1994 2 BCLR 1 (CkAD); *S v Sefadi* 1994 2 BCLR 23 (D); *S v Shangase* 1994 2 BCLR 42 (D); *S v Majavu* 1994 2

vervolg op volgende bladsy

beslissings verwys, maar ook na Amerikaanse en Britse regspraak en in 'n mindere mate na die posisie in Australië, Nieu-Seeland en Wes-Europa.[3] 'n Ernstige leemte wat egter by hierdie uitsprake voorgekom het, is dat daar nie in die proses van regsvergelyking erns gemaak is met 'n verantwoordbare regsvergelykende metodiek nie, met die gevolg dat die risiko ontstaan het dat na ontoepaslike en dus onvergelykbare regspraak verwys kan word. Slegs in enkele gevalle het die howe kritiese opmerkings gemaak oor die regsvergelykende metode[4] waardeur minstens 'n sensitiwiteit openbaar is dat daar nie lukraak na buitelandse beslissings verwys behoort te word nie. Die enkele werke wat oor grondwetlike reg en spesifiek oor die handves van regte verskyn het sedert die tussentydse Grondwet in werking getree het, het eweneens nie met 'n wetenskaplik verantwoordbare regsvergelykende metode gehandel nie.[5] In een geval[6] is die Kanadese en Amerikaanse voorbeelde so klakkeloos as navolgenswaardig voorgehou dat dit eerder op nabootsing as regsvergelyking neergekom het.

BCLR 56 (CkGD); *Khala v The Minister of Safety and Security* 1994 2 BCLR 89 (W); *S v Botha* 1994 3 BCLR 93 (W); *Mandela v Falati* 1994 4 BCLR 1 (W); *S v Vermaas* 1994 4 BCLR 18 (T); *Mulaudzi v Chairman Implementation Committee* 1994 4 BCLR 97 (V); *Gardener v Whitaker* 1994 5 BCLR 19 (OK); *Phato v Attorney-General Eastern Cape* 1994 5 BCLR 99 (OK); *Shabalala v The Attorney-General of Transvaal* 1994 6 BCLR 85 (T); *De Klerk v Du Plessis* 1994 6 BCLR 124 (T); *Zantsi v The Chairman of the Council of the State* 1994 6 BCLR 136 (Ck); *Park-Ross v The Director Office of Serious Economic Offences* 1995 2 BCLR 198 (K); *S v Makhatini* 1995 2 BCLR 226 (D); *Nortjé v Attorney-General of the Cape of Good Hope* 1995 2 BCLR 236 (K); *S v Zuma* 1995 4 BCLR 401 (SA); *Ferreira v Levin; Vryenhoek v Powel* 1995 4 BCLR 437 (W); *S v Strauss* 1995 5 BCLR 623 (O); *S v Melani* 1995 5 BCLR 632 (OK); *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (CC); *S v Mhlungu* 1995 7 BCLR 793 (CC); *S v Williams* 1995 7 BCLR 861 (CC); *Baloro v University of Bophuthatswana* 1995 8 BCLR 1018 (B); *Coetzee v Government of the Republic of South Africa; Matiso v Commanding Officer, Port Elizabeth Prison* 1995 10 BCLR 1382 (CC); *Ynuico Ltd v Minister of Trade and Industry* 1995 11 BCLR 1453 (T); *S v Botha* 1995 11 BCLR 1489 (W); *S v Bhulwana; S v Gwadiso* 1995 12 BCLR 1579 (CC); *Shabalala v Attorney-General of the Transvaal* 1995 12 BCLR 1593 (CC); *Ferreira v Levin; Vryenhoek v Powell* 1996 1 BCLR 1 (CC); *S v Maphumulo* 1996 2 BCLR 167 (N); *S v Melani* 1996 2 BCLR 174 (OK); *S v Motloutsi* 1996 2 BCLR 220 (K); *Fose v Minister of Safety and Security* 1996 2 BCLR 232 (W); *Klink v Regional Court Magistrate* 1996 3 BCLR 402 (SOK); *Bernstein v Bester* 1996 4 BCLR 449 (CC); *In re: School Education Bill of 1995 (Gauteng)* 1996 4 BCLR 537 (CC); *Nel v Le Roux* 1996 4 BCLR 592 (CC); *Case v Minister of Safety and Security; Curtis v Minister of Safety and Security* 1996 5 BCLR 609 (CC); *Du Plessis v De Klerk* 1996 5 BCLR 658 (CC); *Holomisa v Argus Newspapers Ltd* 1996 6 BCLR 836 (W); *Moeketsi v Attorney-General Bophuthatswana* 1996 7 BCLR 947 (B); *Msomi v Attorney-General of Natal* 1996 8 BCLR 1123 (N); *S v Brown* 1996 11 BCLR 1480 (NK); *S v Scholtz* 1996 11 BCLR 1504 (NK); *Larbi-Odam v Members of the Executive Council for Education* 1996 12 BCLR 1612 (B); *S v Nombewu* 1996 12 BCLR 1635 (OK).

3 *Ibid.*

4 *Qozeleni supra* 80C; *Shabalala supra* 117H ev; *Park-Ross supra* 208C ev; *Nortjé supra* 241A ev; *Zuma supra* 414C–F; *Makwanyane supra* par 100 102 324; *Ferreira v Levin supra* par 72.

5 Chaskalson *et al Constitutional Law of South Africa* (1996) 11–6 ev; Basson *South Africa's Interim Constitution texts and notes* (1994) 58 ev; Rautenbach *General provisions of the South African Bill of Rights* (1994) 17 ev; Du Plessis en Corder *Understanding South Africa's Transitional Bill of Rights* (1994) 121; Van Wyk *et al Rights and constitutionalism. The South African legal order* (1995); Cachalia *et al Fundamental rights in the New Constitution* (1994); Kruger en Currin *Interpreting a Bill of Rights* (1994). (Hoewel lg werk in 1994 gepubliseer is, bestaan dit uit materiaal wat reeds in 1992 voorberei is.)

6 Cachalia *passim.*

Hierdie toedrag van sake is weens verskeie redes onaanneemlik. *Eerstens* bepaal artikel 35(1) van die 1993-Grondwet (a 39(1)(c) van die 1996-Grondwet) dat die howe van *vergelykbare* buitelandse reg gebruik kan maak. Die implikasie daarvan is dat oorweging van die inhoud van buitelandse beslissings nie 'n aanvang mag neem alvorens bepaal is of die betrokke jurisdiksie se beslissings hoegenaamd vergelykbaar is nie. Indien 'n mens die grondwetlike voorskrif ernstig opneem dat van *vergelykbare* (en dus nie van enige) buitelandse regspraak gebruik gemaak mag word nie, vereis dit dus dat die hof altyd eers vooraf duidelikheid moet kry oor wat vergelykbaar is en wat nie, so nie volg blindelingse nabootsing in die naam van regsvergelyking.

Tweedens, selfs indien die Grondwet nie uitdruklik bepaal het dat *vergelykbare* buitelandse regspraak geraadpleeg kan word nie, sou die howe in elk geval tot *vergelykbare* buitelandse reg beperk gewees het, nie uit hoofde van 'n grondwetlike voorskrif nie maar weens die vereiste van behoorlike regspleging. Die huidige artikel 39(1)(c) kom in hierdie konteks pertinent ter sprake want die kwalifikasie van *vergelykbare* wat in artikel 35(1) van die tussentydse Grondwet voorgekom het, is uit hierdie bepaling verwyder met die gevolg dat dit met die eerste oogopslag sou wou voorkom dat daar nou ook van onvergelykbare buitelandse reg gebruik gemaak kan word. Dit is uiteraard nie die implikasie van hierdie weglating nie. Soos blyk uit die uiteensetting wat volg, is die gebruik van buitelandse regsbronne juis daarop gemik om die plaaslike reg en gemeenskap tot voordeel te strek. Derhalwe is dit voor die hand liggend dat jurisdiksies wat nie sekere gemeenskaplike faktore met die plaaslike jurisdiksie deel nie – en derhalwe minstens *prima facie* onvergelykbaar is – nie vir inagneming kwalifiseer met die oog op die hantering van plaaslike regsprobleme nie. Derhalwe het die weglating van die kwalifikasie dat van *vergelykbare* buitelandse reg gebruik gemaak kan word geen konkrete gevolg nie. Dit is vroeër *ex abudanti cautela* ingevoeg ter bevestiging van 'n vanselfsprekende realiteit dat die buitelandse reg wat geraadpleeg word inderdaad vergelykbaar moet wees. Die hantering van alle buitelandse reg vir doeleindes van die moontlike inspeling daarvan op die plaaslike posisie moet deurlopend die toets van vergelykbaarheid deurstaan. Ofskoon die kwalifikasie van vergelykbaarheid dus nie uitdruklik in die huidige artikel 39(1)(c) verwoord is nie, is dit ongetwyfeld steeds stilswyend by die bepaling inbegrepe. Die weglating van hierdie kwalifikasie beteken derhalwe nie dat deurdagte vergelyking nou moet plek maak vir onoorwoë nabootsing van buitelandse reg of dergelike onwetenskaplik onverantwoordbare praktyke nie. (Daar is ook ander verskille tussen die bewoording van hierdie twee bepalings van onderskeidelik die tussentydse en die huidige Grondwet. Eersgenoemde verwys slegs na die gebruik van buitelandse regspraak terwyl die huidige bepaling breedweg verwys na buitelandse *reg*, wat die moontlikheid bevestig om benewens buitelandse regspraak ook ander bronne van buitelandse reg in ag te neem. Dié aspek val egter buite die bestek van die onderhawige bespreking.) In hierdie verband kan opgemerk word dat regsvergelyking breedweg om twee redes beoefen kan word. Eerstens kan buitelandse reg bestudeer word bloot met die oogmerk om meer kennis van vreemde reg te verkry, dit wil sê as 'n teoretiese interessantheid.[7] Daarteenoor kan buitelandse reg geraadpleeg word met die

7 Steyn "The comparative method in legal study" 1931 *SALJ* 203–204; Zajtay "Aims and methods of comparative law" 1974 *CILSA* 322. Van Zyl *Beginsels van regsvergelyking* (1981) 17 wys daarop dat die onderskeid manifesteer in beskrywende teenoor toegepaste regsvergelyking.

doel om juis die binnelandse regsposisie te hervorm en te verryk, dit wil sê om as *toegepaste* regsvergelyking tot praktiese nut vir die plaaslike reg te dien. Dit is derhalwe 'n geval van *funksionele* of bruikbare regsvergelyking.[8] Wanneer regsvergelyking binne hierdie konteks beoefen word, kom die betekenis van die begrip *vergelykbaar* duidelik na vore, naamlik dat *vergelykbaarheid* bruikbaarheid impliseer. Indien die buitelandse reg nie van nut is vir plaaslike doeleindes nie, is dit onvergelykbaar. Indien buitelandse reg wat op die plaaslike situasie oorgeplant word tot nadeel van die binnelandse posisie strek, het die hele regsvergelykende oefening misluk.

Die regsvergelyking waarna in artikel 35(1) (of artikel 39(1)(c)) verwys word, is soos alle regsvergelyking waarmee die howe (in plaas van die regsakademie) sigself besig hou, *funksionele* regsvergelyking. Die doel waarvoor dit gebruik word, is om lig te werp op die inhoud van die Suid-Afrikaanse handves van regte. Funksionaliteit is derhalwe die grondreël by die toepassing van die regsvergelyking wat in artikel 35(1) (of artikel 39(1)(c)) beoog word.

In die bespreking wat volg, word gepoog om 'n skema daar te stel vir behoorlike funksionele regsvergelyking. In die proses word 'n aantal faktore bespreek wat konsekwent in ag geneem moet word ten einde geslaagde regsvergelyking te bewerkstellig. Breedweg word onderskei tussen tekstuele en kontekstuele faktore. Laastens word die parameters vir regsvergelyking wat deur die internasionale reg daargestel word, uitgelig.

2 REGSVERGELYKENDE METODE

2 1 Tekstuele faktore

Tekstuele faktore hou verband met die inhoud van die regsdokumente wat by die regsvergelykende oefening betrokke is, wat onder meer die plaaslike handves van regte, buitelandse handveste en buitelandse hofuitsprake insluit.

2 1 1 Akkuraatheid

Die regsposisie wat in die vreemde jurisdiksie van krag is en die regsargumente wat in buitelandse howe weerklank gevind het, moet korrek weergegee word. Hierdie oënskynlik onnodige waarskuwing is tog noodsaaklik aangesien onakkuraatheid maklik kan insluip by die hantering van buitelandse regsbronne. In drie onlangse grondwetlik verwante uitsprake[9] is weens gebruikmaking van verskillende regsbronne oor die Amerikaanse reg met betrekking tot blootlegging in strafsake uiteenlopende indrukke geskep oor die regsposisie in die VSA oor hierdie aangeleentheid. In *Sefadi*[10] is die Amerikaanse posisie behandel met

---

8 Vir Zweigert en Kötz *Introduction to comparative law* (vert Weir 1987) 30 ev is hierdie funksionele regsvergelyking in der waarheid regsvergelyking *per se*. 'n Ander manier om die saak te beskou, is om soos Schmitthoff "The science of comparative law" 1939–41 *Cambridge LJ* 94 ev die fases van beskrywing en benutting te sien as noodsaaklike gedeeltes van een en dieselfde proses. Uiteraard moet die buitelandse regsposisie eers beskryf word, gevolg deur benutting van geselekteerde buitelandse regsreëls tot voordeel van die eie regstelsel. In beginsel verskil Schmitthoff en Zweigert-Kötz egter nie dat beide die doel en waarde van vergelyking in funksionele bruikbaarheid geleë is. Vir die (mi onoortuigende) kritiek teen dié funksionele benadering sien Venter (red) *Regsnavorsing: Metode en publikasie* (1990) 228–232.

9 *Sefadi, Khala* en *Majavu supra*.

10 *Sefadi supra* 33F–34E.

verwysing na die *Corpus iuris secundum*, terwyl in *Majavu*[11] die posisie weergegee is hoofsaaklik met verwysing na *McCormick on evidence* se kommentaar op artikel 16 van die Supreme Court-reëls oor strafregspleging. In *Khala*[12] word hierdie reël volledig aangehaal. In die eerste saak word die indruk van veel meer geredelike toegang tot dokumentasie deur die beskuldigde geskep as wat in laasgenoemde sake die geval is. In al drie die sake is na erkende regsbronne verwys maar desondanks is die posisie verskillend weergegee.[13] Dit demonstreer die noodsaak om voordat buitelandse regsbronne gebruik word, vas te stel wat die status en kwaliteit van die betrokke bronne is. Dit is voorts verkieslik om nie slegs met 'n enkele bron te werk nie maar met meerderes ten einde te voorkom dat die tendense van net een van verskeie skole in die buitelandse jurisdiksie weergegee word.

Artikel 1 van die Wysigingswet op die Bewysreg[14] is van nut by die probleem van onakkuraatheid. Dit verleen weliswaar aan die hof die keuse om geregtelik van buitelandse reg kennis te neem, maar die hof kan dit slegs doen indien die betrokke buitelandse reg met voldoende sekerheid vasgestel kan word. Die partye bly egter steeds bevoeg om ingevolge artikel 1(2) van die wet getuienis aan te bied oor die inhoud van buitelandse reg.[15] Met die oog daarop om 'n akkurate beeld van buitelandse reg te verkry, behoort die opsie van getuienislewering nie buite rekening gelaat te word nie.

2 1 2 Die stilistiese struktuur van die handves en die noodsaak vir judisiële ingrype

Breedweg kan onderskei word tussen "antieke" en moderne handveste van regte.[16] Die Amerikaanse handves is die mees tersaaklike voorbeeld van 'n antieke handves van regte. Dit is in betreklik vae terme geformuleer. Daarmee saam reflekteer dit die besondere probleme wat voorhande was in die stadium toe die handves sy beslag gekry het.[17] In teenstelling daarmee is daar 'n hele reeks nasionale handveste van fundamentele regte wat na die Tweede Wêreldoorlog

---

11 *Majavu supra* 67D–J.

12 *Khala supra* 115 ev.

13 Sien *Shabalala supra* 116H ev se bespreking van hierdie verwarrende weergawe van die Amerikaanse reg asook die kommentaar daarop.

14 Wet 45 van 1988.

15 Dit is duidelik geïmpliseer in die gemelde bepaling (a 101) wat lui: "Enige hof kan van die reg van 'n vreemde staat en van inheemse reg geregtelik kennis neem vir sover sodanige reg geredelik en met voldoende sekerheid vasgestel kan word: Met dien verstande dat die inheemse reg nie in stryd mag wees nie met die beginsels van staatsgedragslyn of van natuurlike geregtigheid: Met dien verstande voorts dat 'n hof nie bevoeg is nie om te verklaar dat lobola-, bogadi- of ander dergelike gebruik met daardie beginsels in stryd is." Subartikel (2) wat die aanbied van getuienis mbt vreemde reg magtig, lui: "Die bepalings van subartikel (1) verhinder nie 'n party om getuienis aan te voer van die inhoud van 'n regsreël in daardie subartikel beoog wat by die betrokke verrigtinge in geskil is nie."

16 Van der Vyver "Limitation provisions of the Bophuthatswanan Bill of Rights" 1994 *THRHR* 48.

17 Sien bv die Tweede Wysiging tot die Amerikaanse Grondwet wat die reg tot die dra van wapens grondwetlik verskans asook die Dertiende Wysiging waardeur slawerny afgeskaf word. Die wysiging wat op 1865-12-06 geratifiseer is, dra die eiesoortige stempel van gebeure in die Amerikaanse geskiedenis van daardie tydvak (sien De Villiers *et al Human rights: Documents that paved the way* (1992) 184 187–188).

die lig gesien het. Hierdie handveste vertoon bykans almal die gemeenskaplike kenmerk dat regte wat daarin vervat is, op 'n gedetailleerde wyse omskryf is en gevolglik min twyfel laat oor die betekenis en die trefwydte daarvan.

Die praktiese effek van die besondere stilistiese eienskappe van die Amerikaanse handves van regte is dat, ten einde inhoud daaraan te verleen, die howe eintlik verplig is om dit innoverend en liberaal uit te lê.[18] Van die howe word as 't ware interpretasie-permissiwiteit vereis. In die afwesigheid daarvan sal die dokument vir hedendaagse doeleindes irrelevant raak.

'n Aansienlike graad van judisiële aktivisme word dus noodwendig vereis by so 'n vae en wydgeformuleerde handves, anders het die handves geen of min konkrete betekenis. Daarenteen is die moderne handveste in veel groter mate vanselfsprekend en op die punt af, met die gevolg dat van die howe nie naastenby dieselfde aktivisme vereis word om as 't ware betekenis aan die betrokke handves toe te dig nie. Daar is derhalwe 'n direkte korrelasie tussen die stilistiese inhoud en struktuur van die handves en die graad van judisiële aktivisme wat daaruit voortspruit.[19]

Die stilistiese onderskeid tussen gemelde twee tipes handveste is inderdaad baie belangrik, want dit hou direk verband met die grondliggende beginsel waarop 'n bepaalde konstitusionele sisteem berus. Die Suid-Afrikaanse Grondwet gaan uit van die beginsel van grondwetlike soewereiniteit.[20] Die eenvoudige implikasie daarvan is dat die teks van die Grondwet self, en dan veral van die handves van regte, die finale woord spreek met betrekking tot die omvang van regte, die beperking daarvan, die wetgewende en uitvoerende gesag se vermoë om daarop inbreuk te maak en dies meer. Daarenteen leen 'n grondwet waarin die regte vaag en onbepaald gedefinieer is, sigself nie tot 'n sisteem van grondwetlike soewereiniteit nie aangesien die blote bewoording van die grondwet (en die handves van regte) eenvoudig te weinigseggend is om sonder liberale interpretasie 'n antwoord op alledaagse grondwetlike problematiek te verskaf. Weens liberale interpretasie deur die howe word die regbank in effek die instrument wat die fundamentele regte afbaken en die regering se optrede reguleer. In plaas daarvan dat die grondwet self soos in 'n stelsel van grondwetlike soewereiniteit die hoogste gesag is, konstitueer die regbank sigself as konstitusionele oppergesag in plek van die grondwet weens die grondwet se semantiese gebreke. Die verreikende gevolg hiervan is dat die grondliggende beginsel van grondwetlike soewereiniteit hierdeur verontagsaam word en effektief vervang word deur die beginsel van soewereiniteit van die regbank.[21] Die navolging van Amerikaanse presedente waarin weens die besondere aard van die Amerikaanse handves van regte, 'n liberale interpretasie-benadering gevolg is, hou dus die ingrypende implikasie in dat die regbank deur interpretasie-permissiwiteit nie net 'n magsvergryp begaan nie, maar ook die beginsel van grondwetlike soewereiniteit soos in artikel 4(1) vervat, verontagsaam. Om saam te vat: interpretasie-permissiwiteit aan

18 Van der Vyver 1994 *THRHR* 48. Juis hierdie eienskappe van die Amerikaanse handves verskaf enorme dog eiesoortige probleme vir die Amerikaanse howe. Sien bv Tribe *American constitutional law* (1988).

19 Sien in hierdie verband *Ferreira v Levin supra* par 176–178.

20 A 4(1) van die 1993-Grondwet en a 2 van die 1996-Grondwet.

21 Van der Vyver "Sovereignty and human rights in constitutional and international law" 1991 *Emory Int LR* 375 ev.

die hand van sommige Amerikaanse voorbeelde kan ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet onkonstitusioneel wees.

2 1 3 Die belang van beperkingsklousules

Bepalings in handveste wat voorsiening maak vir die beperking van regte is normaalweg van deurslaggewende belang vir grondwetlike litigasie. Die rede hiervoor is dat beperkingsklousules gewoonlik die basis is waarop gepoog word om 'n inbreuk op fundamentele regte te regverdig.

In beginsel is die twee opponerende bewerings by fundamentele regte-litigasie in baie gevalle basies die volgende: 'n Bewering deur 'n applikant dat daar in stryd met die handves van regte op een of meer van sy fundamentele regte inbreuk gemaak is, gevolg deur 'n opponerende bewering deur die respondent (gewoonlik die staat) waarin op basis van erkenning met teenwerping, toegegee word dat daar 'n *prima facie* inbreuk was, gevolg deur 'n stelling dat die inbreukmaking in die lig van die beperkingsklousule grondwetlik regverdigbaar en derhalwe nie onkonstitusioneel is nie.

Hierdie toedrag van sake demonstreer die kritiese belang van ('n) beperkingsklousule(s) in grondwetlike gedinge waar met fundamentele regte gehandel word. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit ook reeds herhaaldelik gedemonstreer in die uitsprake waarin artikel 33(1) van die Grondwet van 1993 toegepas is.[22] Die struktuur van die 1996-Grondwet is dieselfde as die van sy voorganger. In artikel 36(1) van die 1996-Grondwet word voorsiening gemaak vir 'n beperkingsklousule, wat ofskoon nie identies nie, tog wel van dieselfde aard as sy voorganger is. Dit is daarom te wagte dat artikel 36(1) net so 'n prominente rol sal speel as artikel 33(1).

In die lig hiervan is handveste wat beperkingsklousules bevat vanuit 'n regsvergelykende oogpunt vir ons van groot belang omdat die aard van fundamentele regte-gedinge kragtens daardie grondwette ooreenkomste sal toon met ons eie, vir sover hulle handel met die uitleg en toepassing van beperkingsklousules.

Dit is weliswaar so dat handveste van regte waarin beperkingsklousules voorkom ook onderling onderskeibaar is, veral in die opsig dat sommige handveste, net soos die Suid-Afrikaanse handves, 'n enkele eksterne[23] beperkingsklousule het[24] teenoor ander met interne beperkingsklousules wat slegs op 'n enkele individuele reg betrekking het.[25] Tog is beide spesies beperkingsklousules regsvergelykend van belang omdat die litigasie wat daarmee verband hou telkens van die

---

22 Sien bv *Qozeleni supra* 88; *Sefadi supra* 23; *Majavu supra* 94D ev; *Khala supra* 97B ev; *Phato supra* 130D ev; *Government of the Republic of South Africa v The Sunday Times Newspaper* 1995 2 BCLR 182 (T) 186F ev; *Nortjé supra* 251J ev; *Zuma supra* 414C–F; *S v Makwanyane supra* par 104; *S v Mbatha; S v Prinsloo* 1996 3 BCLR 293 (CC) par 26–27; *Case supra* par 48 ev 93; *Brink v Kitshoff* 1996 6 BCLR (CC) par 46 ev; *Mohlomi v Minister of Defence* 1996 12 BCLR 1959 (CC) par 15 ev; *Larbi-Odam supra* 1630H ev.

23 By 'n eksterne beperkingsklousule word bedoel dat die beperking nie vervat is in die bepalings waarin die reg verskans word nie maar buite-om sodanige bepalings in 'n afsonderlike artikel.

24 Bv a 1 van die Canadian Charter of Rights and Freedoms, Bylae B tot die Kanadese Grondwet van 1982.

25 Die Indiese bepalings mbt fundamentele regte is tipies hiervan. Sien in die algemeen Woolman "Riding the push-me pull-you: Construeting a test that reconciles the conflieting interests which animate the limitation clause" 1994 *SAJHR* 60 ev.

hof vereis om die *teks* van die handves te *interpreteer*. Die uitspraak wat die hof gee, is sowel met betrekking tot die *definiëring* van die reg as die beperking daarvan 'n *tekstuele interpretasie*-oefening, waarvoor die basis telkens in die grondwetlike teks self gevind word.

Handveste wat nie van 'n beperkingsklousule voorsien is nie, soos die Amerikaanse handves,[26] en wat die indruk wek dat die verskanste regte absoluut is, gee aanleiding tot kwalitatief anderssoortige interpretasie aangesien die basis van die beperking van die regte nie in die grondwetlike teks self voorkom nie en derhalwe minstens vir sover dit die beperking van die reg betref, nie rondom *tekstuele interpretasie* wentel nie. Dit is dan inderdaad die posisie in die Amerikaanse reg dat die beperking van regte net kan geskied langs die weg van 'n *judisiële waarde*-oordeel op grond van judisiële aktivisme. Binne die Amerikaanse opset word hierdie waarde-oordele genoodsaak deur die semantiese leemtes waarna hierbo verwys is.[27] Die semantiese leemte in die onderhawige geval is dat die regte van die Amerikaanse handves ongekwalifiseerd omskryf is. Indien bloot by die teks gehou word, word die indruk gewek dat die regte absoluut is, wat 'n reg in beginsel nooit kan wees nie. Ten einde hierdie absolutisme te oorkom wat deur die teks self geskep word, moet die hof noodwendig uit eie beweging beperkings inbou.

Die posisie kan soos volg saamgevat word: By handveste met beperkingsklousules is die beperking van regte 'n kwessie van *tekstuele interpretasie*. By die handveste wat dit nie het nie, is dit 'n geval van *judisiële waarde-oordeel*. Die Suid-Afrikaanse handves val in eersgemelde klas, met die gevolg dat regspraak met verwysing na eersgemelde handveste noodwendig veel groter waarde inhou as laasgenoemde.

Die eiesoortigheid van die Amerikaanse problematiek rakende beperking van regte en die ooreenstemmende verskille wat dit meebring in vergelyking met die Suid-Afrikaanse ondersoek met betrekking tot beperking, is ook in die konstitusionele hof uitgewys. In die Verenigde State moet regsbeperking teweeg gebring word, nie deur die uitleg van 'n beperkingsklousule nie maar deur 'n beperkende interpretasie van die regte self.[28] In *Makwanyane* word die verskil bondig só saamgevat:

> "Under our Constitution the position is different. It is not whether the decision of the State has been shown to be clearly wrong; it is whether the decision of the State is justifiable according to the criteria prescribed by section 33."[29]

Daar kan natuurlik aangevoer word dat die twee benaderings nie wesenlik van mekaar verskil nie omdat daar maar altyd ruimte vir judisiële waarde-oordele is,[30] ongeag die aard van die dokument waaroor uitspraak gegee word. Dit is

---

26 Raadpleeg die Amerikaanse Handves van Regte in De Villiers 183 ev.

27 Hieroor maak Seervai *Constitutional law of India* vol 1 (1983) 106 die volgende baie betekenisvolle opmerkings: "The fundamental rights granted by the US Constitution are expressed in wide general terms with the result that the restrictions on those rights have had to be evolved by judicial decisions. Generally speaking the limitations subject to which fundamental rights are given in our Constitution are defined in the Constitution itself with the result that the nature of those restrictions must be ascertained from the words of the Constitution."

28 *S v Makwanyane supra* par 100 707F.

29 *Idem* par 102 707I.

30 Sien bv Dias *Jurisprudence* (1976) 257 ev se bespreking oor waarde-oordele.

egter 'n veralgemening wat nie water hou nie want by die handveste wat van beperkingsklousules voorsien is, moet die *judisiële waarde-oordeel* wat die hof met betrekking tot die beperking fel *tekstueel* verantwoordbaar wees. Daarenteen is die eis van tekstuele verantwoordbaarheid by handveste sonder beperkingsklousules kwalik teenwoordig en beskik die hof oor 'n veel vryer hand.[31]

2 1 4 Die interdissiplinêre aard van 'n handves van fundamentele regte

Fundamentele regte is 'n saambreelterm wat regte van 'n wyd uiteenlopende aard omvat. Fundamentele regte is die saambondeling van regte vanuit 'n verskeidenheid vakdissiplines binne die regswetenskap en vind hulle oorsprong in die privaatreg, die publiekreg, die substantiewe en die prosesreg.

Die reg op menswaardigheid, privaatheid en vryheid van uitdrukking[32] is almal persoonlikheidsregte wat vanuit die deliktereg tot fundamentele regte verhef is. Dit is derhalwe fundamentele *persoonlikheidsregte*. Burgerskapregte, politieke regte en die regte met betrekking tot administratiewe geregtigheid[33] hou verband met die reëls van die staats- en administratiefreg en is dus *staatsregtelike* en *administratiefregtelike* fundamentele regte. Die regte vervat in artikel 25(3) van die 1993-Grondwet (artikel 35(3) van die 1996-Grondwet) wat met 'n billike verhoor te make het, slaan op die strafprosesreg (byvoorbeeld om in voldoende besonderhede oor die aanklag ingelig te word[34]) en die bewysreg (byvoorbeeld die swygreg en die reg om onskuldig geag te word[35]) en is dus fundamentele *prosesregtelike* en *bewysregtelike* regte. Op sy beurt bevat artikel 26 van die interim-Grondwet (artikel 22 van die 1996-Grondwet) onder meer fundamentele *kontrakregtelike* regte, terwyl artikel 28 (artikel 25 van die 1996-Grondwet) fundamentele *sakeregtelike* regte bevat. Al die regte vervat in die bepalings van die handves kan trouens by een of meer dissiplines of subdissiplines van die regswetenskap tuisgebring word.

Hierdie feit is vir regsvergelykende doeleindes van kardinale belang, veral in die lig van die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel 'n hibriede sisteem is[36] wat sy oorsprong in verskeie regstelsels vind. Die Suid-Afrikaanse strafproses- en bewysreg stam uit die Engelse reg[37] en het 'n eiesoortige adversatiewe karakter. Die detail van die bewys- en strafprosesreëls vloei direk voort uit die adversatiewe stelsel gekenmerk deur streng reëls met betrekking tot toelaatbaarheid van getuienis waarsonder die stelsel kwalik kan funksioneer.[38] Daarenteen word die

---

31 Sien in die algemeen *Tribe supra* vn 18; Van der Vyver *Sovereignty* 377 ev; *Seervai supra*.

32 Onderskeidelik verskans in a 10 13 en 15(1) van die 1993-Grondwet (a 10 14 en 16(1) van die 1996-Grondwet).

33 Verskans in a 20 21 en 24 van die 1993-Grondwet (a 20 19 en 33 van die 1996-Grondwet).

34 A 25(3)(b) (a 35(3)(a) van die 1996-Grondwet).

35 A 25(3)(c) (a 35(3)(h) van die 1996-Grondwet).

36 Hosten "The permanence of Roman law concepts in South African law" 1969 *CILSA* 194; Van Zyl *supra* vn 7 284.

37 Hoffman en Zeffert *The South African law of evidence* (1988) 6–17. Hierdie feit word prakties gedemonstreer in die residuêre bepalings in Suid-Afrikaanse wetgewing wat op die bewysreg betrekking het, bv a 201 en 203 (en tot 1988 a 216 van die Strafproseswet 51 van 1977 en a 42 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake 25 van 1965).

38 Schmidt *Bewysreg* (1989) 13.

inkwisitoriese Europese[39] strafprosesreg geensins gekenmerk deur soortgelyke bewysregreëls nie eenvoudig omdat die inkwisitoriese stelsel veel minder afhanklik van hierdie reëls is. Die Suid-Afrikaanse strafprosesreg en bewysreg het dus weinig of niks te leer nie uit die Europese reg omdat in die Europese stelsels hierdie reëls 'n baie laer profiel geniet. Nogtans het die Suid-Afrikaanse howe by minstens een geleentheid die Duitse reg vir doeleindes van die oplossing van 'n bewysregtelike probleem as regsvergelykende verwysing gebruik.[40] Dit was weens vermelde redes aanvegbaar en dit is jammer dat die hof nie vooraf besin het oor die aard en oorsprong van die besondere regte wat ter sprake was nie. Indien dit wel gedoen is, sou die hof dit waarskynlik nie nodig gevind het om die Duitse reg te raadpleeg nie.

Ons verbintenisreg daarenteen stam uit die Europese reg[41] met die gevolg dat daar talle ooreenkomste tussen byvoorbeeld ons persoonlikheidsreg en dié van die Franse, Nederlanders en die Duitsers is. Anders as by die strafprosesreg is dit vir regsvergelykende doeleindes dus juis gepas om, wanneer die persoonlikheidsreg ter sprake kom, by Europese regspraak leiding te soek eerder as by die Engelse of die Amerikaanse reg. Die verkeerde keuse van jurisdiksies vir doeleindes van regsvergelyking kan daartoe lei dat dogmatiese denkbeelde wat heeltemal vreemd aan ons eie regsdenke is, onnodig op ons eie regsdogmatiek ingeënt word; en dit kan in baie gevalle tot verwarring bydra.

Sekere formulerings in hoofstuk 3 van die 1993-Grondwet (hoofstuk 2 van die 1996-Grondwet), selfs binne een enkele bepaling, korreleer met twee uiteenlopende buitelandse regsdokumente. Artikel 33(1) van die 1993-Grondwet was 'n sameflansing van Kanadese en Duitse formulerings met betrekking tot die beperking van regte. Die beperkingsklousule was derhalwe self 'n hibriede bepaling. Die beklemtoonde gedeelte van artikel 33(1) wat lui:

> "Die regte in hierdie Hoofstuk verskans, kan beperk word deur algemeen geldende reg, met dien verstande dat so 'n beperking (a) slegs geoorloof is in die mate waarin dit –
>
> (i) *redelik is en*
>
> (ii) *regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid*; en
>
> (iii) nie die wesenlike inhoud van die betrokke reg ontken nie",

stem ooreen met die beperkingsbepaling van die Kanadese handves.[42] Die formulering in artikel 33(1)(b), wat vereis dat daar nie aan die wesenlike inhoud van die reg afbreuk gedoen mag word nie, kom vanuit die Duitse handves.[43]

Vir doeleindes van die uitleg van laasgenoemde formulering sou dit dus nie die moeite geloon het om na enige ander regspraak as juis die Duitse regspraak te gaan kyk nie. Ander handveste bevat nie hierdie bepaling nie en derhalwe het

---

39 Sien in die algemeen Hiemstra "Abolition of the right not to be questioned" 1963 *SALJ* 187 ev.

40 *Sefadi supra* 34F–35G.

41 Sien in die algemeen Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 5 ev; Neethling *Persoonlikheidsreg* (1991) 41 ev.

42 Raadpleeg vn 23 *supra*. Vgl a 36(1) van die 1996-Grondwet.

43 A 19(2) van die Duitse handves van regte aangehaal in De Villiers *supra* vn 17 210. Hierdie bepaling verskyn egter nie meer in die 1996-Grondwet nie.

ander regspraak met betrekking tot spesifiek hierdie formulering niks by te dra tot 'n beter begrip van die implikasies van hierdie formulering nie.[44]

By die hantering van buitelandse reg wat handel oor die uitleg van fundamentele regte-bepalings, is dit noodsaaklik dat ingegaan moet word op die bewoording van die bepaling wat uitgelê word. As uitgangspunt kan aanvaar word dat die buitelandse uitleg van bepalings wat met hulle Suid-Afrikaanse eweknieë ooreenstem na alle waarskynlikheid groter vergelykingswaarde sal hê as die uitleg van bepalings wat, hoewel hulle handel met dieselfde reg, tekstueel wesenlik verskillend daar uitsien. Die konstitusionele hof sê hieroor onder meer:

> "To the extent that the formulation of the right is different from that adopted in other jurisdietions, their jurisprudenee will be of less value."[45]

2 2 Kontekstuele faktore

2 2 1 Dogmatiek

Regspraak kan as 'n sekondêre regsbron getipeer word. Dit is so omdat regspraak 'n verfyning van die bestaande gemene- en statutêre reg van sy betrokke jurisdiksie is. Dit is voorts gebou op die aannames en leerstukke van die regstelsel waarin die betrokke regspraak aangetref word. Ofskoon prominent teenwoordig as die basis van regspraak word hierdie leerstukke en aannames dikwels nie uitdruklik in uitsprake vermeld nie, met die gevolg dat dit die *versweë* grondslag van regspraak is. Regspraak is gewoonlik die produk van 'n eiesoortige regshistoriese verloop van 'n bepaalde staat wat uiteraard onderskeibaar is van die regshistoriese ontwikkeling van ander state. Indien dit nie in gedagte gehou word nie, lei dit daartoe dat die versweë aannames en vertrekpunte wat bepaalde regsreëls, en dus ook uitsprake, ten grondslag lê, op die Suid-Afrikaanse reg oorgeplant word terwyl daar in werklikheid geen ruimte daarvoor in die Suid-Afrikaanse reg bestaan nie. Hierdie waarskuwing is tereg ook deur die hof gemaak met betrekking tot fundamentele regte.[46]

Van der Vyver[47] het uitgewys hoedat, weens 'n versuim om hierdie onderliggende dogmas te identifiseer, dit alreeds in ons regspraak gebeur het[48] dat onvanpaste leerstukke in die Suid-Afrikaanse reg ingedra is.

Die probleem met die risiko om onaanpasbare dogmas op die plaaslike reg oor te plant, is soos hierbo aangedui, dat dié leerstukke dikwels nooit uitdruklik in die betrokke uitspraak vermeld word nie met die gevolg dat opname daarvan onnadenkend en onwetend kan plaasvind. Dit demonstreer ook die noodsaak om

---

44 Sien in dié verband *Makwanyane supra* par 132 718E–719A waarin die hof sigself juis beperk het tot *slegs* die ooreenstemmende bepalings in die Duitse, Hongaarse en Namibiese Grondwette.

45 *S v Makwanyane supra* 324 776EF; sien ook *Ferreira v Levin supra* par 72.

46 *Qozeleni supra* 80C–D.

47 "Comparative law in eonstitutional litigation" 1994 *SALJ* 19 ev.

48 In die onderhawige geval met verwysing na die uitspraak in *Kekana Royal Executive Council v The Minister of Law and Order*, 'n ongerapporteerde beslissing van die Bophuthatswana Hooggeregshof saakno M20/93 1993-06-17. In 'n grondige artikel van dieselfde outeur "Constitutional free speeeh and the law of defamation" 1995 *SALJ* 572 word dieselfde tema aangesny en word aangedui hoe onvanpaste gebruikmaking van Amerikaanse, Duitse en Kanadese denkbeelde van die probleem van sg "horisontale" toepassing van die Suid-Afrikaanse handves van regte tot foutiewe gevolgtrekkings lei mbt tot die trefwydte van hfst 3 van die interim-Grondwet.

meer geredelik tot die inwin van getuienis geneig te wees in die proses van regsvergelyking as wat met die eerste oogopslag nodig blyk te wees.

2 2 2 Die remedie-faktor en die probleem van legalistiese reduksionisme

In paragraaf 1 hierbo is daarop gewys dat praktiese regsvergelyking wesenlik funksionele regsvergelyking is. Dit hang saam met die grondliggende beskouing dat reg en regsreëls in wese bestaan ten einde die gemeenskap van nut te wees: as reëlende reg ten einde dispute te ondervang en orde en regsekerheid te bewerkstellig, en as remediërende reg ten einde sosiale en ander misstande en probleme in belang en tot voordeel van die gemeenskap die hoof te bied. Kortom: in die breë is reg altyd veronderstel om die gemeenskap tot diens te wees.[49]

Hierdie oënskynlik geykte waarheid word dikwels verontagsaam. Die miskenning daarvan blyk uit ondeurdagte regsvergelyking in die vorm van wat getipeer kan word as *legalistiese reduksionisme*. Dit behels dat regsvergelyking beperk word tot die blote geïsoleerde oorweging van die regsreëls van ander jurisdiksies sonder om die kritiese vraag te vra na die rede vir die bestaan van die betrokke regsreël in die ander jurisdiksie. Legalistiese reduksionisme kom dus voor wanneer die reëlende en remediërende aard van regsreëls uit die oog verloor word, en die ekstreme kulminasie daarvan in regsvergelykende verband kom voor wanneer buitelandse regsreëls nagevolg word sonder om vooraf te vra of dit nuttig kan wees ter oplossing van plaaslike probleme.[50] Hierdie fout is in die afgelope tyd dikwels deur die Suid-Afrikaanse howe in grondwetlik verwante regspraak begaan. 'n Voorbeeld hiervan was die howe se hantering van die grondwetlike houdbaarheid van die Suid-Afrikaanse gebruik van dossierprivilegie in die lig van artikels 23 en 25(3)(b) en (d)[51] van die 1993-Grondwet. 'n Suiwer legalistiese benadering kom voor wanneer die hof bloot vra hoe soortgelyke bepalings in ander jurisdiksies uitgelê is, gevolg deur 'n navolging van sodanige presedente. Juis hierdie legalistiese reduksionisme het voorgekom in 'n aantal Suid-Afrikaanse beslissings op die punt.[52] Daarenteen behoort die korrekte regsvergelykende vraag wat legalistiese reduksionisme in hierdie konteks vermy, die volgende te wees: Wat behoort die konstruksie te wees wat op artikels 23 en 25(3)(b) en (d) (artikels 32 en 35(3)(a) van die 1996-Grondwet) geplaas moet word in die lig van soortgelyke konstruksies in buitelandse regspraak *wat gekonfronteer is met problematiek soortgelyk aan dié van Suid-Afrika, naamlik veeltaligheid en 'n hoë voorkoms van viktimisasie van getuies*.[53]

---

49 Sonder vrees vir teëspraak kan beweer word dat dit presies is wat die gemeenskap van die regspleging vereis. In die regsfilosofie kom dié perspektief veral tot sy reg in die sosiologiese regsleer. Sien in die verband Dias *supra* vn 30 580–618.

50 Dit is juis die kernvraag by funksionele regsvergelyking, aldus Zweigert-Kötz *supra* 31 vn 8.

51 A 23: "Elke persoon het die reg op toegang tot alle inligting wat deur die staat of enige orgaan van die staat op enige regeringsvlak gehou word in soverre sodanige inligting benodig word vir die uitoefening of die beskerming van enige van sy of haar regte." A 25(3)(b): "Elke beskuldigde het die reg op 'n billike verhoor waarby inbegrepe is die reg – (b) om in voldoende besonderhede van die aanklag verwittig te word." Vgl a 32 en 35(3)(a) van die 1996-Grondwet.

52 Bv *Smith, Sefadi, Majavu, Khala en Botha* maar op sy ergste in *Phato supra* waarin die hof heeltemal te geredelik en onkrities die voorbeeld van die Kanadese beslissing *R v Stinchcombe* 1992 LRC (Crim) 68 gevolg het.

53 Juis hierdie relevante vraag is deur die hof gestel in *Shabalala supra* 103B ev. In dié saak het die hof sigself by implikasie laat konfronteer deur die vraag hoe ander jurisdiksies met

vervolg op volgende bladsy

Indien slegs die eerste gedeelte van die vraag gevra word, trap die hof in die strik van legalistiese reduksionisme. Met die byvoeging van die gekursiveerde gedeelte van bogenoemde formulering word daar egter behoorlik erkenning verleen aan die remediërende karakter van regsreëls en word die gemeenskapsbelang ook verdiskonteer.

In beginsel dikteer die onderhawige faktor dat die kritiese vraag in die proses van funksionele regsvergelyking nie slegs is welke jurisdiksie 'n soortgelyke regsdokument as ons het nie, maar bykomend daartoe, welke jurisdiksie met 'n soortgelyke probleem as ons te kampe gehad het. Indien die ander jurisdiksie nie soortgelyke probleme gehad het nie, is die antwoorde en oplossings van daardie jurisdiksie, soos gemanifesteer in sy regsreëls, vir ons irrelevant want dit is antwoorde en oplossings vir ander probleme as ons eie. Die regspraak van daardie jurisdiksies op die betrokke punt stel dus nie *vergelykbare* regspraak daar nie en behoort daarom nie deur ons howe nagevolg te word nie.

2 2 3 Die effek-faktor

Wanneer, soos in die voorafgaande paragraaf betoog is, vasgestel is dat 'n bepaalde jurisdiksie voor dieselfde probleme te staan gekom het as die plaaslike jurisdiksie, kan gesê word dat vergelykbare regspraak in beginsel voorhande is. Dit impliseer egter nie noodwendig dat die betrokke regspraak vir navolging kwalifiseer nie, aangesien daar eers vasgestel moet word of die regspraak die gewenste gevolg gehad het om die problematiek waarmee dit te doen gehad het suksesvol aan te spreek. Indien nie, behoort die hof vanselfsprekend teesinnig te wees om daardie regspraak te volg. Om vas te stel of regspraak suksesvol was, kan verskeie bronne geraadpleeg word. *Eerstens* is daar byvoorbeeld (latere) regspraak wat krities staan teenoor die oplossings van die uitspraak wat onder oorweging is en *tweedens* kan daar regsakademiese kommentaar en kritiek op die onderhawige regspraak wees. Sou daar wel kritiek wees, moet die hof uiteraard daarvan kennis neem en behoort die hof ook versigtig te wees om nie goedsmoeds sodanige regspraak na te volg nie.

Derdens moet vasgestel word wat die sukses al dan nie van die regspraak was. Het dit inderdaad daarin geslaag om die probleem wat dit wou aanspreek, doeltreffend te ondervang? Weer eens behoort die hof afwysend teenoor daardie regspraak te staan indien dit nie suksesvol was met verwysing na probleemoplossing nie.

Die effek-faktor vereis derhalwe 'n evaluasie van die sukses al dan nie van die buitelandse regspraak wat onder oorweging is. Die praktiese belang van hierdie faktor vir die proses van regsvergelyking is dat die vergelykingsproses van buitelandse regspraak 'n veel wyer inset vereis as bloot die oorweging van

---

soortgelyke grondwetlike bepalings die probleem van inligting aan beskuldigdes gedurende strafsake hanteer in die lig van die probleme van veeltaligheid, 'n bewese gevaar van intimidasie van getuies en die moontlikheid van meineed. Dit het die hof gebring by die meer navolgenswaardige Amerikaanse beslissing *S v Tune* 98 Atlantic R 2d 881 waar die hof se probleem soortgelyk was aan die in *Shabalala* eerder as om *Stinchcombe supra* te weerklink. Die meer geskakeerde antwoord wat die konstitusionele hof uiteindelik op die kwessie van dossierprivilegie verskaf het, gee wel blyke van die inagneming van die eiesoortige probleme van die Suid-Afrikaanse regspraktyk in plaas van 'n blindelingse navolging van buitelandse reg (sien *Shabalala v Attorney-General of Transvaal* 1995 12 BCLR 1595 (CC)).

uitsprake self. Ander buitelandse bronne, soos die menings van akademici oor die uitsprake, is hoogs relevant omdat die waarde van die uitspraak kwalik daarsonder getoets kan word. Voorts is getuienis wat lig kan werp op die sukses van die regspraak as probleemoplosser vir dieselfde rede eweseer van belang.

2 2 4 Die legitimiteitsfaktor

By al sy werksaamhede behoort 'n hof altyd in gedagte te hou dat dit as 'n legitieme handhawer van reg en 'n doeltreffende beslegter van geskille *gesien* moet word. Die howe behoort so te werk te gaan dat die gemeenskap dit kan beskou as 'n instelling wat die gemeenskap bevredigend dien. Indien daarenteen die hof op 'n wyse te werk gaan wat wantroue van die gemeenskap in die regbank genereer, lok dit eiegeregtige optrede buite-om die regsorde uit.

Hierdie realiteit het regsvergelykende implikasies want sou die hof te geredelik geneig wees tot die navolg van buitelandse regspraak sonder om die oortuigings en die reaksie van die Suid-Afrikaanse publiek daarop in ag te neem, loop die hof die gevaar om die vertroue van die Suid-Afrikaanse publiek te verbeur en so sy eie legitimiteit en die integriteit van die regspleging te benadeel.

Hierdie risiko kom veral in twee gevalle voor. Eerstens waar die gemeenskapsbelang konkreet in gedrang is, byvoorbeeld waar die hoë voorkoms van misdaad 'n benadering van die howe vereis wat die gemeenskap onder die indruk bring van die howe se verbintenis tot gemeenskapsbeskerming. Tweedens, in die geval waar van die hof 'n waarde-oordeel vereis word ten einde die inhoud van 'n wydgedefinieerde regsreël te bepaal,[54] is dit noodsaaklik om gevoeligheid vir plaaslike opvattings te hê. In die Suid-Afrikaanse regspraak is juis beklemtoon dat wanneer met die *boni mores*-begrip gewerk word, dit die *plaaslike boni mores* is wat deurslaggewend is.[55]

2 2 5 Die faktor van die onderliggende kultuur

Selfs wanneer ons eie regbank met dieselfde problematiek worstel as dié van 'n ander jurisdiksie (paragraaf 2 2 2 hierbo), beteken dit nie noodwendig dat die regspraak van daardie jurisdiksie vergelykbaar is nie want dit kan gebeur dat weens kulturele en godsdienstige verskille tussen die bevolkings van daardie jurisdiksie en die plaaslike jurisdiksie, die kloof so wyd is dat dit regsreëls (en regspraak) sal oplewer waarmee die bevolking van die plaaslike jurisdiksie sigself nie kan versoen nie. Twee uiterste voorbeelde kan vermeld word. Die uitsprake van Saoedi-Arabiese of Siriese howe kan weens die onderliggende Islamitiese godsdienstig-kulturele basis[56] daarvan so vreemd staan van die plaaslike reg dat dit geensins vergelykbaar is nie. Dieselfde geld uitsprake van die Verre Ooste, byvoorbeeld China of Japan, waar die kulturele[57] verskille so aansienlik is dat sinvolle funksionele regsvergelyking moeilik haalbaar is.

Hierdie voorbeelde behoort geen probleme op te lewer nie. Die interessantheid is egter dat dieselfde kulturele onaanpasbaarheid dikwels voorkom by jurisdiksies

---

54 Bv die begrip billikheid in a 8(3)(a), waardigheid in a 10 en redelikheid in a 33(1)(a)(i) van die 1993-Grondwet (a 9(3) en 36(1) van die 1996-Grondwet).

55 Sien bv *Marais v Richard* 1981 1 SA 1157 (A) 1168D–E.

56 Sien in die algemeen Van Zyl *supra* vn 7 266 ev; David en Brierly *Major legal systems in the world today* (1978) 437 ev.

57 Van Zyl *supra* vn 7 250 ev.

wat kultureel gesproke nader aan Suid-Afrika is, byvoorbeeld met betrekking tot die eiesoortige Sweedse regsposisie rakende borgtog.[58] Ofskoon 'n mens onder andere weens die blink menseregte-rekord van die Swede sou reken dat die Sweedse posisie ook met betrekking tot borgtog 'n navolgenswaardige voorbeeld bied, vind 'n mens die besondere eienaardigheid dat die Sweedse reg hoegenaamd nie die regsverskynsel van borgtog ken nie.

Die treffendste voorbeeld waar, weens *subtiele* dog dieperliggende kultuurverskille, funksionele regsvergelyking moeilik haalbaar is, is die Amerikaanse opvattings oor vryheid van spraak en uitdrukking. Alhoewel die Suid-Afrikaanse opvattings hieroor met die eerste oogopslag met die Amerikaanse beskouings versoenbaar is, dig die Amerikaanse (regs)kultuur 'n veel groter mate van absoluutheid aan hierdie reg toe[59] as die Suid-Afrikaanse reg[60] asook die Wes-Europese reg waar die reg op vryheid van spraak substantief ingekort word deur die regte van andere op privaatheid, aansien en waardigheid. Artikel 5(2) van die Duitse Grondwet beperk uitdruklik die reg op vryheid van uitdrukking vir sover dit bots met 'n persoon se waardigheid. Waardigheid is deur die Duitse grondwetlike hof uitgelê as wyd genoeg om ook reputasie te omvat.[61] Die reg op die *fama* lê dus kragtens die Duitse Grondwet die reg op vryheid van uitdrukking aan bande.[62] Anders as die handves van regte van die Verenigde State, verleen die Suid-Afrikaanse handves ook uitdruklik beskerming aan regte wat die reg op vryheid van uitdrukking balanseer, byvoorbeeld die reg op waardigheid en dié op privaatheid.[63] Nadat die Grondwet in werking getree het, is daar trouens beslis dat die konsep waardigheid ook die begrip reputasie (*fama*) omvat.[64] Dit op sigself beperk die reg op vryheid van uitdrukking nog verder. Die Amerikaanse opvattings hieroor is die nalatenskap van die eiesoortige Amerikaanse politieke geskiedenis[65] en strek as 'n eiesoortige eienskap van die Amerikaanse psige veel dieper as 'n blote regsreël. Die Amerikaanse reg staan as gevolg hiervan afwysend teenoor die verlening van interdikte[66] wat 'n demper kan plaas

58 Sien in die algemeen die Sweedse Kode vir Judisiële Prosedure van 1942, wat in 1948 in werking getree het.

59 Van der Vyver 1995 *SALJ* 572 ev met spesifieke verwysing na die steun in *Mandela v Falati supra* op Amerikaanse gesag mbt vryheid van uitdrukking.

60 Vryheid van spraak word in Suid-Afrika wesenlik getemper deur die akkommodering van die dikwels botsende belange van die reg op privaatheid, waardigheid en reputasie. Dit word gedemonstreer deur die erkenning van die reg op die *fama* van die niehandeldrywende regspersoon in *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Inkatha Freedom Party* 1992 3 SA 519 (A); die uitdruklike erkenning van die reg op privaatheid van die regspersoon in *Financial Mail (Pty) Ltd v Sage Holdings Ltd* 1993 2 SA 451 (A); die reël dat die media skuldloos aanspreeklik is vir die publikasie van lasterlike materiaal in oa *Pakendorf v De Flamingh* 1982 3 SA 146 (A); die reël dat die verweerder by 'n lastergeding met 'n volle bewyslas belas is by die substansiëring van verwere – sien bv *Neethling v Du Preez* 1994 1 SA 708 (A) 760F–770J.

61 Barendt *Freedom of speech* (1985) 184.

62 De Wet "Can the social state prineiple in Germany guide state action in South Africa in the field of social and eeonomic rights?" 1995 *SAJHR* 34 wys daarop dat die beginsel van menswaardigheid sentraal is in die Duitse reg weens die bepalings van a 1(1) van die Duitse Grondwet.

63 Onderskeidelik a 10 en 13 van die 1993-Grondwet (a 10 en 14 van die 1996-Grondwet).

64 *Gardener supra* 36G–I.

65 Van der Vyver 1995 *SALJ* 572 ev.

66 Sien oa Spitz "Eschewing silence produeed by law: The political eore and proteeted periphery of freedom of expression" 1994 *SAJHR* 320 ev.

op vryheid van uitdrukking, ten spyte van die feit dat dit moontlik tot onbehoorlike inbreuk op die aansien of waardigheid van 'n ander persoon kan lei. Langs dieselfde weg word die publikasie van die private aangeleenthede van openbare figure toegelaat, ongeag of gesê kan word dat die publiek 'n belang by die kennisname daarvan het al dan nie. Die Suid-Afrikaanse kultuur rondom vryheid van spraak blyk derhalwe so drasties van die Amerikaanse posisie te verskil dat daar uiters versigtig met Amerikaanse beslissings oor hierdie onderwerp omgegaan behoort te word. Die gevalle wat voorgekom het waar plaaslik geargumenteer is dat Amerikaanse uitsprake wel navolgingswaardige presedente bied,[67] vertoon 'n versuim om met hierdie kultuurverskil erns te maak en verdien as onkritiese nabootsing in plaas van verantwoordbare regsvergelyking geen ondersteuning nie.

Die subtiele eerder as die ooglopende kultuurverskille bied vir behoorlike regsvergelyking die grootste uitdaging. Onsensitiwiteit hieroor maak die deur wyd oop vir kulturele imperialisme via die regspraak. Dit tas die integriteit van die Suid-Afrikaanse regsorde aan en verontagsaam tegelyk die legitimiteitsfaktor wat in paragraaf 2 2 4 hierbo bespreek is.

2 2 6 Die hiërargie-reël

Soos in paragraaf 1 hierbo aangedui, gaan dit by funksionele regsvergelyking oor die vraag welke buitelandse reg plaaslik bruikbaar is. Derhalwe behoort dit vir die hof irrelevant te wees of hy werk met byvoorbeeld 'n uitspraak van die hoogste hof van appèl of van 'n hof laer af in die hiërargie van 'n betrokke staat. Indien die uitspraak van die laer hof meer bruikbaar blyk te wees as 'n botsende uitspraak van 'n hoër hof, is daar geen beletsel op die hof om nogtans die laer hof se uitspraak te volg nie. Daar bestaan geen presedentestelsel met betrekking tot buitelandse regspraak wat die hof verplig om die uitsprake van die hoër howe van buitelandse jurisdiksies te volg nie. Dit gaan vir die plaaslike hof alleen om die bruikbaarheid van die buitelandse denkpatroon, ongeag die hiërargiese posisie van die hof wat die bron van daardie argument is. Hierdie feit is goed raakgevat in *Shabalala*, waar die hof hom by monde van regter Cloete soos volg uitlaat:[68]

> "Counsel representing the applicants sought to dismiss the majority decision in *Tune*'s case *inter alia* on the basis that that Court was lower in the hierarchy of American Courts than the Supreme Court is in Canada. But a judgment of any foreign Court is only persuasive. A Court sitting in South Africa is clearly not obliged to follow the reasoning of the highest court in one jurisdiction if it prefers the reasoning of a court which is comparatively lower in the hierarchy of another jurisdiction. Which of two competing decisions in different jurisdictions is approved, will depend on the reasoning, and not the status, of the Court."

3 REGSVERGELYKING EN SUID-AFRIKA SE VERDRAGSVERPLIGTINGE

Daar bestaan talle internasionale en streeksverdrae wat minimum menseregtestandaarde neerlê.[69] Veral die internasionale verdrae is vir Suid-Afrika van

---

67 Veral *Mandela v Falati supra*. Raadpleeg die oortuigende kritiek van Van der Vyver 1995 *SALJ* 572 ev.

68 *Supra* 105B–C.

69 Sien bv *De Villiers supra* vn 17; Patel en Walters *Human rights: Fundamental instruments and documents* (1994).

belang aangesien die Republiek moontlik 'n party daartoe kan word, en die reg vervat in daardie verdrae na ratifikasie en wetgewende inkorporasie deel van die Suid-Afrikaanse reg sal wees.[70] By die skryf hiervan het Suid-Afrika nog net twee internasionale menseregte-instrumente geratifiseer[71] alhoewel 'n sewetal reeds onderteken is en die ratifikasieproses moontlik binnekort gefinaliseer sal wees.

Seker die belangrikste internasionale menseregteverdrag is die Internasionale Konvensie vir Burgerlike en Politieke Regte (IKBPR) wat met nagenoeg al die regte handel wat ook in die Suid-Afrikaanse handves beskerm word. Wanneer hierdie verdrag deur die Suid-Afrikaanse wetgewer geratifiseer is, is Suid-Afrika verplig om behoorlik daaraan gevolg te gee. Indien nie, kom Suid-Afrika nie sy internasionale verdragsverpligtinge na nie en tree hy onregmatig kragtens internasionale reg (die volkereg) op.[72]

Dit hou vir die regsvergelyking ook implikasies in want indien die hof 'n buitelandse beslissing volg wat nie met Suid-Afrika se verpligtinge kragtens 'n internasionale menseregteverdrag versoenbaar is nie, is die hof aandadig aan die Republiek se verontagsaming van sy internasionale regsverpligtinge. Dit kan inderdaad baie maklik gebeur, soos die volgende voorbeeld duidelik illustreer: Die Internasionale Konvensie vir Burgerlike en Politieke Regte beskerm benewens die reg op vryheid van uitdrukking ook die regte op privaatheid en aansien.[73] Die reg op vryheid van uitdrukking word spesifiek aan bande gelê deur ander persone se reg op aansien, en ook vir sover oorlogspropaganda en die aanblaas van nasionale, godsdienstige en rassehaat verbied word.[74] Dit verskil merkbaar van die Amerikaanse posisie waar die reg op vryheid van uitdrukking in veel meer ongekwalifiseerde terme beskerm word. Dit word duidelik gedemonstreer deurdat die Amerikaanse regering die konvensie geratifiseer het onderworpe aan voorbehoude met betrekking tot die beperkings op die vryheid van uitdrukking.[75]

Die Amerikaanse posisie rakende die regte op vryheid van uitdrukking, reputasie en privaatheid verskil gevolglik substantief van die regsposisie kragtens die IKBPR. Indien die Republiek die konvensie ratifiseer en die howe volg terselfdertyd Amerikaanse presedente oor die saak, is die howe in der waarheid aandadig aan verdragsbreuk weens onbehoorlike regsvergelyking.

Hierdie wanpraktyke kan ondervang word deur, voordat 'n buitelandse beslissing gevolg word, eers vas te stel wat die onderhawige staat se internasionale verdragsverpligtinge behels. Indien, soos in die voorbeeld, die buitelandse jurisdiksie se verpligtinge anders is as dié van die eie jurisdiksie, behoort sy uitsprake nie gevolg te word nie omdat dit gegee is binne verskillende gedefinieerde internasionale verdragsverpligtinge.

---

70 Dugard *International law – A South African prospective* (1994) 264 ev.

71 *Konvensie vir die Regte van die Kind* van 1989 en die *Konvensie vir die Verwydering van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue* van 1979. Die *Afrika-Handves vir Mense- en Volksregte* is ook geratifiseer.

72 Ook in die interim-tydperk na ondertekening en voor ratifikasie is die staatsparty ingevolge a 18 van die *Weense Konvensie oor Verdragsreg* verplig om niks te doen wat in stryd mag wees met die ondertekende verdrag nie.

73 Onderskeidelik a 17 en 19(b) van die Konvensie.

74 A 20 van die Konvensie. In a 16(2) van die 1996-Grondwet is die Suid-Afrikaanse posisie mbt die vryheid van uitdrukking in pas gebring met die posisie kragtens die IKBPR.

75 Green "The Matroishka Strategy: US Evasion of the spirit of the International Covenant on Civil and Political Rights" 1994 *SAJHR* 359–561.

Wanvoorstelling: berekening van skadevergoeding (Deel 1)

DJ Lötz
Blur LLM LLD
Professor in Handelsreg, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Misrepresentation: calculation of damages

In this article, against an analytical background of academic commentary on the positive law, a positivistic investigation is made of manners and methods of calculating damages on the ground of fraudulent or negligent misrepresentation.

Problems addressed are the basis, preconditions and refinement of calculating damages and the meaningful limitation thereof. Consequently, certain guidelines are proposed for identifying and systematising the various preconditions for calculating damages in order to place them on a suitably principled basis.

It is recommended that, depending on the factual circumstances of each case, calculation may be either contractual or delictual. If the misrepresentation forms part of a contractual term, the basis of calculation is primarily contractual. All other cases of fraudulent or negligent misrepresentation should be dealt with according to delictual principles.

In conclusion, the criteria for calculating damages are directly linked to the cause of action and specific methods of calculation are suggested. In general there is no reason in law why the general principles of the law of contract and delict should not be applied in an action for damages based on fraudulent or negligent misrepresentation.

1 INLEIDING

'n Positiefregtelike ondersoek na benaderingswyses en berekeningsmetodes van skadevergoeding op grond van wanvoorstelling word in hierdie artikel aangepak. 'n Analise en evaluasie van en kommentaar op die positiewe reg sal die kern van hierdie ondersoek uitmaak, gevolg deur oplossingsmoontlikhede.

2 ALGEMENE BEGRIPPE EN BEGINSELS VAN DIE SKADEVERGOEDINGSREG[1]

Ten einde die leser te oriënteer en moontlike onduidelikhede[2] oor die betekenis en inhoud van sekere problematiese begrippe en beginsels in die

1 Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 1 beskou die skadevergoedingsreg as "[d]aardie groep regsreëls wat aandui hoe sowel die bestaan en omvang van skade as die toepaslike bedrag skadevergoeding of genoegdoening bepaal word by 'n delik, kontrakbreuk of ander regsfeit waarvolgens vergoeding betaalbaar is". Sien Van der Walt "Die voordeeltoerekeningsreël – knooppunt van uiteenlopende teorieë oor die oogmerk met skadevergoeding" 1980 *THRHR* 3 wat die skadevergoedingsreg omskryf as "[d]aardie groep reëls van die privaatreg wat te make het met die ontstaan, inhoud, oordrag en tot niet gaan van verpligtinge tot die vergoeding van skade".

2 Hierdie onduidelikhede is na die Romeinse en Romeins-Hollandse reg terug te spoor, wat verder deur Engelsregtelike beïnvloeding vererger is: Erasmus "Aspects of the

vervolg op volgende bladsy

skadevergoedingsreg[3] aan te spreek, word die ondergenoemde begrippe en beginsels kortliks bespreek.

2 1 Skade[4]

Skade[5] is die afname[6] in die nuttigheid[7] of kwaliteit van 'n vermoëns- of persoonlikheidsbelang (welke belang regserkende behoeftes dien) weens 'n skadestigtende gebeurtenis.[8]

Dus bestaan die skadebegrip uit die volgende elemente:[9]

(a) 'n afname-element, wat logieserwys op die vermindering van 'n vermoëns- of persoonlikheidsbelang dui;

---

history of the South African law of damages" 1975 *THRHR* 112–117; Visser en Potgieter 17; Bobert *The law of delict* (1984) 476.

3 Sien in die algemeen Van der Walt 1980 *THRHR* 3 ev.

4 Die moderne skadebegrip in die Suid-Afrikaanse reg het sy beslag in die uiteensetting van Mommsen *Beiträge zum Obligationenrecht II abt zur Lehre vom Interesse* (1855) gekry. Sien verder Visser en Potgieter 25; Van der Walt *Die sommeskadeleer en die "once and for all"-reël* (LLD-proefskrif Unisa 1977) 9–19; Burchell *Principles of delict* (1993) 125 ev; Reineeke "Die elemente van die begrip skade" 1976 *TSAR* 27; *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657; *Oslo Land Co Ltd v The Union Government* 1938 AD 584. Volgens Van der Walt 244 is skade 'n normatiewe en juridiese begrip.

5 Wat uit vermoën- en nie-vermoënskade bestaan: Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 205–207; Visser en Potgieter 28 en 31; Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1993) 199–201; McKerron *The law of delict* (1971) 51; Pauw "Aspects of the origin of the action for pain, suffering and disfigurement" 1977 *TSAR* 248; Pont "Vergoeding van skade op grond van 'loss of expectation of life'" 1942 *THRHR* 12; Visser *Kompensasie en genoegdoening volgens die aksie weens pyn en leed* (LLD-proefskrif Unisa 1980) 9. Daarenteen is Van der Walt 1980 *THRHR* 3; Reineeke "Die elemente van die begrip skade" 1976 *TSAR* 26 ev; Boberg *The law of delict: Vol 1 Aquilian Liability* (1984) 485; Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 179; Van der Walt 182 ev en De Wet en Van Wyk *De Wet en Yeats: Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* (1992) 202 van mening dat skade slegs uit vermoënskade kan bestaan omdat die mens se liggaam en sy gevoelens nie tot sy vermoë behoort nie.

6 Hierdie afname word ooreenkomstig die sommeskadeleer vasgestel: Visser en Potgieter 62 ev.

7 Volgens Van der Walt 281 hoef die nuttigheidswaarde van die vermoënsbestanddeel nie noodwendig 'n geldwaarde te hê nie.

8 Visser en Potgieter 18 en 23; Van der Walt 278; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 198 ev; Burchell 123; Erasmus en Gauntlett "Damages" in 7 *LAWSA* (1979) par 10; Koch *Damages for lost income* (1984) 20; Visser *Proefskrif* 3. Van der Walt 1980 *THRHR* 3 omskryf skade "as 'n afname in die nuttigheid van 'n getroffe vermoënsbestanddeel of vermoënstruktuur vir die planmatige bevrediging van die betrokke vermoënshebbende se erkende behoeftes". Sien Reineeke 1976 *TSAR* 27 vir 'n ander omskrywing van skade. Hierdie skadestigtende gebeurtenis moet as algemene reël onseker wees: Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 199; Visser en Potgieter 27; Reineeke 1976 *TSAR* 34. Van der Merwe en Olivier 179 beskou skade (wat nie gelyk aan 'n vermoënsvermindering is nie) primêr as 'n vermoënsbenadeling tov 'n persoon se boedel wat uit 'n regskrenking resulteer.

9 Visser en Potgieter 23–24; Van der Merwe en Olivier 188 ev; De Wet en Van Wyk 201.

(b) 'n kousale element, wat vereis dat die skade deur 'n regtens erkende skadestigtende gebeurtenis[10] veroorsaak is alvorens die skade as nadeel gereken word;[11]

(c) 'n belange-element, waarvan die objek 'n vermoëns- of persoonlikheidsbelang is;

(d) 'n normatiewe element, wat op 'n afname in die nuttigheid of kwaliteit van 'n belang van 'n regsubjek se regserkende behoeftes dui; en

(e) 'n tyd-element, wat daarop dui dat die afname reeds plaasgevind het of waarskynlik nog in die toekoms gaan plaasvind.

Alhoewel skade en onregmatigheid twee onafhanklike delikselemente is, bestaan daar wel 'n noue verband[12] tussen hierdie twee elemente.[13] Hierdie noue verband[14] is daarin geleë dat skade en onregmatigheid handel met vermoëns- en persoonlikheidsbelange wat versteur word.[15] Sekere standpunte stel onregmatigheid as vereiste vir skade of omskryf skade met verwysing na onregmatigheid.[16] Van der Walt[17] se benadering is dat die skadevergoedingsreg skade tot 'n juridiese en normatiewe begrip verhef het wat meebring dat daar 'n losser verband tussen skade en onregmatigheid is. Visser en Potgieter[18] onderskryf nie voormelde standpunt nie omdat verkeerde beginsels by skadebepaling in ag geneem word en onregmatigheid (ongeoorloofdheid) nie 'n vereiste vir die afname in die nuttigheidswaarde van belange is nie.[19]

Skuld as 'n verwyt of verwytbare gesindheid kwalifiseer of veroorsaak nie *per se* skade nie.[20] Skade speel wel 'n rol om te bepaal of opset of nalatigheid aanwesig is.[21]

---

10 Dit is 'n feitekompleks (van 'n onsekere aard, bestaande uit 'n delik, kontrakbreuk of enige ander regsfeit wat 'n plig tot die vergoeding van skade meebring) wat werklik of na bewering tot skade aanleiding gee: Van der Walt 7 9; Visser en Potgieter 7 18 24; Reinecke 1976 *TSAR* 34.

11 Sien ook Reinecke 1976 *TSAR* 34; Van der Walt 7.

12 Hierdie noue verband is noodsaaklik vir die ontwikkeling van die juridiese vermoënsbegrip: Visser en Potgieter 33 48.

13 Visser en Potgieter 33; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 203. Van der Walt 242 wys daarop dat skade nie met verwysing na 'n regskending omskryf moet word nie omdat dit 'n verwarring tussen die skade- en onregmatigheidsvereiste in die deliktereg sal veroorsaak.

14 Die primêre verskil tussen onregmatigheid en skade is dat skade met die afname in die nuttigheidswaarde van belange handel, terwyl die klem by onregmatigheid val op die versteuring van belange wat regstrydig of ongeoorloof is: Visser en Potgieter 34.

15 Visser en Potgieter 34 91; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 29; Van der Merwe en Olivier 50.

16 Van der Merwe en Olivier 179 324; Scott "Deliktereg 1985 – 'n besinning oor teorie, praktyk en onderrig" 1985 *De Jure* 136. *Contra* Boberg 470–480; Van der Walt 242–243; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 203 ev; Van der Walt "Wat word van die nadeelvereiste by bedrog en by estoppel?" 1973 *THRHR* 349; Reinecke 1976 *TSAR* 33–34; Neethling "Die reg op die verdienvermoë en die reg op die korrekte inligting as selfstandige subjektiewe regte" 1990 *THRHR* 101–105.

17 241–242.

18 33–34 36.

19 Mi is Ig standpunt korrek mits die *bepalende faktore* van elke delikselement juridies en feitelik uitmekaar gehou word. Sien Van der Merwe, Van Huyssteen, Reinecke, Lubbe en Lotz *Contract. General principles* (1993) 84 wat ook hierdie standpunt onderskryf.

20 Boberg 475; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 113; Visser en Potgieter 41.

21 Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 116 121; Visser en Potgieter 41; Van der Merwe ea 105.

Alhoewel (feitelike) kousaliteit altyd by skade ter sprake is, bly kousaliteit en skade twee onafhanklike delikselemente.[22]

2 2 Vermoënskade

Vermoënskade, wat 'n onderdeel van die skadebegrip is, is die verlies (waardevermindering) van 'n positiewe vermoënsbestanddeel (bate) of die ontstaan (vermeerdering) van 'n negatiewe vermoënsbestanddeel (vermoënskuld).[23]

Daar is twee gedagterigtings[24] oor die vraag waaruit die vermoë kan bestaan, naamlik:[25]

(a) die juridiese vermoënsbegrip,[26] wat bepaal dat die vermoë[27] uit al die subjektiewe regte waarop 'n geldwaarde geplaas kan word (sowel as alle vermoënsverwagtinge wat tot die verkryging van vermoënsregte aanleiding kan gee) bestaan; en[28]

---

22 *Shell Tankers Ltd v South African Railways and Harbours* 1967 2 SA 666 (OK); *International Slipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A); Visser en Potgieter 42 80; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 205; Erasmus en Gauntlett par 22–23; Kerr *The principles of the law of contract* (1989) 575 ev; De Wet en Van Wyk 203; Van der Merwe ea 105; Reineeke 1976 *TSAR* 34–42. Van der Walt 256–260 weier om die noue verband tussen die sommeskadeleer en die *conditio sine qua non*-metode (vir die bepaling van kousaliteit) te erken.

23 Visser en Potgieter 18 44 54; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 206. Sien Boberg 475–476; Reineeke 1976 *TSAR* 28; Van der Merwe 1980 *THRHR* 3; Van der Merwe en Olivier 179 en De Wet en Van Wyk 222 vir ander omskrywings van vermoënskade. Om vas te stel of 'n persoon vermoënskade gely het, moet daar volgens Van der Merwe en Olivier 180 'n vergelyking tussen 'n benadeelde se vermoënsposisie voor en na pleging van die onregmatige optrede getref word: Indien lg vermoënsposisie die nadeligste is, het die persoon vermoënskade gely.

24 Verder is daar ook 'n subjektiewe benadering (waar die betrokke individu se interesse beoordeel word aan die hand van hoe dit hom persoonlik in sy vermoë raak) en objektiewe benadering (wat in objektiewe normatiewe maatstawwe, soos die markprysreël en redelike herstelkoste, geleë is) tot vermoënskade: Van der Walt 281–283; Visser en Potgieter 60–61; Oelofse "Skadevergoeding as surrogaat van die prestasie-voordeeltoerekening" 1982 *TSAR* 61; Joubert "Skadevergoeding as surrogaat van prestasie – weiering van daadwerklike nakoming – berekening van skadevergoeding" 1982 *THRHR* 79; *North and Son (Pty) Ltd v Albertyn* 1962 2 SA 212 (A); *Mlombo v Fourie* 1964 3 SA 350 (T); *Erasmus v Davis* 1969 2 SA 1 (A); *Swart v Van der Vyver* 1970 1 SA 633 (A); *ISEP Structural Engineering and Plating (Pty) Ltd v Inland Exploration Co (Pty) Ltd* 1981 4 SA 1 (A).

25 Visser en Potgieter 18 45; Van der Walt 128; Reinecke 1976 *TSAR* 28–29; Koch *Damages for lost income* (1984) 25 ev.

26 Wat deur Reineeke *Ongepubliseerde klasdiktaat vir LLM-kursus UP* (1990) hfst 3 en Van der Walt 181 243 282 444 gekritiseer word. Volgens Reineeke 1976 *TSAR* 28–29 bestaan die vermoë uit huidige vermoënsbestanddele (synde al die verskillende subjektiewe regte) en toekomstige vermoënsbestanddele (synde vermoënsverwagtinge).

27 Regtens afdwingbare verpligtinge en skuldverwagtinge wat 'n geldwaarde het, vorm deel van hierdie vermoë (Visser en Potgieter 45).

28 *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* hierbo; *Oslo Land Co Ltd v The Union Government* hierbo; *Schnellen v Rondalia Assurance Corporation of SA Ltd* 1969 1 SA 517 (W); *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 SA 904 (A); *Evins v Shield Insurance Co Ltd* 1980 2 SA 814 (A); Van der Merwe en Olivier 324; Reinecke 1976 *TSAR* 31. Weens die praktiese werkbaarheid van die juridiese vermoënsbegrip moet hierdie benadering mi onderskryf word.

(b) die feitelik-ekonomiese vermoënsbegrip,[29] wat bepaal dat alles van 'n regsubjek wat geldwaarde het en wat gebruik kan word om erkende behoeftes (ongeag of dit in 'n reg beliggaam is) te bevredig, die vermoë uitmaak.[30]

Van belang is dat daar 'n geldwaarde aan die juridiese vermoë gekoppel moet kan word[31] en dat die blote versteuring daarvan nie noodwendig gelyk is aan deliktuele onregmatigheid of kontrakbreuk nie.[32] Verder het die blote intrede van vermoënskade nie noodwendig aanspreeklikheid tot gevolg nie.[33]

Die juridiese vermoë bestaan onder andere uit die volgende bestanddele (wat nie 'n *numerus clausus* is nie maar wel positiewe en negatiewe vermoënsbestanddele verteenwoordig), naamlik:[34]

(a) vermoënsregte, wat saaklike regte, immaterieelgoedereregte, vorderingsregte, die reg om nie mislei te word nie en persoonlike immaterieelgoedereregte op 'n verdienvermoë en kredietwaardigheid insluit;[35]

(b) vermoënsverwagtinge,[36] wat uit 'n regserkende verwagting[37] bestaan dat 'n regsubjek in die toekoms vermoënsregte kan verwerf;[38]

---

29 Wat veral deur Van der Walt 280–281 onderskryf word. Sien Reinecke 1976 *TSAR* 33; Reinecke "Nabetragting oor die skadeleer en voordeeltoerekening" 1988 *De Jure* 221; Visser "Die verhouding tussen onregmatigheid en skade" 1991 *THRHR* 785 en Visser en Potgieter 47 vir kritiek teen hierdie benadering.

30 Van der Walt 280; Visser en Potgieter 45.

31 De Wet en Van Wyk 224.

32 Visser en Potgieter 33 48 283.

33 *Idem* 54.

34 Reinecke *Diktaat* hfst 3; Visser en Potgieter 18 49–54; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 207–208; Reinecke 1976 *TSAR* 35 ev.

35 *Viviers v Kilian* 1927 AD 449; *Bruwer v Joubert* 1966 3 SA 334 (A); *Smit v Saipem* 1974 4 SA 918 (A); *Shoba v Minister van Justisie* 1982 2 SA 554 (K); *Swanepoel v Mutual and Federal Insurance Co Ltd* 1987 3 SA 399 (W); Van der Merwe en Olivier 55 370; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 45 288; Boberg 385 488 531 539; Reinecke 1976 *TSAR* 29 43; Neethling "Persoonlike immaterieelgoedereregte: 'n nuwe kategorie subjektiewe regte?" 1987 *THRHR* 316–324; Reinecke 1988 *De Jure* 235; Neethling 1990 *THRHR* 101–105.

36 Wat die moontlikheid om 'n wins deur arbeidskragte te maak, 'n inkomste in die toekoms te verdien en die verkryging van toekomstige vorderingsregte insluit: *Trichardt v Van der Linde* 1916 TPD 148; Visser en Potgieter 51–52.

37 Hierdie verwagting moet in beginsel as 'n vermoënsverwagting erken word, daar moet voldoende waarskynlikhede aanwesig wees dat die verwagting vervul sal word, die verwagting moet in geld waardeerbaar wees en dit moet nie regstrydig wees nie: *Lockhat's Estate v North British and Mercantile Insurance Co Ltd* 1959 3 SA 295 (A); *Schreuder v Steenkamp* 1962 4 SA 74 (O); *Dhlamini v Protea Assurance Co Ltd* 1974 4 SA 906 (A); *Louw v Engelbrecht* 1979 4 SA 841 (O); *Tshabalala v Tshabalala* 1980 1 SA 134 (O); Reinecke *Diktaat* hfst 3; Reinecke 1976 *TSAR* 30 55–56; Cilliers "Liability for damages arising from improper execution of a will" 1980 *De Rebus* 389; Erasmus "Wills: the price of negligence" 1980 *De Rebus* 391; Sonnekus "Testamentsformaliteite – 'end' van testament – aanspreeklikheid van sertifiserende beampte" 1981 *TSAR* 175–176; Rogers "The action of the disappointed beneficiary" 1986 *SALJ* 607–613; Wunsh "Aspects of the contractual and delictual liability of attorneys" 1988 *TSAR* 24; Reinecke 1988 *De Jure* 237; Sonnekus "Pensioenverwagtings en onderhoud na egskeiding in versorgingsregtelike in plaas van vermoënsregtelike konteks" 1989 *TSAR* 326; Van der Walt 274.

38 *Shrog v Valentine* 1949 3 SA 1228 (T); *Bedford v Suid-Kaapse Voogdy Bpk* 1968 1 SA 226 (K); *Commercial Union Assurance Co SA Ltd v Stanley* 1973 1 SA 699 (A); *Combrinck Chiropraktiese Kliniek (Edms) Bpk v Datsun Motor Vehicle Distributors (Pty) Ltd* 1972 4 SA 185 (T); *Shell and BP SA Petroleum Refineries (Pty) Ltd v Osborne Panama*

vervolg op volgende bladsy

(c) skulde (uitgawes); en[39]

(d) skuldverwagtinge.[40]

Vermoënskade tree in waar daar 'n verlies of waardevermindering van 'n vermoënsbestanddeel is, 'n skuld of skuldverwagting ontstaan of vergroot is en waar die ontvangs van 'n voordeel vertraag is.[41] Verder kan vermoënskade in die volgende kategorieë ingedeel word, naamlik:[42]

(a) *lucrum cessans*, wat 'n verlies of waardevermindering van 'n vermoënsverwagting is, welke vermoënsverwagting uit die nie-realisering van 'n wins in die verlede of toekoms bestaan;[43]

(b) *damnum emergens*,[44] wat alle ander vorme van skade (wat nie *lucrum cessans* is nie) insluit;[45]

(c) saakskade, wat op 'n vermoënsvermindering dui, as gevolg van beskadiging (skade) wat aan die objek van 'n saaklike reg aangerig is;[46]

(d) suiwer vermoënskade, wat skade insluit wat nie deur die beskadiging (skade) wat aan die objek van 'n saaklike reg aangerig of krenking van die persoonlikheid is nie;[47]

SA 1980 3 SA 653 (D); *Greenfield Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 901 (N); *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd* 1982 4 SA 371 (D); *Franschhoekse Wynkelder (Ko-operatief) Bpk v South African Railways and Harbours* 1981 3 SA 36 (K); Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 280; Reinecke "Versekering sonder versekerbare belang?" 1971 *CILSA* 325; Reinecke 1976 *TSAR* 28.

39 Van der Walt 32; Möller "Modern trends in the theory of international insurance" 1976 *TSAR* 64; *Saitowitz v Provincial Insurance Co Ltd* 1962 3 SA 443 (W).

40 Reinecke *Diktaat* hfst 3; *Burger v Union National South British Insurance Co* 1975 4 SA 72 (W); *Shell and BP SA Petroleum Refineries (Pty) Ltd v Osborne Panama SA* hierbo.

41 *Saitowitz v Provincial Insurance Co Ltd* hierbo; *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A); *Probert v Baker* 1983 3 SA 229 (D); Reinecke 1976 *TSAR* 35–37; Joubert "Negatiewe interesse en kontrakbreuk" 1976 *THRHR* 5; Oelofse 1982 *TSAR* 64; Van der Merwe en Reinecke "Skadevergoeding weens kontrakbreuk: positiewe en negatiewe interesse" 1984 *TSAR* 88; Lubbe "The assessment of loss upon cancellation of breach of contract" 1984 *SALJ* 623; Visser en Potgieter 54–56 66 113 200 227 285 340 344 372; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 208; Van der Walt 119–120.

42 Visser en Potgieter 20–21 56–59.

43 Boberg 476; Van der Walt 271–277; Visser en Potgieter 21; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 208 211–213; Burchell 34; Erasmus en Gauntlett par 14 37; De Wet en Van Wyk 201 vn 137; Wessels en Roberts *Law of contract in South Africa* (1951) 1231. Volgens Van der Walt 274 is die kern van die probleem by *lucrum cessans* dat daar altyd 'n beslissing oor 'n verwagte toekomstige ontwikkeling gevel moet word.

44 Welke begrip ook gebruik word vir skade wat tot op datum van die verhoor gely is: Boberg 476; Van der Walt 19; Reinecke 1976 *TSAR* 28–32; *Whitfield v Phillips* 1957 3 SA 318 (A); *Custom Credit Corporation (Pty) Ltd v Shembe* 1972 1 SA 174 (D); *Evins v Shield Insurance Co Ltd* hierbo.

45 Boberg 476; Visser en Potgieter 21 57; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 208; Burchell 34; Erasmus en Gauntlett par 14; De Wet en Van Wyk 201 vn 137; Wessels en Roberts 1231. Sien Visser en Potgieter 66 vir die verskil tussen *damnum emergens* en *lucrum cessans*. Volgens Van der Walt 276 kan skade "nie vasgestel word alvorens dit nie ingetree het en as sodanig herken is nie".

46 *Oslo Land Co v Union Government* hierbo; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 208–209; Visser en Potgieter 57.

47 *Greenfield Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* hierbo; *Franschhoekse Wynkelder (Ko-operatief) Bpk v South African Railways and Harbours*

vervolg op volgende bladsy

(e) direkte skade, wat uit daardie skade bestaan wat onmiddellik of direk uit 'n skadestigtende gebeurtenis voortvloei;[48]

(f) gevolgskade, wat daardie skade is wat, ooreenkomstig die gesonde-verstandmaatstaf, uit direkte skade[49] vloei;[50]

(g) algemene skade[51] (wat soms na nie-vermoënskade verwys),[52] wat daardie skade is wat regtens vermoed word uit 'n onregmatige handeling of kontrakbreuk[53] te volg;[54]

(h) besondere skade,[55] wat skade is wat nie (soos algemene skade) vermoed word nie maar weens die besondere omstandighede van die betrokke geval spesiaal gepleit[56] en bewys moet word;[57]

---

hierbo; Visser en Potgieter 57 362–363; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 208–209 280–286; Burchell 34; O'Brien "Deliktuele eis weens bemoeiing met kontraktuele verhouding" 1989 *TSAR* 279; O'Brien "Deliktuele remedie op grond van nalatige wanvoorstelling binne kontraktuele verband" 1992 *TSAR* 145–147.

48 Reinecke *Diktaat* hfst 3; Visser en Potgieter 58.

49 Direkte en gevolgskade word (met die oog op aanspreeklikheidsbeperking op grond van juridiese kousaliteit) van mekaar onderskei: Visser en Potgieter 57–58 253.

50 *Kroonstad Westelike Boere-Ko-operatiewe Vereniging Bpk v Botha* 1964 3 SA 561 (A); *Holndene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co (Pty) Ltd* 1977 3 SA 670 (A); Visser en Potgieter 58; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 209.

51 Ook bekend as intrinsieke skade: *Lavery and Co Ltd v Jungheinrich* 1931 AD 156; *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* 1976 2 SA 545 (A); *Guardian National Insurance Co Ltd v Van Gool* 1992 4 SA 61 (A).

52 Visser en Potgieter 20.

53 Binne kontraktuele verband is algemene skade daardie skade wat natuurlikerwys uit die kontrakbreuk vloei en wat regtens aangeneem word binne die kontrakspartye se verwagtinge te val (Visser en Potgieter 59). Binne deliktuele verband beteken algemene skade daardie nadeel wat regtens vermoed word uit die onregmatige handeling te volg (*idem* 20 253).

54 *Botha v Pretoria Printing Works Ltd* 1906 TS 710; *Graaff v Speedy Transport* 1944 TPD 236; *Reid v Royal Insurance Co Ltd* 1951 1 SA 713 (T); *Durban Picture Frame v Jeena* 1976 1 SA 329 (D); Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 209; Christie *The law of contract in South Africa* (1991) 644; Burchell 133; Erasmus en Gauntlett par 11.

55 Ook bekend as ekstrinsieke skade: Boberg 479–480; *Klopper v Maloko* 1930 TPD 860; *Guardian National Insurance Co v Van Gool* hierbo. Binne kontraktuele verband is besondere skade daardie nadele wat gewoonlik te ver verwyderd is en waarvoor aanspreeklikheid slegs bestaan indien dit uit die besondere omstandighede (tydens kontraksluiting) blyk dat dit inderdaad of vermoedelik deur die partye voorsien is: *Whitfield v Phillips* hierbo; *North and Son (Pty) Ltd v Albertyn* 1962 2 SA 212 (A); *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* hierbo; Visser en Potgieter 59 253–254; Kerr "Special damages in contract" 1976 *SALJ* 259. Binne deliktuele verband beteken besondere skade (wat spesiaal gepleit moet word) daardie nadeel waaroor daar regtens geen vermoede bestaan dat dit uit die onregmatige handeling volg nie (Visser en Potgieter 20). Die probleme rondom besondere en algemene skade is 'n prosesregtelike en nie 'n materieelregtelike probleem nie (Visser *Proefskrif* 16).

56 Reël 18(10) van die Hooggeregshofreëls bepaal wat tov skadevergoeding in die pleitstukke beweer moet word.

57 *Klopper v Maloko* hierbo; *Thompson v Barclays Bank DCO* 1965 1 SA 365 (W); *Gloria Caterers (Pty) Ltd v Friedman* 1983 3 SA 390 (T); *Caxton Ltd v Reeva Forman (Pty) Ltd* 1990 3 SA 547 (A); Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 209; Burchell 133; Erasmus en Gauntlett par 11; Christie 645; Mulligan "Damages for breach; quantum, remoteness and causality" 1958 *SALJ* 171 ev. Indien skade nie besondere skade is nie, is dit nie noodwendig algemene skade nie (Visser *Proefskrif* 15).

(i) toekomstige skade,[58] synde daardie skade wat met 'n voldoende graad van waarskynlikheid op 'n tydstip na die oomblik van skadebepaling in die toekoms, as gevolg van 'n vroeëre skadestigtende gebeurtenis, sal intree;[59] en

(j) nominale skade ten einde 'n kostebevel te regverdig.[60]

Die waarde van die vermoënsbestanddeel is nie staties nie en kan met verloop van tyd wissel.[61] Om die primêre oogmerk van skadevergoeding te bevorder (synde om die benadeelde so volledig moontlik vir sy skade te vergoed),[62] moet die relevante tydstip van evaluering van die skade die laaste geleentheid wees waar bewysmateriaal voorgelê kan word.[63] Volgens die positiewe reg is die datum van die delikspleging die deurslaggewende tydstip vir skadebepaling.[64] By kontrakbreuk is daar verskillende tydperke[65] moontlik, [66] naamlik die tydstip van kontrakbreuk,[67] prestasie,[68] terugtrede[69] en voor terugtrede.[70]

2 3 Skadevergoeding

Visser en Potgieter[71] omskryf skadevergoeding[72] as die "geldelike ekwivalent van skade wat aan 'n persoon gegee word met die doel om sy skade terugwerkend en vir die toekoms so volledig as moontlik te kanselleer".[73]

---

58 Volgens die positiewe reg kan daar nie skadevergoeding vir toekomstige skade alleen verhaal word nie: *Coetzee v SAR and H* 1933 CPD 565; *Millward v Glaser* 1949 4 SA 931 (A); Kerr 443 ev. Sien Boberg 488 ev vir kritiek teen voormelde positiefregtelike standpunt.

59 Visser en Potgieter 21 108–125; Dc Wet en Van Wyk 234.

60 Erasmus en Gauntlett par 12.

61 Visser en Potgieter 78. Sien bv *Voest Alpine Intertrading Gesellschaft GmbH v Burwill and Co (Pty) Ltd* 1985 2 SA 149 (W) tov die invloed wat 'n veranderde wisselkoers op die berekening van skadevergoeding het.

62 Van der Walt 279.

63 Koeh "Aquilian damages for personal injury and death" 1989 *THRHR* 69; Van der Walt 279.

64 *Botha v Rondalia Versekeringskorporasie van SA Bpk* 1978 1 SA 996 (T); *General Accident Insurance Co Ltd v Summers* 1987 3 SA 577 (A); Erasmus 1975 *THRHR* 104 106; Koch "Diseounting to date of delict: fair or unfair?" 1987 *THRHR* 106; Visser en Potgieter 79; Kerr "Damages in eontract and in deliet" 1994 *SALJ* 133.

65 Kerr 640 ev; Burehell 127; De Wet en Van Wyk 205 ev.

66 Visser en Potgieter 79; Kerr "Date for determining loss through breach of eontraet: fluctuating exchange rates" 1986 *SALJ* 339.

67 *Sandown Park (Pty) Ltd v Hunter Your Wine and Spirit Merchant (Pty) Ltd* 1985 1 SA 248 (W); *Voest Alpine Intertrading Gesellschaft GmbH v Burwill and Co (Pty) Ltd* hierbo; *Culverwell v Brown* 1990 1 SA 7 (A).

68 *Novick v Benjamin* 1972 2 SA 842 (A); *Culverwell v Brown* hierbo.

69 *Culverwell v Brown* hierbo; Nienaber "Enkelc beskouinge oor kontrakbreuk *in anticipando*" 1963 *THRHR* 37–38; Kerr 1986 *SALJ* 340; Nienaber "Kontrakbreuk *in anticipando* in retrospek" 1989 *TSAR* 15.

70 Nicnaber 1963 *THRHR* 37; Van Aswegen *Die sameloop van eise om skadevergoeding uit kontrakbreuk en delik* (LLD-proefskrif Unisa 1991) 213; Kerr 1994 *SALJ* 133.

71 19 152.

72 Die woord "kompensasie" kan as sinoniem vir "skadevergoeding" gebruik word: Visser en Potgieter 152; Van der Merwe en Olivier 279; Visser "Kompensasie vir nievermoënskade" 1983 *THRHR* 43.

73 Sien ook *Russell Loveday v Collins Submarine Pipelines* 1975 1 SA 110 (A); Van der Walt 1980 *THRHR* 5; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 197. Volgens Van der Walt 285 is "skadevergoeding" 'n uitdrukking wat gebruik word wanneer daar 'n ekwivalent in die vorm van geld aan 'n benadeelde gegee word met die doel om die skadelike gevolge van 'n gewraakte gebeurtenis terugwerkend so volledig moontlik te kanselleer.

Skadevergoeding[74] word in geld[75] uitgedruk,[76] is in beginsel by alle vorme van skade (vermoën- en nie-vermoënskade)[77] beskikbaar en het primêr ten doel[78] om skade deur die byvoeging van 'n nuwe vermoënsbestanddeel te neutraliseer.[79] Indien skade of 'n gedeelte daarvan gedupliseer word, sal voormelde doel verydel word.[80]

Kragtens die "once and for all"-reël[81] mag skadevergoeding[82] (in die algemeen) slegs een maal op grond van 'n enkele eisoorsaak[83] geëis word.[84] Die werking van die "once and for all"-reël kan kontraktueel uitgesluit word.[85]

2 4 Sommeskadeleer[86]

Die sommeskadeleer[87] (wat die basis vir die aard en bepaling van vermoënskade in die Suid-Afrikaanse reg is)[88] is op 'n vergelykingsmetode[89] gebaseer

---

74 Wat gekwantifiseer moet word by wyse van 'n proses waardeur regtens erkende skade (waarvoor vergoeding verhaalbaar is) in geld uitgedruk word ten einde die skadevergoedingsbedrag te bepaal (Kerr 1986 *SALJ* 339–340; Visser en Potgieter 154).

75 Wat as 'n kapitaalbedrag ("lompsom") vir sowel bestaande as toekomstige skade toegeken word: *Anthony v Cape Town Municipality* 1967 4 SA 445 (A); Erasmus en Gauntlett par 10 17; De Wet en Van Wyk 208; Van der Walt 286. *Contra* Spandua "Inflation and the law" 1975 *SALJ* 47 wat betoog dat skadevergoeding in hersienbare paaiemente verleen moet word.

76 Visser en Potgieter 152 155; Erasmus en Gauntlett par 17; *Russell Loveday v Collins Submarine Pipelines* hierbo. In *Dantile v M'Tirara* (1892) SC 452 en *Madolo v Munkwa* 1894 SC 181 is skadevergoeding in die vorm van beeste toegeken.

77 Visser en Potgieter 180; Erasmus en Gauntlett par 10.

78 Sien verder Van der Walt 279; Koch 1989 *THRHR* 69.

79 Visser en Potgieter 45 153. Volgens Van der Walt 217, 1980 *THRHR* 23 is die skadevergoedingsplig primêr op die volledigs moontlike vergoeding van skade deur die verskaffing van 'n ekwivalent van die benadeelde se interesse gerig.

80 Sien *Smit v Saipem* hierbo; *Van Gool v Guardian and National Insurance Co Ltd* 1992 1 SA 119 (W) en *McLelland v Hulett* 1992 1 SA 456 (D) ter illustrasie van hierdie dupliseringsprobleem. Sien verder Reinecke 1976 *TSAR* 48; Dendy "Claims for damages for loss of support: dependants' or breadwinners' actions?" 1990 *SALJ* 155; Neethling en Potgieter "Aquiliese aksie van 'n kind vir mediese koste weens persoonlike beserings" 1992 *THRHR* 480; Visser en Potgieter 160–161; *Erdmann v Santam Insurance Co Ltd* 1985 3 SA 402 (K).

81 Wat deur Van der Walt 314 425–485 verwerp word.

82 Vir sowel skade wat reeds gely is as skade wat in die toekoms kan intree (Visser en Potgieter 20).

83 'n Eisoorsaak dui op al daardie elemente (*facta probanda*) wat nodig is om 'n skadevergoedingseis te fundeer (Visser en Potgieter 130–134).

84 *Cape Town Council v Jacobs* 1917 AD 615; *Oslo Land Co Ltd v The Union Government* hierbo; *Custom Credit Corporation v Shembe* hierbo; *Evins v Shield Insurance Co Ltd* hierbo; *Horowitz v Brock* 1988 2 SA 160 (A); Boberg 476; Visser en Potgieter 126; Van der Walt 304 329 378–379; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 213–217; Burchell 34 125; Joubert *General principles of the law of contract* (1987) 255; Erasmus en Gauntlett par 18.

85 *Collins Submarine Pipelines (Pty) Ltd v Durban City Council* hierbo; Erasmus en Gauntlett par 18.

86 Ook bekend as die *Differenztheorie*, sommeskademetode of sommeskadebegrip (Van der Walt 7 10–11 284 ev).

87 Mommsen *Beiträge zum obligationenrecht II* (1855) is die vader van die sommeskadeleer.

88 *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* hierbo; *Oslo Land Co Ltd v Union Government* hierbo; *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v*

vervolg op volgende bladsy

waarkragtens vermoënskade bepaal word deur die benadeelde se vermoënsposisie na die skadestigtende gebeurtenis[90] te vergelyk met die hipotetiese vermoënsposisie[91] wat sou bestaan het indien die skadestigtende gebeurtenis nie plaasgevind het nie.[92] Dus word vermoënskade in die onderhawige geval as 'n afname in die waarde van 'n regsubjek se vermoë uitgedruk.[93] Gevolglik is skadevergoeding 'n toevoeging van 'n nuwe vermoënsbestanddeel[94] om die effek van die skadestigtende gebeurtenis te neutraliseer.

Ongelukkig swyg die sommeskadeleer oor hóé die hipotetiese vermoënsposisie vasgestel moet word.[95] Waar die vermoënskade reeds ten volle ingetree het, is die hipotetiese been van die sommeskadeleer oorbodig omdat die skadestigtende gebeurtenis in hierdie geval *per se* 'n vergelykingsraamwerk daarstel.[96]

Kritiek teen die sommeskadeleer is dat:[97]

(a) geen gemeenregtelike gesag daarvoor bestaan nie;[98]

Consolidated Langlaagte Mines Ltd 1915 AD 1; *De Jager v Grunder* 1964 1 SA 446 (A); *Swart v Van der Vyver* hierbo; *ISEP Structural Engineering and Plating (Pty) Ltd v Inland Exploration Co (Pty) Ltd* hierbo; *Erdmann v Santam Insurance Co Ltd* hierbo; Van der Walt 3; Visser en Potgieter 63 ev; Zimmermann *The law of obligations. Roman foundations of the civilian tradition* (1990) 824; Van der Merwe ea 300.

89 Reinecke 1976 *TSAR* 56 is van mening dat skade nie by wyse van 'n vergelykingsmetode vasgestel moet word nie, maar dat die beoordeling van die voldonge gevolge van die gebeurtenis die korrekte wyse is waarop skade bepaalbaar is. *Contra* Reinecke 1988 *De Jure* 236 waar daar tog van 'n vergelykingsmetode gebruik gemaak word om skade te bepaal. Mi moet daar soos by die konkrete skadeleer met die daadwerklike onttrekking of verswakking van 'n besondere vermoënsbestanddeel gewerk word.

90 Kragtens die beginsel van voordeeltoerekening moet alle voordele (ook toekomstige voordele) wat die benadeelde ivm die skadestigtende gebeurtenis ontvang, billikheidshalwe in ag geneem word ter vermindering van sy skadevergoeding: Visser en Potgieter 20 187–221; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 217–222; Erasmus en Gauntlett par 35; De Wet en Van Wyk 203.

91 Visser en Potgieter 64 stel voor dat hierdie hipotetiese vermoënsposisie bepaal moet word deur die skadestigtende gebeurtenis te elimineer en dan met die behoud van alle ander relevante, werklike en moontlike gebeure die waarskynlike kousale verloop uit te werk, om so te bepaal hoe die benadeelde se finale vermoënsposisie sou ontwikkel het. Dieselfde metode kan aangewend word om skade in geval van 'n late, wanvoorstelling of winsverlies te bepaal: *Siman and Co (Pty) Ltd v Barclays Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A); Lubbe "The assessment of loss upon cancellation for breach of contract" 1984 *SALJ* 619; Visser en Potgieter 65.

92 Reinecke 1976 *TSAR* 27; Van der Walt 1980 *THRHR* 4; Reinecke 1988 *De Jure* 224–227; Visser en Potgieter 19 62 64 158–159; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 209–211; Kerr "Damages in contract and in delict" 1994 *SALJ* 129; *Dippenaar v Sltield Insurance Co Ltd* hierbo. Van der Walt 136 is van mening dat die spanning tussen die noodsaaklikheid van 'n skadebegrip enersyds en die veelvuldige ontoereikendheid van die sommeskadeleer andersyds, die oorsaak van die skadevergoedingsreg se verwarrende beeld is.

93 Boberg 489; Visser en Potgieter 45 158 vn 58 60.

94 Sien par 2 2 hierbo oor wat die vermoënsbestanddeel behels.

95 Visser en Potgieter 64; Visser "Gedagtes oor die vergelykingstocts by die bepaling van vermoënskade" 1994 *THRHR* 282.

96 Visser en Potgieter 65. Van der Merwe en Olivier 181 vn 3 is van mening dat dit in hierdie geval bloot oor 'n terminologiese kwessie handel.

97 Visser en Potgieter 67–68.

98 Erasmus 1975 *THRHR* 104 268; Visser en Potgieter 10 67. Aangesien die sommeskadeleer reeds vir dekades lank deur die Suid-Afrikaanse positiewe reg aanvaar word, is hierdie kritiek prakties van geen belang nie: *Connock's (SA) Motor Co Ltd v Sentraal Westelike Ko-op Mpy Bpk* 1964 2 SA 47 (T); Van der Walt 148–152.

(b) aangesien skade as die verskil tussen twee somme uitgedruk word, skade dus in 'n "anonieme" som vervat is sonder dat daar 'n aanduiding is van hoe die skade(som) saamgestel is;[99]

(c) dit kan meebring dat die vermoënsregtelike en kousale elemente[100] van skade verwar word;[101] en

(d) dit geen nut as denk- of werkmetode het nie.[102]

2 5 Konkrete skadeleer

Kragtens hierdie leerstuk word skade bepaal deur die nuttigheid van die vermoënsbestanddeel voor die skadestigtende gebeurtenis te vergelyk met die nuttigheid daarvan na die skadestigtende gebeurtenis.[103] Dus word daar met die daadwerklike onttrekking of verswakking van 'n besondere vermoënsbestanddeel gewerk en 'n "anonieme" rekenkundige som deur individuele skadeposte vervang.[104]

Die konkrete skadeleer hou die volgende voordele in:[105]

(a) Slegs die vermoënsbestanddele en laste wat aangetas word, is ter sprake[106] welke skade as individuele skadeposte uitgedruk word;

(b) aangesien geen hipotetiese vermoënsposisie in berekening gebring word nie, speel hipotetiese kousaliteit geen rol nie;

(c) naas die toestaan van skadevergoeding, is daadwerklike herstel[107] moontlik; en

(d) die moontlikheid van 'n selfstandige voordeeltoerekeningsleer is haalbaar.

2 6 Positiewe interesse

By kontrakbreuk is positiewe interesse[108] (normaalweg) die toepaslike maatstaf by skadebepaling.[109] In die onderhawige geval word die benadeelde se skade en

---

99 Van der Walt 153–156; Reinecke 1988 *De Jure* 224–225.

100 Van der Walt 260 kom tot die slotsom dat alhoewel die *conditio sine qua non*-kousaliteitsleerstuk en die sommeskadeleer op 'n vergelykingsmetode gebaseer is, hierdie twee regsfigure nie so nou aan mekaar verwant is soos wat dikwels beweer word nie.

101 Reinecke 1988 *De Jure* 225 vn 25. *Contra* Van der Walt 256 ev wat van mening is dat hierdie kritiek ongegrond is.

102 Van der Walt 187. Visser en Potgieter 68 is mi ten onregte van mening dat hierdie kritiek onoortuigend is.

103 Maw dit wat *was* en dit wat *is*, word met mekaar vergelyk: Visser en Potgieter 19 68 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 210; Reinecke 1988 *De Jure* 226; Van der Walt 49–51; Boberg 481–482; Van der Merwe ea 297 ev.

104 Koch 32; Van der Walt 284; Van der Merwe en Olivier 180; *Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A); *De Vos v SA Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk* 1984 1 SA 724 (O).

105 Reinecke 1988 *De Jure* 226 ev.

106 By die sommeskadeleer is daar 'n omslagtige vergelyking van twee totaal ander vermoënsposisies (Visser en Potgieter 69).

107 By die sommeskadeleer word skade slegs deur skadevergoeding herstel (*ibid*).

108 Wat na "actual as well as prospective losses" verwys: Lubbe en Murray *Farlam and Hathaway: Contract: cases, materials and commentary* (1988) 608; Joubert 259; Lee en Honoré *The South African law of obligations* (1978) 64; Cameron "Measuring delictual damages for fraudulent misrepresentation" 1982 *SALJ* 101 ev. Volgens Harker 1993 *SALJ* 14 kan verspilde onkostes en verbeurde geleenthede deel van 'n benadeelde kontraktant se

vervolg op volgende bladsy

skadevergoeding bereken na sy volle vervullingsbelang sodat hy finansieel in die vermoënsposisie geplaas word waarin hy sou gewees het indien daar behoorlik kragtens die kontrak presteer is.[110] Positiewe interesse kan ook omskryf word met verwysing na die vermoënsposisie waarin die benadeelde finansieel sou gewees het indien kontrakbreuk nie plaasgevind het nie.[111] Waar 'n wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding vorm, moet skadevergoeding myns insiens op dieselfde basis bereken word.

Skadebepaling by kontrakbreuk word in sommige gevalle op negatiewe interesse baseer,[112] in welke geval die benadeelde finansieel in die vermoënsposisie geplaas moet word asof daar geen kontrakbreuk gepleeg is nie.[113]

'n Kontraktuele skadevergoedingseis word beïnvloed deur die feit dat 'n kontrak in stand gehou of gekanselleer word.[114] In eersgenoemde geval bly die benadeelde geregtig op prestasie en behou hy wat hy ontvang het, wat gevolglik sy vermoënsposisie positief affekteer.[115] Waar die kontrak gekanselleer word, is

---

positiewe interesse uitmaak, mits dit in verrekening gebring word met die bruto wins (nie netto wins nie) van die transaksie. Waar die verspilde onkostes en verbeurde geleenthede saam met die netto wins van die transaksie geëis word, sal dit veroorsaak dat dubbele skadevergoeding toegestaan word, alternatief dat die benadeelde in 'n beter vermoënsregtelike posisie geplaas word as waarin hy sou wees indien die kontrak reëlmatig nagekom is (Harker 1993 *SALJ* 15 ev).

109 Van der Walt 13–14; Van Aswegen 160 200–209; Joubert 1976 *THRHR* 1–14; Visser en Potgieter 15 21 70.

110 *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* hierbo; *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* hierbo; *Whitfield v Phillips* hierbo; *De Jager v Grunder* hierbo; *Erasmus v Davis* hierbo; *Novick v Benjamin* hierbo; *Ranger v Wykerd* 1977 2 SA 976 (A); *Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co (Pty) Ltd* hierbo; *Swart v Van der Vyver* hierbo; *ISEP Structural Engineering and Plating (Pty) Ltd v Inland Exploration Co (Pty) Ltd* hierbo; *Lillicrap Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 (A); Erasmus 1975 *THRHR* 113–114; Joubert 1976 *THRHR* 1; Reinecke 1976 *TSAR* 37; Lubbe 1984 *SALJ* 618; Harker "The role of contract and the object of remedies for breach of contract in contemporary Western society" 1984 *SALJ* 139; Sharrock "Breach of contract: damages for negative interest" 1985 *TSAR* 201; Joubert 250; Boberg 476; De Wet en Van Wyk 225.

111 Visser en Potgieter 70.

112 Sien par 2 7 hieronder. Daar is standpunte dat die benadeelde kontraksparty in geval van die kansellasie van 'n kontrak op grond van kontrakbreuk, 'n keuse het om óf positiewe óf negatiewe interesse te eis: Mulligan "Incompatibility of damages and recission" 1950 *SALJ* 39; "Rescission and discharge" 1951 *SALJ* 142; "Damages for breach" 1957 *SALJ* 296; Joubert 1976 *THRHR* 1–14; Hahlo en Kahn *The Union of South Africa: The development of its laws and constitution* (1960) 499.

113 Joubert 249; Erasmus en Gauntlett par 45; Lubbe 1984 *SALJ* 618. Die grondslag van kontraktuele negatiewe interesse is die keuse (gegrond op *restitutio in integrum*) wat die benadeelde het om vermoënsregtelik in die posisie geplaas te word asof geen kontrak gesluit is nie en dat geen verspilde onkostes of verlore voordele of verbeurde geleenthede deel van positiewe interesse kan vorm nie: Kerr "Some problems concerning the beginning and ending of contracts" 1989 *SALJ* 103–104; Harker 1993 *SALJ* 7. Sien ook Kerr 1994 *SALJ* 130 en Van Aswegen "Damages for negative interesse in cases of breach of contract" 1993 *TSAR* 265 wat blykbaar nie ten gunste van negatiewe interesse in geval van kontrakbreuk is nie. Sien verder par 2 7 hieronder.

114 Kerr 572 646; De Wet en Van Wyk 200.

115 Lubbe en Murray 605; Visser en Potgieter 74.

die benadeelde normaalweg op restitusie of die waarde van sy prestasie geregtig wat nie deel van sy skadevergoeding uitmaak nie, maar wel 'n rol by die berekening daarvan speel.[116]

Die vereistes vir 'n kontraktuele skadevergoedingseis is die volgende:[117]

(a) 'n kontraksparty moet kontrakbreuk gepleeg het;

(b) werklike vermoënskade van 'n bepaalde of bepaalbare omvang (as gevolg van die kontrakbreuk)[118] moet gely word;[119] en

(c) die kontrakbreker moet regtens vir die skadevergoeding (wat ooreenkomstig die beginsels van aanspreeklikheidsbegrensing binne die kontemplasie van die kontrakspartye val)[120] aanspreeklik wees.

Kontraktuele skade[121] moet in die algemeen ooreenkomstig toepaslike waardemaatstawwe in geld[122] bereken word.[123] Met inagneming van die beginsels van voordeeltoerekening,[124] die mitigasieplig en toepaslike statutêre bepalings,[125] is hierdie waardemaatstawwe aan 'n relevante tydstip en plek van prestasie gekoppel.[126] Waardemaatstawwe wat ter sprake kan kom, is onder andere die volgende:[127]

---

116 Lubbe en Murray 605; Van Aswegen 205; Visser en Potgieter 284. Volgens Kerr 1989 *SALJ* 103 ev is *restitutio in integrum* 'n alternatief tot 'n eis om skadevergoeding.

117 *Oellerman v Natal Indian Traders Ltd* 1913 NPD 337; *Swart v Van der Vyver* hierbo; *Scott v Poupard* 1971 2 SA 373 (A); *Cross v Pienaar* 1978 1 SA 943 (T); Visser en Potgieter 284–285; Joubert 246 ev; Kerr 573; De Wet en Van Wyk 201 ev; Wessels en Roberts *Law of contract II* (1951) 1237; Christie 641 ev; Van der Merwe ea 296.

118 Die kousale verband (wat 'n feitevraag is) tussen die kontrakbreuk en vermoënskade moet bewys word: *Dhooma v Mehta* 1957 1 SA 676 (D); *Svorinic v Biggs* hierbo; Kerr "Causation in delict and in contract" 1980 *SALJ* 541–546; De Wet en Van Wyk 225–226; Joubert 250; Van der Merwe ea 296.

119 *Stow, Jooste and Matthews v Chester and Gibb* (1890) 3 SAR 127; *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* hierbo; *Trichardt v Van der Linde* hierbo; *Versveld v SA Citrus Farms Ltd* hierbo; *Whitfield v Phillips* hierbo; *Katzenellenbogen Ltd v Mullin* hierbo; *Swart v Van der Vyver* hierbo; *Scott v Poupard* hierbo; *Bellairs v Hodnett* 1978 1 SA 1109 (A); *SM Goldstein and Co (Pty) Ltd v Gerber* 1979 4 SA 930 (A); *Sommer v Wilding* 1984 3 SA 647 (A).

120 Kerr 620 ev; Joubert 1972 *THRHR* 68 ev.

121 Wat slegs uit vermoënskade kan bestaan: *Emslie v African Merchants Ltd* 1908 EDC 82; *Dominion Earthworks (Pty) Ltd v MJ Greef Electrical Contractors (Pty) Ltd* 1970 1 SA 228 (A); Joubert 248.

122 *Versveld v SA Citrus Farms Ltd* hierbo; Joubert 248.

123 *Katzenellenbogen Ltd v Mullin* hierbo.

124 Van der Walt 1980 *THRHR* 1 ev; Visser "Gedagtes oor voordeeltoerekening by nievermoënskade" 1994 *THRHR* 93.

125 Bv die Wet op Kredietooreenkomste 75 van 1980; die Wet op Strafbedinge 15 van 1962; die Wet op die Vervreemding van Grond 68 van 1981.

126 Van Aswegen 211–213; Christie 649; Nienaber 1963 *THRHR* 33 37–38; Kerr 1986 *SALJ* 340–343; Radesich "Damages for breach of contract payable in foreign currency" 1987 *THRHR* 234; Nienaber 1989 *TSAR* 15; Reinecke "Repudiëring en skadevergoeding" 1990 *TSAR* 301; High en Pickering "Determination of damages awards under conditions of exchange rate fluctuations: Problems and (some) solutions" 1993 *SALJ* 270; Kerr 640–642; *Voest Alpine Intertrading Gesellschaft GmbH v Burwill and Co (Pty) Ltd* hierbo; *Mayes v Noordhof* 1992 4 SA 233 (K).

127 Visser en Potgieter 286; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 225–227; Burchell 127; Wessels en Roberts 1236. De Wet en Van Wyk 208 waarsku dat hierdie waardemaatstawwe nie selfstandige beginsels daarstel wat bestaande algemene beginsels vervang

vervolg op volgende bladsy

(a) die markprysreël;[128]

(b) waar 'n gebrekkige prestasie gelewer is, is die skade die verskil tussen die waarde van die gelewerde prestasie en die waarde van die prestasie wat ooreenkomstig die kontrak gelewer moes gewees het;[129]

(c) 'n handelaar se verlies aan wins word as die verskil tussen die mark- en kosprys bereken;

(d) herstelkoste word ooreenkomstig 'n redelikheidsmaatstaf bepaal;[130]

(e) waardemaatstawwe waarop ooreengekom is;[131] en

(f) waardemaatstawwe wat deur regswerking[132] geskep word.

Positiewe interesse behels meer as bloot die verlies van toekomstige wins.[133] Omdat die totale som wat volgens positiewe interesse as skadevergoeding geëis word, die vermoënsposisie van die benadeelde finansieel weergee asof die kontrak behoorlik uitgevoer is, kan uitgawes wat die onskuldige party in verband met die sluiting van die kontrak aangegaan het, (normaalweg) nie afsonderlik verhaal word nie.[134] Verder mag 'n benadeelde slegs werklike uitgawes as deel van sy positiewe interesse eis.[135] Waar die kontrak gekanselleer word, is die benadeelde eweneens op positiewe interesse geregtig.[136] Restitusie na terugtrede

---

nie. Sien ook *Cooper v Kahn's Produce Agency Ltd* 1917 TPD 184; *South African Railways and Harbours v Theron* 1917 TPD 67; *Kahn v Beirowski* 1933 TPD 43; *Novick v Benjamin* hierbo.

128 Die markprys (wat op die tydstip van kontrakbreuk bereken moet word) word as bewys van die waarde van die saak beskou: *Van Es v Beyer's Trustees* (1884) 3 SC 9; *Greenshields v Chisholm* (1884) 3 SC 220; *Mills v Schmahmann Brothers* 1909 TS 739; *Cooper v Kahn's Produce Agency Ltd* hierbo; *Wald v Dister* 1918 CPD 305; *Slotar and Sons v De Jongh* 1922 TPD 327; *Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Ltd* 1924 AD 151; *Jordaan v Symon* 1925 OPD 207; *Hersman v Shapiro and Co* 1926 TPD 367; *Markus and Co v Louw* 1930 CPD 123; *Kahn v Beirowski* hierbo; *Erasmus v Davis* hierbo; Lubbe en Murray 638; Joubert 256; Erasmus en Gauntlett par 51; De Wet en Van Wyk 208 ev; Wessels en Roberts 1229 ev; Koch 26–27; Van der Walt 206–216; Van der Merwe ea 308–313; Mulligan 1957 *SALJ* 63 ev. Die markprys van 'n saak is die prys waarteen dit inderdaad verhandel of die prys wat 'n persoon redelikerwys daarvoor sal betaal: Joubert 1973 *THRHR* 50; Reinecke 1990 *TSAR* 776; *Celliers v Papenfus and Rooth* 1904 TS 73; *Durr v Buxton White Lime Co* 1909 TS 876; *Sarembock v Medical Leasing Services (Pty) Ltd* 1991 1 SA 344 (A). Sien De Wet en Van Wyk 231–232 vir kritiek teen die markprysreël.

129 Sien bv *Lillicrap Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* hierbo; Erasmus en Gauntlett par 50.

130 *Maennel v Garage Continental Ltd* 1910 AD 137; *Cugno v Nel* 1932 TPD 289; *Crawley v Frank Pepper (Pty) Ltd* 1970 1 SA 29 (N); *Labuschagne Broers v Spring Farm (Pty) Ltd* 1976 2 SA 824 (T); Erasmus en Gauntlett par 49; Koch 20; Van der Merwe ea 313–315.

131 Bv strafbedinge.

132 Bv wetgewing en gemeneregsreëls.

133 Visser en Potgieter 73.

134 Van Aswegen 207; Lubbe 1984 *SALJ* 620 623; Joubert 1976 *THRHR* 7; Lubbe en Murray 608; *Guggenheim v Rosenbaum (2)* 1961 4 SA 21 (W).

135 *Wood v Oxendale and Co* 1906 SC 674; *Acton v Lazarus* 1927 EDL 367; *Tierfontein Boerdery (Edms) Bpk v Weber* 1974 3 SA 445 (K); Lubbe en Murray 608; Joubert 249.

136 *Marais v Commercial General Agency Ltd* 1922 TPD 440; *Evans and Plows v Wills and Co* 1923 CPD 496; *Hoets v Wolf* 1927 CPD 408; *Stowe v Scott* 1929 TPD 450; *Microutsicos v Swart* 1949 3 SA 715 (A); *Radiotronics (Pty) Ltd v Scott Lindberg Co Ltd* 1951 1 SA 312 (K); *Whitfield v Phillips* hierbo; *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* hierbo; *Custom Credit Corporation (Pty) Ltd v Shembe* hierbo; Lubbe 1984 *SALJ* 620 621; Lubbe en Murray 607–608; Visser en Potgieter 74.

het 'n direkte invloed op die benadeelde se skade (positiewe interesse) omdat restitusie die netto vermoënsposisie beïnvloed.[137]

2 7 Negatiewe interesse

Negatiewe interesse (wat uit *damnum emergens* en *lucrum cessans* bestaan)[138] word bepaal met verwysing na die benadeelde se vermoënsposisie onmiddellik voor kontraksluiting[139] of deliksplegging of sy vermoënsposisie indien die delik nie gepleeg is nie.[140]

Die algemene skadevergoedingsmaatstaf in geval van deliktuele skade is negatiewe interesse.[141] Boberg som die posisie soos volg op:[142]

> "The object of awarding Aquilian damages is to place the plaintiff in the position in which he would have been had the delict not been committed,[143] redressing the diminution in his patrimony that the defendant has caused."[144]

---

137 *Bestway Agencies (Pty) Ltd v Western Credit Bank Ltd* 1968 3 SA 400 (T); *Uni-Erections v Continental Engineering Co Ltd* 1981 1 SA 240 (W); Lubbe en Murray 593; Van Aswegen 205; Joubert 246; De Wet en Van Wyk 225; Lubbe 1984 *SALJ* 620–621; McLennan "Breach of contract and restitutionary damages" 1984 *SALJ* 40–41.

138 Visser en Potgieter 57 65 108 112; Van Aswegen 206 vn 117; Joubert 1976 *THRHR* 6; Lubbe 1984 *SALJ* 623; *Emslie v African Merchants Ltd* 1908 EDC 82; *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* hierbo; *Versveld v SA Citrus Farms Ltd* hierbo; *Whitfield v Phillips* hierbo.

139 Met dien verstande dat die benadeelde vermoënsregtelik nie in 'n beter finansiële posisie geplaas mag word as waarin hy voor kontraksluiting was nie: Sharrock "Breach of contract: damages for negative interest" 1985 *TSAR* 207.

140 *Inhambane Oil and Mineral Development Syndicate Ltd v Mears and Ford* 1906 23 SC 250; *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* hierbo; *Erasmus v Davis* hierbo; *Whitfield v Phillips* hierbo; *Reid v LS Hepker and Sons (Pvt) Ltd* 1971 2 SA 138 (RA); *De Jager v Grunder* hierbo; *Ranger v Wykerd* hierbo; *Probert v Baker* hierbo; *Svorinic v Biggs* hierbo; *Hamer v Wall* 1993 1 SA 235 (T); Van der Merwe en Olivier 480–482; Visser en Potgieter 15 21 71; Joubert 249; Van Aswegen 203–208; Joubert 1976 *THRHR* 1–14; Harker "The nature and scope of rescission as a remedy for breach of contract in American and South African law" 1980 *Acta Juridica* 62–64; Van der Merwe en Reinecke "Skadevergoeding weens kontrakbreuk: positiewe en negatiewe interesse" 1984 *TSAR* 85; Lubbe 1984 *SALJ* 616; Sharrock 1985 *SALJ* 616; Sharrock "Breach of contract: damages for negative interest" 1985 *TSAR* 207–208; Harker "Damages for breach of contract: negative or positive interesse" 1993 *SALJ* 7 ev; De Vos "Skadevergoeding en terugtrede weens bedrog by kontraksluiting" 1964 *Acta Juridica* 33.

141 Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 223 ev; Erasmus en Gauntlett par 68; Koch 29; Van der Merwe 1964 *THRHR* 194.

142 489. Sien ook *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* hierbo 665.

143 Met inagneming van alle gevolgskade: *Modimogale v Zweni* 1990 4 SA 122 (B); *Ngubane v SA Transport Services* 1991 1 SA 756 (A); Boberg 622; Burchell 127.

144 Sien ook Burchell 35 127; Erasmus en Gauntlett par 15 36; Van der Merwe en Olivier 323; Koch 20 ev; Christie 358; Van der Merwe ea 104; *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* hierbo; *Matthews v Young* hierbo; *Du Plessis v Nel* 1961 2 SA 97 (OK); *Myburgh v Hanekom* 1966 2 SA 157 (OK); *Schnellen v Rondalia Assurance Corporation of SA Ltd* 1969 1 SA 517 (W); *Albertus v Jacobs* 1975 3 SA 836 (W); *De Vos v SA Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk* hierbo; *Mayes v Noordhof* hierbo. Volgens Van der Merwe en Olivier 180 is die doel van 'n deliktuele skadevergoedingsaksie "om die benadeelde in die *status quo ante* te plaas".

Anders as by kontrakbreuk, waar spesifieke nakoming (nie skadevergoeding nie) die aangewese remedie is, dien skadevergoeding in geval van 'n delik primêr as regshulp.[145] Aldus het die deliktereg hoofsaaklik 'n vergoedingsfunksie (goedmakingsfunksie) ten doel.[146] *Lucrum cessans* kan deliktueel in geval van 'n bedrieglike wanvoorstelling geëis word.[147] Ook in geval van 'n delik het skadevergoeding geen bestraffende funksie nie[148] en word dit eenmalig[149] in 'n geldbedrag vereffen.[150]

Verder is die vasstelling en kwantifisering van deliktuele skade nie dieselfde nie: Eersgenoemde is 'n direkte rekeningkundige vergelyking van die benadeelde se vermoënsposisie voor en na die skadestigtende gebeurtenis, terwyl laasgenoemde die monetêre waarde verteenwoordig waarop die benadeelde regtens[151] geregtig is.[152] By 'n deliktuele skadevergoedingseis op grond van 'n wanvoorstelling handel die probleem nie soseer met die vasstelling van skadevergoedingsregsbeginsels nie, maar gaan dit oor die toepassing daarvan.[153] Die feit dat 'n kontrak as gevolg van 'n skuldige wanvoorstelling gesluit is, negeer nie enige toepaslike deliktuele beginsels nie.[154] Waar 'n wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding uitmaak, kan kontraktuele skade, naas deliktuele skade, alternatief geëis word.[155] Waar beide die kontrakspartye 'n bedrieglike wanvoorstelling pleeg, is geeneen op skadevergoeding geregtig nie.[156]

---

145 Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 224; Burchell 126. Volgens Cameron 1982 *SALJ* 101 is die verskil tussen kontraktuele en deliktuele skade dat in eg geval die benadeelde vir "the benefit of his bargain" vergoed word, terwyl die benadeelde in lg geval slegs op sy "out-of-pocket loss" geregtig is.

146 Visser *Proefskrif* 3. Van der Merwe "Aspects of the law of contractual torts" 1978 *SALJ* 318 waarsku: "A contract apparently possesses that strange quality of distorting the picture of delict. For, once a contract enters on the stage, the principles of delictual liability are often cast to the wind."

147 Lubbe 1984 *SALJ* 619; De Vos 1964 *Acta Juridica* 33 ev; Van der Merwe en Reinecke 1964 *THRHR* 291.

148 Van der Walt 1980 *THRHR* 23; Visser "Genoegdoening met betrekking tot nievermoënskade" 1983 *TSAR* 68–73; Lubbe 1984 *SALJ* 627; Visser "Genoegdoening in die deliktereg" 1988 *THRHR* 470; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 224; Burchell 34 123; Van der Merwe en Olivier 195; Erasmus en Gauntlett par 13; Van der Walt 227.

149 Wat bestaande en toekomstige skade insluit: *Mouton v Die Mynwerkersunie* 1977 1 SA 119 (A). In *Wade v Santam* 1985 1 PH J3 (K) en *Coetzee v Guardian National Insurance Co Ltd* 1993 3 SA 388 (W) is daar aanduidings dat die hof inherente regsbevoegdheid het om skadevergoeding in paaiemente toe te staan.

150 Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 224–225.

151 Maw met inagneming van alle beginsels soos bv die verwyderdheid van die skade, bydraende nalatigheid, die voordeeltoerekeningsreël en mitigasieplig: Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 225.

152 *Idem* 224–225; Burchell 34.

153 Van der Merwe en Reinecke 1964 *THRHR* 291; De Wet 1960 *Annual Survey of SA Law* 91. Kahn "Random reflections on damages for misrepresentation" 1961 *SALJ* 146 wys op 'n verdere teenstrydigheid deurdat "restitutionary damages" in geval van 'n skuldlose wanvoorstelling soms meer as deliktuele skade op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling kan beloop.

154 *Caxton Printing Works (Pty) Ltd v Transvaal Advertising Contractors* 1936 TPD 209; *Claassens v Pretorius* 1950 1 SA 37 (O); *Trotman v Edwick* hierbo; *Ruto Flour Mills (Pty) Ltd v Adelson* 1958 4 SA 307 (T); Christie 356; Van der Merwe ea 84.

155 *Pockets Holdings (Pvt) Ltd v Lobel's Holdings (Pvt) Ltd* 1966 4 SA 238 (R); Christie 357; Van der Merwe ea 74–75.

156 Christie 361.

Positiewe interesse in die kontraktereg verskil nie fundamenteel van negatiewe interesse in die deliktereg nie,[157] omdat:[158]

(a) ooreenstemmende resultate in beide voormelde gevalle verkry word; en

(b) dit nie noodwendig 'n bepaalde tipe skade[159] met 'n bepaalde oogmerk[160] verteenwoordig nie.

In die kontraktereg het negatiewe interesse 'n eiesoortige betekenis omdat dit na die benadeelde se vermoënsposisie voor of sonder kontraksluiting verwys.[161] Kontraktuele negatiewe interesse kan slegs geëis word indien die kontrak *ab initio*[162] (nie *in futuro*[163] nie) gekanselleer word.[164] Verder is negatiewe interesse binne kontraktuele verband hoofsaaklik ter sprake:[165]

(a) waar 'n wanvoorstelling tot kontraksluiting aanleiding gegee het;[166] of

---

157 Van der Merwe en Reinecke "Skadevergoeding weens kontrakbreuk: positiewe en negatiewe interesse" 1984 *TSAR* 88 is van mening dat die begrippe positiewe en negatiewe interesse te ruste gelê kan word omdat dit niks positiefs tot die skadevergoedingsreg bydra nie en slegs verwarring veroorsaak. Volgens Van der Merwe "Wanbeskouings oor wanvoorstelling" 1964 *THRHR* 197 201 is die onderskeid tussen positiewe en negatiewe interesse vals.

158 Joubert 1976 *THRHR* 13; Van Aswegen 202; Van der Merwe 1978 *SALJ* 325; Van der Merwe en Olivier 480–481; Visser en Potgieter 71–72. *Contra* Harker 1993 *SALJ* 13 ev wat van mening is dat die benadeelde by kontraktuele negatiewe interesse soms in 'n beter vermoënsposisie geplaas word as waarin hy sou gewees het indien die kontrak reëlmatig uitgevoer is.

159 So word aanvaar dat negatiewe interesse met vergoeding vir werklik gelede skade verband hou, terwyl positiewe interesse na verlore voordele of wins verwys: *Trotman v Edwick* hierbo; *Probert v Baker* hierbo; *Ranger v Wykerd* hierbo; *Lillicrap Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* hierbo. Die tipe skade wat normaalweg deur negatiewe interesse verteenwoordig word, is verspilde onkostes ivm die sluiting van die kontrak (Van der Merwe en Reinecke 1984 *TSAR* 88 onderskryf die gedagte dat skade uit die "nuttelooswording van 'n uitgawe" kan bestaan), verbeurde voordele en onkostes ivm die kontrakbreuk: *Inhambane Oil and Mineral Development Syndicate Ltd v Mears and Ford* hierbo; *Wood v Oxendale* hierbo; *Trichardt v Van der Linde* hierbo; *Van der Watt v Louw* 1955 1 SA 690 (T); *Clarke v Durban and Coast SPCA* 1959 4 SA 333 (N); *Probert v Baker* hierbo; Sharrock 1985 *TSAR* 206 ev.

160 So is daar geen wesenlike verskil tussen die nie-verkryging van 'n kontraktuele voordeel en die beskadiging van 'n saak nie (Visser en Potgieter 72).

161 Van Aswegen 315 ev; Visser en Potgieter 71 75; Sharrock 1985 *TSAR* 201. Feitelike kousaliteit speel 'n belangrike rol by kontraktuele negatiewe interesse (Van der Merwe ea 105 301–303).

162 Dit is *ex tunc*.

163 Dit is *ex nunc*.

164 *Arnold v Viljoen* 1954 3 SA 322 (K); *Salzwedel v Raath* 1956 2 SA 160 (OK); *Sydmore Engineering Works (Pty) Ltd v Fidelity Guards (Pty) Ltd* 1972 1 SA 478 (W); *Bonne Fortune Beleggings v Kalahari Salt Works (Pty) Ltd* 1974 1 SA 414 (NK); *Svorinic v Biggs* hierbo; *Probert v Baker* hierbo; *Hamer v Wall* hierbo; De Wet en Van Wyk 198–199; Sharrock 1985 *TSAR* 205; Van Aswegen 1993 *TSAR* 265; Harker 1993 *SALJ* 5.

165 Van Aswegen 315 ev; Visser en Potgieter 71 75 78 346; Joubert 249 vn 210; Lubbe 1984 *SALJ* 634–635.

166 Die twisvraag in hierdie geval is of die skade deur kontrakbreuk of die wanvoorstelling *veroorsaak* is: Van der Walt 261 vn 174. Let op dat die ontbinding van 'n kontrak op grond van 'n wanvoorstelling ten doel het om algehele aanspreeklikheid (weens die gebrek aan wilsooreenstemming) te negeer, terwyl die kansellasie van 'n kontrak op grond van kontrakbreuk slegs beoog om verdere aanspreeklikheid te voorkom: *Custom Credit Corporation (Pty) Ltd v Shembe* hierbo; Harker 1993 *SALJ* 8–10. Joubert 1976 *THRHR*

vervolg op volgende bladsy

(b) as alternatiewe skadevergoedingsmaatstaf[167] in geval van terugtrede[168] by kontrakbreuk.[169]

Omdat die benadeelde (soms) in 'n beter vermoënsposisie geplaas word as waarin hy sonder kontrakbreuk sou wees,[170] het die positiefregtelike erkenning[171] (welke erkenning geen teoretiese grondslag daarstel nie[172]) dat negatiewe interesse in geval van kontrakbreuk geëis mag word, heelwat kritiek[173] uitgelok.[174]

---

3 wys tereg daarop dat 'n wanvoorstelling 'n benadeelde op *restitutio in integrum* geregtig maak en dat *restitutio in integrum* om hierdie rede nie aan negatiewe interesse gelyk is nie.

167 Meestal word aanvaar dat die benadeelde in hierdie geval 'n keuse het tussen positiewe en negatiewe interesse: *Probert v Baker* hierbo; *Hamer v Wall* hierbo; McLennan 1984 *SALJ* 40–41; Sharrock 1985 *TSAR* 204–205. *Contra* Mulligan "Incompatibility of damages and rescission" 1950 *SALJ* 43, 1957 *SALJ* 306, 1958 *SALJ* 391–392; Harker 1980 *Acta Juridica* 107 wat van mening is dat slegs negatiewe interesse in die onderhawige geval verhaalbaar is. Sharrock 1985 *TSAR* 205 ev is van mening dat skadevergoeding volgens negatiewe interesse slegs verhaalbaar is waar kansellasie van die kontrak *ab initio* (*ex tunc*) plaasvind en nie wanneer die kansellasie *ex nunc* of *in futuro* geskied nie. Mi kan lg standpunt onderskryf word.

168 Die onderliggende rede hiervoor is dat die benadeelde nie sy skade volgens positiewe interesse in die onderhawige geval kan bewys nie: Sharrock 1985 *TSAR* 201–202; Visser en Potgieter 74; *Trichardt v Van der Linde* hierbo; *Acton v Lazarus* hierbo; *Goedhals v Graaff-Reinet Municipality* 1955 3 SA 482 (K); *Clarke v Durban and Coast SPCA* hierbo.

169 In hierdie geval is kontraksluiting (nie die kontrakbreuk nie) deel van die skadestigtende gebeurtenis: *Inhambane Oil and Mineral Development Syndicate Ltd v Mears and Ford* hierbo; *Wood v Oxendale and Co* hierbo; *Trichardt v Van der Linde* hierbo; *Acton v Lazarus* hierbo; *Stowe v Scott* hierbo; *Clarke v Durban and Coast SPCA* hierbo; *Van der Watt v Louw* hierbo; *Goedhals v Graaff-Reinet Municipality* hierbo; *Probert v Baker* hierbo; *Svorinic v Biggs* hierbo; *Hamer v Hall* hierbo; Visser en Potgieter 75; Lubbe 1984 *SALJ* 628–634. Joubert 1976 *THRHR* 14 huldig die standpunt dat skadevergoeding in die onderhawige geval met verwysing na die kontrakbreuk (nie kontraksluiting nie) moet plaasvind.

170 *McCallum v Cornelius and Hollis* 1910 NLR 52; *Lammers and Lammers v Giovannoni* 1955 3 SA 385 (A); *Bonne Fortune Beleggings Bpk v Kalahari Salt Works (Pty) Ltd* hierbo; *Trichardt v Van der Linde* hierbo; Lubbe 1984 *SALJ* 625–627; Sharrock 1985 *TSAR* 209–210.

171 *Stent v Gibson Brothers* (1888) 5 HCG 148; *Inhambane Oil and Mineral Development Syndicate Ltd v Mears and Ford* hierbo; *Wood v Oxendale and Co* hierbo; *Trichardt v Van der Linde* hierbo; *Acton v Lazarus* hierbo; *Hoets v Wolf* hierbo; *Stowe v Scott* hierbo; *Van der Watt v Louw* 1955 1 SA 690 (T); *Whitfield v Phillips* hierbo; *Reid v LS Hepker and Sons (Pvt) Ltd* hierbo; *Probert v Baker* hierbo; *Svorinic v Biggs* hierbo; *Sommer v Wilding* 1984 3 SA 647 (A); *Hamer v Wall* hierbo.

172 Sharrock 1985 *TSAR* 202.

173 Omdat dit nie die benadeelde is wat kontrakbreuk pleeg nie, negeer billikheidsoorwegings in 'n groot mate hierdie kritiek (Visser en Potgieter 77).

174 Joubert "*Probert v Baker*" 1983 *De Jure* 373; McLennan 1984 *SALJ* 40–41; Kerr "*Probert v Baker*" 1984 *THRHR* 460; Lubbe 1984 *SALJ* 616 ev; Sharrock 1985 *SALJ* 618, 1985 *TSAR* 204–205; Van Aswegen 1993 *TSAR* 265; Harker 1993 *SALJ* 5; Van Aswegen 207. Harker 1993 *SALJ* 14 stel dit so: "To allow the aggrieved party to elect to recover damages aeeording to his negative interesse in these eireumstanees would be tantamount to the imposition of a penalty for breach." Van der Merwe en Reineeke 1984 *TSAR* 87 se kritiek teen *Probert v Baker* hierbo is dat die hof positiewe en negatiewe interesse as een vergelykingsmaatstaf behandel, maar daarmee handel asof dit twee verskillende skadestigtende gebeurtenisse is. Joubert 1976 *THRHR* 13 en Van der Merwe ea 111 ev is van mening (mi tereg) dat daar geen beginselverskil tussen positiewe en negatiewe interesse is nie en dat die begrippe weens die verwarring wat dit veroorsaak, vermy moet word.

Ten einde hierdie probleem te omseil, word die benadeelde se vermoënsposisie voor kontraksluiting vergelyk met sy vermoënsposisie asof geen kontrak gesluit is nie.[175]

Verder word die omvang van negatiewe interesse beperk deur:

(a) 'n mitigasieplig wat op die benadeelde rus;[176]

(b) die kontemplasiebeginsel;[177] en

(c) die beginsel dat die omvang van negatiewe interesse nie meer as die omvang van positiewe interesse mag wees nie.[178]

Die *ratio* waarom negatiewe interesse soms in geval van kontrakbreuk toegeken word, is billikheid omdat dit in sommige gevalle prakties onmoontlik is om positiewe interesse te bewys.[179]

2 8 Aanspreeklikheidsbegrensing

Aangesien die moontlikheid van oewerlose aanspreeklikheid 'n wesenlike probleem by (veral nalatige) wanvoorstelling is, is aanspreeklikheidsbegrensing[180] vir doeleindes van hierdie artikel uiters relevant.

Aanspreeklikheidsbegrensing (wat direk met kousaliteit verband hou) dui daarop dat 'n skadevergoedingspligtige nie vir alle skadelike gevolge aanspreeklik gehou kan word nie en dat daar kragtens normatiewe maatstawwe 'n grens vir aanspreeklikheid gestel moet word.[181] Hierdie normatiewe maatstawwe word aan die hand van feitelike en juridiese kousaliteit vasgestel.[182] Verder word juridiese kousaliteit deur onder andere die evaluasie van feitelike kousaliteit en aanspreeklikheidsvestigende elemente[183] bepaal.[184] Juridiese kousaliteit is as algemene reël slegs problematies waar verwyderde skadelike gevolge ("remote consequences") ter sprake is.[185]

---

175 Sien spesifiek *Svorinic v Biggs* hierbo; McLennan 1984 *SALJ* 41; Lubbe 1984 *SALJ* 640; Sharrock 1985 *SALJ* 619; Visser en Potgieter 77.

176 Sharrock 1985 *TSAR* 209.

177 *Van der Watt v Louw* hierbo; Sharrock 1985 *TSAR* 209.

178 *Trichardt v Van der Linde* hierbo; *Whitfield v Phillips* hierbo; *Probert v Baker* hierbo; Sharrock 1985 *TSAR* 209.

179 *Goedhals v Graaff-Reinet Municipality* hierbo; Lubbe 1984 *SALJ* 628; Sharrock 1985 *TSAR* 202. *Contra Clarke v Durban and Coast SPCA* hierbo waar beslis is dat 'n benadeelde by kontrakbreuk 'n keuse het of hy negatiewe of positiewe interesse wil eis. Sharrock 1985 *TSAR* 202–204 onderskryf lg posisie op grond van billikheid. *Contra* Van der Merwe en Reinecke 1984 *TSAR* 87 wat van mening is dat hierdie billikheidsoorwegings 'n "kontrakteregtelike *versari*-leer" daarstel.

180 Wat op kousaliteit dui: *Kruger v Van der Merwe* 1966 2 SA 266 (A); *Minister van Polisie v Skosana* 1977 1 SA 31 (A); *Tuck v Commissioner for Inland Revenue* 1988 3 SA 819 (A); *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* hierbo; *Smit v Abrahams* 1992 3 SA 158 (K).

181 Visser en Potgieter 22 246; Van der Merwe ea 300 ev; Joubert "Voorsiene en voorsienbare skade" 1972 *THRHR* 68.

182 *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* hierbo; Erasmus en Gauntlett par 22 23.

183 Soos nalatigheid en onregmatigheid: Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 169–172.

184 Visser en Potgieter 247.

185 *Alston v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1964 4 SA 112 (W); *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* hierbo; *Muller v Mutual and Federal Insurance Co Ltd* 1994 2 SA 425 (K); De Wet en Van Wyk 226 ev.

Die volgende maatstawwe (teorieë) bestaan om te bepaal of verwyderde skadelike gevolge 'n delikspleger toegereken kan word:[186]

(a) Adekwate veroorsaking, wat meebring dat 'n gevolg wat feitelik deur die dader veroorsaak is, hom toegereken kan word indien dit in 'n adekwate verband[187] met die handeling staan.[188]

(b) "Direct consequences", wat meebring dat die dader slegs vir direkte of regstreekse gevolge van sy handeling aanspreeklik is.[189]

(c) Onregmatigheid en skuld,[190] wat stilswyend die toerekenbaarheid van skade beperk met dien verstande dat die vasstelling van juridiese kousaliteit steeds 'n afsonderlike en onafhanklike voorvereiste vir aanspreeklikheid is.[191]

(d) Redelike voorsienbaarheid van skade ten tyde van die skadeveroorsakende handeling.[192] Daar bestaan egter onsekerheid oor die presiese inhoud van voormelde voorsienbaarheidsmaatstaf en hoe dit van die redelike voorsienbaarheidstoets by nalatigheid verskil.[193]

---

186 Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 172 ev; Visser en Potgieter 247–251; Van Aswegen 330. De Wet en Van Wyk 205 ev is van mening dat die benadering om die toerekenbaarheid van skadelike gevolge binne bepaalde kategorieë te plaas (bv skade wat 'n regstreekse of natuurlike of algemene gevolg van kontrakbreuk is, of gewone of besondere skade daarstel), "gekunsteld, teoreties onsuiwer en prakties onbruikbaar" is.

187 Die verband is "adekwaat" indien die handeling volgens menslike ervaring die algemene neiging het om die betrokke gevolg te laat intree (Visser en Potgieter 348).

188 Boberg 445 447; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 172–174; Erasmus en Gauntlett par 23; Van Rensburg "*Juridiese kousaliteit en aspekte van aanspreeklikheidsbegrensing by die onregmatige daad* (LLD-proefskrif Unisa 1970) 198 ev; Joubert 251; Van der Merwe en Olivier 207; Joubert "Oorsaaklikheid: feit of norm?" 1965 (1) *Codicillus* 10–11.

189 Boberg 440–442; McKerron 126; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 174–176; Joubert 251; Kerr 580 ev; *Frenkel and Co v Cadle* 1915 NPD 173; *Benjamin v Myers* 1946 CPD 655; *Bruce v Berman* 1963 3 SA 21 (T); *Alston v Marine and Trade Insurance Co Ltd* hierbo; *Da Silva v Coutinho* 1971 3 SA 123 (A); *Thandani v Minister of Law and Order* 1991 1 SA 702 (OK); *Smit v Abrahams* hierbo.

190 Van Oosten "Oorsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse strafreg – 'n prinsipiële ondersoek" 1983 *De Jure* 57–60.

191 *Standard Bank of South Africa Ltd v Coetzee* 1981 1 SA 1131 (A); *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A); Van der Merwe en Olivier 198 222–223; Boberg 381; Van Rensburg 155–160; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 176 ev.

192 *Retief v Groenewald* (1896) 10 EDC 140; *Pietersburg Municipality v Rautenbach* 1917 TPD 252; *Workmen's Compensation Commissioner v De Villiers* 1949 1 SA 474 (K); *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 (A); *Ocean Accident and Guarantee Corporation Ltd v Koch* 1963 4 SA 147 (A); *Van den Bergh v Parity Insurance Co Ltd* 1966 2 SA 621 (W); *Botes v Van Deventer* 1966 3 SA 182 (A); *Fischbach v Pretoria City Council* 1969 2 SA 693 (T); *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A); *Minister van Binnelandse Sake v Van Aswegen* 1974 2 SA 101 (A); *Minister van Polisie v Skosana* hierbo; *Smit v Abrahams* hierbo; *Stratton v Spoornet* 1994 1 SA 803 (T); Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 185–187; Boberg 288–290 442–445; McKerron 128–129; Van der Merwe en Olivier 214–216; Visser en Potgieter 249–250; Joubert 252–254; Erasmus en Gauntlett par 24 25; Joubert 1972 *THRHR* 68; Dean "Culpability or remoteness?" 1974 *SALJ* 47; Jordan "Foreseeability of damage" 1993 *THRHR* 44.

193 *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A); *Smit v Abrahams* hierbo; *Stratton v Spoornet* hierbo; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 183; Erasmus en Gauntlett par 24; Dean 1974 *SALJ* 58; Jordan 1993 *SALJ* 44.

(e) 'n *Novus actus interveniens*,[194] wat 'n onafhanklike gebeurtenis na afloop van die dader se handeling is wat die gewraakte gevolg óf veroorsaak óf daartoe bydra.[195]

(f) 'n Mitigasieplig,[196] synde 'n regsplig wat op die benadeelde rus om alle redelike stappe te doen om te verhinder dat skade oploop.[197]

Die positiewe reg erken die bestaan van juridiese kousaliteit[198] maar het nog nie 'n besondere toets vir die bepaling daarvan aangewys nie.[199] In *S v Mokgethi*[200] beslis die hof dat beleidsoorwegings vereis dat aanspreeklikheid nooit die grense van redelikheid, regverdigheid en billikheid mag oorskry nie en blyk die hof ten gunste van 'n buigsame maatstaf te wees ten einde te bepaal of daar 'n voldoende noue verband tussen die handeling en die gevolg daarvan bestaan.[201] In dié verband kan bovermelde maatstawwe 'n nuttige subsidiêre rol speel, maar kan geen toets vir juridiese kousaliteit op sigself in alle gevalle as afgrensingsmaatstaf aangewend word nie.[202] Aanspreeklikheidsbegrensing by skadevergoeding[203] weens kontrakbreuk[204] word aangespreek deur te verwys na algemene

---

194 Wat nie redelik voorsienbaar mag wees nie (Visser en Potgieter 250).

195 Van Oosten 1982 *De Jure* 244–250; Boberg 441 448–449; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 187–189; Erasmus en Gauntlett par 24; *Mafesa v Parity Versekeringsmaatskappy Bpk* 1968 2 SA 603 (O).

196 Wat soms moeilik van bydraende nalatigheid onderskei word: *Fordsham v Aetna Insurance Co* 1959 2 SA 271 (A); *Van Niekerk v Labuschagne* 1959 3 SA 562 (OK); Erasmus en Gauntlett par 27.

197 *Butler v Durban Corporation* 1936 NPD 139; *Hazis v Transvaal and Delagoa Bay Investments Co Ltd* 1939 AD 372; *Shrog v Valentine* hierbo; *Da Silva v Coutinho* hierbo; *Swart v Provincial Insurance Co Ltd* 1963 2 SA 630 (A); *De Pinto v Rensea Investments (Pty) Ltd* 1977 4 SA 529 (A); *Jayber v Miller (Pty) Ltd* 1980 4 SA 280 (W); *Williams v Oosthuizen* 1981 4 SA 182 (K); *Modimogale v Zweni* 1990 4 SA 122 (B); *Ngubane v SA Transport Services* 1991 1 SA 756 (A); *President Insurance Co Ltd v Mathews* 1992 1 SA 1 (A); *Zweni v Modimogale* 1993 2 SA 192 (BA); Kerr 1994 *SALJ* 134 ev; "Anticipatory breach of contract: some problems discussed" 1972 *SALJ* 465; Mulligan 1956 *SALJ* 423; De Wet en Van Wyk 229; Van der Merwe en Olivier 187; Joubert 245; Kerr 586; Visser en Potgieter 237–242; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 222–223; Burchell 126; Christie 647; Joubert 254–255; Van der Merwe en Olivier 187; Erasmus en Gauntlett par 27 31–34; De Wet en Van Wyk 206 ev; Wessels en Roberts 1237 ev; Van der Merwe ea 300–301.

198 *S v Mokgethi* hierbo; Potgieter "Feitelike en juridiese kousaliteit" 1990 *THRHR* 267 ev.

199 *Da Silva v Coutinho* hierbo; *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A); Visser en Potgieter 251.

200 Hierbo, wat met goedkeuring in *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* hierbo aangehaal is.

201 Visser en Potgieter 251; Kerr 1994 *SALJ* 138 ev.

202 *S v Mokgethi* hierbo; *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* hierbo; Visser en Potgieter 251.

203 De Wet en Van Wyk 228 is van mening dat aanspreeklikheid om skadevergoeding weens kontrakbreuk te betaal, nie daarop berus dat die kontrakbreker hom kontraktueel daartoe verbind het nie maar dat dit *per se* ontstaan omdat hy kontrakbreuk gepleeg het en dat sy aanspreeklikheid so ver strek as die skade wat hy tydens kontrakbreuk voorsien het of redelikerwys moes voorsien het. Sien ook *Durr v Buxton White Lime Co* 1909 TS 876; *Steenkamp v Du Toit* 1910 TPD 171; *Richter v Van Aardt* 1917 OPD 85; *Silbereisen Brothers v Lamont* 1927 TPD 382; *Acton v Lazarus* hierbo; *Lampakis v Dimitri* 1937 TPD 138.

204 Aanspreeklikheidsbegrensing in die onderhawige geval word oa as die "limitation of damages" of "remoteness of damages" behandel (Joubert 251; Christie 644).

(intrinsieke) skade,[205] besondere (ekstrinsieke) skade,[206] voorsienbare[207] skade en ooreengekome[208] skade.[209] Die aanspreeklikheidstoets by besondere skade, ten einde die verwyderdheid daarvan te bepaal, is om die volgende redes problematies:

(a) In *Lavery and Co Ltd v Jungheinrich*[210] word die voorsienbaarheidstoets (kontemplasiebeginsel) gebruik om te bepaal of die skade nie te ver verwyderd is nie.[211] Die benadeelde moet ook bewys dat die kontrakbreker inderdaad kennis[212] van die besondere omstandighede het en dat die kontrak op die basis van hierdie besondere kennis gesluit is.[213]

(b) Daarenteen word in *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas*[214] beslis dat die konvensiebeginsel[215] die geldende reg in die onderhawige geval weerspieël.[216]

---

205 Kerr 634; Christie 644. Reinecke *Diktaat* hfst 3 is van mening dat die probleem van aanspreeklikheidsbegrensing in geval van kontraktuele skade ondervang kan word deur 'n behoorlike begrip daar te stel van wat algemene skade is, synde skade wat by kontraksluiting redelik voorsienbaar is.

206 Christie 644.

207 Wat met die kontemplasiebeginsel van kontraktuele skade verband hou: Visser en Potgieter 252; Joubert 1972 *THRHR* 65 ev. In *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* hierbo bevind die hof dat die tydstip van kontraksluiting die relevante tydstip is om die voorsienbaarheid van skade te bepaal, omdat die kontrakspartye se regte en verpligtinge by kontraksluiting vasgelê word en dat hulle op hierdie tydstip hulle aanspreeklikheid kan uitwerk. Kerr 633 is van mening dat die relevante tydstip van voorsienbaarheid in die onderhawige geval die tydstip van kontraksluiting is, maar dat hierdie reël aangepas moet word waar billikheid dit vereis. *Contra* Joubert 253, 1972 *THRHR* 69 en De Wet en Van Wyk 205 ev wat van mening is dat die tydstip van kontrakbreuk die relevante oomblik is om die voorsienbaarheid van skade te bepaal, omdat kontrakspartye by kontraksluiting eerder dink aan die nakoming van die kontrak as die nie-nakoming daarvan: *Outeniqua Produce Agency v Machanick* 1924 CPD 315. Sien ook Christie 645; De Wet en Van Wyk 227–228. Mi moet lg standpunt onderskryf word.

208 Wat soos by voorsienbare skade met die konvensiebeginsel van kontraktuele skade verband hou (Visser en Potgieter 252).

209 *Ibid.*

210 Hierbo.

211 Sien ook *Silverton Estates Co v Bellevue Syndicate* 1904 TS 462; *Dennill v Atkins* 1905 TS 282; *Steenkamp v Du Toit* hierbo; *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* hierbo; *Jockie v Meyer* 1945 AD 354; *Balay v Harwood* 1954 3 SA 498 (A); *Whitfield v Phillips* hierbo; *Heerman's Supermarket (Pty) Ltd v Mona Road Investments (Pty) Ltd* 1975 4 SA 931 (D); *Katzenellenbogen v Mullin* 1977 4 SA 855 (A); *Administrator Natal v Edouard* 1990 3 SA 581 (A); Kerr 617 619–627; Erasmus en Gauntlett par 26; Christie 645; Van der Merwe ea 304–308.

212 Wat op die konvensiebeginsel (nie die kontemplasiebeginsel nie) dui: *North and Son (Pty) Ltd v Albertyn* hierbo; Joubert 253; Kerr 627; Visser en Potgieter 254 314.

213 Visser en Potgieter 254–255; Kerr 626 ev. Sien in die algemeen Mulligan 1956 *SALJ* 27 ev.

214 Hierbo.

215 Visser en Potgieter 256–257 kritiseer die konvensiebeginsel as tipe aanvulling van die kontemplasiebeginsel, omdat eg op 'n onnodige fiksie berus, synde: "Indien kontrakspartye werklike of veronderstelde kennis het dat kontrakbreuk tot bepaalde skade kan lei en hulle sluit die kontrak, kan die kontrakbreker nie skielik omdraai en beweer dat hy nie ooreengekom het om die skade te vergoed nie. Die aangaan van die kontrak met die werklike of veronderstelde kennis, dui tog op sy aanvaarding van die verpligting om voorsiene of voorsienbare skade goed te maak." Sien ook De Wet en Van Wyk 227; Christie 646–647; Kerr 629, 1994 *SALJ* 129 ev.

216 Visser en Potgieter 255; Erasmus en Gauntlett par 26; Kerr 627 ev. Totdat die Hoërhof van Appèl *Lavery and Co Ltd v Jungheinrich* hierbo uitdruklik verwerp, moet aanvaar word dat die konvensiebeginsel steeds ook van krag is: Visser en Potgieter 256; Christie 646; Van der Merwe ea 304–308.

(c) Deur wie (en in welke omvang)[217] die skade voorsien moet word.[218] Daar is gesag dat die skade deur al die betrokke kontrakspartye voorsien moet word.[219] Daarenteen is daar skrywers wat van mening is dat slegs die kontrakbreker se voorsienbaarheid van die skade relevant is.[220] Anders as by deliktuele skade word by kontrakbreuk (skynbaar) vereis dat nie slegs die aard van die skade nie maar ook die omvang daarvan binne die kontemplasie van die kontrakspartye moet wees.[221]

(*Word vervolg*)

HUGO DE GROOT-PRYS

Die Hugo de Groot-prys van R1 000 word elke jaar deur die Vereniging Hugo de Groot uitgeloof aan die outeur wat die beste bydrae oor die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 vir publikasie in die THRHR *aanbied. Die redaksiekomitee behartig die beoordeling na afloop van die kalenderjaar. Die redaksiekomitee behou hom die reg voor om die prys nie toe te ken nie indien die bydraes wat ontvang is, na sy mening toekenning nie regverdig nie.*

217 Sien Kerr 630; *Whitfield v Phillips* hierbo.
218 Visser en Potgieter 256.
219 *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* hierbo; *Whitfield v Phillips* hierbo; *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* hierbo.
220 Joubert 253; De Wet en Van Wyk 227–228.
221 *Dennill v Atkins* hierbo; *Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* hierbo; Kerr 640; Visser en Potgieter 256; Wessels en Roberts 1230.

Die regsbeskerming van privaatregtelike belange ten aansien van inligting

T Geldenhuys
BA LLD
Hoof: Regsdienste, Nasionale Standaarde en Bestuursdienste, Suid-Afrikaanse Polisiediens

SUMMARY

The legal protection of private law interests with regard to information

This article attempts to answer the question whether information qualifies as a legal interest which could form the object of a "subjective right". This is done by analysing the different views of recognised legal writers on what the requirements for such an object should be. In this regard the conclusion is drawn that the differences between these writers are more perceived than real and that it is possible to reconcile them. An attempt is made to abstract from these different views those elements which seem to be universally accepted as requirements with which an object must comply to qualify as the object of a right. Information is tested against these requirements and it is concluded that specific well-defined categories of information (such as the objects protected by copyright, patent law, trade mark law, model law, plant breeder's rights, heraldic law, rights to trade secrets, the right to the goodwill of an undertaking, the right to privacy, the right to identity and the right to good name or reputation) qualify as legal objects and are in fact already recognised as such by our law. These different categories of information are analysed to determine the exact contents of the legal object protected in each instance and it is pointed out that each of the categories displays at least some characteristics of immaterial property. Finally, the protection offered by the law to some objects is investigated and the conclusion drawn that in some instances information is so closely related to an object that, unless such information is protected by the law, the object will not effectively be protected. Case studies are done to point out that the law does indeed protect the information in those instances.

1 DIE REGSBESKERMING VAN BELANGE IN INLIGTING DEUR DIE VERLENING VAN SUBJEKTIEWE REGTE TEN AANSIEN VAN DIE INLIGTING

Volgens Van Zyl[1] kan 'n subjektiewe reg omskryf word as

> "die deur die positiewe reg gereëlde aanspraak van 'n regsubjek op 'n regsobjek ten opsigte van ander persone, wat in die eerste plek impliseer dat die regsubjek in 'n regsverhouding met die regsobjek staan, welke verhouding enersyds inhou dat die regsubjek 'n (werklike of potensiële) beskikkings- en genotsbevoegdheid oor die regsobjek het en andersyds dat die regsobjek regtens bestem is om die

1 Van Zyl en Van der Vyver *Inleiding tot die regswetenskap* (1982) 421 (sien voorts ook die volledige bespreking van subjektiewe regte 412–439).

> regsubjek tot behoeftebevrediging te dien; en wat ook impliseer dat die regsubjek in 'n regsverhouding met derdes staan, welke verhouding in hoofsaak inhou dat hy daarop aanspraak het dat die derdes hulle sal weerhou van 'n inbreuk op die regsobjek."[2]

Uit hierdie omskrywing blyk duidelik dat die verlening van subjektiewe regte ten aansien van regsobjekte wat uit inligting bestaan, daarop sal neerkom dat daar van regsweë erkenning verleen word aan bepaalde beskermingswaardige belange in inligting en dat die betrokke belange van regsweë beskerm word.

Indien daar inderdaad iets soos 'n *subjektiewe reg op inligting* bestaan, sal dit aan 'n *regsubjek* 'n bepaalde aanspraak op inligting as *regsobjek* teenoor ander regsubjekte verleen. Alvorens daar dus sprake kan wees van iets soos 'n "reg op inligting", moet dit eers vasstaan dat inligting as sodanig 'n regsobjek vorm. Die vraag of dit wel die geval is, kan slegs beantwoord word nadat vasgestel is presies wat 'n regsobjek is en wat die vereistes is waaraan 'n entiteit moet voldoen alvorens dit as regsobjek erken sal word.

1 1 Omskrywing van 'n regsobjek

Van Zyl omskryf 'n regsobjek as

> "daardie aspek (faset, sy of funksie) van 'n entiteit wat 'n regswaarde vir 'n bepaalde regsubjek behels op grond daarvan dat een of meer buite-juridiese waardes van daardie entiteit regtens bestem is om, ter uitsluiting van ander regsubjekte, die regsubjek tot behoeftebevrediging te dien."[3]

1 2 Die vereistes vir die erkenning van 'n entiteit as regsobjek

1 2 1 Die entiteit moet vir 'n regsubjek van waarde wees en moet bestem wees om die regsubjek tot behoeftebevrediging te dien

Daar bestaan vandag eenstemmigheid onder juriste dat slegs entiteite wat vir 'n regsubjek van waarde is, as regsobjekte kan dien. Ten aansien van die vraag oor *watter tipe* waarde die entiteit vir die regsubjek moet inhou, word egter verskillende menings aangetref.

Die juriste wat standpunte in hierdie verband inneem, kan in twee groepe verdeel word. In die eerste groep val diegene wat meen dat slegs entiteite wat van *ekonomiese waarde* vir 'n regsubjek is, regsobjekte kan vorm. In die tweede groep val daardie juriste wat meen dat geen besondere eise gestel behoort te word betreffende die waarde wat 'n entiteit moet hê as om regsobjek te dien nie, solank die waarde van die entiteit maar bestem is om die regsubjek tot behoeftebevrediging te dien.

Die standpunt van die eerste groep is oorspronklik deur Dooyeweerd ingeneem, 'n Nederlandse regsfilosoof wie se standpunte 'n groot invloed op die ontwikkeling van die regswetenskap in Suid-Afrika uitgeoefen het. Dooyeweerd stel dit as absolute vereiste dat iets slegs as regsobjek beskou kan word indien dit vir 'n regsubjek van ekonomiese waarde is.[4] Met *ekonomiese waarde* bedoel

---

2 Kyk ook Du Plessis en Du Plessis *Inleiding tot die reg* (1990) 132.

3 Van Zyl en Van der Vyver 405.

4 Dooyeweerd "Grondproblemen in de leer der rechtspersoonlikheid" in 1937 *Themis* 199–263 367–421 (hierna Dooyeweerd *Grondproblemen*) 405–406 408.

Dooyeweerd nie dat die entiteit noodwendig oor 'n geldwaarde of markwaarde moet beskik[5] of selfs dat *ekonomiese waarde* gelykgestel kan word met ruilwaarde nie.[6] Vir hom is *ekonomiese waarde* 'n wyer begrip omdat hy van die standpunt uitgaan dat die ekonomiese aspek van die werklikheid betrekking het op "*de besparende wijze van omgang met relatief schaarse goederen*".[7] Volgens Van der Vyver se interpretasie van Dooyeweerd beteken "relatiewe skaarsheid" dat daar 'n groter aanvraag na as aanbod van dit wat "relatief skaars" is, bestaan.[8] Hommes[9] sluit hom by Dooyeweerd aan deur te verklaar dat dit wat in die ekonomiese verkeer nie vir waardebepaling vatbaar is nie, nie as objek van 'n subjektiewe reg kan dien nie.

Van der Vyver[10] en Van Zyl[11] se vernaamste beswaar teen die standpunt van Dooyeweerd is dat, volgens die betekenis wat Dooyeweerd aan die begrip "ekonomiese waarde" heg, persoonlikheidsgoedere nie geag kan word oor ekonomiese waarde te beskik nie en derhalwe nie regsobjekte kan vorm nie. Volgens Van der Vyver vorm persoonlikheidsgoed onlosmaaklik deel van die persoon van die reghebbende; gevolglik kan dit nie in die ruilverkeer van die handel aangebied word nie en sou enige aanvraag daarvoor sinloos wees omdat dit nie oordraagbaar is nie. Slegs om hierdie rede is dit volgens hom vir Dooyeweerd en Hommes moontlik om "ekonomiese waarde" as vereiste te stel omdat hulle persoonlikheidsgoedere nie as regsobjekte beskou nie.[12] Alhoewel Dooyeweerd wel regte ten aansien van sekere goedere (wat in sy tyd as persoonlikheidsgoedere beskou is), soos outeursreg, handelsmerkereg, ensovoorts erken het,[13] het hy steeds volgehou dat dit wat vandag as persoonlikheidsgoedere beskou word, soos 'n persoon se lewe en sy liggaam, nie regsobjekte kan wees nie. Dooyeweerd stel dit soos volg:

> "Deze zgn. 'rechten' zijn inderdaad niets anders dan door het moderne positieve recht beschermde *subjectieve* rechtsbelangen, die volgens de moderne Westerse opvatting inherent zijn aan de menselijke persoonlikheid naar haar juridisch aspect, maar die naar diezelfde moderne opvatting nimmer op een rechts*objekt* kunnen zijn betrokken."[14]

Dooyeweerd baseer sy standpunt dat persoonlikheidsgoedere nie regsobjekte kan vorm nie daarop dat die mens as *regsubjek* aan die regsverkeer deelneem en dat die mens, of enige aspekte van die mens soos sy persoonlikheid, deel van sy regsubjektiwiteit uitmaak en daarom nooit 'n regsobjek kan wees nie.[15]

---

5 *Idem* 405.
6 *Idem* 407 (veral vn 41).
7 Dooyeweerd *Encyclopaedie der rechtswetenskap* II 17 noem dit ook "krapheid van dienstige goederen".
8 Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* (1985).
9 *De samengestelde grondbegrippen der rechtswetenschap* (1976) 205–206.
10 Van der Vyver en Joubert 9–12.
11 Van Zyl en Van der Vyver 406.
12 Kyk Dooyeweerd *Grondproblemen* 406–407; Dooyeweerd *A new critique of theoretical thought* II (1952–1958) 412–413; Hommes *De elementaire grondbegrippen der rechtswetenschap* (1972) 14–15 370; Hommes *De samengestelde grondbegrippen der rechtswetenschap* (1976) 114 201 206 227.
13 Dooyeweerd *Grondproblemen* 406.
14 Dooyeweerd *Encyclopaedie der rechtswetenschap* I (1966) 173.
15 *Ibid.*

Joubert[16] aanvaar in navolging van Dooyeweerd dat regsobjekte 'n ekonomiese waarde moet hê om as sodanig erken te word. Joubert wys egter ook daarop dat Dooyeweerd ekonomiese belang nie met geldwaarde gelykstel nie en dat Dooyeweerd aanvaar dat die familieportret, wat geen markwaarde het nie, tog die objek van eiendomsreg kan vorm. Die rede wat Dooyeweerd hiervoor aanvoer, is dat dit tog ekonomiese waarde in die familiekring het.[17] Hierbenewens wys Joubert ook daarop dat Dooyeweerd aantoon dat 'n geldbedrag as vergoeding gevorder kan word in die geval van 'n skending van 'n persoonlikheidsgoed; dit beteken dat die persoonlikheidsgoed tog in geldwaarde waardeerbaar is.[18] Joubert bevind gevolglik dat persoonlikheidsgoedere inderdaad volgens die standpunte van Dooyeweerd geag kan word ekonomiese waarde te hê en dat dit derhalwe regsobjekte kan vorm. Joubert word in hierdie verband deur Van Heerden[19] ondersteun. Neethling[20] het self ook vroeër hierdie benadering ondersteun maar ondertussen van standpunt verander en hom by die tweede groep aangesluit.[21]

Van der Vyver[22] vestig die aandag daarop dat die betaling van vergoeding weens die aantasting van persoonlikheidsgoedere nie die geldwaarde van die persoonlikheidsgoedere verteenwoordig nie, maar *troosgeld* is wat juis betaal word omdat die goedere nie in terme van geld waardeer kan word nie. Hy wys voorts daarop dat Dooyeweerd self later van hierdie standpunt afstand gedoen het.

Die vernaamste eksponente van die tweede groep is Van der Vyver, Van Zyl, Neethling en Du Plessis. Van der Vyver,[23] Van Zyl[24] en Neethling[25] is van mening dat Dooyeweerd se standpunt betreffende die vereiste dat 'n objek oor ekonomiese waarde moet beskik om as regsobjek te kwalifiseer, verkeerd is. Volgens hulle, soos trouens ook volgens Du Plessis,[26] bestaan daar geen rede waarom ander buite-juridiese waardes van 'n bepaalde objek nie ook voldoende kan wees om sodanige objek as regsobjek te laat kwalifiseer nie. Hulle neem gevolglik ook die standpunt in dat persoonlikheidsgoedere inderdaad regsobjekte vorm ten spyte daarvan dat sodanige goedere nie oor ekonomiese waarde beskik nie.

Van Zyl,[27] wat sy regsleer op dié van Dooyeweerd baseer,[28] is van mening dat dit voldoende is om 'n entiteit as regsobjek te laat kwalifiseer indien dit oor "een

16 Joubert *Grondslae van die persoonlikheidsreg* (1953) (hierna Joubert (1953)) 119, asook "'n Realistiese benadering van die subjektiewe reg" 1958 *THRHR* 12–15 98–115 (hierna Joubert (1958)) 108–109 112 114–115.

17 Dooyeweerd *Encyclopaedie der rechtswetenschap* II 17. Hy praat hier van 'n sg *pretium affectionis*.

18 Joubert (1953) 113.

19 Van Heerden *Grondslae van die mededingingsreg* (LLD-proefskrif UOVS 1961) 111.

20 Neethling *Die reg op privaatheid* (LLD-proefskrif Unisa 1976) (hierna Neethling *Privaatheid*) 289 (veral by vn 4), asook "Persoonlike immaterieelgoedereregte: 'n Nuwe kategorie subjektiewe regte?" 1987 *THRHR* 316–324 (hierna Neethling *Immaterieel*) 316.

21 Sien Neethling *Persoonlikheidsreg* (1991) (hierna Neethling *Persoonlikheidsreg*) 14 (veral vn 115).

22 Van der Vyver en Joubert 11.

23 *Idem* 11–12; sien ook Van der Vyver "The doetrine of private law rights" in Strauss (red) *Huldigingsbundel WA Joubert* (1988) 229–231.

24 Van Zyl en Van der Vyver 406.

25 Sien *Persoonlikheidsreg* 14 (veral vn 115).

26 Du Plessis en Du Plessis 130–132.

27 Van Zyl en Van der Vyver 405.

28 Kyk *idem* 9.

of meer buite-juridiese waardes" beskik en sodanige waardes "regtens bestem" is om "die regsubjek tot behoeftebevrediging te dien". Van der Vyver[29] en Neethling[30] se standpunte stem klaarblyklik hiermee ooreen. Volgens Van der Vyver moet die entiteit oor 'n waarde beskik "in die sin dat dit 'n juridiese behoefte van 'n regsubjek bevredig". Du Plessis[31] wat ook hiermee saamstem, is selfs tevrede as die entiteit 'n regtens erkende behoefte van 'n regsubjek (kan) bevredig. Volgens hom sal dit van die gemeenskapsedes en -oortuigings afhang of die waarde wat 'n regsobjek vir 'n regsubjek het, regtens erken word of nie.

Persoonlik is ek, in navolging van Van der Westhuizen,[32] van mening dat die teoretiese fundering van die subjektiewe regsleer regswetenskap vorm en nie materiële reg nie. Die regswetenskaplike hou hom besig met die regswerklikheid en probeer om die verskynsels wat reeds in die regswerklikheid voorkom, na te vors en aan die hand van die begrippe van sy leer aan te dui. Die regswetenskaplike hou hom dus nie besig met die vraag of dit nodig is om iets soos subjektiewe regte ten aansien van persoonlikheidsgoed te erken nie, maar wel met die vraag of daar reeds sodanige regte bestaan. Sodra daar gevind word wat inderdaad ook die geval is, dat sodanige regte wel bestaan, is dit die taak van die regswetenskaplike om die presiese inhoud van hierdie regte na te vors en die regte binne die raamwerk van die regswetenskap te klassifiseer en te omskryf.[33] Gesien in die lig van die feit dat subjektiewe regte ten aansien van persoonlikheidsgoed inderdaad bestaan, wat vandag sekerlik nie meer ontken kan word nie, moet van die uitgangspunt uitgegaan word dat persoonlikheidsgoed inderdaad regsobjekte kan vorm. Die onvermydelike afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat indien "ekonomiese waarde" as vereiste vir die erkenning van 'n entiteit as regsobjek gestel word, daar noodwendig van die uitgangspunt uitgegaan moet word dat die begrip "ekonomiese waarde" wyd uitgelê moet word ten einde tot die slotsom te kom dat persoonlikheidsgoed inderdaad oor sodanige waarde beskik.

Indien die benadering van Joubert, as eksponent van die eerste groep, vergelyk word met dié van Van Zyl, Van der Vyver, Neethling en Du Plessis as eksponente van die tweede groep, is dit duidelik dat daar nie 'n wesenlike onderskeid tussen die praktiese uitwerking van hulle onderskeie standpunte bestaan nie. Die betekenis wat Joubert aan die begrip "ekonomiese waarde" heg, is so wyd dat dit betwyfel word of daar enige ander buite-juridiese waarde bestaan wat nie tegelykertyd ook as "ekonomiese waarde" (in hierdie wye sin) bestempel kan word nie. Indien alle ander buite-juridiese waardes ook as "ekonomiese waardes" in hierdie wye sin beskou sou kan word, kan daar geen wesenlike beswaar daarteen wees nie om "ekonomiese waarde" te vervang deur "buite-juridiese waarde" of "regtens erkende waarde" as vereiste vir 'n entiteit om as regsobjek te kwalifiseer. Trouens, om as vereiste te stel dat die entiteit oor "ekonomiese" waarde moet beskik en dan aan die begrip "ekonomiese waarde" in hierdie verband so 'n wye betekenis te heg, kom na my mening neer op die gebruik van onnodig onpresiese terminologie en behoort daarom vermy te word.

---

29 Van der Vyver en Joubert 9–12.

30 Sien Neethling *Persoonlikheidsreg* 14 (veral vn 115).

31 Kyk ook Du Plessis en Du Plessis 132.

32 Van der Westhuizen *Noodtoestand as regverdigingsgrond in die strafreg* (LLD-proefskrif UP 1979) 479.

33 Vgl in hierdie verband in die algemeen Joubert (1958) 12–15 (veral 13–14).

Van der Vyver[34] meld dat daar ekonome is wat meen dat ekonomiese waarde fundamenteel in "behoeftebevrediging" geleë is. Indien die begrip "ekonomiese waarde" in hierdie wye sin verstaan sou word, gee selfs Van der Vyver toe dat daar geen wesenlike verskil tussen sy benadering en dié van Joubert bestaan nie. Volgens hom sou dit egter beteken dat daardeur 'n wyer interpretasie aan die begrip "ekonomiese waarde" geheg word as wat Dooyeweerd self daaraan geheg het.

In die lig van die voorgaande is ek van mening dat die vereiste dat 'n entiteit vir 'n regsubjek van waarde moet wees ten einde as regsobjek te dien, op so 'n wyse geformuleer behoort te word dat dit aantoon dat die entiteit die een of ander buite-juridiese waarde vir 'n regsubjek moet inhou en bestem moet wees om die regsubjek tot behoeftebevrediging te dien, ten einde as regsobjek te kwalifiseer.[35]

1 2 2 Die entiteit moet regtens toedeelbaar wees aan 'n bepaalde regsubjek

Die agtiende-eeuse Engelse filosoof David Hume[36] het daarop gewys dat daar geen behoefte aan die toewysing van regsweë van voorwerpe aan bepaalde mense sou bestaan het nie, indien die natuur aan die mens net soveel van elke ding voorsien het waarvan enige mens maar hoegenaamd kan droom, en die mens, sonder enige inspanning aan sy kant, 'n oorvloed van elke ding waarvan hy maar kan droom, kon bekom het. Hieruit kan 'n mens die afleiding maak dat indien iets vryelik beskikbaar is, soos die vrye lug, daar geen behoefte bestaan om so iets van regsweë aan 'n bepaalde regsubjek, tot uitsluiting van ander regsubjekte, toe te ken nie, met die gevolg dat daar geen behoefte daaraan sal bestaan om dit as regsobjek te erken nie.

Dit is interessant om daarop te let dat Dooyeweerd juis die vereiste van ekonomiese waarde waarna hierbo verwys is, gebruik het om aan te toon dat dit wat vryelik beskikbaar is, soos die vrye lug, nie regsobjekte kan vorm nie.[37] Deur die verwysing na die ekonomie in hierdie vereiste te verwerp, is 'n leemte gelaat. Van Zyl het wel hierdie leemte gedek deur in sy omskrywing van 'n regsobjek voorsiening daarvoor te maak dat 'n entiteit aan een regsubjek, tot uitsluiting van ander regsubjekte, "regtens toedeelbaar" moet wees om as regsobjek te kwalifiseer.[38] Hiermee sluit hy dus die moontlikheid uit dat iets wat aan almal behoort, ingevolge sy omskrywing as regsobjek kan kwalifiseer. Hierdie leemte word egter nie uitdruklik deur Van der Vyver of Du Plessis aangespreek in hulle omskrywings van 'n regsobjek nie.[39]

---

34 Van der Vyver en Joubert 12 (veral vn 7).

35 Vgl ook Venter *Die publiekregtelike verhouding* (1985) 157 ev, wat self ook van mening is dat daar weggedoen moet word met die vereiste dat die regsobjek oor ekonomiese waarde moet beskik.

36 Hume *Enquiries concerning the human understanding and concerning the principles of morals* (1902) 145.

37 Dooyeweerd *Grondproblemen* 405; vgl ook Joubert (1958) 109.

38 Van Zyl en Van der Vyver 407.

39 Van der Vyver en Joubert 12. Volgens hom kan 'n regsobjek gedefinieer word as "iets met waarde in die sin dat dit 'n juridiese behoefte van 'n regsubjek bevredig en as sodanig die voorwerp van 'n subjektiewe reg kan wees". Hy verwys weliswaar na die eienskappe van regsobjekte soos deur Van Zyl en Van der Vyver 406–407 gestel en waarvolgens die objek van so 'n aard moet wees dat dit regtens aan 'n regsubjek toebedeel kan word tot uitsluiting van andere, maar inkorporeer dit nie uitdruklik in sy omskrywing van 'n regsobjek nie. Kyk ook Du Plessis en Du Plessis 132.

Na my mening sou dit egter foutief wees om die essensie van hierdie vereiste bloot te sien as die "nie-vryelike beskikbaarheid van die entiteit". Hierdie vereiste vir 'n regsobjek hou ook ander implikasies in. Daar kan byvoorbeeld nie gesê word dat die visse in die diepsee vryelik beskikbaar is nie. Menige diepseehengelaar wat al by geleentheid vol verwagting op die diepsee uitgegaan het om vis te vang maar nie daarin geslaag het om 'n enkele vis te vang nie, sal hiervan kan getuig! Visse wat vryelik in die diepsee rondswem, kan egter steeds nie as regsobjekte beskou word nie. Eers nadat 'n vis in die diepsee gevang en onder beheer gebring is, kan sodanige vis aan 'n bepaalde regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte toegedeel word. Die mens beskik vir alle praktiese doeleindes nie oor die mag om voordat die vis gevang is, beheer daaroor uit te oefen nie. Alhoewel visse wat nog nie gevang is nie, nie vryelik beskikbaar is nie, kan hulle dus steeds nie as regsobjekte beskou word nie omdat die mens weens sy onmag, ten spyte van die relatiewe skaarsheid van visse, nie beheer oor die visse kan uitoefen nie; dit is gevolglik ook nie vir die reg moontlik om die visse aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte toe te deel nie. Ten einde as regsobjek te kwalifiseer, moet 'n entiteit dus eers vatbaar wees vir menslike beheer alvorens daar sprake van enige toedeling van die entiteit aan 'n bepaalde regsubjek kan wees. Dooyeweerd stel dit soos volg:

> "Wat echter niet, of noch niet cultureer als object beheersbaar is, kan ook geen object van subjectief recht zijn. Zo kan men bv. geen subjectief recht hebben op wilde dieren, die noch vrij in de wildernis rondzwerfen . . ."[40]

Van Zyl[41] stem saam met Dooyeweerd se standpunt dat 'n entiteit "kultureel beheerbaar" moet wees om as regsobjek te kwalifiseer, mits daaronder verstaan word dat die entiteit "aanwendbaar ter bevrediging van behoeftes" moet wees. Uit die voorgaande aanhaling is dit egter duidelik dat dit nie is wat Dooyeweerd hier in gedagte het nie. Die estetiese objektiwiteit (skoonheid) van die wilde dier in sy staat van vryheid kan immers steeds tot behoeftebevrediging van mense dien sonder dat die dier onder beheer gebring word. Omdat die dier egter nie onder beheer is nie kan die estetiese objektiwiteit van die dier nie juridies geobjektiveer word nie.[42] Van Zyl se interpretasie van hierdie vereiste wat Dooyeweerd stel, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat hy nie ingesien het dat 'n entiteit, ten einde regtens toedeelbaar te wees, eers *vatbaar vir menslike beheer* moet wees nie. Hierdie "beheerbaarheidsvereiste" is dus 'n noodsaaklike onderdeel van en voorvereiste vir die "toedeelbaarheidsvereiste" wat Van Zyl stel.

Die twee vereistes wat tot dusver bespreek is, naamlik dat 'n entiteit eerstens nie vryelik beskikbaar moet wees nie en tweedens vatbaar moet wees vir menslike beheer, moet nie as afsonderlike vereistes vir 'n regsobjek gesien word nie, maar eerder as twee interafhanklike komponente van die vereiste dat 'n entiteit regtens toedeelbaar moet wees aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte. Ter illustrasie van hierdie punt kan daarop gewys word dat iets wat vryelik beskikbaar is, soos die vrye lug, per definisie iets is wat nie vatbaar is vir menslike beheer nie. "Vrye lug" is immers per definisie lug wat vryelik rondbeweeg. Dit beteken egter nie dat *bepaalde lugdeeltjies* nie vatbaar is vir menslike beheer nie. Dit is byvoorbeeld moontlik om lug uit die atmosfeer in 'n

40 Dooyeweerd *Encyclopaedie* I 176.
41 407.
42 Vgl Van Zyl in Van Zyl en Van der Vyver 406 waar hy daarop wys dat die estetiese objektiwiteit van 'n troeteldier juridies objektiveerbaar is.

silinder in te pomp en binne die silinder vas te vang. Niemand beskik egter oor die vermoë om die vrye lug *in sy totaliteit* (al die lug in die aarde se atmosfeer) te beheer nie en derhalwe is die vrye lug as sodanig (dit wil sê in sy totaliteit) nie vatbaar vir menslike beheer nie en sal dit nooit 'n regsobjek kan vorm nie. Bepaalde lugdeeltjies *wat byvoorbeeld in 'n silinder vasgevang is*, vorm egter nie meer deel van die vrye lug nie, is nie vryelik beskikbaar nie en is dus vatbaar vir menslike beheer. Sodanige lug (in 'n silinder) is dus inderdaad regtens toedeelbaar aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte en kan dus 'n regsobjek vorm. Alhoewel daar dus nooit sprake kan wees van "die reg op lug" nie, kan daar wel sprake wees van "'n reg op bepaalde *lugdeeltjies*" (te wete daardie lugdeeltjies wat op die een of ander wyse vasgevang is sodat beheer daaroor uitgeoefen kan word).

Joubert[43] stel die vereiste dat 'n entiteit slegs 'n regsobjek kan vorm indien dit

> "'n genoegsame bepaaldheid, omlyndheid en selfstandigheid besit om genot daarvan en beskikking daaroor moontlik te maak".

Daar word aan die hand gedoen dat hierdie vereiste geïmpliseer word deur die wyer vereiste dat 'n entiteit regtens toedeelbaar moet wees aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte ten einde as regsobjek te kwalifiseer. Slegs indien 'n entiteit genoegsaam bepaald, voldoende omlyn en selfstandig is, soos deur Joubert vereis, sal sodanige objek vatbaar wees vir menslike beheer, en kan daar hoegenaamd sprake wees van enige toedeling van die objek aan 'n bepaalde regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte.

1 2 3 Die juridiese toedeling van die entiteit aan 'n regsubjek moet 'n gemeenskapsordende werking hê

Van Zyl[44] verduidelik hierdie vereiste deur 'n pornografiese werk as voorbeeld te gebruik. Alhoewel 'n pornografiese werk aan al die ander vereistes van 'n regsobjek kan voldoen, kan dit nooit die objek van outeursreg wees nie omdat die toedeling van die ekonomiese waarde van sodanige werk nie gemeenskapsordende werking sal hê nie. Om dieselfde rede kan die prestasie ingevolge 'n ongeoorloofde ooreenkoms nooit 'n regsobjek daarstel waarop 'n vorderingsreg betrekking kan hê nie.

Hierdie vereiste hang ten nouste saam met die algemene oogmerk en funksie van die reg, naamlik die erkenning, afbakening en harmonisering van belange in die samelewing. Regsreëls verleen en orden die kompetensie van lede van die samelewing om aan die regsverkeer deel te neem, verleen regte aan die lede van die samelewing en lê hulle verpligtinge op, baken sodanige regte en verpligtinge af en vervul sodoende 'n harmoniserende rol in die samelewing.[45] Die erkenning van iets as regsobjek impliseer dat regte en verpligtinge ten aansien daarvan in die lewe geroep word. Indien sodanige erkenning nie 'n ordende funksie vervul nie maar chaosskeppend van aard is, sal die regsreëls wat daardeur tot stand gekom het nie as ware regsreëls nie maar as skynreg beskou word.[46]

---

43 Joubert (1953) 120; sien ook Neethling *Immaterieel* 316.

44 407.

45 Vgl Van der Vyver in Van Zyl en Van der Vyver 1; Du Plessis "Reg, geregtigheid en menseregte" 1980 *Obiter* 51 ev; Venter *Publiekregtelike verhouding* 158.

46 Vgl Van der Vyver in Van Zyl en Van der Vyver 257.

1 2 4 Samevatting

Die verskillende vereistes vir 'n regsobjek kan soos volg saamgevat word:

'n Entiteit kan as regsobjek dien indien dit:

(1) vir die een of ander regsubjek van waarde is en bestem is om die regsubjek tot behoeftebevrediging te dien;

(2) die entiteit regtens toedeelbaar is aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte (wat impliseer dat dit nie vryelik beskikbaar is nie, vir menslike beheer vatbaar is en genoegsaam bepaald, voldoende omlyn en selfstandig is om die genot daarvan en beskikking daaroor moontlik te maak); en

(3) indien die toedeling van die entiteit aan die regsubjek 'n gemeenskapsordende funksie sal vervul.

1 3 Kwalifiseer inligting as regsobjek?

Ten einde vas te stel of inligting as regsobjek beskou kan word, is dit eerstens nodig om te bepaal of inligting aan die vereistes vir 'n regsobjek waarna hierbo verwys is, voldoen. Eers daarna kan oorweeg word of inligting onder enige van die bestaande klasse regsobjekte tuisgebring kan word en of dit nodig is om nuwe klasse regsobjekte te erken ten einde aan inligting as regsobjek erkenning te verleen.

Die eerste vraag is dus of inligting vir enige regsubjek van waarde is en bestem is om daardie regsubjek tot behoeftebevrediging te dien. Hierdie vraag kan nie ongekwalifiseerd beantwoord word nie. Daar is wel *sekere* inligting waarteenoor identifiseerbare regsubjekte in 'n *bepaalde verhouding* staan, wat vir die *betrokke* regsubjekte van waarde is en bestem is om die regsubjekte tot behoeftebevrediging te dien. Inligting wat as 'n handelsgeheim geklassifiseer kan word, het byvoorbeeld ongetwyfeld waarde vir die persoon wat daaroor beskik en is bestem om hom tot behoeftebevrediging te dien. 'n Handelsgeheim kan gevolglik as voorbeeld van sodanige inligting beskou word. Die moontlikheid kan egter nie uitgesluit word nie dat daar inligting kan wees wat op 'n bepaalde tydstip nie vir enige regsubjek van waarde is nie. Sodanige inligting sal dus nie aan hierdie vereiste vir 'n regsobjek voldoen nie. Slegs nadat vasgestel is na *watter inligting* verwys word en in *watter verhouding* die regsubjek ten opsigte van die inligting staan, kan die vraag of die betrokke inligting aan hierdie vereiste voldoen, dus beantwoord word. Hierdie antwoord sal egter slegs betrekking hê op die betrokke inligting en nie op inligting in die algemeen nie.

Benewens die moontlikheid dat daar inligting kan wees wat nie vir enige regsubjek van waarde is nie, moet ook in gedagte gehou word dat inligting wat vir een persoon van waarde is nie noodwendig vir ander persone van waarde is nie en omgekeerd. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat daar verskillende *kategorieë* inligting bestaan wat elkeen óf vir een of meer persone van waarde is en vir ander waardeloos is, óf vir alle persone waardeloos is.

Die gevolgtrekking is dus onvermydelik dat inligting in die algemeen, dit wil sê sonder om dit te beperk tot 'n bepaalde *kategorie* inligting wat vir een of meer persone van waarde is, nooit 'n regsobjek kan vorm nie omdat dit selfs nie eers aan die eerste vereiste vir 'n regsobjek voldoen nie. Terselfdertyd is dit egter ook duidelik dat daar kategorieë inligting is wat wel vir die een of ander regsubjek van waarde is en tot sy behoeftebevrediging kan dien. Sodanige inligting voldoen dus wel aan hierdie eerste vereiste vir 'n regsobjek.

Die tweede vereiste vir 'n regsobjek is dat 'n entiteit regtens toedeelbaar moet wees aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte. Soos vroeër aangetoon, beteken dit eerstens dat die entiteit nie vryelik beskikbaar moet wees nie, en tweedens dat die entiteit vir menslike beheer vatbaar moet wees. Hierdie vereiste hou besonder interessante implikasies vir die erkenning van inligting as regsobjek in.

In die eerste plek is dit duidelik dat daar heelwat inligting bestaan wat vryelik beskikbaar is en waarmee enige persoon na goeddunke kan handel. Sodanige inligting kan dus nooit 'n regsobjek wees nie. Terwyl die son skyn, sal die helder daglig dien as 'n sintuiglik waarneembare voorstelling van die feit dat die son skyn en is die betrokke voorstelling 'n voorbeeld van inligting wat *op daardie tydstip* vryelik beskikbaar is. Sodanige inligting sal ook nie vatbaar wees vir menslike beheer nie. Dit is immers onmoontlik vir enige enkele persoon om op 'n bepaalde oomblik beheer uit te oefen oor die helder daglig en dit na willekeur aan of af te skakel sodat ander persone dit kan waarneem of nie.

Terselfdertyd is daar egter ook inligting wat nie vryelik beskikbaar is nie. 'n Handelsgeheim wat slegs aan een persoon bekend is, kan as 'n voorbeeld dien van inligting wat nie vryelik beskikbaar is nie. Sodanige inligting is tegelykertyd ook vir menslike beheer vatbaar. Die persoon wat die handelsgeheim ken, kan immers bloot die inligting vir homself hou en sodoende effektiewe beheer daaroor uitoefen.

Hierbo is reeds verwys na die standpunt van Joubert dat 'n entiteit genoegsaam bepaald, voldoende omlyn en selfstandig moet wees om genot daarvan en beskikking daaroor moontlik te maak, en is daarop gewys dat dit uiteraard 'n voorvereiste vir die uitoefening van beheer oor 'n entiteit is dat die entiteit hierdie eienskappe besit.

Soos uit my omskrywing van inligting blyk,[47] is een van die eienskappe van inligting juis dat dit 'n selfstandige bestaan kan voer, afgesonderd van die onderwerp of voorwerp waarop dit betrekking het. Sover dit die vereiste betref

---

47 Sien Geldenhuys *Die regsbeskerming van inligting* (LLD-proefskrif Unisa 1993) 59:
"Inligting is enige voorstelling van feite betreffende enige onderwerp of voorwerp, welke voorstelling
(1) sintuiglik waarneembaar is of in 'n sintuiglik waarneembare vorm omskep kan word;
(2) 'n onstoflike en afsonderlike bestaan voer, verwyderd van dit waarop die feite wat dit voorstel, betrekking het;
(3) oor die potensiaal beskik om 'n persoon, wat dit sintuiglik waarneem, op die hoogte te stel van die feite wat daardeur voorgestel word, selfs al sou dit waarop die feite betrekking het, glad nie, of nie op daardie oomblik, vir sodanige persoon sintuiglik waarneembaar wees nie;
(4) oor die potensiaal beskik om 'n onbeperkte aantal kere gedupliseer te word, hetsy deur dieselfde voorstelling te kopieer of deur ander voorstellings van dieselfde feite saam te stel, en deur middel van die verskaffing van sodanige voorstellings aan een of meer persone, dit vir sodanige persone moontlik te maak om op die hoogte te kom van die feite wat daardeur voorgestel word, sonder dat die persoon wat dit verskaf, deur die verskaffing daarvan van enige kennis aangaande die feite wat deur sodanige voorstelling voorgestel word, afstand doen; en
(5) in die geval van 'n geestesvoorstelling, nie van 'n persoon weggeneem kan word sonder 'n ernstige inbreukmaking op die liggaamlike of geestelike integriteit van die persoon wat sodanige voorstelling gevorm het nie."

dat 'n entiteit voldoende selfstandig moet wees om die genieting daarvan en beskikking daaroor moontlik te maak, kan derhalwe aangeneem word dat inligting inderdaad oor sodanige selfstandigheid kan beskik.

Afgesien van die feit dat 'n entiteit 'n selfstandige bestaan moet kan voer om as regsobjek te kwalifiseer, moet die entiteit egter ook genoegsaam bepaald en voldoende omlyn wees. Indien inligting aan hierdie vereiste getoets word, is dit reeds met die eerste oogopslag duidelik dat inligting in die algemeen, sonder enige afbakening van die inligting, nie as genoegsaam bepaald of voldoende omlyn beskou kan word om as regsobjek te kwalifiseer nie. Slegs inligting wat sodanig afgebaken is dat daar geen onduidelikheid bestaan oor die vraag watter inligting daarby inbegrepe is en watter inligting daarvan uitgesluit is nie, kan as genoegsaam bepaald en voldoende omlyn beskou word om as regsobjek te dien. Vir doeleindes van hierdie artikel sal na inligting wat sodanig afgebaken is, verwys word as 'n *kategorie* inligting. 'n Voorbeeld van 'n kategorie inligting wat sodanig afgebaken is, is handelsgeheime waarna hierbo verwys is.

Selfs al sou inligting egter 'n selfstandige bestaan voer en genoegsaam bepaald en voldoende omlyn wees om vatbaar te wees vir menslike beheer, kan dit steeds nie 'n regsobjek vorm indien dit nie moontlik is om beheer daaroor uit te oefen nie, ongeag die rede waarom dit nie moontlik is om sodanige beheer uit te oefen nie. Dit sou byvoorbeeld die geval wees waar dit, in die voormelde voorbeeld, nie vir die persoon wat oor die handelsgeheim beskik moontlik is om die toegang van buitestanders tot 'n sintuiglik waarneembare voorstelling van die handelsgeheim te beheer nie, soos waar iemand die handelsgeheim algemeen bekend gemaak het en dit derhalwe nie meer vir die voormalige houer van die handelsgeheim moontlik is om te verhoed dat ander daarvan kennis neem nie. In so 'n geval sal die handelsgeheim nie meer geheim nie maar vryelik beskikbaar wees.

Uit die voorgaande kan die indruk gekry word dat uitoefening van beheer oor inligting sinoniem is met uitoefening van beheer oor die bekendheid van inligting. So 'n afleiding sou egter totaal ongegrond wees. Die bekendmaking of geheimhouding van inligting is immers nie die enigste handelinge ten aansien van inligting waaroor beheer uitgeoefen kan word nie. Beheer kan byvoorbeeld ook uitgeoefen word oor die benutting van inligting. Ter toeligting hiervan kan verwys word na 'n handelsgeheim wat bestaan uit inligting oor 'n unieke goedkoop proses waardeur sekere artikels vervaardig kan word. Indien die mededinger van 'n houer van so 'n handelsgeheim met die houer daarvan onderhandel om toestemming te kry om ook die proses te gebruik en die houer sou die inligting waaruit die handelsgeheim bestaan, tydens die onderhandelinge aan die mededinger verskaf ten einde 'n ooreenkoms oor vergoeding vir die benutting daarvan te bereik, sal die mededinger voordat die ooreenkoms bereik is, nie sonder die toestemming van die houer die inligting aan ander kan oordra of die betrokke vervaardigingsproses in sy vervaardiging van sulke artikels kan toepas nie. In so 'n geval sal die houer dus nie alleen oor die bekendmaking van die inligting nie maar ook oor die benutting daarvan beheer uitoefen. Weliswaar moet inligting eers verkry word alvorens dit benut kan word, maar, soos uit die voorgaande voorbeeld blyk, beteken dit nie dat 'n persoon nooit beheer kan uitoefen oor die benutting van inligting deur persone aan wie die inligting bekend is nie. Trouens, hieronder sal aangetoon word dat daar verskeie gevalle is waarin die reg persone verbied om inligting op 'n bepaalde wyse te benut ten spyte daarvan dat die inligting aan hulle bekend is.

Soos uit die voorgaande blyk, is daar dus bepaalde *kategorieë* inligting wat wel aan die toedeelbaarheidsvereiste vir 'n regsobjek voldoen, terwyl daar ook inligting is wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie en derhalwe nie as regsobjek kan kwalifiseer nie. Die vraag of inligting regtens toedeelbaar is aan 'n bepaalde regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte, is dus 'n vraag wat slegs beantwoord kan word nadat vasgestel is of die inligting wat ter sprake is vryelik beskikbaar is of nie, en of die regsubjek wat in die bepaalde verhouding ten aansien van die inligting staan in staat is om effektief beheer oor die inligting uit te oefen.

Soos in die geval van die vorige twee vereistes vir die erkenning van 'n entiteit as regsobjek, sal ook slegs bepaalde kategorieë inligting aan die derde en laaste vereiste vir 'n regsobjek voldoen. Volgens hierdie vereiste sal 'n entiteit slegs 'n regsobjek vorm indien die juridiese toedeling van die entiteit aan 'n bepaalde regsubjek 'n gemeenskapsordende werking het. Alhoewel die juridiese toedeling van *sekere* inligting, soos die handelsgeheim waarna hierbo verwys is, aan 'n bepaalde regsubjek dikwels 'n gemeenskapsordende werking sal hê, sal dit nie noodwendig altyd die geval wees nie. Indien die betrokke handelsgeheim byvoorbeeld slegs aangewend kan word om verdowingsmiddels vir die swartmark te vervaardig, sal die toedeling van die handelsgeheim aan een regsubjek tot uitsluiting van ander regsubjekte chaos veroorsaak omdat misdaadpleging daardeur bevorder eerder as bekamp sal word. Sulke inligting sal dus steeds nie as regsobjek kwalifiseer nie ongeag of dit aan die ander vereistes vir 'n regsobjek voldoen of nie.

1 4 Gevolgtrekking

In die lig van die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat inligting as sodanig of inligting in die algemeen nooit 'n regsobjek kan vorm nie en dat daar dus nie sprake kan wees van 'n subjektiewe reg wat as *die* reg op inligting bekend kan staan nie. Dit is egter eweneens uit die voorgaande duidelik dat daar wel sprake kan wees van bepaalde *kategorieë* inligting wat as regsobjekte kan dien en ten aansien waarvan daar dus subjektiewe regte kan bestaan. In elke geval waar daar so 'n reg ten aansien van inligting bestaan, sou dit myns insiens meer korrek wees om daarna te verwys as "*'n* reg op inligting", in teenstelling met "*die* reg op inligting". Deur die bepaalde lidwoord "die" in hierdie konteks aan te wend, word die benaming "reg op inligting" gemonopoliseer en word die indruk gewek dat die betrokke reg op inligting waarna verwys word, die *enigste* reg op inligting is, wat 'n verkeerde afleiding sou wees.

1 5 Inligting wat as regsobjekte beskou kan word

Ter aanvang moet daarop gewys word dat die kategorieë inligting wat as regsobjekte beskou kan word, geen *numerus clausus* daarstel nie, net soos wat daar geen *numerus clausus* regsobjekte bestaan nie. Benewens enige kategorieë inligting wat reeds erkenning as regsobjekte geniet, kan ander kategorieë inligting in die toekoms ook deur die objektiewe reg as regsobjekte erken word, mits in elke geval bevind sou word dat daar in die feitelike werklikheid 'n selfstandige beskermingsbehoeftige individuele belang ten aansien van 'n betrokke kategorie inligting bestaan en die betrokke individuele belang aan die vereistes vir 'n regsobjek waarna hierbo verwys is, voldoen.[48]

---

48 Neethling *Immaterieel* 316.

Aandrang op die erkenning van sulke regte bestaan reeds, soos uit die volgende voorbeelde blyk:

(a) Mostert[49] is byvoorbeeld van mening dat die "reklamebeeld" 'n voorbeeld is van 'n immateriële goed wat wel aan die vereistes vir 'n regsobjek voldoen en waarop 'n immaterieelgoederereg verleen behoort te word. Word die omskrywing van die "reklamebeeld" wat hy gee, nagegaan, blyk dit dat die reklamebeeld bestaan uit die lokkrag of reklamewaarde soos beliggaam in die identiteit van 'n persoonlikheidskenmerk van 'n individu, 'n fiktiewe karakter of 'n simbool.[50] Die reklamebeeld bestaan dus uit 'n voorstelling van 'n persoonlikheidskenmerk van 'n individu, van 'n fiktiewe karakter of van 'n simbool. In die lig van die omskrywing van inligting wat vroeër gegee is, is dit duidelik dat ons hier met 'n bepaalde afgebakende kategorie inligting te doen het.

(b) Klopper[51] weer propageer die erkenning van 'n subjektiewe reg op "kredietwaardigheid" as regsobjek. Hierdie reg beskou hy as 'n immaterieelgoederereg wat betrekking het op die geestesvoorstelling wat by 'n ander bestaan dat die reghebbende die wil en die vermoë het om sy finansiële verpligtinge na te kom.[52] Ook in die geval van kredietwaardigheid is dit duidelik dat die regsobjek waarvan die erkenning gepropageer word, 'n afgebakende kategorie inligting daarstel.

Volgens die huidige stand van ontwikkeling van ons reg word daar reeds subjektiewe regte verleen ten aansien van regsobjekte wat elkeen uit 'n bepaalde kategorie inligting bestaan. Die subjektiewe regte wat tans in hierdie verband erkenning geniet, sluit in outeursreg, patentreg, die reg op die handelsmerk, modelreg, planttelersreg, heraldiese reg, die reg op privaatheid, die reg op die handelsgeheim en die reg op werfkrag. In die volgende paragrawe sal 'n kort uiteensetting gegee word van die regsobjekte waarop elkeen van die voorafgaande subjektiewe regte betrekking het en sal aangetoon word dat elkeen van hierdie regsobjekte in der waarheid uit 'n bepaalde kategorie inligting bestaan.

1 5 1 Outeursreg

Outeursreg word beheer deur die Wet op Outeursreg[53] en kan omskryf word as daardie alleenreg wat die outeursreghebbende van 'n oorspronklike letterkundige of artistieke werk toekom en wat al die bevoegdhede, van watter aard ook al, omsluit wat die outeur ten aansien van sy skepping kan uitoefen.[54]

---

49 Mostert *Grondslae van die reg op die reklamebeeld* (LLD-proefskrif RAU 1985) (hierna Mostert *Grondslae*) 343–348; "The right to the advertising image" 1982 *SALJ* 413.

50 Mostert *Grondslae* 281 ev. Sien ook Coetser *Die reg op identiteit* (LLM-verhandeling Unisa 1986) 163 wat hierdie reg as die reg op die (individuele) bemarkingskrag beskryf.

51 Sien in die algemeen sover dit die erkenning van kredietwaardigheid as regsobjek betref Klopper *Die beskerming van kredietwaardigheid in die Suid-Afrikaanse reg* (LLD-proefskrif UOVS 1986).

52 Sien Klopper 243 ev.

53 Wet 98 van 1978. Sien egter ook die Wet op die Beskerming van Voordraers 11 van 1967 en die Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente 62 van 1977. Die beginsels wat hieronder tav die Wet op Outeursreg bespreek word, is *mutatis mutandis* ook op hierdie ander wette van toepassing.

54 Neethling *Persoonlikheidsreg* 24 saamgelees met Copeling *Copyright and the Act of 1978* (1978) 3.

Copeling, Du Plessis en Pienaar is van mening dat die regsobjek by outeursreg uit twee komponente bestaan, naamlik (1) die gedagtes of idees wat in die werk vervat word, en (2) die vorm deur middel waarvan die gedagtes en idees uitdrukking vind.[55] Die meeste regsgeleerdes skyn dit eens te wees dat die regsobjek in die geval van outeursreg nie geleë is in die *idees* per se waaruit 'n werk bestaan nie, maar eerder in die *voorstelling* van daardie idees in 'n uiterlik waarneembare fisiese of stoflike vorm.[56] Ten einde die objek van outeursreg te wees, moet die gedagtes of idees van die outeur dus vergestalt of voorgestel word in die een of ander stoflike medium.

Inligting kan omskryf word as 'n voorstelling van feite betreffende enige onderwerp of voorwerp; een van die eienskappe van inligting is dat die voorstelling waaruit dit bestaan, in die een of ander medium of draer gevorm moet wees.[57] Indien die objek van outeursreg aan die hand hiervan ontleed word, is dit duidelik dat die objek uit 'n *voorstelling* van feite betreffende 'n bepaalde onderwerp (naamlik die idees of gedagtes van die outeur) bestaan.[58] Hieruit kan afgelei word dat die objek van outeursreg in der waarheid uit 'n bepaalde kategorie inligting bestaan. Hierdie standpunt word ook deur Hugenholtz gehuldig. Trouens, hy gaan selfs sover om die objekte by outeursreg as *informatiegoederen* te beskryf.[59] Die voorgaande beteken natuurlik nie dat bedoelde inligting ongekwalifiseer en op sigself die objek van die outeursreg van die een of ander persoon is nie. Alvorens die inligting die objek van outeursreg kan vorm, moet dit aan sekere vereistes voldoen.[60] Hierdie vereistes sluit onder andere die volgende in: In die eerste plek moet die inligting bestaan uit *'n voorstelling van die idees of gedagtes van 'n persoon*. Tweedens moet hierdie voorstelling in die een of ander *stoflike vorm* beliggaam wees. In die derde plek moet die voorstelling 'n *werk* daarstel wat aan die vereistes, soos neergelê in die wetgewing wat hierop betrekking het, voldoen. Laasgenoemde beteken dat die inligting 'n letterkundige, artistieke, musikale of ander werk, soos bedoel in die toepaslike wetgewing, moet vorm en moet voldoen aan die vereistes vir sodanige werk soos dit in die betrokke wetgewing uitgespel is. Die objek van outeursreg is dus 'n skerp afgebakende *kategorie inligting*, naamlik daardie kategorie inligting wat aan die voormelde vereistes voldoen.

Die beskerming wat uit hoofde van die outeursreg aan hierdie kategorie inligting verleen word, is hierbenewens ook beperk en sluit byvoorbeeld nie 'n verbod op die openbaarmaking van die inligting in nie. Die beskerming wat ten aansien daarvan verleen word, word uitdruklik in die wetgewing wat daarop betrekking het, uitgespel en verbied byvoorbeeld die maak van skendende kopieë van die werk.

In die lig van die voorgaande word aan die hand gedoen dat outeursreg beskou kan word as 'n voorbeeld van 'n subjektiewe reg op 'n bepaalde kategorie inligting.

---

55 *Ibid.*

56 Du Plessis, Pienaar en Copeling *Handelsreg: Enigste gids vir LWB401–Y (Patentereg en outeursreg)* (1989) 81–83 en gesag aldaar.

57 Sien Geldenhuys *Inligting* 59, aangehaal *supra* vn 47.

58 Vgl ook in die algemeen Copeling *The nature and object of copyright* (1969).

59 Hugenholtz *Auteursrecht op informatie* (1989) 20.

60 Sien hieroor as voorbeeld die vereistes wat blyk uit die woordomskrywings vervat in a 1(1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

1 5 2 Patentreg

Patentregte word deur die Wet op Patente[61] beheer. Die verlening van patentreg het ten doel om die uitvinder van 'n nuwe uitvinding wat op 'n vindingryke handeling berus en wat in die handel, nywerheid of landbou aangewend of toegepas kan word, vir 'n bepaalde tydperk teen die kommersiële eksploitasie van sy uitvinding deur andere te beskerm.[62] Die wetgewer probeer hierdie oogmerk bereik deur aan die uitvinder vir die betrokke tydperk 'n monopolie ten aansien van sodanige eksploitasie te verleen.[63] Hierdie monopolie behels die alleenreg om die uitvinding te vervaardig, aan te wend, uit te oefen en van die hand te sit, sodat die uitvinder gedurende die duur van die patent die wins en voordeel wat uit die uitvinding ontstaan, verkry en geniet.[64]

Ten einde vir so 'n reg te kwalifiseer, moet die uitvinder by die Registrateur van Patente aansoek doen om die registrasie van die nuwe uitvinding en voldoende inligting betreffende die uitvinding aan die registrateur verskaf om hom in staat te stel om onder andere te bepaal of die uitvinding inderdaad 'n nuwe uitvinding is of nie.[65] Die inligting wat tydens so 'n aansoek voorsien moet word, sluit in 'n volledige beskrywing en vasstelling van die uitvinding en die wyse waarop dit in werking gestel word (waar nodig toegelig met tekeninge en voorbeelde).[66]

Die registrateur is verantwoordelik vir die byhou van 'n register waarin die voorgeskrewe besonderhede betreffende patente wat ingevolge die wet aanvaar is, aangeteken word.[67] Enigiemand is geregtig om teen betaling van die voorgeskrewe gelde, insae in die register en afskrifte van enige besonderhede daarin asook afskrifte van sekere dokumente wat in verband met die aansoek ingedien is, te kry.[68]

Uit die bevoegdhede wat aan die houer verleen word, is dit duidelik dat 'n patentreg betrekking het op die *uitvinding* ten aansien waarvan die patent geregistreer is. Dit beteken egter nie dat patentregte strek oor die liggaamlike saak of apparaat wat oorspronklik gebou is en wat die uitvinding beliggaam of die dokument wat die prosedure beskryf nie, maar eerder dat dit strek oor die *idees* van die uitvinder *soos dit in 'n sintuiglik waarneembare vorm in die liggaamlike saak of die dokument voorgestel is*. Die objek van patentreg is dus die *voorstelling* van feite betreffende 'n bepaalde onderwerp (die idees van die uitvinder). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die regsobjek in die geval van patentreg uit 'n bepaalde kategorie inligting bestaan.

Soos in die geval van outeursreg, moet daar nie hieruit afgelei word dat die inligting ongekwalifiseer en op sigself die objek van die patentreg vorm nie. Alvorens die inligting die objek van 'n patentreg sal vorm, moet dit eers aan bepaalde vereistes voldoen. Hierdie vereistes sluit onder andere die volgende in: In die eerste plek moet die inligting bestaan uit *'n voorstelling van die idees of*

61 57 van 1978.
62 Vgl a 25(1).
63 Sien a 45 saamgelees met a 46.
64 A 45(1).
65 A 30 en 32 saamgelees met a 34.
66 A 32(3).
67 A 10.
68 A 12 13.

gedagtes van 'n persoon. Tweedens moet hierdie voorstelling in die een of ander *stoflike vorm* (dit wil sê 'n apparaat of dokument) beliggaam wees. In die derde plek moet die voorstelling 'n *uitvinding* daarstel wat aan die vereistes, soos neergelê in die toepaslike wetgewing, voldoen. Dit behels onder andere dat die uitvinding nuut moet wees, op 'n vindingryke handeling moet berus en in die handel of nywerheid aangewend of toegepas moet kan word.[69] Die objek van patentreg is dus 'n skerp afgebakende *kategorie van inligting*, naamlik daardie kategorie inligting wat aan die voormelde vereistes voldoen.

Die beskerming wat uit hoofde van die patentreg aan hierdie kategorie inligting verleen word, is hierbenewens ook beperk en sluit byvoorbeeld nie 'n verbod op die openbaarmaking van die inligting in nie. Die beskerming wat ten aansien daarvan verleen word, word uitdruklik in die betrokke wetgewing uitgespel en bestaan daarin dat ander persone as die reghebbende verbied word om sonder die toestemming van die reghebbende die uitvinding te vervaardig, aan te wend, uit te oefen of te vervreem.[70]

In die lig van die voorgaande word aan die hand gedoen dat patentreg beskou kan word as 'n voorbeeld van 'n subjektiewe reg op 'n bepaalde kategorie inligting.

1 5 3 Die reg op die handelsmerk

Regte ten aansien van handelsmerke word beheer deur die Wet op Handelsmerke.[71] Die doel met die verlening van handelsmerkregte is om 'n persoon wat 'n bepaalde handelsmerk gebruik, te beskerm teen ander se gebruik van handelsmerke of merke wat soveel ooreenkoms daarmee vertoon dat die verbruiker dit waarskynlik daarmee sal verwar of mislei sal word om te dink dat dit inderdaad die betrokke handelsmerk is.[72] Hierdie oogmerk probeer die wetgewer bereik deur aan die houer van 'n geregistreerde handelsmerk vir 'n bepaalde tydperk 'n monopolie ten aansien van die gebruik daarvan te verleen.[73]

Ten einde vir so 'n reg te kwalifiseer, moet die gebruiker of voorgenome gebruiker van die handelsmerk by die Registrateur van Handelsmerke aansoek doen om die registrasie daarvan. In sy aansoek moet die gebruiker aantoon watter onderskeidende merk hy as handelsmerk gebruik of van voornemens is om te gebruik en ten opsigte van watter goedere, dienste, of klasse van goedere of dienste die merk aangewend word of sal word.[74] Die kantoor van handelsmerke is verantwoordelik vir die byhou van 'n register waarin die voorgeskrewe besonderhede betreffende handelsmerke wat ingevolge die wet geregistreer is, aangeteken word.[75] Enigiemand is geregtig om, teen betaling van die

---

69 Vgl 25(1).

70 Dit is gevolglik te verstane dat die beskikkings- en genotsbevoegdhede wat die uitvinder tav die uitvinding kan uitoefen, soos vroeër aangetoon, betrekking het op die produksie, verkoop en in- of uitvoer van die *uitvinding*. Deur beheer oor hierdie handelinge tav die uitvinding uit te oefen, oefen die reghebbende beheer uit oor die ekonomiese benutting van sy nuwe uitvinding.

71 194 van 1993. Sien ook die Handelswaremerkewet 17 van 1941 waarin die meeste van die beskermingsmaatreëls ingebou is.

72 A 34.

73 A 37.

74 A 9–11 16.

75 A 22(1).

voorgeskrewe gelde, insae in die register en afskrifte van enige besonderhede daarin te kry.[76]

Uit die bevoegdhede wat aan die houer verleen word, is dit duidelik dat 'n handelsmerkreg betrekking het op die handelsmerk wat geregistreer is. 'n Handelsmerk word in artikel 1 van die wet omskryf as

> "'n merk wat gebruik word of ten opsigte waarvan dit die voorneme is dat dit gebruik word deur 'n persoon in verband met goedere of dienste ter onderskeiding van die goedere of dienste in verband waarmee die merk gebruik word of dit die voorneme is om dit te gebruik, van dieselfde soort goedere of dienste wat in die loop van die handel met 'n ander persoon in verband gebring word."

Uit die omskrywing van inligting wat vroeër verskaf is, blyk dat inligting bestaan uit 'n voorstelling van feite. In die lig van die omskrywing van 'n handelsmerk is dit duidelik dat 'n handelsmerk 'n voorstelling daarstel van 'n verband tussen die gebruiker van die handelsmerk en die goedere of dienste ten aansien waarvan dit gebruik word. Hierdie voorstelling is egter ook 'n voorstelling van die feit dat daar 'n onderskeid tussen die dienste of goedere waarop die merk aangebring is en ander dienste of goedere bestaan. Dit beteken dat die merk 'n voorstelling is van die feit dat daar nié 'n verband tussen die dienste of goedere en iemand anders, wat soortgelyke goedere of dienste lewer, bestaan nie. Sover dit beide hierdie aspekte van die voorstelling betref, kan daar dus geen twyfel bestaan nie dat die handelsmerk 'n bepaalde kategorie inligting daarstel. Hierdie inligting moet natuurlik eweneens aan sekere vereistes voldoen soos in die voorgaande omskrywing van 'n handelsmerk uiteengesit word. Voorts is die beskerming wat aan handelsmerke verleen word, soos in the geval van patente en werke wat die objekte van outeursreg vorm, beperk en sluit dit byvoorbeeld nie 'n verbod op die openbaarmaking van die inligting in nie. Die beskerming wat verleen word, is dus slegs beskerming teen die ongemagtigde *benutting* van die inligting (deur die handelsmerk op goedere van byvoorbeeld 'n ander vervaardiger aan te bring).

In die lig van die voorgaande word aan die hand gedoen dat 'n handelsmerkreg beskou kan word as 'n voorbeeld van 'n subjektiewe reg op 'n bepaalde kategorie inligting.

1 5 4 Modelreg

Modelregte word beheer deur die Wet op Modelle.[77] Die verlening van modelleregte het ten doel om die skepper van 'n nuwe model vir 'n bepaalde tydperk teen die kommersiële eksploitasie van die model deur andere te beskerm. Hierdie oogmerk probeer die wet bereik deur aan die houer van die reg vir die betrokke tydperk 'n monopolie te verleen om enige artikel wat val in die klas waarin die model geregistreer is en ten opsigte waarvan dit toegepas is, te maak of om sulke artikels te gebruik of te verkoop.[78]

Ten einde vir so 'n reg te kwalifiseer, moet die skepper of persoon in opdrag van wie die model geskep is of op wie die reg om die model toe te pas, oorgegaan het, by die Registrateur van Modelle aansoek doen om die registrasie van die model en die nodige inligting betreffende die model aan die registrateur

76 A 22(4) en (5).
77 195 van 1993.
78 A 20(1).

verstrek om hom in staat te stel om te bepaal of die model nuut en oorspronklik is (of nie alledaags in die betrokke tegniek is nie) en aan die vereistes vir registrasie voldoen.[79] Die registrateur is verantwoordelik vir die byhou van 'n register waarin die voorgeskrewe besonderhede van modelle wat ingevolge die wet geregistreer is, aangeteken word. Enigiemand is geregtig om, teen betaling van die voorgeskrewe gelde, insae in die register van modelle en afskrifte van enige besonderhede daarin aangeteken en van stukke met betrekking daartoe ingedien, te kry.[80]

Uit die bevoegdhede wat aan die houer of reghebbende van 'n modelreg verleen word, blyk dat die geregistreerde model die regsobjek van die modelreg is. Die wet onderskei tussen 'n *estetiese* en *funksionele* model. Hulle word soos volg omskryf:[81]

> 'n *Estetiese model* is "'n model wat in verband met 'n artikel toegepas word, hetsy wat betref die patroon of die vorm of die gedaante of ter versiering daarvan, of wat betref twee of meer van daardie doeleindes, en op watter wyse dit ook al toegepas word, wat kenmerke het wat die oog trek en uitsluitlik op die oog af beoordeel word, ongeag die estetiese kwaliteit daarvan".
>
> 'n *Funksionele model* is "'n model wat in verband met 'n artikel toegepas word, hetsy wat betref die patroon of die vorm of die gedaante daarvan, of wat betref twee of meer van daardie doeleindes, en op watter wyse dit ook al toegepas word, wat kenmerke het wat genoodsaak word deur die funksie wat die artikel in verband waarmee dit toegepas word, bestem is om te verrig, en ook 'n geïntegreerde stroombaan-topografie, 'n maskerwerk en 'n stel maskerwerke".

Indien hierdie omskrywings in die lig van die omskrywing van inligting wat hierbo verskaf is, beoordeel word, is dit duidelik dat 'n model gesien moet word as 'n vergestalting of voorstelling van 'n bepaalde idee wat die houer gehad het van 'n patroon, vorm of gedaante waarin die artikel waarop dit toegepas is, vervaardig of versier kan word. Die model kan dus gesien word as die voorstelling van 'n bepaalde feit, naamlik die genoemde idee van die reghebbende. Aangesien die voorstelling van 'n feit in die een of ander sintuiglik waarneembare vorm inligting daarstel, kan die afleiding gemaak word dat die model in die geval van 'n modelreg, en derhalwe die regsobjek van die modelreg, uit 'n bepaalde kategorie inligting bestaan. Hierdie inligting moet natuurlik aan die vereistes van die wet voldoen alvorens die model geregistreer sal word en die houer daarvan 'n reg ten aansien daarvan sal bekom. Hierdie vereistes sluit onder andere in dat die model uniek moet wees en op 'n bepaalde artikel toegepas moet wees.

1 5 5 Planttelersreg

Planttelersregte word deur die Wet op Planttelersregte[82] beheer. Die verlening van planttelersregte het ten doel om die plantteler wat 'n nuwe variëteit ontwikkel of ontdek het vir 'n bepaalde tydperk teen die kommersiële eksploitasie van sy ontwikkeling of ontdekking deur andere te beskerm. Hierdie oogmerk probeer die wet bereik deur aan die plantteler vir die betrokke tydperk 'n monopolie ten aansien van sodanige eksploitasie te verleen.[83] Hierdie monopolie behels die

79 A 14–16.
80 A 7–9.
81 A 1.
82 15 van 1976.
83 Kyk a 23(2) saamgelees met die woordomskrywing van "teler" in a 1.

alleenreg om voortplantingsmateriaal van die betrokke variëteit te produseer, te verkoop, of in te voer in, of uit te voer uit die Republiek, terwyl elke ander persoon vir die duur van die planttelersreg die betrokke handelinge slegs na verkryging van 'n lisensie van die reghebbende vir hierdie doel ten aansien van die besondere variëteit mag uitvoer.[84]

Ten einde vir so 'n reg te kwalifiseer, moet die plantteler by die Registrateur van Planttelersregte aansoek doen om die registrasie van die nuwe variëteit en voldoende inligting betreffende die nuwe variëteit aan die registrateur verskaf om hom in staat te stel om te bepaal of die variëteit inderdaad 'n nuwe variëteit is of nie.[85] Die inligting wat tydens so 'n aansoek voorsien moet word, sluit 'n beskrywing in van 'n tipiese plant van die betrokke variëteit en van die prosedure wat gevolg moet word om die betrokke variëteit in stand te hou en voort te plant.[86] Die registrateur is verantwoordelik vir die byhou van 'n register waarin die voorgeskrewe besonderhede betreffende planttelersregte wat ingevolge die wet toegestaan is, aangeteken word. Enigiemand is geregtig om teen betaling van die voorgeskrewe gelde insae in die register en afskrifte van enige besonderhede daarin asook afskrifte van sekere dokumente wat in verband met die aansoek ingedien is, te kry.[87]

Uit die bevoegdhede wat aan die houer verleen word, is dit duidelik dat 'n plantttelersreg betrekking het op die variëteit van die plant ten aansien waarvan die planttelersreg geregistreer is. Dit beteken dat die nuwe *variëteit* wat die plantteler ontwikkel of ontdek het, die objek van die planttelersreg is en nie die plantjie van die nuwe variëteit wat oorspronklik ontwikkel of ontdek is nie. Hierdie nuwe variëteit is egter die resultaat van die eie *idees* wat die plantteler in die teling toegepas het om uiteindelik hierdie variëteit te ontwikkel en is derhalwe 'n geestesproduk van die plantteler. Die variëteit is dus die vergestalting of voorstelling van die idees van die plantteler. Anders gestel, is die variëteit die *idees* van die teler *soos dit in 'n sintuiglik waarneembare vorm deur die variëteit voorgestel* word. Die objek van 'n planttelersreg is dus die *voorstelling* van feite betreffende 'n bepaalde onderwerp (die idees van die plantteler). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die regsobjek in die geval van 'n planttelersreg bestaan uit 'n bepaalde kategorie inligting.

Soos in die geval van outeursreg, moet daar nie hieruit afgelei word dat die inligting ongekwalifiseer en op sigself die objek van die planttelersreg vorm nie. Alvorens die inligting die objek van 'n planttelersreg sal vorm, moet dit eers aan bepaalde vereistes voldoen. Hierdie vereistes sluit onder andere die volgende in: In die eerste plek moet die inligting bestaan uit *'n voorstelling van die idees of gedagtes van 'n persoon*. Tweedens moet hierdie voorstelling in 'n *stoflike vorm* (dit wil sê 'n plant van die nuwe variëteit) beliggaam wees. In die derde plek moet die voorstelling 'n *variëteit* daarstel wat aan die vereistes soos neergelê in die betrokke wetgewing voldoen. Dit behels onder andere dat die variëteit nuut moet wees en tot 'n voorgeskrewe soort plant moet behoort.[88] Die objek van 'n

84 A 23(2) saamgelees met a 23(1). Kyk ook a 23(3) waarin voorsiening vir sekere uitsonderings gemaak word.
85 A 7.
86 Reg 4(2)(a) ingevolge a 44 soos in R 2630 *SK* 7349 van 1980-12-24 uitgevaardig.
87 A 4 en 39(2) saamgelees met reg 23(1)(a).
88 Vgl a 11(1).

planttelersreg is dus 'n skerp afgebakende *kategorie van inligting*, naamlik daardie kategorie inligting wat aan die voormelde vereistes voldoen.

Die beskerming wat uit hoofde van die planttelersreg aan hierdie kategorie inligting verleen word, is hierbenewens ook beperk en sluit byvoorbeeld nie 'n verbod op die openbaarmaking van die inligting in nie. Die beskerming wat ten aansien daarvan verleen word, word uitdruklik in die betrokke wetgewing uitgespel en bestaan daarin dat ander persone as die reghebbende verbied word om sonder die toestemming van die reghebbende die betrokke variëteit te produseer, te verkoop, of in te voer in of uit te voer uit die Republiek.[89]

In die lig van die voorgaande word aan die hand gedoen dat 'n planttelersreg beskou kan word as 'n voorbeeld van 'n subjektiewe reg op 'n bepaalde kategorie inligting.

1 5 6 Heraldiese reg

Heraldiese regte word deur die Heraldiekwet[90] beheer. Die verlening van heraldiese regte het ten doel om aan die reghebbende die uitsluitlike reg te verleen om 'n heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform te dra, te gebruik, te verkoop, te verkwansel of daarmee handel te dryf. Hierdie oogmerk probeer die wet bereik deur aan die reghebbende 'n monopolie te verleen sover dit die verrigting van die betrokke handelinge met betrekking tot die gemelde voorstellings, name of uniforms betref.[91]

Ten einde vir so 'n reg ten aansien van 'n heraldiese voorstelling te kwalifiseer, moet die amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon by die Buro vir Heraldiek aansoek doen om die registrasie van die heraldiese voorstelling.[92] Ten einde vir so 'n reg te kwalifiseer ten aansien van 'n naam, spesiale naam of betiteling wat deur die vereniging of inrigting gebruik word vir sy lede of die lede van enige organisasie deur die vereniging of inrigting daargestel, of ten aansien van 'n uniform deur die vereniging of inrigting gebruik, moet die vereniging of inrigting by die Buro vir Heraldiek aansoek doen om die registrasie van die naam, spesiale naam of uniform.[93] Aansoeke om registrasie moet vergesel wees van die dokumente en ontwerpe wat die Staatsheraldikus bepaal.[94] Die doel hiervan is klaarblyklik om hom in staat te stel om vas te stel of sodanige heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform nie reeds ten gunste van 'n ander instelling of persoon geregistreer is nie en of dit voldoende verskil van ander reeds geregistreerde voorstellings, name, spesiale name of uniforms, dat dit nie daarmee verwar sal word nie. Die Buro vir Heraldiek is verantwoordelik vir die byhou van 'n register waarin die besonderhede betreffende heraldiese voorstellings, name, spesiale name en uniforms aangeteken word.[95] Enige persoon is geregtig op insae in die register en die buro

89 A 23(2) saamgelees met a 23(1). Kyk ook a 23(3) waarin voorsiening vir sekere uitsonderings gemaak word.
90 18 van 1962.
91 Sien a 21 waarin aan die reghebbende 'n aksie verleen word om skadevergoeding van 'n inbreukmaker te eis indien hy die betrokke handelinge sonder die skriftelike magtiging van die reghebbende sou uitvoer.
92 A 7(1).
93 A 7(3).
94 A 7(8).
95 A 5.

kan aan enige persoon teen betaling van die voorgeskrewe gelde 'n uittreksel uit die register of 'n weergawe van 'n geregistreerde voorstelling, naam, spesiale naam of uniform verskaf.[96]

Die regsobjek wat by heraldiese regte ter sprake is, is die heraldiese voorstelling, naam, spesiale naam of uniform wat die onderwerp is waaroor die heraldiese reg strek. By die oorweging van die aard van die objek waarop heraldiese regte betrekking het, is dit belangrik om kennis te neem van sekere woordomskrywings wat in die wet voorkom. Kragtens artikel 1 is 'n heraldiese voorstelling "'n wapen, kenteken of ander embleem". 'n "Wapen" word weer omskryf as

> "'n voorwerp of figuur synde 'n simboliese voorstelling in kleure op 'n skild aangebring volgens die beginsels en reëls van die heraldiek, met of sonder 'n kroon, helm, helmteken, dekklede, skildhouers, wapenspreuk of ander bystukke".

'n "Kenteken" word omskryf as

> "'n voorwerp of figuur, synde 'n simboliese voorstelling, maar nie op 'n skild aangebring nie, wat as herkennings- of onderskeidingsteken vir amptelike of munisipale doeleindes of deur 'n vereniging of persoon gebruik word".

'n "Uniform" word weer omskryf as

> "enige kledingstuk of -stukke van onderskeidende ontwerp en kleur maar sonder 'n heraldiese voorstelling, bestem om deur lede van 'n vereniging of inrigting wat nie van 'n politieke of godsdienstige aard is nie, gebruik te word".

In die lig van die omskrywing van inligting wat vroeër gegee is, kan 'n mens die afleiding maak dat 'n heraldiese voorstelling, synde 'n simboliese voorstelling van iets, as inligting beskou moet word. Ook 'n uniform kan in hierdie verband as 'n voorstelling beskou word. Die doel met die dra van 'n uniform is immers om persone wat iemand sien wat die uniform dra, in te lig dat die betrokke uniformdraer die een of ander verbintenis met 'n bepaalde instelling, persoon of groep persone het. Die uniform wat 'n persoon dra, is dus 'n voorstelling van 'n verbintenis tussen die uniformdraer en die groep persone met wie die uniform geassosieer word. Die uniform vorm dus self inligting betreffende die verbintenis. Dieselfde geld die naam of spesiale naam waarna vroeër verwys is. Die naam van 'n instelling word immers met die betrokke instelling geassosieer. Wanneer iemand na 'n bepaalde instelling wil verwys, is dit tog gebruiklik om die naam van die instelling te noem ten einde die instelling te identifiseer waarna verwys word. Die naam van 'n instelling kan dus beskou word as 'n voorstelling van die identiteit van die instelling waarna verwys word. Daar kan dus weinig twyfel bestaan dat die regsobjek in die geval van heraldiese regte uit inligting bestaan.

1 5 7 Die reg op die handelsgeheim

'n Handelsgeheim kan volgens Knobel[97] omskryf word as ekonomies waardevolle, vertroulike bedryfsinligting. Reeds uit die omskrywing is dit duidelik dat

---

96 A 17(1).

97 "Die deliktuele beskerming van die reg op die handelsgeheim in die mededingingstryd" in Neethling (red) *Onregmatige mededinging/Unlawful competition* (1990) 70; sien ook Knobel *The right to the trade secret* (LLD-proefskrif Unisa 1996) 186; Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 223–224.

die handelsgeheim, wat die objek van hierdie reg vorm, suiwer uit inligting bestaan.

Die reg op die handelsgeheim word volgens Knobel geskend wanneer daar ongemagtigde kennisname,[98] benutting[99] of openbaarmaking[100] van die handelsgeheim plaasvind.[101] Die benadeelde behoort in beginsel enige skade wat hy weens só 'n skending gely het, deur middel van die *actio legis Aquiliae* van die inbreukmaker te kan verhaal.

1 5 8 Die reg op werfkrag

Elke onderneming bestaan uit 'n aantal ondernemingskomponente wat volgens die idee of plan van die ondernemer op so 'n wyse in 'n organisatoriese eenheid saamgesnoer is, dat dit as ekonomiese ondernemingseenheid hoër waarde verkry as die somtotaal van die waarde van die selfstandige komponente waaruit dit saamgestel is.[102] Hierdie hoër waarde staan bekend as die *werfkrag* ("goodwill") van die onderneming. Die werfkrag van 'n onderneming is dus 'n skepping of geestesproduk van die ondernemer. Dit kan 'n selfstandige bestaan onafhanklik van die ondernemer en selfs onafhanklik van die onderskeie komponente van die onderneming voer.[103] Die reg ten aansien van hierdie hoër waarde staan bekend as die reg op die werfkrag.

Die werfkrag van 'n onderneming verteenwoordig dus die idee of plan van die ondernemer soos dit gestalte vind in die organisatoriese eenheid wat, ooreenkomstig die idee of plan van die ondernemer, deur die samevoeging van ongelyksoortige ondernemingskomponente bewerkstellig is. Die organisatoriese eenheid waarin die onderskeie komponente van die onderneming saamgesnoer is, is dus 'n waarneembare vergestalting of voorstelling van die idee of plan van die ondernemer. Aangesien die werfkrag 'n waarneembare voorstelling is van 'n feit (die plan of idee van die ondernemer) sou 'n mens dus, in die lig van die omskrywing van inligting wat vroeër aanvaar is, die afleiding kon maak dat die werfkrag as regsobjek uit inligting bestaan.

1 5 9 Die reg op privaatheid

Volgens Neethling[104] kan privaatheid omskryf word as "'n individuele lewenstoestand van afsondering van openbaarheid" wat

> "al daardie persoonlike feite wat die belanghebbende self bestem om van kennismaking deur buitestanders uitgesluit te wees en ten opsigte waarvan hy 'n privaathoudingswil het",

98 Knobel in Neethling (red) 79 veral vn 52. Alhoewel die regspraak nie uitdruklik meld dat blote kennisname 'n skending kan daarstel nie, skyn daar, soos Knobel aandui, tog aanknopingspunte in die regspraak te wees waaruit so 'n afleiding gemaak kan word.

99 Sien ook *Dunn and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau* 1968 1 SA 209 (K) 221D–G.

100 Sien bv *Northern Office Micro Computers (Pty) Ltd v Rosenstein* 1981 4 SA 123 (K).

101 Knobel in Neethling (red) 78–79.

102 Van Heerden en Neethling 94–96.

103 Die ondernemer sou bv die onderneming met behoud van die werfkrag daarvan kon verkoop en die werfkrag kan selfs 'n tyd lank bly voortbestaan, selfs nadat die ondernemingseenheid tot niet gegaan het – sien Van Heerden en Neethling 97–99; *Polakow Bros (Pty) Ltd v Gershlowitz* 1976 1 SA 863 (OK).

104 Neethling *Persoonlikheidsreg* 34.

omsluit.[105] In sy proefskrif oor die reg op privaatheid[106] omskryf Neethling dit nader deur te sê dat privaatheid bestaan uit

> "*die somtotaal van inligting of feite* wat op die belanghebbende in sy toestand van afsondering betrekking het en sodoende van kennismaking deur buitestanders uitgesluit is".

By die oorweging van die vraag oor die presiese aard en inhoud van privaatheid as regsobjek, is dit belangrik om dit te onderskei van die individu se reg op fisiese integriteit. Hierdie reg het volgens Neethling[107] twee sye, naamlik die liggaam self en die liggaamlike vryheid. Trouens, Neethling beskou die liggaamlike vryheid en die liggaam self as afsonderlike regsobjekte waarop afsonderlike persoonlikheidsregte betrekking het.[108] Hoe dit ook al sy, dit staan vas dat enige belemmering van die bewegings- en handelingsvryheid van die individu 'n skending van 'n ander persoonlikheidsgoed as privaatheid daarstel.[109] Die bevoegdheid van die individu om hom fisies en psigies van ander af te sonder, is dus 'n bevoegdheid wat uit 'n ander persoonlikheidsreg as die reg op privaatheid voortspruit. Slegs nadat die individu hierdie bevoegdheid uitgeoefen het (dit wil sê hom fisies of psigies afgesonder het), kom privaatheid ter sprake. Die persoonlike feite[110] en inligting wat deur die betrokke individu in sy toestand van afsondering gegenereer word en op hom in daardie toestand betrekking het, vorm dan die regsobjek waarop sy reg op privaatheid betrekking het.

Uit die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat privaatheid as regsobjek 'n besondere kategorie inligting omvat. Waar daar verder in hierdie artikel na hierdie kategorie inligting verwys word, sal die term "private inligting" gebruik word.

Soos Neethling[111] tereg aantoon, kan 'n privaatheidskending *slegs* plaasvind waar daar 'n kennismaking met hierdie inligting in stryd met die bestemming en wil van die reghebbende plaasvind. Sodanige kennisname kan plaasvind indien die buitestander self met sulke inligting kennis maak (die sogenaamde *indringingsgevalle*) of indien die buitestander sulke inligting, wat steeds privaat is alhoewel dit aan hom bekend is, aan derdes openbaar (die sogenaamde *openbaarmakingsgevalle*). Indien 'n persoon in stryd met die bestemming en wil van die reghebbende met private feite betreffende die reghebbende kennis maak of sodanige feite aan derdes oordra, kan die reghebbende met die *actio iniuriarum* genoegdoening van die inbreukmaker eis terwyl hy met die *actio legis Aquiliae* skadevergoeding vir enige vermoënskade kan eis wat hy as gevolg van die inbreukmaking ly.

1 5 10 Die reg op identiteit

"Identiteit" verwys na al daardie fasette van die mens se persoonlikheid wat hom as 'n bepaalde persoon identifiseer en hom van ander onderskei.[112] Voorbeelde

---

105 Sien ook *National Media Ltd v Jooste* 1996 3 SA 262 (A) 271; *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 (T) 384; Neethling "Die reg op privaatheid en universiteite" in Van Wyk (red) *Nihil obstat: Feesbundel vir WJ Hosten* (1996) 129.

106 Neethling *Privaatheid* 282 en gesag aldaar.

107 Neethling *Persoonlikheidsreg* 27.

108 *Idem* 28 en gesag aldaar.

109 *Ibid.*

110 Vgl weer die omskrywing van feite wat hierbo (vn 47)verstrek is.

111 Neethling *Persoonlikheidsreg* 28.

112 *Idem* 37 ev.

van *indicia* van 'n persoon se identiteit is die persoon se lewensgeskiedenis, sy karaktereienskappe, stem, handskrif, kredietwaardigheid, gestaltebeeld en naam.[113]

'n Persoon se identiteit word geskend indien *indicia* daarvan sonder magtiging gebruik word op 'n wyse wat nie met die ware persoonlikheidsbeeld van die reghebbende te versoen is nie,[114] soos waar die *indicia* van die identiteit van 'n bepaalde persoon vir ekonomiese doeleindes gebruik word en die gebruik daarvan die valse indruk skep dat die persoon toestemming daartoe verleen het, vergoeding daarvoor ontvang het, of dat die persoon 'n bepaalde produk, diens of onderneming steun.[115] Die kern van 'n identiteitskending is dus geleë in die skep van 'n valse voorstelling van die persoonlikheid of 'n bepaalde persoonlikheidseienskap van 'n sekere persoon. Sodanige valse voorstelling kan natuurlik geskep word deur 'n ware voorstelling van een of meer fasette van die persoon se persoonlikheid op so 'n wyse aan te bied dat die totale voorstelling, waarvan die ware voorstelling 'n deel vorm, 'n valse beeld van die persoon se persoonlikheid skep.[116]

By die oorweging van die aard van die regsobjek by die reg op identiteit is dit belangrik om die regsobjek by die reg op fisiese integriteit daarvan te onderskei. Alhoewel die gestaltebeeld van die mens een van daardie fasette van die mens se persoonlikheid is wat hom van ander onderskei, beteken dit nie dat iemand wat 'n persoon se gesig fisies skend en sodoende die gestaltebeeld van die persoon skend, die persoon se reg op identiteit aantas nie. So 'n fisiese skending van die persoon se gesig stel 'n skending van die persoon se reg op fisiese integriteit daar en tas nié sy reg op identiteit aan nie – deur die persoon se gestaltebeeld te skend het die dader immers nie 'n valse voorstelling van daardie persoon se gestaltebeeld geskep nie. Indien die dader egter 'n foto van die persoon neem en veranderings daarop aanbring sodat dit lyk of die reghebbende se gesig geskend is, terwyl dit in der waarheid nie die geval is nie, sal die dader daardeur 'n valse voorstelling van die gestaltebeeld van die persoon skep en dus op die persoon se reg op identiteit inbreuk maak.[117] Dieselfde geld al die ander *indicia* van 'n persoon se persoonlikheidsbeeld.

Uit die voorgaande blyk dit dat die reg op identiteit betrekking het op elke *indicium* of *voorstelling* van 'n faset van 'n persoon se persoonlikheidsbeeld wat die betrokke persoon as 'n bepaalde individu identifiseer of individualiseer.[118] Sodanige voorstelling is iets wat buite die persoon geleë is alhoewel dit onlosmaaklik met die persoon self gekoppel is deurdat dit op die persoon se persoonlikheidsbeeld betrekking het. Die voorstelling moet dus van die persoonlikheidsbeeld self onderskei word. Slegs deur hierdie voorstelling, wat buite die reghebbende geleë is, sonder die reghebbende se toestemming aan te wend op 'n wyse wat 'n valse beeld van 'n faset van die persoon se persoonlikheidsbeeld skep, kan die reg op identiteit aangetas word. Die regsobjek by die reg op identiteit bestaan dus uit 'n *voorstelling van 'n faset van die persoonlikheidsbeeld*

113 *Ibid.*
114 *Idem* 263 ev.
115 *Ibid.*
116 Coetser 196.
117 *Idem* 198–199.
118 Neethling *Persoonlikheidsreg* 37.

van die reghebbende. Aangesien inligting bestaan uit 'n voorstelling van feite, is dit duidelik dat hierdie voorstelling inligting daarstel. Die reg op identiteit is dus 'n reg op 'n bepaalde afgebakende kategorie inligting. Hierdie kategorie inligting moet natuurlik aan sekere vereistes voldoen, waaronder ingesluit is dat dit 'n voorstelling van 'n faset van 'n persoon se persoonlikheidsbeeld daar moet stel waardeur die betrokke persoon geïdentifiseer of geïndividualiseer kan word. Die beskerming wat ten aansien daarvan verleen word, is beperk omdat dit byvoorbeeld nie die blote openbaarmaking van die inligting verbied nie, maar slegs sodanige openbaarmaking sonder die toestemming van die reghebbende en dan ook net waar dit gedoen word op 'n wyse wat 'n valse beeld van die persoonlikheid van die reghebbende skep.

1 5 11 Die reg op die goeie naam of reputasie

'n Persoon se goeie naam is die agting en aansien wat hy in die samelewing geniet.[119] Enige handeling wat die effek het om 'n persoon se aansien in die gemeenskap te laat daal, tas gevolglik sy goeie naam aan.

Die agting en aansien wat 'n persoon in die samelewing geniet, is nie iets wat in die persoon self geleë is nie, maar is iets wat in die gedagtes van die ander lede van die gemeenskap bestaan en wat bepaal word deur die kennis van die betrokke persoon waaroor daardie lede van die gemeenskap beskik. Elke lid van die gemeenskap evalueer hierdie kennis op 'n subjektiewe wyse ooreenkomstig die waardesisteem wat in daardie stadium in die betrokke gemeenskap geld, en vorm aan die hand daarvan 'n bepaalde dunk van die betrokke persoon. 'n Bepaalde lid van die gemeenskap kan byvoorbeeld aan die hand hiervan "baie" of "min" van die betrokke persoon dink. Hierdie dunk wat een persoon van 'n ander het, is 'n geestesvoorstelling wat bloot die waarde-oordeel vergestalt wat die persoon ten aansien van die ander gevorm het na aanleiding van die kennis van daardie persoon waaroor hy beskik. Hierdie waarde-oordeel word beïnvloed deur 'n verskeidenheid faktore, waarby ingesluit is die inligting betreffende die betrokke persoon se gedrag, sy sedelike en morele oortuigings, opvoedkundige kwalifikasies, finansiële posisie, fisiese of geestelike gesteldheid, ensovoorts waaroor die persoon beskik.

Hieruit blyk dat die agting en aansien wat 'n persoon in die samelewing geniet, verlaag kan word deur die persoon self (indien hy in die openbaar optree op 'n wyse wat onversoenbaar is met die agting en aansien wat hy in die gemeenskap geniet) en deur die verspreiding van inligting betreffende die persoon, sy gedrag, uitsprake, ensovoorts. In die eerste geval is daar geen sprake van 'n persoonlikheidskrenking nie omdat die persoon self vir die verlaging van die agting en aansien wat hy geniet het verantwoordelik is. In die tweede geval sal daar eweneens slegs sprake van 'n persoonlikheidskrenking wees indien die persoon nie die inligting self versprei of tot die verspreiding daarvan toestem nie.

Die afleiding wat uit die voorgaande gemaak kan word, is dat 'n persoon se goeie naam of reputasie 'n geestesvoorstelling is wat in die gedagtes van ander lede van die gemeenskap bestaan. In die lig van die omskrywing van inligting wat hierbo gegee is, is die goeie naam of reputasie van 'n persoon dus 'n bepaalde afgebakende kategorie inligting.

---

119 *Idem* 29.

Dit is natuurlik belangrik om daarop te wys dat *elke* persoon in die gemeenskap nie so 'n geestesvoorstelling ten opsigte van *elke ander persoon* in die gemeenskap vorm nie. By die beoordeling van die vraag of 'n bepaalde persoon se goeie naam of reputasie aangetas is, sal 'n hof van 'n objektiewe redelikheidsmaatstaf gebruik maak. By die toepassing hiervan sal die hof van die uitgangspunt uitgaan dat elke persoon in die gemeenskap, en derhalwe ook die eiser, oor 'n goeie naam beskik en sal die hof oorweeg of dit verwag kan word dat die gedrag van die verweerder 'n redelike lid van die gemeenskap sou beweeg het om minder agting vir die eiser te koester of dat die aansien van die eiser by 'n redelike lid van die gemeenskap sou daal as gevolg van die verweerder se optrede. Indien wel, sal die hof bevind dat daar 'n aantasting van die goeie naam van die eiser plaasgevind het. Indien dit boonop wederregtelik en opsetlik geskied het, sal die eiser met die *actio iniuriarum* genoegdoening van die dader kan verhaal, en skadevergoeding vir vermoënskade met die *actio legis Aquiliae*.[120]

1 6 Die klassifikasie van regsobjekte bestaande uit inligting ooreenkomstig die indeling van regsobjekte

Regsobjekte word gewoonlik[121] ingedeel in sake, immateriële goedere, persoonlikheidsgoedere en prestasies. Hierdie groepe kan soos volg omskryf word:

(1) *Sake* 'n Saak kan omskryf word as "'n stoflike ding wat 'n regsubjek regtens teenoor ander regsubjekte toekom; dit wil sê wat regtens bestem is om in die een of ander opsig 'n regsubjek tot behoeftebevrediging te dien".[122] Die regte hierop heet *saaklike regte*.

(2) *Immateriële goedere* 'n Immateriële goed word omskryf as "'n onstoflike menslike geestesproduk wat 'n regsubjek regtens teenoor ander subjekte toekom".[123] Die regte hierop word *immateriële goedereregte* genoem.

(3) *Persoonlikheidsgoedere* 'n Persoonlikheidsgoed is "'n aspek van die reghebbende se eie persoonlikheid wat hom regtens teenoor ander subjekte toekom".[124] Die regte hierop staan bekend as *persoonlikheidsregte*.

(4) *Prestasies* 'n Prestasie bestaan uit 'n handeling van iemand, soos die gee of lewering van iets, die doen van iets (anders as om iets te gee of te lewer), en die nie-doen of weerhouding daarvan om iets te doen.[125] Die regte hierop word *vorderingsregte* genoem.

Dit is belangrik om daarop te let dat die voorgaande vier klasse van regsobjekte nie 'n *numerus clausus* daarstel nie.[126] Namate die regswetenskap ontwikkel en die behoefte daarvoor ontstaan, kan verdere klasse regsobjekte erkenning verkry. In die onlangse verlede is die moontlikheid byvoorbeeld deur Neethling[127] geopper dat die stadium van ontwikkeling in ons regspraak nou bereik is waar

120 Sien in die algemeen hieroor Neethling *Persoonlikheidsreg* 29.
121 Vgl bv Van Zyl en Van der Vyver 407 ev; Joubert (1958) 113; Van der Walt *Delict: Principles and cases* (1979) 22; Van der Vyver en Joubert 8.
122 Van Zyl en Van der Vyver 408; vgl ook Van der Merwe *Sakereg* (1989) 23 en die werke waarna in vn 121 verwys is.
123 Van Zyl en Van der Vyver 408; vgl ook die werke waarna in vn 121 verwys is.
124 *Ibid*.
125 Van der Vyver en Joubert 8; vgl ook die werke aangehaal in vn 121.
126 Sien oa Venter 159.
127 *Immaterieel* 317.

ernstige aandag geskenk behoort te word aan die moontlikheid van die erkenning van 'n *vyfde* kategorie van regsobjekte. Neethling noem hierdie kategorie regsobjekte *persoonlike immateriële goedere*. Onder *persoonlike immateriële goedere* verstaan Neethling daardie immateriële vermoënsgoed wat aan die persoonlikheid verbonde is en sluit regsobjekte soos 'n persoon se *verdienvermoë* en sy *kredietwaardigheid*[128] in.

Van Zyl[129] is ook van mening dat die huidige stand van ontwikkeling van ons reg reeds vereis dat die indeling hersien word en dat ander klasse van regsobjekte erken word.[130]

Met die uitsondering van private inligting, 'n persoon se goeie naam of reputasie en sy identiteit, word elkeen van die kategorieë inligting wat reeds erkenning as regsobjekte geniet en waarna hierbo verwys is, as immateriële goedere beskou en die regte wat ten aansien daarvan bestaan, aldus as immaterieelgoedereregte.

Indien die omskrywing van inligting ontleed word wat hierbo verskaf is, blyk dit dat inligting as sodanig 'n onstoflike en selfstandige bestaan voer afgesonderd van die onderwerp of voorwerp waarop dit betrekking het. Dit is derhalwe ook nie verbasend nie dat die gemelde regsobjekte bykans almal uit immateriële goedere bestaan. Trouens, dit is kwalik denkbaar dat 'n kategorie inligting wat 'n regsobjek vorm, ooit sal kan bestaan sonder dat dit minstens bepaalde immateriële eienskappe vertoon.

Die regte op privaatheid, identiteit en die goeie naam stel oënskynlik die enigste uitsonderings in hierdie verband daar. Private inligting vorm immers die regsobjek van die reg op privaatheid wat op sy beurt weer as deel van die persoonlikheidsreg gesien word. Die blote feit dat die reg op privaatheid egter deel vorm van die persoonlikheidsreg, beteken nie dat private inligting geen immateriële eienskappe vertoon nie. Trouens, die teenoorgestelde is juis waar. Een van die basiese onderskeidende kenmerke van immateriële goedere is dat dit 'n bestaan afsonderlik van die mens kan voer. Daar kan geen twyfel wees dat private inligting 'n bestaan afsonderlik van die mens kan voer nie. Indien dit nie moontlik was nie, sou dit immers nie vir 'n buitestander moontlik gewees het om private inligting van die reghebbende, in die afwesigheid van die reghebbende, aan derdes te openbaar nie. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Die blote feit dat private inligting sekere immateriële eienskappe vertoon, bring nie mee dat dit om daardie rede nie deel van die persoonlikheidsreg kan vorm en eerder onder die kategorie van immateriële goedere ingesluit moet word nie. 'n Tweede belangrike eienskap van 'n immateriële goed is dat dit uit 'n *nietasbare produk van die menslike gees* bestaan.[131] Private feite is egter iets wat selde as die *produk van die reghebbende se gees* beskou sal kan word. Indien iemand 'n foto van die reghebbende neem waar hy nakend op sy bed in sy eie slaapkamer lê en slaap, sal 'n mens nouliks kan beweer dat die foto 'n produk van die reghebbende se gees vorm! Indien die indringing in die kamer en die neem van die foto

128 Sien in die algemeen sover dit die erkenning van kredietwaardigheid as regsobjek betref, Klopper *op cit*.

129 411.

130 *Ibid*. Van Zyl dink hier veral aan familieregtelike en publiekregtelike regsobjekte wat nie binne die bestaande indeling tuisgebring kan word nie.

131 Du Plessis en Du Plessis 134.

in so 'n geval in stryd met die bestemming en die wil van die reghebbende plaasgevind het, stel die indringing in die toestand van afsondering waarin die reghebbende verkeer het en waarneming van die reghebbende in daardie toestand, reeds 'n skending van die reghebbende se privaatheid daar. In so 'n geval is dit juis die vorming van die geestesvoorstelling deur die indringer wat die immateriële goed, naamlik die beeld wat deur die waarneming in die indringer se gedagtes opgewek is, geskep het. Die posisie sover dit die reg op privaatheid betref, geld *mutatis mutandis* ook vir die reg op identiteit en die reg op die goeie naam.

(*Word vervolg*)

With due deference to Ernest K Gann's Flying Circus, *I am enlightened to the truth that every pilot holds an insatiable lust for the alluring charms of flight; that once the sensual pleasure of controlling an aircraft is mastered, exhilaration diminishes and incurable habit takes command; once the secretly nursed conviction that something dangerous and dramatic might happen – with him as hero or victim – is forgotten, then the heart joins the mind in submission to the enchantment of flight. From flight one cannot sample the thrillings of polluted joy to the agonies of eternal despair, nor should its unique pleasures be compared with the voluptuousness of sex, the bawdy joys of drink or the dubious dreams of opiates, for when a pilot is aloft, he is not lost, but found. I have paid this tribute to flight,* en passant, *lest it be said that a pilot's foresight could become clouded by the rapture of flight, which flatters his confidence and lessens his usual alertness* (per Hattingh J in *Masureik (t/a Lotus Corporation) v Welkom Municipality* 1995 4 SA 745 (O) 764).

AANTEKENINGE

INKORTING VAN "RESTRAINT OF TRADE"- BEDINGE IN KONTRAKTE: *MAGNA ALLOYS* SE NAGESLAG

1 Agtergrond

Byna 20 jaar gelede – 'n mens skrik as jy besef die aardse lewe vlieg so vinnig by jou verby – het daar 'n vonnisbespreking van my in die *Tydskrif* verskyn ('n bespreking van *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré* 1977 4 SA 494 (N); sien 1978 *THRHR* 208). Hierdie saak, en gevolglik die vonnisbespreking, het gehandel oor kontrakte wat bedinge bevat wat die handelsvryheid van 'n kontraksparty aan bande lê. Die bekende Engelse begrip in hierdie verband is *contracts* (of *covenants*) *in restraint of trade*. Daar is verskillende verskyningsvorme van hierdie tipe afsprake tussen kontrakspartye. Bloot ter wille van agtergrond vir lesers wat hulle nie juis met die kontraktereg besig hou nie, word daar volstaan met twee bekende voorbeelde.

Wanneer 'n persoon 'n onderneming koop, word daar dikwels 'n bepaling in die kontrak ingevoeg wat die verkoper verbied om vir 'n bepaalde tyd binne 'n sekere gebied 'n soortgelyke besigheid te begin of 'n belang daarin te hê. Dienskontrakte bevat ook soms beperkende bepalings wat 'n werknemer verbied om na diensbeëindiging 'n soortgelyke beroep vir 'n sekere tyd binne 'n ooreengekome area te beoefen. Uit die aard van die saak wissel hierdie tipe bepalings in kontrakte wat hulle strekwydte betref met betrekking tot tyd, area en tipe handelinge wat verbied word.

Na die persoon op wie die beperking geplaas word, word gewoonlik verwys as die "covenantor" en na die reghebbende as die "covenantee". Daar kan goedskiks in Afrikaans gepraat word van die skuldenaar en die skuldeiser onderskeidelik, of, as 'n mens nou 'n bietjie meer geleerd wil klink in hierdie dae waarin Latyn nie eens meer 'n dwingende leerplan-vereiste vir voornemende juriste is nie, van *promissor* en *stipulator* (Hiemstra en Gonin *Drietalige regswoordeboek* (1992) 33).

"Restraint of trade"-bedinge is net geldig indien 'n substantiewe belang daardeur beskerm word, soos handelskontrakte, handelsgeheime of klandisiewaarde. So 'n beding is ongeldig indien dit bloot ten doel het om mededinging uit te skakel. Hierdie is geykte reg en daar is 'n groot aantal sake wat dit bevestig (sien Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 26 en gesag aldaar. Die jongste sake wat hierdie beginsel direk of indirek bevestig is *Amalgamated Retail Ltd v Spark* 1991 2 SA 143 (SOK); *Sibex Engineering Services (Pty) Ltd v Van Wyk* 1991 2 SA 482 (T); *Rawlins v Caravantruck (Pty) Ltd* 1993 1 SA 537

(A); *Basson v Chilwan* 1993 3 SA 742 (A) 767; *Paragon Business Forms (Pty) Ltd v Du Preez* 1994 1 SA 434 (SOK); *Macphail (Pty) Ltd v Janse van Rensburg* 1996 1 SA 594 (T)).

In gemelde vonnisbespreking in die 1978-*Tydskrif* is 'n hele aantal kwessies oor kontrakte ter beperking van die handelsvryheid aangeraak waarvan sommige weerklank gevind het in 'n toonaangewende appèlhofsaak (*Magna Alloys and Research (Pty) Ltd v Ellis* 1984 4 SA 874 (A)). Die appèlhof neem in hierdie saak kennis van die standpunte van 'n paar akademiese skrywers wat hervorming op hierdie gebied van die reg in meerdere opsigte bepleit het, en stem op talle punte met die skrywers saam. Die gevolg hiervan was dat die reg in hierdie verband ingrypend gewysig is. Daar is in die besonder wegbeweeg van sekere beginsels van die Engelse reg wat oor baie dekades heen hier by ons toegepas is. Die posisie in die Engelse reg word bondig deur *Chitty on contracts* (red Guest (1994) par 16–066) weergegee:

> "All covenants in restraint of trade are *prima facie* unenforceable at common law and are enforceable only if they are reasonable with reference to the interests of the parties concerned and of the public. Unless the unreasonable part can be severed by the removal of either part or the whole of the covenant in question, its inclusion renders the covenant or the entire contract unenforceable. A covenant in restraint of trade (if unreasonable) is void in the sense that courts will not enforce it, but if the parties wish to implement it they would not be acting illegally . . ."

Die bewyslas rus op die skuldeiser-*stipulans* om die hof te oortuig dat die beperking redelik is. Die tydstip vir beoordeling in hierdie verband is die tydstip van kontraksluiting (Furmston *Cheshire, Fifoot and Furmston's Law of contract* (1991) 406).

In die *Magna Alloys*-saak beslis die hof dat die toetssteen vir die afdwingbaarheid van kontrakte ter beperking van die handelsvryheid die openbare belang is, en nie die redelikheid van die beding nie. 'n Onredelike beding sal waarskynlik ook teen die openbare belang wees maar dit is nie noodwendig die geval nie (sien Otto 1978 *THRHR* 211; vgl ook Van der Merwe "Die funksie van die reëls ter beskerming van die handelsvryheid" 1988 *TSAR* 266). Voorts is kontrakte van hierdie aard as uitgangspunt geldig, en nie ongeldig nie. Voortaan sou die bewyslas ook op die persoon rus wat die beding aanval en nie op die persoon wat dit wil afdwing nie. 'n Hof is ook by magte om 'n beperking wat teen die openbare beleid aanstoot slegs gedeeltelik af te dwing sodat dit nie langer die openbare belang skaad nie. Die hof moet kyk na die omstandighede wat geld op die tydstip waarop die hof gevra word om die beperking af te dwing. Dié uitspraak het dus die Engelsregtelike benadering omtrent op sy kop gekeer.

Die beginsels wat in die *Magna Alloys*-saak neergelê is, is sedertdien in 'n groot aantal sake gevolg en toegepas. Die saak het ook in Zimbabwe sy invloed laat geld (*Book v Davidson* 1989 1 SA 638 (ZSC)). Die beginsels wat in die saak vervat is, is selfs teen die tussentydse Grondwet 200 van 1993 en in besonder artikel 26 wat 'n reg tot vrye ekonomiese verkeer aan iedereen verleen, getoets. Die howe was egter van mening dat die beginsels wat in *Magna Alloys* vervat is, nie teen die Grondwet aanstoot nie. (Sien *Walton's Stationery Co (Edms) Bpk v Fourie* 1994 4 SA 507 (O). Hierdie beslissing is gevolg in *Kotze & Genis (Edms) Bpk v Potgieter* 1995 3 SA 783 (K). *Knox D'Arcy Ltd v Shaw* 1996 2 SA 651 (W) het dieselfde resultaat opgelewer. Sien ook *Dav Personnel Group CC v Williams* 1996 2 *Juta's Digest of SA Law* 7. Hierdie interessante aangeleentheid

word ook bespreek deur Grové in 'n vonnisbespreking van die *Walton's*-saak (1994 *De Jure* 393) en in 'n aantekening van Rautenbach en Reinecke "Kontrakte ter beperking van die handelsvryheid en die grondwetlike reg om vrylik aan die ekonomiese verkeer deel te neem" 1995 *TSAR* 551.) 'n Mens sal maar moet wag en kyk wat die regspraak onder die nuwe Grondwet oplewer.

Die doel van hierdie aantekening is om slegs op een spesifieke aspek van bedinge wat die handelsvryheid beperk, en wat voortvloei uit *Magna Alloys*, te konsentreer en wel na aanleiding van die howe se hantering daarvan. Hierdie aspek is die bevoegdheid van 'n hof, wat deur die appèlhof onderskryf is, om beperkinge wat teen die openbare belang is te verminder of in te kort. By gebrek aan 'n beter begrip sal hierna verwys word as 'n hof se temperingsbevoegdheid.

2 Temperingsbevoegdheid

2 1 Engelse reg

Indien 'n beding ter beperking van die handelsvryheid onredelik is, is dit ingevolge die *common law* ongeldig. 'n Hof skryf nie kontrakte vir partye oor nie. Die hof sal nie dele uit 'n beding laat of woorde invoeg ten einde 'n onredelike beperking redelik te maak nie. Al wat 'n hof kan doen, is om 'n *deelbare* beding te verdeel en dié dele te skrap wat die beding onredelik maak. Dit is die sogenaamde leerstuk van "severance". Daar word in dié verband gepraat van die "blue pencil rule". 'n Hof kan naamlik slegs "met 'n blou pen" dele uit 'n beding skrap as daardie beding werklik deelbaar is in die sin dat dit voorsiening maak vir "two or more substantially distinct and independent parts" (Walker *The law of contract and related obligations in Scotland* (1995) par 12.42), of werklik "separate covenants" bevat (Treitel *The law of contract* (1995) 463).

'n Hof mag nie, buite-om die reëls van "severance", andersins 'n kontrak verander of oorskryf nie. Voorts moet deurhaling nie tot gevolg hê dat die wese van die beding in die slag bly nie. Omdat hierdie streng alles-of-niks-benadering tot ongewenste resultate lei deurdat dit tot gevolg kan hê dat geen beperking op 'n persoon rus nie in omstandighede waar 'n mindere beperking geregverdig sou wees, het die howe soms met uitlegreëls probeer om die probleem te ontkom. (Sien vir die beginsels van die Engelse reg, benewens die bronne reeds genoem, Trebilcock *The common law of restraint of trade. A legal and economic analysis* (1986) veral 47 ev 72 ev 242 ev 327 ev; Koffman *The law of contract* (1995) 305 ev; Heydon *The doctrine of restraint of trade* (1971) veral 279 ev; *Cheshire, Fifoot and Furmston's Law of contract* 423 ev; *Chitty on contracts* par 16–167. Kanadese bronne wat geraadpleeg kan word, is Waddams *The law of contracts* (1993) 390; Fridman *The law of contract in Canada* (1986) 401. Australiese bronne wat die *common law* uiteensit, is oa Carter *et al Cases and materials on contract law in Australia* (1988) 624 en Starke *et al Cheshire and Fifoot's Law of contract. Australian edition* (1992) 539.)

2 2 Afwykings van die "common law"

Daar is reeds in die 1978-vonnisbespreking (1978 *THRHR* 211) kortliks daarop gewys dat sekere lande nie altyd gediend was met die starre beginsels van die *common law* nie. In Amerika, byvoorbeeld, is daar in sekere state verder gegaan

as wat die "blue pencil rule" toelaat en is beperkings verminder om die onredelike deur die redelike te vervang (Heydon 283).

Nieu-Seeland het selfs verder gegaan en wetgewing daaroor aangeneem. Wetgewers steur hulle tradisioneel nie veel aan die kontraktereg nie. Bekende uitsonderings is wetgewing wat onbillike kontraksbedinge reël en verbruikerskredietwetgewing. Die Nieu-Seelandse wetgewer is egter besonder bedrywig op hierdie terrein. Benewens wette wat op huurkoop en kredietverskaffing betrekking het, verwys een handboek na die volgende wette in die land van die silwervaring: die Contracts Enforcement Act 1956; Contractual Mistakes Act 1977; Contractual Remedies Act 1979; Illegal Contracts Act 1970; Minors' Contracts Act 1969; Contracts (Privity) Act 1982; Frustrated Contracts Act 1944 (Burrows *et al Cheshire and Fifoot's Law of contract. New Zealand edition* (1992) 229 259 293 354 412 453 645).

Nieu-Seeland het dan ook in 1970 die Illegal Contracts Act aanvaar (Wet 129 van 1970; sien *New Zealand Statutes* 1970 (1) 608). Artikel 8 reël beperkings op die handelsvryheid en bepaal dat 'n hof drie bevoegdhede het ten opsigte van "an unreasonable restraint of trade". Die hof kan eenvoudig die bepaling skrap en die kontrak andersins afdwing; of die bepaling so aanpas dat dit by kontraksluiting redelik sou gewees het indien dit in die aangepaste vorm was; of waar aanpassing of skrapping in so 'n mate die afspraak tussen die partye wysig dat dit onredelik sou wees "to allow the contract to stand", weier om die kontrak af te dwing. 'n Hof mag 'n bepaling in die kontrak aanpas selfs al kan die aanpassing nie geskied sonder die weglating van woorde in die bepaling nie.

Die effek van die Nieu-Seelandse wet is om 'n hof toe te laat om bedinge wat die handelsvryheid beperk, oor te skryf. Dit vervang die "common law principle of severance" (Cheshire & Fifoot se Nieu-Seelandse uitg 409). In *H&R Bloch Ltd v Sanott* 1976 1 NZLR 213 (SC) het die hof so ver gegaan as om woorde in die verbodsbepaling *in te voeg* ten einde dit duideliker te stel. 'n Radius van 25 myl is ook tot vyf myl verminder en 'n tydsduur van vyf jaar na drie jaar. In *Brown v Brown* 1980 1 NZLR 484 (CA) het die hof 'n beperking wat op die hele Nieu-Seeland betrekking gehad het, verminder tot 'n afgebakende deel van die Noord-Eiland en 20 jaar verminder tot 12. Dit is interessant dat die hof faktore in aanmerking geneem het wat nie vreemd is aan die werkswyse wat ons howe oor die jare gevolg het nie. Die hof het byvoorbeeld gelet op die verhouding tussen die kontrakspartye (nl of hulle op vrywillige, gelyke vlak gekontrakteer het), die omvang van die klandisiewaarde, en die aard en omvang van die besigheid (sien ook *Landzeal Group v Kyne* 1990 3 NZLR 574 (HC) 584).

In Australië het die staat Nieu-Suid-Wallis ook wetgewing in hierdie verband aanvaar, te wete die Restraints of Trade Act (Wet 67 van 1976; sien *The Statutes of New South Wales* 1976 (2) 2. 'n Teks van die belangrikste bepalings in die wet kom ook voor in Carter *et al* 625. Die wet word bespreek deur Carter en Harland *Contract law in Australia* (1996) 599). Die wet bepaal dat 'n beperking op die handelsvryheid geldig is in die mate wat dit nie teen die openbare belang is nie, of dit deelbaar is of nie (a 4(1)). Die temperingsbepaling is vervat in artikel 4(3) wat 'n interessante kinkel in sy kabel het. 'n Hof mag op aansoek van 'n *promissor* 'n beperking op terme wat die hof goed ag, geheel en al ongeldig of gedeeltelik geldig verklaar. Die kinkel is dat die beperking teen die openbare belang moet wees

> "by reason of, or partly by reason of, a manifest failure by a person who created or joined in creating the restraint to attempt to make the restraint a reasonable restraint".

Die doel van die Nieu-Suid-Walliese wet is eweneens om algehele nietigheid van beperkingsbedinge in gepaste gevalle te verhoed (Cheshire en Fifoot se Australiese uitg 543). Hierdie skrywers meen dat dit moontlik is om woorde in die kontrak in te voeg om 'n onredelike beperking aan bande te lê. In *Orton v Melman* 1981 1 NSWR 583 (Eq) is dan ook gesê dat die wet nie so eng uitgelê moet word dat dit net weer neerkom op die "blue pencil rule" nie. In *Iraf (Pty) Ltd v Graham* 1982 1 NSWR 419 (Eq) het die hof van hierdie wet gebruik gemaak om 'n drie-jaar-beperking te verminder na een jaar. Dit is weer eens interessant om daarop te let dat die hof verskeie faktore in ag neem, te wete die feit dat 'n groot deel van die koopprys vergoeding vir klandisiewaarde verteenwoordig het, dat die *promissor* vaste kliënte opgebou het met wie hy 'n persoonlike verhouding gehad het en dat die partye op gelyke voet gekontrakteer het. Die tydperk is nogtans as te lank beskou.

2 3 Tempering van bedinge in Suid-Afrika

In *Magna Alloys* stel die appèlhof die beginsel dat

> "die Hof nie daartoe beperk is om te bevind dat 'n beperkende bepaling in sy geheel afdwingbaar of onafdwingbaar is nie, maar ook by magte is om te beslis dat 'n gedeelte van so 'n beperking afdwingbaar of onafdwingbaar is" (898D).

'n Beding wat mededinging uitskakel of beperk en wat teen die openbare belang is, kan dus ingekort en slegs gedeeltelik afgedwing word sodat dit nie in stryd met die openbare beleid is nie. Die appèlhof gee toe dat dit neerkom op 'n wysiging van die partye se kontrak maar regverdig dit in die lig daarvan dat dit hier gaan om wat die openbare belang vereis (896C).

Die moontlikheid om 'n beperking te verminder het in 'n hele aantal sake sedert *Magna Alloys* ter sprake gekom. Selfs voor dié beslissing was daar sake wat 'n nuwe rigting ingeslaan het en waarin die howe bereid was om beperkings te temper, of minstens hulle goedkeuring aan so 'n werkswyse verleen het (sien bv *Drewton's (Pty) Ltd v Carlie* 1981 4 SA 305 (K) 312C). Die belangrikste saak in hierdie verband was *National Chemsearch (SA) v Borrowman* 1979 3 SA 1092 (T). Regter Botha kritiseer in dié saak die Engelsregtelike leerstuk van deelbaarheid heftig as synde kunsmatig en nie behoorlik beskryf nie. Hy is van mening dat 'n hof 'n algemene diskresie moet hê om 'n beperking slegs gedeeltelik af te dwing ten einde dit redelik te maak. Dit, meen die regter, is nie 'n oorskryf van kontrakte nie maar bloot 'n mindere bevel wat die hof maak volgens die eise van die openbare beleid (1114F–1115E). Die mening word ook uitgespreek dat 'n hof nie maklik 'n party behulpsaam sal wees wat 'n onredelike beperking beding het indien gedeeltelike afdwinging "major plastic surgery" of 'n "drastic recasting" van die beperkende klousule vereis nie. Voorts sal 'n hof ook traag wees om 'n beperking te verminder waar die beding bereken was om onbehoorlik inperkend of *in terrorem* te wees (1114–1117). Hierdie standpunte van regter Botha het later deeglik weerklank in die regspraak gevind (sien, benewens die sake wat aanstons bespreek gaan word, ook *Freight Bureau (Pty) Ltd v Kruger* 1979 4 SA 337 (W) 339E).

Die appèlhof het na die *Magna Alloys*-saak 'n belangrike uitspraak gelewer in *Sunshine Records (Pty) Ltd v Frohling* 1990 4 SA 782 (A) waarin die standpunte van regter Botha in die *Chemsearch*-saak grootliks onderskryf *en toegepas* is.

Die hof beskryf die aard, omvang en duur van die beperking wat kontraktueel op die *promissores* in hierdie geval geplaas is, as "such an extreme and serious restraint" dat die hof dit nie behoort af te dwing nie (794F). Oor die moontlikheid van gedeeltelike afdwinging is daar sekere belangrike beginsels neergelê en dit is nodig om redelik volledig uit die hof se beslissing aan te haal.

Ten eerste beslis die hof dat 'n *stipulans* wat 'n beperking slegs gedeeltelik wil laat afdwing, hierdie moontlikheid moet opper en die nodige feite voor die hof moet lê:

> "The issue before the trial Court was accordingly whether the contract as a whole was against the public interest as an unreasonable restraint of trade. It was to this issue that evidence was directed, and it is common cause that the respondents discharged the *onus* of showing that the contract was unenforceable in the circumstances. If the appellant had wished to rely on less than the complete contract, it was, in my view, obliged to raise this pertinently as an issue to be dealt with in evidence and argument" (795I–796A).

Ten tweede beslis die hof dat *Magna Alloys* en *Chemsearch* wel howe se magte uitgebrei het om af te wyk van die uitdruklike grense van 'n beperking, maar dat hierdie magte ook nie onbeperk is nie:

> "Without wishing to define with exactitude what degree of plastic surgery (to use Botha J's expression) would be permissible, I am inclined to think that the amendments suggested by the appellant in the present case are so far-reaching that a court would not have been prepared to enforce such a materially altered contract under any circumstances" (796D).

Ten derde beslis die hof dat 'n *stipulans* ook nie die hof moet nader om gedeeltelike afdwinging van 'n beperking as hy in eerste instansie sy hand oorspeel het nie:

> "[B]ut I agree with the suggestion by Botha J in the *National Chemsearch* case *supra* at 1117C–E that a court may *inter alia* have regard to matters such as whether the restraint clause was calculated to be unduly oppressive or designed to act *in terrorem*, and whether a partial enforcement would not operate harshly or unfairly towards the person bound by the restraint. In the present case, as I have indicated above, B [die stipulator] designedly obtained complete control over the professional activities of the respondents . . . B wanted a complete monopoly of the respondents' professional activities without offering them anything substantial in return. The recording contract, which is the contract whereby he obtained the most important part of this monopoly, is unenforceable precisely because he was too grasping. The Court should therefore not, I consider, be astute to assist B by holding that the contract could validly have been enforced in part only" (796F–797B).

Die beperkende beding in *BHT Water Treatment (Pty) Ltd v Leslie* 1993 1 SA 47 (W) het 'n verbod op 'n persoon geplaas om sy beroep te beoefen sonder om die area af te baken. Die effek hiervan was dat dit 'n wêreldwye verbod was. Die *stipulans* het in sy aansoek om 'n interdik egter vir 'n mindere beperking gevra, naamlik een wat net die areas sou dek waarin hy besigheid doen. Dit is deur die hof toegestaan. Met verwysing na die *Sunshine Records*-saak het die hof die regsposisie aanvaar dat 'n applikant wat 'n mindere beperking wil afdwing dit moet opper. Die hof gaan egter 'n entjie verder:

> "I add that this does not necessarily mean that in suitable circumstances, and where the issues had been adequately canvassed, the Court will not *mero motu*, or at the invitation of one of the parties, cut down a restraint and enforce it in its truncated form" (53E).

Dit is myns insiens moontlik dat 'n *stipulator* kan probeer om sy bedonge beperking in die geheel af te dwing maar tog veiligheidshalwe by voorbaat alternatief vra vir 'n gedeeltelike verbod sou die hof bevind dat die oorspronklike een teen die openbare belang aanstoot. Hierdie moontlikheid is dan ook indirek en terloops genoem in die *BHT Water Treatment*-saak (54C).

Aan die ander kant van die skaal staan *Powertech Industries (Pty) Ltd v Jamneck* 1993 1 SA 328 (O). In hierdie saak het die hof geweier om 'n landswye verbod tot die Vrystaat te beperk. Die hof is van mening dat die

> "agreement was skilfully drafted. The covenant was calculated to be oppressive and was drawn with the intention to cast the net as wide as possible and to cover as many situations as possible. This is not a proper case for the partial enforcement of the restraint clause since the public interest does not require it. There is really nothing exclusive in the selling or distribution of batteries" (332A–B).

(In die *BHT Water Treatment*-saak het die hof te doen gehad met 'n meer gesofistikeerde tipe besigheid.)

Die *Powertech*-saak is gevolg in *Coin Sekerheidsgroep (Edms) Bpk v Kruger* 1993 3 SA 564 (T) en bogenoemde *dictum* is met goedkeuring aangehaal. Die hof het geweier om 'n beperking wat op Suid-Afrika en Namibië betrekking gehad het, te verminder tot afgebakende gebiede aan die Oos-Rand. Daar kan met die hof akkoord gegaan word dat dit nie 'n hof se taak is om aanstootlike dele uit 'n kontrak te sny wat eintlik in die geheel van so 'n aard is dat die hof sy rug daarop behoort te keer nie. (Die hof verwys in hierdie verband na die bekende beslissing *Sasfin (Pty) Ltd v Beukes* 1989 1 SA 1 (A) wat nie betrekking gehad het op die tipe kontrakte tans onder bespreking nie.) Ek meen egter die hof gaan ietwat te ver, in die konteks van *restraint of trade*-kontrakte, en in die lig van die *Magna Alloys*-saak, en veral teen die agtergrond van wat gesê is in die *National Chemsearch*-saak, met die volgende opmerking:

> "As die kontraksbepaling teen die openbare belang is, is dit onafdwingbaar totdat dit blyk dat die aanstootlike gedeelte weggelaat en die regshulp op dit wat oorbly, verleen kan word omdat die onafdwingbare gedeelte van die afdwingbare gedeelte *geskei kan word* sonder om van die bedoeling van die partye af te wyk en sonder om 'n nuwe kontrak vir die partye te skep" (571H; my kursivering).

Hierdie vereiste kom gevaarlik naby aan die Engelsregtelike "blue pencil"-benadering en die leerstuk van "severance". Dit blyk ook uit die volgende *dictum* (met 'n beroep op die *Sasfin*- en *Coin Sekerheidsgroep*-saak) in *The Concept Factory v Heyl* 1994 2 SA 105 (T):

> "[I]t is unenforceable until it is shown that the offending part can be omitted and the relief based on the remaining part can be granted because the unenforceable part of the contract can be separated from the enforceable part without deviating from the intention of the parties or creating a new contract for the parties" (112E).

In *Interest Computation Experts v Nel* 1995 1 SA 174 (T) weier die hof eweneens om 'n tydsbeperking van 10 jaar na drie jaar te verminder in 'n kontrak wat deur die hof beskryf is as "uiters onredelik" wat sowel tydsduur as gebiedsaanwending betref (179J).

In sake wat gevolg het op hierdie beslissings het die howe meerdere kere geweier om 'n beperking te verminder. (Sien bv *Gero v Linder* 1995 2 SA 132 (O); *Technor (Pty) Ltd v Rishworth* 1995 4 SA 1034 (T); *Macphail (Pty) Ltd v Janse van Rensburg* 1996 1 SA 594 (T) 599B: "The Courts are averse to cutting

down restraint clauses where it cannot be done neatly and conveniently by the deletion of oppressive parts".)

Daar is egter ook 'n paar sake waarin die howe wel bereid was om sonder veel probleme 'n beperking te verminder. *Branco v Gale* 1995 1 SA 163 (OK) is so 'n geval. In hierdie saak is daar wel verwys na die *Magna Alloys*-, *Sunshine Records*- en *National Chemsearch*-saak, maar nie na al die sake hierbo waarin die howe geweier het om die beperking te verminder nie. Dit is waarskynlik hoofsaaklik te wyte daaraan dat hierdie saak reeds in September 1993 verhoor en in Mei 1994 beslis is, maar eers in 1996 gerapporteer is. Nogtans was daar sake voor Mei 1994 (sos die *Coin Sekerheidsgroep*- en *Powertech Industries*-saak) waarna nie verwys is nie. Hoe dit ook al sy, in *Branço v Gale supra* het die hof 'n beperking van 300 kilometer vanaf die stadsaal van Oos-Londen beperk tot slegs daardie gebied *van die Transkei* wat binne hierdie 300 kilometer area val. Die tydsbeperking is ook verminder van drie na twee jaar.

In *Reeves v Marfield Insurance Brokers CC* 1996 3 SA 766 (A) handhaaf die appèlhof die hof *a quo* se beslissing. Die verhoorhof het 'n bedonge area van 350 kilometer vanaf die stadsaal van Oos-Londen betreklik dramaties gesny sodat dit net spesifieke gebiede insluit en byvoorbeeld Port Elizabeth, 100 kilometer verder, wat andersins deel van die beperking sou wees, uitsluit (769H–I 778C). 'n Interessante aspek van hierdie temperingshandeling is dat dit geskied het op die aanbeveling van die *promissor*! Hy was as werknemer van die *stipulans* in die versekeringsbedryf betrokke. Die skuldenaar het naamlik in sy beantwoordende beëdigde verklaring aangetoon wat hy meen 'n redelike beperking behoort te wees en die hof het dit oënskynlik net so aanvaar (777F–I). Die *stipulans* het hom trouens deurgaans op die redelikheid van die oorspronklike beperking beroep, en het onsuksesvol 'n teenappèl geloods teen die verhoorhof se temperingsbevel.

'n Baie onlangse saak, *Turner Morris (Pty) Ltd v Riddell* 1996 4 SA 401 (OK), het na my mening 'n regverdige resultaat gelewer wat tempering betref. Die hof se hele uitspraak is ook duidelik daarop gerig om eerder uitvoering aan die kontrak te gee as om dit te laat sneuwel. In die proses het die hof die kontrak verstandig en vanuit 'n besigheidsperspektief uitgelê. Die beperkingsbepaling het 'n verbod op die werknemer geplaas binne 'n radius van "100 kilometres of Turner Morris", sonder om te spesifiseer waar Turner Morris nou eintlik is. Die hof beslis dat die beperking nie te vaag was nie:

> "It is clear from the agreement that Turner Morris and its subsidiaries are engaged in commercial enterprise. Such activity is in the ordinary course conducted on or from business premises. The physical location of these premises is a fact presumably known to the parties; or is readily ascertainable by them; or, in the case of dispute, should be determinable by the Court on evidence usually admissible in such situations" (405F).

Uit die stukke het dit geblyk dat Turner Morris 14 takke landwyd gehad het. Die beperking het dus teoreties op al hierdie takke betrekking gehad. Die respondente in die saak het net in die Oos-Londen area gewerk. Die applikant het gevra vir 'n bevel wat die respondente sou verbied om vir een jaar binne 100 kilometer vanaf Turner Morris se tak in Oos-Londen te werk en dit is toegestaan. Die hof het daarop gewys dat die beperkings op die respondente beslis wyd was maar dat dit nie met onbehoorlike oogmerke opgestel is nie. Deur die wye beperking met gepaste woorde te kwalifiseer, is die beperking redelik gemaak en kon geregtigheid tussen die partye bewerkstellig word (407).

Ten slotte was daar die beslissing in *Dav Personnel Group CC v Williams*. ('n Opsomming van die saak verskyn in 1996 2 *Juta's Digest of South African Law* 7.) Dit is 'n beslissing van die Witwatersrandse plaaslike afdeling (saaknr 22223/1995). In hierdie saak het die hof 'n beperking van twee jaar op 'n werknemer wat personeelwerwing as beroep beoefen het, na een jaar verminder.

3 Evaluering en slotopmerkings

Ofskoon daar in 'n hele paar beslissings gebruik gemaak is van die nuwe bevoegdhede waaroor 'n hof beskik om 'n beperking te temper, is dit ook duidelik dat die howe taamlik konserwatief in hierdie verband is. Die howe behoort daarteen te waak om nie onwilligheid te toon wat hierdie aangeleentheid betref nie. Die argument dat dit nie 'n hof se taak is om partye se kontrakte te verander nie, klink altyd vreeslik edel maar dit deug nie in die onderhawige situasie nie. Immers, selfs met die "blue pencil rule" word 'n kontrak in 'n mate verander ten einde die openbare belang te dien. Wat is die verwydering van 'n deelbare beperking uit 'n kontrak nou anders as 'n wysiging van die kontrak?

Miskien het dit tyd geword om toe te gee dat die howe inderdaad kontrakte verander wanneer hulle beperkings verminder. In *Magna Alloys* self merk hoofregter Rabie op dat "miskien gesê kan word" dat 'n verminderde beperking

> "daarop neerkom dat die Hof se bevel op 'n wysiging van die ooreenkoms wat die partye aangegaan het, neerkom, en in 'n sekere sin is dit natuurlik so" (896B).

Hoekom hiervan terugdeins as die openbare beleid eerder wil hê dat 'n kontrak geldig moet wees as ongeldig, al beteken dit dat daar verstellings aangebring moet word? Soos reeds aangetoon is, het sekere lande selfs wetgewing hieroor aangeneem. Suid-Afrika beskik nie oor wetgewing nie en ons het dit ook nie nodig nie. *Magna Alloys* was die regskeppende handeling in hierdie verband.

Alhoewel Visser ook by geleentheid opgemerk het dat die howe nie 'n nuwe ooreenkoms vir die partye skep nie maar dat dit gaan oor oorwegings van die openbare belang wat weer afdwingbaarheid bepaal, het hy die bevoegdheid van die howe verwelkom "om in 'n groter mate met kontrakte 'in te meng'" (vonnisbespreking van *Magna Alloys* in 1985 *De Jure* 198). Schoombie "Agreements in restraint of trade: The Appellate Division confirms new principles" 1985 *THRHR* 148, wat die *Magna Alloys*-saak krities ontleed het, verwys na die howe se bevoegdheid in hierdie verband as 'n toesighoudende funksie:

> "It is submitted that the appellate division has in reality taken an (inarticulated) policy decision that restraints of trade require a flexible, supervisory jurisdiction on the part of the courts, particularly in respect of partial enforcement."

Indien 'n hof nie die beperking verminder nie, beteken dit eenvoudig dat die betrokke beperkende beding onafdwingbaar is. Dit bevorder die onafdwingbaarheid van kontrakte, dikwels in omstandighede waar 'n bindende beperking heeltemal geregverdig sou wees. Toe die appèlhof een maal vir homself, en daarmee vir al die ander howe, die pad gekies het om 'n beperking slegs gedeeltelik af te dwing, het hy 'n pad gekies wat gerus maar vreesloos bewandel kan word. Die howe moet nie teruggryp na oud-modiese redenasies wat verband hou met afskeiding van 'n beperking ("severance"), deelbaarheid van beperkinge of die "blue pencil rule" nie. Hierdie leerstukke, as 'n mens hulle enigsins so kan noem, is deeglik aan die kaak gestel in die *National Chemsearch*-saak.

Van bogenoemde opmerkings moet nie die afleiding gemaak word dat die breidellose tempering van beperkings bepleit word nie, of dat al die sake waarin geweier is om beperkings se vlerke te knip noodwendig verkeerd beslis is nie. Al wat voorgestel word, is dat die howe eerder geneë moet wees om dit te doen as om dit nie te doen nie. Natuurlik sal daar gevalle wees waar 'n hof behoort te weier om hoegenaamd die *stipulans* tegemoet te kom. Ek meen egter dat die "chirurgiese ingreep"-argument, hoe welluidend ook al, nie die toets behoort te wees nie; ook nie die vraag of die partye wesenlik 'n ander kontrak kry nie. Immers, om 'n landwye verbod te verminder na een wat net die gebied om 'n enkele dorp dek, of om honderde kilometer daaruit te sny, is op sigself drastiese chirurgie en 'n ingrypende afwyking van die oorspronklike afspraak. Daar word aan die hand gedoen dat die toets eerder behoort te wees of 'n hof die ooreengekome beperking of beperkings dermate aanstootlik, onredelik, en wyd bewoord vind dat dit in die openbare belang is om dit hoegenaamd nie af te dwing nie, en dat gesonde regspolitiek vereis dat die *stipulans* maar die gevolge van sy onbesonne kontrak moet dra.

Daar is ook 'n ander werkswyse wat, sover ek weet, nog nie aandag geniet het nie. Dit is om 'n gepaste kostebevel te verleen. 'n Hof kan naamlik in geskikte omstandighede 'n kostebevel teen 'n *stipulans* verleen wat 'n kontrak gebruik het met 'n beperking in wat 'n hof later nodig vind om te temper. Indien die beperking behoorlik en redelik bewoord was, sou litigasie of in ieder geval 'n temperingsbevel nie nodig gewees het nie. Afhangende van die omstandighede sou 'n hof kon gelas dat die *promissor* en die (suksesvolle) *stipulans* elk hulle eie koste dra. 'n Hof sou selfs in gevalle waar die wysigings taamlik drasties is, kon gelas dat die (suksesvolle) *stipulans* die teenparty se koste dra. 'n Faktor wat hier 'n rol behoort te speel, is of dit redelik van die *promissor* was om die aansoek teen te staan, veral waar die applikant van meet af vir 'n mindere beperking gevra het. Dit behoort in 'n sekere mate Kerr se gegronde beswaar teen die temperingsbevoegdheid te ondervang. Kerr ("Restraint of trade after Magna Alloys" in *Essays in honour of Ellison Kahn* (1989) 189) skryf naamlik die volgende:

> "This change gives rise to a danger: the party in the prominent bargaining position (usually the covenantee) knowing that he has nothing to lose by being unreasonable (except his reputation in commercial circles) will secure the other party's (usually the covenantor's) agreement to wide terms. Such terms will inevitably be considered unreasonable in many circumstances, and the weaker party (usually the covenantor) will then, owing to the high cost of litigation and the delay involved in bringing action, be reluctant to challenge the application of the restraint in circumstances where it is open to challenge."

Watter benadering die howe ook al in die toekoms gaan volg, hetsy behoudend of meer radikaal, sal dit kontraksopstellers loon om versigtiger te wees in die bewoording wat hulle kies. Hulle sal ook deurgaans die *promissor* se posisie in gedagte moet hou en werklik moet poog om billike beperkings op te stel (sien weer eens die interessante bepaling in die Nieu-Suid-Wallis-wet in hierdie verband waarna in par 2 2 hierbo verwys is). Die dae is verby toe standaard kontrakte maar net eensydig bewoord kon word om slegs die een party te pas. (Sien my opmerkings oor die opstel van standaard kontrakte in 'n vonnisbespreking in 1996 *De Jure* 174.)

JM OTTO
Randse Afrikaanse Universiteit

THE DICHOTOMY OF MARRIAGE REVISITED: A NOTE ON *RYLAND v EDROS*

The notion that "marriage" refers exclusively to the voluntary, monogamous union of one man and one woman that has been formally concluded and legally recognised in accordance with a Western tradition, is clearly out of keeping with reality, and is moreover inequitable, in a multi-cultural South African society. Over the years there have been many voices raised against the patent inequity of according traditional African marriages only *ad hoc* recognition and Muslim marriages virtually no recognition at all (see in general, Church "Constitutional equality and the position of women in a multi-cultural society" 1995 *CILSA* 289). It is therefore gratifying that the court in the hitherto unreported *Ryland v Edros* case no 16993/92 (C), was prepared to deviate from a "long line of decisions" that stressed the monogamous concept of marriage, reiterated in the Appellate Division decision of *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A) and to recognise and enforce the consequences of a Muslim marriage.

Briefly the facts were as follows: In 1976 the parties had married in accordance with the tenets of Islamic personal law. Three minor children were born of the marriage but in 1991 the husband had ended the marriage by issuing three "*talaaqi*" or notices of termination in terms of Islamic law. Subsequently he instituted action against the wife to evict her from the marital home. The wife denied that he was entitled to an eviction order, averring that a *precarium* existed in her favour in regard to the property entitling her to reasonable notice, which had not been given. More important for the purposes of this note was her claim in reconvention in which, based on the contractual agreement of the Muslim marriage, she claimed arrear maintenance, a consolatory gift and an equitable share of the husband's estate. At the pre-trial conference, the parties reached agreement on various other points, but these were the issues which remained in dispute. However, before determining these, the court had to consider two preliminary questions: first, whether it was appropriate for it to pronounce on matters of religious law (so-called doctrinal entanglement) and secondly, whether the court was precluded from enforcing the terms of the marriage (the "contractual agreement") because of the decision of the Appellate Division in *Ismail v Ismail*. In reaching its conclusions on the issues and answers to the preliminary questions, the court had recourse to the Constitution (at that stage still the interim Constitution, Act 200 of 1993).

The question of doctrinal entanglement is an interesting one and one raised by the court *mero motu* in the light of an instructive article which appeared in this journal some three years ago (Cachalia "Citizenship, Muslim family law and a future South African constitution: A preliminary enquiry" 1993 *THRHR* 392; see too Bulbulyia "The ethical foundations and distinctive features of Islamic law" 1985 *CILSA* 215). These and other writings make it clear that Islam is a "revelational culture". In the words of Bulbulyia:

> "To the Muslim, life and religion are inseparable. Thus Islamic law deals with religious as well as secular injunctions; it prescribes moral standards for a whole range of personal, social, economic and political relationships, embracing both civil and criminal law. It is as much a public affair for society, as it is a private

> affair for the individual. Society, state and religion are components in an indivisible unity and life, truth, reality and nature are viewed from a single periscope."

Prior to the commencement of the 1993 Constitution our courts would not adjudicate upon doctrinal disputes between schisms of a sect unless some "proprietary or other legally recognised right was involved" (*Allen v Gibbs* 1977 3 SA 212 (SE) 218A–B)). The question now was whether, in the light of the Constitution and particularly the provisions entrenching the right to "freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion (s 14(1) of the interim Constitution and s 15(1) of the final Constitution, Act 108 of 1996), the position was any different. In determining this, the court referred to German and American case law dealing with the constitutionally protected freedom of belief provisions in their respective constitutions. The court determined that the American rule against doctrinal entanglement would also hold good in South Africa. In other words, having regard to the fact that Islam is a revelational culture, if a decision on the issues involved the court in deciding points of religious doctrine, then it would be "inappropriate" for it to decide these issues even when proprietary or other legally recognised rights are involved. Here one must agree with the court that it would be dangerous for a judge in a secular court to rule on religious doctrine. Nevertheless, and despite the fact that there is a continuity of Muslim law, religion and culture, the court found (and the parties agreed) that in this case there was in any event no necessity for doctrinal entanglement in order to decide the issues. However, the court determined *obiter* that, in the light of the new Constitution, the doctrine of entanglement was now probably part of our law.

The second question was whether or not, in the light of the Constitution, the court should follow the Appellate Division decision in *Ismail v Ismail*. In the *Ismail* case, the facts of which were similar to those in *Ryland v Edros*, the court determined that since "our courts have persistently refused to give recognition and effect to polygamous unions on the grounds of public policy or as being *contra bonos mores*", it was not prepared to recognise a *de facto* monogamous though potentially polygymous Muslim marriage or to give effect to any obligation that stemmed from it. Although the court (per Trengove J) conceded that the legislature had extended "very wide and comprehensive recognition to Black customary unions", it had done so for reasons of expediency. Ironically, in the light of the circumstances of the particular case, the judge did not base his rejection of polygymy on religious considerations as had been the case in the early decisions, but on the human rights argument of gender equality.

The decision elicited criticism notably by feminists (*inter alios* by Kaganas and Murray "Law, women and the family: The question of polygymy in a new South Africa" 1991 *Acta Juridica* 116) who pointed out that an uncritical human rights approach might simply serve as a new rationalisation for old prejudices. As Murray declared, it would simply compound oppression to tell a woman that because she had concluded an unacceptable form of marriage, albeit one not merely sanctioned but expected of her in her community, she could not demand maintenance assured her under the marriage contract (Murray "Is polygymy wrong?" 1994 *Agenda* 40; see too Roodt "Marriages under Islamic law: Patrimonial consequences and financial relief" 1995 (2) *Codicillus* 50). In his criticism of the case Kerr questioned the court's determination of public policy: Was

such public policy not merely "state policy" reflecting the views of only a certain section of the populace? he asked ("Back to the problems of a hundred or more years ago: Public policy concerning contracts relating to marriages that are potentially or actually polygamous" 1984 *SALJ* 445).

Ismail v Ismail was followed in *Solomons v Abrams* 1991 4 SA 437 (W) where the court was not prepared to recognise an Islamic marriage as a putative marriage. More recently in *Kalla v The Master* 1995 1 SA 261 (T) the court held that the transitional arrangements provided for in the interim Constitution did not make provision for retrospective operation of the Constitution. Accordingly, reliance on section 14(1) of the interim Constitution regarding "the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion" was misplaced. No effect could be given by the court to any consequence of a potentially polygamous Muslim marriage which, under the law existing at the time when the marriage was terminated in 1992, was invalid. Furthermore, the court determined *obiter* that the principle of gender equality embodied in the interim Constitution and in the Constitutional Principles might well lead to the conclusion that "polygamous (and potentially polygamous) marriages are as unacceptable to the *mores* of the new South Africa as they were to the old" (270G). In *Ryland v Edros* the court was to follow a less conservative approach. It did not refer to the *Kalla* case and held itself not to be bound by the decision of the Appellate Division in *Ismail v Ismail*. Here the court determined that

> "in the present case it would be difficult to find that there has been such a change in the general sense of justice of the community as to justify a refusal to follow the *Ismail* decision *if it were not for the new constitution*" (my emphasis).

In the light of the values of equality and tolerance of diversity and the recognition of the plural nature of South African society manifest in the Constitution, the court found the enforcement of obligations that stemmed from the Muslim marriage in question to be in keeping with public policy and the *boni mores* of the society. The progressive approach of the court is to be welcomed.

Accordingly it determined on the facts that the wife was entitled to arrear maintenance for three months after "*talaq*" (that is, for the traditional *Iddat* period); that she would be entitled to the consolatory gift if the marriage had been terminated at the unjustified behest of her husband, but that she was not entitled to an equitable share of her tangible and intangible contributions to the growth of the husband's estate.

In this regard the court heard expert testimony on Malaysian legislation, which had codified Islamic law and which, acknowledging "the new role of women in society", allowed a wife to share in her husband's assets on divorce as was the case in Malay *adat* (custom). However, the court found on the evidence before it that a similar custom did not exist in the Islamic community in the Western Cape.

It is interesting to note that though there was no discussion of the horizontal/vertical debate regarding the operation of the Bill of Rights (it may well be in the light of the final Constitution, that horizontal application is, in many instances, assured; however, discussion of the issue does not fall within the ambit of this note), the court referred with approval to the judgment of Ackermann J in the decision of the Constitutional Court in *Du Plessis v De Klerk* 1996 5 BCLR 658 (CC) with regard to the German constitutional concept of *mittelbare Drittwrikung*. The judge declared:

> "I agree ... that the values of equality and tolerance of diversity and the recognition of the plural nature of our society are among the values that underlie our constitution. In my view those values 'radiate' ... the concepts of public policy and *boni mores* that our courts have to apply."

In this case, as in *Ismail*, the marriage was *de facto* monogamous and the position of a *de facto* polygymous marriage, has yet to be decided.

The case raises the important question of a future dispensation regarding the present dichotomy of marriage in South Africa. It seems that here the African customary marriage as an institution is in a better position than Muslim marriage. Although still referred to as a "customary union" in legislation, it does enjoy a measure of protection (see Church *op cit*). In this regard, further harmonisation of the common law and indigenous law has been proposed in Issue Paper 4 of the South African Law Commission (1996) in which it is proposed, *inter alia,* that the customary marriage be formally recognised and provision made for choice of law rules to be implemented.

Possibly there should be reform of the South African law of marriage in general. In this regard it is suggested that a holistic approach be followed, and the three models presented by Cachalia in the article referred to at the beginning of this note could be considered. Of the three models suggested, namely Legal Unification, Legal Integration and Legal Pluralism, I would favour the second (see Cachalia 1993 *THRHR* 404). This model, as the author points out, seeks to *integrate* the legal principles of different legal systems. Unlike *unification* that imposes uniform law, integration in the words of Professor Tony Allott "creates a law which brings together, without totally obliterating, laws of different origins ("What is to be done with African customary law?" 1984 *JAL* 65). At least integration would allow for parity with regard to different forms of marriage and uniform procedures for conclusion and dissolution. No doubt integration will be no easy task and comprehensive and co-operative research will be necessary to facilitate this. On a cautionary note, there is always a danger in legislating on an *ad hoc* basis.

A recent legislative amendment to the Divorce Act 70 of 1979 might serve as an example. The amendment reads:

> "If it appears to a court in divorce proceedings that despite the granting of a decree of divorce by the court the spouses or either one of them will, by reason of the prescripts of their religion or the religion of either of them, not be free to remarry unless the marriage is also dissolved in accordance with such prescripts or unless a barrier to remarriage of the spouse concerned is removed, the court may refuse to grant a decree of divorce unless the court is satisfied that the spouse within whose power it is to have the marriage so dissolved or the said barrier so removed, has taken all the necessary steps to have the marriage so dissolved or the barrier to the marriage of the other spouse removed or the court may make any other order that it finds just" (Divorce Amendment Act 95 of 1996).

It could be that what would seem to be a laudable recognition of Jewish law may well prove to be unconstitutional on the ground of infringing the right to religious freedom or possibly the right to equality in the broad sense.

JOAN CHURCH
University of South Africa

ENKELE BEGINSELS EN GEDAGTES OOR DIE HORISONTALE WERKING VAN DIE NUWE GRONDWET

1 Inleiding

Een van die mees komplekse kwessies betreffende 'n grondwetlike handves van fundamentele regte, is die toepassing daarvan op die verhouding tussen private individue wat deur die privaatreg beheers word. Daar is al in ietwat oordrewe terme na hierdie sogenaamd horisontale werking van fundamentele regte as die "konstitusionalisering" van die privaatreg (bv Markesinis "Comparative law – A subject in search of an audience" 1990 *MLR* 10) en as die "privatisering" van menseregte verwys (bv Clapham "Opinion: the privatisation of human rights" 1995 *European Human Rights* 20).

Die vraagstuk van horisontaliteit het in 'n paar resente sake in Suid-Afrika ter sprake gekom. Veral dié wat met die beskerming van persoonlikheidsbelange handel, is noemenswaardig (sien bv *De Klerk v Du Plessis* 1995 2 SA 40 (T); *Du Plessis v De Klerk* 1996 5 BCLR 658 (CC); *Holomisa v Argus Newspapers Ltd* 1996 2 SA 588 (W); *Potgieter v Kilian* 1995 1 BCLR 1498 (N); *Gardiner v Whitaker* 1995 2 SA 672 (OK); *Mandela v Falati* 1994 4 BCLR 1 (W); *Motala v University of Natal* 1995 3 BCLR 374 (D) (onderwys en diskriminasie)). Een algemene afleiding uit hierdie sake is dat gesaghebbende beginsels nog nie voldoende uitgekristalliseer het nie en dat daar vir ons reg 'n ontwikkelingspad tot duideliker beginsels voorlê.

In hierdie bydrae gaan dit oor enkele algemene beginsels en gedagtes ten aansien van die horisontale werking van die nuwe handves van regte – veral met die oog op die verdere ontwikkeling van die reg insake deliktuele persoonlikheidsbeskerming. Dit is natuurlik onmoontlik om in een bydrae die hele vraagstuk van die grondwetlike invloed op die persoonlikheidsreg in oënskou te probeer neem.

Oor die algemene belang van fundamentele regte by persoonlikheidsbeskerming het Von Bar ("Die Einfluss des Verfassungsrecht auf die westeuropäischen Deliktsrechte" 1994 *RabelsZ* 224) hom so uitgelaat:

> "Nirgendwo sonst werden Grundrechte im Haftungsrecht noch einmal so intensiv und umittelbar wirksam wie gerade im Bereich des Persönlichkeitsschutzes. Der Bezug auf die Verfassung gehört hier heute längst zum Alltagsgeschäft der europäischen Fachgerichte, und die ihnen übergeordneten Verfassungsgerichte wachen aufmerksam über deren Rechtsprechung."

2 Die posisie ingevolge die tussentydse Grondwet

Die moontlike horisontale werking van die handves van regte in die tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 het reeds tot litigasie (sien bv hierbo par 1) en heelwat akademiese literatuur aanleiding gegee (sien oa Rautenbach *Algemene bepalings van die Suid-Afrikaanse handves van regte* (1995) 75–87; Van Aswegen "The implications of a bill of rights for the law of contract and delict" 1995 *SAJHR* 50; De Waal "A comparative analysis of the provisions of German origin in the interim bill of rights" 1995 *SAJHR* 1; De Wet "Indirect *Drittwirkung* and the application clause" 1995 *SAJHR* 610; Strydom "The private domain and the bill of rights" 1995 *SAPR/PL* 52; Lourens en

Frantzen "The South African bill of rights: public, private or both: a viewpoint on its sphere of application" 1994 *CILSA* 340; Van der Vyver "The private sphere in constitutional litigation" 1994 *THRHR* 378; Olivier "Vertikale en horisontale werking van die Grondwet steeds onder die loep" 1995 *De Rebus* 83; Marcus "Freedom of expression under the Constitution" 1994 *SAJHR* 140; De Wet "A German perspective on the constitutional enforceability of children's and labour rights in the interim bill of rights with special reference to *Drittwirkung*" 1996 *THRHR* 577; De Waal en Erasmus "The constitutional jurisprudence of South African courts on the application, interpretation and limitation of fundamental rights during the transition" 1996 *Stell LR* 190–202; Du Plessis "The bill of rights in the working draft of the new Constitution" 1996 *Stell LR* 10).

Die konstitusionele hof het in die lastersaak *Du Plessis v De Klerk supra* beslis dat die handves van regte in die tussentydse Grondwet nie in die algemeen direkte horisontale werking het nie (die moontlikheid van uitsonderings is wel oopgehou – sien bv par 62). Nogtans het regter Mahomed (sien par 73) *in casu* reeds daarop gewys dat hierdie beslissing waarskynlik bloot van historiese belang sal wees "because the interim Constitution will already have been overtaken by a new constitutional text with quite different formulations impacting on the problem".

3 Die algemene rol van die staat in die nuwe handves van regte

Artikel 7(2) van die Grondwet lê 'n plig op die staat "[to] respect, protect, promote and fulfil the rights in the Bill of Rights". Die woorde "protect" en "promote" impliseer reeds dat die staat nie bloot fundamentele regte direk moet respekteer, "nakom" of daarvolgens moet handel in die vertikale verhouding tot sy onderdane nie, maar *meer* moet doen om ook verdere gebondenheid (direk of indirek) daaraan te verseker.

Die bepalings van die handves is uitdruklik van toepassing op *alle* reg (sien vir kommentaar hieroor Du Plessis 1996 *Stell LR* 10; De Waal en Erasmus 1996 *Stell LR* 190–191). Daar sal natuurlik nog beslis moet word of "alle reg" op die terrein van die privaatreg net verwys na die sogenaamde "civil private law" in teenstelling met "non-civil private law" (De Wet 1995 *SAJHR* 614; sien Van der Vyver 1994 *THRHR* 378 ev wat lg as die interne reg van nie-staatlike liggame beskryf).

Die handves bind die wetgewer, die uitvoerende gesag, die regbank en alle staatsorgane (sien a 239 van die Grondwet vir die omskrywing van 'n staatsorgaan). Veral die insluiting van die regbank is betekenisvol as 'n aanduiding van beoogde horisontale werking (sien hieroor bv De Waal 1995 *SAJHR* 9 ev; De Wet 1995 *SAJHR* 612; die bekende saak *Shelley v Kraemer* 334 US 1 (1948); en *Du Plessis v De Klerk supra* par 45 47). Dit is voorts duidelik dat die hooggeregshof ('n "High Court" luidens a 169) ook oor konstitusionele kwessies – behalwe sekeres wat uitgesluit is – uitspraak mag gee. Hierdie howe sal dus gemoeid wees met die direkte en indirekte horisontale toepassing van die handves.

Wat die posisie van die *staat* in die horisontale werking van die handves betref, kan daar tussen ten minste die volgende drie gevalle onderskei word:

Eerstens is daar bepalings in die Grondwet wat die staat uitdruklik verplig om wetgewing aan te neem wat "private diskriminasie" voorkom en verbied (a 9(4)). Die staat moet dus verseker dat die diskriminasieverbod in die private sfeer ingevoer word. Hierdie voorskrif gaan wye privaatregtelike gelding aan die reg

op gelykheid voorsien. Dit spreek natuurlik vanself dat die beoogde wetgewing nie 'n onredelike aantasting van ander fundamentele regte en vryhede mag meebring nie (bv die reg op vrye assosiasie in a 18). Hopelik sal die klem in die betrokke wetgewing op *duidelik onbillike* diskriminasie val waar die openbare belang ter sprake is sodat persoonlike vryheid nie onbehoorlik aangetas word nie (die bedoeling met a 9(4) kan tog nie wees om die een of ander "diktatuur van gelykheid" te magtig nie).

Tweedens is daar bepalings wat die staat bloot veroorloof, maar nie verplig nie, om bepaalde fundamentele regte tussen private individue geldend te maak. 'n Voorbeeld is artikel 234 van die Grondwet wat lui dat

> "in order to deepen the culture of democracy established by the Constitution, Parliament may adopt Charters of Rights consistent with the provisions of the Constitution".

Nog 'n voorbeeld is artikel 9(2) wat sogenaamde *regstellende aksie* magtig (sien Van Aswegen 1995 *SAJHR* 57 oor regstellende aksie as vorm van indirekte horisontale werking van fundamentele regte).

In die algemeen kan die staat natuurlik binne sy grondwetlike wetgewende bevoegdheid wetgewing aanneem wat die privaatreg wysig ooreenkomstig die beginsels en waardes wat die handves onderlê.

Derdens moet kennis geneem word van nuwere sieninge waarvolgens 'n konstitusionele staat die plig het om sy burgers se regte te beskerm deur 'n behoorlike stelsel van privaatregtelike deliktuele aanspreeklikheid te waarborg gebaseer op die waardestelsel wat fundamentele menseregte onderlê (sien hieroor Von Bar *Gemeineuropäisches Deliktsrecht* (1996) par 556). Volgens Von Bar (*ibid*) is dit nie van belang of 'n mens in hierdie verband praat van die besondere plig van die staat om sy onderdane se regte te beveilig of van die sogenaamde *Drittwirkung* van fundamentele regte nie. Hy verklaar (*idem* par 570):

> "Das objektive Haftungsrecht ... is eines der Instrumente, mit denen der Staat seiner Pflicht nachkommt, sich schützend vor die Grundrechte seiner Bürger zu stellen" (sien verder oor die Duitse posisie Von Bar *idem* par 556; BverfG 15 1 1958, BVerfGE 7 S 198 206).

In praktyk beteken bogenoemde dat die staat (ook deur die howe) moet verseker dat die deliktereg behoorlik funksioneer en voldoende remedies vir regskrenkings bied – of die verweerder nou die staat of 'n private individu of regspersoon is. Hiermee saam moet artikel 34 van die handves van regte oorweeg word wat handel met die reg op toegang tot die howe en ander onafhanklike tribunale. Hierdie fundamentele reg vereis waarskynlik nie net dat die howe en ander tribunale toeganklik moet wees nie maar dat formele verwere en hindernisse (bv bevrydende verjaring, kennisgewingstydperke, bepalings oor die bewyslas, vrywaringswetgewing, die reg insake afstanddoening, ens) streng binne die algemene begrensingsmaatstaf van artikel 36 val.

4 Verskillende tipes horisontale werking van die nuwe handves van regte

Uit 'n oorsig van die handves van regte wil dit voorkom of ten minste die volgende "kategorieë" horisontale werking van die handves van regte moontlik is (hierdie kategorieë kan soms ooreensny en bowendien bied sodanige klassifikasie geen toweroplossing vir enige praktiese probleem nie):

(a) *Direkte* horisontale werking ingevolge byvoorbeeld artikel 8(2) en (3) wat hieronder bespreek word, die privaatregtelike gebruik en die uitwerking van

artikel 9(4) wat oor die verbod op private onbillike diskriminasie handel, aspekte van artikel 23 wat oor arbeidsverhoudinge gaan, die verbod op rassediskriminasie in onafhanklike skole ooreenkomstig artikel 29(3)(a), ensovoorts.

(b) *Indirekte* horisontale werking deur –

(i) die *deursypelingsklousule*, ook genoem – onder invloed van die Duitse reg – die algemene "uitstralingseffek" van fundamentele regte, deur byvoorbeeld die feit dat dit in ag geneem word by begrippe soos openbare beleid, *boni mores*, redelikheid, billikheid, ensovoorts wat hoogs relevant op die terrein van deliktuele persoonlikheidsbeskerming is (a 39(2); *Du Plessis v De Klerk supra* par 60 103 110; vgl egter ook Du Plessis 1996 *SAJHR* 10);

(ii) die *algemene beïnvloeding* van gemeenregtelike *regte* deur die handves ingevolge artikel 39(3) (die tans nog erkende reg ten aansien van die instel van 'n aksie weens seduksie kan bv hiervolgens in gedrang kom);

(iii) die toetsing van nuwe *wetgewing* wat die privaatreg reguleer aan die bepalings van die handves (a 8(1); vgl ook Van Aswegen 1995 *SAJHR* 57);

(iv) die moontlikheid om *wetgewing* wat as eisoorsaak of verweer in privaatregtelike litigasie aangewend word, aan die handves van regte te meet (bv *Du Plessis v De Klerk supra* par 38 47 49 72).

(Sien hieronder par 7 oor die moontlikheid dat die onderskeid tussen direkte en indirekte horisontale werking in praktyk sal vervaag.)

5 Bepalings oor die beginsel van direkte horisontale werking van die handves: artikel 8(2)

Artikel 8(2) van die handves lui soos volg:

> "A provision of the Bill of Rights binds a natural or a juristic person if, and to the extent that, it is applicable, taking into account the nature of the right and the nature of any duty imposed by the right."

Hierdie bepaling sal sekerlik nog die onderwerp van heelwat regterlike interpretasie en akademiese kommentaar wees. Dit beoog duidelik om die toepassing van sekere bepalings van die handves uit te brei na ander verhoudings as waar die staat 'n party is (die horisontaliteit ingevolge a 8 het reeds in 'n uitspraak van die konstitusionele hof ter sprake gekom: *Certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996* 1997 1 BCLR 1 (CC) par 53–55; vgl ook http://www.constitution.org.za/cp1200026.html op die Internet vir die standpunte van die paneel van grondwetlike kenners oor horisontaliteit).

Geen "totale horisontaliteit" word ingevolge artikel 8(2) beoog of bewerkstellig nie – dit is trouens in geen land ter wêreld die geval nie. Terwyl die gebondenheid van die staat in wye terme uitgespel word (sien hierbo), sou dit onmoontlik wees om die gebondenheid van private natuurlike en regspersone ook so te probeer formuleer. Daar is te veel wisselende omstandighede wat relevant kan wees en alle moontlikhede kan eenvoudig nie voorsien word nie.

Die blote invoering van artikel 8(2) kan beskou word as 'n verwerping van standpunte dat direkte horisontaliteit byvoorbeeld tot te veel regsonsekerheid aanleiding sal gee (bv *De Klerk v Du Plessis supra* 49; *Potgieter v Kilian supra*) en dat ons privaatreg so iets nie nodig het nie. Die artikel verteenwoordig 'n oorwinning vir diegene wat selfs onder die tussentydse Grondwet (verkeerdelik) die direkte horisontale werking van fundamentele regte wou konstrueer (sien bv

Du Plessis v De Klerk supra par 119, *per* Kriegler R, met wie Didcott R saamgestem het, wat oa sê: "'Direct horizontality' is a bogeyman").

Ons howe sal mettertyd moet beslis wat die woord "binds" in artikel 8(2) presies beteken. Dit is duidelik iets enger as die vier besondere pligte van die staat ten aansien van fundamentele regte (sien hierbo in par 2). Die sleutel tot "binds" is net gedeeltelik in artikel 8(3) vervat (sien par 6 hieronder).

Daar is nie in artikel 8(2) gedetailleerde kriteria aan die hand waarvan die "privaatregtelike" toepassing van die handves bepaal kan word nie. Wat wel blyk, is dat sodanige toepaslikheid met verwysing na (a) die aard van die reg, en (b) die aard van die plig wat deur die reg opgelê word, vasgestel moet word. Elke fundamentele reg en die ooreenstemmende plig wat dit meebring, moet dus oorweeg word met die oog op moontlike horisontale gelding. Baie faktore sal waarskynlik in ag geneem kan word in hierdie proses, veral die algemene doel en aard van die nuwe handves van regte. Buitelandse reg sal ook oortuigingskrag hê (sien a 39(1)(c) van die handves).

Daar word in elk geval aanvaar dat sekere regte meer vatbaar vir horisontale werking as andere is (veral daardie regte wat ooreenstem met bekende subjektiewe regte – bv persoonlikheidsregte – kan meer geredelik horisontaal toegepas word). Regte wat die aanneming van wetgewing, die besteding van geld, die behandeling van gearresteerdes en beskuldigdes, die beskikbaarstelling van openbare geriewe en instellings voorsien, is duidelike voorbeelde van gevalle waar horisontale werking waarskynlik volkome uitgesluit is. Die woorde "to the extent" in artikel 8(2) dui op grade van horisontaliteit – waaroor ook nog kriteria ontwikkel sal moet word.

Dit sou beter gewees het indien die wetgewer uitdruklik nog relevante faktore by die oorweging van die gebondenheid van nie-staatsorgane genoem het. Die *aard* van 'n regspersoon moes byvoorbeeld uitdruklik as 'n faktor vermeld gewees het (soos in a 8(4) wat oor die regspersoon as reghebbende handel). So 'n oorweging sou dit byvoorbeeld moontlik kon maak om die individu se reg op die goeie naam meer effektief te beskerm teen die magsblokke wat die media beheer. Weens die vaagheid van die maatstaf vir horisontaliteit is dit natuurlik moontlik dat so 'n faktor in elk geval oorweeg kan word.

Die kriteria vir direkte horisontaliteit in artikel 8(2) word reeds wesenlik vervat in die volgende woorde van regter Madala (*Du Plessis v De Klerk supra* par 161; sien ook *Gardiner v Whitaker supra* 684):

> "We should examine every enumerated right and decide whether it can sensibly be applied in the private domain. In support of this approach, it all depends on the nature and extent of the particular right, the values that underlie it, and the context in which the alleged breach of the right occurs."

'n Vergelykbare benadering blyk skynbaar ook uit sekere Italiaanse beslissings (volgens De Wet 1995 *SAJHR* 617) waarvolgens "the nature and aim of the various constitutional rights could be decisive in determining whether they are suitable for direct *Drittwirkung* or not" (sien in die algemeen oor die uitwerking van grondwetlike regte op die Italiaanse deliktereg, Von Bar *Gemeineuropäisches Deliktsrecht* par 560 573).

Na my mening behoort die *uitgangspunt* te wees dat fundamentele regte in die algemeen nie horisontale werking het nie totdat 'n bevoegde hof sodanige horisontaliteit bevind. Die woorde "to the extent that it is applicable" kan daarop dui dat die toepaslikheid eers gesaghebbend gekonstateer moet word. Voorts

behoort iemand wat beweer dat 'n reg horisontale werking het, in die algemeen die bewyslas te dra om die hof van die toepaslikheid daarvan in die privaatreg te oortuig. Indien wel beslis is dat die betrokke reg horisontale werking het, behoort iemand wat dit as verweer opper teen 'n aantasting van 'n erkende persoonlikheidsgoed, die hof te oortuig van die gelding van die verweer *in casu*. Byvoorbeeld: as die reg op vryheid van uitdrukking as verweer teen 'n lasteraksie aangevoer word, sou dit beteken dat die verweerder 'n bewyslas ten aansien van sy verweer het (sien verder par 6(e) hieronder).

Hier moet ook verwys word na die standpunt van De Waal en Erasmus 1996 *Stell LR* 202 dat direkte horisontaliteit beteken dat wanneer private dispute tussen individue met verwysing na die Grondwet hanteer word, die gemenereg nie 'n rol speel nie. Hierdie siening is nie korrek met verwysing na die nuwe handves nie. Die Grondwet voorsien juis 'n toepassing van konstitusionele reg *en* privaatregtelike gemenereg (a 8(3)), of van gemenereg, beïnvloed deur konstitusionele reg (a 39(2)).

6 Bepalings oor die wyse van direkte horisontale werking van die handves: artikel 8(3)

Artikel 8(3) lui soos volg:

> "(3) When applying a provision of the Bill of Rights to a natural or juristic person in terms of subsection (2), a court –
>
> (a) in order to give effect to a right in the Bill, must apply, or if necessary develop, the common law to the extent that legislation does not give effect to that right; and
>
> (b) may develop rules of the common law to limit the right, provided that the limitation is in accordance with section 36(1)."

Ek het die inhoud van hierdie bepalings reeds ten dele elders oorweeg in die konteks van grondwetlike skadevergoeding (Visser "Geen afsonderlike eis om 'grondwetlike skadevergoeding' nie" 1996 *THRHR* 696 ev) en volstaan hier slegs met die volgende opmerkings:

(a) Ten aanvang moet beslis word of, en in welke mate, 'n fundamentele reg horisontaal geld ten opsigte van 'n bepaalde eisoorsaak of verweersgrond (gevalle buite deliktuele aanspreeklikheid word tans buite rekening gelaat).

(b) Die nodige "effek" of erkenning (welke uitdrukkings nog verder gepresiseer moet word) moet aan so 'n fundamentele reg gegee word in die besondere horisontale verhouding ("effek" verwys natuurlik in die algemeen na meer as die beskikbaarstelling van die bekende deliksaksies).

(c) Die uitgangspunt is dat, tensy daar spesifieke wetgewing is, die gemenereg gebruik moet word in die horisontale werking van fundamentele regte. As die gemenereg onvoldoende is, *moet* dit verder ontwikkel word om "effek" aan 'n reg te verleen. Hierdie bepalings skep interessante ontwikkelingsmoontlikhede en 'n nuwe relevansie vir byvoorbeeld gemeenregtelike vergoedingsaksies wat buite die tradisionele geldingsgebied toegepas moet word om grondwetlike regte te beskerm.

(d) Die aanwysing om die gemenereg toe te pas, beteken byvoorbeeld dat die algemene beginsels van deliktuele aanspreeklikheid aanwesig moet wees alvorens 'n deliktuele vergoedingsaksie toegelaat kan word. Daar kan geen sprake wees van "outomatiese aanspreeklikheid" by die beweerde skending van 'n reg in die handves vervat nie – dit sou 'n primitiewe benadering wees. Na my mening sal daar in elke geval van 'n aksie *ex delicto* onder andere bewys moet word dat daar

vermoënskade of persoonlikheidsnadeel volgens die bestaande beginsels aanwesig is alvorens skadevergoeding of genoegdoening verhaal sal kan word.

(e) By die krenking van fundamentele regte wat terselfdertyd as gemeenregtelike persoonlikheidsregte ingevolge die Romeinsregtelike triade van *corpus*, *fama* en *dignitas* erken kan word, behoort daar geen besondere probleme te wees oor die *verlening* van die normale deliktuele remedies nie (sien in die algemeen ook *Du Plessis v De Klerk supra* par 57). Dit is byvoorbeeld duidelik dat "haatspraak" wat teen 'n identifiseerbare persoon of groep geuiter word, waarskynlik die *actio iniuriarum* weens *contumelia* kan fundeer. Die aantasting van enige fundamentele reg wat tot vermoënskade aanleiding gee, behoort in die algemeen die Aquiliese aksie te fundeer (vgl in die algemeen Danneman *Schadensersatz bei Verletzung der Europäischen Menschenrechtskonvention* (1994) *passim*). Daar kan natuurlik heelwat vraagstukke wees oor die afweging van of beperking op regte (sien ook (g) hieronder). Voorbeelde is die bekende vraag oor die verhouding tussen die reg op vryheid van uitdrukking en die beskerming van die reg op die goeie naam en watter vereistes vir 'n lasteraksie behoort te geld (sien vir 'n verwysing na 'n deel van die omvangryke literatuur oor hierdie probleem, Visser "Horisonaliteit van fundamentele regte afgewys" 1996 *THRHR* 511; Van Aswegen 1995 *SAJHR* 60 ev; Van der Vyver "Constitutional free speech and the law of defamation" 1995 *SALJ* 572; Gravet *Die konstitusionalisering van die privaatreg met laster as fokuspunt* LLB-skripsie UP 1996) *passim*; Neethling en Potgieter "Regsonsekerheid in die lasterreg in die lig van die Grondwet – die pad vorentoe?" 1996 *THRHR* 706; Beater *Zivilrechtliche Schutz vor der Presse als konkretisiertes Verfassungsrecht* (1996) *passim*; Soehring "Ehrenschutz und Meinungsfreiheit" 1994 *NJW* 2926; Gounanlakis "Soldaten sind Mörder" 1996 *NJW* 481; Stürner "Empfielt es sich, die Rechte und Pflichten der Medien präziser zu regeln und dabei den Rechtsschutz des einzeln zu verbessern?" *Gutachten A für den 58. Deutschen Juristentag* München 1990).

(f) Waar die krenking van 'n fundamentele reg nie tot vermoënskade aanleiding gee of ook nie persoonlikheidsnadeel in die tradisionele sin meebring nie (sien oor die begrip "persoonlikheidsnadeel" Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 55–60) behoort die *actio iniuriarum* nogtans toepaslik te wees indien die gewraakte handeling 'n krenking van die menslike waardigheid in die breë daarstel soos in die Grondwet erken word (sien bv a 1, 7, 10 en 35; vgl in die algemeen Burchell "Beyond the glass bead game: human dignity in the law of delict" 1988 *SAJHR* 1; Hager "Der Schutz der Ehre im Zivilrecht" 1996 *AcP* 168–218). Die objektiewe aantasting van hierdie waardigheid behoort voldoende te wees om 'n persoonlikheidskrenking in 'n uitgebreide of meer *gevorderde* sin uit te maak. Dit behoort nie nodig te wees om *belediging* (skending van die *dignitas* in die eng sin) in so 'n geval te bewys nie (sien bv *Neethling's Law of personality* 242 tav die reg op privaatheid). Prakties beteken dit dat byvoorbeeld in gevalle van onbillike diskriminasie (sien ook Von Bar *Gemeineuropäisches Deliktsrecht* par 569), onbehoorlike inmenging met vryheid van uitdrukking, inbreuk op taal- of kultuurregte, inbreuk op godsdiensvryheid, inmenging met sekere politieke regte daar denkbaar 'n *actio iniuriarum* tot beskikking van die benadeelde kan wees. Die inbreuk op hierdie regte behoort dus mettertyd as 'n *iniuria* aangesien te word (sien ook 1996 *THRHR* 695).

(g) Artikel 8(3)(b) bepaal in effek dat fundamentele regte beperk kan word deur die verdere ontwikkeling van gemeenregtelike verwere mits daar aan die vereistes

van artikel 36(1) (die algemene beperkingsartikel) voldoen word. Hierdie bepaling verleen byvoorbeeld die bevoegdheid om die tradisionele verwere teen 'n lasteraksie aan te pas in die lig van die groter speelruimte wat 'n reg op vryheid van uitdrukking veral in die politieke arena meebring, om die verweer van waarneming van die openbare inligtingsbelang by 'n aksie weens privaatheidskrenking "grondwetlik" te hersien (*Neethling's Law of personality* 266 ev), ensovoorts.

7 Slotgedagtes

Een afleiding uit artikel 8 is dat die wetgewer voorsien dat die privaatreg voortaan 'n nuwe rol moet speel, naamlik om in bepaalde gevalle die toepassing en erkenning van fundamentele regte in die gemeenskap te bestendig. In welke mate dit die privaatreg gaan beïnvloed, of dit sal lei tot die "konstitusionalisering" van die privaatreg en die vermindering van privaatoutonomie, is moeilik om nou te voorspel. 'n Langtermyn gevolg sal waarskynlik wees dat die onderskeid tussen privaatreg en publiekreg nog meer vervaag namate die privaatreg onder die invloed van en in diens van die handves van fundamentele regte kom om sekere "publiekregtelike" oogmerke te bereik.

Dit kan wees dat die wetgewer nou dus tog ingevolge artikel 8 aan die howe die taak opgedra het waarna regter Ackermann in *Du Plessis v De Klerk supra* par 112 met skynbare afkeer verwys het toe hy gesê het dat direkte horisontale werking kan neerkom op die "formidable ultimate task of reforming the private common law of this country". Na my mening sal dit tot gevolg hê dat daar 'n uitbreiding van die toepassingsveld van die deliktereg plaasvind in die geval van nuwe situasies. Die inhoudelike van die deliktereg – ook by persoonlikheidsbeskerming – funksioneer heel doeltreffend en het nie dramatiese aanpassings nodig ingevolge direkte of indirekte horisontale werking nie.

In die lig van die moontlikhede van (beperkte) direkte horisontale toepassing wat deur die nuwe handves van regte gemagtig word, ontstaan die vraag of indirekte horisontaliteit nog so belangrik in Suid-Afrika gaan wees soos byvoorbeeld in die Duitse reg. Dit kan wees dat indirekte beïnvloeding van die privaatreg ingevolge artikel 39(2) sal vervaag vir sover die howe grondwetlike beginsels en regte direk tussen private regsubjekte toepas (sien ook vir soortgelyke bedenkinge Du Plessis 10). 'n Ander moontlikheid is dat direkte en indirekte horisontale werking as 'n eenheid behandel en toegepas word.

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

REFLECTIONS ON THE *BONI MORES* IN THE LIGHT OF CHAPTER THREE OF THE 1993 CONSTITUTION

1 Introduction

The recently reported case of *Kalla v The Master* 1995 1 SA 261 (T) raised the issue of the interpretation of constitutional prescripts and, in particular, whether

such prescripts have retrospective application. It also dealt *obiter* with the question of the determination of the *boni mores* before and after the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993 came into force. In this comment only the question of the *boni mores* will be dealt with.

In casu the applicants sought the review of a decision by the Master of the Supreme Court whereby he upheld the contention of the second respondent that the marriage she had contracted with the deceased in India in 1948 was valid in South African law.

At the time of the marriage the deceased was domiciled in South Africa. He travelled to India where he married the second respondent. The marriage was by Muslim rites in terms of which the deceased was allowed to have a maximum of four wives simultaneously, provided, however, that he was willing and able to treat such wives on a basis of absolute equality in respect of their physical and material requirements and also generally in regard to all aspects inherent in the marital relationship. *De facto*, however, the parties maintained a monogamous relationship in India and also after they had come to South Africa.

In his will the deceased bequeathed the sum of R20 000 to the second respondent, R2 000 to a Mohammedan mosque and the residue of his estate was left in equal portions to the first and second applicants. The second respondent contended that a marriage in community of property had existed between her and the deceased and that she was entitled to half of the assets of the joint estate (264B). As an alternative she claimed half of the estate on the basis that a universal partnership had existed between her and the deceased in that they lived as "common law" husband and wife. She furthermore claimed maintenance under the Maintenance of Surviving Spouses Act 27 of 1990. Second respondent founded her claim on correspondence from the Master to the effect that he regarded the marriage valid and that it was in community of property in terms of statute, as well as on a letter received from the Director-General of the Department of Home Affairs in 1993 in which the following was said:

> "The Department does recognise marriages solemnised according to the laws of other countries, therefore the particulars of the said marriage was (*sic*) entered into the computerised population register" (263H).

The computer print-out from the Department of Home Affairs indicating that the second respondent had the surname of Kalla and that her status was that of "*weduwee/wewenaar*" was used as corroboration of her argument (263F). The executor in the estate of the deceased rejected her claims, thereby conceding, as argued by the two applicants, that the marriage between second respondent and the deceased was potentially polygamous and therefore not valid and enforceable as a marriage in terms of South African law (264D–E).

The court had no hesitation in following the well-established approach of the Appellate Division that such polygamous marriages, being *contra bonos mores*, were void *ab initio* even if contracted outside the Republic. Consequently the decision of the Master that a valid marriage had existed between second respondent and the deceased was set aside.

2 The argument on the *mores*

It was argued before the court that section 14(1) of the 1993 Constitution guaranteed the right to freedom of religion and that there has been a change in the *mores* of the South African society since 1983 when the Appellate Division confirmed in *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A) that such marriages were void

ab initio. The court found that it was clear that the marriage *in casu* had never been validated in terms of the Indian Relief Act 22 of 1914 (265I).

After finding that the Constitution did not have retrospective application, the court came to the conclusion that the reliance on section 14(1) of the Constitution to validate retrospectively a marriage which was legally invalid in 1992 when it was terminated by the death of the deceased, was misplaced (270E). The court, however, refrained from considering the question whether section 14(1) had horizontal application. It was held that section 33(4) of the Constitution could point in the opposite direction (270D).

In order to reflect on the arguments regarding the changed *mores* as well as the question whether section 14(1) had horizontal operation, a brief excursion into the common law needs to be made. Section 14(1) provided that every person shall have the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion, which freedom shall include academic freedom in institutions of higher learning.

2 1 The nature and determination of the mores *in terms of the common law*

In the *Ismail* case, a distinction was made between the narrower and wider sense of the phrase "*contra bonos mores*" (1025G–1026B). In the narrower sense it is normally used with reference to conduct which is regarded as immoral or sexually reprehensible. In the wider sense of the word, it can be defined as meaning

> "the accepted customs and usages of a particular social group that are usually morally binding upon all members of the group and are regarded as essential to its welfare and preservation" (1025H).

Against the background as set out above, the court held that a polygamous union solemnised under the tenets of the Muslim faith, and the customs related thereto, could not be considered *contra bonos mores* in the narrower sense of the word, but that it could be regarded as such in its wider meaning (see *Docrat v Bhayat* 1932 TPD 125 127; *Ngqobela v Sihele* (1893) 10 SC 346 352). As such it was regarded as

> "being contrary to the accepted customs and usages which are regarded as morally binding upon all members of our society".

(See also *Brey v Secretary for Inland Revenue* 1978 4 SA 439 (C) 443.)

Although the Appellate Division in *Seedat's Executors v The Master* (*Natal*) 1917 AD 302 recognised the principle that foreign courts would recognise the validity of a marriage contracted in accordance with the local law, it also drew attention to the exceptions to the principle. One such exception was that no country was under the obligation on the grounds of international comity to recognise a legal relation which was repugnant to the moral principles of its people (307). On that basis the court rejected polygamy, since it vitally affected the most important relationship into which human beings could enter. It was rejected by the majority of civilised peoples on grounds of morality and religion and the courts of a country which forbade it were not justified in recognising a polygamous union as a valid marriage. The court held that such a union was "fundamentally opposed *to our principles and institutions*" (309). A marriage, according to the Appellate Division in *Seedat*, was the union of one man with one woman, to the exclusion of all others while it lasted (309).

The practical implication of this state of affairs is that the word "spouse" as it appears in the Administration of Estates Act 66 of 1965, does not include a

woman married according to Muslim rites (*Davids v The Master* 1983 1 SA 458 (C) 461A).

It is abundantly clear that at common law, polygamous unions are void *ab initio*. Although remarks by the Appellate Division that such unions are fundamentally opposed to "*our*" principles and institutions (the "*our*" clearly being linked to a previous statement that polygamy is repugnant to the policy and legal institutions both of Holland and of England (308)) beg further comment, suffice it here to state that this exposition regarding the contents of the *mores*, is not representative of the values and norms of a substantial portion of the South African population.

2 2 The determination of the mores

The *mores* can never be a static concept (*Olsen v Standaloft* 1983 2 SA 668 (ZSC) 673). Since they reflect the fundamental assumptions of the community, the contents of the *mores* vary from country to country and from era to era:

> "Such flexibility may manifest itself in two ways: by the closing down of existing heads of public policy and by the opening of new heads. There is no doubt that an existing head of public policy may be declared redundant . . .
>
> A final observation may be made as to the way in which the courts determine the content of public policy. Apart from reliance on previous precedents, this is done by *a priori* deductions from broad general principles. It is not the practice in English Courts for the parties to lead sociological or economic evidence as to whether particular practices are harmful and it is doubtful to what extent such evidence would be regarded as relevant if it were adduced" (Cheshire and Fifoot *Law of contract* 9 ed 331).

In *Kalla's* case the court did not explicitly deal with the argument that the *mores* had changed. It came to the conclusion, however, that the argument that Islamic polygamous unions were no longer invalid in our law in view of the provisions of section 14(1), might well flounder on the provisions of section 14(3), since it could be argued that subsection (3) would not have been necessary had the draftsmen of the Constitution foreseen that subsection (1) would validate such unions. "In fact the draftsmen adopted the approach of *Seedat's Executors v The Master (Natal)* and provided for specified procedures" (270F). Section 14(3) provided that nothing in chapter three of the Constitution shall preclude legislation recognising the validity of marriages concluded under a system of religious law *subject to specified procedures*.

Further support for the rejection of the argument that the *mores* have changed, is to be found in the principle of gender equality embodied in sections 8(2) and 119(3) and Constitutional Principles I, III and V read together with section 232(4). In fact, the court stated that the conclusion may well be reached that polygamous, and also potentially polygamous marriages, are as unacceptable to the *mores* of the new South Africa as they were to the old.

2 3 The effect of the application of the mores

In *Cumming v Cumming* 1984 4 SA 585 (T) the respondent settled on appellant in an antenuptial contract certain assets subject to the condition that in the event of a separation, judicial or otherwise, or an order of divorce being made in any court between the parties "*howsoever caused and irrespective of which of the said consorts is responsible for the same*, then the said settlements shall revert to and become the sole and absolute property of the [respondent]" (italics added).

Appellant objected to this condition as being *contra bonos mores* in that it would induce, promote or leave unpenalised a course of conduct which was inconsistent with the marriage tie (587F). The condition might have had the effect of encouraging divorce for pecuniary benefit, since it offered the respondent an inducement to act in such a way that continued cohabitation became intolerable (590E).

The court referred to the *dictum* of Lord Atkin in *Fender v St John-Mildmay* 1938 AC 1 (HL):

> "The doctrine should only be invoked in clear cases in which the harm to the public is substantially incontestable and does not depend upon the idiosyncratic inferences of a few judicial minds . . . In popular language . . . the contract should be given the benefit of the doubt."

This approach was also followed in *Kuhn v Karp* 1948 4 SA 825 (T) and *Barclays Bank DC & O v Anderson* 1959 2 SA 478 (T). In *Barclays Bank* the court held that a mere tendency to disrupt a marriage relationship would not be sufficient as a ground for striking down provisions in a will. But if the object of a particular provision were to interfere with or disrupt a marital relationship, such a provision would be regarded as *contra bonos mores*. What was consequently required, was a condition which was inevitably calculated to lead to an infringement of the sanctity of the marriage relationship (486C–E).

It is submitted that the exposition in the cases mentioned above correctly reflects the position in South African law. Should a provision or a condition in a contract inevitably lead to an infringement of the sanctity of the marriage, such condition or provision would be struck down as *contra bonos mores*, and therefore void *ab initio*.

The court's reluctance to consider whether section 14(1) of the Constitution had horizontal application, will be considered against this background.

3 Constitutional perspectives on the questions raised in *Kalla*

3 1 Introduction

As set out in paragraph 2 *supra*, it was argued with reference to section 14(1) of the Constitution on behalf of the second respondent that the *mores* of our society have changed since 1983 (266F). Section 14(1) guaranteed the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion. When interpreting section 14(1), a court of law was obliged to take the provisions of section 35(1) into account. Section 35(1) prescribed that the values which underlie an open and democratic society based on freedom and equality had to be promoted in the interpretation of the fundamental rights entrenched in chapter 3, of which section 14(1) formed an integral part. In terms of section 33, the fundamental rights could only be limited on very specific conditions. The question therefore arises whether the values referred to in section 35(1) differ in any way from the values of our society before the commencement of the Constitution. The court suggested that a proper interpretation of the Constitution and the Constitutional Principles

> "may well lead to the conclusion that polygamous (and potentially polygamous) marriages are as unacceptable to the *mores* of the new South Africa as they were to the old" (270G).

3 2 The Constitution as a source of values and norms

There can be no doubt that every community has certain common values and norms. These values and norms must be applied by a judge when making a

decision, "and in doing so he must become 'the living voice of the people'; he must 'know us better than we know ourselves'; he must interpret society to itself" (Corbett "Aspects of the role of policy in the evolution of our common law" 1987 *SALJ* 67). In his efforts to determine the exact nature of such values and norms, the judge will have to rely on his own honestly held beliefs and opinions (Van Aswegen "Policy considerations in the law of delict" 1993 *THRHR* 195; Van Wyk "Die bewys van *boni mores*" 1975 *THRHR* 386). Included in the values and norms of a particular community, are the legal convictions (*regsoortuiging*) prevailing in that community, also referred to as the *boni mores* (Van Aswegen 1993 *THRHR* 180; Van Wyk *THRHR* 76). The *boni mores* comprise the opinion of "alle redelik ingeligte mense in die samelewing" and are therefore no more vague than the so-called reasonable man test often applied by the courts (Van Wyk 1975 *THRHR* 386).

Before the enactment of the Constitution of the Republic of South Africa 200 of 1993, the notion of the *boni mores* mainly enjoyed application in private and criminal law as a criterion to determine the unlawfulness of a person's conduct. However, since the commencement of the 1993 Constitution the concept *boni mores* have undoubtedly obtained a constitutional law dimension as well. Chapter 3 of that Constitution has been described as a "bridge away from a culture of authority" (that is, a culture in which the leadership of the ruling party commanded parliament, parliament commanded its bureaucracy, and the bureaucrats commanded the people) to a "culture of justification" (that is, a culture in which every exercise of power is expected to be justified). In this regard chapter 3 may be described as a "compendium of values empowering citizens affected by laws or decisions to demand justification" (Mureinik "A bridge to where? Introducing the interim bill of rights" 1994 *SAJHR* 32). Not only chapter 3 in particular, but also the Constitution as a whole contained an immanent value system (Kruger "Is interpretation a question of common sense? Some reflections on value judgments and section 35" 1995 *CILSA* 11–12).

At least some of the values of the community under the pre-1993 Constitution differ vastly from those reflected by the 1993 Constitution. After all, the South African constitutional dispensation has undergone fundamental change. The sovereignty of parliament has been done away with and a chapter on justiciable fundamental rights has been introduced into the Constitution, the supremacy of which was confirmed in section 4(1) of the 1993 Constitution. In the process of establishing the contents of the *boni mores* in a particular case, a judge under the pre-1993 Constitution had a wide discretion to interpret the views of the community. Under the 1993 Constitution (and, of course, the Constitution of the Republic of South Africa 108 of 1996) however, this discretion had been limited in the sense that the provisions of the bill of fundamental rights had to be taken into account. As far as the bill of rights is concerned, it is suggested that the very basic philosophical foundation underpinning the chapter can be said to be that of a democracy based on freedom and equality (Kruger 1995 *CILSA* 15). The contents of the *boni mores* are never static and are determined by time, place and circumstances. However, its contents have to be determined within the framework constituted by the fundamental rights entrenched in the Constitution (Rautenbach "Judisiële staatsoptrede in die VSA" 1971 *THRHR* 49–51).

Although the 1993 Constitution itself did not provide an unambiguous answer to the question whether chapter 3 also had horizontal and not only vertical application (Basson "Labour law and the Constitution" 1994 *THRHR* 501–502;

Gardener v Whitaker 1995 2 SA 672 (E); *Baloro v University of Bophuthatswana* 1995 4 SA 197 (BSC); *De Klerk v Du Plessis* 1995 2 SA 40 (T)), it is nevertheless clear that at least some private law rules, norms and principles would have had to be interpreted in the light of the basic values entrenched in the Constitution (s 35(3) of the 1993 Constitution; Neethling and Potgieter "Aspekte van die reg op privaatheid" 1994 *THRHR* 705–706). This would be particularly true when the *boni mores* are used in order to establish delictual unlawfulness, for instance. It is suggested that the same applies to the question whether it is against the *boni mores* to recognise certain polygamous marriages in South African law. The constitutional ethos projected by the chapter on fundamental rights will most probably penetrate the so-called private sphere in many more ways, thereby convincing persons and institutions within the private sphere to toe the fundamental rights line (Van der Vyver "The private sphere in constitutional litigation" 1994 *THRHR* 395).

The Constitutional Court decided in *Du Plessis v De Klerk* 1996 5 BCLR 658 (CC) that chapter 3 of the 1993 Constitution had no direct horizontal application. It is, however, submitted that the decision of the court does not imply that chapter 3 had no implications whatsoever for private law relationships. This submission is in accordance with the provisions of section 35(3) of the Constitution which stipulated that a court, in the interpretation of any law and the application and development of the common law and customary law, had to have due regard to the spirit, purport and objects of chapter 3. It is also confirmed by the observations of some of the judges. Kentridge AJ declared that

> "the provisions of chapter 3 are not *in general* capable of application to any relationship other than that between persons and legislative or executive organs of state at all levels of government" (695; our emphasis).

Mahomed DP, although concurring in the judgment of Kentridge AJ, stressed that he would remain

> "profoundly uncomfortable if the construction favoured by Kentridge AJ meant, in practice, that the Constitution was impotent to protect those who have so manifestly and brutally been victimised by the private and institutionalised desecration of the values now so eloquently articulated in the Constitution" (702).

Mokgoro J found that although the Constitution did not make provision for horizontal application in "*the ordinary course*" (733; our emphasis),

> "the realm of so-called private law, whether embodied in legislation, common law, or customary law, is by no means immunised from the values of the Constitution as a whole or from those articulated in Chapter 3 in particular" (734).

In fact, she expressly pointed out that

> "the Constitution assigns to courts an *affirmative responsibility* to apply and develop both common law and customary law in a manner that imbues both systems of law with the values embodied in Chapter 3" (733).

The 1996 Constitution is much clearer on the issue of horizontality than the 1993 Constitution. Section 8(2) provides that

> "a provision of the Bill of Rights binds natural and juristic persons if, and to the extent that, it is applicable, taking into account the nature of the right and of any duty imposed by the right".

Although this provision explicitly authorises the horizontal application of the Constitution in certain circumstances, it will be the task of the court to determine the exact extent of such application.

4 Conclusion

It is submitted that chapter 3 of the 1993 Constitution, and more in particular section 35(4), introduced a new framework of reference for determining the *mores*. As such it had to be considered in *Kalla* and *De Klerk* whether, and to what extent, the chapter had *Drittwirkung*. While the Court in *Kalla* refrained from formally addressing the issue, the *De Klerk* decision apparently denied the direct application of the Constitution in the sphere of private law.

We submit, however, that *De Klerk* should not be understood as rejecting the application of the Constitution in private law relationships *in toto*. As indicated above, the phrases used cast considerable doubt on what the majority decision really had in mind, but what seems to be clear is that it conveyed a definite intention that the Constitution does not have direct application in such relationships. To our understanding the decision should not be understood as excluding the indirect application of the Constitution in private law relationships. In fact, the very wording of section 35(4) illuminated the obligation on courts to bear out on the principles contained in the section. If such is the correct interpretation of *De Klerk*, it becomes clear that section 35(4) as the embodiment of a new set of *mores*, found application in the sphere of private law, albeit indirectly.

GM FERREIRA
JA ROBINSON
Potchefstroom University for CHE

DIEREREGTELIKE BESKERMING VAN HENNE IN LÊBATTERYE

1 Inleiding

Beide die Europese Geregshof (EuGH) en die Duitse Bundesgerichtshof (BGH) is in onlangse beslissings met die regsposisie van henne wat in lêbatterye aangehou word, gekonfronteer (*EuGH*, Urt v 19/10/1995, *NJW* 1996, 113; *BGH*, Urt v 6/7/1995, *NJW* 1996, 122). In 'n onlangse publikasie is die behoefte aan die erkenning van werweldiere se reg op biopsigiese integriteit onder die loep geneem (Labuschagne en Crosby "Die werweldier se reg op biopsigiese integriteit" 1996 *THRHR* 72). Teen die agtergrond van bogenoemde twee hofbeslissings word die diereregtelike beskerming van henne in lêbatterye kortliks ondersoek.

2 Die positiewe reg

Die leidende Duitse saak in dié verband is 'n beslissing van die BGH van 18 Februarie 1987 (*NJW* 1987, 1833). Die feite van die saak was kortliks soos volg: Aangeklaagde (A) het 40 000–60 000 lêhenne in draadhokke (-koue) aangehou. Hierdie hokke het in twee groot onderdakruimtes in ses dubbelrye teenoor mekaar gestaan. In elke ry is vier hokke teenoor mekaar gestel. Daar was twee groottes hokke. Die vierhenhokke was 41 sentimeter breed, 42 sentimeter diep, aan die voorkant 42 sentimeter en aan die agterkant 33 sentimeter hoog. Die vyfhenhokke het dieselfde afmetings gehad behalwe dat dit 50 sentimeter breed was. By besetting het elke hen 420 tot 430 vierkante sentimeter ruimte tot haar

beskikking gehad. Die hokbodem is, om die afrol van die eiers te verseker, met 12 grade vorentoe gekantel. Aan die voorkant van die hokke was 'n voertrog en aan die agterkant 'n waterleiding. Die henne is op die ouderdom van vyf maande in die hokke geplaas, het daar gebly vir 13 tot 15 maande en is dan as slaghoenders (in die vorm van sophoenders; "Suppenhühner") bemark. Die hof *a quo* het, na raadpleging van vier deskundiges, tot die konklusie gekom dat die henne dierartsenykundig in 'n goeie toestand was hoewel hulle aan geringe veerskade gely het, wat geleidelik verswak het maar selfs by die oudste henne nog nie beduidend was nie. Hulle kon in ieder geval 'n reeks aangebore gedragspatrone glad nie of slegs beperkend in die hokke uitvoer. Die hof kom tot die konklusie dat deur die wyse van aanhouding aan die henne lyding toegevoeg is. Die lyding was egter nie, soos vereis in artikel 17(2b) van die Tierschutzgesetz (TSG), aansienlik ("erheblich") nie. Die hof bevind verder dat die vereiste skuld nie bewys is nie en vind A onskuldig. Die staat wend hom in hoër beroep tot die BGH. Die BGH beslis eerstens dat die aanwending van 'n vae begrip soos "langdurige en herhalende aansienlike pyn of lyding" ("länger andaurende oder sich wiederholende erhebliche Schmerzen oder Leiden") nie die sekerheidseis (legaliteitsbeginsel) van die strafreg skend nie (sien ook Labuschagne "Die sekerheidsbasis van die strafreg" 1988 *SAS* 70–71). Die BGH wys verder daarop dat artikel 17(2b) TSG sonder enige begrensing geld vir intensiewe aanhouding van nutsdiere, insluitend die aanhouding van henne in lêbatterye. Volgens die BGH beteken "lyding", soos in artikel 17(2b) TSG gebruik, inbreukmaking op die welsyn van die dier wat meer is as geringe ongemak, wat vir 'n wesenlike tydperk voortduur en nie onder die begrip "pyn" tuisgebring kan word nie. Om binne die trefkrag van artikel 17(2b) TSG te val, moet die lyding aansienlik wees. Die BGH bevestig in finale instansie die beslissing van die hof *a quo*.

In die EEG word tans vereis dat 'n oppervlaktebodem van ten minste 450 vierkante sentimeter per hen beskikbaar moet wees. Die EuGH beslis dat die hedendaagse vereiste van die Duitse reg dat 550 vierkante sentimeter vir 'n hen wat minstens twee kilogram weeg, beskikbaar moet wees, nie in stryd met die riglyne van die EEG is nie. Dit staan lidlande vry om strenger voorskrifte te stel (*NJW* 1996, 113; sien ook BGH, *NJW* 1996, 122). 90% van alle eiers word in Duitsland gelê deur henne wat in hokke (koue) aangehou word. 85% van die inwoners is gekant teen gebruikmaking van lêbatterye (*NJW* 1996, 122).

Artikel 2(1)(b) van die Dierebeskermingswet 71 van 1962 bepaal in Suid-Afrika soos volg:

> "Iemand wat . . . 'n dier onnodig of in sulke toestande of op so 'n wyse of in so 'n houding dat dit onnodige lyding aan daardie dier veroorsaak of in 'n plek wat onvoldoende ruimte, lugtoevoer, lig, beskerming of beskutting teen hitte, koue of die weer bied, inperk, vasketting, op tou slaan of vasmaak . . . is, behoudens die bepalings van hierdie Wet en enige ander wetsbepalings, aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met daardie gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete . . ."

Die begrip "dier" omvat ingevolge artikel 1 ook 'n hoender. Hierdie bepaling geld duidelik ook vir boerderybedrywighede (sien Labuschagne en Bekker "Dieremishandeling" 1986 *Obiter* 45–46; Karstaedt "Vivisection and the law" 1982 *THRHR* 351).

Die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging (SAPA) het pro-aktief te werk gegaan om konfrontasie met dierewelsynaktiviste en regstoepassers te voorkom

(sien Weiss "Teenvoeter teen agitasie oorweeg" *Landbouweekblad* 1992-05-08 38). Die SAPA het 'n praktykskode saamgestel wat ook voorskrifte ten aansien van kommersiële lêhenne bevat. Die volgende inligting word in dié verband in die *Poultry Bulletin* 1992-04-08 150 weergegee:

> "Commercial egg producers belonging to SAPA subscribe to the following practices: 1. To provide the housing and equipment necessary to protect the health and welfare of their flocks. 2. To provide the necessary sanitation, vaccination and medication programmes to protect the health of their flocks from disease, infection and poultry illnesses. No drugs are to be used to stimulate growth. 3. To maintain all feed, water, light, ventilation and standby equipment in good operational condition. 4. To provide cages which have adequate space and take into consideration the welfare of their flocks. 5. To give due consideration to the welfare of the flock when making husbandry decisions. 6. To use humane methods when it becomes necessary to dispose of any bird. 7. To schedule a daily inspection of all birds on their farms. 8. To make all personnel knowledgeable of those factors that can cause discomfort to pullets and hens. 9. In case of disputes, to undertake to subject themselves to an enquiry by experts appointed by the SA Poultry Association."

Dit behoort teen die agtergrond van die Duitse reg hierbo bespreek en die houding van die BGH en EuGH duidelik te wees dat dié voorskrifte te vaag is. Soos uit die verdere bespreking sal blyk, is dit daarbenewens te antroposentries en word aan die belange van die dier bloot 'n afgeleide status toegeken.

3 Diereregtelike dimensie

Soos by vorige geleenthede aangedui, is die dier se welsyn en belange ter wille van homself beskermingswaardig (Labuschagne "Regsubjektiwiteit van die dier" 1984 *THRHR* 334; "Regsobjekte sonder ekonomiese waarde en die irrasionele by regsdenke" 1990 *THRHR* 557; "Modekonformering, dieremishandeling en diereregte" 1995 *THRHR* 750; sien ook Labuschagne en Crosby 1996 *THRHR* 81). Wêreldwyd is daar toenemend 'n neiging om die pyn- en ongeriefsvlak van diere wat by wetenskaplike navorsing betrokke is, streng te monitor en duidelike grense vas te lê (Labuschagne en Crosby 1996 *THRHR* 77–78; Labuschagne "Gewetensvryheid, wetenskaplike navorsing en die diereregtelike grense van eksperimente met diere" 1995 *SALJ* 698). 'n Dier het myns insiens 'n reg op vermyding van onnodige (liggaamlike en psigiese) pyn. Sweeny wys tereg daarop dat indien onaanvaarbare lyding by diere teen ekstra koste uitgeskakel kan word, die koste gedra moet word (*Animals, cruelty and law* (1990) 37). 'n Dier behoort as uitgangspunt ook 'n reg op instinkmatige bewegingsvryheid te hê (Labuschagne en Crosby 1996 *THRHR* 80–81). Hoenders het, by wyse van voorbeeld, 'n behoefte (instink) tot versorging ("grooming") (Sweeny 37; sien verder die werk van Moss (red) *The laying hen and its environment* (1980) 1 ev en dié van die Farm Animal Welfare Council *Report on the Welfare of Laying Hens in Colony Systems* (1991) 11–20).

In 'n artikel getiteld "Cages aren't cruel" (*Farmer's Weekly* 1989-02-10 11) verklaar Phelps soos volg:

> "Is it too much to call for objectivity? Is objectivity ever possible in a case like this? There is [sic] a lot of carefully researched data on the requirements of poultry with regard to air temperature, to humidity, to population density and to many other aspects of welfare. Very few people seriously question the validity of these findings. They can be regarded for the purpose of drafting norms and standards as objective, but there remains the application of such 'objective' truths. At this stage, the democratic process begins to operate. What the producer can and should do is

> ensure that the legislative body receives all the available scientific evidence before regulations are drafted. What the consumer has to realise is that when animals are used to provide food for human consumption, this inevitably involves imposing restrictions on the behavioural pattern of these animals. Unless man goes back to trapping and killing wild animals, this pattern is here to stay. The question will always be: to what extent can we decently restrict the freedom of movement of the farm bird or animal? The answer will be based on the prevailing ethical code. The obvious and only solution is to apply the available objective scientific criteria in measuring what is to be the acceptable level of livestock welfare."

Hierdie siening is myns insiens korrek maar slegs in soverre van wetenskaplike kennis aangaande die welsyn en behoeftes van die betrokke diere gebruik gemaak word om bogenoemde diereregte te artikuleer.

4 Konklusie

Die belangrikste probleem in die onderhawige verband is dat die welsyn van die henne met die besigheidsbelange van die eienaars in konflik kom (sien bv Gittens "More hens per house with automation" *Farmer's Weekly* 1989-10-20 6; Phelps "Keeping them laying when it's hot" *Farmer's Weekly* 1989-01-13 18). Inligting dui egter daarop dat die welsyn van die henne die eierproduksie komplementeer. So verklaar Reni van Dyk van die *Livestock Welfare Association* ("Animal welfare with regard to the poultry industry" *Poultry Bulletin* Jan 1991, 29; sien ook Jasper en Nelkin *The animal rights crusade* (1992) 141–142):

> "However . . . in order to achieve and maintain optimum production (whether layer or broiler), the welfare of the birds are [sic] vitally important. Factors which come to mind include the following:
>
> – feed and water requirements (quality and cleanliness)
>
> – floor space (cage or floor density)
>
> – ventilation and temperature control
>
> – hygiene and disease control
>
> – handling and transportation in the case of broilers
>
> – debeaking in the case of layers
>
> As can be seen from the above, animal welfare and certain management practices actually go hand in hand. If we . . . can achieve full support from the various poultry enterprises in so far as visits are concerned, problem areas could be discussed and hopefully improved. This in turn will not only be advantageous to the animals, but at the same time should result in improved production for the specific enterprise and thus for the industry as a whole."

In Swede is die aanhou van henne in lêbatterye sedert 1988 verbode (Havinga "Animal rights" *Farmer's Weekly* 1989-11-10 32). Agitasie vir 'n algemene verbod daarop begin wêreldwyd steun verkry (Appelby "Modified cages for laying hens: Future prospects" in Sherwin (red) *Modified cages for laying hens* (1994) 95). Miskien is dit diereregtelik die aangewese uitweg veral aangesien misbruik daardeur in 'n groter mate hokgeslaan sou kon word.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

DIE ETIESE FEMINISME VAN CORNELL*

Drucilla Cornell propageer 'n *etiese feminisme* en 'n nuwe choreografie vir seksuele verskil. Cornell ("The doubly-prized world: myth, allegory and the feminine" 1990 *Cornell LR* 644) wil die *vroulike* bevestig maar nie op 'n essensialistiese of naturalistiese wyse nie:

> "As we shall see, the Feminine should neither be identified with the experience of any given historical group of women, nor philosophically denied and politically rejected as a regrettable return to essentialism belied by the play of difference. To affirm the Feminine within sexual difference, we do not need an essentialist theory of woman."

Cornell voer aan dat die aanspraak op die vroulike en feministiese teorie nie negeer kan word nie. Sy erken die dilemma waarin die feminisme haarself bevind met betrekking tot die kwessie van verskil en die konsep van die vroulike. Sy argumenteer dat indien feminisme 'n beweging eie aan vroue is, 'n mens op 'n vroulike stem en 'n vroulike *werklikheid* moet kan steun. Sy plaas realiteit in aanhalingstekens om juis die posisie van die vroulike realiteit as "*stranger than facts*" en "*a little to the rere*" te verduidelik. Cornell *idem* 644 poog om verby die sentrale dilemma wat feministiese teorie konfronteer, naamlik 'n nie-essensialistiese bevestiging van die vroulike, te beweeg. Sy opper die punt dat alle weergawes van die vroulike berus op rigiede geslagsidentiteite wat die ware verskille tussen vroue ontken en die geskiedenis van onderdrukking weergee eerder as om 'n ideaal te skep waarna gestreef kan word. Hierdie dilemma kan opgelos word deur terug te keer na die vraag oor die betekenis van die vroulike. Cornell *idem* 645 verwys in hierdie verband na 'n aanhaling van Emily Brontë: "This world is hopeless without the world I doubly prize." Cornell *ibid* voer aan dat Brontë se woorde aangewend kan word om lig te werp op die betekenis van die *vroulike*:

> "The world doubly prized is the world stranger than facts that opens us to the possibility of a new choreography of sexual difference, through an allegorical account of the Feminine as beyond any of our current stereotypes of Woman. We also need to prize the Feminine, in and for itself, through the retelling of the myths of the Feminine as an imaginative universal. Both myth and allegory are necessary, indeed unavoidable, in feminist theory."

Cornell voer aan dat wanneer die verhouding tussen *mite* en *allegorie* in opvattings van die vroulike begryp word, die rol van die utopiese perspektief van die *not-yet* oopgemaak sal kan word. (*Mite* word tradisioneel omskryf as 'n verhaal wat ontstaan uit die drang van primitiewe volkere om natuurkragte, dit wat by die mens vrees inboesem, te personifieer en te vergoddelik. Daar is egter vele eietydse mites, veral rondom geslag en geslagtelikheid, geslagsrolle, ensovoorts. *Allegorie* is die teenoorgestelde van simboliek. Daar word van die *werklikheid* gebruik gemaak om iets te vertel maar die eintlike betekenis moet agter die

---

* Gedeelte van LLM-skripsie (Unisa) getiteld "Rekonstruktiewe feminisme: 'n Ondersoek na die reg as 'manlike' struktuur en die moontlikheid van transformasie met spesifieke verwysing na pornografie". Dank is verskuldig aan prof JW van der Walt (studieleier) vir sy waardevolle hulp en leiding.

oppervlak-gegewe verhaal gelees word (Grové *Letterkundige sakwoordeboek* (1988) 5 89).) Hierdie perspektief lig die tekortkominge uit van die bestaande sisteem waarvolgens geslag voorgestel word. In feministiese teorie het die vroulike dikwels die gedagtes van bevryding en verlossing beliggaam. Feministe het dikwels aangevoer dat die ideaal van die vroulike nagestreef moet word. Cornell toon aan hoe hierdie normatiewe oordeel dikwels gemaak word vanuit die beskrywings van hoe vroue veronderstel word om te *wees*. Dit is belangrik dat die vrou se verhaal gehoor moet word en dat die stilte wat haar verhaal verdring het, deurbreek moet word. Die *behoort te wees* wat opgesluit is in die vroulike moet dus nie alleen beslag kry in die erkenning van die vrou as *ander* nie maar ook in die erkenning van die vroulike as 'n beter wyse van menswees. Cornell stel etiese feminisme voor as alternatief tot sowel liberale as radikale feminisme. Etiese feminisme erken spesifiek die *behoort te wees* wat in die vroulike beliggaam is. Etiese feminisme fundeer die vrou se storie nie op hoe vroue is nie maar op die herinnering aan die *not-yet* wat weergegee word in beide allegorie en mite. Dit is belangrik om op Derrida se suspisie van die gebruik van allegorie, mite en metafoor te wys ten opsigte van die beskrywing van die vroulike. Die probleem is dat enige beskrywing die gevaar loop om weer eens rigiede identiteite vas te lê. Cornell *Beyond accommodation* (1991) 170 voer egter aan:

> "The disruptive power of the allegory of Woman ironically seems to depend on deferring any attempt to specify the feminine."

'n Beskrywing van die vroulike is egter tog belangrik, veral in regsdiskoers. In hierdie verband moet Derrida se oproep tot *double writing* beklemtoon word:

Mahomed DP referred to the fact that section 32(c) speaks of the right to *establish* educational institutions and then concluded that this does not place any

positive duty on the state (par 7). If I understand him correctly, the state is reduced to a mere interested spectator while some of its citizens start establishing schools based on, for example, a common language and does not have to help them financially. Why the state should be permitted to place huge financial stumbling blocks in the way of those who want to "establish" such schools, is never properly explained. As will appear from the rest of the discussion this narrow interpretation of "establish" with its far-reaching consequences is not the most reasonable construction of section 32(c).

A further consideration is what the position is of *existing* public educational institutions which are based on a common language, culture or religion. Have they not already been *de facto* so *established* with financial support of the state? Does section 32(c) mean that they cannot remain inside the public school sector? Even if it is correct that the further establishment of new schools is a matter of private initiative and expense, the *continued existence* of such institutions is not limited in the same manner.

Compromise and common sense

From a common sense point of view it may be asked whether it is really so illogical or wrong to give effect to a reasonable political compromise voluntarily accepted by the ANC and other parties to allay the justified fears of minorities regarding the suppression of their language and culture in the state-funded public school system. Who can honestly believe that the negotiating parties at Kempton Park could have intended schools based on a common language to be possible only in the case of private schools which so few in South Africa currently attend or can afford? And why should political compromises couched in relatively vague language not be enforceable in a court of law?

Three subsections of section 32

Judge Mahomed's analysis of the three subsections of section 32 does not necessarily justify the court's thesis. His conclusion is that section 32(c) offers something *more* than that awarded by (a) and (b), namely a freedom to set up private schools (section 32(a) gives a right to basic education and equal access to educational institutions and (b) provides for a right to instruction in the language of a person's choice if that is reasonably practicable).

Now section 32(c) does not necessarily mean something *more* than that offered by section 32(a) and (b), but something *different*. Sections (a) and (b) do not cover the full spectrum for which the state should reasonably be responsible (and is in any event limited to "basic education"). Only by accepting that (c) is also part of the state's area of responsibility will the whole field be covered and completed. There is no explanation why one should only be entitled to state support if one wants "instruction" in a particular language (on the level of basic education) but not "education" in a particular language, or education in a particular cultural or religious environment. Education is obviously a wider concept than instruction. The court's reasoning implies a very narrow view of the state's duty regarding the provision of education. One may also ask: where are the words "private" or "independent" in relation to section 32(c) and where is the expression "public expense" in regard to (a) and (b)?

In arguing that section 32(c) refers only to privately funded private schools, the state may conveniently escape its duty to perform properly in accordance with the right (and reasonable expectation) of a pupil to education in a particular

cultural and language context. The whole argument about positive and defensive rights in this context, is actually nothing more than a polite way of sacrificing the legitimate interests of some in order to achieve a political result favoured by others. Relatively few learners attend private schools in South Africa for obvious financial reasons. Through its judgment the Constitutional Court makes it generally impossible to have such schools. One may ask: *Whose right is the right to education anyway?* (See, in a somewhat different context, Van Beuren "Education: whose right is it anyway?" in Heffernan and Kingston *Human rights. A European perspective* (1994) 339 *et seq*.)

Money

As Kriegler J said in his brief judgment, the case was concerned with money (par 42). In effect, the judgment of the court tells some South Africans that their tax payments and additional payments of school fees at some schools are not enough to ensure educational institutions based on, for example, a common language – for that they must pay extra while their tax money only pays for the education of others who are satisfied with what the state tells them is good enough. Here one may ask: since when are educational institutions based on a common language (single-medium schools) or culture so extraordinary and luxurious that double payment must be made?

Reasonable people reject unfair discrimination based on race in the school system. However, the approach of the Constitutional Court may create the impression that the majority in South Africa are living in fear of a small minority who (now lacking any real political power) would like to have educational institutions based on, for example, a common language without unfair racial discrimination. This apartheid phobia is not conducive to the development of a free and fair education system. The ANC-dominated government virtually controls the whole public sector including public finances to fund the kind of education favoured by it. What danger is posed or what damage may be caused to the majority of the population by a number of, for example, Afrikaans schools (not practising unfair racial discrimination) existing within the state funded school system?

The right to *instruction* in the language of one's choice in terms of section 32(b) of the Constitution is not nearly enough in the South African situation, especially in view of the state's policy of having double language instruction. The new (1996) Constitution is in this sense more realistic by expressly making single language institutions a valid educational possibility to be considered (s 29(2)).

"*Practicable*"

The weakest point in judge Mahomed's reasoning is his treatment of the issue of *practicability*. Section 32(c) only allows schools where this is "practicable". The most probable explanation is that it is seen as an internal limitation of a second or third generation right against the state. The state cannot be expected to support schools which on pedagogical, financial, demographic or other factual grounds should not reasonably receive such support. However, Mahomed DP conveniently sees it as a *neutral* factor in interpreting section 32(c). According to him it is equally relevant on a "positive" or "defensive" construction of section 32(c). He then advances the following ground: *The state cannot be expected to monitor and supervise hopelessly impractical private school ventures* (par 11).

Why the state should have such an interest in the *practicability* of *private schools* that it must be specially mentioned in the Constitution, remains a mystery. It is also far-fetched to suggest that the constitutional negotiators in Kempton Park foresaw so many private schools that they wanted to protect the state's resources against these ventures. And how will the so-called "supervision" of these impractical private schools place such a heavy burden on state resources? The concern of the court about many learners who may be prejudiced by hopeless private school ventures, is not backed by any facts.

The whole argument of Mahomed DP seems to me to verge upon the fantastic. In view of the court's desire to strike down the political compromise in section 32(c), it had to find some ground to neutralise the qualification in section 32(c) which is opposed to its own dogmatic views. In my submission this is a good illustration of the length to which the court may go in imposing its ideas on others regardless of the words actually used in the Constitution. All this does not inspire confidence in the way in which the court will interpret the relatively vague education provisions in the new constitutional text.

In short: the court's handling of the matter serves the ideology it likes to promote well, but has little to do with the interpretation of the Constitution in a manner which takes proper notice of the language and cultural diversity and the need to promote cultural and language security in education – which will also benefit the country as a whole (see eg s 27 of the Canadian Charter of Rights and Freedoms: "This Charter shall be interpreted in a manner consistent with the preservation and enhancement of the multicultural heritage of Canadians").

That section 32(c) was never intended to refer to private schools, is also dramatically illustrated by the fact that private or independent schools in terms of the new Constitution (s 29(3)) are not subjected to the requirement that their establishment must be "practicable". This is further proof of the artificiality of the court's argument.

7 Some remarks on the judgment of Sachs J

Judge Sachs (par 44 *et seq*) considered the case in the broader context of minority rights in the international community (see generally De Groof and Fiers *supra* for a useful collection of views from many European countries). Sachs J made an interesting general statement (par 52) which should be developed further. He said that the Constitution must be seen as a bridge to accomplish the passage from state protection of minority privileges to state acknowledgement and support of minority rights. This is precisely what is needed in the South African educational situation. Unfortunately Sachs J did not recognise and interpret section 32(c) as being aimed at achieving the very bridge he was speaking about.

Although Sachs J is correct in concluding that there is insufficient authority for placing on a state the duty to subsidise all kinds of schools (see eg also Heffernan and Kingston *Human rights. A European perspective* 347) the question still is: what should the realistic and fair approach in South Africa be? One has to consider whether it will be to the long term advantage of South Africa to drive many members of Afrikaans minorities out of the public school system. Will this advance national reconciliation and the promotion of tolerance, friendship and understanding among ethnic groups? (See on this s 13(1) of the International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights.)

A partial answer to this is given by the vague wording in the new education clause which stipulates that the state must in the provision of education in someone's language or languages of choice consider all reasonable educational alternatives including single medium schools. However, it remains to be seen how this provision will be interpreted and applied in practice.

In the course of his long judgment Sachs J stated *inter alia* (par 81) that from a cultural or language point of view there is no clear majority in South Africa. However, he immediately qualified this by observing that there is a massive push by parents to have their children educated in English. Here Sachs J took a leaf out of the propaganda book of the previous NP apartheid government. This government, in order to justify its minority rule, was always quick to point out that there is no majority in South Africa. However, Sachs J used this observation in an attempt to argue that it could not have been the intention of the framers of the Constitution that each and every language group or religious community could have its own schools. In fact, the remarks by Sachs J on the different cultures and religions in South Africa strengthens the interpretation that section 32(c) was, where practicable, intended to solve the very problem of language, cultural and religious minorities. Why should the state only have to provide education to those who want to attend schools *not* based on a common language, culture or religion? Such a practice would be a clear example of unfair discrimination and suppression of people on the basis of culture and language orientation.

It is a pity that for the purposes of comparative law Sachs J did not pay more attention to the ideas and principles reflected by certain proposals in the draft Convention for the Protection of National Minorities in Europe (1994) (see pars 88–90 of his judgment where Sachs J merely stressed that the actual convention does not impose positive obligations on states to establish or maintain minority schools). Although not all the suggested principles have been put into effect, they are of particular relevance in the South African situation. In the document available to me, the following (draft) articles are noteworthy:

> Article 7 5: "Persons belonging to ethnic groups shall have the right to set up and manage their own schools, educational and training establishments within the framework of the legal education system" (see also Council of Europe Recommendation 1201/1993).
>
> Article 7 6: "In order to make the right to education effective, persons belonging to ethnic groups shall at least be entitled, for all types and at all levels of education, to a share in public grants proportionate to their share in the total population."
>
> Article 7 9: "State Parties to the Protocol shall be responsible for the financing of the educational system of the persons belonging to ethnic groups."

8 Conclusion

The case on section 32(c) does not inspire much confidence in the Constitutional Court as far as the future of minority languages in education are concerned. It seems unlikely that the court as presently constituted will develop to a position where there will be more understanding and respect for schools based on a minority language. Fortunately the court in its present form will not last for ever and one can merely hope that the Constitutional Court will with the passage of time in its function as political arbiter better reflect the different valid and reasonable views on education in South Africa and be more sensitive to the issue of education within a particular cultural, language and religious context (see for some recent views on culture Freeman "The morality of cultural pluralism" 1995

The International Journal of Children's Rights 1 *et seq*; see also Beukes "Verstaanbare vraagstukke rondom 'n verkleurmannetjiebegrip: Of die vele gesigte van kultuur" 1994 *SA Public Law* 137–158).

Compromise clauses should not be interpreted in such a manner that the compromise is destroyed, since compromises paved the way to a peaceful transition in South Africa.

Realism, taking into account all relevant facts – even those not favoured by the majority – is the hallmark of a lasting and enlightened legal system. This also applies in the case of the fundamental right to education.

PJ VISSER
University of Pretoria

DIE GRONDWETLIKHEID VAN DIE ONDERVRAGINGSPROSEDURE INGEVOLGE ARTIKELS 417 EN 418 VAN DIE MAATSKAPPYWET 61 VAN 1973

Bernstein v Bester 1996 2 SA 751 (CC)

1 Feite

Tollgate Holdings Ltd (die maatskappy) was 'n publieke beleggingsmaatskappy en op die Johannesburgse en Londense beurse genoteer. Die ondergang van die maatskappy het in Februarie 1988 begin toe Duros Group Ltd (waarvan M en K beherende lede en direkteure was) beheer oor die Tollgate-groep (T-groep) gekry het. A, B, C, D, M en K was almal die een of ander tyd by Duros in gesaghebbende posisies betrokke. Kessel Feinstein was ouditeure van Duros toe hulle in 1988 beheer oor T Holdings gekry het. Hulle het egter eers in 1990 hoofouditeure van die T-groep geword. As ouditeure het hulle gesertifiseer dat die gekonsolideerde jaarlikse finansiële state van die T-groep die finansiële posisie van die groep vir 1990/1991 redelik verteenwoordig. Die finale likwidasie van die maatskappy het op 13 Januarie 1993 plaasgevind. Dit het gelei tot die ineenstorting van ook die hoofiliaal maatskappye en die meeste ander maatskappye in die groep. Die maatskappy en sy filiale is in die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof onder voorlopige likwidasie geplaas. Die gevolg van die ineenstorting van die groep was skuld van byna R400 miljoen. Lasbriewe vir inhegtenisneming op aanklagte van bedrog en diefstal is ten opsigte van A en M uitgereik. K staan tereg op verskeie strafregtelike aanklagte met betrekking tot die ineenstorting van die T-groep. D en C is op grond van onregmatige dade substansiële bedrae aan die likwidateure verskuldig. Aansoek om die sekwestrasie van D se boedel is gedoen en ooreenkomste is met C bereik.

Ná die finale likwidasie het die likwidateure en ander maatskappye in die T-groep aansoek gedoen om die daarstel van 'n kommissie van ondersoek na die sake van sekere van dié maatskappye. Die Kaapse Provinsiale Afdeling het die aansoek toegestaan. Die kommissaris het Bernstein, Klotz en Nicola (vennote en werknemers van 'n firma van geoktrooieerde rekenmeesters en applikante 1 tot 3)

gedagvaar om ingevolge artikels 417 en 418 van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna "die wet") voor die kommissie te verskyn en dokumentasie voor te lê. Die ondervraging was gemik op die insameling van getuienis omdat gemeen is dat Kessel Feinstein sivielregtelik aanspreeklik was op grond van die wyse waarop die firma sy professionele pligte as ouditeure van die T-groep uitgevoer het. Dié feit is egter nie aan Bernstein se prokureurs geopenbaar nie. Op die derde dag van die ondervraging het Bernstein se verteenwoordigers beswaar aangeteken. Hulle het beweer dat die bepalings van artikels 417 en 418 ongeldig en ongrondwetlik is en dat die kommissaris en die likwidateure nie met die ondervraging kan voortgaan nie. Die ondervraging is vervolgens uitgestel. In 1995 het die applikante aansoek gedoen om tersydestelling van die hofbevel wat die ondersoek gemagtig het tot die omvang dat dit die oproep van die applikante toegelaat het. Hulle het verder die opheffing van die betrokke dagvaarding gevra asook 'n bevel om die likwidateure (respondente) en kommissaris te verhoed om enige getuienis of dokumente wat van die applikante verkry is aan ander te openbaar. Met betrekking tot die vraag na die grondwetlikheid van artikels 417 en 418 het adjunk regter-president Fagan die geskil na die konstitusionele hof verwys.

Die applikante grond hul saak daarop dat die meganisme geskep deur artikels 417 en 418 –

(a) inbreuk maak op die reg op vryheid en sekuriteit van 'n persoon (a 11(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 (hierna "die Grondwet")) en op persoonlike privaatheid (a 13 van die Grondwet), waarby inbegrepe is vryheid van beslaglegging op privaatbesittings of inbreuk op privaatkommunikasie;

(b) inbreuk maak op artikel 24 van die Grondwet omdat dit administratiewe ondervraging toelaat terwyl dit nie in ooreenstemming met die bepalings van daardie artikel geskied nie;

(c) inbreuk maak op die reg op 'n billike verhoor ingevolge artikel 25 van die Grondwet vir sover dit 'n getuie ontneem van sy privilegie teen self-inkriminasie deur sy getuienis in daaropvolgende strafregtelike verrigtinge toelaatbaar te maak; en

(d) 'n geïmpliseerde grondwetlike reg op billikheid in siviele litigasie en die waarborg van gelykheid ingevolge artikel 8 van die Grondwet verbreek, vir sover die meganisme die likwidateurs en die skuldeisers van die maatskappy toelaat om 'n onbillike voordeel bo hul teenpartye te verkry wat hulle nie sou gehad het as dit nie vir die likwidasie was nie.

Kortliks is die argument dus dat die meganisme inbreuk maak op die ondervraagde se regte op vryheid en sekuriteit van die persoon, op persoonlike privaatheid (inbegrepe vryheid van beslaglegging op private besittings), op billike administrasieprosedures, en op billikheid in siviele litigasie en gelykheid. In *Ferreira v Levin* 1996 1 SA 984 (CC) het die konstitusionele hof beslis dat die woorde "any answer given to any such question may thereafter be used in evidence against him" in artikel 417(2)(b) van die wet ongrondwetlik en dus ongeldig is indien dit in strafregtelike sake teen die ondervraagde gebruik kan word, anders as strafregtelike verrigtinge waar die betrokke persoon teregstaan op 'n aanklag betreffende die oplê of aflê van 'n eed, die oplê of doen van 'n bevestiging of die aflê van valse getuienis of 'n valse verklaring in verband met sodanige vrae en antwoorde, en by strafregtelike verrigtinge met betrekking tot

'n versuim om wettige vrae volledig en bevredigend te antwoord. Sodoende is die posisie dieselfde as by artikel 65-ondervragings kragtens die Insolvensiewet 24 van 1936 (hierna Insolvensiewet; sien a 65(2A)(b)). Hierdie beslissing (*Ferreira v Levin*) was egter nog nie gelewer toe die saak onder bespreking na die konstitusionele hof verwys is nie. Desnieteenstaande gaan hierdie aansoek van die applikante baie wyer as slegs bogenoemde punt. (Sien veral par 7 hieronder waar die situasie by siviele litigasie ter sprake kom.) Die applikante versoek die deurhaling van artikels 417 en 418 in geheel.

2 Verwysing van geskille na die konstitusionele hof

Die eerste interessante aspek van die onderhawige beslissing is die verwysing van geskille na die konstitusionele hof. Die hof beklemtoon die volgende:

- Die hooggeregshof mag nie 'n saak verwys op grond van 'n ooreenkoms tussen die betrokke partye nie.
- Die vereistes van artikel 102(1) van die Grondwet moet nagekom word. Artikel 102(1) bepaal soos volg:

  "Indien daar by enige aangeleentheid voor 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof 'n geskilpunt is wat deurslaggewend vir die saak kan wees, en wat binne die uitsluitlike jurisdiksie van die Konstitusionele Hof ingevolge artikel 98 (2) en (3) val, verwys die betrokke provinsiale of plaaslike afdeling, indien hy van mening is dat dit in die belang van geregtigheid is om dit te doen, daardie aangeleentheid na die Konstitusionele Hof vir sy beslissing: Met dien verstande dat, indien dit nodig is dat getuienis aangehoor word ten einde sodanige geskilpunt te beslis, die betrokke provinsiale of plaaslike afdeling sodanige getuienis moet aanhoor en 'n bevinding daaroor moet maak voordat die aangeleentheid na die Konstitusionele Hof verwys word."
- Daarby moet die hof, voordat dit die geskil na die konstitusionele hof verwys, ook deeglik oorweging aan daardie vereistes skenk ("must apply his mind to these requirements").
- Die hooggeregshof het slegs 'n plig om 'n saak sodanig te verwys as:
  (a) daar 'n geskil is wat inderdaad beslissend vir die saak is;
  (b) die geskil binne die eksklusiewe jurisdiksie van die konstitusionele hof val; en
  (c) die hof meen dat dit in belang van geregtigheid sal wees om die geskil na die konstitusionele hof te verwys.

Die konstitusionele hof het voorheen beslis dat dit implisiet aan artikel 102(1) van die Grondwet is dat daar 'n *redelike vooruitsig* moet wees dat die relevante bepaling ongeldig bevind sal word. Regter Ackermann meen dat hierdie aanduiding 'n *sine qua non* vir 'n verwysing na die konstitusionele hof is, maar nie op sigself 'n voldoende grond is nie. Die rede is omdat dit nie altyd in belang van geregtigheid sal wees om 'n verwysing te maak sodra die relevante geskil geopper is nie.

Met hierdie laaste opmerking van die konstitusionele hof word saamgestem en die hoop uitgespreek dat nie elke tweede insolvensie- of likwidasiegeskil in die vervolg na die konstitusionele hof verwys sal word nie. Ons is van mening dat dit 'n nadelige uitwerking op die spoedige en effektiewe afhandeling van die sekwestrasie- of likwidasieproses kan hê. Die versoek om verwysing kan 'n geforseerde en ongeregverdigde instrument in die hande van 'n insolvente skuldenaar of ander belanghebbende word wat dit gebruik met die uitsluitlike doel

om tyd te wen of strategie te bepaal. Dit is 'n geleentheid wat hy/sy nie verdien nie. Die likwidasie- of sekwestrasieproses beoog 'n sekere doel en tree na aanleiding van uitsonderlike omstandighede in werking. Dié situasie durf nie negeer te word nie.

3 Beoordeling van geskil teen 'n sekere agtergrond

Voordat die aansoek van ongrondwetlikheid deur die hof beoordeel word, maak regter Ackermann enkele opmerkings oor die pligte van die likwidateur en die oogmerke van die ondervragings uit hoofde van artikels 417 en 418. Die regter meld dat dit bloot as *agtergrond* vir die beoordeling van die kwessie oor die grondwetlikheid van die betrokke bepalings gegee word. Sy oogmerk is nie om met die uiteensetting regsbeginsels neer te lê of te ontwikkel om die artikel 417-ondervraging te kontroleer nie. Dít sien hy tereg as die funksie van die hooggeregshof. Nietemin is dit na ons mening essensiële riglyne wat deur die hooggeregshof in aanmerking geneem behoort te word by die beoordeling van die gebruik van die artikel 417- en 418-prosedure en moontlike versoeke om verwysing na die konstitusionele hof. In gepaste gevalle behoort dit verder te geld ongeag of 'n sekwestrasie- of likwidasieproses aan die orde is. Die feit dat 'n kurator in plaas van 'n likwidateur betrokke is, is volgens ons op enkele wetteregtelike en praktiese verskille na irrelevant. Die belangrikste van hierdie riglyne behels die volgende:

3 1 Die pligte van 'n likwidateur (of waar van toepassing 'n kurator)

- Die likwidateur moet alle bates van die maatskappy bymekaar maak (sien ook Meskin *Insolvency law and its operation in winding-up* (1991) 4–25 4–26(1) 4–58; Sharrock ea *Hockly's Insolvency law* (1996) 197; Cilliers ea *Corporate law* (1992) 517; Smith *The law of insolvency* (1988) 187; a 69(1) en 23(12) Insolvensiewet).
- Hy moet die sake en transaksies van die maatskappy voor likwidasie ondersoek om te bepaal of enige direkteur en beampte of vorige direkteur en beampte 'n bepaling van die wet oortree het of een of ander misdryf gepleeg het; of daar, met betrekking tot die persone genoem, gronde blyk te wees vir die bevel van die hof ingevolge artikel 219 van die wet om die direkteur van sy amp te diskwalifiseer (sien ook Sharrock 197; Cilliers ea 517; a 81(1) Insolvensiewet; Smith 190 227).
- Hy moet aan die Meester alle inligting gee of samewerking verleen wat vir die Meester nodig is om sy pligte na te kom (sien ook Sharrock 197; Cilliers ea 517).
- Behalwe in geval van 'n vrywillige likwidasie deur die lede van die maatskappy, is dit ook die plig van die likwidateur om aan die algemene vergadering van skuldeisers en bydraers van die maatskappy verslag te lewer rakende die oorsake van die maatskappy se mislukking (sien ook Sharrock 198; Cilliers ea 517; a 81(1) Insolvensiewet; Smith 190).

3 2 Oogmerke van ondervraging ingevolge artikels 417 en 418 (of waar van toepassing artikel 65 en 152 van die Insolvensiewet)

- Eerstens is die oogmerk om die likwidateur by die nakoming van bogenoemde pligte tot hulp te kom (sien ook *Costas Yiannoulis v Grobler,* soos aangehaal in *Agyrakis v Gunn* 1963 1 SA 602 (T) 604 waar sekwestrasie ter sprake was).

- Tweedens moet die bates en die verpligtinge van die maatskappy bepaal, die bates verkry en verpligtinge afgelos word op 'n wyse wat in die beste belang van die maatskappy se skuldeisers is.
- Slegs deur navrae kan vasgestel word welke bates die maatskappy besit, wie skuldeisers en wie bydraers is (sien ook a 44(7) Insolvensiewet; Sharrock 90); asook behoorlike ondersoek gedoen word na twyfelagtige eise teen buitestanders voordat van hulle geëis word.
- Om bates op te spoor, is dit toelaatbaar om die ondersoek uitsluitlik op die algehele geloofwaardigheid van die ondervraagde toe te spits.
- Persone verantwoordelik vir die wanbestuur is gewoonlik die enigstes wat kennis van die besigheid van die maatskappy voor likwidasie het. Hulle is nie geneë om die likwidateur vrywillig by te staan nie. Dit is in belang van die skuldeisers en die publiek in die algemeen om sodanige persone te dwing om die likwidateur by te staan (mbt ondervraging kragtens a 65 Insolvensiewet is in *Costas Yiannoulis v Grobler* 1963 1 SA 599 (T) 601 beslis dat die oogmerk van die vergadering van skuldeisers juis is om die kurator en die skuldeisers wat hulle eise bewys het in staat te stel om navraag op die wydste basis in die sake van die insolvent te loods. Dieselfde geld met betrekking tot ondervraging kragtens a 417 (sien Meskin 8–20)).
- Ondervraging is essensieel om die likwidateur in staat te stel om volledige inligting te kry wat as gevolg van die ingewikkelde aard van die besigheid nie altyd uit dokumente verkry kan word nie (sien ook Smith 227; *Nieuwoudt v Fought* 1987 4 SA 101 (K) 113; Meskin 8–12).
- Ondervraging het ook ten doel om so gou en goedkoop moontlik omringende feite te bekom in verband met die terugverhaal of opspoor van dokumente (of iets dergeliks) van 'n beampte, werknemers van die maatskappy of selfs 'n buitestander wat by die maatskappy se sake betrokke was (sien Meskin 8–20).
- As dit die maatskappy se gebruik is om geld van die publiek in te samel en besigheid te bedryf op die basis van beperkte aanspreeklikheid, is getuienislewering ingevolge artikel 417 'n persoon of persone se verantwoordelikheid teenoor die aandeelhouers en skuldeisers as gevolg van die mislukking van die besigheid.

Die regter is van mening dat hierdie verantwoordelikheid teenoor aandeelhouers en skuldeisers ook die verantwoordelikheid van die ouditeure van die maatskappy is. Ons stem saam dat dit gegrond word op die openbaringsplig om die likwidateur in belang van die skuldeisers by te staan. Dit is in openbare belang dat persone wat by 'n insolvente maatskappy se sake betrokke was so 'n plig teenoor die skuldeisers en aandeelhouers het. "They owe a public duty to assist the liquidator to investigate the affairs of the company." Die suksesvolle opspoor en terugverhaal van die vrugte van maatskappybedrog moet derhalwe beklemtoon word.

3 3 Riglyne vir die hof se diskresie om 'n ondersoek ingevolge artikel 418 te gelas

Regter Ackermann noem sekere riglyne wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n bevel vir die tersaaklike ondersoek gegee moet word. Hy doen dit met verwysing na die regsposisie in ander lande. In die eerste plek is hy van mening dat 'n balansering moet plaasvind. Die belangrikheid vir die likwidateur om die inligting te kry en die graad van dwang op die persoon wat ondervra

word, moet teen mekaar opgeweeg word. As die inligting wat benodig word fundamenteel vir die vasstelling van die eisoorsaak is terwyl die dwang in 'n mindere mate manifesteer, behoort so 'n bevel toegestaan te word. Dit kan egter nie toegelaat word as die likwidateur 'n redelik duidelike eis het en die ondersoek bloot ten doel het om die ander persoon se verweer vas te stel nie.

Ander oorwegings wat volgens die regter deur die hof in ag geneem behoort te word in die uitoefening van die diskresie om 'n ondersoek te gelas, is die volgende:

- Die feit dat die likwidateur in staat gestel sal word om kennis van die maatskappy te rekonstrueer om sodoende ingeligte besluite te kan neem. Die doel van die ondervragings is *nie* om die maatskappy in 'n sterker posisie te plaas in siviele litigasie as wat dit sou wees as likwidasie nie plaasgevind het nie.
- Dit is nie nodig dat 'n absolute behoefte aan inligting bewys moet word nie. Die bewys van 'n redelike behoefte aan inligting is voldoende.
- 'n Saak vir ondervraging is sterker teen beamptes wat 'n fidusiêre plig teenoor die maatskappy het as 'n saak vir die ondervraging van derde partye.
- 'n Bevel vir mondelinge ondervraging sal meer geredelik dwang uitoefen as 'n bevel vir voorlegging van dokumente.
- 'n Versoek deur die likwidateur sal met meer simpatie behandel word as 'n versoek deur 'n bydraer.

In aansluiting hierby het die hof reeds in *Ex parte Brivik* 1950 3 SA 790 (N) 791–792 beslis dat dit nie nodig is vir 'n applikant om 'n *prima facie* saak uit te maak dat daar voor likwidasie 'n optrede was wat aanvegbaar of strafbaar sou wees nie. Daar is dus geen sodanige *onus* op die persoon wat die ondersoek aanvra nie. Dit is voldoende om "a fair ground for suspicion" aan te toon "and that the person proposed to be examined can probably give information about what is suspected". Omdat ondervragings egter ook op 'n vergadering van skuldeisers gehou kan word, is in *Die Likwidateurs van Trust Staal (Edms) Bpk (in likwidasie)* 1967 3 SA 577 (O) beslis dat die applikant die hof (of die Meester) tevrede moet stel dat die ondersoek te verkies is.

Met betrekking tot die uiteensetting en motivering deur regter Ackermann meen regter Kriegler dat daar 'n te groot verskil tussen die Suid-Afrikaanse insolvensiereg en dié van die ander (genoemde) lande is; gevolglik meen hy dat hierdie riglyne nie in ag geneem moet word nie. Vir hom is van belang en relevant die omvang en ingewikkeldheid van die maatskappy se mislukking. Dit is inderdaad so. Hieroor stem hy dus wel met regter Ackermann saam. Hy meen dat hoewel die ondervragings potensieel dwang kan uitoefen, daar 'n noodsaak vir inligting bestaan (sien ook *Venter v Williams* 1982 2 SA 310 (N) 313). Die howe oefen op twee wyses kontrole oor die ondervragings uit. Eerstens word aansoeke om 'n ondervraging te hou noukeurig ondersoek. Gevolglik sal die howe die aansoek nie toestaan as dit dwang uitoefen, kwelsugtig of onbillik sal wees nie. Tweedens het die howe al tevore tussenbeide getree om die dwang of onbillike gebruik van die ondervragingsprosedure te voorkom (sien ook *James v Magistrate Wynberg* 1995 1 SA 1 (K) 16). Hierdie standpunt word onderskryf.

Regter Kriegler verklaar dat judisiële kontrole oor die *wyse* waarop die ondervraging gehou word aanvullend is tot die kontrole wat die hof uitoefen by beantwoording van die vraag of die ondervraging in die eerste plek behoort plaas te vind. Die omvang van die finansiële ineenstorting kan volgens hom wel 'n

uitsonderlike saak daarstel wat die balans in die guns van die likwidateur laat swaai. Die feit dat die Meester of 'n regter 'n ondervraging beveel het, beteken nie dat die hooggeregshof sy bevoegdheid verloor om dwang, kwelsugtigheid en onbillikheid, of om die instel van onbehoorlike ondervragings te verhoed nie. Die hooggeregshof behou derhalwe sy kontrolebevoegdheid in hierdie verband.

Dit wil tog voorkom of slegs die laaste drie oorwegings deur regter Ackermann hierbo genoem nie regter Kriegler se goedkeuring wegdra nie en dat die balanseringsmaatstaf en daaropvolgende twee oorwegings wel in sy kriterium en dié in *Ex parte Brivik* verdiskonteer word.

3 4 Beoordeling in die lig van die hof se kontroleplig

Die applikante se aansoek om die ongrondwetlikheid van artikels 417 en 418 word in die lig van hierdie plig oorweeg. Met verwysing na *James v Magistrate Wynberg* 1995 1 SA 1 (K) kom die hof tot die slotsom dat die hooggeregshof (net soos by a 415) tussenbeide kan tree wanneer die doel van die ondervraging is om 'n sekere punt te ondersoek wat nie op die likwidasie of finansiële belang van die skuldeisers van die maatskappy in likwidasie betrekking het nie. Wanneer dit alleen die onbehoorlike doel sal dien om byvoorbeeld ammunisie te verkry vir gebruik deur daardie spesifieke skuldeiser in litigasie wat hy teen die ondervraagde wil bring, moet die hof sy kontrolebevoegdheid uitoefen.

Namens die applikante word dan ook beweer dat die meganisme van artikels 417 en 418 'n buitengewone en geheime metode ("secret mode") is om inligting te verkry. Die ondervraagde is nie geregtig om te weet wat die onderwerpe van ondervraging sal wees nie; wie se optrede die fokus van die ondervraging sal wees nie; of bewerings of suspisies van siviele of strafregtelike aanspreeklikheid ondersoek gaan word en indien wel, wat dit alles behels nie. Die ondervraagde het nie 'n reg op insae in getuienis en bewysstukke van die kommissie nie en betree die getuiebank dikwels heeltemal onvoorbereid vir die ondervraging. Die ondervraagde mag oor 'n baie wye spektrum van sake ondervra word en kan verplig word om enige boeke of dokumente, hoe vertroulik of inkriminerend dit ook al mag wees, bekend te maak. Die meganisme is selfs teen onskuldige derdes beskikbaar.

Hierdie bewerings van die applikante doen volgens ons nie afbreuk aan die feit dat hulle 'n behoorlike en voldoende remedie in die kontrolebevoegdheid van die hooggeregshof het en daardie remedie moet benut het nie. Die ouditeure van 'n insolvente maatskappy kan ook nie heeltemal as 'n derde party gesien word nie. Die applikante beweer vervolgens dat artikels 417 en 418 se meganisme sodoende inbreuk maak op die reg op vryheid en sekuriteit ingevolge artikel 11(1) van die Grondwet, die reg op persoonlike privaatheid ingevolge artikel 13 en die reg om nie aan die beslaglegging op private besittings of die inbreukmaking op private kommunikasies onderworpe te wees nie. Hierdie beroep op die konstitusionele hof was onnodig.

4 Artikels 11(1) en 25 van die Grondwet

Regter Ackermann is van mening dat artikels 417 en 418 nie totaal "open-ended" in hul toepassing is nie. Daar is volgens hom (sien die uiteensetting hierbo) voldoende presedente om te voorkom dat die meganisme van artikels 417 en 418 met onnodige dwang, kwelsugtig of onbillik teen die ondervraagde gebruik word.

In die eerste plek wys hy daarop dat 'n groot aantal klagtes van die applikante handel oor die wyse waarop die ondervraging deur die kommissaris gehou is en nie oor enige bepaling van die Maatskappywet nie. Die artikels bepaal nie dat die ondersoek op 'n sekere wyse moet geskied nie. Die korrekte remedie in al hierdie gevalle sou wees om die hooggeregshof om verligting te nader op grond daarvan dat die ondersoek op 'n onbehoorlike en onredelike wyse hanteer is. Die konstitusionele hof het nie sy indruk gegee oor die vraag of dit wel so was nie. Heeltemal tereg is 'n beslissing oor hierdie vraag die taak van die hooggeregshof.

Tweedens is die aansoek van die applikante op die artikel 11(1)-vryheidsregte gebaseer. Om dit te beoordeel, sê regter Ackermann, moet in gedagte gehou word dat die eerlike hantering van die sake van maatskappye tans 'n saak van groot openbare belang is. Eerlike optrede kan nie verseker word tensy oneerlike optrede blootgestel, gestraf en "illgotten gains" aan die maatskappy teruggegee word nie. Sodanige blootstelling kan nie effektief plaasvind tensy die sake van die maatskappy deeglik ondersoek en gerekonstrueer word nie. Uit hoofde van die Maatskappywet en die Wet op Publieke Rekenmeesters en Ouditeurs het ouditeure talle statutêre pligte wat ten doel het om onder andere die aandeelhouers en skuldeisers te beskerm. Die kennis en deskundigheid van die ouditeur is van besondere belang by rekonstruksie van die sake van die maatskappy in likwidasie, asook om die ander doelwitte van artikel 417-ondervraging te bereik. As 'n ouditeur 'n aanstelling aanvaar, is hy van hierdie pligte bewus.

Die hof beklemtoon ook dat ná *Ferreira v Levin supra* die posisie van 'n ondervraagde in 'n artikel 417-ondervraging nie veel verskil van getuies in enige ander verhoor nie. Die verpligting om op die dagvaarding te reageer en op 'n genoemde tyd en plek teenwoordig te wees, sal nie die fisiese integriteit van die getuie in gedrang bring nie. Om 'n opheffing van die dagvaarding te bewerkstellig, moet duidelik bewys word dat die bevoegdheid om te dagvaar misbruik is. As die gedagvaarde geen sodanige bewyse het nie is dit sy plig om aan die dagvaarding gehoor te gee. Die hof beklemtoon dat dit 'n siviele verpligting is wat in alle oop en demokratiese gemeenskappe erken word.

As die getuie die dagvaarding ignoreer of weier om vrae te beantwoord, is die sanksie gevangenisstraf. Dit gebeur met alle mense wat wette wat geldig en reg gemaak is, oortree. In 'n oop en demokratiese gemeenskap is die sanksie van gevangenisstraf wat behoorlik deur 'n hof opgelê is met betrekking tot wetgewing wat andersins konstitusioneel is, geregverdig. Sanksies is noodsaaklik om wetgewing effektief te maak. Dit is die hof se mening dat hierdie bepaling omtrent altyd uit hoofde van artikel 33 geregverdig sal word.

Die sanksie van gevangenisstraf (agv die ignorering of versuim sonder voldoende rede) om effek te gee aan 'n dagvaarding wat uit hoofde van artikels 417 en 418 uitgereik is, is redelik en noodsaaklik. So ook die moontlikheid om gearresteer en voor die Meester of 'n ander persoon wat aangestel is om die ondervraging te hanteer, gebring te word. Gevangenisstraf volg ooreenkomstig die normale prosessuele beskermingsmaatreëls. Hieruit volg dus dat daar nie op artikel 11(1) en (2) of 25 van die Grondwet inbreuk gemaak word nie.

Die hof benadruk dat die meganisme wat artikels 417 en 418 daarstel absoluut essensieel en noodsaaklik is om openbare beleidsdoelwitte te bereik. Laasgenoemde kan nie op enige ander wyse bereik word wat die ondervraagde se reg op vryheid minder raak nie, veral as ag geslaan word op die hooggeregshof se bevoegdheid om 'n ondervraging te kontroleer en sodoende te voorkom dat dit kwelsugtig, ensovoorts is. Die bepaling van sy reg op vryheid is ook redelik en geregverdig in 'n demokratiese gemeenskap wat op vryheid en gelykheid gebaseer is.

5 Artikel 13 van die Grondwet

Daar word duidelik op 'n getuie se privaatheid inbreuk gemaak as hy gedwing word om boeke en dokumente wat hy vertroulik of vir homself wil hou, te openbaar. Op 'n persoon se *privaatheid* word nie inbreuk gemaak indien hy deur middel van 'n dagvaarding gedwing word om op 'n sekere tyd en plek fisies teenwoordig te wees nie. Dwang om op besondere vrae omtrent jouself en jou aktiwiteite te antwoord, kan wel inbreukmakend wees. Ingevolge artikel 418(5)(b)(iii)(aa) word die ondervraagde verskoon om te antwoord as hy "voldoende grond" het. As die beantwoording van 'n vraag ongeregverdig op 'n persoon se hoofstuk 3-regte inbreuk sal maak of met sodanige inbreuk dreig, is daar "voldoende grond" om te weier om te antwoord. Die vraag sal terselfdertyd ook nie "regmatig" gevra wees nie – artikel 418(5)(b)(iii)(aa) bepaal ook dat die vraag "regmatig" gevra moet word. Dit is die geval tensy die artikel 418(5)(b)(iii)(aa)-dwang om te antwoord in alle omstandighede 'n beperking op die reg op privaatheid sou konstitueer wat ingevolge artikel 33(1) van die Grondwet geregverdig is.

Met bogenoemde in gedagte is dit vir die hof duidelik dat geen bepaling in artikels 417 en 418 teenstrydig met applikant se artikel 13-regte is nie. Die hof verklaar dat die applikant se aansoek gegrond op 'n inbreuk van sy privaatheid baie vaag is. Geen werklike inligting oor die aard en inhoud van die dokumente en inligting word gegee nie. Die hof kan hom gevolglik nie uitspreek oor privaatheid nie tensy die inhoud van die dokument of inligting openbaar word.

Die hof dui weer eens daarop dat die omvang van die ondervraging beperk is tot bogenoemde doel, naamlik om inligting te kry wat tot die finansiële voordeel van die maatskappy sal wees. "Inligting met betrekking tot sake van die maatskappy" moet uitgelê word in ooreenstemming met hierdie doel. Die plig van bedoelde persone ontstaan juis uit die feit dat die maatskappy self geen geestelike of sintuiglike gevoelens het nie ("mental or sensory"). Aan die maatskappy moet gedink word as die eienaar van die kennis wat in die gedagtes van die beamptes van die maatskappy bestaan. Daarom val dit volgens die hof tereg nie in die persoon se *domain* van persoonlike privaatheid nie.

Daar word beklemtoon dat die oprigting van 'n maatskappy as 'n voertuig om besigheid te doen op die basis van beperkte aanspreeklikheid, nie 'n private aangeleentheid is nie. Die voordele inherent aan hierdie skepping van die wet skep sekere verantwoordelikhede. Deel daarvan is die statutêre verpligting van behoorlike openbaring aan en toerekenbaarheid teenoor die aandeelhouers.

Die posisie met betrekking tot die beslaglegging op private besittings as dokumente wat kragtens artikel 417(3) oorhandig moet word, is saamgelees met artikel 418(5)(b)(iii)(aa) dieselfde as hierbo. Dit maak volgens regter Ackermann nie inbreuk op die artikel 13-reg om nie onderworpe te wees aan die beslaglegging op private besittings nie. Ons stem saam dat in die omstandighede van die saak, solank dit *relevant* ten opsigte van 'n regmatige ondersoek ingevolge artikel 417 is waar 'n maatskappy betrokke is wat opgerig is as 'n voertuig om sake op die basis van beperkte aanspreeklikheid te doen, gedwonge oorgawe geregverdig is. Artikels 417 en 418 maak derhalwe nie inbreuk op hierdie reg nie.

Die publiek se belang in die vasstelling van die omringende omstandighede, die likwidateur se belang in 'n spoedige en effektiewe likwidasie en die skuldeisers en bydraers se finansiële belang in die terugverhaling van maatskappybates moet inderdaad opgeweeg word teen hierdie periferiese inbreukmaking op

die reg om nie aan beslaglegging op private besittings onderworpe te wees nie. Gesien in hierdie lig is artikels 417(3) en 418(2) volgens regter Ackermann 'n regmatige beperking van die reg op persoonlike privaatheid ingevolge artikel 33 van die Grondwet.

6 Artikel 24 van die Grondwet

Regter Ackermann verwys na die volgende argument: Navrae uit hoofde van artikels 417 en 418 en die uitvoering deur kommisarisse van hul pligte om uit hoofde daarvan verslag te doen, is administratiewe aksie binne die betekenis van artikel 24 van die Grondwet. By oorweging van hierdie argument ag die regter dit van belang om die aard van die prosedure van ondervragings uit hoofde van artikels 417 en 418 te karakteriseer, omdat bepaal moet word of paragrawe (b) en (c) van artikel 24 van die Grondwet toepassing vind. Hy meen dat artikel 24(b) en (c) slegs aanwending sal vind as die aard van die ondersoek 'n "administratiewe aksie" daarstel.

Die regter wys vervolgens daarop dat hierdie prosedure 'n intrinsieke deel is van die likwidasie van 'n maatskappy weens 'n hofbevel. In besonder is dit daardie deel van die proses wat beoog om die bates van die maatskappy vas te stel en te realiseer. Skuldeisers het 'n belang in die betaling van hul eise. Die ondervraging kan daarom minstens ten dele as deel van hierdie eksekusieproses, en derhalwe nie as 'n administratiewe aksie/optrede gesien word nie. Dit is inderdaad so. Alhoewel nie beslissend vir die saak nie, is die regter se standpunt na ons mening korrek. Regter Ackermann kan ook nie sien hoe artikel 24(c) toepassing kan vind nie want die ondervraging is gerig op insameling van inligting om die likwidasieproses te fasiliteer. Die doel van die ondervraging is nie om beslissings te maak wat ander bind nie. 'n Kommissaris wat 'n artikel 417-ondervraging moet behartig, kan dus nie as 'n uitvoerende orgaan/liggaam van die staat beskryf word nie. Nogtans gee dit volgens die regter nie 'n antwoord op die vraag nie en beslis dit nie of artikel 24 ten opsigte van artikels 417 en 418 aanwending vind nie. Selfs al word aangeneem dat die navraag 'n "administratiewe aksie" daarstel, help dit volgens hom nie die applikante met die bewys dat die bepalings van artikels 417 en 418 teenstrydig met artikel 24(b) en (c) is nie. In die lig van die hooggeregshof se kontrolebevoegdheid is dit ook ons mening dat dit nie werklik nodig is om te beslis of hier 'n "administratiewe aksie" voorhande is nie.

Ingevolge artikel 24(b) en (c) vra die applikante eerstens openbaring van die redes waarom hulle gedagvaar word om sodoende behoorlik voor te berei, te appelleer of die saak te laat hersien. Tweedens vra die applikante die openbaring van die inligting wat van hulle benodig word om ondervraging te vermy en inligting te gee of vir die ondervraging voor te berei as ondervraging wel nodig is. Wat hierdie aspek betref, bevind die hof tereg dat daar niks in die bepalings van artikels 417 en 418 is wat die applikante verhoed om hierdie eise (aangenome dat hulle daarop geregtig is) deur middel van die gewone howe te voer nie. Niks in hierdie bepalings is teenstrydig met artikel 24(b) of (c) of die applikante se eise nie. As hulle 'n remedie het (en die hof gee geen opinie hieroor nie), lê dit langs 'n ander weg en nie deur die deurhaling van artikels 417 en 418 deur die konstitusionele hof nie.

7 Die reg op billikheid in siviele litigasie

Die applikante beweer dat die meganisme ingevolge artikel 417 die likwidateur en skuldeisers van die maatskappy in staat stel om 'n onredelike voordeel ten

opsigte van hul teenpartye in siviele litigasie te verkry. Die hof beslis nie hieroor nie en sê dat die kwessie eerder oor gelyke behandeling in daaropvolgende litigasie gaan as oor 'n reg op 'n billike siviele verhoor. Dit is inderdaad so. Dit moet gevolglik as sodanig behandel en hanteer word.

In *Ferreira v Levin supra* is artikel 417(2)(b) ongeldig verklaar in die mate dat 'n inkriminerende antwoord in strafregtelike prosedures, anders as prosedures in verband met meineed, valse verklarings en onvolledige antwoorde (sien par 1 hierbo vir 'n volledige aanhaling), teen die ondervraagde gebruik kan word. Die grondwetlikheid van die gebruik van so 'n antwoord in *siviele* prosedures teen die ondervraagde is egter oopgelaat. Die applikante beweer dat artikels 417 en 418 die likwidateur en skuldeisers toelaat om die ondervragingsmeganisme aan te wend met die oog op siviele litigasie wat in die toekoms beoog word of nog hangende is. Sover, sê die hof, is die submissie onbetwisbaar.

Environmental rights (ch 32 – Shadrack Gutto) have certainly enjoyed a meteoric rise from almost complete obscurity to a position of some prominence as so-called third-generation rights. The author expresses the fear that environmental rights may be seen as lower in the pecking order than certain other rights, with some justification. He also highlights the fact that these rights have both an individual and a collective aspect, and emphasises their international dimension – an important issue in the light of the express recognition that international norms enjoy in both the 1993 and 1996 Constitutions. The role of indigenous law in this sphere is also acknowledged.

Children's rights (Angelo Pantazis) are dealt with in chapter 33. Although "the best interests of the child" is a concept long known to our law, the spotlight is increasingly falling on certain rights of children which have been neglected in the past because of the subordinate position of children in an authoritarian society. The chapter on family law (June Sinclair) is closely linked with the previous one and, like several of the other chapters, reaches across a number of fundamental rights. The reader's attention is drawn to the lacunae that remain in our law (such as the inferior legal position of the father of the child born out of wedlock, and the conflicts between constitutional equality and the prevailing ethos of systems of customary law and certain extant codes such as the KwaZulu Code of Zulu law).

Minority rights (language, education and culture) are accorded a separate chapter (Iain Currie), illustrating the difficulties encountered when the group-based nature of certain rights is not taken into account. Language features again in chapter 37 ("Official languages", by the same author) but in a somewhat different context.

Chapter 36 (indigenous law) was also written by Iain Currie. Although much of the chapter does not relate directly to fundamental rights, the entire issue has a very strong rights connotation. It has already transpired that the question of the role of indigenous

law is likely to cause a few constitutional headaches, mainly because of the "incompatibility of indigenous law and traditional political authority . . . and the social order envisioned by the Constitution" (36–1). Notice has also been served (both in the inclusion of the concept of *ubuntu* in the postscript to the 1993 Constitution, and in several of the judgments in *Makwanyane*) that African concepts as well as African jurisprudence will not occupy their traditional Cinderella status for much longer.

Although education features in the chapter on minority rights, it is also accorded separate treatment in the final chapter, chapter 38 (Ross Kriel). The difficulties that attend the recognition and enforcement of "positive" rights such as that to education are illustrated with reference to the social justice approach of the German Basic Law. The problems raised here have been compounded rather than eliminated by the 1996 Constitution, which provides for the right to education (including higher education) and not merely for the right to have *access* to educational institutions. As Kriel points out, too, section 32(a) of the 1993 Constitution provides for equal access, not automatic or absolute access (38–6). Problems have already arisen in regard to the exclusion of students on the grounds of non-payment of fees and inadequate academic results; they are hardly likely to diminish under the 1996 Constitution.

It is inconceivable that anyone seriously engaged in constitutional practice will ignore this book. It deals comprehensively and critically with every (or almost every) aspect of the bill of rights in the 1993 Constitution, and virtually everything that has been said will retain its relevance for the 1996 Constitution. There are, however, a number of points of criticism; these do not detract from the soundness and usefulness of the work as a whole.

First of all, I think the title of the work is a misnomer: it is about the South African Constitution (and even more specifically about the bill of rights in the South African Constitution) rather than about South African *constitutional law*. Approximately three quarters of the text is devoted to the discussion of fundamental rights. When it comes to the structural provisions of the Constitution, both the legislature and the executive are given short shrift in one brief chapter. The provinces and the courts, on the other hand, are dealt with fairly exhaustively. Little attention is given to constitutional theory or fundamental principles and concepts, except for the chapters on constitutional interpretation and federalism. Separation of powers, which is enshrined in the constitutional principles on which the 1996 Constitution is based, is tucked away in a single paragraph. The importance of this doctrine has already emerged from the decision of the Constitutional Court in *Executive Council, Western Cape Legislature v President of the Republic of South Africa* 1995 4 SA 877 (CC).

The decision to omit any treatment of basic concepts such as "state", "government", "constitutionalism" and the like is probably justified on the grounds that the work is both too expensive and too comprehensive to serve as a textbook, for undergraduate students at any rate. However, greater attention to issues, both theoretical and structural, such as the separation of powers, the role of parliamentary committees, legislative procedures, representation and the operation of systems of proportional representation, would have enhanced the value of the work for academics (and possibly for practitioners as well).

Despite the editing authors' disclaimer about the integration of styles and approaches, the variety encountered in a reading of the work does not jar. The contributions are well written and read easily, for the most part. Unfortunately, the presentation of the work is marred by an unacceptably high incident of typographical errors and similar gremlins (starting with the "perliminary" on the very first page of the subject index/table of contents!). Many of these could have been eliminated by the simple expedient of a computerised spelling check. The number of errors is the most marked in chapters 10 and 12 – a pity, since these are among the chapters containing the most valuable discussion, to my mind. Apart from obvious typographical errors, there were spelling errors (seperate, discernable, permissable, Van der Vyfer, etc) as well as American usages which are not standard South African English (offenses, behavior, different than). The word "reign" was also wrongly used in phrases such as "reigning in of the political will" (11–2)

and "free reign" (26–15 fn 7). It is hoped that updates will be subjected to more rigorous language editing.

Despite the criticism mentioned, the work represents a major achievement. The editors and authors are to be congratulated on what must be described as a *tour de force*.

GRETCHEN CARPENTER
University of South Africa

ACTIO INIURIARUM: DER SCHUTZ DER PERSÖNLICHKEIT IM SÜDAFRIKANISCHEN PRIVATRECHT

deur HELGE WALTER

Duncker & Humblot Berlyn 1996; 229 bl

Prys DM84,– (sagteband)

Dit gebeur nie aldag dat 'n boek oor die Suid-Afrikaanse reg in Duits verskyn nie, en dit is des te meer merkwaardig as die werk 'n gebied van ons deliktereg betrek, die persoonlikheids- of *iniuria*-reg, waarvan die ontwikkeling reeds in die *Twaalf Tafels* van 450 vC 'n aanvang neem en wat op die spits gedryf is in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. Die handves van fundamentele (mense-)regte vervat in hoofstuk 2 beklemtoon naamlik nie net menslike waardigheid as een van die demokratiese waardes wat die Grondwet onderlê nie (a 7(1)), maar bied *eo nomine* ook verskansing aan bepaalde persoonlikheidsregte, te wete die regte op lewe, waardigheid, fisies-psigiese integriteit, liggaamlike vryheid en privaatheid (sien a 10 11 12 14).

Die boek (23–27) skop af met 'n kort bespreking van privaatregtelike persoonlikheidsbeskerming in Duitsland. Hierna stel die outeur (27–30) sy hipotese, naamlik dat die Suid-Afrikaanse *iniuria*-reg met sy hibriede Romeins-Hollandse en Engelsregtelike karakter as belangrike voorbeeld kan dien vir die ontwikkeling van 'n Europese reg waar die "common law" en "civil law" tot versoening moet kom. Vervolgens (hfst 2) word die regsgeskiedkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg onder oë geneem (31–40): die resepsie van die Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika vanaf 1652, die beïnvloeding deur die Engelse reg sedert 1795 en die vervlegte ontwikkeling daarna wat tot 'n selfstandige "gemengde" Suid-Afrikaanse reg lei:

> "Das heutige südafrikanische Recht stellt sich somit weder als reines römisch-holländisches Recht noch als englisches Recht dar, sondern als Mischrechtsordnung von eigenständigem Charakter" (39).

Hoofstuk 2 word afgesluit met 'n kort verwysing na die bronne van ons reg (40–41).

Hiervandaan neem die outeur die leser op 'n geskiedkundige rit van die persoonlikheidsreg deur die Romeinse reg (hfst 3) (*via* die *Twaalf Tafels*, praetoriese edikte, klassieke reg, na-klassieke reg, *Corpus iuris civilis*, glossatore, ultramontani en kommentatore) en die Romeins-Hollandse reg (hfst 4) (*via* die ou skrywers van wie net De Groot en Voet in besonderhede bespreek word; daar word voorts gefokus op oa *animus iniuriandi* as wesenselement van 'n *iniuria* – "iniuria non fit sine animo iniuriandi" – en die remedies vir 'n gedingsvatbare persoonlikheidskrenking).

As agtergrond vir sy hipotese bespreek Walter logieserwys persoonlikheidsbeskerming in die Engelse reg in hoofstuk 5: die "law of torts" waar aandag gegee word aan "trespass to the person" (*assault, battery, false imprisonment*), laster, kwaadwillige vervolging en privaatheidskending (waar tot op hede, afgesien van databeskerming ingevolge die Data

Protection Act, 1984, nog geen direkte beskerming verleen word nie). Die invloed van die Engelse reg op ons *iniuria*-reg is veral merkbaar met betrekking tot kwaadwillige vervolging, laster en onregmatige en kwaadwillige vryheidsberowing.

Vervolgens (hfst 6) word die toepassingsgebied van die *actio iniuriarum* in die Suid-Afrikaanse reg behandel. Eers word gewys op die generaliserende benadering van die deliktereg. Daarna volg 'n netjiese en relatief bondige uiteensetting van persoonlikheidsbeskerming wat oor die algemeen die patroon van die resensent se *Persoonlikheidsreg* (1991) volg (vertaal as *Neethling's Law of personality* (1996), met Potgieter en Visser as mede-outeurs). Vooraf word kortliks op die elemente van 'n *iniuria* gelet, naamlik 'n persoonlikheidskrenking (aantasting van die *corpus*, *fama* of *dignitas*), onregmatigheid (*contra bonos mores*) en opset of *animus iniuriandi* (uitgesonderd die gevalle van skuldlose aanspreeklikheid, nl aanspreeklikheid van die pers weens laster, onregmatige arrestasie en onregmatige beslaglegging op goed); en geniet *iniuria per consequentias* en die persoonlikheidsregte van regspersone besondere aandag. (In lg verband is die boek egter misleidend aangesien die appèlhof reeds beslis het dat 'n regspersoon oor 'n reg op privaatheid beskik: sien *Financial Mail (Pty) Ltd v Sage Holdings Ltd* 1993 2 SA 451 (A); *Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd v Janit* 1994 3 SA 56 (W) 60–61 (1995 4 SA 293 (A)); *Neethling's Law of personality* 79–81.) Vervolgens word die beskerming van die verskillende persoonlikheidsregte behandel: aantasting van die reg op die fisiese liggaam of *corpus* (waaronder seduksie; ongelukkig het die beskerming van die psigiese integriteit (*Neethling's Law of personality* 97–101), wat selfs in a 12(2) van die Grondwet uitdruklik erken word, agterweë gebly); die reg op liggaamlike vryheid (waaronder onregmatige en kwaadwillige arrestasie); die reg op die goeie naam (*fama*) (waar die hele gebied van die lasterreg, kwaadwillige vervolging en onregmatige en kwaadwillige beslaglegging op goed ter sprake kom); en die regte ten aansien van die *dignitas* waaronder die reg op die eer (belediging – hier ontbreek 'n verwysing na *Jacobs v Waks* 1992 1 SA 521 (A) waar beslis is dat rassediskriminasie beledigend teenoor die getroffenes is en daarom in beginsel 'n *iniuria* daarstel), die reg op die gevoelslewe (waaronder troubreuk en owerspel – ek mis abduksie, afrokkeling en herberging: *Neethling's Law of personality* 234–238) en die reg op privaatheid behandel word. Wat privaatheidsbeskerming betref, aanvaar Walter (191–194) die Amerikaans-regtelike indeling van "intrusion"-, "publication"-, "false light"- en "appropriation"-gevalle. In die lig van die appèlhofbeslissing in *National Media Ltd v Jooste* 1996 3 SA 262 (A) waar privaatheid as eiesoortige persoonlikheidsgoed afgebaken word (vgl ook *Bernstein v Bester* 1996 2 SA 751 (CC) 789), behoort die "false light"- en "appropriation"-gevalle, wat die toekoms betref, onder 'n selfstandige reg op identiteit beskerm te word (vgl Walter 194; sien *Neethling's Law of personality* 39–41). Aangesien die handves van fundamentele regte in die Grondwet horisontale werking (*Drittwirkung*), oftewel op die verhouding tussen onderdane onderling betrekking het (a 8(3)), behoort die feit dat die reg op die vryheid van spraak uitdruklik in die Grondwet (a 15) verskans word, 'n invloed op veral die lasterreg te hê – 'n aspek wat nie veel aandag in die boek geniet nie (vgl nietemin 206). Dit geld veral wat betref die bewyslas (wat sou kon beteken dat die eiser die volle las dra om die skuldoorsaak – laster as *iniuria* – te bewys, maar dat die verweerder 'n *weerleggingslas* – en nie soos tans 'n volle bewyslas – het om die vermoedens van onregmatigheid en *animus iniuriandi* te weerlê nie), die strikte aanspreeklikheid van die massamedia (wat sou kon inhou dat nalatigheid eerder as basis vir aanspreeklikheid aanvaar word) en die erkenning van 'n verweer van media- of politieke privilegie (wat ten doel het dat ook die publikasie van *onware* bewerings in die openbare belang, en daarom geregverdig, mag wees). (Sien Neethling en Potgieter "Regsonsekerheid in die lasterreg in die lig van die Grondwet – Die pad vorentoe?" 1996 *THRHR* 706–711; sien ook *Holomisa v Argus Newspapers Ltd* 1996 2 SA 588 (W); *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W); *Jurgens v Editor, Sunday Times Newspaper* 1995 2 SA 52 (W); *Gardener v Whitaker* 1995 2 SA 672 (OK); *Bogoshi v National Media Ltd* 1996 3 SA 78 (W); *De Klerk v Du Plessis* 1995 2 SA 49 (T); *Potgieter v Kilian* 1995 (11) BCLR 1498 (N); *Hall v Welz* 1996 4 SA 1070 (K); *Hix Networking Technologies v System Publishers (Pty) Ltd* 1997 1 SA 391 (A).)

Hoofstuk 6 word afgesluit met 'n kort bespreking van die apartheidstelsel en die negatiewe invloed wat dit op die reg en regspleging in die algemeen en persoonlikheidsbeskerming in die besonder gehad het. Hier moet nietemin in gedagte gehou word, spesifiek ook wat die gemeenregtelike persoonlikheidsreg betref, dat die Romeins-Hollandse reg nie apartheid geskep het nie maar dat dit teweeggebring is, soos hoofregter Mahomed ("The future of Roman-Dutch law in Southern Africa, particularly in Lesotho" 1985 *Lesotho LJ* 360) dit stel, deur "certain statutory implants" wat "gross departures from the spirit and tradition" van die Romeins-Hollandse reg veroorsaak het – 'n regstelsel wat inderdaad by geleentheid beskryf is "as one of the world's great legal systems, representing civilian tradition at its best, built upon principles of equity and equality and placing a high value on the rights and liberties of the individual" (vgl Van Wyk "The task facing South African law in the 21st century, with particular emphasis on the resilience of our Roman law heritage" (voordrag gelees tydens 'n konferensie oor *L'evoluzione deldiritto alle soglie del XXI secolo. Italia e Sudafrica: due esperienze a confronto* Rome 1993-04-02) 12; sien ook Walter 205–206). Hierdie stelsel, nou ook gerugsteun deur die Grondwet, het die inherente vermoë om aan te pas by veranderde en veranderende omstandighede, waardes en verwagtinge van die gemeenskap. Dié vermoë om te verander, illustreer volgens oud-hoofregter Corbett ("Trust law in the 90s: challenges and change" 1993 *THRHR* 264)

> "the genius of Roman-Dutch law: its capacity to sustain development in new directions, to branch out when necessary, to absorb concepts from elsewhere and generally to adapt to the needs of society. It demonstrates, too, the advantages of a legal system based upon a common law rooted in broad general principles, as compared with one whose common law has been created casuistically or has been subjected to the relative rigidity of a codification".

Die outeur sluit sy werk met 'n bondige oorsig af en stel sy slotsom soos volg (211):

> "Die actio iniuriarum bietet ein anschauliches Beispiel dafür, wie das südafrikanische Privatrecht das kontinentaleuropäische ius commune und das englische Common Law miteinander verbunden und auf dieser Grundlage ein funktionstüchtiges und anpassungsfähiges Rechtssystem geschaffen hat."

Dit is dan ook juis hierdie gevolgtrekking wat die grootste waarde van die boek weerspieël. Daarom behoort alle juriste in Europa en die Verenigde Koninkryk wat hulle met die ontwikkeling van 'n Europese reg bemoei, deeglik van hierdie werk kennis te neem. Die boek ontsluit uiteraard ook die Suid-Afrikaanse *iniuria*-reg vir enige buitelandse regsgeleerde wat Duits magtig is. Hierbenewens word dit aanbeveel vir Suid-Afrikaanse juriste wat 'n leeskennis van Duits het en in die persoonlikheidsreg belangstel.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

INLIGTING AAN OUTEURS

Bydraes vir publikasie en korrespondensie met die redakteur moet gestuur word aan professor J Neethling, Die Redakteur THRHR, *Regsfakulteit, Unisa, Posbus 392, Pretoria 0001. Inskrywings op die blad en advertensies moet gerig word aan Butterworths, Posbus 4, Mayville 4058.*

Die redakteur moet volledig ingelig word indien 'n publikasie reeds elders in die geheel of gedeeltelik gepubliseer is, of vir publikasie voorgelê is.

Outeurs word versoek om manuskripte so ver moontlik volgens die styl van die *Tydskrif* voor te berei. Volledige riglyne aan outeurs verskyn in 1985 *THRHR* 122-126. Die algemene riglyne wat op hierdie bladsy verskyn en 'n onlangse uitgawe van die *Tydskrif* kan ook in geval van onsekerheid geraadpleeg word. Die redakteur kan bydraes op vertroulike grondslag aan kundige arbiters voorlê om geskiktheid vir publikasie te bepaal. Die redaksie sal manuskripte wysig om met die styl van die *Tydskrif* ooreen te stem, taalfoute reg te stel en waar nodig duidelikheid te bevorder.

Artikels moet in die reël nie langer wees nie as 7 000 woorde (ongeveer 20 bladsye getik soos hieronder voorgeskryf). 'n Artikel moet voorsien wees van die outeur se voorletters en van, sy akademiese kwalifikasies, 'n beskrywing van sy betrekking en die naam van die instansie waaraan hy verbonde is, en 'n kort *opsomming* (ongeveer 300 woorde) in Engels as die artikel in Afrikaans geskryf is, en omgekeerd. Die opsomming moet ook van 'n vertaalde titel voorsien word. *Voetnote* moet op aparte bladsye (dws nie onderaan die bladsy waarop hulle betrekking het nie) getik word.

Aantekeninge, vonnisbesprekings en boekresensies: Die outeur se naam en die instansie waaraan hy verbonde is, moet voorsien word. Voetnote moet glad nie gebruik word nie – alle verwysings moet in die teks, tussen hakies, ingewerk word. *Vonnisbesprekings* word ook van titels voorsien, met die naam van die vonnis as subtitel. By *boekbesprekings* dien die titel van die boek wat geresenseer word, as titel. Die naam van die boek se outeur, uitgawe (indien nie die eerste uitgawe nie), uitgewer, plek van uitgawe, jaar van publikasie, getal bladsye en die prys (harde- en sagteband waar nodig) moet verskaf word. (Raadpleeg 'n onlangse uitgawe van die *Tydskrif*.)

Die volgende geld vir alle manuskripte:

- *Formaat* Manuskripte moet dubbelgespasieerd getik wees op net een kant van A4-grootte papier. Dit geld ook vir die opsomming, aanhalings en voetnote.
- *Afkortings* verskyn nie in die teks nie; in *voetnote* (en gedeeltes tussen hakies wat dieselfde doel as voetnote dien) soveel erkende afkortings moontlik. Geen punte word by afkortings gebruik nie. Sowel aanmekaargeskrewe as aparte woorde word sonder spasie afgekort: bv, asb, km, tap, tov, aw, VSA, *THRHR*, RSA, BA, LLB, Unisa, *SALJ*. *Voorbeelde*: a vir artikel(s), bl vir bladsy(e), ev vir en volgende, par vir paragraaf(we), 2e uitg vir tweede uitgawe, R vir regter, AR vir appèlregter, RP vir regter-president, WnAR vir waarnemende appèlregter, HR vir hoofregter, reg vir regulasie, hfst vir hoofstuk, vgl vir vergelyk, WnR vir waarnemende regter.
- *Aanhalings* word presies soos in die oorspronklike weergegee, dit wil sê met die kursiverings, hoofletters, punte ensovoorts onveranderd. Enige verandering of invoeging in 'n aanhaling word tussen reghoekige hakies aangebring, byvoorbeeld "[I]n . . ." Outeurs word versoek om aanhalings noukeurig te kontroleer.
- *Hoofletters* Die gebruik van hoofletters in Afrikaanse bydraes word sover moontlik beperk: die regter, die appèlhof, die parlement, die minister, die hof, die regter-president. Alle voetnote begin met 'n hoofletter.
- *Opskrifte* Raadpleeg hierdie uitgawe vir voorbeelde.
- *Aanhalingstekens* Gebruik dubbel aanhalingstekens, met enkel aanhalingstekens *binne* 'n aanhaling. By volsinaanhalings kom die aanhalingsteken ná die punt; by ander aanhalings vóór die komma, dubbelpunt, kommapunt ensovoorts.
- *Kursivering* Aanhalings (ook uit Latyn) word *nie* gekursiveer (onderstreep) nie; woorde en uitdrukkings uit 'n ander taal as dié van die bydrae word gekursiveer: *dolus, fait accompli, Grundnorm, rule of law.*

Verwysings

- *Vonnisse* Die name van die partye en die v daartussen word gekursiveer (of onderstreep). Die woorde "and another", "en ander", "NO" ensovoorts word weggelaat. Die Engelse verwysings vir voor-1947-vonnisse word ook in Afrikaanse bydraes gebruik. Voorbeelde: *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T); *Talbot v Von Boris* 1911 1 KB 854; *Ex parte F* 1963 1 PH B9 (N); *Re Waxed Papers Ltd* 1937 2 All ER 481 (CA); *Shatz v Josman* 1935 NPD 142.
- *Boeke* Dit is onnodig om die voorletters van 'n boek se outeur(s) te verskaf (behalwe as die weglating tot verwarring kan lei). Die titels van boeke word gekursiveer (onderstreep). Net die eerste woord begin met 'n hoofletter, behalwe waar eiename (ook as byvoeglike naamwoorde) in die titel voorkom. Slegs die datum van die uitgawe kom tussen hakies: Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989).
- *Artikels* Titels van artikels word tussen aanhalingstekens geplaas. Soos by boeke, begin net die eerste woord met 'n hoofletter: Joubert "Aspekte van die aanspreeklikheid van vennote" 1978 *THRHR* 291.
- *Tydskrifte* Name van tydskrifte word gekursiveer (onderstreep) en volledig uitgeskryf (behalwe *LJ*, *LR* en *Univ*): *Harvard LR, Yale LJ, De Rebus, De Jure.* Maar: *THRHR, SALJ, TSAR, CILSA, SASK, SA Merc LJ, LQR, TRW.* Die bandnommer word weggelaat (behalwe waar die bladsynommers van 'n tydskrif nie jaarliks deurlopend is nie – soos by *Codicillus*): 1971 *THRHR* 12; 1979 *SALJ* 307; 1987 (2) *Codicillus* 13.
- *Wetgewing* Die naam en nommer van 'n wet word nie gekursiveer nie en word só weergegee; Die Wet op Prokureursordes 71 van 1975; die Maatskappywet 46 van 1926. Verwysings na wette in die loop van die teks kan egter ook informeel wees (sodra dit vir die leser duidelik is na watter wet verwys word): die 1926-wet, die Maatskappywet van 1926.
- *Ou bronne* Sien 1985 *THRHR* 125.

Butterworths-prys *Die Butterworths-prys – regsboeke ter waarde van R1 000 – word elke jaar deur die uitgewer beskikbaar gestel aan die outeur van die beste* eersteling-artikel *in die* Tydskrif. *Die artikel moet die eerste substansiële bydrae wees wat die skrywer vir publikasie in 'n regstydskrif aanbied. Dit moet by voorkeur oor 'n onderwerp van die Suid-Afrikaanse reg handel. Die redaksiekomitee beslartig die beoordeling na afloop van die kalenderjaar. Die redaksiekomitee behou hom die vryheid voor om die prys nie toe te ken nie indien die artikels wat ontvang is, na sy mening toekenning nie regverdig nie. Verskeie bydraes van 'n besondere outeur kan gesamentlik in aanmerking kom.*

REDAKSIONEEL

Nuwe Grondwet

Sekerlik een van die belangrikste mylpale in die regsgeskiedenis van Suid-Afrika was die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 op 4 Februarie vanjaar. Daarmee het die konkretisering van Suid-Afrika as 'n regstaat met 'n sterk menseregtebedeling sy finale beslag gekry, al kon 'n mens ook die tussentydse uitwerking daarvan sedert die inwerkingtreding van die interim-Grondwet van 1993 konkreet waarneem en beleef. Nou, meer as ooit tevore, is dit die taak van die regswese in die algemeen maar veral ook van regsakademici en die howe om die Suid-Afrikaanse regstelsel uit te bou tot 'n vaste burg vir alle Suid-Afrikaners en 'n model vir ander lande. Dit geld vir sowel publiek- as privaatreggeleerdes aangesien die Grondwet nou uitdruklik voorsiening maak vir direkte horisontale werking (a 8(2) en (3)). Naas die uitbouing van 'n kultuur van menseregte moet egter ook plek gemaak word vir die vestiging van 'n klimaat van "menseplígte" aangesien geen menseregtebestel kan oorleef as 'n verantwoordelikheidsin teenoor medeburgers en die staat nie ingeskerp raak nie. Die redaksie van die *Tydskrif* wens veral die regters van die hoogste hof van appèl en die konstitusionele hof, onder leiding van hoofregter I Mahomed en president A Chaskalson, sterkte, insig en Salomo-wysheid in die proses toe.

Gesien die belangrikheid van die Grondwet, het (soos reeds gerapporteer in 1997 *THRHR* 2-3) die Bestuur van die Vereniging Hugo de Groot by sy vergadering in Januarie vanjaar besluit om voortaan jaarliks 'n prys van R1 000 uit te loof aan die outeur wat die beste bydrae oor die nuwe Grondwet vir publikasie in die *Tydskrif* aanbied. Langs hierdie weg poog die Vereniging om belangstelling in die Grondwet te prikkel, en deurvorste navorsing en uitnemende publikasies daaroor te stimuleer en te bevorder. By dieselfde vergadering is ook besluit dat die redakteur 'n kenner moet nader om in 'n artikel aan lesers van die *Tydskrif* 'n algemene oorsig van die belangrikste kenmerke van die finale Grondwet te gee. Professor Dawid van Wyk van Unisa het goedgunstig ingestem en sy artikel " 'n Paar opmerkings en vrae oor die nuwe Grondwet" verskyn in hierdie uitgawe.

***In memoriam*: P van Warmelo**

Die *Tydskrif* het met leedwese verneem van die afsterwe van professor P van Warmelo, sekerlik een van die voorste Romeinse regsgeleerdes wat Suid-Afrika ooit opgelewer het. Hy was vir baie jare 'n getroue medewerker en vriend van die *Tydskrif* en het vanaf 1965 tot 1972 op die Bestuur van die Vereniging Hugo de Groot gedien, die laaste drie jaar as sekretaris. Hy was ook redaksiekomiteelid van die Universiteit van Pretoria vanaf 1965 tot 1979, en ęrelid van die redaksiekomitee vanaf 1980 tot met sy afsterwe vroeër vanjaar. In 1972 is die *Gekonsolideerde Register 1937-1967 vir Bande I-XXX* van die *THRHR* deur 'n komitee van die Regsfakulteit, Universiteit van Pretoria onder sy toesig opgestel. 'n Huldeblyk aan professor Van Warmelo deur professor PhJ Thomas van die Universiteit van Pretoria sal in die November 1997-uitgawe van die *Tydskrif* verskyn. Die redaksie van die *Tydskrif* huldig die nagedagtenis van Paul van Warmelo en spreek ons meegevoel teenoor sy naasbestaandes en vriende uit.

JOHANN NEETHLING

'n Paar opmerkings en vrae oor die nuwe Grondwet

Dawid van Wyk
BIur et Art LLM LLD
Professor in Staats- en Volkereg, Universiteit van Suid-Afrika

SUMMARY

Some comments and questions on the new Constitution

This contribution contains a number of random reflections on the new Constitution. It deals with the unfortunate numbering of the document and argues that it is invalid. The Constitution was not made by Parliament, and should not be numbered as if it were. It further raises questions about the competence of the Constitutional Assembly to repeal the constitutional principles and other parts of the interim Constitution. The suggestion is made that the question should be investigated further. The complexities of the "premature" commencement of the new Constitution, in view of the five years allowed for the notion of a government of national unity, are discussed briefly. This is followed by observations on the bill of rights; the principles of cooperative government in chapter 3; the National Council of Provinces; the distribution of competencies between the spheres of government and federalism; and finally public administration. The general tenor is that the Constitution itself is remarkable, but that it will require a constant change of heart and very hard work to cause its spirit to permeate the fabric of South African government and society permanently.

INLEIDING

Alles het nagenoeg volgens plan verloop. Die tussentydse Grondwet het bepaal dat die "nuwe grondwetlike teks", soos dit genoem is, binne twee jaar na die eerste sitting van die nasionale vergadering voltooi moet wees.[1] Die tussentydse Grondwet het verder vereis dat die nuwe teks aan die 34 konstitusionele beginsels in bylae 4 van die tussentydse Grondwet voldoen.[2] Die konstitusionele hof moes sertifiseer dat dit die geval was.[3] Die nuwe teks is op 8 Mei 1996 deur die grondwetlike vergadering aangeneem – op die dag waarop die twee jaar verstryk het. Die konstitusionele hof het ook gesertifiseer maar nie voordat die teks vir 'n aantal veranderinge na die grondwetlike vergadering teruggestuur is nie.[4]

---

1 A 73(1). Die "tussentydse Grondwet" is 'n verwysing na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.

2 A 71(1)(a).

3 A 71(2).

4 Die sertifiseringsuitsprake is onder die volgende verwysings te vinde: *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996* 1996 4 SA 744 (CC); 1996 10 BCLR 1253 (CC) ("die eerste sertifiseringsuitspraak") en *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re Certification of the Amended Text of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996* 1997 2 SA 97 (CC) ("die tweede sertifiseringsuitspraak").

Met die uitsondering van enkele artikels het die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 op 4 Februarie 1997 in werking getree.[5]

WET 108 VAN 1996?

Voordat 'n verdere woord oor die "nuwe" of "finale" Grondwet gesê word, moet korte mette gemaak word met iets wat seker as die onooglikste administratiewe glips en onreëlmatigheid van 1996 bestempel moet word. Die nuwe Grondwet is die wêreld ingestuur as "Wet 108 van 1996". Dit is duidelik verkeerd. Wette van die *parlement* word jaarliks genommer. Die Grondwet is geen wet van die *parlement* nie. Dit kan nie as deel van die reeks wette wat in 1996 deur die parlement aangeneem is, voorgehou en genommer word nie.

Die Grondwet is deur die grondwetlike vergadering aangeneem. Al sou 'n mens die standpunt handhaaf dat die grondwetlike vergadering maar net die tussentydse parlement was wat as grondwetlike vergadering opgetree het,[6] en al sou die bewoording van die tussentydse Grondwet op die oog af so 'n siening steun,[7] was hierdie twee liggame nie identies nie. Volgens die oorspronklike bedoeling van die sogenaamde tweefase-oorgang na 'n demokratiese bedeling, sou die eerste demokratiese verkiesing primêr daarop gemik wees om 'n grondwetskrywende liggaam daar te stel. Hierdie liggaam sou terselfdertyd as tussentydse parlement optree.[8]

Die tegniese en historiese argumente is nie juis belangrik nie. Die feit is dat die grondwetlike vergadering 'n selfstandige bestaan gehad het. Dit het 'n eie voorsitter en ondervoorsitter gehad en dit kon eie reëls en reglemente aanneem.[9]

---

5 Volgens a 243(1) tree a 213–216, 218 en 226–230 laatstens op 1998-01-01 in werking (hulle het almal met staatsinkomste, begrotings en die verdeling van inkomste tussen die verskillende regeringsfere te doen). Prok 6 van 1997 in *Staatskoerant* 17737 van 1997-01-24 waardeur die res van die Grondwet in werking gestel is, bepaal dat a 160(1) op 1997-06-30 van krag word.

6 Vgl bv Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* (1996) 29; eerste sertifiseringsuitspraak (*supra* vn 4) par 13, waar daar van 'n nasionale wetgewer gepraat word wat as grondwetlike liggaam sou "double". Basson *South Africa's interim Constitution – text and notes* (1995) 102 verwys ook na die grondwetlike vergadering as "Parliament in another form". Rautenbaeh en Malherbe sê wel later in dieselfde werk (153) dat die grondwetlike vergadering formeel 'n ander liggaam met ander prosedures as die parlement was.

7 Volgens a 68(1) van die tussentydse Grondwet het die grondwetlike vergadering bestaan uit die nasionale vergadering en die senaat in gesamentlike sitting. Die nommerprobleem het reeds voor die Grondwet, 1996 ontstaan. Ingevolge a 74 van die tussentydse Grondwet kon net die grondwetlike vergadering hfst 5 wysig (meer hieroor onder die opskrif "Die nuwe Grondwet en die konstitusionele beginsels"). Die grondwetlike vergadering het dit ook gedoen – en hierdie wysiging is ook verkeerd genommer (vgl die Derde Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 26 van 1996).

8 Die beginsel is beliggaam in die sg *Record of Understanding* van 1992-09-26 tussen die ANC en die destydse regering: vgl die eerste sertifiseringsuitspraak (*supra* vn 4) par 13; Van Wyk ea *Rights and constitutionalism: The new South African legal order* (1994) 143. Die gedagte word ook bevestig deur die derde par van die aanhef van die tussentydse Grondwet waarin daar verwys word na die voortgesette regering van die land terwyl 'n verkose grondwetlike vergadering die nuwe grondwet skryf.

9 A 69 en 70. Daar is ook 'n eie tydelike administrasie vir die grondwetlike vergadering op die been gebring. Een van die erflatings daarvan is 'n elektroniese adres waar die belangrikste dokumentasie oor die grondwetlike proses gevind kan word: "www.constitution.org.za".

Belangriker, egter, was dat dit slegs één opdrag gehad het, met spesifieke voorskrifte oor hoe die opdrag uitgevoer moet word: die aanname van die nuwe Grondwet. Dit is presies wat die grondwetlike vergadering as grondwetlike vergadering en nie as parlement nie, gedoen het.

Die nuwe Grondwet is en sal ten ene male nooit 'n wet van die parlement wees nie. Dit is verkeerd om met die nommering daarvan te suggereer dat dit die 108ste wet is wat in 1996 uit die parlement te voorskyn gekom het. Dit ondermyn die Grondwet as die produk van die grondwetlike vergadering; dit kan maklik die opvatting versterk dat die Grondwet eintlik nie so ernstig opgeneem hoef te word nie. Dit doen afbreuk aan die waardigheid van die Grondwet as die hoogste reg van die land.

'n Laaste woord hieroor: die redenasie is gehoor dat die tussentydse Grondwet 'n nommer gehad het – 200 van 1993. Ironies genoeg bevestig dit juis die standpunt wat hier ingeneem word. Die tussentydse Grondwet hét 'n nommer gehad omdat dit *tegnies en formeel* deur die toentertydse driekamer-parlement aangeneem is. Dit was deel van die ooreenkoms om kontinuïteit te bewerkstellig. Dit is egter opvallend dat waar dit normale praktyk was om 'n wet te begin met "Derhalwe word bepaal deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika", die tussentydse Grondwet geen verwysing na die destydse parlement gehad het nie. Dit het gewoon begin met "Derhalwe word die volgende bepalings aangeneem as die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika".

Die slotsom is dat die nommering van die nuwe Grondwet onkonstitusioneel is, dat dit verontagsaam moet word en dat daar na die Grondwet verwys moet word net soos wat dit in artikel 243(1) staan: "Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996". Om die waarheid te sê, die fout behoort reggestel te word.

NOU DIE GRONDWET SELF

Oor die grondwetskrywende proses word hier nie uitgewei nie, ook nie oor die detail van die Grondwet of die mate waarin dit van die tussentydse Grondwet verskil nie. Daar word met die volgende waarneming volstaan: In die vroeë fase van die proses is daar baie lugtig met die tussentydse Grondwet omgegaan, en is daar selfs by geleentheid in komiteevergaderings gewaarsku dat die teks van die nuwe Grondwet nie te gemaklik op dié van die tussentydse Grondwet geskoei moet word nie. Die enigste formele band tussen die tussentydse Grondwet en die nuwe teks was in konstitusionele beginsel II geleë. Volgens hierdie beginsel moes die nuwe handves van regte opgestel word na onder meer behoorlike oorweging van die regte in hoofstuk 3 van die tussentydse Grondwet. Dit is egter nou gemene saak dat die tussentydse Grondwet tog uiteindelik 'n soort werksdokument geword het. Die eienskappe van die voorsaat is op meer as een manier duidelik in die nuwe produk herkenbaar. Dit is een van die redes waarom die oorvloed aan publikasies, debatte en hofuitsprake wat op die tussentydse Grondwet gevolg het, van belang bly. Die oorgang van die tussentydse na die nuwe is in vele opsigte so gradueel dat 'n vergelyking eerder aan die hand van ooreenkomste as van verskille getrek moet word.[10]

10 Vir 'n seminaarbespreking van 'n vroeë konsep van die nuwe Grondwet, sien Konrad Adenauer Stigting *Seminar report: Aspects of constitutional development in South Africa: the first working draft of the final Constitution* (1996).

In wat volg, word op 'n aantal opvallende en verbandhoudende kenmerke van die nuwe Grondwet gekonsentreer. Die keuse mag nie algemeen byval vind nie; dit is deels bepaal deur eie voorkeure en deels deur 'n vraag oor die grondslae van die nuwe bestel. Die oefening word nie met enige pretensies aangepak nie. Soms word vrae onbeantwoord gelaat en kommentaar nie met groot gesag gestaaf nie. Die volgende kwessies word behandel: die wyse waarop die konstitusionele beginsels in die nuwe Grondwet beliggaam is; die manier waarop die Grondwet 'n brug slaan tussen die tussentydse Grondwet en die sperdatum 30 April 1999; die handves van regte; die beginsels van samewerkende regering; die nasionale raad van provinsies; die verdeling van bevoegdhede tussen die verskillende regeringsfere en die konstitusionele "f"-woord; en openbare administrasie. Uit die aard van die saak is daar heelwat meer interessante onderwerpe wat bespreking verdien: die taal van die Grondwet (wat oor die algemeen afwyk van die tradisionele formele wetstaal); veranderings aan die nasionale uitvoerende gesag (waar van 1 Mei 1999 af die beginsel van 'n regering van nasionale eenheid verdwyn); die nuwe jurisdiksievoorskrifte wat die gekompliseerde verwysingstelsel van die tussentydse Grondwet vervang; veiligheidsdienste; tradisionele leiers; die instellings wat konstitusionele demokrasie moet verstewig; finansies, en die gewysigde bepalings oor die volkereg. "Volgende keer", is die kortste en mees gepaste antwoord hierop.

DIE NUWE GRONDWET EN DIE KONSTITUSIONELE BEGINSELS

Die konstitusionele hof het bevind dat die nuwe Grondwet uitdrukking gee aan die beginsels wat in bylae 4 van die tussentydse Grondwet vervat is. Die vraag wat nie beantwoord is nie, is wat van die konstitusionele beginsels geword het. Op die oog af is die antwoord eenvoudig. Hulle is ingevolge artikel 242 en bylae 7 van die nuwe Grondwet saam met die res van die tussentydse Grondwet herroep. Dit is ook die gerieflike antwoord. Of dit die allerlaaste woord oor die saak is, moet egter nog gesien word. Om mee te begin, is dit glad nie so duidelik dat die konstitusionele beginsels herroep *kon* word nie. Die tussentydse Grondwet het twee wysigingsbepalings gehad. Volgens artikel 62, die algemene wysigingsvoorskrif, kon die *parlement* aan die hand van die voorgeskrewe prosedure die Grondwet wysig. Hierdie bevoegdheid was egter uitdruklik onderworpe aan artikel 74. Subartikel 2 van hierdie artikel het die wysiging van hoofstuk 5 (die aanname van die nuwe Grondwet) aan die grondwetlike vergadering oorgelaat. Subartikel (1) het bepaal dat die konstitusionele beginsels nie herroep of gewysig mag word nie. Die tweeledige vraag is dus: Op grond waarvan kon die *grondwetlike vergadering* aan die een kant die *hele* tussentydse Grondwet herroep, en spesifiek aan die ander kant die konstitusionele beginsels wat volgens artikel 74(1) nie gewysig of herroep kon word nie?

Daar word hier duidelik met 'n denksprong gewerk. Die vraag bly steeds: Op sterkte waarvan word die sprong gemaak? Dit help nie juis om te redeneer dat die hart van die konstitusionele beginsels nou in artikel 1 van die nuwe Grondwet vervat is nie. Tegnies sou dit beteken dat veelpartydemokrasie wat in artikel 1(d) as 'n funderende waarde van die een, soewereine en demokratiese Suid-Afrika gestel word, deur 'n 75% meerderheid van die nasionale vergadering en 6 uit die 9 provinsies in die nasionale raad van provinsies afgeskaf kan word.[11]

---

11 A 74(1) bevat die voorskrif oor die wysiging van a 1. Die vraag waaroor hierdie bespreking gaan, moet duidelik onderskei word van die geval waar iemand sou beweer

vervolg op volgende bladsy

Effens erger: die uitbou van menseregte soos vereis deur artikel 1(a) sou met dieselfde meerderheid afgewater kon word. Die ergste: ras sou ten spyte van artikel 1(b) weer 'n diskriminerende faktor gemaak kon word. Bloot op die teks van die Grondwet af moet dit moontlik wees.[12] Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat die konstitusionele hof dit ook so móét sien nie. 'n Mens kan naamlik 'n saak daarvoor uitmaak dat die grondliggende waardes van die huidige Suid-Afrikaanse konstitusionele bestel net deur 'n staatsregtelike revolusie verander sal kan word. Anders gestel: die regters sal, soos destyds na Ian Smith se eensydige onafhanklikheidsverklaring in Rhodesië, voor die keuse gestel word om 'n fundamentele breuk te volg, en sodoende die stille revolusie te bevestig, of om te bedank.

Selfs as aanvaar word dat bylae 4 van die tussentydse Grondwet afgeskaf is, is die vraag of die konstitusionele beginsels, as "grondliggende waardes", ook daarmee heen is. Die antwoord word in die aanhef van die tussentydse Grondwet gevind. Die tweede paragraaf daarvan verwys na die noodsaak om 'n nuwe orde in Suid-Afrika tot stand te bring. Met die oog hierop moet 'n ander grondwet – die "nuwe" een – geskryf word. Hierdie grondwet moet voldoen aan 'n "plegtige ooreenkoms" (in die Engels treffend as "solemn pact" beskryf) wat in die tussentydse Grondwet as die konstitusionele beginsels beliggaam is. Hier is duidelik sprake van 'n voorgrondwetlike ooreenkoms. Die konstitusionele beginsels het nie die "plegtige ooreenkoms" geskep nie. Inteendeel, die plegtige ooreenkoms gaan die Grondwet vooraf. Dit word in soveel woorde deur die konstitusionele hof in die eerste sertifiseringsuitspraak gesê: die nuwe teks moet voldoen aan "certain guidelines agreed upon in advance by the negotiating parties";[13] dit is duidelik uit die voorrede van die tussentydse Grondwet dat die konstitusionele beginsels die "formal record of the 'solemn pact' " is; en "they are acknowledged by the preamble to be foundational to the new constitution".[14] Dan volg 'n betekenisvolle sin (eie beklemtoning van "also"): "As will be shown shortly, they are *also* crucial to the certification task with which the Court has been entrusted."

Twee afleidings kan uit hierdie paar woorde van die konstitusionele hof gemaak word. Die eerste is dat die konstitusionele beginsels nie primêr daar is met die oog op sertifisering nie. Hulle hoofdoel is om die fondament van die nuwe bedeling te wees. Sertifisering, hoe belangrik ook al, was maar 'n onderdeel van 'n veel groter proses. Dit lei tot die tweede afleiding: die blote herroeping van die bylae waarin die beginsels opgeteken is, moet nie noodwendig die einde van die plegtige ooreenkoms beteken nie. Die argument is dus dat die plegtige ooreenkoms as vestigingsnorm van die nuwe orde bly staan. Die konstitusionele beginsels met hoofletter "K" en hoofletter "B" mag formeel herroep wees omdat dit so in die nuwe Grondwet staan; die konstitusionele beginsels van die plegtige

---

dat die konstitusionele hof tydens die oorspronklike sertifisering van die Grondwet aan die einde van 1996 'n dwaling begaan het. Oor die onmoontlikheid van 'n "heropening" van die sertifiseringsproses moet die hof (eerste sertifiseringsuitspraak (*supra* vn 4) par 18) gelyk gegee word: dit is nie moontlik nie. Indien die herroeping van die konstitusionele beginsels egter ongeldig was, kan dit nie deur die sertifisering geldig gemaak word nie.

12 Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 155 is duidelik so 'n mening toegedaan.

13 (*Supra* vn 4) par 13. Vgl ook Venter "Requirements for a new constitutional test: The imperatives of the constitutional prineiples" 1995 *SALJ* 32.

14 (*Supra* vn 4) par 15.

ooreenkoms bly egter in die woorde van die konstitusionele hof as "broad constitutional strokes on the canvas of constitution making in the future".[15]

Solank 'n mens op die gebied van die algemene waardes bly, is die redenasie betreklik probleemloos. Dit raak egter ongemaklik wanneer dit oor spesifieke aspekte van die plegtige ooreenkoms gaan. Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir regering op drie vlakke: nasionaal, provinsiaal en plaaslik (in die nuwe Grondwet het die vlakke "sfere" geword). Kan een of twee van hierdie sfere afgeskaf word? Die antwoord is onvermydelik dat aanvaar moet word dat nie elke jota en tittel van die konstitusionele beginsels as ewig en onveranderlik beskou moet word nie. Dit beteken egter nie noodwendig dat elke aspek daarvan nou gewysig of selfs mee weggedoen kan word nie.[16]

Marinus Wiechers het hom by minstens twee geleenthede oor die vraag van onderliggende konstitusionele waardes uitgelaat. By die eerste het hy appèlregter Schreiner se uitspraak in *Collins v Minister of the Interior* ondersoek.[17] Die ander keer het hy kortliks geskryf oor die 1982-konstitusionele beginsels wat die Namibiese grondwetskrywing gerig het.[18] In laasgenoemde geval beweer hy dat die 1982-beginsels die Namibiese Grondwet voorafgaan en fundamentele bedinge vorm waarop die bestaan en die regskrag van die Grondwet steun. Wanneer hy die *Collins*-saak bespreek, is sy taak moeiliker, want hy het te doen met 'n stelsel waarin die parlement soewerein is en die soewereiniteit bewustelik en ongebreideld uitgeoefen is. Dit weerhou hom egter nie daarvan nie om tot die gevolgtrekking te kom dat ongeag hoe buigsaam 'n konstitusie mag wees, daar in elke staat reëls is – hy noem hulle "laws" – wat die konstitusie voorafgaan en wat begryp en effektief gehandhaaf moet word.[19] As hierdie opmerking waar kon wees van Suid-Afrika onder die Suid-Afrika Wet, 1909, moet dit soveel te meer geld vir die waardegebaseerde Grondwet, 1996. Dan lyk dit wel of die "solemn pact" waarop die nuwe Suid-Afrikaanse staatsregorde berus, ten minste die logiese beginpunt moet wees in die soeke na die voorgrondwetlike waardes en beginsels.[20]

Die hoofpunt van hierdie kort bespreking is dat ons hier met 'n fundamentele kwessie te doen het waaroor navorsing dringend nodig is.[21] Een van die vrae

15 Eerste sertifiseringsuitspraak (*supra* vn 4) par 36.

16 In die eerste sertifiseringsuitspraak (*supra* vn 4) par 45 som die konstitusionele hof die konstitusionele beginsels in 14 punte op. Die punt word bloot gemaak om te wys dat die kern van die beginsels van spesifieke detail geskei kan word.

17 Die uitspraak is te vinde in 1957 1 SA 552 (A). Wiechers se bespreking daarvan is as "The fundamental laws behind our constitution. Reflections on the judgment of Sehreiner JA in the Senate ease" in Kahn (red) *Fiat iustitia. Essays in memory of Oliver Deneys Schreiner* (1983) 383 gepubliseer.

18 "Namibia: The 1982 constitutional principles and their legal signifieance" 1989/90 *SAYIL* 1 (ook gereproduseer in Van Wyk, Wieehers en Hill (reds) *Namibia. Constitutional and international law issues* (1991) 1). Vgl veral 20–21.

19 Vgl veral 394.

20 Dit is waarop dit ook neerkom in Wieehers se jongste bydrae oor die onderwerp (die titel is Duits, die inhoud Engels): " 'Zeige mir dein Staatsreeht, und ieh sage,dir, welehen Staat du hast' – eine Abhandlung über den Südafrikanisehen Staat, gemessen an den Ansichten und Gedanken von Klaus Stern" in Burmeister (red) *Verfassungsstaatlichkeit. Festschrift für Klaus Stern zum 65. Geburtstag* (1997) 377.

21 Butler "The 1996 Constitution Bill, its amending power, and the constitutional principles" (*Konrad Adenauer Stiftung Occasional Papers*, Julie 1996) gaan indringend op die

vervolg op volgende bladsy

waarop 'n antwoord verskuldig is, is waaraan die grondwetlike vergadering die bevoegdheid ontleen het om die konstitusionele beginsels en meer as net hoofstuk 5 van die tussentydse Grondwet te herroep. Die bepalings van artikel 74 van die tussentydse Grondwet bied allermins 'n duidelike antwoord. Wat duidelik word, is dat dit hier oor meer gaan as net vaardige pogings om 'n grondwetteks uit te lê. Dit gaan oor *'n* Suid-Afrikaanse staatsbegrip en -bewussyn. Die onbepaalde lidwoord word doelbewus gebruik, want nóg die begrip nóg die bewussyn is al betekenisvol ontwikkel.[22]

DIE BRUG TUSSEN DIE TUSSENTYDSE GRONDWET EN 30 APRIL 1999

Populêre opvatting en werklikheid verskil dikwels hemelsbreed. Die tussentydse Grondwet sou, volgens algemene geloof, vir vyf jaar geld, waarna die nuwe Grondwet in werking sou tree. 30 April 1999 het die sperdatum geword – op drie dae na vyf jaar na die demokratiese verkiesing van 27 April 1997. In werklikheid was 30 April 1999 net 'n sperdatum vir twee dinge: aan die een kant moet die beginsel van 'n regering – spesifiek uitvoerende gesag – van nasionale eenheid volgens konstitusionele beginsel XXXII tot op daardie datum behou word; aan die ander kant verbied konstitusionele beginsel XXXIII 'n landswye verkiesing voor 30 April 1999, tensy die parlement vanweë 'n mosie van wantroue in die kabinet ontbind word.

Dat die nuwe Grondwet lank voor 30 April 1999 in werking sou tree, het gaandeweg duidelik geword. Dit sou weinig sin maak om 'n volledige grondwet, wat uiteraard 'n verfyning van die tussentydse Grondwet sou wees, vir drie jaar op die rak te laat sit, by wyse van spreke. In beginsel was daar ook niks wat verhoed het nie dat die nuwe Grondwet onmiddellik in werking tree, mits die twee aspekte wat aan 30 April 1999 verbind is, geakkommodeer word.

Die manier waarop dit gedoen is, is tegelyk vindingryk en ongemaklik. Die gevolg kan as "een-en-'n-kwart Grondwet" opgesom word. Die oorsprong van die kwart is in artikel 241 te vinde. Volgens die artikel is bylae 6 van die Grondwet van toepassing op die oorgang na die nuwe grondwetlike bedeling. Die bylae bestaan uit 28 artikels en vier aanhangsels wat elk weer 'n aantal items bevat. Die bepalings van die bylae kwalifiseer artikels van die hoofteks.

Dit gaan hier nie oor die inhoud van die bylae nie maar oor die lastigheid wat dit skep. Vanweë die omvang van die bylae is goeie raad aan elke leser van die Grondwet om 'n boekmerk by bylae 6 in te sit en iedere keer wat die Grondwet geraadpleeg word, seker te maak dat die betrokke bepaling nie deur die bylae

---

belangrikste vrae oor die voortgesette gelding van die konstitusionele beginsels in. Sy bydrae is 'n waardevolle afskoppunt vir verdere ondersoek. Hy gaan spesifiek in op kwessies soos die uitwerking van a 1 en 74(1) van die nuwe Grondwet op die beginsels en die moontlike ontwikkeling van 'n "essential features"-leerstuk (soos in die Indiese staatsreg). Hy verwys ook na aanduidings in vorige uitsprake van die konstitusionele hof dat die beginsels van "ewigheidswaarde" is. 'n Verkorte weergawe van die bydrae is in 1996 *HRCLJSA* 24 gepubliseer. Vgl ook die argumente van Malherbe "Die sertifisering van die 1996 Grondwet" 1997 *TSAR* 358.

22 Vir sover daar van staatsregteorie sprake is, is dit beperk tot bydraes oor die uitleg van die Grondwet: vgl Botha *Waarde-aktiverende grondwetuitleg: Vergestalting van die materiële regstaat* (LLD-proefskrif Unisa 1997); Davis "The underlying theory that informs the wording of our bill of rights" 1996 *SALJ* 385.

geraak word nie. Dit geld veral gedeeltes van die Grondwet wat oor die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsinstellings gaan (waar die bylae gewoonlik na een van die aanhangsels verwys waarin die oorgangsaanpassings voortgesit word!). Bylae 6 is egter nie tot hierdie aspekte beperk nie. Selfs die handves van regte word geraak – gelukkig net sover dit die reg op inligting en regverdige administratiewe optrede betref.

'n Verbandhoudende verskynsel is die getal "nasionale" (dit wil sê parlementêre) wette wat gemaak moet word om verdere uitvoering aan die Grondwet te gee. In sommige gevalle bestaan die wetgewing reeds (soos die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 wat die vereiste van artikel 3(3) van die Grondwet behoort te bevredig, of die Wet op die Openbare Beskermer 23 van 1994 wat deur artikel 182 voorsien word). Daar lê egter nog 'n berg konstitusionele wetgewing voor.[23] Kragtens item 21(1) van bylae 6 moet hierdie wetgewing binne 'n redelike

23 Benewens die twee wat reeds genoem is, voorsien die volgende artikels verdere wetgewing (dit gaan hier net oor wette wat gemaak móét word, nie ook oor die wat gemaak mag word nie – soos wetgewing oor kollektiewe bedinging ingevolge a 23(5) of nasionale toesighouding oor provinsiale administrasie (a 100(3)). In sommige gevalle bestaan wetgewing reeds – vgl ook die omskrywing van "nasionale wetgewing" in a 239: a 4 (die nasionale lied, wat deur die president by proklamasie gemaak moet word); a 6(4) (tale); a 9(4) (verbod op onbillike diskriminasie); a 26(2) (behuising); a 27(2) (gesondheid); a 32(2) (toegang tot inligting); a 33(3) (regverdige administratiewe optrede); a 46(2) (formule om die getal lede van die nasionale vergadering te bepaal); a 47(4) (vul van vakatures in die nasionale vergadering – opgeskort tot na die tweede verkiesing ingevolge die nuwe Grondwet: Bylae 6 item 6(4)); a 61(2) (vaste en spesiale afgevaardigdes in die nasionale raad van provinsies: vgl die Wet op die Nasionale Raad op Provinsies (Vaste Afgevaardigdes Vakatures) 117 van 1997); a 65(2) (eenvormige prosedure waarvolgens provinsiale wetgewers afgevaardigdes na die NROP magtig om namens hulle te stem); a 96(1) (etiese kode vir lede van die kabinet; hierdie wetgewing sal ook die vereiste van a 136(1) tov lede van provinsiale uitvoerende rade bevredig); a 106(1) (vul van vakatures in provinsiale wetgewers); a 125(3) (hulp om provinsiale administratiewe vermoë te ontwikkel); a 154(1) (versterking van munisipaliteite), a 155(2) en (3) (verskillende aangeleenthede rakende munisipaliteite); a 159 (termyn van munisipale raad); a 163 (georganiseerde munisipale regering); a 165(3) (bystand aan en beskerming van howe); a 168–171 (sake rakende howe – bestaande wetgewing voldoen waarskynlik aan die verpligtinge wat deur hierdie bepaling opgelê word); a 172(1) (verwysing van bevel van grondwetlike ongeldigheid na die konstitusionele hof); a 179 (verskillende aspekte van die nasionale vervolgingsgesag); a 184 (menseregtekommissie – waarvoor daar reeds 'n wet bestaan: Wet op die Menseregtekommissie 54 van 1994); a 185 en 186 (kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe); a 187 (kommissie vir geslagsgelykheid: vgl die Wet op die Kommissie vir Geslagsgelykheid 39 van 1996); a 188 (ouditeur-generaal: daar is bestaande wetgewing wat die posisie van die ouditeur-generaal beheers); a 190 (die verkiesingskommissie en die verkiesing); a 192 (onafhanklike uitsaai-owerheid: vgl die Wet op die Onafhanklike Uitsaai-owerheid 153 of 1993); a 195(3) (gestaltegewing aan die basiese waardes van openbare administrasie); a 196(9) (prosedure vir die aanstelling van die 14 staatsdienskommissarisse); a 199(4), 205(2), 206(7), 208 en 210 (wetgewing mbt veiligheidsdienste: hier is in die algemeen bestaande wetgewing); a 214(1) (billike verdeling en toekenning van inkomste); a 215(2) (formaat van nasionale, provinsiale en plaaslike begrotings); a 216(1) (nasionale tesourie); a 217(3) (raamwerk vir 'n verkrygingsbeleid); a 218(1) (waarborge vir regeringslenings); a 219 (kommissie vir besoldiging van persone wat openbare ampte beklee); a 220 (finansiële en fiskale kommissie); a 223 (die sentrale bank); a 236 (befondsing van politieke partye). Benewens nasionale wetgewing, is daar ook gevalle waar provinsiale wetgewers aanvullende wetgewing moet aanneem: a 120(2) (wysiging van provinsiale geldwetsontwerpe); a 154(1) (versterking van munisipaliteite; vgl ook a 155(6)); a 155(5)

vervolg op volgende bladsy

tyd vanaf die datum van inwerkingtreding van die nuwe Grondwet gemaak word. In die lig van die konstitusionele hof se uitspraak in *Minister of Justice v Ntuli*[24] is dit 'n opdrag wat ernstig opgeneem sal moet word.

Die hoofpunt wat onder hierdie opskrif gemaak word, is dit: As gevolg van die vereiste dat die nuwe Grondwet binne twee jaar voltooi moet word, en die gepaardgaande haas waarmee dit moet geskied het, is die nuwe Grondwet nie so finaal soos dit behoort te wees nie. Dit het nadele. Een daarvan is dat die versoeking, selfs die behoefte of nodigheid, om aan die dokument te wysig altyd redelik vlak sal lê. 'n Aanduiding daarvan is die wysigingsvoorstelle wat gedurende Mei 1997 gemaak is[25] omdat slegs die president van die konstitusionele hof 'n waarnemende president mag insweer. Toe die president van die hof dit nie fisies kon doen nie, is die seremonie per satelietkanaal oor televisie afgehandel. Miskien het alles by die grondwetskrywende proses te druk gegaan om oor dié soort besonderheid te dink. Die probleem is dat te veel tegniese of "bakatel" aanpassings aan die Grondwet die idee kan laat posvat dat dit eintlik in orde is om die Grondwet om elke hoek en draai te wysig; 'n soort "ons kan mos"-houding.

DIE HANDVES VAN REGTE

Soos in die geval van die tussentydse Grondwet sal die handves van regte – "bill of rights" soos dit nou in die Engelse teks genoem word – by verre die meeste belangstelling en kommentaar uitlok.[26] Om hierdie rede hoef dit nie hier

(bepaling van soorte munisipaliteite). In sommige gevalle word spesifieke tydperke voorgeskryf waarbinne die wetgewing aangeneem moet word – vgl item 21(4) en 23(1) van bylae 6.

24 1997 6 BCLR 677 (CC). Die uitspraak volg op 'n vroeëre uitspraak van die konstitusionele hof (*S v Ntuli* 1996 1 BCLR 141) waarin die parlement tot 1997-04-30 gegun is om a 309(4)(a) van die Strafproseswet in ooreenstemming met die Grondwet te bring. Dit is nie gedoen nie. Die hof roskam die Departement van Justisie vir die gebrek aan erns waarmee dit die bevel van die hof bejeën het.

25 Algemene kennisgewing 797 van 1997 in *Staatskoerant* 19004 van 1997-05-15.

26 Die sprekende bewys in die geval van die tussentydse Grondwet is Chaskalson ea *Constitutional law of South Africa* (1996), die monumentale losbladuitgawe wat volgens die titel oor die Suid-Afrikaanse *staatsreg* gaan, maar in werklikheid oor die handves. Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* is in hierdie opsig meer gebalanseerd. Hierdie bronne kan geraadpleeg word vir publikasies wat oor die handves van die tussentydse Grondwet verskyn het. Bydraes oor die nuwe handves reeds voor die inwerkingtreding daarvan sluit die volgende in: Venter "Onderwystaalkeuse en grondslagonderwys grondwetlik beskou" 1996 *SAPR/PL* 383; Kleyn "The constitutional protection of property: A comparison between the German and the South African approach" 1996 *SAPR/PL* 402; Du Plessis en Gouws "The gender implications of the final Constitution (with particular reference to the bill of rights)" 1996 *SAPR/PL* 472; Wolhuter "Horizontality in the interim and final Constitutions" 1996 *SAPR/PL* 512; Asimov "Administrative law under South Africa's final Constitution: The need for an administrative justice act" 1996 *SALJ* 613; Govender "Horizontality revisited in the light of *Du Plessis v De Klerk* and clause 8 of the Republic of South Africa Constitution Bill 1996" 1996 *HRCLJSA* 20; Freedman "Understanding the freedom of religion clause in the South African Constitution Bill, 1996" 1996 *HRCLJSA* 35; Bronstein "Unconstitutionally obtained evidence – a study of entrapment" 1997 *SALJ* 108; Smith "Freedom of religion under the final Constitution" 1997 *SALJ* 217; Olivier "Die aanstelling van polities-agtergesteldes by universiteite: 'n grondwetlike perspektief" 1997 *TSAR* 340; Klug "Water law reform under the new Constitution" 1997 *HRCLJSA* 5; Du Plessis en Olivier "The old and the new property clause" 1997 *HRCLJSA*

vervolg op volgende bladsy

bespreek te word nie. Waarom dit nogtans as een van die vermeldenswaardige onderwerpe gekies is, is te danke aan die noot waarop artikel 8 van die nuwe Grondwet op 8 Mei 1996 afgesit het en waarop die nou oorvloedig besproke *Du Plessis v De Klerk*[27] presies 'n week later afgesluit het.

Op iemand wat gedink het dat die probleme oor die toepassing van die handves, wat so duidelik in *Du Plessis* uiteengesit is, eensklaps deur artikel 8 ondervang is, wag daar 'n verrassing. Elke kommentaar wat sover oor die nuwe Grondwet, en spesifiek artikel 8 verskyn het, bevestig die indruk dat dit ver van duidelik is presies wanneer en hoe fundamentele regte 'n natuurlike persoon bind.[28] Die laaste woord hieroor is nog nie gespreek nie.

Die debat oor die toepassing van die fundamentele regte – gangbaar onder die etikette "horisontale" en "vertikale werking" gevoer – belig 'n inherente spanning wat deur die tussentydse Grondwet en nog meer deur die nuwe een gehuisves moet word. Aan die een kant *is* die Grondwet 'n regsdokument. Dit het onvermydelik bepaalde gevolge sover dit uitleg en toepassing betref. Soos wat die "horisontale/vertikale"-debat helder uitwys, word die gesprek 'n juristediskoers wat hoe langer hoe dieper en wyer en meer ingewikkeld word. Op sigself is daar niks mee verkeerd nie; dit is dikwels die aard van die regsgeleerde gesprek. Dit lei egter tot 'n punt waar leke, gewone mense, nie-regsgeleerdes, begin wonder of die woorde wat hulle in die Grondwet lees, op sigwaarde geneem kan word. Daarmee is ons by die ander kant. Die Grondwet, en veral die nuwe Grondwet, is ook veronderstel om 'n dokument vir "die mense", "the people", te wees. Dit is, formeel ten minste, in voortdurende oorleg met "die mense" geskryf. Die aanhef verklaar luid: "Ons, die mense van Suid-Afrika . . . neem . . . deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek . . ."[29]

Of 'n wet vir "die mense" verstaanbaar is, was nog nooit een van die primêre beginsels van wetsuitleg nie; ook nie van grondwetuitleg nie. Die vraag is of dit

---

11; Steyn en Tucker "Environmental rights in the bill of rights: An opportunity to develop the South African environmental jurisprudence 1997 *HRCLJSA* 23; Carpenter "Possible amendments to the 1996 bill of rights – what, where and why?" 1997 *HRCLJSA* 5; MW van Wyk "The constitutional contours of affirmative action as 'fair discrimination' " 1997 *HRCLJSA* 17. Vgl verder die volgende bydraes in Carpenter (red) *Focus on the bill of rights. A collection of papers delivered at a conference held in Pretoria on 21 August 1996* (1996): Froneman "The constitutional invasion of the common law" (6–37); De Ville "The 1996 Constitution and administrative justice" (66–77); Corder "Piercing the paper curtain: Prospects for an administrative justice act" (78–96); Carpenter "The importance of the limitation clause in the South African Constitution of 1996" (97–116).

27 1996 3 SA 850 (CC).

28 Vgl by Wolhuter (*supra* vn 26); Froneman (*supra* vn 26); en Van der Walt "Perspectives on horizontal application: *Du Plessis v De Klerk* revisited" 1997 *SAPR/PL* 1; Jeffery "The dangers of direct horizontal application: A cautionary comment on the 1996 bill of rights" 1997 *HRCLJSA* 10. Dit lyk of die konstitusionele hof in die eerste sertifiseringsuitspraak (*supra* vn 4) par 53–56 ten minste 'n graad van "horisontale" werking aanvaar. Dit mag goeie nuus wees vir Woolman en Davis "The last laugh: *Du Plessis v De Klerk*, classical liberalism, creole liberalism and the application of fundamental rights under the interim and final Constitutions" 1996 *SAJHR* 361 wat hulle insiggewende artikel met die volgende afsluit (404): "Let us hope that with the clear changes in the provisions affecting application of the Bill of Rights in the final Constitution, we get the application doctrine the majority of South Africans deserve: horizontal application. Let us hope we don't get fooled again."

29 Die aanhaling kom uit die sakboekweergawe wat onder die "mense" versprei is.

nie meer in berekening gebring behoort te word nie; ook omdat die teks van die nuwe Grondwet duidelik in die rigting van "gewone taal" ("plain language") beweeg.[30] 'n Klassieke voorbeeld van die probleem wat met die spanning tussen "regsgeleerde" teks en "gewone" teks ontstaan, word in 'n reeks vreemdelinge-uitsprake van 1994/1995 gevind.[31] Ingevolge artikel 24 van die tussentydse Grondwet (wat as item 23(2)(b) van bylae 6 in die nuwe Grondwet oorleef) het elkeen 'n reg op regverdige administratiewe optrede wanneer regte, belange en geregverdigde verwagtings geraak word. Die Transvaalse en Durbanse hof bevind egter dat sekere vreemdelinge nie as "elkeen" vir doeleindes van artikel 24 kwalifiseer nie. Die rede hiervoor spreek nie uit die Grondwet nie. Dit hang saam met die hof se vertolking van "regte", "belange" en "geregverdigde verwagtings" in die konteks van die staat se wye diskresie om te besluit wie in die land toegelaat word en wie nie; en ook die hof se vrees vir die administratiewe las as iedere en elke vreemdeling van skriftelike redes vir die weiering van verblyfvergunnings voorsien moet word. Die feit is: iemand wat aansoek doen om die verlenging van 'n tydelike verblyfpermit sal dit in die reël doen as hy of sy dit in eie belang ag. So 'n belang kan nogal werklik wees. Die persoon het 'n familielid in die land wat bereid is om onderdak en onderhoud te verskaf; die persoon het dalk onwettig maar nogtans 'n goeie werk bekom. Om bloot te argumenteer dat aanwesigheid in Suid-Afrika sonder die nodige vergunning geen belang in verblyf kan laat vestig nie, klink soos die tipiese regsgeleerde argument. Selfs al is dit die regte argument, bly dit waar dat daar redes vir die weiering tot verlengde verblyf *moet* wees, en die redes sal die besluit moet staaf. Waarom kan die redes nie verstrek word nie?

Die punt wat hier gemaak wil word, is die volgende: die manier waarop die nuwe handves geskryf is, laat 'n mens die indruk kry dat die oogmerk was om dit waar moontlik duideliker en verstaanbaarder as hoofstuk 3 van die tussentydse Grondwet te stel. 'n Goeie voorbeeld is die beperkingsbepaling in artikel 36(1). Die voorganger hiervan, artikel 33(1) van die tussentydse Grondwet, het woordeliks een ding bepaal maar is deur die howe op 'n ander manier vertolk. Om meer presies te wees: daar was geen regstreekse aanduiding in artikel 33(1) nie dat daar by die beperking van regte 'n proporsionaliteitstoets aangewend moet word. Die howe het dit eenvoudig daar ingelees. Die sleutelparagraaf is in *S v Makwanayane* te vinde, waar president Chaskalson dit so gestel het:[32]

> "The limitation of constitutional rights for a purpose that is reasonable and necessary in a democratic society involves the weighing up of competing values, and ultimately an assessment based on proportionality. This is implicit in the provisions of s 33(1). . . . In the balancing process the relevant considerations will include *the nature of the right that is limited; . . . the purpose for which the right is*

30 Die spekendste voorbeeld hiervan in die Engelse teks is die vermyding van die geykte juridiese sleutelwoord "shall"; in alle weergawes is die poging opvallend om lang sinne en bysinne in genommerde subparagrawe te verdeel of selfs in die middel van 'n artikel 'n punt te plaas en 'n nuwe sin te begin. Oor die "plain language"-beweging vgl Botha (*supra* vn 22) 118 ev en die gesag daar aangehaal.

31 *Xu v Minister of Binnelandse Sake* 1995 1 SA 185 (T); 1995 1 BCLR 62 (T); *Naidenov v Minister of Home Affairs* 1995 7 BCLR 891 (T); *Parekh v Minister of Home Affairs* 1996 2 SA 710 (D). Vgl die indringende bespreking deur Klaaren "So far not so good: An analysis of immigration decisions under the interim Constitution" 1996 *SAJHR* 605; sien ook Pretorius "Discrimination against aliens – international law, the courts and the Constitution" 1996 *SAPR/PL* 261.

32 1995 3 SA 391 (CC) par 104. Eie kursivering.

limited and the importance of that purpose; . . . the extent of the limitation, . . . its efficacy . . . and whether the desired ends could reasonably be achieved through other means less damaging to the right in question."

Die gekursiveerde woorde is met min wysigings in die tweede deel van artikel 36(1) van die nuwe Grondwet opgeneem. "Proporsionaliteit" word steeds nie genoem nie, maar dit is darem duideliker dat daar by die beperking van regte 'n op- en afweging van die een of ander aard plaasvind.

As die handves ook 'n "mensedokument" moet wees, sal die regsgeleerdes wat daarmee omgaan dit op so 'n manier moet doen dat selfs die meer tegniese uitleg daarvan nie so ver van die woorde van die handves wegdryf dat dit nie meer met min moeite tot maklik verstaanbare begrippe gereduseer kan word nie.

BEGINSELS VAN SAMEWERKENDE REGERING

In die Afrikaanse weergawe van die nuwe Grondwet wat in Maart 1997 algemeen versprei is, staan hoofstuk 3 onder die opskrif "Regering van samewerking". Dit is tegelyk 'n sleutelhoofstuk en 'n risiko-hoofstuk van die nuwe Grondwet. Dit is die ghriespomp van die nuwe bestel.

Die risiko-element kan kortliks afgehandel word. Omdat die bepalings van hoofstuk 3 in wese teen die gebruiklike aard van magsuitoefening ingaan, loop hulle die risiko om nie ernstig opgeneem te word nie. Die gevaar word vergroot deur die feit dat hoofstuk 3 heeltemal nuut en ongewoon is. Verder is dit in 'n idioom geskryf wat indruis teen tradisioneel-gangbare opvattings oor staatsgesag en -vorm in Suid-Afrika. Dit sal 'n baie bewuste opvoedingsprogram van politici en beamptes verg om hoofstuk 3 meer werd te maak as die papier waarop dit geskryf is.[33]

Hoofstuk 3 bepaal dat regering in die Republiek uit drie "sfere" bestaan, naamlik 'n nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer. Aan "nasionaal", "provinsiaal" en "plaaslik" het ons al gewoond geraak onder die tussentydse Grondwet, ofskoon "nasionaal" nog maklik in die omgang deur "sentraal" vervang word. Die begrip "sfeer" is egter nuut. Die meer bekende vorm is "vlak", wat selfs nog in konstitusionele beginsel XVI van die tussentydse Grondwet voorgekom het. Omdat die gebruik van "sfeer" 'n doelbewuste afwyking van die gewone is, kan daar 'n spesifieke betekenis aan geheg word. Die gees en strekking van hoofstuk 3 gee 'n goeie aanduiding van so 'n spesifieke betekenis. Die aanduiding word versterk deur ander bepalings van die Grondwet waardeur die verhouding tussen die verskillende sfere gereël word. Dit lyk of die indruk berekend vermy wou word dat daar 'n hiërargiese regeringstruktuur in Suid-Afrika bestaan, met die nasionale regering "bo", provinsiale regering "in die middel" en plaaslike bestuur "onder". Die regeringsfere is volgens artikel 40(1) "onderskeidend, onderling afhanklik en onderling verbonde". Dit lyk inderdaad of die regeringsfere almal ewe belangrik is. Geen verdere argument is daarvoor nodig nie dat die woord "sentraal" in die sin van "hoogste" en "belangrikste" in die Suid-Afrikaanse staatsregwoordeskat met die banvloek getref is.

---

33 As die beginsels van samewerkende regering reeds ingevolge die tussentydse Grondwet gekonstitusionaliseer was, sou die dispute wat op *Executive Council of the Western Cape Legislature v President of the Republic of South Africa* 1995 10 BCLR 1289; 1995 4 SA 877 (CC) en *Premier of KwaZulu-Natal v President of the Republic of South Africa* 1995 12 BCLR 1561 (CC) uitgeloop het, na alle waarskynlikheid nie in die hof beland het nie.

Artikel 40(2) lê 'n verpligting op alle regeringsfere om die voorskrifte van hoofstuk 3 na te kom. Hierdie verpligting moet in die lig van artikel 2 gelees word. In dieselfde asem waarmee die Grondwet tot die hoogste reg van die land verklaar word, word daar ook verorden dat alle verpligtinge wat deur die Grondwet opgelê word, nagekom moet word.

Artikel 41 is die enigste ander bepaling – en die hart – van die hoofstuk. Eintlik moet elke woord in die artikel hier in vetgedrukte hoofletters uitgespel word. Artikel 41(1) het agt paragrawe waarin die verskillende regeringsfere en alle staatsorgane (soos omskryf in artikel 239) verplig word om die vrede, nasionale eenheid en onverdeelbaarheid van die Republiek te bewaar, om doeltreffende regering te bewerkstellig, om mekaar se grondwetlike status en bevoegdhede te respekteer en nie te probeer oorneem nie en om in goeie trou met mekaar saam te werk en mekaar te help. Koördinering, oorlegpleging en vriendskaplike betrekkinge word ook genoem. In die res van die artikel word staatsorgane aangesê om regsgeskille teen mekaar te vermy; en indien 'n hof nie tevrede is dat alle redelike pogings aangewend is om geskille te besleg nie, kan 'n saak na die betrokke staatsorgane terugverwys word.

Hoofstuk 3 is nie maar net 'n idealistiese stel waardes wat in 'n hoekie van die Grondwet ingedruk is nie. Wanneer die Grondwet aandagtig bestudeer word, is die ankerpunte wat die hoofstuk in ander bepalings van die Grondwet het, 'n openbaring. Die nasionale raad van provinsies is na die ontwerp daarvan bedoel om 'n orgaan van samewerkende regering te wees. Die nasionale uitvoerende gesag het kragtens artikel 100 'n toesighoudende funksie oor provinsiale regering; ofskoon dit nie in soveel woorde in die artikel self staan nie, sal hierdie toesig aan die hand en in die gees van hoofstuk 3 moet geskied; 'n provinsiale uitvoerende gesag het dieselfde bevoegdheid ingevolge artikel 139 ten aansien van plaaslike regering; die nasionale en provinsiale regerings moet luidens artikel 154(1) munisipaliteite se vermoë om hulleself te bestuur steun en versterk; die bepalings oor finansies in hoofstuk 13 moet by uitstek in die gees van hoofstuk 3 nagekom word. Die voorbeelde kan vermenigvuldig word.

Die punt is: die president, elke minister en adjunk-minister, elke ander politikus, iedere beampte in elke regeringsfeer, en elke werknemer van elke staatsorgaan sal voortdurend, tydig en ontydig, aan hoofstuk 3 van die Grondwet herinner moet word. Dit gaan hier by uitnemendheid oor die waardes wat oop, deursigtige en verantwoordbare regering ten grondslag lê. Die Grondwet het deur die hoofstuk 3-beginsels en die manier waarop hulle in die res van die Grondwet weerklank vind, dié sleutel tot 'n 21ste eeuse konstitusie geskep. Die tragiek sover is dat met die uitsondering van die meer as moedige pogings van Bertus de Villiers,[34] die swye oor die beginsels van samewerkende regering in die openbare debat spreekwoordelik oorverdowend is.

---

34 Vgl bv sy "Intergovernmental relations: Bundestreue and the duty to cooperate from a German perspective" 1994 *SAPR/PL* 430–437; *Foreign relations and the provinces – comparative international experiences* (1995); *Bundestreue – the soul of an intergovernmental partnership* (1995); "Federalism in South Africa: The debate unfolds" in Fleiner en Schmitt (reds) *Towards a European constitution* (1996) 185–222; "Foreign relations and provinces – international experiences" 1996 *SAPR/PL* 204; "The federal-unitary debate – is there light at the end of the tunnel?" 1996 *SAJHR* 6–15; *The role and powers of provinces and local governments in the new Constitution* (1996); "The role and powers of provincial and local governments in the new Constitution – intergovernmental relations" in

vervolg op volgende bladsy

DIE NASIONALE RAAD VAN PROVINSIES

Die senaat van die tussentydse Grondwet was nie 'n groot sukses nie. Iets beters moes deur die nuwe Grondwet geskep word, of die gedagte van 'n tweede kamer van die parlement moes laat vaar word. Daar was wel onder die politieke partye geringe steun vir die moontlikheid van net een kamer van die parlement; die PAC was 'n voorstander daarvan. Die oorwig was egter aan die kant van 'n tweekamerstelsel. Redelik vroeg in die onderhandelinge oor die nuwe teks het die ANC dit duidelik gemaak dat 'n tweede kamer net bestaansreg sou hê as dit êrens 'n nuttige rol ten behoewe van die provinsies kon speel. Die ANC wou die liggaam ook liefs nie as deel van die parlement sien nie. Die Nasionale Party wou meer tipiese tweedekamerfunksies – vernaamlik kontrole en medeseggenskap – aan die tweede kamer gee. Die Vryheidsfront wou daarby die samestelling van die tweede kamer verbreed om meerdere belangegroepe te akkommodeer.

Die gedagte van 'n raad van provinsies is reeds vroeg in die grondwetskrywende proses deur Fink Haysom tydens 'n werkswinkel oor tweede kamers geopper. Dit was duidelik dat die idee deur die Duitse *Bundesrat* geïnspireer is. Daar moes egter heelwat water in die see loop voordat die beginsel aanvaar is. Die uitkoms van die uitgerekte debat was 'n liggaam wat ten spyte van ontkennings[35] in vele opsigte op die *Bundesrat* trek, maar met duidelik trekke uit die Suid-Afrikaanse konstitusionele verlede. 'n Sprekende voorbeeld is die stemprosedure in die raad. Artikel 65(1) van die Grondwet stel die gangbare stemprosedure daar. Soos in die *Bundesrat* het provinsiale afvaardigings een stem. Vyf uit nege provinsies moet ten gunste van 'n vraag stem om 'n besluit te hê. Wanneer die raad egter wetgewing behandel wat nie met die provinsies te doen het nie, verander die prosedure volgens artikel 75(2) na die tradisionele beginsel van een-lid-een-stem, een-derde-vir-'n-kworum en 'n gewone meerderheid van stemme vir 'n besluit.

So 'n enkele voorbeeld moet egter nie toegelaat word nie om die feit te verdoesel dat die eindproduk van die nasionale raad van provinsies, soos vele aspekte van die Grondwet, 'n kompromis was. Die partye wat sterk oor 'n tweede kamer gevoel het, het elk deels hulle sin gekry. Die voorbeelde hiervan is die tipiese tweede kamer-deelname aan die wetgewende proses as deel van die parlement, wat die Nasionale Party voorgestaan het, en die moontlikheid dat verteenwoordigers van plaaslike regering sonder stemreg aan die verrigtinge van die nasionale raad van provinsies deelneem[36] – 'n variasie op die voorstel van die Vryheidsfront.

Die nasionale raad van provinsies verdien afsonderlike navorsing en ontleding. Dit is duidelik 'n fyn instelling met 'n enorme potensiaal om tussenregeringsverhoudings te vergemaklik en effektiewe regering in alle sfere te bevorder.[37] Daar is egter 'n groot "mits" betrokke. Die bedoeling met die raad moet

---

Konrad Adenauer Stigting *Aspects of the debate on the draft South African Constitution* (1996) 45; *Local-provincial intergovernmental relations: A comparative analysis* (1997); "Intergovernmental relations: problems and options" 1997 *SAPR/PL* (gepubliseer te word).

35 Vgl die toespraak van ondervoorsitter BT Ngcuka in die raad: 1997 *Debates of the National Council of Provinces* kol 9.

36 A 67 van die Grondwet.

37 Dat die voorsitter van die raad dit ook so insien, is duidelik uit opmerkings wat hy in die raad gemaak het: 1997 *Debates of the National Council of Provinces* kol 54–55. Vgl ook die toespraak van adj-pres Mbeki op 1997-03-13 in die raad: kol 83.

deeglik begryp word. Vier faktore werk teen 'n goeie begrip van die raad in. Die eerste is 'n historiese lam-eend-beeld van die tweede kamer, 'n ideale aflaaiplek vir politici wat met tweede pryse beloon of gebêre moet word. Die tweede faktor hou hiermee verband. 'n Beduidende getal vorige senatore het gewoon as gevolg van item 7(2) van bylae 6 van die Grondwet vaste afgevaardigdes na die raad geword. Die derde faktor is die ingewikkelde bepalings van die Grondwet oor die nasionale raad van provinsies en veral die wetgewende proses in die nasionale sfeer.[38] Laastens speel die betreklik onontwikkelde staat van die nuwe provinsiale bedeling ook 'n rol. Dit, op sy beurt, is deels die gevolg van die byna onvermydelike gravitasie van politieke talent na die nasionale sfeer.

Die groot klagte oor die senaat was dat dit maar net 'n swakkerige replika van die nasionale vergadering – en vroeër jare die volksraad – was. Dit is nog te vroeg om die nasionale raad van provinsies te beoordeel. Daar is egter wel strukturele aspekte van die raad wat dit 'n ander aanslag moet gee as die vorige senaat. Die vernaamste hiervan is die feit dat die provinsiale afvaardigings na die raad deur die premiers van die provinsies gelei word.[39] Verder lyk dit of die gebruik gaan ontwikkel dat een van die adjunkvoorsitters van die raad 'n provinsiale premier sal wees.[40] Die eerste debatte van die raad het ook 'n duidelike provinsiale inslag getoon.

Soos met die res van die Grondwet lê die uiteindelike sukses van hierdie interessante en nuwe instelling grootliks opgesluit in 'n voortdurende bestudering en bewusmaking van die eintlike oogmerke daarvan.

DIE VERDELING VAN BEVOEGDHEDE TUSSEN DIE VERSKILLENDE REGERINGSFERE, EN DIE SUID-AFRIKAANSE KONSTITUSIONELE "F"-WOORD

Die Suid-Afrikaanse konstitusionele "f"-woord is "federasie". Die wyse waarop dit van meet af aan in die konstitusionele debat hanteer is, bevestig ten minste twee verskynsels: aan die een kant die bereidwilligheid van die oorgrote getal deelnemers aan die proses tot kompromis;[41] aan die ander kant hoe 'n resultaat bereik kan word sonder om gangbare idiome te gebruik.

Wat word hiermee gesê? Eerstens, Suid-Afrika is ingevolge die Grondwet van 1996 struktureel baie nader aan 'n tipiese moderne federasie as aan die klassieke eenheidstaat. "Struktureel" word doelbewus gebruik, want uit die feit dat die staatsordening grondwetlik op 'n bepaalde manier geskied, volg dit nie noodwendig dat die ampsbekleërs dit so implementeer nie. Tweedens, solank substansie belangriker is as vorm is dit nie nodig om 'n verskynsel altyd kaalkop by die naam te noem nie. Suid-Afrika hoef nie 'n federasie genoem te word om effektief deur federalisme gedryf te word nie.

---

38 Vgl veral a 44 gelees met a 73–78. Die samestelling en prosedures van die raad word deur a 60–72 van die Grondwet gereël.

39 A 60(3) van die Grondwet.

40 Ingevolge a 64(3) van die Grondwet word die "tweede" adjunkvoorsitter vir 'n jaar gekies (die "eerste" vir 'n termyn van 5 jaar: a 64(2)); die opvolger moet telkens uit 'n ander provinsie kom. Dr Frank Mdlalose, wat toe nog premier van KwaZulu-Natal was, is as eerste "tweede" adjunkvoorsitter gekies; by sy uittrede is sy opvolger, dr Ben Ngubane, onmiddellik eenparig deur die raad as adjunkvoorsitter aangewys.

41 Die IVP het telkens uit protes teen wat hulle as die afwesigheid van federasie gesien het, die proses verlaat.

Daarmee is ons by die verdeling van bevoegdhede tussen die verskillende regeringsfere. Die konstitusionele beginsels in bylae 4 van die tussentydse Grondwet het duidelike aanwysers hieroor bevat. Dit was uiteindelik een van die punte waarop die konstitusionele hof geweier het om die nuwe teks die eerste maal te sertifiseer. Provinsies moes konkurrente bevoegdhede met die nasionale regering hê, maar ook eksklusiewe bevoegdhede. 'n Raamwerk vir die bevoegdhede en strukture van plaaslike regering moes ook deur die Grondwet voorsien word.[42] Die hof het die tweede poging van die grondwetlike vergadering wel aanvaar. Die presiese besonderhede is nie hier ter sake nie. Waaroor dit wel gaan is hoe, bedoeld of onbedoeld, 'n aantal eienskappe van die Grondwet met die verdeling van bevoegdhede as sluitstuk, Suid-Afrika uiteindelik op die drempel van federalisme gebring het. Die draad loop deur van die vroeë stadiums van die politieke onderhandelingsproses, via die konstitusionele beginsels tot by die eindproduk. Die klassieke elemente van federalisme is duidelik: 'n grondwet waarin die bevoegdheidsverdeling tussen die verskillende sfere van regering rigied beskerm word; 'n hof met die bevoegdheid om onenighede tussen die sfere oor hulle afgebakende en samelopende bevoegdhede op te los; 'n tweekamerparlement waarin die tweede kamer 'n besonder sterk band met die provinsies het; beskerming van die geografiese, funksionele en institusionele integriteit van die verskillende regeringsfere; en selfs die bevoegdheid om eie grondwette aan te neem.

Die belang van die gevolgtrekking lê in die benaderingsverskuiwing tot regering wat deur die nuwe Grondwet teweeggebring moet word. Dit is al meermale hierbo gesê: die Grondwet moet die blik wegwring van waar dit histories in Suid-Afrika op die sentrale en die streng hiërargiese vasgenael is. Benewens die Grondwet as hoogste reg is daar nie meer 'n institusionele en funksionele fokuspunt nie. "Die regering" is nie meer eintlik die nasionale parlement en die nasionale uitvoerende gesag nie. "Die regering" is die samewerkende regering in al drie sfere. Om dit by selfs die huidige geslag studente tuis te bring, is 'n moeilike taak. Dit lyk byna of ons ingeskape denkpatrone hiëragies is.

OPENBARE ADMINISTRASIE

Artikel 195 van die Grondwet verklaar waarom openbare administrasie deel van hierdie bespreking uitmaak. Om mee te begin, die artikel is nuut. In die tussentydse Grondwet was daar wel 'n bepaling oor die staatsdiens (a 212), wat plekplek in artikel 195 weerklank vind. Die aanslag van artikel 212 van die tussentydse Grondwet was egter heeltemal anders. Dit was spesifiek gerig op die staatsdiens en allermins op 'n visie afgestem. Artikel 195 verskil in hierdie opsig hemelsbreed.

Eerstens bevat die opskrif van die artikels reeds 'n aanduiding van die gees daarvan: "basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers". Die eerste subartikel open met woorde wat verwys na die demokratiese waardes en beginsels van die Grondwet voordat spesifiek na nege daarvan verwys word. Soos in die geval van die beginsels van samewerkende regering, druis die meeste van hierdie waardes lynreg in teen die tradisionele bedryf van openbare administrasie in Suid-Afrika. Oor twee van die waardes sou die oordeel dalk gevel kan word dat hulle deel van die tradisionele kultuur was. Die waarde in paragraaf (a) gaan oor 'n hoë standaard van professionele etiek; die "ou" Suid-Afrikaanse

42 Konstitusionele beginsel XXIV.

staatsdiens het homself dikwels in die verlede hierop beroem (hier word geen oordeel uitgespreek oor die grondigheid van hierdie aanname nie). Die waarde in paragraaf (b) verwys na die voordelige, ekonomiese en doeltreffende gebruik van hulpbronne. Hieroor sou rekenpligtige beamptes van die ou bedeling waarskynlik voel dat hulle dit ten minste probeer het. Die waarde in (h) verwys na goeie bestuur van menslike hulpbronne en die ontwikkeling van loopbaanontwikkelingspraktyke; weer sal die ouer garde die bloei van die O en M-era en die opvolgers daarvan sedert die 1970's in die staatsdiens onthou.

Die kommentaar wat hierop uitgespreek moet word, is dat al was die waardes aanwesig, is hulle nooit geraak deur die etos van die nuwe demokratiese bestel nie. Hulle was in wese apartheidgedrewe. Met ander woorde, professionele etiek, die gebruik van hulpbronne en die ontwikkeling van menslike hulpbronne sal ook nou in die helder lig van die Grondwet ondersoek moet word om vas te stel of gangbare opvattings en praktyke steekhou.

Kom ons by die ander ses waardes – in paragrawe (c) tot (g) en (i) – is dit duidelik dat 'n nuwe hart van die openbare sektor vereis word. Dit gaan hier oor ontwikkelingsgeoriënteerde administrasie, diens wat onpartydig, billik, regverdig en onbevooroordeeld gelewer moet word; behoeftes van mense wat in ag geneem moet word en hulle deelname aan beleidsformulering wat bevorder moet word; openbare administrasie wat verantwoordbaar moet wees; deursigtige administrasie deur tydige, toeganklike en akkurate inligting; en 'n breë verteenwoordigende administrasie gegrond op bepaalde indiensnemings- en personeelbestuurspraktyke. Hierdie waardes knoop aan by die beginsels van samewerkende regering in hoofstuk 3; hulle sluit ook aan by twee spesifieke fundamentele regte. Die een oor deursigtigheid en inligting[43] hou onmiskenbaar verband met die reg op inligting[44] terwyl almal regstreeks of onregstreeks gekoppel is aan die reg op regverdige administratiewe optrede.[45]

Vanuit 'n fundamentele regte-oogpunt is die aantreklikheid hiervan dat artikel 195(1) gebruik kan word om inhoud te gee aan uitdrukkings wat byvoorbeeld in artikels 32 en 33 aangetref word (soos "redelik", "prosedureel billik", "enige inligting" en "redes").

Dat die bepalings van artikel 195 ernstig opgeneem word, word bevestig deur die konsep gedragskode vir die staatsdiens wat op 10 Junie 1997 in die Staatskoerant gepubliseer is.[46] Dit bevat 'n aantal verwysings na die Grondwet – dit sou wel gekritiseer kon word op grond van die feit dat die waardes van artikel 195 nie uitdruklik genoeg beklemtoon word nie. Indien die Grondwet in die bewussyn van mense, veral beamptes, moet leef, sal die woorde en waardes daarvan herhaaldelik en regstreeks onder hulle aandag gebring moet word. Die tipiese regsgeleerde manier om te aanvaar dat wanneer die Grondwet (bv) genoem word, iemand óf vermoed kan word om te weet wat daarin staan óf dit onmiddellik sal opsoek, werk nie.

SLOT

Wat die afgelope jare op staatsregtelike gebied in Suid-Afrika gebeur het, is verdiend in gloeiende terme opgehemel. Die hoogtepunt is veronderstel om die

43 A 195(1)(g).
44 A 32, gelees in die lig van item 23(2)(a) van aanhangsel B van bylae 6.
45 A 33, gelees in die lig van item 23(2)(b) van aanhangsel B van blyae 6.
46 Gepubliseer in *Staatskoerant* 18065 van 1997-06-10.

nuwe Grondwet te wees. Daar is goeie redes om te hoop dat dit inderdaad so sal wees. Daar is egter ook 'n paar gronde waarop 'n mens voorbehoude sou kon hê. Die realistiese siening lê êrens tussenin. Die "finale" Grondwet is nie onder ideale omstandighede aangeneem nie. Daarvoor was die druk van die oorgang van apartheid na demokrasie te groot en die omringende klimaat te onstabiel. Op sigself is dit nie rampspoedig nie. Al wat dit beteken, is dat die druk op politici, amptenare en die gemeenskap oor die algemeen baie hoog gaan bly om die demokratiese orde werklik in die gees van die Grondwet te vestig.

Stigting van die Interuniversitêre Sentrum vir Onderwysreg en Onderwysbeleid (SORB)

Behoefte Weens die bewese behoefte aan 'n sentrum van kundigheid op die terreine van onderwysreg en onderwysbeleid in Suid-Afrika, het die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika in Februarie 1997 die Interuniversitêre Sentrum vir Onderwysreg en Onderwysbeleid (SORB) gestig. Die Fakulteite van Opvoedkunde en Regsgeleerdheid aan beide universiteite is by SORB betrokke. Sedert die stigting het die Universiteit van Oklahoma (VSA) en die Randse Afrikaanse Universiteit ook as lede toegetree. Onderhandelinge is tans met talle ander universiteite en instellings aan die gang oor lidmaatskap van SORB.

Missie Deel van SORB se missie is om te ontwikkel tot 'n nasionale wetenskaplike bate wat 'n betekenisvolle bydrae tot die kennis en vaardighede kan lewer van diegene wat met onderwysvoorsiening, onderwysbestuur en onderwysbenutting te make het.

Doel Die vernaamste doel van SORB is om onderrig en opleiding in onderwysreg en onderwysbeleid te verskaf en te bevorder en om wetenskaplike navorsing oor hierdie vakgebiede te onderneem.

Werksaamhede SORB se werksaamhede betrek onder meer aktiwiteite soos die aanbieding van kursusse en seminare, die bevordering van onderwysreg as akademiese vakgebied, die onderneem van kontraknavorsing, skakeling en samewerking met onderwysowerhede op alle regeringsvlakke, internasionale skakeling met soortgelyke instellings, die versameling van inligting, en die onderneem en bevordering van publikasies. Een van die vernaamste projekte van SORB in 1997 was die skryf van 'n gids getiteld *Understanding the SA Schools Act: What public school governors need to know* in opdrag van die nasionale Departement van Onderwys. Hierdie gids sal aan alle lede van beheerliggame van openbare skole beskikbaar gestel word.

Beheer en bestuur Die voorsitter van SORB se Raad (die hoogste gesagsliggaam) is professor Johann Neethling, dekaan van Unisa se Regsfakulteit. Die ondervoorsitter is professor Mike Bondesio, dekaan van UP se Fakulteit Opvoedkunde. Die Direkteur van die sentrum is professor Johan Beekmann van die Departement Onderwysbestuur aan UP. SORB het twee adjunk-direkteure (beide van Unisa), naamlik professore Elemene Bray en Johan Potgieter.

Verdere inligting Instellings wat wil deel word van SORB, of diegene wat verdere inligting wil bekom of moontlik van SORB se dienste gebruik wil maak, kan die volgende kontakbesonderhede benut:

Kantoortelefoon: (012) 420-3484 Faks (012) 420-3723
E-pos:eelp@eeon.up.ae.za
Posadres: Die Direkteur: SORB
p/a Departement Onderwysbestuur,
Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002
Fisiese adres: Opvoedkunde-Regte-gebou, Kamer 4/34,
Universiteit van Pretoria

Professional liability to clients: The implications of concurrence*

Annél van Aswegen
BA LLD
Professor of Private Law, University of South Africa

OPSOMMING

Indien die optrede van 'n professionele persoon skade aan 'n kliënt veroorsaak, sal eersgenoemde op grond van kontrakbreuk teenoor laasgenoemde aanspreeklik wees vir skadevergoeding indien die optrede neerkom op 'n verbreking van die kontrak tussen die twee. Die gewraakte optrede kan egter ook tot 'n deliktuele eis vir skadevergoeding aanleiding gee indien daar onafhanklik van die kontrak ook aan die normale vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid voldoen word. In so 'n geval doen 'n sameloop van eise om skadevergoeding hom voor, en het die eiseres volgens die positiewe reg normaalweg 'n keuse of eleksie ten aansien van die eisgrond waarop sy wil steun. Wanneer so 'n keuse hom voordoen, is die verskille wat daar tussen kontraktuele en deliktuele skadevergoedingseise bestaan van kardinale belang. In die eerste plek kan die omvang van die bedrag skadevergoeding wat verhaal kan word, verskil weens die feit dat verskillende aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstawwe in die kontrakte- en deliktereg gebruik word en omdat hierdie maatstawwe ook ten aansien van verskillende tydstippe toegepas word: kontraksluiting by 'n eis gegrond op kontrakbreuk en delikspleging by 'n delikseis. Tweedens is dit moontlik dat 'n persoon wat nie toerekeningsvatbaar is tydens die gewraakte optrede nie wel vir kontrakbreuk aanspreeklik kan wees maar nie deliktueel nie. Derdens is deliktuele mededaders gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle veroorsaakte skade, terwyl medekontrakspartye normaalweg elkeen slegs afsonderlik vir haar *pro rata*-aandeel aangespreek kan word. In die vierde plek kan 'n professionele persoon deliktueel middellik aanspreeklik wees vir alle delikte wat binne die bestek van die betrokke verhouding deur haar werknemers of verteenwoordigers gepleeg word, terwyl sy slegs aanspreeklik sal wees vir kontrakbreuk deur 'n ander gepleeg waar laasgenoemde uitdruklik ter voldoening van die professionele persoon se kontraktuele verpligtinge opgetree het. Vyfdens geld eensydige optrede wat neerkom op toestemming tot benadeling of die risiko van benadeling as volkome verweer teen 'n delikseis, terwyl 'n kontraksparty nie eensydig afstand kan doen van sy regte ingevolge die kontrak nie, en toestemming dus geen verweer teen 'n kontrakseis is nie. Sesdens kan kontraktuele aanspreeklikheidsuitsluitings- of beperkingsbedinge, afhangende van die formulering daarvan, so geïnterpreteer word dat hulle slegs op 'n kontraktuele en nie op 'n deliktuele eis nie, betrekking het. In die sewende plek is ooreengekome strafbedinge slegs ten aansien van kontraktuele eise afdwingbaar. Agstens kan die bydraende skuld van die eiser slegs teen 'n delikseis as verweer geopper word en nie teen 'n kontrakseis nie. In die negende plek berus die bewyslas ten aansien van skuld aan die kant van die verweerderes op die eiseres in 'n delikseis, terwyl die verweerderes die afwesigheid van skuld by kontrakbreuk moet bewys – natuurlik net in die gevalle waar skuld hoegenaamd vereis word vir kontrakbreuk. Tiendens kan verskillende howe jurisdiksie hê in eise gegrond op kontrakbreuk en delik onderskeidelik, en laastens sal die inhoud van die pleitstukke

* Paper delivered at a seminar on *Professional liability*, organised by the Department of Private Law, Unisa, on 1996-03-15.

verskil na gelang die eisgrond kontrakbreuk of delik is. Al hierdie moontlike verskille tussen eise vir skadevergoeding gegrond op kontrakbreuk of delik moet sorgvuldig oorweeg word wanneer die keuse ten aansien van die aangewese eisgrond in gevalle van professionele aanspreeklikheid gemaak word.

1 INTRODUCTION

The concept "professional liability" in its broadest sense can denote any form of liability incurred by a person or institution acting in a professional capacity. For the purposes of this article, I limit the meaning of the term "professional liability" to instances where a professional incurs liability for damages for loss caused to others by conduct relating to the exercise of the profession in which she is engaged. I will confine my remarks to an exposition of certain generally applicable legal principles concerning one particular aspect of professional liability in that sense, namely the liability of the professional to a client.

2 PROFESSIONAL LIABILITY TO CLIENTS

Instances of professional liability frequently involve liability to a client with whom the professional is in a contractual relationship. Where the conduct of the professional which causes loss to the client constitutes a breach of the terms of the contract between the professional and the client, it is obvious that the professional will be liable to the client for breach of contract. The client will then be entitled to all the contractual remedies appropriate to the particular type of breach, *inter alia* damages for patrimonial loss. However, conduct causing loss to another in general also gives rise to a claim for damages in delict, provided the requirements for delictual liability are met. The question whether breach of contract can also give rise to delictual liability between the parties to the contract, has often arisen in South African law.[1]

The principle that a prejudiced party cannot recover damages for loss caused by her own conduct is accepted in our law. It underlies the mitigation rule, which is applicable to the recovery of damages for loss caused by breach of contract and delict alike. It is also the basis of the Apportionment of Damages Act 34 of 1956, which in section 1 regulates the position in regard to the recovery of damages for damage caused partly by the fault of the prejudiced party and partly by the fault of another. In such cases, the court may reduce the damages recoverable by the claimant in proportion to the degree that the claimant was at fault in relation to the damage.

Although the wording of the Act is wide enough to apply to any form of fault and to any type of liability, our courts have interpreted the Act strictly. In the first place it appears from the historical background to the Act and the wording of the long title and headings that the Act was intended to apply only to negligence and it has never been applied in regard to intentional conduct in case law. Secondly, our courts have expressly held that in view of its historical background, the Act does not apply to breach of contract.[49] This situation constitutes a very important and far-reaching practical difference between the two forms of liability in cases of concurrence: where a delictual claim is instituted, the plaintiff's contributory negligence can reduce her claim; not so where the cause of action is breach of contract.

4 9 Onus of proof

The general rule that a plaintiff must prove all the elements of her claim, means that where a delictual claim is instituted, the onus of proving fault on the part of the defendant rests on the plaintiff.[50] As far as breach of contract is concerned, for those cases where fault is a requirement, the rule is invariably that the onus of proof is altered, and that the defendant must prove the absence of fault on her side to escape liability.[51] It goes without saying that this is a very important difference influencing the choice of cause of action in cases of concurrence.

---

49 *Barclays Bank DCO v Straw* 1965 2 SA 93 (O) 99; *OK Bazaars (1929) Ltd v Stern and Ekermans* 1976 2 SA 521 (C) 528–529; Neethling, Potgieter and Visser 160; Van Aswegen *Sameloop* 211 367.

50 *Union Government v Sykes* 1913 AD 156 175; *Van Wyk v Lewis supra* 444; *Kotzé v Johnson* 1928 AD 313 320; *Eversmeyer (Pty) Ltd v Walker* 1963 3 SA 384 (T); Neethling, Potgieter and Visser 361; Hosten 1960 *THRHR* 257; Van Aswegen *Sameloop* 372.

51 See in general *Frenkel v Ohlsson's Cape Breweries Ltd* 1909 TS 957; *Rosenthal v Marks supra*; *Weiner v Calderbank* 1929 TPD 654; *Challinger v Speedy Motors* 1951 1 SA 340 (C); Neethling, Potgieter and Visser 261 fn 78; Van Aswegen *Sameloop* 372–373. In regard to *mora debitoris*, see *Legogote Development Co (Pty) Ltd v Delta Trust & Finance Co Ltd* 1970 1 SA 584 (T) 581–588; *Nel v Cloete* 1972 2 SA 150 (A) 166–167; *Wehr v Botha* 1965 3 SA 46 (A); *Davehill (Pty) Ltd v Community Development Board* 1988 1 SA 290 (A); Lubbe and Murray 503; Joubert 205–206; Van der Merwe *et al* 249; in regard to *mora*

continued on next page

4 10 Jurisdiction

The various statutory and common law provisions regulating the jurisdiction of courts for different actions, include two grounds for jurisdiction which will have different results depending on whether the claim instituted is based on breach of contract or delict. Section 28 of the Magistrates' Courts Act 32 of 1944 confers jurisdiction on a court where the cause of action originated entirely within the area of jurisdiction of the court. It seems to be generally accepted that a cause of action consists of the *facta probanda* of a claim[52] and therefore the cause of action in a claim for breach of contract includes the existence, validity and contents of the contract. For the court to have jurisdiction, the conclusion of the contract and its breach would have had to occur in its area of jurisdiction, whereas in a claim based on delict in cases of concurrence, only the breach, and therefore the delict, need have occurred in that area.

Similarly, the common law ground of jurisdiction of the Supreme Court known as *ratione res gestae* confers jurisdiction on a court where the cause of action originated within the area of jurisdiction of the court.[53] In cases of breach of contract, the fact that the conclusion and the breach of the contract occurred in different places, will probably result in jurisdiction arising in regard to both areas,[54] whereas only the court in the area where the breach or delict occurred will have jurisdiction where the cause of action is based on delict. Accordingly,

---

creditoris, see *Slier v Frenkel & Co* 1927 TPD 375; *LTA Construction Ltd v Minister of Public Works & Land Affairs* 1992 1 SA 837 (C) 848; Van der Merwe *et al* 270; Lubbe and Murray 527–529; in regard to positive malperformance, see Lubbe and Murray 490; Van der Merwe *et al* 255–256; in regard to prevention of performance, see *Frenkel v Ohlson's Cape Breweries Ltd supra* 964; *Grobbelaar v Bosch* 1964 3 SA 687 (E); Lubbe and Murray 483; Van der Merwe *et al* 266.

52 *Evins v Shield Insurance Co Ltd supra* 839; *McKenzie v Farmers' Co-operative Meat Industries* 1922 AD 16 23; *Mahomed v Mahomed* 1959 2 SA 688 (T) 691; *Abrahamse & Sons v SAR&H* 1933 CPD 626 637; *King's Transport v Viljoen* 1954 1 SA 133 (C) 135; *Erasmus v Unieversekerings-Adviseurs (Edms) Bpk* 1962 4 SA 646 (T) 648; *Dusheiko v Milburn* 1964 4 SA 648 (A) 658; *Makgae v Sentraboer (Koöperatief) Bpk* 1981 4 SA 329 (T) 244; *Improfed (Pty) Ltd v National Transport Commission* 1990 3 SA 324 (T) 328; Boberg 477 515–516; Van Aswegen *Sameloop* 369–370.

53 See in general Van Aswegen *Sameloop* 375–377 and authority quoted there. Unlike the previous instance, it is not necessary for the entire cause of action to have originated in the court's area of jurisdiction: *Natalse Landboukoöperasie Bpk v Fick* 1984 2 SA 287 (N) 297.

54 It is settled that the court will have jurisdiction if the contract was concluded or is to be performed in the area of jurisdiction of the court (*Cape Explosives Works Ltd v SA Oil & Fat Industries Ltd* 1921 CPD 224 226–267; *Brooks v Maquassi Halls Ltd* 1914 CPD 371 376–377; *Ex parte Naidoo* 1930 TPD 799; *Roberts Construction Ltd v Willcox Bros (Pty) Ltd* 1962 4 SA 326 (A); *Smit v Cramer* 1913 OPD 123; *City Timber Mills v Nagdee* 1916 NPD 255 258; *Atherstone v Critchlow* 1928 EDL 292), but uncertain whether the fact that the breach of contract occurred in the area of jurisdiction alone is sufficient to confer jurisdiction. In some cases this was denied (*Einwald v German West African Co* (1887) 5 SC 86; *Kopelowitz v West* 1954 4 SA 296 (W); *Roberts Construction Co Ltd v Willcox Bros (Pty) Ltd* 1962 4 SA 326 (A); *Ex parte Jackson* (1986) 13 SC 13) and in others affirmed (*Wrens (Pty) Ltd v S&W Fine Foods Inc* 1941 NPD 343; *American Cotton Products v Felt & Tweeds Ltd* 1953 2 SA 753 (N)). There is authority that it will be sufficient to confer jurisdiction if the breach of contract occurs in the area where the contract is to be (partially) performed (*Poppendick v Union Bag Co* 1923 EDL 88; *Sleeman v African Diamonds Ltd* 1928 GWL 91; *Walker v Taylor* 1934 OLD 101; *City Timber Mills v Nagdee supra*; cf Van Aswegen *Sameloop* 376–377).

different courts may have jurisdiction in cases of concurrence, depending on the cause of action selected.

4 11 Pleadings

Finally, in regard to the contents of pleadings, the general rule is that although the cause of action relied on need not be named, all the material facts on which the claim is based, or *facta probanda*, must be set out.[55] Once again, this means that the pleadings for a claim based on breach of contract must contain facts relating to the existence, validity and contents of the contract in addition to the facts relating to the breach. Where the claim is based on delict, only facts relating to the conduct constituting the breach, and thus also the delict, need be pleaded.

5 CONCLUSION

When dealing with instances of professional liability to clients, the possibility of a concurrence of claims based on delict and breach of contract respectively is always present. It is of practical importance to determine whether such a concurrence is in fact present, and to consider all the possible implications based on the differences between delictual claims for damages and claims based on breach of contract in order to determine which of these causes of action would be the most appropriate in the particular circumstances of the case.

55 See Supreme Court Rules 17(2) 18(4) 20(2) 23(1); Magistrates' Courts Rules 6(3)(a) 17(2)(a); *McKenzie v Farmers' Co-operative Meat Industries supra* 23; *Dusheiko v Milburn supra* 656; *Slomowitz v Vereeniging Town Council* 1966 3 SA 317 (A) 330; *Marais v Du Preez* 1966 4 SA 456 (E); *Evins v Shield Insurance Co Ltd supra* 825; Van Aswegen *Sameloop* 378–379.

Wanvoorstelling: berekening van skadevergoeding (Deel 2)

(*vervolg*)*

DJ Lötz
Blur LLM LLD
Professor in Handelsreg, Universiteit van Pretoria

3 INLEIDING

Aangesien 'n skadevergoedingsaksie op grond van sowel 'n bedrieglike as 'n nalatige wanvoorstelling (binne en buite kontraktuele verband) erken word,[1] kan die skadevergoedingsregsbeginsels in beide gevalle oor dieselfde kam geskeer word.[2] Dus is gewysdes wat met bedrieglike wanvoorstelling handel, *mutatis mutandis* in die onderhawige verband ook op nalatige wanvoorstelling van toepassing.[3]

4 POSITIEFREGTELIKE ANALISE

Vervolgens word 'n kronologiese positiefregtelike analise van regspraak gemaak deur eerstens na die feite van 'n beslissing te verwys om te bepaal of die wanvoorstelling *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* daarstel, waarna die *ratio decidendi* uitgelig en bespreek word.

4 1 *Trotman v Edwick*[4]

Trotman het aan Edwick 'n bedrieglike wanvoorstelling gemaak dat 'n aangrensende stuk grond deel van die *merx* vorm terwyl dit in werklikheid aan die stadsraad behoort het.

Die hof bevind[5] dat die bedrieglike wanvoorstelling *dolus dans causam contractui* was[6] en dat die eisoorsaak deliktueel van aard is:[7]

---

* Sien 1997 *THRHR* 231–253.

1 *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A); *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* 1991 4 SA 559 (A); *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A); *McCann v Goodall Group Operations (Pty) Ltd* 1995 2 SA 718 (K).

2 Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 346; Woker en MeLennan "Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost" 1992 *SA Merc LJ* 376.

3 Sien Visser en Potgieter 347 wat hierdie benadering onderskryf.

4 1951 1 SA 443 (A). Die uitspraak is deur Van den Heever AR gelewer. Hoexter AR en Fagan AR het saamgestem. Die beslissing dra die goedkeuring van Trollip AR in *Ranger v Wykerd* 1977 2 SA 976 (A) weg.

5 449.

> "The litigant who sues on delict[8] sues to recover the loss which he has sustained because of the wrongful conduct of another . . .[9] On the facts before us it seems to me there can be only one logical answer: plaintiff was induced by fraud to buy for £11,212 10s something which was worth no more than £8,930 and the loss he suffered was the difference."[10]

Billikheid[11] is 'n belangrike faktor wat die hof by die berekening van die skadevergoeding in ag neem.[12] *In casu* wou die hof nie 'n algemene reël neerlê nie en beklemtoon dat elke geval op grond van die betrokke feite beoordeel moet word.[13]

---

6 447–448. Wessels AR in *De Jager v Grunder* 1964 1 SA 446 (A) 467 is van mening dat *dolus incidens in casu* ter sprake was. Sien ook De Vos "Skadevergoeding en terugtrede weens bedrog by kontraksluiting" 1964 *Acta Juridica* 34; Christie *The law of contract in South Africa* (1991) 359. Hawthorne en Lotz *Kontraktereg vonnisbundel vir studente* (1994) 71 is van mening dat kragtens die getuienis wat *in casu* voorgelê is, dit geen verskil maak of die bedrieglike wanvoorstelling as *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* beskou word nie.

7 449.

8 Sou die eisgrond kontraktueel wees, bevind die hof (449) dat die benadeelde "sues to have his bargain or its equivalent in money or in money and kind".

9 Hierdie beginsel is met goedkeuring in *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* 1987 4 SA 378 (T) 390 aangehaal.

10 Dus word die skadevergoeding bereken as die verskil tussen die *pretium* en die werklike waarde van die *merx*. As gesag word *Caxton Printing Works (Pty) Ltd v Transvaal Advertising Contractors Ltd* 1936 TPD 209 (waar nalatigheid ter sprake was) en *Beukes v Bekker* 1924 EDL 4 aangehaal. Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 318 ev; Van der Merwe "Wanbeskouings oor wanvoorstelling" 1964 *THRHR* 197 onderskryf hierdie benadering. Steyn HR in *De Jager v Grunder* hierbo 449 interpreteer die skadevergoedingsformule *in casu* as "die verskil tussen die prys wat betaal is en die *billike waarde* ten tyde van die koop" (my kursivering). Sien ook *Scheepers v Handley* 1960 3 SA 54 (A) 58 waar dieselfde interpretasie gegee word. Daarenteen interpreteer Malan AR in *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* 1958 1 SA 479 (A) 484 die skadevergoedingsformule *in casu* as "the difference between the purchase price and the *market price* at the time of the sale" (my kursivering). In *Ranger v Wykerd* hierbo 987 interpreteer Jansen AR die *damnum in casu* as die verskil tussen die "price paid" en die "value of the *merx*", maar beslis verder: "[T]he difference between the price paid and the value of the *merx* cannot be accepted as an absolute measure of damages, valid in all circumstances . . ." Wessels AR in *De Jager v Grunder* hierbo 468 is van mening dat 'n sg "billike bedrag" (synde 'n denkbeeldige som) as objektiewe verwysingsmaatstaf onsuiwer is en dat die relevante waarde in die onderhawige geval eerder die *pretium* is wat die koper in werklikheid bereid was om vir die *merx* te betaal indien hy nie mislei was nie. Sien ook Visser en Potgieter 348; Visser en Potgieter *Law of damages through the cases* (1993) 418; Hawthorne en Lotz 70–71; Van der Merwe, Van Huyssteen, Reinecke, Lubbe en Lotz *Contract. General principles* (1993) 107 ev; Christie 358; Cameron "Measuring delictual damages for fraudulent misrepresentation" 1982 *SALJ* 102; De Vos 1964 *Acta Juridica* 34 ev; Kahn "Random reflections on damages for misrepresentation" 1961 *SALJ* 144; Festenstein 1961 *Annual Survey of SA Law* 91.

11 Die betoog dat die maatstaf *in casu* onbillik is omdat die prysfaktor kontraktueel en onafhanklik van werklike waardes bepaal word, word deur die hof (449) verwerp.

12 449. Indien skadevergoeding in die onderhawige geval op 'n kontraktuele basis bereken word, sal dit meebring dat die wanvoorstelling tot 'n kontraktuele beding verhef word: Christie 358.

13 450. Volgens De Vos 1964 *Acta Juridica* 33 ev moet die skadevergoedingsmaatstaf in geval van (a) *dolus dans causam contractui* negatiewe interesse wees, synde die verskil in die waarde van die onderskeie prestasies; en (b) *dolus incidens* die verhoogde waarde van die misleide se prestasie (indien enige) wat die bedrieglike wanvoorstelling te weeg gebring het. Sien ook Christie 358.

4 2 *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd*[14]

Hier het die appellant 'n sitrusplaas vir R111 000 aan die respondent verkoop. Die appellant het bedrieglik aan die respondent voorgegee dat daar 5 750 sitrusbome is wat op 35 morg aangeplant is. In werklikheid was daar slegs 4 892 (858 minder) bome op 25 morg. Die verskil tussen die *pretium* en die billike waarde van die *merx* (R22 000) word deliktueel op grond van bedrieglike wanvoorstelling geëis.

Nadat die hof bevind het dat die bedrieglike wanvoorstelling *in casu* op *dolus incidens* neerkom,[15] beslis appèlregter Malan soos volg:[16]

> "In actions for damages based upon fraudulent misrepresentation[17] the measure of damages is the actual patrimonial loss suffered by the purchaser as the reasonable and natural or the intended result of the misrepresentation . . . The method of assessing the loss must in every case be determined upon its own facts[18] and the present enquiry must be directed to the respect in which, and the extent to which, the mind of the plaintiff, as an ordinary reasonable buyer, would have been affected by the representations[19] in fixing an increased price for the property purchased."[20]

---

14 1958 1 SA 479 (A). Hierdie uitspraak is deur Malan AR gegee, waarmee Fagan HR, Hoexter AR en Steyn AR saamgestem het. Hall WnAR het oor die *quantum* skadevergoeding met Malan AR saamgestem, maar 'n afsonderlike uitspraak gelewer.

15 482; sien ook Christie 359.

16 483. Mulligan "Damages for fraudulent misrepresentation: the citrus case" 1958 *SALJ* 131 beklemtoon dat 'n oordrewe billikheidsgevoel in die onderhawige geval nie bestaande deliktuele beginsels moet verdring nie.

17 Die hof beslis (483) ook dat daar bepaal moet word of die bedrieglike wanvoorstelling die waarde van die *merx* as 'n eenheid, of as 'n ondeelbare geheel, of 'n bepaalde of deelbare gedeelte daarvan raak.

18 Myns insiens is die relevante deliktuele beginsels nie korrek op die feite *in casu* toegepas nie. Sien ook Kahn 1961 *SALJ* 145.

19 Mulligan 1958 *SALJ* 131–132 wys daarop dat die wanvoorstelling slegs "'n" en nie "dié" oorsaak vir kontraksluiting hoef te wees nie.

20 *Trotman v Edwick* hierbo word as gesag aangehaal, maar voormelde gewysde word soos volg van hierdie saak onderskei: (a) In *Trotman* het die bedrieglike wanvoorstelling die waarde van die *merx* as 'n ondeelbare geheel geraak, terwyl *in casu* slegs 'n gedeelte van die *merx* se waarde daardeur geraak is; en (b) in *Trotman* was daar 'n duidelike kousale verband tussen die bedrieglike wanvoorstelling en die skade, terwyl daar *in casu* geen aanduiding is dat die bedrieglike wanvoorstelling die koper oorreed het om die verhoogde *pretium* van R22 000 te betaal nie. Sien ook Christie 359; Van der Merwe ea 107 ev; Cameron 1982 *SALJ* 103; Festenstein 1961 *Annual Survey of SA Law* 92. Hierdie benadering *in casu* word met goedkeuring deur Wessels AR in *De Jager v Grunder* hierbo 469 aangehaal. Jansen AR is in *Ranger v Wykerd* hierbo 988 van mening dat die hof *in casu* in effek skadevergoeding op 'n kontraktuele basis bereken en toegestaan het. Van der Merwe en Olivier 319 kritiseer die bevinding *in casu* omdat die hof nie suiwer deliktuele beginsels by die bepaling van die skadevergoeding toegepas het nie, deur die waarde van die ontbrekende boompies in berekening te bring. De Vos 1964 *Acta Juridica* 35 kritiseer ook hierdie beslissing omdat die toepaslike deliktuele beginsels nie korrek op die feite van die saak toegepas is nie. Van der Merwe 1964 *THRHR* 197 is van mening dat die skade *in casu* die verskil tussen die waarde van die *merx* en die *pretium* is. Sien ook Lotz "Berekening van skadevergoeding by *dolus incidens*" 1988 *THRHR* 92 wat bevestig dat in geval van 'n wanvoorstelling 'n vergelyking van die onderskeie prestasies nie die enigste wyse is waarop skadevergoeding berekenbaar is nie. Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 373 is ook van mening dat die hof *in casu* 'n kontraktuele skadevergoedingsmaatstaf aangewend het "although the court paid lip service to delictual principles".

Waarnemende appèlregter Hall beslis:[21]

> "The respondent is entitled to his *id quod interest*, and this must flow from the misrepresentation made by the seller, it appears to me that the only matter in respect of which he can claim damages is the shortage in the number of trees planted in the citrus orchard."

Aldus staan die hof R2 983 skadevergoeding toe, synde die waarde van die ontbrekende bome.[22] Die respondent kan nie vergoeding verhaal bloot omdat hy 'n slegte transaksie gesluit het nie maar kan slegs skadevergoeding eis vir die nadeel wat die bedrieglike wanvoorstelling veroorsaak het.[23]

4 3 *Scheepers v Handley*[24]

Scheepers het die plase Lansdowne en Roodekop per openbare veiling voetstoots aan Handley verkoop. Die appellant het mondelings en kragtens die koopkontrak bedrieglik aan die respondent voorgegee dat die totale oppervlakte van die *merx* 997 morg was, terwyl dit in werklikheid 766 morg beslaan het. Skadevergoeding van R7 392, synde R32 per ontbrekende morg, tesame met verhoogde hereregte, is op grond van die bedrieglike wanvoorstelling,[25] alternatief nalatige wanvoorstelling, deliktueel geëis.[26]

Die hof beslis:[27]

> "[T]he essential enquiry is how much more the purchaser has been induced to pay[28] by reason of his having relied upon the truth of the representation . . ."[29]

---

21 489.

22 488. Volgens Kahn *Contract and mercantile law through the cases* (1971) 135 pas die hof *in casu* die algemene toets vir kontraktuele skade toe. Van der Merwe 1964 *THRHR* 197 is van mening dat in geval van 'n wanvoorstelling denkbeelde van die kontraktereg beswarend op die deliktereg inwerk. Van der Merwe "Aspects of the law of contractual torts" 1978 *SALJ* 325 en Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 373 wys daarop dat die benadeelde *in casu* "the benefit of his bargain" (soos in geval van kontraktuele skade) gekry het en dat die deliktuele beginsel om die *status quo ante* te herstel, verkrag is. Trollip AR in *Ranger v Wykerd* hierbo verwerp lg standpunt. Ander skrywers wat hierdie beslissing afkeur, is Mulligan 1958 *SALJ* 132–133; Festenstein 1961 *Annual Survey of SA Law* 92–93; De Wet 1960 *Annual Survey of SA Law* 92–93; Kahn 1961 *SALJ* 145–146.

23 Visser en Potgieter 348; Cameron 1982 *SALJ* 103. In *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo word die hof se benadering *in casu* onderskryf.

24 1960 3 SA 54 (A). Hierdie uitspraak is deur Ogilvie Thompson AR gegee, waarmee Schreiner AR, De Beer AR, Botha WnAR en Holmes WnAR saamgestem het.

25 Die hof beslis nie uitdruklik of 'n mens *in casu* met *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* te make het nie, maar by implikasie blyk dit dat die hof (59) bevind dat *dolus incidens* aanwesig was: Kahn 1961 *SALJ* 145; De Vos 1964 *Acta Juridica* 37.

26 Die eiser het hom *in casu* nie eers die moeite getroos om die markwaarde van die *merx* te bewys nie.

27 59.

28 Wat myns insiens 'n bevestiging is dat *dolus incidens in casu* ter sprake was. Die hof hanteer die saak inderdaad as een van *dolus incidens* en skadevergoeding word toegeken asof daar kontrakbreuk was: Cameron 1982 *SALJ* 104.

29 *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo word as gesag aangehaal. Trollip AR in *Ranger v Wykerd* hierbo is van mening dat die skadevergoeding wat *in casu* toegestaan is, nie aan kontraktuele skade gelykgestel kan word nie. Daarenteen huldig Jansen AR in *Ranger v Wykerd* hierbo 988 die standpunt dat skadevergoeding *in casu* inderdaad op 'n kontraktuele basis bereken en toegestaan is. Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 373 is ook van mening dat die hof *in casu* skade op 'n kontraktuele basis bereken het. Van der Merwe en Olivier 319 kritiseer hierdie beslissing

vervolg op volgende bladsy

'n Belangrike faktor wat die hof in ag neem, is op watter aspek van die *merx* die wanvoorstelling spesifiek betrekking het.[30]

4 4 *De Jager v Grunder*[31]

De Jager en Grunder het 'n ruilkontrak gesluit. Grunder se prestasieverpligting (totale waarde R97 000) het uit die plaas Saucyskuil tesame met vee en plaasgereedskap bestaan. De Jager se pretasieverpligting het die plase Magermanskraal (waarde R24 000) en Melkhoutefontein (waarde R30 000) tesame met vee, plaasgereedskap, R7 000 kontant en 'n onderneming om Grunder se verband ter waarde van R36 000 oor Saucyskuil oor te neem, bestaan. De Jager het bedrieglik voorgegee dat daar 9 000 bome ter waarde van R18 000 op die plaas Magermanskraal is. In werklikheid was daar nie meer as 5 000 bome ter waarde van R1 544 op voormelde plaas nie. 'n Deliktuele skadevergoedingseis[32] op grond van die bedrieglike wanvoorstelling (wat op *dolus incidens* neergekom het[33]), is vir die verskil in die bome se waarde (R16 456) ingestel. Die hof *a quo* het R15 000 skadevergoeding toegestaan.

Hoofregter Steyn beslis in appèl:[34]

> "Die bestaan en omvang van skade is 'n feitevraag,[35] en daar is so 'n verbluffende verskeidenheid van moontlike gevalle van bedrogskade in kontraktuele verband . . . dat dit onwenslik sou wees, indien nie gevaarlik nie, om hulle almal in 'n enkele eenselwige patroon te wil indwing. Wat bewys moet word, is werklike skade, in kousale verband met die bedrog, en om te sê dat werklike skade, in so 'n verband, alleen kan blyk uit 'n waardevergelyking tussen prestasie en teenprestasie, en uit niks anders nie, is na my oordeel onjuis . . .[36] Die moontlikheid dat

---

omdat dit blyk dat die hof meer begaan is oor die vraag wat die eiser se vermoënsposisie sou wees indien die *merx* die voorgestelde omvang sou gehad het. De Vos 1964 *Acta Juridica* 37 ev is van mening dat die hof *in casu* die regsbeginsels verkeerd op die tersaaklike feite toegepas het. Sien ook Festenstein 1961 *Annual Survey of SA Law* 93.

30 *Beukes v Bekker* 1924 EDL 4 word as gesag aangehaal (60). *In casu* het Handley ook die verbeteringe op die plase, wat hy inderdaad reeds ontvang het, in berekening gebring om die waarde van die ontbrekende grond op R32 per morg te stel, terwyl die werklike waarde daarvan slegs R20 per morg was. Vervolgens is Handley op R4 620 (in plaas van R7 392) skadevergoeding geregtig. Hierdie benadering is volgens Rumpff AR in *De Jager v Grunder* hierbo 459 onsuiwer omdat die wesenlike aard van die skade wat vergoed moet word, hierdeur vertroebel word en dit op vervulling van die kontrak neerkom.

31 1964 1 SA 446 (A). Die meerderheidsuitspraak is deur Steyn HR gegee waarmee Botha AR en Wessels AR (wat ook afsonderlike uitsprake gegee het), saamgestem het. Die minderheidsuitsprake is deur Rumpff AR en Hoexter WnAR gelewer. Trollip AR in *Ranger v Wykerd* hierbo is van mening dat die meerderheids- en minderheidsuitspraak *in casu* "did not depart from the elear distinetion between the delietual and contraetual measures of damages that had been drawn in *Trotman's* ease and observed and applied in *Bill Harvey's* and *Scheepers'* eases".

32 Sien Hoexter WnAR 478 wat beaam dat die aksie *in casu* deliktueel is.

33 Aldus Steyn HR 456 en Wessels AR 472 van die beslissing. Sien De Vos 1964 *Acta Juridica* 39 42; Hoexter WnAR het myns insiens die bedrieglike wanvoorstelling *in casu* oor die boeg van *dolus dans causam contractui* gegooi. Rumpff AR 462 is van mening dat *dolus dans causam contractui in casu* ter sprake is. Sien ook Hawthorne en Lotz 78.

34 451.

35 Van der Merwe en Olivier 320 gee toe dat dit 'n feitevraag is of skade gely is, maar waarsku dat die veelvuldigheid van moontlike feitekomplekse nie beginsel-grondslae mag affekteer nie. Sien Van der Merwe 1964 *THRHR* 196 waar hierdie standpunt herhaal word.

36 Hierdie waardevergelykingsmetode as skademaatstaf is vir die hof (452) slegs in geval van *dolus causam dans contractui* wenslik. De Vos 1964 *Acta Juridica* 43 is van mening dat die

vervolg op volgende bladsy

skade met 'n kontraktueel verhaalbare bedrag kan ooreenstem,[37] sonder dat dit tuis te bring is onder so 'n waardevergelyking, kan nie uitgesluit word nie . . .[38] Om 'n koper teen sulke skade herstel te ontsê by 'n bedrogsaksie, waar die bedrieër hom presies daardie skade met voorbedagte rade aangedoen het, slegs omdat die koper nie buitendien 'n slegte koop aangegaan het nie, en om die bedrieër sodoende bo 'n kontrakbreker sonder bedrog te begunstig, sou 'n anomalie wees[39] wat ek nie sonder dwingende regsgesag kan onderskryf nie."[40]

Verder beslis hoofregter Steyn dat by meervoudige prestasies die voordeel van een prestasie (as gunstige newewerking) slegs teen die nadeel van 'n ander prestasie verreken kan word indien daar 'n kousale band tussen die bedrog, skade, voordeel en prestasies bestaan.[41] Hoofregter Steyn bevind dat voormelde kousale band *in casu* ontbreek en dat die gunstige aard van een prestasie nie vir die skade van 'n ander prestasie, wat deur die bedrog veroorsaak is, in die

---

hof se benadering aangaande kousaliteit onder verdenking staan omdat die vraag om kousaliteit in geval van *dolus incidens* te bepaal, daaruit bestaan of die wanvoorstelling "'n" oorsaak en nie "dié" oorsaak vir kontraksluiting was nie.

37 Vir Van der Merwe 1964 *THRHR* 197 is dit "moeilik om in te sien hoe die berekening van skadevergoeding op grond van 'n onregmatige daad wat voor kontraksluiting gepleeg is, ooit die 'patroon van kontraktuele verhaalbaarheid' kan volg". Hawthorne en Lotz 78 wys tereg daarop dat hierdie ooreenkoms bloot toevallig is.

38 *Corbett v Harris* 1914 CPD 535; *Beukes v Bekker* hierbo en *Scheepers v Handley* hierbo word as gesag aangehaal. Steyn HR beslis (452): "By 'n aksie van hierdie aard is die bedrog trouens nie van die kontrak los te maak nie . . . Dit hoef dus geen verbasing of verdenking van onjuistheid te wek indien die skadeberekening in 'n bepaalde geval die patroon van kontraktuele verhaalbaarheid volg of by benadering daarmee ooreenstem nie." Van der Merwe en Olivier 181 318–328 kritiseer hierdie benadering omdat die vervullingsinteresse van 'n kontrak met deliktuele skade gelykgestel word. Sien ook Van der Merwe 1964 *THRHR* 196 en "Die *conditio sine qua non*-toets vir oorsaak en gevolg" 1965 *THRHR* 173 waar soortgelyke kritiek geopper word. *Contra* McKerron *The law of delict* (1971) 112 wat om regspolitieke redes die benadering van die hof *in casu* onderskryf. Hawthorne en Lotz 78 wys tereg daarop dat indien daar eenmaal aanvaar is dat *dolus incidens in casu* ter sprake is, skadevergoeding suiwer ooreenkomstig deliktuele beginsels bereken word. Sien in die algemeen Lubbe "The assessment of loss upon cancellation of breach of contract" 1984 *SALJ* 419.

39 Van der Merwe en Olivier 321 kritiseer hierdie uitgangspunt omdat "totaal ongelyksoortige onregmatige handelinge" met mekaar vergelyk word. Sien ook Van der Merwe 1964 *THRHR* 198 waar soortgelyke kritiek geopper word.

40 Jansen AR is in *Ranger v Wykerd* hierbo 988 van mening dat Steyn HR *in casu* skadevergoeding in effek op 'n kontraktuele basis bereken en toegestaan het. Van der Merwe en Olivier 318 ev kritiseer hierdie uitspraak en sê dat "denkbeelde uit die gebied van die kontraktereg beswarend inwerk op die . . . deliktereg". Verder verklaar Van der Merwe en Olivier 320 dat die benadeelde *in casu* in 'n beter vermoënsposisie geplaas word as dié waarin hy was voor die wanvoorstelling gemaak is en dat die "kontrakteregtelike denkbeelde die toepaslike deliktuele beginsels besmet". Voormelde siening word deur Van der Merwe 1964 *THRHR* 198 en 1978 *SALJ* 318 herhaal. De Vos 1964 *Acta Juridica* 47 keur ook nie die beslissing goed nie. In die vorige uitgawe van De Wet en Yeats *Kontraktereg en handelsreg* (1978) 39 is die skrywers se standpunt dat die benadeelde in die onderhawige geval niks kan eis nie omdat geen skade gely is nie. Hierdie beslissing is met goedkeuring in *Coomers Motor Spares (Pvt) Ltd v Albanis* 1979 2 SA 623 (R) aangehaal, in welke saak die omvang van die skadevergoeding bereken is as die verskil tussen die markwaarde van die *merx* en die *pretium* daarvan. Sien ook Hawthorne en Lotz 71–78; Van der Merwe ea 107 ev.

41 453. Trollip AR beslis in *Ranger v Wykerd* hierbo 991 dat in geval van 'n bedrieglike wanvoorstelling waar 'n kontrak ter sprake is, die kousale band tussen die delik en skade moeilik bepaalbaar is.

onderhawige geval kan vergoed nie.[42] Die kernvraag is: Hoeveel minder kontant het die benadeelde ontvang of hoeveel meer het hy betaal omdat hy hom op die waarheid van die wanvoorstelling verlaat het?[43] Aldus word die appèl deur hoofregter Steyn van die hand gewys.[44]

Appèlregter Wessels is ook van mening dat die appèl van die hand gewys moet word[45] en beslis soos volg:[46]

> "In 'n bedrogaksie waar skadevergoeding gevorder word, moet 'n eiser bewys dat die verweerder hom (d.i. die eiser) deur opsetlike misleiding daartoe beweeg het om tot sy vermoënsregtelike nadeel te handel, en dat hy as gevolg daarvan werklike (d.i. bepaalbare) vermoënsregtelike verlies gely het . . .[47] Hierdie regsreël is van algemene toepassing by bedrogaksies, en dus ook waar beweer word dat die vermoënsverlies in kontraktuele verband gely is."[48]

Verder beslis appèlregter Wessels dat die korrekte grondslag vir die berekening van skadevergoeding[49] in geval van 'n deliktuele skadevergoedingsaksie op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling 'n vergelyking is tussen die *pretium* en dit wat die koper sou betaal het[50] indien hy nie mislei is nie.[51]

---

42 455–456. Hierdie benadering word deur Stegmann R in *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo onderskryf. Sien ook Lotz 1988 *THRHR* 92 wat bevestig dat skade in die onderhawige geval gely kan word waar die teenprestasie wat die misleide ontvang, nie minder (of meer) werd is as die prestasie wat hy self gelewer het nie. Reinecke "Die elemente van die begrip skade" 1976 *TSAR* 30 is van mening dat groter wins wat die misleide *in casu* in afwesigheid van die wanvoorstelling kon gemaak het, nie as skade beskou kan word nie.

43 Steyn HR 456. Jansen AR in *Ranger v Wykerd* hierbo 988 beslis dat hierdie berekeningswyse (wat op regspolitieke gronde berus) van skadevergoeding *in casu* "should not be read as clear and binding recognition of this as the appropriate measure of damage . . ." Van der Merwe en Olivier 320 is van mening dat skadevergoeding in die onderhawige geval steeds bereken moet word "deur 'n vergelyking te maak tussen die vermoënsregtelike posisie van die eiser voor en na pleging van die onregmatige daad". Christie 359 is van mening dat regspolitieke oorwegings die uitspraak *in casu* regverdig.

44 456; sien ook Cameron 1982 *SALJ* 104–106.

45 466.

46 467.

47 *Trotman v Edwick* hierbo; *Bill Harvey's Investments Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo en *Scheepers v Handley* hierbo word as gesag aangehaal. Wessels AR 647 beklemtoon dat 'n oppervlakkige beskouing van voormelde gewysde daartoe aanleiding kan gee dat die grondslag waarop die werklike vermoënsverlies in elke besondere geval hierbo bepaal is, tot 'n regsreël verhef word, met die gevolg dat hierdie sg "regsreël" verkeerdelik as skademaatstaf in 'n feitekompleks toegepas word waar dit glad nie tuishoort nie.

48 Van der Merwe en Olivier 324 is van mening dat deur die wanvoorstelling weg te dink, die wanvoorstelling waar gemaak word.

49 Wessels AR 474 bevind ook dat die toevallige feit dat die bedrogskade gelyk aan kontraktuele skade is, nie vir 'n hof 'n afskrikking kan wees om die skadevergoeding te weier nie.

50 By gebrek aan *facta probanda* om aan te toon wat die koper, in afwesigheid van die bedrieglike wanvoorstelling, vir die *merx* sou betaal het, bevind Wessels AR 467 dat die billike waarde van die *merx* as bewyskragtig aanvaar kan word, wat *in casu* inderdaad gedoen is.

51 469. Sien egter *Trotman v Edwick* hierbo waar beslis is dat die vergelykingsmaatstaf in geval van bedrieglike wanvoorstelling die verskil tussen die *pretium* en die werklike waarde van die *merx* is.

Appèlregter Rumpff bevind dat die appèl gehandhaaf moet word omdat die bedrieglike wanvoorstelling die waardebepaling van al die prestasies beïnvloed het, welke invloed nie bewys is nie.[52] Gevolglik moet die standpunt dat die koper se skade *in casu* die verskil tussen die *pretium* wat op Magermanskraal gedurende die onderhandelinge geplaas en die markwaarde daarvan is, verwerp word.[53] Appèlregter Rumpff beslis verder:[54]

> "Skadevergoeding by kontrakbreuk in ons reg word benader vanuit die standpunt dat die benadeelde, wat sy vermoë betref, in die posisie geplaas moet word asof die kontrak behoorlik uitgevoer is. By delik is dit natuurlik anders. Daar is die grondslag dat die benadeelde in die posisie geplaas moet word asof daar nooit 'n delik plaasgevind het nie . . .[55] Wanneer 'n koper beweer dat hy as gevolg van 'n bedrieglike wanvoorstelling 'n koopkontrak aangegaan het, kan hy kansellasie van die kontrak eis, met teruggawe wedersyds van dit wat kragtens die kontrak oorhandig is, en gevolgskade as daar is, om hom in dieselfde posisie te plaas asof daar geen delik plaasgevind het. Hy kan egter ook besluit om hom aan die kontrak te hou en 'n bedrag as skadevergoeding te vra wat hom in dieselfde posisie sal plaas ten opsigte van sy vermoë, asof die bedrog nie gepleeg is nie . . . As die koper die *merx* hou en kla dat hy op grond van die wanvoorstelling te veel betaal het, moet hy bewys wat hy wel sou betaal het as daar geen wanvoorstelling was nie . . . [D]erhalwe kan, by gebrek aan ander getuienis, aanvaar word, op grond van billikheid teenoor beide die koper en verkoper, dat die koper die markwaarde[56] van die *merx* sou aangebied het en dat die verkoper dit sou aanvaar het . . . [B]y 'n geding van hierdie aard, om vas te stel of die koper skade gely het, [moet] die waarde van wat uit die koper se boedel uitgegaan het, kragtens die kontrak, geweeg . . . word teen die waarde van wat ingekom het. Is die waarde van die *merx* minder as die koopprys, het die koper skade gely. Dit moet beklemtoon word dat hierdie skade wat die koper op grond van die wanvoorstelling ly, suiwer delikskade is, en nie skade wat deur kontrakbreuk veroorsaak is nie, en derhalwe kan die koper nie onder die dekmantel van 'n aksie vir skadevergoeding weens delik probeer om 'n kontrak af te dwing nie.[57] Hoe presies die omvang van die skade bereken moet word, hang af van die omstandighede van elke geval."[58]

Waar die *merx* net uit een saak bestaan, beslis waarnemende appèlregter Hoexter, is die vermoënskade (in geval van 'n deliktuele eis op grond van 'n bedrieglike

---

52 462.

53 *Ibid.*

54 457–460, een van die minderheidsuitsprake.

55 *Trotman v Edwick* hierbo word as gesag aangehaal. Van der Merwe 1964 *THRHR* 196 is, myns insiens ten onregte, van mening dat die hof *in casu* in werklikheid skadevergoeding op 'n kontraktuele basis toegestaan het.

56 Rumpff AR 458 bevind dat indien die koper in afwesigheid van die wanvoorstelling minder of meer as die markwaarde van die *merx* in afwesigheid van die wanvoorstelling sou betaal het, dit deur hom bewys moet word en word skade gevolglik slegs gely indien die waarde van die *merx* minder werd is as die *pretium* daarvan.

57 Hierdie passasie is met goedkeuring in *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo 391 aangehaal.

58 Hierdie benadering word deur Van der Merwe en Olivier 321–323; Van der Merwe 1964 *THRHR* 198, 1978 *SALJ* 318 onderskryf. De Vos 1964 *Acta Juridica* 41 is van mening dat die gevolgtrekking waartoe Rumpff AR op die feite van die saak gekom het, korrek is, maar dat daar in beginsel geen noemenswaardige verskil tussen die argumente in die meerderheids- en minderheidsuitspraak bestaan nie. *Contra* Cameron 1982 *SALJ* 107 wat van mening is dat die minderheidsuitspraak *in casu* onbillik is. Dus word die swaaie-en-draaie-beginsel, wat deur die meerderheidsuitspraak verwerp is deur die minderheidsuitspraak aanvaar: Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 374.

wanvoorstelling) die verskil tussen die markwaarde en die *pretium* van die *merx*.[59] Waar die *merx* uit meerdere sake bestaan, is die vraag of die betrokke koopkontrak (nie die *merx* nie) regtens deelbaar is.[60] Indien daar slegs een ondeelbare koopkontrak is, moet die markwaarde van die hele *merx* (al bestaan dit uit meer as een saak) met die *pretium* vergelyk word om vas te stel of die koper vermoënskade gely het.[61] Vervolgens beslis waarnemende appèlregter Hoexter:[62]

> "In die onderhawige saak was daar regtens net een ondeelbare kontrak alhoewel albei die partye meer as een saak geruil het. Dit volg dat die markwaarde van die prestasie van die eiser vergelyk moet word met die markwaarde van die teenprestasie van die verweerder. As dit gedoen word dan blyk dit . . . dat die eiser nie daarin geslaag het nie om te bewys dat hy enige vermoënskade gely het."[63]

Gevolglik is ook waarnemende appèlregter Hoexter van mening dat die appèl gehandhaaf moet word.[64]

4 5 *Heckroodt v Nurick*[65]

Hier het Nurick opsetlik aan Heckroodt verswyg dat 'n huis se houtwerk met kewers besmet was. 'n Deliktuele eis[66] op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling (wat op *dolus dans causam contractui* neergekom het[67]) om die herstelkoste ten bedrae van R1 515 te verhaal, is ingestel.

Die hof is van mening dat die skade wat die koper ly, die bedrag is wat die koper minder vir die *merx* sou betaal het indien hy van die ware toedrag van sake bewus was.[68] Waar die koper die koopkontrak in stand hou, is die skadevergoedingsmaatstaf *in casu* die verskil tussen die markwaarde van die *merx* en die *pretium* wat hy, as gevolg van die bedrog, daarvoor betaal het.[69]

Absolusie van die instansie word gelas omdat die eiser nie die redelike herstelkoste aan en die markwaarde van die *merx* kon bewys nie.[70]

---

59 476. Die vraag volgens Hoexter WnAR 477 is of die *hele merx* se markwaarde minder as die *pretium* is.

60 477.

61 *Ibid.* Die vraag in hierdie geval is of daar slegs een kontrak is, in welke geval die markwaarde van die prestasie van een party (as 'n ondeelbare geheel) met die markwaarde van die prestasie van die ander party (as 'n ondeelbare geheel) vergelyk word.

62 477.

63 Hierdie benadering word deur Van Der Merwe en Olivier 321–323 onderskryf.

64 477. De Vos 1964 *Acta Juridica* 47 huldig die standpunt dat die wese van die verskil tussen die meerderheids- en minderheidsuitspraak die verskil in benadering tot die kousaliteitsvraag is.

65 1966 4 SA 76 (W).

66 78.

67 Sien 77 waar die eiser beweer dat hy nie die koopkontrak sou gesluit het nie indien hy tydens kontraksluiting van die houtboorders bewus was.

68 78.

69 *Ibid.* In *McInnes v White* 1962 1 SA 26 (W) was daar 'n soortgelyke feitestel en bevinding as *in casu*. Hierdie beslissings is deur Trollip AR in *Ranger v Wykerd* hierbo verwerp. Van der Merwe en Olivier 326 keur hierdie beslissings goed omdat daar suiwerder tussen kontraktuele en deliktuele skade onderskei word. *Contra* Cameron 1982 *SALJ* 108–109 wat hierdie beslissings (myns insiens tereg) kritiseer omdat dit (a) 'n onbillike bewyslas op die benadeelde plaas; (b) onprakties is; en (c) oor geen teoretiese grondslag beskik nie. Christie 360 onderskryf ook nie hierdie beslissings nie.

70 78.

4 6 *Ranger v Wykerd*[71]

Ranger het 'n woonhuis met 'n swembad voetstoots van mevrou Wykerd (wat buite gemeenskap van goed getroud was) gekoop. Meneer Wykerd het bedrieglik aan Ranger voorgegee dat die swembad in 'n goeie toestand is, terwyl dit in werklikheid erg gelek het. Hierdie feit is ook bedrieglik deur mevrou Wykerd verswyg. Ranger laat die swembad herstel, welke herstelkoste R1 250 beloop en deliktueel[72] op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling (verswyging) van meneer en mevrou Wykerd geëis word.

Appèlregter Trollip bevind dat die appèl teen beide meneer en mevrou Wykerd gehandhaaf moet word en beslis:[73]

> "At the first blush it would seem clear that the reasonable and neeessary eost to appellant of remedying the defects of the swimming bath must constitute the patrimonial loss that he suffered through the respondents' fraud . . . For while the true measure of sueh loss is the difference between (a) the value of the property before the delict and (b) its value after the commission of the delict, (b) could ordinarily only be established by dedueting the reasonable eost of repairs from (a), sinee there is generally no market value for properties with defective swimming baths . . .[74] Does it make any difference that here the delict perpetrated by the respondents was fraud and not a wrongful act eausing physieal damage to the swimming bath? On the faets of this ease, I do not think so."[75]

---

71 1977 2 SA 976 (A). Hierdie uitspraak is deur Trollip AR gegee, waarmee De Villiers AR, Kotzé AR en Miller AR saamgestem het. Die minderheidsuitspraak is deur Jansen AR gegee.

72 Trollip AR 991 beslis dat aangesien die eisoorsaak deliktueel is, slegs deliktuele (nie kontraktuele nie) skadevergoeding (waarvan die toepassing van die algemene deliktuele skadevergoedingsregbeginsels in geval van bedrieglike wanvoorstelling problematies is), geëis kan word. Jansen AR 986 beslis ook dat die eisoorsaak *in casu* deliktueel is.

73 992.

74 Trollip AR 994 gee toe dat die omvang van die skadevergoeding op grond van hierdie vergelykingsmaatstaf met kontraktuele skade ooreenstem, maar beslis: "[I]t does not follow that such damages are therefore exelusively contraetual and cannot be delictual, any more than it ean be said that they are purely delietual and eannot also be eontractual . . . It just so coineidentally happens that in one ease such cost of repairs may represent the amount required to make good the warranty in a contract, and in another ease it also measures the patrimonial loss caused by delict." Sien Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 373; Hawthorne en Lotz 87 wat hierdie sienswyse steun.

75 *McConnel v Wright* 1903 1 Ch 546 (CA) word as analoog gebruik om hierdie standpunt te illustreer en *Witwatersrand Gold Mining Co Ltd v Cowan* 1910 TPD 312 en *Erasmus v Davis* 1969 2 SA 1 (A) word as gesag aangehaal. Sien ook *Monumental Art Co v Kenston Pharmacy (Pty) Ltd* 1976 2 SA 111 (K); *Glaston House (Pty) Ltd v Inag (Pty) Ltd* 1977 2 SA 846 (A); *Coomers Motor Spares (Pvt) Ltd v Albanis* hierbo; Burchell *Principles of delict* (1993) 127 waar die onderskeid van die berekeningsmetode tussen kontraktuele en deliktuele skade beklemtoon word. Die benadering van die hof *in casu* word prinsipieel deur Van der Merwe en Olivier 327–328; Christie 360; Van der Merwe ea 107 ev en Beek "Delictual liability for breach of contract" 1985 *SALJ* 226 onderskryf. Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 374 wys daarop dat ooreenkomstig die positiewe reg, die swaaie-en-draaie-beginsel net in geval van *dolus dans causam contractui* (mits die kontrak nie gekanselleer word nie) van toepassing is. Cameron 1982 *SALJ* 114–115 kritiseer hierdie "appropriate assumptions of fact"-benadering van die meerderheidsuitspraak omdat dit (a) onaanvaarbaar is dat die reg van veronderstellings afhanklik is om billikheid te bewerkstellig; (b) geen antwoord op die vraag gee of die voordele van die transaksie teen die nadele daarvan verreken moet word nie; en (c) soms onuitvoerbaar is. Myns insiens moet die kritiek onderskryf word.

Aangesien die waarde van die *merx*[76] en die redelike herstelkoste[77] bewys is, word R1 000 as skadevergoeding deur appèlregter Trollip toegestaan.[78]

Appèlregter Jansen beslis dat die appèl teenoor mevrou Wykerd gehandhaaf maar teen meneer Wykerd van die hand gewys moet word.[79] Hy beslis verder:[80]

> "It would lead to less misunderstanding if it is frankly recognized that in our law, for reasons of policy, in actions based on fraudulent misrepresentation bearing upon the conclusion of a contract, a contractual measure of damages (viz making good the representation) may be applied in appropriate circumstances, despite the fact that the representee's action is not based upon the contract, but founded in delict . . . [T]he damages recoverable[81] may, therefore, be assessed on the basis of the second respondent making good the representation. To this assessment the reasonable costs of repair are relevant and appropriate."[82]

4 7 *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny*[83]

'n Deliktuele skadevergoedingseis[84] op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling (wat op *dolus incidens* neergekom het[85]), is deur Colt Motors (Edms) Bpk teen Kenny ingestel.[86] Die bedrieglike wanvoorstelling het daarin bestaan dat Kenny aan Colt Motors (Edms) Bpk bedrieglik voorgegee het dat 'n voertuig, wat gedeeltelik ter vereffening van die *pretium* van 'n nuwe voertuig aangewend

76 R22 000, synde die *pretium* van die *merx*.

77 R1 000, synde die uitgawes om die swembad te herstel. Dus word die omvang van die skadevergoeding na analogie van fisiese (saak-)skade bereken. Christie 360 steun hierdie benadering omdat meer juridiese buigsaamheid hierdeur bewerkstellig word.

78 999. McLennan 1977 *Annual Survey of SA Law* 91 kritiseer hierdie uitspraak omdat dit onduidelik is of die "swaaie-en-draaie-beginsel" op alle gevalle van toepassing is, in welke geval dit soms onbillik kan wees waar 'n voordeel deur goeie onderhandelinge bekom is. Visser en Potgieter 354 vn 105 wys tereg daarop dat die meerderheidsbeslissing in *Ranger v Wykerd* hierbo 993 duidelik bedoel het dat die "swaaie-en-draaie-beginsel" nie in alle gevalle geld nie. Sien ook Visser en Potgieter *Cases* 409–418; Christie 358. Hawthorne en Lotz 87 is van mening dat op grond van die feite dit *in casu* nie saak maak of *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* bevind is nie.

79 990.

80 989–990.

81 Jansen AR 986 beslis dat die markprys van die *merx* soms, maar nie noodwendig nie, met die *pretium* kan ooreenstem.

82 Van der Merwe 1978 *SALJ* 325; Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 369 onderskryf hierdie minderheidsuitspraak wat bedrog meer effektief in die handelsverkeer aan bande sal lê. In *Davidson v Bonafede* 1981 2 SA 501 (K) waar 'n koopkontrak op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling gekanselleer is, beslis die hof dat die benadeelde (ongeag of die eis op delik, *restitutio in integrum* of die *actio empti* gegrond is), geregtig is op terugbetaling van die *pretium*, verhaling van verspilde koste, vergoeding vir verbeterings aan die *merx* aangebring en betaling van verspilde rente, met dien verstande dat gevorderde huurgelde, tesame met rente daarop, teen voormelde bedrae ten gunste van die verweerder verreken moet word. Cameron 1982 *SALJ* 113–114 kritiseer die aanwending van 'n kontraktuele vergelykingsmaatstaf in geval van 'n deliktuele skadevergoedingsaksie omdat (a) die onderskeid tussen kontraktuele en deliktuele skade (wat die appèlhof onderskryf) ondermyn word; (b) die gesag wat aangehaal word om hierdie standpunt te staaf, onder verdenking staan; en (c) regsonsekerheid daardeur bevorder word.

83 1987 4 SA 378 (T).

84 Sien 381 390; Lotz 1988 *THRHR* 93.

85 Sien 384.

86 Daar is ook twee ander eise ingestel maar dit is vir doeleindes van hierdie bespreking irrelevant.

moes word, 'n 1980 model is, terwyl dit in werklikheid 'n 1979 model was. As gevolg van hierdie wanvoorstelling is 'n hoër inruilwaarde ten bedrae van R1 550 op die voertuig geplaas wat dienooreenkomstig die balans van die *pretium* verminder het.[87]

Oor kousaliteit beslis die hof dat daar eerstens vasgestel moet word of die wanvoorstelling slegs een gedeelte of meerdere aspekte van die koopkontrak raak.[88] Regter Stegmann bevind *in casu* dat die moontlike winste[89] van die eiser met die swaaie nie teenoor die verliese[90] met die draaie in verrekening gebring kan word nie.[91]

Verder bevestig die hof dat die eiser *in casu* 'n kontraktuele skadevergoedingseis[92] kragtens die *actio empti* weens die verweerder se positiewe wanprestasie[93] het.[94] In hierdie geval, beslis die hof, is die eiser geregtig om op grond van die verweerder se kontrakbreuk 'n bedrag skadevergoeding te eis om hom finansieel in die posisie te plaas asof die kontrak reëlmatig[95] nagekom is.[96] Aangesien die eisoorsaak *in casu* uitsluitlik op delik gegrond is, was die hof aan die toepaslike deliktuele beginsels gebonde.[97]

Die hof beslis:[98]

> "Dit is egter onseker of daar gesê kan word dat daar een grondliggende beginsel is waarvolgens vermoënsverlies wat deur bedrieglike wanvoorstelling veroorsaak word, gemeet kan word. Die Appèlafdeling het verskeie benaderings goedgekeur, en daar is herhaaldelik beklemtoon dat die gepaste maatstaf vir skadevergoeding vir verlies weens bedrieglike wanvoorstelling in elke geval van die besondere feite

87 Die feite *in casu* is met die feite in *De Jager v Grunder* hierbo vergelykbaar: Lotz 1988 *THRHR* 93.

88 As gesag word Trollip AR se "swaaie-en-draaie-beginsel" in *Ranger v Wykerd* hierbo 991 aangehaal. *In casu* bevind die hof (389) dat slegs een aspek van die koopkontrak, synde die inruilwaarde, deur die bedrieglike wanvoorstelling geraak is.

89 Synde die wins wat die eiser by die herverkoop van die ingeruilde saak maak.

90 Synde die verhoogde waarde wat die eiser op die ingeruilde saak, agv die bedrieglike wanvoorstelling, geplaas het.

91 389, na analogie van die meerderheidsuitspraak in *De Jager v Grunder* hierbo. De Waal 1988 *De Rebus* 113 wys daarop dat 'n skadevergoedingsaksie op grond van 'n wanvoorstelling gewoonlik deliktueel is en dat negatiewe interresse tradisioneel toegestaan word, maar dat die rekeningkundige berekening daarvan 'n omstrede saak is.

92 Wat om 'n onverklaarbare rede nie ingestel is nie. Lotz 1988 *THRHR* 97 vra die vraag of 'n benadeelde in hierdie geval 'n vrye keuse tussen 'n deliktuele en 'n kontraktuele aksie het. Aangesien die appèlhof die sameloop van kontraktuele en deliktuele skadevergoedingseise erken (sien *Lillicrap, Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 (A)), is daar myns insiens regtens geen beletsel waarom beide aksies nie *in casu* ingestel kon word nie.

93 Deur 'n 1979-model voertuig ipv 'n 1980-model voertuig te lewer soos wat kontraktueel onderneem is.

94 390. Sien Lotz 1988 *THRHR* 97 wat daarop wys dat dit in die onderhawige geval selfs nadelig sal wees om 'n deliktuele en nie 'n kontraktuele skadevergoedingsaksie nie in te stel.

95 Synde dat 'n 1980-model motor inderdaad deur die verweerder gelewer is.

96 390.

97 *Ibid.* As gesag word *Caxton Printing Works (Pty) Ltd v Transvaal Advertising Contractors Ltd* hierbo en *De Jager v Grunder* hierbo aangehaal. Sien ook De Waal 1988 *De Rebus* 113 ev.

98 931.

van die geval afhang . . .[99] Die metode waarop die vermoënsvermindering bewys moet word, is dus 'n feitevraag wat van een geval na 'n ander kan verskil . . . Waar die delik bedrieglike wanvoorstelling is, is die kernvraag hoeveel meer die eiser deur die bedrieglike wanvoorstelling oorreed is om te betaal as wat hy sou betaal het indien die wanvoorstelling nie gemaak is nie."

Regter Stegmann wys daarop dat die skadebepaling by bedrieglike wanvoorstelling in een van die volgende kategorieë kan val:[100]

(a) 'n Vergelyking van die markwaarde van die eiser se boedel voor en na pleging van die delik.[101] By *dolus dans causam contractui* is hierdie die korrekte berekeningsmetode waar die waardes van die prestasie en teenprestasie vergelykbaar is.[102]

(b) Waar die redelike herstelkoste (wat deur deskundige getuienis bewys moet word) die skade verteenwoordig omdat dit onprakties is om die betrokke boedelwaardes voor en na pleging van die delik direk te bewys.[103] Hierdie metode is 'n uitbreiding van kategorie (a) hierbo.[104]

(c) Die prysverhoging (wat nie 'n kontraktuele maatstaf verteenwoordig nie[105]) wat deur die bedrieglike wanvoorstelling veroorsaak is, sonder bewys wat die markwaarde (markprys) of herstelkoste[106] is.[107] Die kernvraag in hierdie geval is hoeveel meer die benadeelde deur die bedrieglike wanvoorstelling oorreed is[108] om vir die *merx* te betaal.[109] Dus is hierdie metode die aangewese vergelykingsmaatstaf wat in geval van *dolus incidens* gebruik moet word.[110]

Die hof stel 'n praktiese benadering voor waarvolgens deliktuele skade op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling berekenbaar is, welke benadering soos volg saamgevat kan word:[111]

(a) Daar moet eerstens vasgestel word of die bedrieglike wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding vorm en of die eisoorsaak deliktueel is. In eersgenoemde geval word skadevergoeding op kontraktuele beginsels bereken en in laasgenoemde geval is deliktuele beginsels ter sprake.[112]

---

99 *Trotman v Edwick* hierbo; *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo; *Scheepers v Handley* hierbo; *De Jager v Grunder* hierbo en *Ranger v Wykerd* hierbo word as gesag aangehaal. Sien ook Lotz 1988 *THRHR* 93.

100 391–395. Sien ook Lotz 1988 *THRHR* 93–94; De Waal 1988 *De Rebus* 113–114.

101 Hierdie vergelykingsmetode is in *Trotman v Edwick* hierbo gebruik, welke vergelykingsmaatstaf ook in geval van saakbeskadiging aangewese is: Lotz 1988 *THRHR* 94.

102 Visser en Potgieter 351; Lotz 1988 *THRHR* 94.

103 *Erasmus v Davis* hierbo word as gesag aangehaal. Hierdie wyse van skadebepaling is in *Ranger v Wykerd* hierbo aangewend: Lotz 1988 *THRHR* 94.

104 Visser en Potgieter 351; Lotz 1988 *THRHR* 94.

105 Sien die meerderheidsuitspraak van *Ranger v Wykerd* hierbo.

106 Maw gevalle waar die getuienis aandui dat die benadeelde nooit bedoel het om 'n *pretium* wat met die markwaarde verband hou, te betaal nie en deur die bedrieglike wanvoorstelling oorreed is om meer vir die *merx* te betaal as wat hy andersins sou gedoen het.

107 Hierdie berekeningsmetode is in *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo; *Scheepers v Handley* hierbo en *De Jager v Grunder* hierbo gebruik.

108 Die verskil tussen die bedrag wat die benadeelde in afwesigheid van die bedrieglike wanvoorstelling sou betaal het en die verhoogde bedrag wat inderdaad agv die bedrieglike wanvoorstelling betaal is, verteenwoordig die omvang van die skadevergoeding.

109 Sien 393.

110 Lotz 1988 *THRHR* 94.

111 395–401. Sien ook Lotz 1988 *THRHR* 95; De Waal 1988 *De Rebus* 113–114.

112 *Trotman v Edwick* hierbo word as gesag aangehaal.

(b) Vervolgens moet bepaal word of die bedrieglike wanvoorstelling *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* daarstel.

(c) Waar 'n eiser skade weens 'n bedrieglike wanvoorstelling ly, is daar geen regsreël wat die benadeelde verplig om die markwaarde[113] van die *merx* te beweer en te bewys nie.

(d) Om skade te bewys, is die benadeelde geregtig om te beweer en te bewys watter *pretium* hy, in afwesigheid van die bedrieglike wanvoorstelling, bereid was om vir die *merx* te betaal. Indien die benadeelde se getuienis aanvaar word, is sy skade in hierdie geval die verskil tussen die *pretium* wat hy bereid sou gewees het om te betaal en die verhoogde *pretium* as gevolg van die bedrieglike wanvoorstelling.[114] Geen getuienis hoef aangevoer te word dat die verkoper sou ingestem het om voormelde *pretium* te aanvaar nie.

(e) Indien die eiser nie in staat is om te bewys watter *pretium* hy sou betaal het nie, is hy geregtig om die markwaarde van die *merx* te beweer en te bewys. Tensy getuienis tot die teendeel aangevoer word, kan aanvaar word dat voormelde markwaarde die ooreengekome *pretium*, in afwesigheid van die bedrieglike wanvoorstelling, sou wees.[115] In hierdie geval is die benadeelde se skade die verskil tussen die markwaarde van die *merx* en die verhoogde *pretium* weens die bedrieglike wanvoorstelling.

(f) Waar die *pretium* wat die eiser beweer hy in afwesigheid van die bedrieglike wanvoorstelling sou betaal het, laer as die markwaarde van die *merx* is, moet hy bewys dat die verweerder waarskynlik hierdie laer prys sou aanvaar het.[116] Tensy die eiser hom suksesvol van voormelde bewyslas kwyt, is die waarskynlikste aanduiding dat die kontrakspartye op die markwaarde van die *merx* sou ooreengekom het.

(g) Waar die eiser nie die markwaarde van die *merx* beweer en bewys nie, is die verweerder geregtig om, ter bestryding van die eiser se saak, die markwaarde van die *merx* te beweer en te bewys.

In casu beslis die hof dat alhoewel die inruilwaarde laer as die markwaarde van die *merx* is, die eiser die kousale verband tussen die wanvoorstelling, skade en omvang daarvan bewys het en dat die verweerder die laer bedrag inderdaad sou aanvaar het.[117]

4 8 *Hunt v Van der Westhuizen*[118]

Hunt het 'n huis met 'n swembad van Van der Westhuizen gekoop. Van der Westhuizen het bedrieglik voorgegee dat die swembad met spuitsement vervaardig is. In werklikheid was die swembad (wat boonop gelek het) met bakstene gebou wat met veselglas bedek is. 'n Deliktuele eis vir R11 500, synde die koste om die swembad met spuitsement te herstel, is op grond van 'n bedrieglike

113 Wat natuurlik deur die bedrieglike wanvoorstelling opgeblaas is.

114 *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo; *Scheepers v Handley* hierbo en *De Jager v Grunder* hierbo word as gesag aangehaal.

115 *Trotman v Edwick* hierbo word as gesag aangehaal.

116 Rumpff AR in *De Jager v Grunder* hierbo word as gesag aangehaal.

117 402–403. Sien ook Visser en Potgieter *Cases* 418–420; Van der Merwe ea 109; De Waal 1988 *De Rebus* 113–114. Lotz 1988 *THRHR* 96–97 verwelkom hierdie beslissing.

118 1990 3 SA 357 (K).

wanvoorstelling (wat volgens die eiser *dolus dans causam contractui* daarstel[119]) ingestel.

Die hof beslis:[120]

> "[I]t is now well-established in our law that in appropriate circumstances[121] the measure of damages may be the reasonable cost of making good the misrepresentation, notwithstanding the fact that it coincides with the measure of damages for breach of contract."[122]

Verder bevestig die hof dat die skademaatstaf in geval van *dolus dans causam contractui* die verskil in waarde tussen die prestasie en die teenprestasie is.[123] In geval van *dolus incidens* wys die hof daarop dat die skademaatstaf die verskil in waarde is tussen die gelewerde prestasie en die prestasie wat die benadeelde sou betaal het indien daar nie 'n wanvoorstelling was nie, ongeag die feit dat dit wat die benadeelde ontvang het meer werd is as sy gelewerde prestasie.[124]

Die volgende kritiek teen die huidige positiefregtelike posisie word deur die hof geopper:[125]

(a) Die klassifikasie van *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* geskied arbitrêr.

(b) Daar is 'n anomalie omdat 'n benadeelde in geval van *dolus incidens* (wat 'n minder ernstige vorm van bedrog is) vermoënsregtelik in 'n beter posisie geplaas word as in die geval van *dolus dans causam contractui* (wat 'n ernstiger vorm van bedrog is).

(c) 'n Benadeelde is in geval van "wilful fraud" vermoënsregtelik slegter daaraan toe as in die geval van kontrakbreuk.

(d) Eerlikheid in die handelsverkeer sal bevorder word indien bedrieërs verplig word om hulle slagoffers beter te vergoed.

(e) Enige voordeel wat die misleide uit die kontrak ontvang, moet *res inter alios acta* ten opsigte van die bedrieër wees en nie by die berekening van die skadevergoeding in ag geneem word nie.

Die hof aanvaar dat *dolus dans causam contractui in casu* aanwesig is en beslis dat die eiser se skadevergoeding ooreenkomstig die vermoënsregtelike posisie waarin hy sou gewees het indien die wanvoorstelling waar was, bepaal moet word.[126] Aldus word R11 500 skadevergoeding toegestaan, synde die bedrag wat dit kos om die swembad op die voorgestelde standaard te bring.[127]

---

119 360 en 361 waar die hof ook bevestig dat die positiewe reg die onderskeid tussen *dolus dans causam contractui* en *dolus incidens* handhaaf.

120 361.

121 Die hof bevestig (361) dat die feite van elke besondere geval die omvang van die skadevergoedingseis sal bepaal en haal *Trotman v Edwick* hierbo; *Ranger v Wykerd* hierbo en *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo as gesag aan.

122 *Ranger v Wykerd* hierbo word as gesag aangehaal.

123 362. As gesag word *Ranger v Wykerd* hierbo aangehaal.

124 362.

125 362–363.

126 *Ibid. Ranger v Wykerd* hierbo word as gesag aangehaal.

127 364.

4 9 *Mayes v Noordhof*[128]

By die sluiting van 'n koopkontrak van onroerende goed en 'n besigheid[129] het Noordhof bedrieglik aan Mayes verswyg dat 'n permanente plakkersdorp langs die *merx* gaan vestig. 'n Deliktuele skadevergoedingseis (wat op *dolus dans causam contractui* neerkom[130]) is ingestel.

Regter Fagan bevind dat die eisoorsaak *in casu* deliktueel is en dat die benadeelde in hierdie geval[131]

> "is entitled to recover the loss which he has sustained because of the wrongful conduct . . . that is the loss to his patrimony caused by such conduct".[132]

Die hof wys verder daarop dat die appèlhof verskeie vergelykingsmaatstawwe neergelê het om die omvang van skadevergoeding in geval van 'n wanvoorstelling te bepaal, welke toepaslike vergelykingsmaatstaf direk van die feitelike omstandighede van elke geval afhang.[133]

Wat volgens die hof *in casu* vasstaan, is dat die benadeelde in geval van 'n deliktuele skadevergoedingseis in die vermoënsposisie geplaas moet word asof die delik nie gepleeg is nie.[134] In geval van die *dolus dans causam contractui* bevind die hof dat die skadevergoeding "cannot be calculated at the time of the sale" en dat 'n hipotetiese situasie, met inagneming van die impak van die wanvoorstelling, geskep moet word.[135] Aldus bevind die hof dat die toepaslike vergelykingsmaatstaf *in casu* die verskil in markwaarde (tydens kontraksluiting) van die *merx* met en sonder die skadeveroorsakende gegewe[136] is wat deur die wanvoorstelling verbloem is.[137]

5 EVALUASIE VAN EN KOMMENTAAR OP DIE POSITIEWE REG[138]

Daar is skrywers wat die onderskeid tussen *dolus dans causam contractui* en *dolus incidens* ontken[139] en die standpunt huldig dat die benadeelde altyd deur skadevergoeding finansieel in die vermoënsregtelike posisie geplaas moet word waarin hy sou gewees het indien geen kontrak gesluit is nie.[140] Hierdie standpunt

---

128 1992 4 SA 233 (K).

129 Die hof beslis (240) dat slegs een ondeelbare koopkontrak *in casu* ter sprake is.

130 Sien 249.

131 248.

132 *Trotman v Edwick* hierbo word as gesag aangehaal.

133 248. *Trotman v Edwick* hierbo; *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo; *Scheepers v Handley* hierbo; *De Jager v Grunder* hierbo; *Ranger v Wykerd* hierbo; *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo en *Hunt v Van der Westhuizen* hierbo word as gesag aangehaal.

134 249.

135 *Ibid.*

136 In hierdie geval is dit die verskil in markwaarde (tydens kontraksluiting) van die *merx* met en sonder 'n aangrensende plakkersdorp.

137 249–251.

138 Sien in die algemeen Erasmus en Gauntlett "Damages" 7 *LAWSA* (red Joubert) (1979) par 69.

139 In *Preller v Jordaan* 1956 1 SA 483 (A) is hierdie onderskeid erken. Sien ook Kahn 1961 *SALJ* 147–148.

140 Sien Van der Merwe en Olivier 320; Van Aswegen *Die sameloop van eise om skadevergoeding uit kontrakbreuk en delik* (LLD-proefskrif Unisa 1991) 319; Dlamini "The measure of damages for fraud inducing a contract – a comedy of errors?" 1985 *De Jure* 347–348 351 361 367; Van der Merwe 1965 *THRHR* 184 vn 37; Erasmus en Gauntlett par 69.

word nie deur Visser en Potgieter[141] onderskryf nie omdat dit werklikheidsvreemd en nie in ooreenstemming met die appèlhof se gesag is nie. Lotz[142] wys daarop dat in geval van *dolus dans causam contractui* die aangewese wyse vir die berekening van skadevergoeding 'n vergelyking is tussen die waarde van die prestasie wat die misleide gelewer het en die waarde van die teenprestasie wat hy ontvang het.[143] In geval van *dolus incidens*[144] is die aangewese wyse waarop skadevergoeding bereken word, 'n vergelyking tussen die kontrak wat gesluit is en die putatiewe kontrak wat in afwesigheid van die wanvoorstelling gesluit sou word.[145] De Vos is van mening dat dit 'n ope vraag is of 'n benadeelde op grond van *dolus incidens* uit 'n kontrak kan terugtree.[146]

'n Ander siening is dat deliktuele skade in die onderhawige geval op werklik gelede skade (wat winsverliese uitsluit) gebaseer moet word, sodat waar 'n persoon (ten spyte van die bedrieglike wanvoorstelling) steeds 'n wins in geval van *dolus incidens* maak, hy geen skade ly nie omdat die moontlikheid dat hy 'n groter wins sou kon maak, irrelevant is.[147] Aangesien laasgenoemde mening (wat die verhaalbaarheid van winsverliese as 'n vorm van skadevergoeding ontken) op 'n foutiewe interpretasie van die beginsels oor positiewe en negatiewe interesse berus, moet dit volgens Visser en Potgieter verwerp word.[148] Nou verwant aan laasgenoemde siening is die mening dat die positiefregtelike skadevergoedingsmaatstaf om die benadeelde se kontraktuele vervullingsbelang (in geval van 'n bedrieglike wanvoorstelling) deliktueel te bewerkstellig, foutief is deur hom finansieel in die vermoënsregtelike posisie te plaas asof die wanvoorstelling waar is.[149] Van Aswegen[150] wys daarop dat 'n toekenning van skadevergoeding

---

141 347–348 352. De Vos 1964 *Acta Juridica* 33 ev beklemtoon ook dat die onderskeid tussen *dolus dans causam contractui* en *dolus incidens* gehandhaaf moet word en is van mening dat voormelde onderskeid in elk geval positiefregtelik erken word.

142 Lotz 1988 *THRHR* 92.

143 Gevolgskade buite rekening gelaat: Lotz 1988 *THRHR* 92. De Vos 1964 *Acta Juridica* 33 huldig dieselfde standpunt.

144 De Vos 1964 *Acta Juridica* 47–49 is van mening dat die howe geneig is om al te maklik te bevind dat *dolus incidens* ipv *dolus dans causam contractui* ter sprake is en dat die toets na welke *dolus* gepleeg is, nie suiwer objektief is nie maar dat die redelike man-toets aangewend kan word in gevalle waar daar geen aanduiding is hoe die partye, in afwesigheid van die bedrieglike wanvoorstelling, sou opgetree het nie.

145 Lotz 1988 *THRHR* 92; De Vos 1964 *Acta Juridica* 34.

146 De Vos 1964 *Acta Juridica* 50. Na analogie van die *actio redhibitoria* is De Vos 1964 *Acta Juridica* 50 van mening dat terugtrede slegs in ernstige gevalle van *dolus incidens* mag geskied. Sien Kahn 1961 *SALJ* 148 waar 'n soortgelyke standpunt gehuldig word.

147 Van der Merwe en Olivier 324–325; De Wet 1960 *Annual Survey of SA Law* 94. Hierdie standpunt is op die minderheidsuitspraak van Rumpff AR in *De Jager v Grunder* hierbo gegrond. De Vos 1964 *Acta Juridica* 38 onderskryf nie voormelde standpunt nie omdat die tersaaklike regsbeginsels by *dolus dans causam contractui* en *dolus incidens* deurmekaar gehaspel word. Lotz 1988 *THRHR* 92 en Cameron 1982 *SALJ* 99 wys daarop dat die probleme rondom die berekening van skadevergoeding juis in die gevalle bestaan waar die wanvoorstelling binne kontraktuele verband gemaak is.

148 Visser en Potgieter 347 353. Sien Van Aswegen 320 325–327 en Hawthorne en Lotz 78 wat ook hierdie standpunt verwerp.

149 Hierdie standpunt word hoofsaaklik op die minderheidsuitspraak in *Ranger v Wykerd* hierbo gebaseer. Sien De Wet en Van Wyk *De Wet en Yeats Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* (1992) 45 vn 155; Van der Merwe en Olivier 318 ev; De Vos 1964 *Acta Juridica* 37; McLennan 1977 *Annual Survey of SA Law* 89–92; Van der Merwe 1978 *SALJ* 319; Dlamini 1985 *De Jure* 348–349. Van der Merwe en Olivier 323 wys

vervolg op volgende bladsy

volgens deliktuele negatiewe interesse soms dieselfde gevolg as kontraktuele positiewe interesse het,[151] maar dat dit nie die afleiding regverdig dat 'n verkeerde skadevergoedingsmaatstaf gebruik is nie.[152]

Daar word ook geargumenteer dat voordeeltoerekening in gevalle van *dolus dans causam contractui* plaasvind, maar nie by *dolus incidens* nie en dat billikheid vereis dat voordeeltoerekening in beide voormelde gevalle werking moet vind.[153]

Tans is daar 'n klemverskuiwing vanaf die vroeëre debat waar met die oënskynlike teenstrydigheid gehandel is dat 'n kontraktuele skadevergoedingsmaatstaf in deliktuele verband aangewend word,[154] na die kwessie van hoe misleide persone nóg beter vergoed kan word.[155] Weens laasgenoemde beleidsoorweging is daar kritiek teen die huidige onderskeid tussen *dolus dans causam contractui* en *dolus incidens*, ten einde die breër benadering aangaande skadevergoeding by *dolus incidens* ook op *dolus dans causam contractui* van toepassing te maak.[156]

Kahn wys op twee moontlike benaderingswyses in geval van 'n skadevergoedingsaksie op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling, naamlik om[157]

(a) 'n kontraktuele skadevergoedingsmaatstaf aan te wend waar die wanvoorstelling as 'n kontraktuele beding in die kontrak opgeneem is;[158] en

(b) feitelike aannames as primêre uitgangspunt te gebruik ten einde skadevergoeding in elke besondere geval te bepaal.[159]

---

daarop dat die kern van die probleem die verwarring is (a) om te onderskei tussen die vermoënsposisie waarin die benadeelde sou wees as dit nie vir die wanvoorstelling was nie en die posisie waarin hy sou wees indien die wanvoorstelling waar was; en (b) of die vermoënsnadeel en die berekening daarvan hoegenaamd skade daarstel.

150 321–322.

151 Die feit dat 'n kontrak gesluit is, kan nie geïgnoreer word nie: Van Aswegen 321. Hierdie standpunt word deur Van der Merwe ea 110–111 onderskryf.

152 Van Aswegen 322 wys verder daarop dat dit niks vreemd is dat die markwaarde van die hipotetiese prestasie (maw die prestasie wat die benadeelde sou gehad het indien die wanvoorstelling waar sou wees) met die markwaarde van die prestasie wat hy sou gelewer het as die wanvoorstelling nie gemaak is nie, ooreenstem.

153 Visser en Potgieter 354; Van Aswegen 323. Volgens Van der Walt "Die voordeeltoerekeningsreël – knooppunt van uiteenlopende teorieë oor die oogmerk met skadevergoeding" 1980 *THRHR* 5 21 is die voordeeltoerekeningsvraag nie bloot 'n rekenkundige vraag nie maar een wat veral behorenselemente bevat en wat deur geen kousaliteitsmaatstaf beantwoord kan word nie.

154 Sien De Vos 1964 *Acta Juridica* 26; Van der Merwe 1965 *THRHR* 173; Van der Merwe en Olivier 319–326.

155 Visser en Potgieter 354; Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 376.

156 Kahn 135; *Hunt v Van der Westhuizen* hierbo; Cameron 1982 *SALJ* 106.

157 251–252.

158 Soos wat die minderheidsuitspraak in *Ranger v Wykerd* hierbo en *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo voorstel. Kahn 251 onderskryf nie hierdie benaderingswyse nie omdat dit in stryd met vorige appèlhofbeslissings is. *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* hierbo (veral die minderheidsuitspraak) illustreer dat dit soms moeilik is om 'n onderskeid tussen 'n waarborg en wanvoorstelling te maak. Sien Woker en McLennan 1992 *SA Merc LJ* 376 wat lg probleem bevestig.

159 Hierdie uitgangspunt is op die meerderheidsuitspraak van *Ranger v Wykerd* hierbo gebaseer. Volgens Visser en Potgieter 354 vn 105 is hierdie benadering vatbaar vir kritiek omdat dit nie 'n antwoord gee op die vraag of die "swaaie-en-draaie-beginsel" van toepassing is nie.

Cameron stel voor dat skadevergoeding in die onderhawige geval na analogie van fisiese skade[160] met inagneming van alle gevolgskade bepaal moet word, wat sal verhinder dat die hof verkeerdelik beïnvloed word deur die toevalligheid dat 'n delik in kontraktuele verband gepleeg is.[161] Omdat hierdie benadering ook in geval van 'n nalatige wanvoorstelling billike gevolge sal hê, word dit deur Visser en Potgieter onderskryf.[162] Visser en Potgieter is van mening dat waar 'n bedrieglike of nalatige wanvoorstelling skade veroorsaak die algemene skadevergoedingsmaatstaf aangewend moet word, naamlik om die benadeelde in die vermoënsposisie te plaas waarin hy sou gewees het indien die wanvoorstelling nie gemaak is nie.[163] Verder beklemtoon die skrywers dat die bepaling van skadevergoeding in die onderhawige geval van die toepaslike feite afhang en dat die beginsels van aanspreeklikheidsbegrensing en bydraende skuld in ag geneem moet word.[164]

6 OPLOSSINGSMOONTLIKHEDE

Daar word eerstens na algemene beginsels gekyk wat as 'n primêre invalshoek by die bepaling van skade en kwantifisering van skadevergoeding (in geval van 'n skuldige wanvoorstelling) moet dien. Hierna word spesifieke oplossingsmoontlikhede onder die loep geneem waar die eisoorsaak onderskeidelik kontraktueel en deliktueel is.

6 1 Algemene beginsels

By die vasstelling van skade[165] en die berekening van skadevergoeding[166] in geval van 'n skuldige wanvoorstelling moet bestaande algemene beginsels nie

160 Welke analogie deur die meerderheidsuitspraak in *Ranger v Wykerd* hierbo gebruik is. Sien verder Erasmus en Gauntlett par 70.

161 Cameron 1982 *SALJ* 117–119 vat sy standpunt soos volg saam: "If this approach is followed, it will greatly assist the courts in acknowledging and accepting that any gain achieved by the aggrieved party through the contract, either initially or subsequently, is *res inter alios acta* and irrelevant to his claim for damages for material loss in fact resulting from the defendant's wrongdoing. It will thus, it is submitted, finally ensure that the delictual measure of damages for fraudulent (or negligent) misrepresentation will indeed yield fair and equitable results." Christie 360 en Van der Merwe ea 111 onderskryf hierdie benadering. Sien ook Van der Merwe en Olivier 326.

162 Visser en Potgieter 354 vn 105.

163 *Idem* 65 346. Myns insiens is hierdie skadevergoedingsmaatstaf slegs haalbaar indien die eisoorsaak deliktueel en buite kontraktuele verband is. Visser en Potgieter 214 347 bevestig dat waar die wanvoorstelling (bedrieglik of nalatig) tot kontraksluiting aanleiding gee, die volgende algemene beginsels van toepassing is: (a) Indien die kontrak gekanselleer word, moet die benadeelde in die vermoënsposisie geplaas word waarin hy voor kontraksluiting was; en (b) indien die kontrak in stand gehou word, moet daar onderskei word tussen (i) *dolus dans causam contractui* en (ii) *dolus incidens*. In geval van (i) moet die benadeelde in die vermoënsposisie geplaas word waarin hy sou gewees het indien geen kontrak gesluit is nie en in geval van (ii) moet die benadeelde in die vermoënsposisie geplaas word asof die hipotetiese kontrak inderdaad gesluit is. Waar die wanvoorstelling fisiese skade veroorsaak, is die toepaslike skadevergoedingsmaatstaf die vermindering in die markwaarde van die saak: Visser en Potgieter 339. Waar die wanvoorstelling liggaamlike beserings veroorsaak, kan algemene en besondere skadevergoeding (ooreenkomstig die algemene beginsels) geëis word: *idem* 368.

164 *Idem* 346.

165 Wat in geval van 'n wanvoorstelling uit die afname in die nuttigheid of kwaliteit van 'n vermoënsbelang weens 'n skadestigtende gebeurtenis bestaan.

oorboord gegooi word nie. Slegs vermoënskade[167] kan op grond van 'n skuldige wanvoorstelling geëis[168] word. As vertrekpunt moet daar eerstens (met inagneming van die beginsels oor die sameloop van aksies) bepaal word of die eisoorsaak deliktueel of kontraktueel is. Is die eisoorsaak deliktueel, moet deliktuele beginsels logieserwys geld. Eweneens moet kontraktuele beginsels toegepas word indien die eisoorsaak kontraktueel is. In beide voormelde gevalle moet aanspreeklikheidsbegrensing en die verdeling van skadevergoeding (waar nalatigheid ter sprake is) voorop gestel word. Verder moet die onderliggende filosofie billikheid wees en 'n benadering van hoe die misleide nóg beter vergoed kan word.

6 2 Kontraktuele eisoorsaak

Die eisoorsaak is kontraktueel indien die wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding vorm.

Nadat vasgestel is dat die wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding is, word die volgende werkswyse aan die hand gedoen:

(a) Bepaal of die kontrak gekanselleer of in stand gehou is aangesien die omvang van die skadevergoeding direk hierdeur beïnvloed word.

(b) Waar die wanvoorstelling tot kontraksluiting aanleiding gegee het en insgelyks ook deel van 'n kontraktuele beding vorm, moet daar spesifiek bepaal word of die skade deur die wanvoorstelling of kontrakbreuk veroorsaak is, in welke geval die sameloop van 'n deliktuele en kontraktuele skadevergoedingseis voor die hand liggend is.

(c) Toets of daar aan die vereistes vir kontraktuele skadevergoeding voldoen is.

(d) Identifiseer moontlike waardemaatstawwe wat as hulpmiddels by die kwantifisering van die skadevergoeding kan dien.

(e) Waar 'n koopkontrak ter sprake is, moet alle relevante koopregtelike beginsels geïsoleer en toegepas word.

Met inagneming van die resultate wat uit voormelde werkswyse voortvloei, moet die skadevergoeding vervolgens bereken word ooreenkomstig die gunstigste vermoënsregtelike posisie[169] (met insluiting van verspilde onkostes en verbeurde geleenthede[170]) waarin die misleide (hipoteties) sou gewees het indien die kontrak reëlmatig nagekom is. Hierdie hipotetiese vermoënsregtelike posisie moet bepaal word deur die kontrakbreuk te elimineer maar alle ander relevante, werklike en waarskynlike regsfeite te behou, om hierkragtens die vermoedelike kousale verloop uit te werk en só vas te stel hoe die misleide se finale en gunstigste vermoënsposisie sou ontwikkel het.

---

166 Wat 'n geldelike ekwivalent van die skade is met die doel om die benadeelde so volledig moontlik te vergoed.

167 Wat 'n verlies van 'n positiewe of die ontstaan van 'n negatiewe vermoënsbestanddeel verteenwoordig.

168 Welke eis ooreenkomstig die beginsels van die sommeskadeleer benader moet word.

169 Ongeag of die vergelykingsmaatstaf op positiewe of negatiewe interesse neerkom.

170 Mits hierdie verspilde onkostes en verbeurde geleenthede teen die bruto wins van die transaksie verreken word.

6 3 Deliktuele eisoorsaak

Die primêre beginsel wat as uitgangspunt in hierdie geval moet dien, is dat die misleide so goed moontlik in die hipotetiese vermoënsregtelike posisie geplaas moet word asof die wanvoorstelling nie gepleeg is nie. Indien 'n wanvoorstelling direk of indirek aan 'n kontrak gekoppel kan word,[171] maar met die voorbehoud dat die wanvoorstelling nie deel van 'n kontraktuele beding vorm nie, is hierdie hipotetiese posisie afhanklik van die regsfeit of *dolus (culpa) dans causam contactui* of *dolus (culpa) incidens* ter sprake is. By gebrek aan *facta probantia* van hoe die misleide in afwesigheid van die wanvoorstelling sou optree, kan die redelike man-toets aangewend word om te bepaal of *dolus (culpa) dans causam contractui* of *dolus (culpa) incidens* van toepassing is.

Indien *dolus (culpa) dans causam contractui* aanwesig is en die kontrak in stand gehou word, kan die volgende berekeningsmetodes, afhangende van die feite van elke besondere geval, aangewend word:

(a) Skadevergoeding is die vermoënsregtelike verskil tussen die *pretium* en die waarde van die *merx*.[172] Afhangende van die *facta probantia* kan die waarde van die *merx* bepaal word deur te verwys na die (i) werklike waarde; (ii) billike waarde; (iii) markwaarde; of (iv) die waarde wat die misleide in afwesigheid van die wanvoorstelling daarop sou geplaas het.

(b) Skadevergoeding is die vermoënsregtelike verskil van die misleide se boedelwaardes voor en na pleging van die wanvoorstelling, met dien verstande dat waar dit onprakties of onmoontlik is om die onderskeie boedelwaardes te bewys, die herstelkoste as skadevergoedingsmaatstaf aangewend kan word.[173]

(c) Skadevergoeding is die vermoënsregtelike verskil in die markwaarde van die *merx* tydens kontraksluiting en die hipotetiese markwaarde daarvan as gevolg van die wanvoorstelling.[174]

By *dolus (culpa) incidens* waar die kontrak in stand gehou word, kan die volgende berekeningsmetodes, afhangende van die feite van elke besondere geval, gebruik word:

(a) Skadevergoeding is die werklike vermoënsverlies, bereken ooreenkomstig die gegewe dat die wanvoorstelling die misleide oortuig het om meer te presteer[175] (of minder as teenprestasie te ontvang) as wat hy in afwesigheid van die wanvoorstelling sou gedoen het.[176]

---

171 Waar geen kontrak ter sprake is nie, word die algemene deliktuele beginsels toegepas en getuig die praktyk dat hierdie geval ongekompliseer is.

172 *Trotman v Edwick* hierbo; minderheidsuitspraak in *De Jager v Grunder* hierbo; *Heckroodt v Nurick* hierbo; *McInnes v White* hierbo; *Coomers Motor Spares (Pvt) Ltd v Albanis* hierbo; *Hunt v Van der Westhuizen* hierbo.

173 *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo.

174 *Mayes v Noordhof* hierbo.

175 Hierdie waarde kan volgens die normale bewysregreëls aangetoon word en waar dit onmoontlik (of onprakties) is, kan die markwaarde van die *merx* as basis aangewend word, met dien verstande dat waar die misleide beweer dat hy minder as die markwaarde sou betaal het, hy ook moet bewys dat die ander kontraksparty hierdie verminderde waarde sou aanvaar het: *De Jager v Grunder* hierbo; *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo.

176 *Bill Harvey's Investment Trust (Pty) Ltd v Oranjegezicht Citrus Estates (Pty) Ltd* hierbo; *Scheepers v Handley* hierbo; *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo; *Hunt v Van der Westhuizen* hierbo.

(b) Skadevergoeding is die herstelkoste wat na analogie van saakskade gekwantifiseer moet word maar met uitsluiting van gevolgskade.[177]

Indien die kontrak gekanselleer word, moet die misleide (ongeag of *dolus dans causam contractui* of *dolus incidens* ter sprake is) in die vermoënsregtelike posisie waarin hy voor kontraksluiting was, geplaas word.[178]

Waar die wanvoorstelling saakskade veroorsaak, is die skadevergoeding die waardevermindering van die *merx*. Indien die wanvoorstelling liggaamlike beserings tot gevolg het, is die benadeelde ooreenkomstig algemene skadevergoedingsregsbeginsels op algemene en besondere skadevergoeding geregtig.

Bogenoemde formules moet sonder die "draaie-en-swaaie-beginsel" aangewend word.[179] Die vraagstuk oor die gevalle waar die *merx* uit meerdere sake bestaan, of waar meerdere aspekte van die transaksie deur die wanvoorstelling geraak word, is 'n kousaliteitsprobleem by die bepaling van skade wat uit 'n oorsaaklikheidshoek (en nie by die kwantifisering van skadevergoeding nie) aangespreek moet word.[180]

My gevolgtrekking is dat indien bogenoemde riglyne gevolg word, die polemiek oor die berekening van skadevergoeding by opsetlike en nalatige wanvoorstelling iets van die verlede sal wees.

Ek het op die getuienis tot die slotsom gekom dat ek tevrede is dat daar vanweë die feitekompleks voor my nie net alleen 'n reg by my berus om die inheemse reg toe te pas nie, maar ook 'n verpligting, en dat ek tevrede is dat 'n beslissing van my kant dat die inheemse reg wat van toepassing is in die geval van die eiseres sover dit die onderhoudsplig van Percy betref, nie botsend is met die reëls van openbare beleid of met die beginsels van natuurlike geregtigheid nie (per Van Dyk R in *Thibela v Minister van Wet en Orde* 1995 3 SA 147 (T) 150).

177 *Ranger v Wykerd* hierbo.
178 *De Jager v Grunder* hierbo.
179 Met die uitsondering van die minderheidsuitspraak in *De Jager v Grunder* hierbo, is hierdie beginsel deurgaans in die positiewe reg verwerp.
180 *Colt Motors (Edms) Bpk v Kenny* hierbo.

Evaluation of security by means of claims: Problems and possible solutions

Section B: Possible solutions*

(continued)[1]

Susan Scott
BA LLD
Professor of Private Law, University of South Africa

1 SHORT TERM SOLUTION

1 1 Amendment of Insolvency Act 24 of 1936

Possibly the quickest short term solution to the problem of insolvency in the case of fiduciary security cessions would be for the South African Law Commission to recommend amendment of the Insolvency Act 24 of 1936. This amendment can follow the example of the type of protection afforded the credit grantor in section 84 of the Insolvency Act. This new section should have two legs: the one protecting the interests of the fiduciary security cedent and the other those of the fiduciary security cessionary. Provision should therefore be made for the fact that, although the fiduciary security cessionary becomes full holder of the right, the transfer is effected for a limited purpose only, namely for security reasons.

1 1 1 Fruition of fiduciary security cessions in South Africa

After amendment of the Insolvency Act as suggested above, the development of fiduciary security cessions can be left to practitioners, who will have to draft documents conveying their clients' intentions properly, and to judges who will have to interpret these documents in accordance with the declared intention of the parties. A process should then follow similar to the one which took place in Germany from the beginning of this century, although it already had its roots in the theory developed by the Pandectists of the nineteenth century.[2]

In *Hippo Quarries (Tvl) (Pty) Ltd v Eardley*[3] Nienaber JA took the first step in this direction in accepting the validity of fiduciary agreements in general.[4] Thus

---

* The financial assistance from the *Alexander von Humboldt-Stiftung* towards my research on the German law is hereby acknowledged.

1 See 1997 *THRHR* 179–201.

2 See Coing *Treuhand* (1973) 28 *et seq.*

3 1992 1 SA 867 (A). For a discussion of this case, see Scott 1992 *THRHR* 615.

4 877G: "Two separate agreements are involved, firstly, the obligationary agreement (in terms of which Hippo would cede the claim to the plaintiff and the plaintiff would account to Hippo) and, secondly, the cession proper." See further Scott "Algehele sekerheidsessies" 1988 *THRHR* 434 *et seq.*

this decision paved the way for the acceptance of fiduciary agreements as *causae* for cessions, including cessions for collecting purposes[5] as well as fiduciary security cessions. This approach is to be welcomed and one which Nienaber JA will, probably,[6] be prepared to uphold in the case of fiduciary security cessions as well. This trend was followed in *First National Bank of SA Ltd v Lynn*[7] where Joubert JA explicitly stated (for the first time to my knowledge) that a security agreement can be the *causa* of a cession.

Although these decisions are major steps in the direction of full recognition of fiduciary relationships in general, and fiduciary security cessions in particular, one of the main obstacles in the way of full recognition of such relationships in South African law will have to be addressed: the position of the parties on insolvency and attachment.

Amendment of the Insolvency Act 24 of 1936, as suggested above, will address only one problematical aspect of fiduciary security cessions in South African law, that is, the position on insolvency. It will nevertheless facilitate full recognition of fiduciary cessions. Implementation of fiduciary security cessions is, however, in itself a very complex issue. It relies on practitioners for the proper drafting of the documents and on judges for the interpretation of these documents, as well as ingenious application of the relevant legal principles. South African practitioners and judges are not familiar with this rather complicated and sometimes even affected way of reasoning and interpretation of legal principles. In Germany this process evolved over the last two centuries within a distinctive juridical frame of mind.[8]

In South Africa there are sufficient precedents[9] for the courts, once again,[10] to introduce fiduciary security cessions into our law. Despite the fact that the courts

---

5 In terms of a cession for collection purposes, the cedent transfers his/her claim to the cessionary outright, but only for collection purposes. The cessionary becomes holder of the right, but in practical reality, the cedent is entitled to the proceeds in terms of the fiduciary agreement between the cedent and the cessionary. Although doubt has been expressed whether South African courts will accept a cession for collection purposes, after the decision in *Skjelbreds Rederi A/S v Hartless (Pty) Ltd* 1982 2 SA 710 (A), I think such a cession is possible and the courts should give effect to it. It should, however, be borne in mind that if it is recognised, all the normal principles governing the law of cession should be adhered to and the cedent and the cessionary cannot rely on the agreement between them where the rights of third parties are affected.

6 In the light of his views on security cessions, see Nienaber "'n Regterlike perspektief" in Scott (ed) *Seminar: Sessie in securitatem debiti: Quo Vadis?* (1989) 169–170; Nienaber "Cession" 2 *LAWSA* (first reissue 1993).

7 1996 2 SA 339 (A) 346A: "Even an agreement to provide security by means of a cession in *securitatem debiti* is in itself adequate *justa causa* for the cession. See De Wet and Van Wyk *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 5th ed vol 1 at 420: 'As 'n *causa* noodsaaklik is vir die sessie, dan is die afspraak dat dit in *securitatem debiti* geskied, tog seker genoegsame *causa* daarvoor . . .'"

8 Even Serick *Neue Rechtsentwicklungen* 176–177 indicates that to understand this whole process one has to have an understanding of the German mentality and legal mind: "Sie wollen vor diesem Hintergrund zugleich die Praxis ansprechen und um Verständnis für deutsche Mentalität und Deutches Rechtsdenken werben."

9 *Lief v Dettman* 1964 2 SA 252 (A); *Trust Bank of Africa Ltd v Standard Bank of SA Ltd* 1968 3 SA 166 (A); *Illings (Acceptance) Co (Pty) Ltd v Ensor* 1982 1 SA 570 (A); *Marais v Ruskin* 1985 4 SA 659 (A); *Hippo Quarries (Tvl) (Pty) Ltd v Eardley* 1992 1 SA 855 (A); *Goudini Chrome (Pty) Ltd v MCC Contracts (Pty) Ltd* 1993 1 SA 77 (A).

10 It was first introduced to South African law in 1842 (*Sutherland v Elliott Bros* (1842) 2 M 349), then in 1908 (*Rothschild v Lowndes* 1908 TS 493) and again in 1964 (*Lief v Dettman* 1964 2 SA 252 (A)).

should not encounter serious difficulties in interpreting the Roman-law institutions of *fiducia cum amico*[11] and *fiducia cum creditore*,[12] as well as their development in the *ius commune*, and especially in Germany[13] to accommodate the needs of practice, one should not be overly optimistic. A brief evaluation of the development of fiduciary security cessions in Germany indicates that there are many problems that will have to be addressed and will require very imaginative and inventive interpretation of the general principles of the law of obligations.

1 1 2 Development of fiduciary security cessions in Germany

In developing fiduciary security cessions in Germany, both practitioners and the courts played a very important role. The practitioners drafted the cession documents in such a way that they accommodated the needs of their clients and the courts, with reference to existing legal principles, interpreted those documents imaginatively. The agreements involved in these security cessions are: the loan or credit agreement, the security agreement and the transfer agreement (cession).[14] These documents should be drafted in clear and unambiguous terms to convey the exact intention of the parties.

Although these agreements are mostly recorded in one document or deed, a clear distinction should be made between the loan or credit agreement, the security agreement, the fiduciary agreement and the cession. In terms of the loan or credit agreement, the amount and the terms of the loan are arranged. The security agreement determines the type of security. In it the cedent undertakes to provide security and this agreement is also the cause[15] for the cession. The fiduciary agreement (the *pactum fiduciae*) is normally included in the security agreement, but it can be a separate agreement or included in the transfer agreement (cession). For purposes of this discussion I shall assume that the fiduciary agreement is included in the security agreement. I do not agree with Joubert[16] and Van der Merwe[17] that the fiduciary agreement should be read into the cession or can be implied.[18] The fiduciary agreement not only determines the fiduciary nature of the relationship between the parties, but also regulates the obligationary relationship between them. The *Bürgerliches Gesetzbuch* makes no

11 Here the fiduciary cessionary acts in the interest of the cedent, and in German law it is termed *Verwaltungstreuhand* – see Serick *Sicherungsübertragung* Bd II § 19 I 1.

12 Here the fiduciary cessionary acts in his/her own interest, and in German law it is called *Sicherungstreuhand* – see Serick *Sicherungsübertragung* Bd II § 19 I 1.

13 For a full discussion of this whole development, see Coing *Treuhand*. See further Serick *Neue Rechtsentwicklungen* 47.

14 For a discussion of the different agreements which can be embodied in one so-called cession document, see Scott *Cession* 59–69.

15 Bülow *Kreditsicherheiten* §§ 810 943.

16 "Iets oor die 'pandgewing' van onliggaamlike goed" 1971 *THRHR* 82 83; *General principles of the law of contract* (1987) 198.

17 *Sakereg* (1989) 680.

18 See discussion of this in Scott *Cession* 249–251. Bülow *Kreditsicherheiten* § 823 seems to be in agreement with Van der Merwe and Joubert. He argues that the security objective determines the cessionary's position. Once the security objective has ceased, the cessionary is obliged to re-cede the claims. See § 817 for his views on the nature of the security agreement.

explicit provision for this type of agreement, but in terms of the freedom of contract principle, the parties are free to determine the terms of their agreement. The security agreement should include clauses stipulating the security objective of the cession, as well as describing the security object (the claims which are to be ceded).

A fiduciary security cession is an abstract legal act[19] which is not dependent on the validity of the preceding obligationary agreement (loan agreement). However, without a security agreement, which describes the type of security envisaged, the security object does not acquire a fiduciary nature (*Treugut*). It will therefore not be treated as such when it becomes necessary, for example, on insolvency or attachment.[20] This security objective[21] of the cession is therefore of the utmost importance since it determines the fiduciary nature of the cession. It also indicates that the cession is effected by virtue of performance (or as conditional payment), and not to discharge the debt.[22] In terms of the specificity principle, it is also absolutely necessary to describe the object of the security so that it is determined or determinable which goods are to be regarded as fiduciary security objects (*Treugut*).

Die eienaar van 'n saak beskik oor 'n aantal bevoegdhede ten aansien van sy saak. Volgens Van der Merwe[133] sluit hierdie bevoegdhede die genots-, gebruiks-, beskikkings-, vervreemdings- en besitsbevoegdheid ten aansien van die saak in, asook die bevoegdheid om enige inbreukmaking op die saak af te weer. Veral die gebruiks- en beskikkingsbevoegdhede is hier van besondere belang. Uit hoofde van hierdie bevoegdhede kan die eienaar van 'n saak, binne die grense wat van regsweë neergelê is, op so 'n wyse oor die saak beheer uitoefen dat geen ander persoon die saak of enige deel daarvan, sintuiglik kan waarneem en sodoende 'n voorstelling van die saak kan vorm en op hierdie wyse inligting oor die saak kan bekom nie. Die vraag is nou of die inligting betreffende die saak beskerming geniet uit hoofde van die feit dat dit betrekking het op die saak wat die objek van die eiendomsreg van die eienaar is. Myns insiens sal sodanige afleiding slegs gemaak kan word indien die reg aan die eienaar 'n remedie verleen in daardie gevalle waar 'n persoon, in stryd met die wil van die eienaar, inligting betreffende die saak verkry of openbaar en die beheer, soos hierbo uiteengesit, wat die eienaar regtens bevoeg is om oor inligting betreffende die saak uit te oefen, op só 'n wyse aangetas word.

In hierdie verband kan daar tussen drie moontlike gevalle onderskei word. Die eerste geval is waar die eienaar inligting betreffende die saak *absoluut geheim* wil hou. Die tweede geval is waar die eienaar die inligting slegs aan 'n begrensde aantal persone bekend maak en die inligting dus slegs *relatief geheim* wil hou,[134] terwyl die laaste geval betrekking het op die situasie waar die eienaar die inligting algemeen bekend wil maak en dus *nie geheim wil hou nie.* Elkeen van hierdie gevalle sal kortliks oorweeg word.

(a) *Waar die eienaar die wil tot absolute geheimhouding van die inligting openbaar* Daar is ongetwyfeld gevalle waar die eienaar van 'n saak 'n belang daarby het om inligting betreffende sy saak geheim te hou. Een sodanige geval is waar die saak uit die een of ander sekuriteitsmeganisme bestaan wat deur die eienaar aangewend word om eiendom teen diefstal te beveilig en inligting

132 Van der Merwe *Sakereg* (1989) 175.

133 *Idem* 173.

134 Soos waar die eienaar slegs persone wat toegangsgelde aan hom betaal, toelaat om die voorwerp waar te neem.

aangaande die saak voornemende diewe in staat kan stel om die sekuriteitstelsel te omseil en die besittings te steel. 'n Voorbeeld hiervan is waar die saak 'n brandkluis met 'n kombinasieslot is.

Ten aanvang moet daarop gewys word dat daar slegs van absolute geheimhouding van inligting betreffende 'n saak sprake kan wees indien die eienaar die enigste persoon is wat oor die betrokke inligting beskik. Sodra die betrokke inligting ook aan ander persone bekend is, kan die inligting nie meer vir sodanige persone geheim gehou word nie en sal die eienaar hoogstens sy bevoegdheid tot die relatiewe geheimhouding van die inligting ten aansien van sodanige persone kan uitoefen. In hierdie verband is dit egter ook nodig om daarop te wys dat dit moontlik is dat bepaalde inligting betreffende 'n saak aan ander persone bekend kan wees terwyl ander inligting betreffende die saak slegs aan die eienaar bekend is. In so 'n geval sal die eienaar uit die aard van die saak slegs sy bevoegdheid tot absolute geheimhouding kan uitoefen met betrekking tot daardie inligting wat nie aan ander bekend is nie.

Indien die eienaar wel die enigste persoon is wat oor die betrokke inligting beskik, kan hy, deur sy bevoegdhede ten aansien van die saak op die voormelde wyse uit te oefen, die inligting ten aansien van die saak absoluut geheim hou. Hierdie bevoegdheid wat voortspruit uit die eienaar se gebruiks- en beskikkingsbevoegdheid oor die saak, kan beskryf word as die bevoegdheid tot *absolute geheimhouding van inligting met betrekking tot die saak.*

Indien die eienaar van 'n saak hierdie bevoegdhede wel op hierdie wyse uitoefen, sal hy daardeur die wil openbaar om die inligting betreffende die saak geheim te hou. Indien 'n persoon in so 'n geval stappe sou doen om die inligting in stryd met die wil van die eienaar te bekom, en daarin slaag, sal sodanige optrede neerkom op 'n feitelike inwerking op die gemelde bevoegdhede van die eienaar ten aansien van die saak. Sodanige optrede sal dus *prima facie* onregmatig wees. Die vraag of die eienaar in so 'n geval enige privaatregtelike remedie teen die inbreukmaker sal hê, sal egter daarvan afhang of die gedrag van die inbreukmaker ook in stryd met die *boni mores* is.[135] Indien die optrede inderdaad as sodanig aangemerk kan word en die eienaar as gevolg hiervan skade ly, ontstaan die vraag of die eienaar die skade van die inbreukmaker sal kan verhaal.

Die aangewese aksie in gevalle van hierdie aard is die *actio legis Aquiliae*. Alhoewel aanvanklik gemeen is dat hierdie aksie slegs beskikbaar is waar daar 'n sigbare en fisiese inwerking op 'n saak plaasgevind het, word dit tans redelik algemeen aanvaar dat die stadium van ontwikkeling in ons reg nou bereik is waar die aksie ook beskikbaar sal wees selfs waar die inwerking op die saak nie sigbaar en fisies van aard was nie.[136] Alhoewel 'n persoon wat op 'n onregmatige

135 Vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) (hierna Neethling *et al*) 51–52, waar duidelik uitgespel word dat nie elke feitelike aantasting van 'n persoon se subjektiewe reg as onregmatig aangemerk kan word nie.

136 Vgl in die algemeen Neethling *et al* 9–13 286 ev. Soos hierdie skrywers aantoon, skyn die stadium van ontwikkeling in ons reg nou bereik te wees waar daar nie meer as streng verciste gestel word dat daar 'n sigbare en fisiese inwerking op die saak moet plaasvind, alvorens die betrokke aksie verleen sal word nie (vgl ook *Cape of Good Hope Bank v Fischer* (1886) 4 SC 368 376; *Perlman v Zoutendyk* 1934 CPD 151 155; *Greenfields Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 901 (N); *Shell and BP South African Petroleum Refineries (Pty) Ltd v Osborne Panama SA* 1980 3 SA 653 (D); en veral *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A)).

wyse daarin slaag om toegang tot 'n saak te verkry met die oog daarop om bepaalde inligting betreffende die saak te bekom, in die proses op 'n sigbare en fisiese wyse op die saak kan inwerk (soos om die verskillende samestellende dele van die saak uitmekaar te breek), is dit goed denkbaar dat so 'n persoon dit ook sal kan doen sonder om op 'n sigbare en fisiese wyse op die saak in te werk (deur byvoorbeeld die saak self bloot noukeurig te beskou, of, in die geval van die brandkluis, met 'n stetoskoop te luister terwyl hy die slotmeganisme draai en op so 'n wyse vasstel wat die kombinasie van die slot is). In die lig van die ontwikkelinge in ons reg waarna hierbo verwys is, wil dit voorkom of daar in beginsel geen rede is waarom die *actio legis Aquiliae* nie in beide die voormelde gevalle tot beskikking van die eienaar sal wees nie, mits die optrede van die dader in elkeen van die gevalle as onregmatig en skuldig aangemerk kan word en die eienaar as gevolg daarvan vermoënsverlies sou ly. Indien die eienaar in die voorbeeld van die kluis byvoorbeeld verplig sou wees om deskundiges te ontbied ten einde die kombinasie van die slot te verander, is daar dus geen rede waarom die eienaar nie die vermoënskade wat hy in die proses gely het van die inbreukmaker sal kan verhaal nie. Daar kan immers weinig twyfel wees dat die waarde van die saak verminder is deurdat die dader op 'n onregmatige en skuldige wyse van die kombinasie van die slot kennis geneem het. Die enigste wyse waarop die eienaar die waarde van sy saak kan herstel soos dit was voordat die dader van die kombinasie kennis geneem het, sou derhalwe wees deur die kombinasie van die slot te laat verander. In die voorbeelde hierbo behoort die eienaar dus enige vermoënsverlies wat hy gely het vanweë die kennisname van die inligting deur die inbreukmaker, met die *actio legis Aquiliae* van laasgenoemde te kan verhaal.

Indien die dader tydens die insameling van die inligting op enige persoonlikheidsgoedere van die eienaar inbreuk sou maak, kan die eienaar genoegdoening van die dader met die *actio iniuriarum* eis, mits natuurlik aan die vereistes van hierdie aksie voldoen is. So 'n situasie sou byvoorbeeld ontstaan indien die indringingshandeling van die dader ook die eienaar se privaatheid of sy liggaamlike integriteit geskend het. 'n Eienaar wat weens sodanige inbreukmaking op sy persoonlikheidsgoedere ook vermoënskade ly, behoort vergoeding deur middel van die *actio legis Aquiliae* van die dader te kan verhaal.

Die blote feit dat die dader daarin slaag om die inligting ten aansien van die saak teen die wil van die eienaar te bekom, kan natuurlik ook 'n emosionele skok by die eienaar veroorsaak, in welke geval die eienaar deur middel van die aksie weens pyn en lyding kompensasie van die dader kan verhaal, terwyl hy vergoeding weens enige vermoënskade wat hy as gevolg van die skok gely het, weer eens met die *actio legis Aquiliae* sal kan verhaal.[137]

Dit is goed denkbaar dat die stappe wat die dader doen om inligting betreffende die saak te bekom, ook op ander regsbelange van die eienaar inbreuk kan

137 Vgl Neethling *et al* 256–269. In *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A) is finaal beslis dat hierdie aksie tot beskikking van 'n persoon is selfs al het die persoon geen fisiese besering in die proses opgedoen nie. Vgl voorts *Masiba v Constantia Insurance Co Ltd* 1982 4 SA 333 (K) waar hierdie aksie erken is nadat die eienaar van 'n motor op 'n afstand gesien het hoe iemand met sy motor bots en die eienaar as gevolg hiervan 'n beroerte-aanval gekry en gesterf het. Volgens hierdie beslissing kan 'n eis weens emosionele skok dus voortspruit uit vrees by 'n persoon vir die veiligheid van sy eiendom (vgl Neethling *et al* 283 ev).

maak. 'n Persoon wat 'n nalatige of bedrieglike wanvoorstelling aan die eienaar maak en die eienaar daardeur beweeg om aan hom inligting betreffende die saak te verskaf of aan hom toegang tot die saak te verleen, sal byvoorbeeld op die vermoënsbelange van die eienaar inbreuk maak. Indien Neethling[138] se standpunt oor die moontlike bestaan van 'n regsplig wat die dader verplig om in daardie omstandighede korrekte inligting aan die eienaar te verskaf, aanvaar sou word, sou daar moontlik geredeneer kan word dat die dader 'n regsplig gehad het om korrekte inligting aan die eienaar oor te dra.

Indien die dader inligting betreffende die saak wat hy op 'n onregmatige en skuldige wyse verkry het, aan derdes sou openbaar, is die vraag of die eienaar op grond hiervan teen die dader sal kan optree. Hier moet onmiddellik daarop gewys word dat die blote feit dat 'n persoon die saak van 'n ander sonder sy toestemming sintuiglik waargeneem het, nie sonder meer beteken dat hy die inligting wat hy op hierdie wyse bekom het, nooit aan derdes mag openbaar nie. Neethling is van mening dat die openbaarmaking van private feite wat op 'n onregmatige en skuldige wyse verkry is, in beginsel sonder meer onregmatig sal wees. Daar moet saamgestem word dat dit inderdaad normaalweg die geval sou wees. Dit is egter goed denkbaar dat daar gevalle kan voorkom waar sodanige openbaarmaking nie onregmatig sal wees nie, soos waar die persoon deur 'n ander onder dwang geplaas word om hierdie feite te openbaar en sy openbaarmaking binne die grense van die regverdigingsgrond noodtoestand val, of waar die persoon na aanleiding van 'n verpligting om getuienis te lewer, die inligting tydens 'n hofsaak sou openbaar.[139] By die oorweging van die vraag of die eienaar weens die openbaarmaking van inligting betreffende sy saak, wat op 'n onregmatige en skuldige wyse verkry is, enige remedie sal hê, sal die openbaarmakingshandeling en die omstandighede waarin dit plaasgevind het dus self oorweeg moet word. Slegs indien hierdie openbaarmakingshandeling op 'n onregmatige en skuldige wyse plaasgevind het en vir die eienaar van die saak vermoënskade of persoonlikheidsnadeel veroorsaak het, sal die eienaar teen die dader kan optree. In geval van persoonlikheidsnadeel behoort die eienaar met die *actio iniuriarum* teen die dader te kan optree, terwyl die eienaar enige vergoeding weens vermoënskade wat hy weens sodanige openbaarmaking gely het, met die *actio legis Aquiliae* behoort te kan verhaal, mits aan al die vereistes van hierdie aksies voldoen is.

Indien die dader in die voorbeeld hierbo inligting betreffende die saak aan derdes sou openbaar en hierdie openbaring die derdes byvoorbeeld in staat sou stel om die eienaar se sekerheidsmaatreëls te omseil en besittings van die eienaar te steel, behoort die eienaar met die *actio legis Aquiliae* teen die persoon wat die inligting openbaar het, te kan optree en skadevergoeding weens die vermoënskade wat hy as gevolg van die diefstal gely het, van hom te kan verhaal.

Tot dusver is slegs aandag geskenk aan daardie gevalle waar die eienaar die enigste persoon is wat oor die inligting betreffende die saak beskik en die inligting bekom of verkry is deurdat die dader die saak self sonder die toestemming

---

138 Neethling *et al* 295. Vgl ook *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A) 832–833.

139 Sien Neethling *Persoonlikheidsreg* 232; vgl nietemin Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 248 vn 78 272 vn 220; *Financial Mail (Pty) Ltd v Sage Holdings Ltd* 1993 2 SA 451 (A) 462–465.

van die eienaar waargeneem het. Dit is egter nodig om daarop te wys dat indien ander persone oor inligting betreffende die saak beskik, soos 'n voormalige eienaar wat onder geen regsverpligting teenoor die eienaar staan om die inligting geheim te hou nie, die eienaar geen remedie teenoor 'n persoon sal hê wat die inligting, selfs teen die wil van die eienaar, van sodanige ander persoon bekom nie. Voorts sal 'n persoon wat dit in sodanige omstandighede van die ander verkry het, onder geen verpligting teenoor die eienaar staan om die inligting nie aan ander persone bekend te maak nie, tensy die omstandighede waarin hy die inligting openbaar van so 'n aard is dat die openbaarmaking in stryd met die *boni mores* is en derhalwe as onregmatig aangemerk kan word en hy bewus was, of redelikerwys moes voorsien het, dat sy gedrag op die een of ander regsbeskermde belang van die huidige eienaar inbreuk sal maak. By oorweging van die vraag of die openbaarmaking wel aan die voorgaande vereistes voldoen het, sal die aard van die inligting waarskynlik 'n belangrike rol speel.

Daar bestaan natuurlik geen rede waarom die eienaar nie met die ander persone, wat reeds oor inligting betreffende die saak beskik, ooreen kan kom dat hulle dit nie aan derdes sal openbaar nie. In so 'n geval sal die eienaar 'n vorderingsreg verkry en sal hy uit hoofde daarvan kan optree indien 'n persoon teenoor wie hy sodanige vorderingsreg het, inligting in stryd daarmee sou openbaar; die inligting sal egter beskerming geniet, nie vanweë die enge verbondenheid daarvan met die saak nie, maar vanweë die enge verbondenheid daarvan met die prestasie waarop die eienaar uit hoofde van die vorderingsreg 'n aanspraak het.

(b) *Waar die eienaar slegs die wil tot relatiewe geheimhouding van die inligting openbaar* Die eienaar van 'n saak kan natuurlik 'n belang daarby hê om inligting betreffende sy saak op 'n selektiewe wyse aan sekere persone te openbaar. Dit sal byvoorbeeld die geval wees waar die eienaar die saak ten toon stel en slegs persone wat 'n bepaalde toegangsgeld betaal, toelaat om die saak sintuiglik waar te neem en selfs moontlik te ondersoek ten einde op daardie wyse inligting aangaande die saak te bekom, terwyl hy terselfdertyd maatreëls tref om te verhoed dat persone wat nie sodanige toegangsgeld betaal het nie, toegang tot die saak verkry. Eweneens kan die eienaar toelaat dat *sekere* inligting betreffende die saak algemeen bekend word. Optrede van hierdie aard kan, vir doeleindes van hierdie bespreking, beskryf word as die *relatiewe of selektiewe geheimhouding van inligting met betrekking tot die saak.*

Indien persone op onregmatige en skuldige wyse toegang tot die saak verkry ten spyte van die maatreëls wat die eienaar getref het om dit te verhoed, sal die eienaar uiteraard teenoor hulle kan optree op presies dieselfde wyse as waar die toegang verkry is terwyl die eienaar sy bevoegdheid uitgeoefen het om niemand toe te laat om toegang tot die saak te verkry nie. In sodanige gevalle behoort die eienaar ook met die *actio legis Aquiliae* te slaag en behoort hy minstens die toegangsgeld wat die persone veronderstel was om te betaal ten einde toegang tot die saak te verkry, van hulle te kan verhaal. Sou sodanige persone die inligting wat hulle op hierdie wyse bekom het, aan derdes openbaar, sal die situasie soos in die eerste geval geskets *mutatis mutandis* van toepassing wees.

Die vraag ontstaan nou of die eienaar, bloot uit hoofde van sy eiendomsreg oor die saak, persone wat die saak of voorstellings daarvan met sy toestemming waargeneem het, kan verbied om die inligting wat hulle op hierdie wyse bekom het, aan ander oor te dra.

In hierdie verband is dit natuurlik belangrik om te onderskei tussen inligting betreffende die saak self en inligting betreffende die verhouding tussen die eienaar en die saak. Veral in geval van regte ten aansien van liggaamlike sake (saaklike regte) moet 'n mens deurentyd die belang van die publisiteitsbeginsel in gedagte hou. Kragtens hierdie beginsel moet die sakeregtelike verhouding tussen 'n regsubjek en 'n saak sover moontlik bekend, publiek of uiterlik waarneembaar wees en behoort buitestanders van uiterlik waarneembare gegewens te kan aflei watter saaklike regte ten aansien van 'n saak bestaan en op watter tydstip 'n saaklike reg van een regsubjek op 'n ander oorgaan.[140] In wese het hierdie beginsel dus die bevordering van regsekerheid ten doel. Daar bestaan weinig twyfel dat 'n hof hierdie beginsel in aanmerking sal neem by die beoordeling van die regmatigheid al dan nie van die openbaarmaking van inligting betreffende die feit dat 'n bepaalde persoon die eienaar van 'n sekere saak is, hetsy so 'n persoon die inligting op onregmatige en skuldige wyse of op volkome geoorloofde wyse bekom het. Ingevolge die publisiteitsbeginsel is dit immers wenslik dat die feit dat 'n bepaalde persoon die eienaar van 'n sekere saak is, so wyd moontlik bekend moet wees. Indien die openbaring van die feit van die eienaar se eienaarskap oor die saak 'n ander belang van die eienaar, soos sy reg op privaatheid, sou aantas, sal 'n hof wat 'n eis vir genoegdoening of 'n skadevergoedingsaksie voortspruitend uit die openbaarmaking van hierdie feit oorweeg, uiteraard die belang van regsekerheid, wat deur die openbaarmaking gedien is, teen die belang van die eienaar wat deur die openbaarmaking aangetas is, afweeg. Na die afweging van die belange sal die hof slegs die skadevergoedingsaksie of die eis vir genoegdoening toestaan indien dit sou blyk dat die belang wat deur die openbaarmaking aangetas is, in die besondere omstandighede van die saak groter gewig dra as die belang wat deur die openbaarmaking gedien is.

Sover dit inligting rakende die saak self betref, skyn die posisie na my mening soortgelyk te wees. Myns insiens is die blote bestaan van eiendomsreg oor 'n saak nie voldoende grond vir 'n eienaar om van ander persone wat inligting betreffende die saak met sy goedkeuring verkry het, te verwag om die inligting geheim te hou nie.

Indien egter ook ander belange van die eienaar, benewens sy eiendomsreg oor die saak, aangetas sal word indien die persone die inligting betreffende die saak self aan ander sou oordra, kan die prentjie anders daar uitsien. Sodanige gevalle kan voorkom waar die oordra van die inligting byvoorbeeld die eienaar se reg op privaatheid sou aantas. 'n Eis vir genoegdoening of 'n skadevergoedingsaksie weens die openbaarmaking van inligting betreffende die saak self, sal egter waarskynlik meer geredelik toegestaan word as 'n eis wat gebaseer is op die openbaarmaking van die feit dat die betrokke persoon die eienaar van die saak is. Die belang van regsekerheid wat uit die publisiteitsfunksie voortspruit, sal immers in eersgenoemde gevalle nie 'n rol speel nie. In elkeen van die voornoemde gevalle sal enige beskerming van die inligting egter toe te skryf wees aan die noue verbondenheid daarvan met hierdie ander belang, en nie weens die verbondenheid daarvan met die saak self nie, tensy die openbaarmaking natuurlik aanleiding daartoe gee dat die saak self of die eienaar se belang in die saak aangetas sou word.

---

140 Van der Merwe 13–14.

Die eienaar kan natuurlik ook met die persone wat hy toelaat om die saak waar te neem, ooreenkom dat hulle geen inligting betreffende die saak aan derdes sal openbaar nie. In so 'n geval sal die eienaar 'n vorderingsreg verkry en sal hy teen enige van die persone kan optree indien hulle die ooreenkoms nie sou nakom nie. Enige beskerming wat die inligting uit hoofde van so 'n ooreenkoms sou geniet, sal egter toe te skryf wees aan die enge verbondenheid van die inligting met die prestasie waarop die eienaar uit hoofde van die ooreenkoms geregtig is, en nie aan die verbondenheid van die inligting met die saak self nie. Dieselfde geld gevalle waar die eienaar die persone wat die saak met sy toestemming waarneem, verbied om byvoorbeeld foto's van die saak te neem of sketse daarvan te maak. Indien die eienaar die toestemming aan persone om die saak waar te neem, onderworpe maak aan die voorwaarde dat daar nie foto's van die saak geneem of sketse van die saak gemaak word nie, sal die eienaar, indien die persone hulle daartoe verbind het om die neergelegde voorwaardes na te kom, 'n vorderingsreg verkry en die persone kan verbied om foto's te neem of sketse van die saak te maak. Indien die eienaar skade sou ly weens die feit dat so 'n persoon nie die ooreenkoms nakom nie, sal die eienaar uit hoofde van hierdie vorderingsreg teen die persoon kan optree.

In die geval waar ander persone oor inligting betreffende die saak beskik het nog voordat die eienaar eiendomsreg oor die saak verkry het, soos die vorige eienaar van die saak, kom daar natuurlik ook ander oorwegings, benewens die eiendomsreg van die eienaar, ter sprake. In sodanige gevalle sal die persoon wat oor hierdie inligting aangaande die saak beskik, kwalik bloot weens die totstandkoming van die verhouding tussen die (huidige) eienaar en die saak, verbied kan word om die inligting bekend te maak. Wanneer 'n persoon sy eiendomsreg ten aansien van 'n saak aan 'n ander oordra, kan daar immers nie gesê word dat die voormalige eienaar, bloot deur die eiendomsreg ten aansien van die saak oor te dra, afstand gedoen het van sy bevoegdheid om inligting betreffende die saak waaroor hy reeds beskik aan ander persone oor te dra nie. Dieselfde geld natuurlik enige ander persoon wat reeds oor sodanige inligting beskik het voordat die huidige eienaar die eiendomsreg oor die saak verkry het. Indien hierdie inligting egter van so aard is dat die openbaarmaking daarvan die waarde van die saak vir die (nuwe) eienaar wesenlik verminder, kan die posisie natuurlik anders daar uitsien. Die kluisvervaardiger wat die kombinasie van 'n kluis se slot sonder meer aan ander persone as die persoon aan wie die kluis verkoop is, openbaar, sal ongetwyfeld nie kan redeneer dat daar nie 'n regsplig op hom gerus het om nie die kombinasie te openbaar nie. Hierbenewens kan die openbaarmaking van die inligting, afhangende van die omstandighede, ook op ander regsbelange as die eiendomsreg van die nuwe eienaar oor die saak (soos sy reg op privaatheid of sy reg op 'n handelsgeheim) inbreuk maak. Soos hierbo aangetoon, sal die inligting in sodanige gevalle wel beskerming geniet.

Die eienaar van die saak kan voorts met persone wat oor inligting betreffende die saak beskik maar onder geen regsverpligting staan om die inligting van ander te weerhou nie, ooreenkom dat hulle die inligting nie aan derdes sal openbaar nie. Sodanige ooreenkoms sal egter, soos hierbo aangetoon, slegs vorderingsregte in die lewe roep en enige nie-nakoming van die ooreenkoms sal aanleiding kan gee tot aksies weens kontrakbreuk. In sodanige gevalle sal die inligting beskerming geniet vanweë die onlosmaaklike verbondenheid daarvan met die prestasie as die regsobjek van die vorderingsreg, en *nie* vanweë enige verbondenheid daarvan met die saak self nie.

(c) *Waar die eienaar die inligting betreffende die saak algemeen bekend wil stel* Die eienaar van 'n saak kan ook belang daarby hê om inligting betreffende die saak aan ander te openbaar. Sodanige gevalle kan byvoorbeeld voorkom waar die eienaar die saak graag van die hand wil sit en inligting betreffende die saak so wyd moontlik bekend wil maak sodat hy op hierdie wyse die beste prys vir die saak kan beding.

Inherent tot die voorgaande bevoegdhede van die eienaar ten aansien van die geheimhouding van inligting betreffende die saak, is natuurlik ook die bevoegdheid van die eienaar om te besluit om die saak as 't ware aan almal ten toon te stel en almal dus toe te laat om na willekeur inligting betreffende die saak te bekom. Hierdie bevoegdheid kan, vir doeleindes van hierdie bespreking, beskryf word as die bevoegdheid tot die *algemene openbaarmaking van inligting met betrekking tot die saak*.

Indien 'n persoon stappe sou doen om die eienaar van 'n saak te verhoed om die saak, of inligting betreffende die saak, op so 'n wyse ten toon te stel of bekend te maak dat enige persoon die saak vryelik kan waarneem of inligting betreffende die saak kan bekom, sal die antwoord op die vraag of die eienaar enige remedie teen die inbreukmaker het, afhang van die wyse waarop die inbreukmaker te werk gegaan het om die eienaar te verhoed om sy regte uit te oefen en of die betrokke werkswyse as onregmatig en skuldig aangemerk kan word. Indien die inbreukmaking wel onregmatig en skuldig geskied, sal dit na alle waarskynlikheid terselfdertyd ook op ander belange van die eienaar inbreuk maak, met die gevolg dat daar in elk geval teen die inbreukmaker opgetree sal kan word weens die aantasting van hierdie ander belange van die eienaar. Belange wat hier ter sprake kan kom, sluit in persoonlikheidsregte van die eienaar (soos sy reg op fisies-psigiese integriteit, waar die inbreukmaker die eienaar fisies verhoed om die saak ten toon te stel of inligting betreffende die saak bekend te maak)[141] of 'n vorderingsreg wat die eienaar teenoor die dader self of teenoor 'n derde het (waar die dader byvoorbeeld versuim om volgens sy ooreenkoms die inligting in sy nuusblad bekend te maak of as buitestander inbreuk maak op die vorderingsreg wat die eienaar in hierdie verband teenoor 'n nuusblad kan hê). In sulke gevalle sou die eienaar ook die vergoeding weens gevolgskade voortspruitend uit sodanige inbreukmaking van die dader kon verhaal, en sal die inbreukmaking op die bevoegdheid van die eienaar om die saak so ten toon te stel dat enigeen die saak vryelik kan waarneem, waarskynlik nie eers ter sprake kom nie. In der waarheid is dit kwalik denkbaar dat 'n persoon ooit die eienaar se belang in die openbaarmaking van die inligting sal kan aantas sonder dat die inbreukmaker terselfdertyd ook 'n ander belang van die eienaar aantas.

Alhoewel die voorgaande bespreking slegs op eiendomsreg as saaklike reg betrekking gehad het, bestaan daar geen rede waarom dit nie ook in geval van ander saaklike regte kan geld nie. In geval van ander saaklike regte sal dit natuurlik afhang van die omvang van die bevoegdhede waaroor die reghebbende beskik of hy die bevoegdheid sal hê om inligting betreffende die saak van ander te weerhou of aan hulle te openbaar. Indien die reghebbende inderdaad oor hierdie bevoegdheid beskik en dit ook uitoefen, bestaan daar geen rede waarom die reghebbende nie staat kan maak op dieselfde beskerming ten aansien van die

141 Sien Joubert (1953) 142; *Sievers v Bonthuys* 1911 EDL 525 531–532; sien verder Neethling *Persoonlikheidsreg* 109; *Neethling's Law of personality* 122.

inligting as waarop die eienaar sou kon staatmaak nie. Trouens, die reghebbende mag selfs uit hoofde van sy ooreenkoms met die eienaar of van regsweë die bevoegdheid verkry om inligting betreffende die saak waaroor die saaklike reg strek, van die eienaar self te weerhou.

Samevatting

Uit die voorgaande kan die volgende afleidings rakende die beskerming van inligting betreffende liggaamlike sake in die privaatreg gemaak word:

(a) Die eienaar van 'n liggaamlike saak beskik, uit hoofde van sy eiendomsreg op die saak, oor die bevoegdheid om op sodanige wyse beheer oor die saak uit te oefen dat inligting betreffende die saak van ander weerhou word.

(b) Indien die eienaar inderdaad sodanige beheer oor die saak uitoefen, sal enige handeling waardeur 'n persoon in stryd met die wil van die eienaar kennis verkry van inligting betreffende die saak, op die eienaar se eiendomsreg ten aansien van die saak inbreuk maak. Indien sodanige inbreukmaking terselfdertyd ook met skuld aan die kant van die inbreukmaker gepaard gaan, wil dit voorkom of die eienaar vergoeding vir enige vermoënskade wat hy as gevolg van die inbreukmaking ly, met behulp van die *actio legis Aquiliae* van die inbreukmaker sal kan verhaal, ongeag of sodanige inbreukmaking met enige fisiese inwerking op die saak self gepaard gegaan het al dan nie. Die bevoegdheid van 'n persoon om beheer uit te oefen oor inligting betreffende 'n saak waarvan hy die eienaar is, geniet derhalwe reeds beskerming in die Suid-Afrikaanse privaatreg.

(c) Die beskerming wat in hierdie verband van regsweë verleen word, strek nie so ver dat persone wat die inligting op 'n regmatige wyse bekom, bloot op grond van die eienaar se eiendomsreg ten aansien van die saak onder enige verpligting sal staan om die inligting geheim te hou nie, behalwe waar die inligting van so 'n aard is dat die openbaarmaking daarvan as 'n wesenlike inbreukmaking op die eiendomsreg van die eienaar beskou kan word (soos waar die kluisvervaardiger die kombinasie van die slot van 'n kluis wat aan een persoon verkoop is, aan 'n ander persoon bekend sou maak). Voorts is dit goed denkbaar dat die openbaarmaking van die inligting deur sodanige persone op ander regsbelange van die eienaar, soos sy reg op privaatheid of vorderingsregte wat hy kan hê, kan inbreuk maak. In sodanige gevalle sal die inligting uit hoofde van die enge verbondenheid daarvan met hierdie ander belange van die eienaar, steeds van regsweë beskerming geniet.

(d) Dit is 'n absolute voorvereiste vir die beskerming van inligting betreffende 'n saak dat die eienaar van die saak die wil openbaar om die inligting te beskerm. Indien 'n eienaar sy eiendomsreg ten aansien van sy saak op só 'n wyse uitoefen dat 'n onbegrensde aantal persone na willekeur kennis kan neem van inligting betreffende die saak, word aanvaar dat die eienaar, minstens gedurende die tydperk wat hy sy eiendomsreg op hierdie wyse uitoefen, afstand gedoen het van sy bevoegdheid om beheer oor die inligting uit te oefen en derhalwe uit eie vrye wil sy eiendomsreg in dié mate ingeperk het. In so 'n geval bestaan daar klaarblyklik ook geen behoefte aan die beskerming van die inligting van regsweë nie en sal die reg dienooreenkomstig ook geen beskerming daaraan verleen nie.

(e) 'n Eienaar kan sy bevoegdheid om inligting betreffende sy saak van ander te weerhou op so 'n wyse uitoefen dat hy toelaat dat sekere inligting oor die saak algemeen bekend word, terwyl hy stappe doen om te voorkom dat ander inligting betreffende die saak ook algemeen bekend word. Insgelyks kan die eienaar

slegs 'n sekere begrensde groep persone toelaat om inligting aangaande die saak te bekom en stappe doen om te verhinder dat ander persone ook toegang daartoe verkry. In albei hierdie gevalle sal die optrede van die eienaar neerkom op die gedeeltelike afstanddoening van sy bevoegdheid om die inligting van ander te weerhou, en sal enige optrede om inligting aangaande die saak in stryd hiermee te bekom, steeds as inbreukmakende gedrag aangemerk kan word. Die eienaar behoort in dieselfde omstandighede as wat in (b) hierbo uiteengesit is, vergoeding vir enige vermoënskade wat hy as gevolg van die inbreukmakende handeling gely het, van die inbreukmaker te kan verhaal.

(f) Uit die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat inligting betreffende 'n liggaamlike saak inderdaad in sekere omstandighede beskerming geniet uit hoofde van die enge verbondenheid daarvan met die saak wat die objek van die saaklike reg is. Eweneens kan afgelei word dat inligting betreffende 'n saak soms beskerming geniet vanweë die enge verbondenheid daarvan met ander regsbelange as die eiendomsreg oor die saak.

2 2 Persoonlikheidsgoed

Volgens Neethling[142] is die fisiese integriteit, liggaamlike vryheid, identiteit, goeie naam, eer, gevoelslewe en privaatheid van 'n persoon persoonlikheidsgoedere wat volgens die huidige stand van ons reg as regsobjekte kwalifiseer. Elke mens beskik oor subjektiewe regte ten aansien van elkeen van hierdie persoonlikheidsgoedere. Die vraag is nou of daar inligting is wat so eng verbonde is aan enige van die gemelde persoonlikheidsgoedere dat die beskerming van die betrokke persoonlikheidsgoed in elke geval vereis dat die betrokke inligting self ook beskerm word.

2 2 1 Die reg op fisiese integriteit

Volgens Neethling[143] het die fisiese integriteit twee sye, naamlik die liggaam self en die liggaamlike vryheid.[144] Die liggaam self verwys weer, volgens hom, na beide die fisiese en die psigiese elemente waaruit dit saamgestel is.

Die feit dat die liggaam van 'n persoon uit materie bestaan, hou die belangrike implikasie in dat die liggaam, net soos 'n liggaamlike saak, ook sintuiglik waarneembaar is. Eerstens impliseer dit dat die liggaam van 'n persoon as bron van inligting betreffende die liggaam self dien, en tweedens dat inligting betreffende die liggaam van 'n persoon bekom kan word deur bloot die persoon se liggaam self sintuiglik waar te neem en die een of ander voorstelling daarvan te vorm. Soos in geval van liggaamlike sake bestaan daar natuurlik ook 'n eng verband tussen die liggaam en die inligting wat verkry is deur die sintuiglike waarneming daarvan omdat die inligting op die liggaam betrekking het. Die vraag ontstaan nou of hierdie inligting só eng verbonde is aan die liggaam dat

142 *Persoonlikheidsreg* 26 ev.

143 *Idem* 27 ev.

144 *Idem* 39. Neethling is die mening toegedaan dat die liggaamlike vryheid as selfstandige regsgoed behoort te geld en vind steun vir sy standpunt by De Wet en Swanepoel 238. Vir die huidige wil dit egter voorkom of die liggaamlike vryheid nog as deel van die fisiese integriteit gesien word en word dit deur Neethling dienooreenkomstig ingedeel. Sien ook Joubert (1953) 137 wat eweneens meen dat dit as deel van die fisiese integriteit beskou moet word.

die beskerming van die liggaam vereis dat beskerming aan die inligting self ook verleen word.

By oorweging van hierdie vraag is dit interessant om daarop te let dat liggaamlike vryheid, soos hierbo aangetoon, (nog) as deel van die fisiese integriteit beskou word. Liggaamsvryheid behels onder andere ook bewegingsvryheid en handelingsvryheid.[145] Hierdie vryheid verleen aan die reghebbende die bevoegdheid om, binne die grense wat van regsweë neergelê is, sy liggaam te beweeg waarheen hy wil. Dit sluit dus ook die bevoegdheid van die reghebbende in om sy liggaam sodanig af te sonder dat andere dit nie sintuiglik kan waarneem en sodoende inligting ten aansien daarvan bekom nie. In ons moderne samelewing is dit natuurlik hoogs onwaarskynlik dat 'n persoon daarin sal slaag om hom permanent sodanig af te sonder dat andere dit nie sintuiglik kan waarneem en sodoende inligting ten aansien daarvan bekom nie. Nogtans verskaf hierdie bevoegdheid aan die persoon die vryheid om, wanneer hy van tyd tot tyd die behoefte daaraan het, hom van andere af te sonder en alleen te verkeer. Die reg op fisiese integriteit verleen ook aan 'n persoon die bevoegdheid om sy liggaam te bedek of onbedek te laat, binne die grense wat in hierdie verband van regsweë neergelê is. Deur sy liggaam of dele daarvan te bedek, kan 'n persoon eweneens die sintuiglike waarneembaarheid van sy liggaam of die dele daarvan wat hy bedek het, voorkom.

Daar kan weinig twyfel bestaan dat die kennisname deur derdes van inligting betreffende die fisiese of psigiese toestand van 'n persoon, asook inligting oor die mate van liggaamlike vryheid (of afwesigheid daarvan) wat 'n bepaalde persoon geniet, erg benadelend op sodanige persoon kan inwerk. Die vraag wat egter in hierdie afdeling oorweeg moet word, is of sodanige inligting só eng verbonde is aan die beskermde regsbelang, naamlik fisiese integriteit, dat die beskerming van fisiese integriteit vereis dat hierdie inligting self ook beskerm word.

Indien 'n ander, in stryd met die wil van die persoon oor wie se fisiese of psigiese toestand of oor wie se vryheid die inligting handel, sodanige inligting verkry, of indien 'n persoon, wat reeds kennis dra van die inligting, dit in stryd met die wil van die persoon oor wie dit handel, sou openbaar, moet die aard van die inbreukmakende handeling uiters versigtig ontleed word ten einde vas te stel of enige beskerming wat die betrokke inligting kan geniet, aan die enge verbondenheid daarvan met die fisiese integriteit toe te skryf is en of dit nie dalk weens die verbondenheid daarvan met 'n ander regsgoed, soos die persoon se privaatheid, bestaan nie. Hier kan verskillende moontlikhede oorweeg word.

Die eerste moontlikheid is dat die inbreukmakende handeling van so 'n aard is dat die slagoffer in die proses van insameling of openbaarmaking van die inligting op 'n onregmatige wyse fisieke leed aangedoen word, psigies gekrenk word, of dat sy liggaamlike vryheid fisies aan bande gelê word. Voorbeelde hiervan sou wees waar die slagoffer onregmatig met geweld vasgedruk en 'n bloedmonster van hom geneem word, hy verbaal, of deur middel van blootstelling aan reuke of deur vertoning van beelde aan hom, geestelik getreiter word, of waar hy gevange gehou word ten einde hom te beweeg om inligting betreffende sy fisiese of psigiese toestand of bewegings openbaar te maak. Hier is dit duidelik dat die

145 Neethling *Persoonlikheidsreg* 39.

slagoffer se fisiese integriteit aangetas is en hy kan deur middel van die *actio iniuriarum* teen die inbreukmaker optree en genoegdoening eis, terwyl hy terselfdertyd met behulp van die *actio legis Aquiliae* vergoeding vir enige vermoënskade wat hy in die proses gely het, van die inbreukmaker sal kan verhaal mits aan al die ander vereistes van die onderskeie aksies voldoen is. Indien die inbreukmakende handeling emosionele skok by die slagoffer veroorsaak, sal hy voorts met die aksie weens pyn en lyding teen die inbreukmaker kan optree. In gevalle van hierdie aard sal die optrede teen die inbreukmaker egter gebaseer wees op die inbreukmakende handeling, *hetsy of die inbreukmaker daardeur inligting wou bekom of openbaar wou maak of nie*. Sulke gevalle kan gevolglik nie geklassifiseer word as gevalle waar die inligting beskerming geniet vanweë enige verbondenheid daarvan met die fisiese integriteit van die slagoffer nie. Trouens, dit sou eerder geklassifiseer kon word as gevalle waar die beskerming van die slagoffer se fisiese integriteit meegebring het dat die slagoffer beskerming geniet het teen die betrokke *wyse* van insameling of openbaarmaking van die inligting – die slagoffer sou immers steeds teen die inbreukmaker kon optree selfs al is op sy fisiese integriteit inbreuk gemaak, sonder dat die inligting wat hy op hierdie wyse bekom het, betrekking gehad het op sy fisiese of psigiese toestand of liggaamlike vryheid en selfs waar die inbreukmaking nie geskied het met die oog op die verkryging of openbaarmaking van enige inligting nie (soos waar bloed van 'n persoon getrek word vir doeleindes van 'n bloedoortapping en nie om enige inligting betreffende die persoon te bekom nie). Die blote feit dat daar in die proses van insameling of openbaarmaking van die inligting op die fisiese integriteit van die slagoffer inbreuk gemaak is, beteken natuurlik nie dat daar nie ook op ander persoonlikheidsgoedere van die slagoffer, soos sy privaatheid, goeie naam of eer inbreuk gemaak is nie. Waar daar ook op sodanige ander persoonlikheidsgoedere inbreuk gemaak is, sal die slagoffer uiteraard op grond daarvan ook teen die inbreukmaker kan optree.

Die tweede moontlikheid, wat waarskynlik in die meeste van hierdie gevalle sal voorkom, is waar die krenkende handeling nie enige fisiese of psigiese skade aan die slagoffer meebring of op sy liggaamlike vryheid inbreuk maak nie, maar eerder ander persoonlikheidsgoedere van die slagoffer, soos sy privaatheid, goeie naam, identiteit of eer aantas. In gevalle van hierdie aard is dit duidelik dat die slagoffer nie teen die inbreukmaker sal optree uit hoofde van sy reg op sy fisiese integriteit nie, maar weens die aantasting van die ander regsgoed wat in die proses aangetas is. In die volgende paragrawe sal ontleed word in welke mate, indien enige, die verbondenheid van die inligting met die ander regsgoed 'n rol speel in die beskerming daarvan.

2 2 2 Die reg op identiteit

Daar is vroeër aangetoon dat 'n persoon se identiteit een van daardie regsobjekte is wat uit inligting bestaan. In geval van die identiteit is daar dus nie sprake van inligting wat weens die enge verbondenheid daarvan met 'n bepaalde regsobjek beskerming geniet nie omdat die inligting self die regsobjek is wat die beskerming geniet.

2 2 3 Die reg op die goeie naam of reputasie

Daar is vroeër aangetoon dat 'n persoon se goeie naam of reputasie een van daardie regsobjekte is wat uit inligting bestaan. In geval van die goeie naam of reputasie is daar dus nie sprake van inligting wat weens die enge verbondenheid

daarvan met 'n bepaalde regsobjek beskerming geniet nie omdat die inligting self die regsobjek is wat die beskerming geniet.

2 2 4 Die reg op die eer

Volgens Neethling[146] bestaan hierdie persoonlikheidsgoed uit die subjektiewe eergevoel of selfrespek van 'n persoon. 'n Persoon se eer word aangetas indien iemand die persoon beledigende of vernederende woorde toevoeg.

In geval van hierdie regsgoed is dit nie nodig dat publikasie van die beledigende woorde aan derdes hoef plaas te vind nie. Publikasie daarvan aan die slagoffer self is voldoende.[147] Indien publikasie van die woorde aan derdes sou plaasvind, kan daar eers sprake wees van 'n aantasting van die persoon se eergevoel wanneer hy daarvan verneem en mits hy in daardie stadium in sy eer gekrenk voel. Indien die woorde nooit tot die aandag van die reghebbende kom nie, vind daar gevolglik ook geen krenking van die persoon se eergevoel plaas nie. Hierbenewens vind daar ook geen krenking van 'n persoon se eergevoel plaas as die persoon subjektief nie voel dat sy eer daardeur gekrenk is nie (hetsy die woorde wat hom toegevoeg is objektief gesproke eerkrenkend was of nie).[148] Dit beteken dat die subjektiewe ingesteldheid van 'n persoon op die tydstip wanneer die woorde tot sy kennis kom, self in hierdie verband van deurslaggewende belang kan wees. Dieselfde geld die *wyse* waarop die woorde aan die reghebbende toegevoeg word. Woorde wat in der waarheid 'n kompliment daarstel, kan byvoorbeeld 'n ernstige belediging daarstel indien dit op 'n sarkastiese wyse uitgespreek word. Dit is dus goed denkbaar dat die toevoeging van dieselfde woorde aan dieselfde persoon by een geleentheid 'n persoonlikheidskrenking kan daarstel en by 'n ander geleentheid weer nie.

Die feit dat hierdie regsgoed aangetas word deur middel van die toevoeging van woorde aan 'n persoon, dui daarop dat 'n mens by die aantasting van hierdie regsobjek te doen het met die oordra van inligting oor 'n bepaalde persoon aan dié persoon self. Die vraag wat nou ontstaan, is of hierdie inligting in só 'n eng verband met die eer as regsgoed staan dat die beskerming van die eer vereis dat die betrokke inligting ook beskerm word. In die lig van die feit dat dit hier in wese nie afhang van die inhoud van die inligting wat oorgedra word nie (aangesien dieselfde woorde aan dieselfde persoon in een geval eerkrenkend kan wees en in 'n ander geval nie) maar eerder van die vraag of die betrokke persoon dit in daardie stadium as eerkrenkend ervaar of nie (wat weer sal afhang van die subjektiewe gemoedstoestand van die reghebbende en die *omstandighede waarin* en die *beledigende of vernederende wyse* waarop die woorde toegevoeg word), kan afgelei word dat 'n mens hier *nie* met 'n geval te doen het waar inligting beskerming geniet weens die enge verbondenheid daarvan met die eergevoel nie.

2 2 5 Die reg op die gevoelslewe

'n Persoon se gevoelslewe omvat volgens Potgieter[149] 'n verskeidenheid geestelik-sedelike gevoelens of innerlike gewaarwordinge omtrent dinge soos liefde,

146 *Persoonlikheidsreg* 30.
147 *Strydom v Fenner-Solomon* 1953 1 SA 519 (OK) 540.
148 *Minister of Police v Mbilini* 1983 3 SA 705 (A) 716.
149 Potgieter *Aspekte van die juridiese beskerming van die godsdiensgevoel* (LLD-proefskrif Unisa 1987) 7–8.

geloof (godsdiens), sentiment en kuisheid. 'n Persoon se gevoelslewe word aangetas indien enige van die gemelde gevoelens of gewaarwordings van die persoon gekrenk word.

In die Suid-Afrikaanse regspraak skyn daar nog nie 'n ondubbelsinnige erkenning van die gevoelslewe as afsonderlike persoonlikheidsgoed en regsobjek te wees nie, alhoewel daar sekerlik aanknopingspunte in hierdie verband bestaan.[150] Selfs indien daar egter vir doeleindes van hierdie bespreking aanvaar word dat daar inderdaad so 'n afsonderlike regsobjek bestaan, is dit duidelik dat 'n aantasting daarvan, soos in geval van eerkrenking, sal afhang van die subjektiewe ingesteldheid van die reghebbende en die omstandighede waarin en wyse waarop die krenkende gedrag plaasvind. Soos in geval van eerkrenking, sou daar dus nie geredeneer kon word dat 'n mens hier te doen het met 'n geval waar inligting beskerming geniet vanweë die enge verbondenheid daarvan met die gevoelslewe as regsobjek nie.

2 2 6 Die reg op privaatheid

Daar is reeds vroeër aangetoon dat privaatheid een van daardie regsobjekte is wat uit inligting bestaan. In geval van privaatheid is daar dus nie sprake van inligting wat weens die enge verbondenheid daarvan met 'n bepaalde regsobjek beskerming geniet nie, omdat die inligting self die regsobjek is wat beskerming geniet.

Samevatting

Uit die voorgaande kan die volgende afleidings rakende die beskerming van inligting wat in die een of ander verband met persoonlikheidsgoedere staan, gemaak word:

(a) Daar bestaan nie inligting wat só eng verbonde is aan sekere persoonlikheidsgoedere dat die beskerming van die goedere noodwendig vereis dat daar ook beskerming aan die betrokke inligting verleen word nie.

(b) Die persoonlikheidsgoedere waarvan die beskerming nié vereis dat daar beskerming aan sekere inligting verleen word nie, sluit die fisiese integriteit, eer en gevoelslewe in.

(c) In geval van privaatheid, identiteit en die goeie naam of reputasie, bestaan die regsobjek uit inligting. Sover dit daardie persoonlikheidsgoedere betref, het 'n mens dus nie te doen met inligting wat weens die enge verbondenheid daarvan met 'n bepaalde regsobjek beskerming geniet nie omdat hierdie inligting self die regsobjek is wat die beskerming geniet.

2 3 Prestasies

Soos reeds gemeld, bestaan 'n prestasie uit 'n handeling van iemand, soos die gee of lewering van iets, die doen van iets en die nie-doen of weerhouding daarvan om iets te doen. Die regte hierop word *vorderingsregte* en soms ook *persoonlike regte* genoem.[151]

150 Vgl Neethling *Persoonlikheidsreg* 203 ev.

151 Van der Vyver en Joubert 8. Vgl die gesag in vn 121.

Van Zyl en Van der Vyver[152] bevraagteken die geldigheid van die stelling dat 'n prestasie die objek van 'n subjektiewe reg kan wees. Hulle wys daarop dat 'n vorderingsreg tot stand kom vóór die prestasie gelewer word (dws vóór die handeling verrig word). Die prestasie self kom egter eers tot stand wanneer presteer word (dws die handeling verrig word). Volgens hulle sou dit beteken dat die vorderingsreg in die stadium waarop dit tot stand kom, betrekking het op 'n regsobjek wat nie bestaan nie. Hulle is gevolglik van mening dat dit suiwerder sou wees om te redeneer dat die objek van die vorderingsreg eerder gesien moet word as 'n aspek van die persoonlikheid van die skuldenaar wat bestem is om die reghebbende tot behoeftebevrediging te dien. Die prestasie (handeling) self moet volgens hulle eerder gesien word as die *medium* waardeur die betrokke aspek van die skuldenaar se persoonlikheid die behoefte van die reghebbende bevredig. Du Plessis[153] weer meen dat die objek van 'n vorderingsreg die *aanspraak* is wat die reghebbende op die skuldenaar se prestasie het.

Alhoewel dit vir doeleindes van hierdie bespreking nie nodig is om standpunt in te neem oor welke van hierdie benaderings as korrek beskou word nie, is dit tog belangrik om daarop te wys dat al die standpunte in een opsig ooreenstem, naamlik dat 'n mens hier te doen het met 'n geval waar die onderwerp of voorwerp ten aansien waarvan die prestasie plaasvind (die handeling verrig word), self nie objek van die vorderingsreg vorm nie. Indien die prestasie uit die lewering van 'n saak sou bestaan, sou dit volgens al die voormelde standpunte dus verkeerd wees om te redeneer dat die saak self die objek van die vorderingsreg vorm.

Die belang van die voorafgaande bevinding is daarin geleë dat selfs waar die prestasie wat by 'n bepaalde vorderingsreg ter sprake is, uit die een of ander handeling ten aansien van inligting bestaan, die inligting self nie die regsobjek is waarop die vorderingsreg betrekking het nie.

Dit is goed denkbaar dat elke handeling wat moontlik ten aansien van inligting verrig kan word, ook die onderwerp van 'n vorderingsreg kan vorm. Dit gebeur immers dikwels in die praktyk dat een persoon met 'n ander 'n ooreenkoms sluit ingevolge waarvan die een party onderneem om sekere inligting aan die ander party te verskaf, geheim te hou of openbaar te maak, ensovoorts. Veral in daardie gevalle waar die vorderingsreg bestaan uit 'n aanspraak van die reghebbende op die skuldenaar se geheimhouding van die inligting, vind 'n mens dat daar inderdaad beskerming aan die inligting verleen word. Indien 'n persoon strydig met die ooreenkoms sou optree en die inligting openbaar maak, sou die reghebbende ingevolge die kontrak tussen hom en die skuldenaar teen die skuldenaar kon optree en skadevergoeding eis. Hierbenewens sou die reghebbende 'n dreigende openbaarmaking van die inligting kon verhoed deur 'n interdik aan te vra ingevolge waarvan die skuldenaar verbied word om die inligting openbaar te maak. Daar kan weinig twyfel bestaan dat die beskerming wat in sulke gevalle aan die inligting verleen word, beskerming is wat verleen word weens die enge verbondenheid van die inligting met die objek van die vorderingsreg. In sodanige gevalle word die inligting beskerm vanweë die feit dat die beskerming van die vorderingsreg vereis dat daar noodwendig beskerming aan die inligting verleen word.

---

152 409–410.
153 Du Plessis en Du Plessis 135.

Van Zyl en Van der Vyver[152] bevraagteken die geldigheid van die stelling dat 'n prestasie die objek van 'n subjektiewe reg kan wees. Hulle wys daarop dat 'n vorderingsreg tot stand kom vóór die prestasie gelewer word (dws vóór die handeling verrig word). Die prestasie self kom egter eers tot stand wanneer presteer word (dws die handeling verrig word). Volgens hulle sou dit beteken dat die vorderingsreg in die stadium waarop dit tot stand kom, betrekking het op 'n regsobjek wat nie bestaan nie. Hulle is gevolglik van mening dat dit suiwerder sou wees om te redeneer dat die objek van die vorderingsreg eerder gesien moet word as 'n aspek van die persoonlikheid van die skuldenaar wat bestem is om die reghebbende tot behoeftebevrediging te dien. Die prestasie (handeling) self moet volgens hulle eerder gesien word as die *medium* waardeur die betrokke aspek van die skuldenaar se persoonlikheid die behoefte van die reghebbende bevredig. Du Plessis[153] weer meen dat die objek van 'n vorderingsreg die *aanspraak* is wat die reghebbende op die skuldenaar se prestasie het.

Alhoewel dit vir doeleindes van hierdie bespreking nie nodig is om standpunt in te neem oor welke van hierdie benaderings as korrek beskou word nie, is dit tog belangrik om daarop te wys dat al die standpunte in een opsig ooreenstem, naamlik dat 'n mens hier te doen het met 'n geval waar die onderwerp of voorwerp ten aansien waarvan die prestasie plaasvind (die handeling verrig word), self nie objek van die vorderingsreg vorm nie. Indien die prestasie uit die lewering van 'n saak sou bestaan, sou dit volgens al die voormelde standpunte dus verkeerd wees om te redeneer dat die saak self die objek van die vorderingsreg vorm.

Die belang van die voorafgaande bevinding is daarin geleë dat selfs waar die prestasie wat by 'n bepaalde vorderingsreg ter sprake is, uit die een of ander handeling ten aansien van inligting bestaan, die inligting self nie die regsobjek is waarop die vorderingsreg betrekking het nie.

Dit is goed denkbaar dat elke handeling wat moontlik ten aansien van inligting verrig kan word, ook die onderwerp van 'n vorderingsreg kan vorm. Dit gebeur immers dikwels in die praktyk dat een persoon met 'n ander 'n ooreenkoms sluit ingevolge waarvan die een party onderneem om sekere inligting aan die ander party te verskaf, geheim te hou of openbaar te maak, ensovoorts. Veral in daardie gevalle waar die vorderingsreg bestaan uit 'n aanspraak van die reghebbende op die skuldenaar se geheimhouding van die inligting, vind 'n mens dat daar inderdaad beskerming aan die inligting verleen word. Indien 'n persoon strydig met die ooreenkoms sou optree en die inligting openbaar maak, sou die reghebbende ingevolge die kontrak tussen hom en die skuldenaar teen die skuldenaar kon optree en skadevergoeding eis. Hierbenewens sou die reghebbende 'n dreigende openbaarmaking van die inligting kon verhoed deur 'n interdik aan te vra ingevolge waarvan die skuldenaar verbied word om die inligting openbaar te maak. Daar kan weinig twyfel bestaan dat die beskerming wat in sulke gevalle aan die inligting verleen word, beskerming is wat verleen word weens die enge verbondenheid van die inligting met die objek van die vorderingsreg. In sodanige gevalle word die inligting beskerm vanweë die feit dat die beskerming van die vorderingsreg vereis dat daar noodwendig beskerming aan die inligting verleen word.

---

152 409–410.
153 Du Plessis en Du Plessis 135.

Vorderingsregte vloei voort uit verbintenisse. Verbintenisse kom egter nie slegs tot stand uit hoofde van ooreenkomste nie maar ook as gevolg van die pleeg van 'n onregmatige daad of delik. In geval van 'n onregmatige daad verwys die verbintenis wat as gevolg daarvan tot stand kom egter na die verpligting van die dader om die skade te vergoed wat hy die slagoffer berokken het, en die vorderingsreg van die slagoffer ten aansien van die vergoeding teenoor die dader. In geval van 'n verbintenis wat uit hoofde van 'n onregmatige daad ontstaan, kan daar dus geen sprake wees van vorderingsregte wat in so 'n enge verband met inligting staan dat die beskerming van die objek van die vorderingsregte vereis dat daar beskerming aan die inligting verleen word nie.

Samevatting

In die lig van die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat daar in geval van vorderingsregte wat uit hoofde van ooreenkomste tot stand kom, dikwels sprake kan wees van inligting wat in so 'n enge verband met die objek van die vorderingsreg staan dat die beskerming van die vorderingsreg vereis dat beskerming ook aan die inligting self verleen word.

To the extent to which it may be suggested that there have been cases in which a tendency to unduly restrict the freedom of the press to publish (having, so it was argued, a 'chilling effect' upon the enjoyment of free speech), such cases must, in my view, reflect an incorrect weighing of the countervailing interests of the parties. All that need be said is that the proper recognition of the importance of free speech is a factor which must be given full value in all cases (per Plewman JA in *Hix Networking Technologies v Systems Publishers (Pty) Ltd* 1997 1 SA 391 (A) 401).

AANTEKENINGE

ENKELE GEDAGTES OOR DIE MOONTLIKE INVLOED VAN FUNDAMENTELE REGTE TEN AANSIEN VAN DIE FISIES-PSIGIESE INTEGRITEIT OP DELIKTUELE REMEDIES

1 Inleiding

Die nuwe handves van regte in die grondwetlike teks bevat verskillende bepalings wat relevant is ten aansien van die reg op fisies-psigiese integriteit (sien bv a 12 oor die vryheid en sekuriteit van die persoon, a 24 oor die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir die gesondheid is nie, a 27 wat handel met die reg op gesondheidsorg en sosiale sekuriteit, a 28 wat voorsiening maak vir kinderregte tav oa basiese voeding, gesondheidsorg, beskerming teen verwaarlosing, ens). In die lig van die direkte en indirekte horisontale werking wat die nuwe handves sal hê, ontstaan die vraag hoe die deliktuele beskerming van die reg op fisies-psigiese integriteit in die toekoms kan of behoort te ontwikkel (sien in die algemeen oor horisontale werking a 8 van die nuwe Grondwet: PJ Visser "Enkele beginsels en gedagtes oor die horisontale werking van die nuwe Grondwet" 1997 *THRHR* 296 ev en die verwysings daar vermeld).

2 Die horisontale werking van die regte in die nuwe Grondwet

Direkte horisontale toepassing beteken, eenvoudig gestel, dat die betrokke fundamentele regte gelding geniet tussen regsubjekte anders as die staat en wel in die mate wat dit die geval kan wees in die lig van die aard van die betrokke reg en die aard van die plig wat dit meebring. In so 'n geval geld die bestaande wettereg en die gemenereg ten einde die nodige "effek" aan die reg te gee. Indien daar nie aldus voldoende effek gegee word nie, moet die hof die gemenereg ontwikkel ten einde hierdie doel te kan bereik (a 8(2) en (3) van die Grondwet; vgl oor hierdie bepalings ook Woolman "Defamation, application and the interim Constitution" 1996 *SALJ* 450–452).

Indirekte horisontale werking, ingevolge die benadering van die Duitse reg wat skynbaar uitdruklik in Suid-Afrika van toepassing gemaak is (deur a 35(3) van die tussentydse Grondwet 200 van 1993 en a 39(2) van die nuwe Grondwet; vgl ook Van Aswegen "The implications of a bill of rights for the law of contract and the law of delict" 1995 *SAJHR* 56; DP Visser "Future of the law of delict" in *Toekoms van die Suid-Afrikaanse privaatreg* (1993) 35 ev), verwys hoofsaaklik na die feit dat die waardes van die handves van regte 'n rol speel by normatiewe begrippe soos redelikheid, openbare beleid, *boni mores* ensovoorts wat by die onregmatigheidselement toegepas word ten einde deliktuele aanspreeklikheid te bepaal.

Dit is nie die bedoeling om in hierdie bydrae die algemene beginsels van direkte en indirekte horisontale werking te probeer uitpluis nie. Daar word bloot, sonder om aanspraak op volledigheid te maak, gekyk na sekere praktiese voorbeelde waar daar 'n moontlikheid van verdere ontwikkeling in die deliktuele vergoedingsreg bestaan – veral wat betref nie-vermoënskade. Dit is waarskynlik korrek om te aanvaar dat die meeste fasette van fundamentele regte wat met die liggaamlike en psigiese integriteit te doen het, horisontale werking het. Die aard van hierdie regte en die aard van die pligte wat dit oplê, is van sodanige basiese aard en aldus bekend aan die gemenereg (sien bv Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 29 ev 89 ev) dat dit geredelik ook tussen private individue gelding kan hê.

3 Iets oor die bestaande deliktuele remedies ter beskerming van die fisies-psigiese integriteit

Die Suid-Afrikaanse deliktereg is betreklik gesofistikeerd wat betref die beskerming van die fisies-psigiese integriteit. Die betrokke regsbelange word in 'n wye sin verstaan om sowel die fisiese as psigiese sye van die *corpus* in te sluit.

In *Minister of Justice v Hofmeyr* (1993 3 SA 131 (A) 145; vgl ook die bespreking van die reg op die *corpus* deur Joubert *Grondslae van die persoonlikheidsreg* (1953) 131) stel die hof dit so:

> "One of the individual's absolute rights of personality is his right to bodily integrity. The interest concerned is sometimes described as being one in *corpus*, but it has several aspects . . . It comprehends also a mental element."

(Geen reg is natuurlik letterlik "absolute" soos in die aanhaling nie; die woord word waarskynlik net gebruik om die relatiewe belangrikheid van die betrokke reg aan te dui.)

Verskillende remedies word beskikbaar gestel om hierdie reg te beskerm mits aan die vereistes van die betrokke remedie voldoen word. Die vernaamste en bekendste deliktuele remedies is (a) die *actio iniuriarum* waarmee genoegdoening weens opsetlike krenking van die fisies-psigiese integriteit (as 'n *iniuria*) verhaal word; (b) die aksie weens pyn en lyding waarmee onvolmaakte kompensasie weens die opsetlike of nalatige aantasting van die fisies-psigiese integriteit geëis kan word; (c) die *actio legis Aquiliae* wat ten doel het om skadevergoeding weens vermoënskade as gevolg van die aantasting van die liggaam gedingsvatbaar te stel; (d) die interdik waarmee gepoog kan word om 'n dreigende krenking van die *corpus* te verhinder; en (e) sekere ander gemeenregtelike en wetteregtelike remedies (bv die *actio de pauperie* – sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 354 ev; a 11(2) van die Lugvaartwet 74 van 1962; die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993).

4 Fundamentele regte wat die vryheid en sekuriteit van die persoon en die gesondheid raak

Vervolgens word enkele bepalings aangehaal wat uitdruklik met die reg op die fisies-psigiese integriteit handel soos dit ingevolge die persoonlikheidsreg verstaan word (sien bv *Neethling's Law of personality* 89 ev; vir 'n bespreking van vergelykbare bepalings in die tussentydse Grondwet sien Cachalia *ea Fundamental rights in the new Constitution* (1994) 35–36).

4 1 Artikel 1

Die eerste beginsel of waarde waarop die Republiek van Suid-Afrika gegrond is, is volgens die nuwe Grondwet die menslike waardigheid (*human dignity*). Die menslike waardigheid het 'n erkende betekenis in die persoonlikheidsreg (vgl in die algemeen Burchell "Beyond the glass bead game: human dignity in the law of delict" 1988 *SAJHR* 1; *Neethling's Law of personality* 31–32) en kan in 'n sin gesien kan word as die basis vir alle fundamentele regte – wat dan ook die fundamentele persoonlikheidsreg op die *corpus* in die algemeen insluit. Hierdie bepaling kan waarskynlik in die toekoms gebruik word om op 'n wyse vergelykbaar met artikels 1 en 2 van die Duitse *Grundgesetz* die verdere ontwikkeling van besondere persoonlikheidsregte te stimuleer en vir nuwe situasies voorsiening te maak (vgl in die algemeen Kötz *Deliktsrecht* (1996) 239–240).

4 2 Artikel 12

Artikel 12 bevat bepalings wat handel met sowel die reg op die vryheid van die liggaam as die reg op die fisies-psigiese integriteit. Slegs die bepalings oor laasgenoemde word hier aangehaal:

> "(1) Everyone has the right to freedom and security of the person, which includes the right–
>
> (c) to be free from all forms of violence from either public or private sources;
>
> (d) not to be tortured in any way; and
>
> (e) not to be treated or punished in a cruel, inhuman or degrading way.
>
> (2) Everyone has the right to bodily and psychological integrity, which includes the right–
>
> (a) to make decisions concerning reproduction;
>
> (b) to security in and control over their body; and
>
> (c) not to be subjected to medical or scientific experiments without their informed consent."

(Sien vir 'n bespreking van die veelvuldige fasette van hierdie reg(te) en die regsbelange ter sprake, Du Plessis "The rights to freedom and security of the person in South Africa's transitional Constitution?" 1994 *SACJ* 268-269 277–282; die verslag van die paneel van grondwetlike kenners aan die voorsitter van grondwetlike vergadering getiteld "Freedom and integrity of the person", gedateer 5-02-1996, par 3.1 (beskikbaar op die Internet by http:\\www.constitution.org.za/cp 105026.html); sien ook Stoll *Haftungsfolgen im bürgerlichen Recht* (1993) 351 ev oor die tendens tot objektivering van *Körperschaden* in die Duitse reg, die Belgiese reg, die Franse reg ("préjudice physiologique"), en die Italiaanse reg; vgl oor die belangrike ontwikkeling van "danno biologico" agv grondwetlike impulse in lg stelsel, Von Bar *Gemeineuropäisches Deliktsrecht* (1996) par 573.)

Alhoewel die regte en belange wat ingevolge artikel 12 erken en beskerm word in redelike besonderhede uitgespel word, dui die woorde "which includes" dat dit nie as 'n uitputtende formulering bedoel is nie. Artikel 12 handel in werklikheid met dit wat moontlik nie so duidelik uit die gemenereg blyk nie of dit beklemtoon kwessies wat van belang is ten aansien van die fisies-psigiese integriteit in 'n sogenaamde "menseregtelike sin". Die vaagheid van die bepaling kan uiteraard nuttig wees om nuwe ontwikkeling te akkommodeer.

Du Plessis (269) verduidelik oor vergelykbare bepalings in die tussentydse Grondwet:

> "This freedom and security is primarily 'bodily' or 'somatic' (*körperlich*) but not in an exclusively physical or material sense; it denotes the de facto freedom and security of the human being as a psychosomatic unity. The freedom of the human spirit, on the other hand, is guaranteed by safeguarding, for example, freedom of religion, belief and opinion and freedom of expression. It is impossible to determine, with mathematical precision, where the psychosoma ends and the spirit begins" (hy verwys veral na Katz *Staatsrecht: Grundkurs im öffentlichen Recht* (1991) 317–319).

Heelwat aspekte van hierdie regte geld klaarblyklik ook in private verhoudings en is dus vir die deliktereg relevant (buiten die staat se privaatregtelike deliktuele aanspreeklikheid). Wat betref die reg om besluite oor voortplanting te neem (a 12(2)(a)) is dit minder duidelik hoe private regsubjekte op so 'n besluitnemingsbevoegdheid inbreuk kan maak. Een voorbeeld wat vir die deliktereg van belang is, is waar 'n geneesheer op nalatige wyse verkeerde inligting aan 'n pasiënt gee wat laasgenoemde die geleentheid ontneem om betyds besluite oor voortplanting te neem. 'n Interessante voorbeeld uit die Duitse reg is die toekenning van *Schmerzensgeld* aan 'n 44-jarige vrou wie se swangerskap te laat (in die 26e week) vir 'n aborsie deur die verweerder vasgestel is. Die vrou was bevrees dat sy op haar ouderdom 'n gestremde kind in die lewe kon bring. Die hof (BGH Hamburg – 1995 *NJW* 2412 2413) het die argument verwerp dat die feit dat sy die pyn van 'n aborsie gespaar gebly het, haar eis uitskakel of verminder.

Voorts word daar met die bepaling onder oorweging waarskynlik beoog dat wetgewende maatreëls (of straks gemeenregtelike beginsels ingevolge kontrak of die huweliksreg) wat hierdie reg mag begrens aan artikel 36 van die Grondwet getoets sal kan word – ook in private regsverhoudings. Die fisieke verhindering om 'n besluit aangaande voortplanting uit te voer, kan moontlik die *actio iniuriarum* fundeer. Die bevoegdheid om besluite te neem hou natuurlik ook verband met die verweer van *volenti non fit iniuria* as regsgeldige toestemming (sien in die algemeen hieroor *Neethling's Law of personality* 106–108).

Daar kan min twyfel wees dat die soepele en ontwikkelde *actio iniuriarum* (bv *Neethling's Law of personality* 50 100) voldoende is om deliktuele aanspreeklikheid wat vereenselwig word met die verskillende vorme van fisiese of psigiese marteling ageerbaar te stel (a 12(1)(d)).

Net soos in die Duitse reg (sien 1994 *NJW* 127) sal ons reg ook moet standpunt inneem oor die vraag wat alles deel van die liggaam is vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid. In die Duitse reg is beslis dat die liggaamsbegrip ruim genoeg is om ook produkte soos sperm wat van die liggaam geskei is, in te sluit. Daar is al aan die hand gedoen (*Neethling's Law of personality* 89 vn 1) dat dit wat van die liggaam geskei is nie meer *corpus* is nie maar as 'n *res* beskou moet word. Nogtans behoort die implikasies van hierdie moeilike kwessie ondersoek te word ten einde die beskerming wat die Grondwet beoog ook deur die deliktereg aan die volle *corpus* te laat toekom. Die regsbegrip van die liggaam is sekerlik nie iets staties nie (vgl ook Labuschagne 1995 *THRHR* 150).

Artikel 12(2)(c) wat mediese eksperimentering sonder toestemming verbied, sluit waarskynlik gevalle van diagnoses sonder toestemming in. In die Duitse reg het 'n HIV-toets op bloed sonder toestemming tot 'n geslaagde eis vir *Schmerzensgeld* aanleiding gegee (1995 *NJW* 1621). In werklikheid kan so 'n geval volgens die huidige persoonlikheidsreg eerder onder die reg op privaatheid

bereg word (sien bv *Neethling's Law of personality* 246; *Goldberg v Union and SWA Insurance Co Ltd* 1980 1 SA 160 (O) 164).

Sekere moontlike implikasies van artikel 12(2)(b) ten aansien van *volenti non fit iniuria* en vrywillige aanvaarding van risiko word hieronder in paragraaf 10 vermeld.

4 3 Artikel 24

> "Everyone has the right – (a) to an environment that is not harmful to their health or well-being . . ."

Dat hierdie bepalings ook in 'n mate afdwingbaar behoort te wees in private regsverhoudings, spreek vanself. Du Plessis (278) meld (sonder verwysings) dat in die Duitse reg die kwessie van regte ten aansien van die omgewing al na die reg op die fisies-psigiese integriteit herlei is. Hieroor deel Von Bar (par 584) soos volg mee:

> "Weit weiniger spektakulär, dafür in mancher Beziehung umso überraschender ist der Einfluss des verfassungsrechtlichen Persönlichkeitsschutzes auf das zivile Deliktsrecht in einigen Bereichen des Unwelthaftungsrechtes. Der vorreiterrolle fällt hier derzeit des griechischen Rechtsprechung zu."

4 4 Artikel 27

> "(1) Everyone has the right to have access to – (a) health care services, including reproductive health care; (b) sufficient food and water . . . (3) No one may be refused emergency medical treatment."

Hierdie regte hou direk verband met die menslike gesondheid en dus die fisies-psigiese integriteit maar geld waarskynlik net teen die staat. Nogtans kan dit wat voedsel betref dalk die posisie van *skuldlose* produkte-aanspreeklikheid beïnvloed (sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 318). Artikel 27(3) word hieronder in paragraaf 5 oorweeg.

4 5 Artikel 28

> "Every child has the right – (c) to basic nutrition, shelter, basic health care services and social services; (d) to be protected from maltreatment, neglect, abuse or degradation . . ."

Dit moet duidelik wees dat hierdie bepalings (of aspekte daarvan) ook in private verhoudings van toepassing sal wees, byvoorbeeld tussen ouer en kind, pleegouer en kind en selfs in ander verhoudings van toesig oor kinders – soos in openbare en private skole.

5 Die regsplig om geweld teen die liggaam te voorkom en om mediese noodbehandeling te voorsien

Die reg om vry te wees van alle vorme van openbare of private geweld (a 12(1)(c) van die Grondwet hierbo aangehaal) kan moontlik vertolk word (benewens enige ander implikasies van die reg, bv 'n plig op die staat om deur wetgewing en ander metodes gesinsgeweld behoorlik te bekamp – waarteen die bepalings van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld 133 van 1993 gemeet kan word) as sou dit 'n regsplig op bepaalde persone of instansies plaas om redelike stappe te doen om die aanranding van 'n persoon deur derdes in bepaalde gevalle fisies te verhinder (vgl in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser 54 ev oor deliktuele aanspreeklikheid weens 'n *omissio*).

Dit is duidelik dat as die polisie byvoorbeeld weet dat talle aanrandings in 'n bepaalde straat plaasvind, die staat waarskynlik deliktueel aanspreeklik kan wees as dit blyk dat X skade gely het wat waarskynlik voorkom sou gewees het indien die polisie nie versuim het om binne hulle vermoë redelike stappe te doen (bv deur patrollering, ens) om misdadigers beter af te skrik nie. Ook vir die deliktereg in ander privaatverhoudings kan waarskynlik aangevoer word dat indien byvoorbeeld 'n fabriekseienaar kennis het dat sekere van sy werknemers andere gereeld aanrand of bedreig op die perseel onder sy beheer, daar 'n regsplig op hom rus om skade deur sodanige geweld te voorkom. In die algemeen kan hierdie bepaling in die handves ook volgens die beginsels van *indirekte* horisontale werking 'n rol speel by die vasstelling en omskrywing van die regsplig volgens die *boni mores* van die gemeenskap (vgl in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser 43).

Artikel 27(3) wat bepaal dat niemand mediese noodbehandeling geweier mag word nie is negatief geformuleer. Nogtans is dit nie duidelik hoe dit anders vertolk kan word as dat elkeen 'n reg teen enige ander persoon het vir sover dit ooreenkomstig die *boni mores* of die algemene redelikheidstoets aanvaarbaar is om mediese noodbehandeling van sodanige persoon (insluitende 'n private mediese kliniek) te vereis en te ontvang nie. Die aard van die plig wat die reg oplê (sien a 8(2) van die Grondwet) veronderstel dat die persoon wat volgens die reg moet presteer, in die omstandighede redelikerwys in staat moet wees om die betrokke behandeling te kan voorsien. Die reg op mediese noodbehandeling beteken natuurlik nie dat die behandeling (altyd) gratis verskaf moet word of dat ander redelike voorwaardes nie gestel mag word nie. Dit wil voorkom of 'n onredelike versuim om die behandeling te voorsien 'n onregmatige krenking van die gesondheid – en dus die liggaam – uitmaak wat die normale deliksaksies tot gevolg sal hê. Mits aan al die algemene vereistes vir aanspreeklikheid voldoen word, kan daar skadevergoeding vir vermoënskade (sien bv Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 369 ev) en vir nie-vermoënskade (*idem* 402 ev) verhaal word. Indien iemand sterf weens die onregmatige en skuldige versuim om die betrokke mediese behandeling te voorsien, kan die normale aanspreeklikheid weens die dood van 'n persoon volg (bv eise van afhanklikes, begraafniskoste, ens).

6 Skadevergoeding vir nie-vermoënskade weens liggaamlike nadeel as gevolg van kontrakbreuk

Die appèlafdeling het in *Administrator, Natal v Edouard* 1990 3 SA 581 (A) beslis dat geen vergoeding vir nie-vermoënskade as gevolg van kontrakbreuk *ex contractu* verhaalbaar is nie. Die algemene kritiek teen hierdie beslissing (bv Visser en Potgieter 167) kan nou versterk word met verwysing na die fundamentele regte hierbo aangehaal waarvolgens die fisies-psigiese integriteit as die voorwerp van 'n fundamentele reg erken word. Hierdie reg het duidelik 'n mate van horisontale werking en daar moet (ooreenkomstig a 8(3) van die Grondwet) behoorlike remedies ingevolge die gemenereg ontwikkel word vir sover die wettereg nie so 'n remedie voorsien nie.

Na my mening is ons gemenereg in hierdie verband onvoldoende ontwikkel en behoort 'n hof by die eersvolgende geleentheid te beslis dat ten minste wat betref liggaamlike beserings of liggaamlike nadele wat uit kontrakbreuk vloei, die betrokke fundamentele regte vereis dat vergoeding vir sodanige pyn, lyding en "liggaamlike" of sintuiglike ongemak verhaalbaar behoort te wees. Dit sou onvoldoende wees om te aanvaar dat 'n benadeelde net kan eis as daar 'n deliktuele eisoorsaak bestaan.

Von Bar par 576 verwys ook na hierdie kwessie en argumenteer dat Duitse regshervorming ten aansien van *Schmerzensgeld* by kontrakbreuk nou dringend geword het. Hy maak die invloed van die grondwetlike reg duidelik (sien ook Stoll 354):

> "Denn das nunmehr auch vom BGH akzeptierte 'Gebot, die Haftungsfolgen aus Körperverletzungen an den Wertungen des Grundgesetzes auszurichten' und der von ihm ebenfalls eingeräumte Gedanke, dass es von Verfassungs wegen geboten sei, bereits in der objektiven 'Einbusse der Persönlichkeit, (im) Verlust an personaler Qualität' einen immateriellen Schaden zu sehen, lassen es auf dem Hintergrund der Schutzpflicht des Staates für die Würde (Art 1 Abs 1 S 2 *GG*) und damit die Persönlichkeit des Menschen nur dann noch zu, im Bereich des Schmerzensgeldes zwischen den einzelnen Haftungsgründen zu unterscheiden, wenn dafür Sachgründe existieren, denen gerade im Lichte jener Grundrechte ein erhebliches Gewicht zukommt."

Von Bar *ibid* betreur die feit dat Duitsland die laaste Europese staat is waar vergoeding weens kontrakbreuk wat tot liggaamlike skade lei, afgewys word: "Bei allen Persönlichkeitsverletzungen im weiteren Sinne ist das Schmerzensgeld eine mit ihnen korrelierende notwendige Haftungsform." Hy verwys na die argumente teen die gronde wat gewoonlik aangevoer word vir die toekenning van sodanige vergoeding en noem dan weerleggende argumente (let nietemin daarop dat die sestigste Duitse *Juristentag* met 'n groot meerderheid 'n voorstel afgewys het dat die Duitse posisie verander behoort te word – sien 1994 *NJW* 3075).

7 Vergoeding vir nie-vermoënskade by skuldlose aanspreeklikheid

Dit is geykte reg dat die aksie weens pyn en lyding beskikbaar is in gevalle van die skuldige veroorsaking van pyn en lyding (bv Neethling, Potgieter en Visser 18–19). By skuldlose aanspreeklikheid kan sodanige vergoeding verhaal word deur byvoorbeeld die *actio de pauperie* (bv *Creydt-Ridgeway v Hoppert* 1930 TPD 664) en moontlik ook ingevolge die *actio de effusis vel deiectis* (Visser en Potgieter 360). Die Wet op Kernenergie 131 van 1993 maak klaarblyklik ook voorsiening vir vergoeding vir nie-vermoënskade – die wet meld "kernskade" wat wyd verstaan word om siekte of kwale in te sluit wat toegeskryf kan word aan radioaktiewe materiaal; dit maak waarskynlik vir nie-vermoënskade ook voorsiening (sien Visser en Potgieter 365–366 vir voorbeelde van ander wetgewing wat hier relevant is).

Die kwessie van vergoeding vir nie-vermoënskade vir liggaamlike beserings ingevolge skuldlose aanspreeklikheid is ook in die Duitse reg 'n omstrede onderwerp (sien bv Von Bar par 577; Stoll 21 ev; Schmid *Schmerzensgeld und Gefährdungshaftung* (1971)). Daar is sterk argumente (bv Stoll 21–22) dat 'n onderskeid tussen skuldlose aanspreeklikheid en aanspreeklikheid gebaseer op skuld ten aansien van dié tipe vergoeding onhoudbaar is.

Daar word aan die hand gedoen dat ons deliktereg ook hiervan kennis neem by aanspreeklikheid vir liggaamlike beserings. Die punt is dat in die lig van die relatiewe belangrikheid van die fisies-psigiese integriteit as fundamentele reg, die gemenereg so ontwikkel behoort te word dat byvoorbeeld by skuldlose aanspreeklikheid weens oorlas (*nuisance*) die aksie weens pyn en lyding ook beskikbaar behoort te wees om by blote liggaamlike of sintuiglike ongerief en ongemak (sonder ander uitgawes of fisiese liggaamlike beserings) vergoeding te bied (*contra* bv *Herrington v Johannesburg Municipality* 1909 TH 179 203; sien

in die algemeen Visser en Potgieter 361; sien oor produkte-aanspreeklikheid Von Bar par 579).

Gevalle van statutêre skuldlose aanspreeklikheid behoort ook so uitgelê en toegepas te word dat selfs waar die betrokke wetgewing slegs materiële skade vermeld (bv a.11(2) van die Lugvaartwet 74 van 1962) die hof dit in die lig van die grondwetlike beskerming van die liggaam so moet uitlê dat dit ook vir nie-vermoënskade voorsiening maak (tensy daar besondere gronde is wat teen so 'n uitleg spreek). Waar 'n wet bloot van skade praat (sien hierbo), behoort dit in geval van liggaamlike beserings vermoënskade en nie-vermoënskade in te sluit. Slegs op so 'n wyse word die liggaamlike integriteit en die "sekuriteit" van die persoon wat grondwetlik so hoog geag word genoegsaam ingevolge die deliktuele vergoedingsreg beskerm.

8 Nie-vermoënsregtelike vergoeding aan bewustelose eisers met breinbeserings

In *Collins v Administrator, Cape* 1995 4 SA 73 (K) het die hof beslis dat 'n ernstig beseerde dogtertjie wat nie van haar beserings bewus is nie en 'n beperkte lewensverwagting het, geen vergoeding hoegenaamd kon ontvang nie. Hierdie beslissing is teenstrydig met die posisie in Europa en veral nuwe ontwikkelinge in die Duitse reg (sien Von Bar par 575; Deutsch 1993 *NJW* 781). Die grondwetlike waarde wat aan die mens toegeken word, spreek duidelik teen die houding van die *Collins*-saak (sien my bespreking van hierdie kwessie in 1996 *THRHR* 179–181).

Die *Collins*-saak behoort dus nie nagevolg te word nie aangesien die afwysing van selfs 'n simboliese vergoedingsbedrag teenstrydig met die gees en strekking van die grondwetlike bepalings oor die beskerming van die fisies-psigiese integriteit is (vgl ook Stoll 179).

9 Seduksie en seksuele teistering

In *Neethling's Law of personality* (95–97) word seduksie gesien as 'n inbreuk op die fisies-psigiese integriteit. Waarskynlik is seduksie eerder 'n aantasting van die kuisheidsgevoel of die geslagseer van 'n meisie. Hoe dit ook al sy, die voortbestaan van aanspreeklikheid weens die buite-egtelike verleiding van 'n maagd sal in die toekoms aan die Grondwet (bv die gelykheidsklousule wat ook die menseregtelike gelykstelling van die geslagte bevorder) getoets moet word (sien vir soortgelyke oorwegings in die Griekse reg Von Bar par 566). Von Bar *ibid* bespreek die beskerming van die *weibliche Geschlechtsehre* volgens Europese regsisteme en meld dat paragraaf 825 van die *BGB* (misbruik van afhanklikheidsverhouding om 'n vrou tot buite-egtelike gemeenskap te beweeg) tans sonder praktiese betekenis is. Nogtans wys hy op die Italiaanse reg ingevolge waarvan *seduzione con promesso di matrimonio* steeds gedingsvatbaar is.

In die Suid-Afrikaanse reg kan seduksie moontlik uitgebrei word om die verleiding van iemand van enige geslag as gedingsvatbaar te beskou mits dit bestaanbaar is met die beginsel van seksuele selfbestemming wat waarskynlik uit die Grondwet afgelei sal kan word.

Gevalle van seksuele teistering (sien vir omskrywings van hierdie begrip Labuschagne "Geregtigheidsdinamiek van die vroutipiese" 1996 *SAPR/PL* 233 ev) kan klaarblyklik reeds ingevolge die *actio iniuriarum* ageerbaar wees indien dit byvoorbeeld op gewone of onsedelike aanranding neerkom. Seksuele teistering

kan natuurlik ander regsgoedere ook aantas wat nie noodwendig met die fisies-psigiese integriteit verband hou nie en byvoorbeeld 'n *actio iniuriarum* op grond van krenking van die eergevoel fundeer.

10 Algemeen: *volenti non fit iniuria*, vrywillige aanvaarding van risiko, tugbevoegdheid, verjaring

Die grondwetlike erkenning en beskerming van die fisies-psigiese integriteit beteken nie noodwendig dat die deliktuele beskerming daarvan in alle opsigte versterk sal word nie. Die Grondwet maak ook vir groter beskikkingsbevoegdheid oor gemelde regsbelange voorsiening ("Instead courts would have to take account of the fact that the Bill of Rights confirms individual agency" – par 3.2 van verslag van paneel van grondwetlike kenners – vgl par 4 2 hierbo vir die verwysing). Die bepalings van artikel 12(2)(b) (sien par 4 2 hierbo) wat elkeen die reg gee om beheer oor sy liggaam uit te oefen ("control over their body"), is byvoorbeeld aanduidend van groter geldingskrag vir die verweer van *volenti non fit iniuria* wat aanspreeklikheid kan uitskakel aangesien dit individuele outonomie beklemtoon (sien oor die outonomiseringsproses wat deur menseregte aangemoedig word, bv Labuschagne "Aanranding en misdaadkondensering: Opmerkings oor die strafregtelike beskerming van biopsigiese outonomie" 1995 *De Jure* 381).

Vermelde outonomie ten aansien van die liggaam kan byvoorbeeld impliseer dat toestemming tot mediese eksperimentering, orgaanskenkings, nie-terapeutiese operasies (sien vir 'n lys van beslissings oor toestemming tot mediese behandeling Van Oosten 1996 *De Jure* 166–167) of deelname aan gevaarlike aktiwiteite wat voorheen *contra bonos mores* was, nou moontlik as privaatregtelik regmatig aangemerk kan word (vgl bv toestemming tot kastrasie, 'n operasie met geen kans op sukses nie, die skenking van albei niere, die bestyging van die enjinkap van 'n bewegende motor – bv *Netherlands Insurance Co of SA Ltd v Van der Vyver* 1968 1 SA 412 (A); vgl ook *Lampert v Hefer* 1955 2 SA 507 (A); Neethling, Potgieter en Visser 155 ev). Nietemin kan die grondwetlike bepalings moontlik ook die toestemmingsbevoegdheid beperk deur 'n sterker aandrang op ingeligte toestemming (vgl in die algemeen *Castell v De Greeff* 1994 4 SA 408 (K); Van Oosten 1996 *De Jure* 164 ev).

Deliktuele aanspreeklikheid sal ook deur die grondwetlike bepalings oor die beskerming van die *corpus* geraak word vir sover 'n regverdigingsgrond soos tugbevoegdheid (waar dit nog geld, bv in die verhouding ouer-kind) straks as ongrondwetlik in bepaalde omstandighede beskou kan word weens die ontoelaatbare marteling of "maltreatment" van kinders (sien a 28(1)(d) en 39(3) van die Grondwet; vgl verder Labuschagne "Ouerlike geweldaanwending as skending van die kind se reg op biopsigiese outonomie" 1996 *TSAR* 577).

Enige formele regshindernis wat die instel van deliktuele remedies op grond van die krenking van die liggaamlike integriteit aan bande lê (bv verjaringstermyne en vervaltermyne) sal ook aan die grondwetlike beskerming van hierdie regte gemeet moet word (sien reeds *Mohlomi v Minister of Defence* 1996 12 BCLR 1559 (CC) oor a 113(1) van die Verdedigingswet 44 van 1957). Dieselfde geld wetgewing wat vir sekere maksimum vergoedingsbedrae voorsiening maak. In die algemeen moet wetgewing wat voorsiening maak vir die vergoeding van persone weens liggaamlike krenkings (sien bv die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993) aan die artikels wat die liggaamlike integriteit direk of indirek (bv a 27 wat 'n reg skep tot sosiale sekuriteit)

beskerm, getoets word om vas te stel of dit voldoen aan die mate van beskerming wat die Grondwet vereis (hier gaan dit natuurlik nie soseer om privaatregtelike deliktuele aanspreeklikheid nie).

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

VERWAARLOSING, REPRESENTASIE EN ONBEVOEGDHEID IN DIE INTESTATE ERFREG

Gestel 'n welaf kinderlose weduwee trou op gevorderde leeftyd met 'n man wat uit sy vorige huwelik twee volwasse seuns het. Die huwelik is buite gemeenskap van goed en sonder enige vorm van aanwasdeling. Ingevolge 'n gesamentlik wederkerige testament, verly in bedenklike omstandighede, erf die langslewende gade alles. Die dokument maak geensins voorsiening vir substitusie nie en die reëls van aanwas vind eweneens nie toepassing nie. Gestel verder dat die dame kort daarop ernstig siek word maar die liefdelose gade versorg haar geensins behoorlik nie en laat ook na om haar behoorlik te laat versorg. Inteendeel, hy wag haar dood met die oog op sy bekende erfregtelike bevoordeling reikhalsend af. Haar verafgeleë familie word te laat van haar benarde omstandighede bewus om iets daaraan te verbeter. Luidens die doodsertifikaat soos voltooi deur die distriksgeneesheer het die dame aan kanker gesterf. Dit kom egter tot haar familie se kennis dat, hoewel die dame kanker onder lede gehad het, sy eintlik nie aan kanker nie maar moontlik eerder aan algemene verwaarlosing in haar sterwensnood krepeer het. Indien argumentshalwe aanvaar word dat die verwaarlosing bewys kan word, wat behoort billikerwys die regsposisie te wees?

Die gemenereg ken 'n hele kategorie gevalle waar die gedrag van die potensiële bevoordeelde jeens die erflater dermate onaanvaarbaar is dat die reg die bevoordeelde as "onwaardig" tipeer om deur die erflater se afsterwe bevoordeel te kan word. Daardie onwaardigheidsgevalle word saamgroepeer as gevalle waar die potensiële bevoordeelde as onwaardig en/of onbekwaam tot erfregtelike bevoordeling bevind word omdat hy as *indignus* gebrandmerk word.

Die bekende "bloedige hand en neemt geen erfenis"-beginsel is 'n voorbeeld van dié reël, soos trouens ook die gevalle van verberging of vervalsing van 'n testament (*Yassen v Yassen* 1965 1 SA 438 (N)). (Sien oor die toepassing in die geval van die "bloedige hand"-reël oa *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T); *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Ex parte Meier* 1980 3 SA 154 (T) en die ander uitsprake hieronder vermeld.)

Die verberging of vervalsing van 'n testament word hedendaags waarskynlik eerder hanteer onder die strafbepalings vervat in die Boedelwet 66 van 1965. Ingevolge artikel 102(1)(a) van die wet is

> "[i]emand wat – . . . 'n dokument wat 'n testament heet te wees, steel, opsetlik vernietig, verberg, vervals of beskadig; . . . aan 'n misdryf skuldig, en by skuldigbevinding strafbaar – . . . met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of

met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens sewe jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf".

In *S v Van Zyl* 1984 3 SA 25 (A) het die appèlhof die toepasbaarheid van die strafbepaling op die tersake vervalsingsgeval bevestig. Dit was egter nie nodig om in daardie geval ook te beslis oor die parallelle toepassing van die gemeenregtelike onbekwaamheidsreël nie. Daardie misdadige testamentsvervalser sou nie by ontstentenis van die vervalsing ooreenkomstig hetsy 'n vroeëre geldige testament of die reëls van die intestate erfreg tot erfregtelike bevoordeling geroep wees nie. Indien die testamentsverberger of -vervalser egter kragtens 'n ander toepaslike norm van die erfreg tot bevoordeling geroepe sou kon wees, behoort hy deur die onbekwaamheidsbeletsel van enige erfregtelike bevoordeling uitgesluit te word. En dit nieteenstaande die feit dat hy sy "straf" ingevolge die strafbepaling van artikel 102 van die Boedelwet eweneens uitdien. Die erfregtelike onbekwaamheidsreëls staan los van en kom dus bykomstig tot enige strafsanksie in spel wanneer aan die vereistes van die reël voldoen word.

Die onwaardigheidsbeletsel kom uiteraard nie gereeld voor die howe nie. In beginsel moet aanvaar word dat die deursneeburger nog dermate respek vir die reg én vir die dooies het dat daar nie 'n vloedgolf litigasie om onbekwaamheidsnorme en die onwaardigheid van erfregtelike bevoordeeldes deur die howe hoef te spoel nie. Trouens, sou dit wel die geval wees, sou dit moontlik aanduidend wees dat die reël uit pas met die moderne gemeenskapsopvatting om fatsoenlikheid in dié verband kon raak.

Die onwaardigheidsreëls is reeds in die Suid-Afrikaanse howe toegepas. In *Taylor v Pim* 1903 NLR 484 het die bevoordeelde die erflater van die spreekwoordelike wal in die sloot gehelp deur haar teen die uitdruklike opdrag van haar arts tog van drank te voorsien en haar van broodnodige mediese versorging te weerhou:

> "I am satisfied upon the evidence that the defendant was the cause of the deceased's fall from a virtuous and honourable life to a degraded and immoral one; . . . that he supplied her or allowed her to be supplied with intoxicating liquors at the time when their use was forbidden by her medical adviser, and that he did so at times when he could easily have prevented their use by the deceased had he so wished; that he neglected to provide her with medical attention at Madeira till compelled to do so by the hotel proprietor; that while there he allowed her to have intoxicating liquors which caused her death; that he endeavoured to raise money on the strength of the testamentary provision in his favour; . . . that he exercised his influence by producing the unfortunate woman's downfall, and that in other respects *his conduct was heartless and cruel, and I am of opinion that he is unworthy to succeed within the meaning of the authorities which I have cited*" (495 – my kursivering).

> "It appears to me that . . . the person named in the will as sole and universal heir *should not be allowed to succeed because of his unworthiness* inasmuch as he really compassed the death of the testatrix. He lived with her in adultery; he caused her degradation and physical and moral ruin; he got sole control of her and encouraged her in intemperate habits, which ultimately brought about her death; and he tried to prevent her having medical and nursing assistance in her last illness. Moreover, he endeavoured to forestall her death by raising money upon the strength of her will in his favour. According to the text writers on our law he is incompetent to succeed as heir, not only because of his adultery with the testatrix . . . but because of his having caused her death either wilfully or through negligence . . ." (496–497 – my kursivering).

Benewens die gemeenregtelike bronne waarna hoofregter Bale en regter Finnemore aldaar verwys, word die omvangrykste behandeling van die onderwerp aangetref by die bekende ou skrywer Antonius Matthaeus *Zinspreuken* en wel die sogenaamde "Zesde Zinspreuk": "De Bloedige Hand en neemt geen Erffenis" (127–151).

Die uitvoerige behandeling deur Matthaeus van die onderwerp word deur alle ander bekende Romeins-Hollandse skrywers as dié erkende kenbron van die reël aangehaal. (Ander vindplekke is: Van Leeuwen *Censura forensis* 3 4 42, *Het Roomsch Hollands recht* 3 3 9; Schorer in sy *Aantekeninge op De Groot* n 30 op 2 24 24 en n 42 op 2 28 42; Van der Vorm-Blondeel *Verhandeling van het Hollandsch, Zeelandsch ende Westvrieslandsch versterfrecht* (1774); Van Bynkershoek *Quaestionum iuris privati* 446; Groenewegen *Tractatus de legibus abrogatis ad Dig* 34 9; *De Keuren van Zeeland* – Kap II a 26; *Oud vaderlandsche rechtsbronne* (tweede reeks) (1920) 217. Sien oor die verskillende oudvaderlandse bronne Van der Walt en Sonnekus "Die nalatige bloedige hand – neem dit 'erffenis'?" 1981 *TSAR* 36, welke uiteensetting deur die hof in *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) gevolg is.)

Matthaeus wys daarop dat die reël om onwaardigheid in die Romeins-Hollandse gemenereg veel wyer tref as die oorspronklike Romeinse beletsel. Die Romeinse reg het nog onderskei tussen "onwaardigheid" en "onbekwaamheid". Daardie onderskeid het in die gemenereg verval sodat alle gevalle as onbekwaamheid om as bevoordeelde uit die bates van die bepaalde erflater bevoordeel te word, hanteer word (§ 6:16). Dit het tot gevolg dat die onbekwaam bevonde persoon vir alle doeleindes by die toepassing van die norme van die erfreg ten aansien van die boedel uit die prentjie gelaat word.

Die onbekwaamheidsreëls is nie beperk slegs tot die ooglopende gevalle van doodslag van die erflater en sy *conjunctissimi* nie. Dit tref by naam ook die bevoordeelde wat verantwoordelik was vir die versorging van die oorledene en sy versorgingstaak jeens die erflater skandelik verwaarloos het en so dus deur sy onagsaamheid tot die dood van die oorledene bygedra het:

> "[D]aarom leezen wy dat er is geadviseerd, dat een Man, die voor zyne zieke Vrouw geen zorg had gedraagen, zig onwaardig had gemaakt om haar te kunnen succedeeren" (Matthaeus § 6:4).

Iets verder lees ons by dieselfde skrywer:

> "En dat een ander, om dat hy zyne Vrouw, die de pest had, had verlaaten, daar om alle avantagiën des huwlyks te gelyk met zyns Vrouws Erffenis had verlooren" (§ 6:4 op 132).

Die bronne wat Matthaeus hier benut, is die erkende bronne van die gemenereg oor die aspek. (Modestinus *Pistoris Quaest* 90; Colerus *Decissionis* 159 257; Möller *ad Constitutio elect parte* 3 *const* 26; Carpzovious *Desinit* 1; Rauckbar 2 20 19 en Peccius *De testam conjugum* 1 33 5. Ander erkende bronne waar die reël om die *indignus* eweneens duidelik vermeld word, is reeds hierbo aangedui.) Voet *Commentarius ad pandectas* 34 9 na wie alle moderne handboekskrywers en die howe sedert die *Taylor*-saak sonder uitsondering vir die toepassing van die onbekwaamheidsreël verwys, steun in sy behandeling van die onderwerp grootliks op Matthaeus. Daar kan dus aanvaar word dat by ontstentenis van 'n duidelik afwykende lyn van gesag, die gemelde teks van Matthaeus die regsposisie ten aansien van verwaarlosers in die gemenereg steeds juis weergee.

Graag word aanvaar dat getrou aan die voorwoord van Matthaeus tot sy *Zinspreuken* die onderhawige fatsoenlikheidsreël eweneens steeds pas en dat die sedes nog nie dermate "omgekeer" is dat die verwaarloser nou beloon word met erfregtelike bevoordeling uit die boedel van sy slagoffer nie:

> "In alle dingen legt als een omkeering opgesloten, zo dat even als de tyden, dus ook de Zeeden beurtelings worden omgekeerd: en alles was juist by onze Voorouderen niet beeter, maar onze leeftyd heeft ook veele pryswaardige en konstryke zaaken voor de nakoomelingen ter navolging te voorschyn gebragt."

Indien vasstaan dat 'n bepaalde bevoordeelde onbekwaam en dus onwaardig is om hoegenaamd erfregtelik bevoordeel te word, skakel dit hom of haar van sowel testate as intestate bevoordeling uit die boedel van die tersake erflater uit:

> "It is trite law that, where a beneficiary either murders a testator or conspires with others to compass his death, he as an *indignus* cannot inherit either *ab intestato* or in terms of the will, in accordance with the maxim 'de bloedige hand en neemt geen erfenis'. It can be mentioned that the old authorities are collected and discussed in a decision of *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 1952 (1) SA 744 (T)" – *Gafin v Kavin* 1980 3 1104 (W) 1107C–D.

Soos hierbo aangetoon, bevat die onderhawige testament geen substitusiebepaling vir die geval waar die langslewende gade nie bevoeg is om erfregtelik bevoordeel te word nie. Die normale reël behoort dan toepassing te vind, naamlik dat die bates van die oorledene ooreenkomstig die reëls van die intestate erfreg verdeel word. Aangesien die erflater in ons voorbeeld self kinderloos was en ook nooit die volwasse kinders uit haar wewenaar se eerste huwelik wettig kon aanneem nie, sterf sy sonder afstammelinge. (Ingevolge a 17 saamgelees met die woordomskrywingsartikel *sv* "kind" van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 kan slegs kinders onder agtien aangeneem word.) Daardie kinders sal dus *persoonlik* geen erfregtelike aansprake van enige aard op bevoordeling uit die boedel van die erflater hê nie.

Gemeenregtelik was die langslewende gade vóór die statutêre nuutreëling van sy of haar aansprake aanvanklik in Natal (Wet 22 van 1863) en later in die Erfopvolging Wet 13 van 1934 nooit 'n intestate erfgenaam van die erflater nie aangesien die intestate erfreg uitsluitlik oor bloedverwantskap gegaan het. Vóór daardie datum kon daar dus nooit sprake wees van representasie van die onbevoegde of selfs vooroorlede langslewende gade deur sy afstammelinge uit 'n vroeëre huwelik nie. Hoewel geen gerapporteerde regspraak daaroor aangetref is nie, en vergeefs in die erkende handboeke na uitsluitsel daaroor gesoek word, sou ook nie ná 1934 en vóór 1992 argumenteer kon word dat die kinders uit 'n vroeëre huwelik van die vooroorlede gade van die erflater die vooroorledene kan representeer ten aansien van die intestate bevoordeling uit die langslewende se boedel nie. Daardie wet het immers slegs vir die erfregtelike bevoordeling van die *langslewende* gade voorsiening gemaak en nie ook vir dié van die vooroorledene nie. Die vooroorledene was dus nooit binne die idioom van byvoorbeeld Groenewegen se *Tafel van het Hollantsche versterf-recht* 'n vooroorlede *erfgenaam* van die erflater nie.

Voor die wetswysiging van 1992 sou representasie ook nie tot die kinders van ons hipotetiese wewenaar se voordeel ter sprake kon kom indien hul vader onwaardig of onbekwaam tot erfregtelike bevoordeling uit die boedel van die erflater bevind is nie. Die gemeenregtelike reël om representasie bepaal dat 'n persoon wat self nog in lewe is maar bloot onwaardig of onbevoeg is of die

Aan die ander kant kon K se stelling (dreigement?) dat weiering om die toets te ondergaan, die gevangenes se posisie as kombuispersoneel kon beïnvloed, moontlik 'n genoegsame invloed op die eiser gehad het dat sy toestemming nie uit eie vrye wil gegee is nie. Was dit die geval, was daar nie ware toestemming nie en was K se optrede inderdaad onregmatig (vgl bv Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 98).

Hoe dit ook al sy, die hof bevind dat die toetsing onregmatig was (304E–F), en gaan voort om te oorweeg of die vereiste *animus iniuriandi* teenwoordig was. Hier is dit van belang dat K nie bewus was van die amptelike beleid van die departement nie. Hy het dus nie onregmatigheidsbewussyn gehad nie en volgens algemene beginsels dus ook nie opset nie (vgl bv Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 123–124). Desnietemin bevind die hof dat die vereiste *animus iniuriandi* teenwoordig was. Die hof steun op die appèlhofuitsprake in *Whittaker v Roos and Bateman* 1912 AD 92 en *Minister of Justice v Hofmeyr* 1993 3 SA 131 (A) vir die proposisie dat die eiser in 'n geval soos die onderhawige nie onregmatigheidsbewussyn hoef te bewys nie. In laasgenoemde beslissing het appèlregter Hoexter hom byvoorbeeld soos volg uitgelaat (154H–I):

> "It is clear that without *dolus* the action for an *iniuria* would lie neither in Roman law nor in Roman-Dutch law . . . It is equally clear, however, that in a limited class of *injuriae* the current of precedent has in modern times flowed strongly in a different direction. In this limited class of delicts *dolus* remains an ingredient of the cause of action, but in a somewhat attenuated form, in the sense that it is no longer necessary for the plaintiff to establish consciousness on the part of the wrongdoer of the wrongful character of his act. Included in this limited class are cases involving false imprisonment and the wrongful attachment of goods."

Regter Kirk-Cohen beslis dat die onderhawige geval op dieselfde manier hanteer moet word (306C–E):

> "Sergeant Kinnear intended [hier klaarblyklik in die sin van 'kleurlose' opset bedoel] to take a sample of the plaintiff's blood if the plaintiff consented to undergo the test. The plaintiff did in fact consent. But Sergeant Kinnear did not know of the norm of informed consent adopted by his own department through no fault of his own. Throughout he acted completely *bona fide*. The principles enunciated by the Appellate Division in *Whittaker's* and *Hofmeyr's* cases in regard to the definition of *animus iniuriandi* apply to this case. In my opinion the fact that those cases dealt with imprisonment and this case deals with informed consent to undergo a blood test is of no consequence; they both deal with an invasion of privacy. Ill will, spite and motive are irrelevant. Despite Sergeant Kinnear's *bona fides*, the defendant is in the same situation as were the defendants in the two Appeal Court cases. In conclusion, I find that the requirements of *animus iniuriandi* in this case are the same as those laid down in the two cases *supra* and that those requirements have been proved."

Terloops kan daarop gewys word dat die relevante *iniuria* in die twee gemelde appèlhofsake nie privaatheidskending was nie, maar wel vryheidsberowing (vgl bv Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 124–125 129–130; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 327–328 344–346). Verder is 'n kwade motief en onregmatigheidsbewussyn nie sinoniem nie. 'n

Mens kan byvoorbeeld 'n goeie motief saam met onregmatigheidsbewussyn hê – soos in die geval van genadedood om iemand lyding te spaar (vgl bv Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 42 vn 36).

Hoe ook, die onderhawige uitspraak onderstreep 'n belangrike ontwikkeling in die regspraak, naamlik dat in die geval van sekere *iniuriae* wat teenoor gevangenes gepleeg word, die opsetsvereiste afgewater word deurdat onregmatigheidsbewussyn nie vereis word nie (of dat opset as vereiste moontlik heeltemal versaak word – vgl bv Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 328). Hierdie saak verteenwoordig self ook 'n uitbreiding van hierdie ontwikkeling aangesien vorige gevalle oor vryheidsberowing (of aantasting van die fisies-psigiese integriteit: vgl *Neethling's Law of personality* 99 vn 111) gehandel het, terwyl die betrokke beginsel in die onderhawige saak nou ook na privaatheidskending uitgebrei word.

Gesien die uiters ongelyke verhouding tussen gevangenisowerheid en gevangene, kan daar waarskynlik regspolities veel ten gunste van so 'n ontwikkeling gesê word. 'n Soortgelyke posisie geld ook ten opsigte van onregmatige beslaglegging op goed, waarskynlik weer eens vanweë die ongelyke verhouding tussen geregsdienaar en gewone landsburger (vgl bv Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 342–343). Die enigste *caveat* wat 'n mens moontlik kan byvoeg, is dat die howe enige verdere uitbreidings van hierdie ontwikkeling – synde 'n afwyking van gevestigde deliksbeginsels – altyd met groot omsigtigheid behoort te benader, en telkens alle tersaaklike belange en beleidsoorwegings in ag moet neem.

JC KNOBEL
Universiteit van Suid-Afrika

VOORDEELTOEREKENING BY PENSIOENVOORDEEL EN BY ONGESKIKTHEIDSPOLIS

Standard General Insurance Co Ltd v Dugmore
1997 1 SA 33 (A)

1 Belang van die uitspraak

Voordeeltoerekening word internasionaal as een van die moeilikste vraagstukke van die skadevergoedingsreg beskou (vgl in die algemeen Fleming "Collateral benefits" in *International encyclopedia of comparative law* (1981) hfst X1; Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 187 ev 215 ev). Daar is ook relatief min uitsprake van ons hoogste hof van appèl wat hieroor handel en bloot om hierdie rede is die onderhawige uitspraak van besondere belang. Enersyds bevestig die saak die algemene aanvaarbaarheid van die bekende dog omstrede beslissing in *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 SA 904 (A) (soos ietwat gekwalifiseer in *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Swanepoel* 1988 2 SA 1 (A)) waarvolgens 'n pensioenvoordeel in bepaalde gevalle teen 'n eiser se skadevergoedingsbedrag op grond van verlies van inkomste verreken moet word. Aan die ander kant beklemtoon die uitspraak die internasionaal aanvaarde beginsel

dat betalings met 'n vrygewigheidsmotief nie 'n skadevergoedingsbedrag kan verminder nie (bv *Henning v South British Insurance Co Ltd* 1963 1 SA 272 (O) en veral *Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A)).

2 Basiese feite

Die eiser (ene Richter namens wie 'n aksie deur sy kurator ingestel is) is ernstig beseer in 'n motorongeluk en die verweerder was regtens verplig om skadevergoeding vir onder meer verlies van verdienvermoë (of verlies van inkomste) te betaal. Weens sy beserings moes die eiser voortydig uit sy werkgewer (Syfrets) se diens tree. As dit nie vir die beserings was nie, sou die eiser in diens gebly het tot hy 63 jaar oud was en boonop 'n salaris en pensioen van R1 349 428 ontvang het. Die eiser was kontraktueel verplig om 'n lid van die Syfrets-pensioenfonds te wees. Sowel die eiser as die werkgewer het maandeliks tot hierdie fonds bygedra. Volgens die reëls van die fonds kry die eiser vanweë sy ongeskiktheid 'n bepaalde bedrag wat die plek inneem van sy salaris en pensioen (wat hy by normale aftrede sou ontvang). Die gekapitaliseerde waarde van die ongeskiktheidsbedrag aldus ontvang, is R858 076 en die vraag is of dit verreken moet word teen die bedrag van R1 349 428 waarna hierbo verwys (40B–G).

'n Verdere vraag was of sekere voordele ten bedrae van ongeveer R400 000 vir permanente ongeskiktheid en R25 000 vir mediese onkoste in berekening gebring moet word (43). Ingevolge 'n ongeluksversekeringspolis deur Lloyds onderskryf, is die Nedcor-groep waarby Syfrets geaffilieer is, beskryf as een van die "insured" met sy werknemers die "insured persons". Die premies vir die versekering is deur Nedcor betaal en nie deur die eiser nie. Volgens die polis sou bedrae betaalbaar word in geval van 'n werknemer wat beseer word (al hou dit geen verband met sy dienslewering nie). Vermelde bedrae is aan Nedcor betaal en weer aan die eiser oorgedra.

3 Uitsprake en bevindings

Die hof bevind (42I–43B van die meerderheidsuitspraak en 46H van die minderheidsuitspraak) dat die ongeskiktheidspensioen wat die eiser van die Syfrets-pensioenfonds ontvang het, wel teen sy skadevergoedingseis verreken moet word. Die hof grond hierdie bevinding onder meer op die *Dippenaar*-saak *supra* 920 en die *Swanepoel*-saak *supra* 10. Volgens die hof is die voordeel op die eiser se dienskontrak gebaseer en het hy juis gepoog om sy skade met verwysing na hierdie kontrak te bewys. Luidens die *Dippenaar*-saak moet die hele kontrak in so 'n geval oorweeg word en lei dit tot die aftrekking van voordele waarvoor die kontrak voorsiening maak. Voorts was die bedrag deur hom ontvang duidelik bedoel as *kompensasie* vir sy skade en nie as 'n *solatium*, 'n *ex gratia*-betaling of as 'n versekeringsvoordeel nie (dit is nie presies duidelik wat die hof met die verwysing na "versekering" te kenne wil gee nie – sien oor die relevansie van die verskillende vorme van versekering Visser en Potgieter 192–195).

Wat betref die verdere bedrae van ongeveer R400 000 en R25 000 wat deur Lloyds onderskryf is, handhaaf die meerderheid van die hof (*per* Olivier AR, Vivier AR en Van Heerden AR – lg lewer 'n afsonderlike uitspraak) die standpunt van die hof *a quo* dat dit as *res inter alios acta* beskou moet word. Die voordele is nie betaal as gevolg van Richter se dienskontrak nie en daar is geen verwysing in hierdie kontrak na die betrokke voordele nie (44E). Volgens die hof is daar ook geen *nexus* tussen die versekeringsvoordele en die eiser se verlies van verdienvermoë nie. Die betrokke bedrag kan dus nie as vergoeding vir

verlies van inkomste of verdienvermoë beskou word nie. Dit moet eerder gesien word as versekering wat die werkgewer uitneem en waarvoor die werknemer nie hoef te betaal nie:

> "The benefits under the Lloyds policy are paid to the employee who has already, by payment of the disability pension, been compensated under the contract for his loss of earning capacity. Payment of the Lloyds policy constitutes additional insurance benefits procured by the benevolence of the employer. As such it is as far as the defendant is concerned *res inter alios acta* and not deductible from the plaintiff's claim" (45C).

Appèlregter Van Heerden voeg in sy uitspraak (45F–G) by dat daar geen aanduiding was dat Syfrets bedoel het om hom *vis-à-vis* sy werknemers te verbind om die versekeringsvoordele wat hy ontvang het, oor te betaal nie. Die betaling wat gemaak is, is in die aard van 'n geskenk. Die vraag is egter nie, volgens regter Van Heerden, of daar die een of ander kontraktuele verpligting tot betaling was nie maar of die voordele uit kontrak wesenlik uit vrygewigheid ontstaan het (*Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Byleveldt supra* 154; Boberg *The law of delict I: Aquilian liability* (1984) 587). Op grond van 'n aantal oorwegings kom die betrokke regter (46C–F) tot die slotsom dat die voordele nie verreken kan word nie aangesien dit uit 'n vrygewigheidsbedoeling spruit.

In 'n *minderheidsuitspraak* (deur Marais AR met wie Eksteen AR saamstem), word bevind dat die bedrag van R25 000 hierbo nie verreken kan word nie aangesien 'n bedrag vir mediese uitgawes nie teen 'n eis vir verlies van verdienvermoë in ag geneem kan word nie (46H). In 'n noukeurig beredeneerde uitspraak (sien egter die kommentaar in par 5 hieronder) kom die minderheid na oorweging van al die getuienis oor die versekeringsvoordeel tot die gevolgtrekking dat die betrokke voordeel inderdaad teen die eis om skadevergoeding verreken moet word:

> "It was compensation paid because of the inability to perform the very income earning occupation which was used as the basis for calculating the claimed damages for loss of earning capacity. I am therefore unable to share the view that there was no *nexus* between the benefit received and Mr Richter's loss of earning capacity. It was a benefit which had been extended to Mr Richter and other employees for at least 16 years and one which was spelt out in the handbook produced for employees" (51J–52A).

Die minderheid doen 'n beroep op die uitspraak in die *Dippenaar*-saak *supra* vir die gevolgtrekking dat die voordeel "simbioties" verband hou met die diensbetrekking en dus nie geïgnoreer kan word nie (52B).

4 Evaluasie van aspekte van meerderheidsuitspraak

Die uitspraak bevat onder meer 'n nuttige bevestiging van die volgende basiese beginsels van die skadevergoedingsreg in die algemeen en van die problematiek by voordeeltoerekening in die besonder: (a) die basiese doel van 'n skadevergoedingstoekenning (41C); (b) die vergelykingstoets by die bepaling van skade en skadevergoeding (41E); (c) 'n verwerping van die beginsel dat elke voordeel wat feitelik uit die skadestigtende gebeurtenis spruit, relevant is (41G) (en dus ook 'n verwerping van die standpunt in Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 183 wat blykbaar alle voordele voor die voet teen 'n vergoedingseis wil verreken); (d) die feit dat daar nie een toets is wat op sigself aangewend kan word om te bepaal of 'n voordeel verreken moet word of nie (42A–B); (e) dat beleidsoorwegings ten aansien van billikheid die deurslag gee by voordeeltoerekening (42B); (f) dat iemand se verdienvermoë 'n

bate in sy boedel is (42C); en (g) dat betalings wat as 'n *solatium* gedoen word of as 'n vrygewigheidsbetaling bedoel word, van voordeeltoerekening uitgesluit word (42D–E).

Die hof weier om te aanvaar dat die *Dippenaar*-saak *supra* duidelik verkeerd is (ondanks al die kritiek wat al daarteen uitgespreek is – sien bv Visser en Potgieter 197–199 vir 'n samevatting). Die hof het weliswaar nie die meriete van hierdie kritiek behandel nie maar ondanks die anomalieë deur die kritiek uitgewys, kan die onderhawige uitspraak ondersteun word dat *Dippenaar* (soos gekwalifiseer in *Swanepoel supra* 9–11; sien egter ook *Pretorius v Transnet Bpk* 1995 2 SA 309 (A)) nie so verkeerd is dat die hoogste hof van appèl dit totaal moet verwerp nie. In hierdie opsig bevestig die hof bestaande beginsels en die regsekerheid wat dit bring, kan verwelkom word.

Dit moet nietemin duidelik wees dat indien 'n eiser sou poog om sy verlies van verdienvermoë te bewys op 'n ander wyse as deur die gebruikmaking van 'n bestaande dienskontrak wat ook vir sekere voordele as gevolg van die skadestigtende gebeurtenis voorsiening maak, sodanige voordele waarskynlik buite rekening gelaat kan word. Dit behoort natuurlik steeds vir 'n *verweerder* moontlik te wees om getuienis rakende 'n bestaande dienskontrak en voordele ingevolge daarvan aan te voer wat relevant kan wees (as die vereiste *nexus* daar is) by die bepaling van skadevergoeding vir verlies van verdienvermoë – al steun die *eiser* nie op sodanige kontrak nie. 'n Bestaande dienskontrak kan beswaarlik heeltemal irrelevant wees by die bepaling van iemand se verdienvermoë (ek meen ook nie dat *Swanepoel supra* 10 werklik beoog om die teendeel te beslis nie).

Wat die voordeel van R400 000 betref, blyk dit dat die hof (44D–F) die juiste siening oor die bewyslas het: die *verweerder* (*in casu* die appellant) moet aantoon dat die voordeel verreken behoort te word omdat dit uit die bestaande dienskontrak spruit. Dit is in ooreenstemming met die korrekte benadering dat voordeeltoerekening nie handel oor *skadebepaling* nie maar wel oor die *berekening van skadevergoeding* (sien ook Visser en Potgieter 215). Net soos die bewyslas ten aansien van die nie-nakoming 'n eiser se mitigasieplig op die verweerder rus (bv *Jayber (Pty) Ltd v Miller* 1980 4 SA 280 (W)), dra laasgenoemde ook die bewyslas by 'n bewering dat die skadevergoedingsbedrag waarop die eiser *prima facie* geregtig is, deur voordeeltoerekening verminder moet word.

Ook noemenswaardig is die hof se siening dat daar *'n verband moet wees tussen die voordeel en die skade* (44I–J). *In casu* beteken dit dat sonder bewys van so 'n verband tussen die versekeringsbetaling en die verlies van verdienvermoë, die voordeel buite rekening gelaat word. Hierdie verband moet nie verwar word met die vanselfsprekende verband wat daar tussen die skadestigtende gebeurtenis en die voordeel moet wees nie (sien bv *Hunter v Shapiro* 1955 3 SA 28 (D); De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en handelsreg* bd I (1992) 225 vn 144; Visser en Potgieter 220 wat hierna verwys as die "relevansie van die voordeel"). Hierdie verband hang waarskynlik breedweg saam met die feit dat die voordeel, om hoegenaamd in aanmerking te kan kom vir voordeeltoerekening, as kompensasie vir die betrokke nadeel bestem moet wees (sien (b) hieronder).

Ander oorwegings wat die hof aanvoer vir die nie-verrekening van die R400 000, is die volgende (45A–C):

(a) Die bedrag is arbitrêr bereken en toon nie 'n verband met die werklike skade nie (wat waarskynlik nie behoort te beteken dat so 'n bedrag *nooit* in ag geneem kan word nie);

(b) die bedrag kan nie beskou word as *kompensasie* vir die verlies van inkomste of verlies van verdienvermoë nie (Reinecke "Nabetragtinge oor die skadeleer en voordeeltoerekening" 1988 *De Jure* 231–232 noem 'n *kompensasie-bedoeling* as een van sy vier vereistes alvorens 'n voordeel verreken kan word – die ander vereistes is 'n kousale verband tussen die skadestigtende gebeurtenis en die voordeel, dat die voordeel 'n werklike voordeel moet wees, en dat daar nie van 'n *solatium*-betaling sprake moet wees nie);

(c) die betaling van die voordeel kan gesien word as *addisionele versekeringsvoordele* wat deur die werkgewer betaalbaar geword het (sien oor die verskillende vorme van versekering en die relevansie daarvan by voordeeltoerekening, Visser en Potgieter 192–195; Reinecke 1988 *De Jure* 233; *Paton v Santam Ins Co Ltd* 1965 2 PH J25; vgl verder *Burger v President Versekeringsmaatskappy Bpk* 1994 3 SA 68 (T));

(d) die versekeringsvoordeel is deur die *vrygewigheid* van die werkgewer oorbetaal (sien ook 45G 46F *per* Van Heerden AR); en

(e) die voordeel is betaal toe daar in die lig van die pensioenbetalings aan die eiser nie meer verlies van verdienvermoë oor was waarvoor kompensasie geëis kon word nie (hierdie argument lê miskien te veel klem op die presiese *tydstip* waarop 'n betaling gemaak word, of wanneer iemand op 'n betaling geregtig word).

Bovermelde oorwegings bied 'n nuttige aanknopingspunt vir die gepoogde formulering van 'n tipe algemene leerstuk betreffende voordeeltoerekening (sien ook Reinecke 1988 *De Jure* 231–232; vgl egter ook par 6 hieronder).

Die kwessie van die vrygewigheidsbedoeling berus hoofsaaklik op 'n evaluering van die getuienis en hoef nie hier oorweeg te word nie (sien egter par 5 hieronder). In elk geval blyk dit ten minste dat die verweerder hom nie gekwyt het van sy bewyslas om aan te toon dat voordeeltoerekening wel moet plaasvind nie.

5 Evaluering van minderheidsuitspraak

Die hof se uiteensetting van die basiese beginsels by die vasstelling van skade en skadevergoeding is nuttig (47). Dit blyk dat die hof in 'n sin die sogenaamde konkrete benadering tot skadebepaling voorstaan (vgl Visser en Potgieter 68–69) en nie die klassieke sommeskadeleer nie:

> "Patrimonial loss, if any, is assessed by comparing the plaintiff's pre-injury patrimony (actual and prospective) with his post-injury patrimony and determining the extent to which the former has been diminished by the injury" (47G–H).

Dit moet duidelik wees dat skadebepaling ten aansien van toekomstige skade nie kan plaasvind sonder dat daar van 'n hipotetiese element gebruik gemaak word nie (Visser en Potgieter 66 70; vgl ook 1994 (2) *Tijdschrift voor Privaatrecht* 857).

Die minderheid se beklemtoning van die beginsel dat voordeeltoerekening nie plaasvind in gevalle van vrygewigheidsbetalings en by (skade)versekering nie (48D–E), is natuurlik korrek. Dieselfde kommentaar geld vir die hof se stelling dat logika nie (altyd) 'n verklaring vir ander gevalle van verrekening of nieverrekening bied nie en dat daar met breë oorwegings van billikheid en sosiale aanvaarbaarheid gewerk word (48).

Die hof se stelling dat dit *in casu* nie gaan om 'n algemene verlies van verdienvermoë nie maar om verlies van die voordele uit 'n bepaalde dienskontrak

(49D–E), dui moontlik op die verskille wat daar kan wees tussen skadevergoeding op grond van "toekomstige verlies van inkomste" en weens "verlies van verdienvermoë" (vgl ook Visser en Potgieter 51 vn 57). Oor die presiese verband tussen hierdie twee konstruksies is daar ongelukkig steeds nie voldoende duidelikheid in die regspraak nie.

Die feit dat die twee appèlregters wat die minderheidsuitspraak lewer op dieselfde getuienis as wat voor die meerderheid gedien het, tot die teenoorgestelde gevolgtrekking kon kom, naamlik dat die uitbetaling van R400 000 nie bloot uit vrygewigheid geskied het nie maar 'n integrerende deel was van dit waarop die eiser uit hoofde van sy diensbetrekking geregtig was (50–51), is effe kommerwekkend. Dit dui moontlik op die vaagheid van die maatstaf van "vrygewigheid" wat so 'n betekenisvolle rol by die afwysing van voordeeltoerekening speel. Anders beskou, weerspieël dit verskillende sieninge oor die billikheid van die aftrekking van die betrokke bedrag *in casu*, met 'n gevolglike "manipulasie" van die vrygewigheidsbegrip om die gewensde resultaat te regverdig. Dieselfde kommer kan uitgespreek word oor die minderheid se bevinding (52A–B) dat daar inderdaad 'n *nexus* tussen die voordeel en Richter se verlies van verdienvermoë was (hier gebruik die hof interessant genoeg die uitdrukking "loss of earning capacity" en lê nie soos voorheen (49D) klem op verlies van "anticipated earnings" nie). Hierdie siening van die minderheid is waarskynlik in effek 'n effens gewaagde uitbreiding van die strekwydte van die *Dippenaar*-saak om voordele wat nie duidelik deel uitmaak van die kontrak wat ter bewys van skade aangebied is nie, wel te kan verreken.

Aan die ander kant is die minderheid se bevinding dat die betaling van 'n pensioen aan Richter nie beteken het dat die R400 000 nie ook as kompensasie bedoel kon gewees het nie (52J–53A), waarskynlik meer oortuigend as die siening van die meerderheid (45B) dat dit nie die geval kon wees nie. Verlies van verdienvermoë is normaalweg nie so presies bepaalbaar dat geredelik bevind kan word dat iemand oorgekompenseer is nie. Die spekulatiewe elemente by die bepaling van skadevergoeding in hierdie gevalle maak dit ook moeilik om oorkompensasie te bevind.

Die standpunt van die hof (53D–E) dat die sogenaamde "vrygewigheidsbetalings" juis aan 'n werknemer gemaak word om 'n *diensbetrekking* met die werkgewer aantreklik te laat lyk, is al tevore in ietwat ander verband deur Koch gestel ("Aquilian damages for personal injury or death" 1989 *THRHR* 213):

> "When an employer continues to pay wages to an injured employee, this will seldom be a 'donation' in the strict sense of the word. An employer of a large workforce has much to gain in terms of worker contentment if he is perceived to be a caring and generous employer."

6 Slotopmerkings

Behalwe die kommerwekkende verskille ten aansien van die interpretasie van die feite oor die aard van die beweerde vrygewigheidsbetaling van R400 000 aan Richter, kan al die uitsprake in die onderhawige saak as nuttig beskou word. Dit bevestig heelwat bekende beginsels van die skadevergoedingsreg en werk so mee tot regsekerheid.

Dit is nie onverwags dat die hof die omstrede *Dippenaar*-saak bevestig het nie. Die hof verwerp in effek die standpunt van Boberg (610) dat alles nie behoort af te hang van hoe die eiser sy verlies probeer *bewys* nie, naamlik of hy 'n bestaande dienskontrak as getuienis aanvoer al dan nie. Dit is wel logies om te

onderskei tussen 'n geval waar die eiser slegs eis op grond van die verlies van voordele uit 'n bepaalde kontrak, en waar hy eis op grond van 'n algemene verlies van verdienvermoë (sien ook Reinecke 1988 *De Jure* 227 ev wat meen dat *Dippenaar* op hierdie basis verklaar kan word aangesien die eiser sy saak in effek voer as een vir verlies van regte uit 'n bepaalde dienskontrak – in so 'n geval moet daar 'n balansstaat opgestel word van wat die eiser alles uit die kontrak verkry het en wat hy *moet* verkry het; *Swanepoel supra* 10).

In die algemeen kan aanvaar word dat daar in praktyk 'n kasuïstiese benadering ten aansien van voordeeltoerekening ontwikkel het. Dit is in die lig van al die veranderlikes betrokke (sien hieroor Visser en Potgieter 219–221 vir 'n lys hiervan) onwaarskynlik dat daar ooit 'n presiese "rule of thumb" sal ontwikkel of geformuleer kan word wat alle gevalle sinvol dek. Die enigste algemene verklaring vir alle gevalle van voordeeltoerekening kan waarskynlik in vae begrippe soos "billikheid", "openbare beleid" ensovoorts geleë wees.

Die beste oplossing vir die problematiek van voordeeltoerekening word by skadeversekering aangetref. Volgens die beginsels daar toegepas, mag die verweerder nie voordeel trek uit die versekeringsvoordele nie, maar ontvang die eiser nie kompensasie vir meer as sy skade nie en het die bron van die voordeel (die versekeraar) ook 'n remedie (sonder dat die aanspreeklike meer as een keer vergoeding moet betaal). Na my mening is die algemene rigting waarin die reg ten aansien van voordeeltoerekening behoort te ontwikkel, dat die bron van voordele aan die eiser nie onverhaalbare nadeel ly of die eiser meer ontvang as die skade wat hy werklik gely het nie. Waarskynlik sal net die wetgewer sodanige veranderinge kan aanbring.

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

GRONDWETLIKHEID VAN MMF-WETGEWING EN TOEGANG TOT KONSTITUSIONELE HOF

Tsotetsi v Mutual and Federal Insurance Co Ltd
1997 1 SA 585 (CC)

1 Feite

Op 25 Februarie 1991 was die applikant in hierdie saak in 'n motorbotsing betrokke waarin hy na bewering so ernstig beseer is dat hy nou 'n kwadrupleeg is. Volgens die applikant was die ongeluk uit en uit die gevolg van die nalatigheid van die bestuurder van die voertuig waarin hy 'n passasier was en is hy in die loop van die besigheid van die eienaar van die voertuig vervoer. Op 5 April 1994 het die applikant 'n aksie vir skadevergoeding in die Transvaalse Afdeling van die Hooggeregshof ingestel, en 'n bedrag van R1 143 600 van die respondent geëis. Laasgenoemde is 'n benoemde agent ingevolge die Multilaterale Motorvoertuigongelukkefondswet 93 van 1989 (hierna die MMF-wet).

Die respondent het hom op artikel 46(a)(ii) van die MMF-wet beroep. Artikel 46(a)(ii) beperk die aanspreeklikheid van die MMF of sy benoemde agent tot 'n bedrag van R25 000 vir elke passasier of elke afhanklike van 'n oorlede passasier, indien die passasier in die "loop van besigheid van die eienaar van die motorvoertuig" vervoer is. Sowel algemene as spesiale skade word by die berekening van die MMF of sy agent se aanspreeklikheid vir skadevergoeding in aanmerking geneem. Bykomstig tot hierdie pleit het die respondent hom op artikel 47 van die MMF-wet beroep. Artikel 47 beperk die passasier of sy afhanklike se skadevergoedingseis tot 'n bedrag wat gelyk is aan die verskil tussen bogenoemde R25 000 (of die werknemer se werklike, volle gemeenregtelike skade as dit minder as R25 000 is) en die bedrag deur die Vergoedingskommissaris betaal, indien die passasier 'n "werknemer" is ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993, in werking vanaf 1 Maart 1993. Hierdie wet het die Ongevallewet 30 van 1941 vervang.

Die applikant het egter die grondwetlikheid van artikels 46(a)(ii) en 47(a) in geskil geplaas en versoek dat die geldigheid van hierdie artikels uit hoofde van artikel 102 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 (hierna Grondwet) na die konstitusionele hof verwys moet word. Gevolglik het die hooggeregshof (nou as die hoë hof bekend) dan ook hierdie vraag na die konstitusionele hof verwys.

2 Verwysing na die konstitusionele hof

Die eerste vraag voor die konstitusionele hof was of die verwysing na die betrokke hof korrek was. Artikel 102(1) van die Grondwet bepaal soos volg:

> "Indien daar by enige aangeleentheid voor 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof 'n geskilpunt is wat deurslaggewend vir die saak kan wees, en wat binne die uitsluitlike jurisdiksie van die Konstitusionele Hof ingevolge artikel 98(2) en (3) val, verwys die betrokke provinsiale of plaaslike afdeling, indien hy van mening is dat dit in die belang van geregtigheid is om dit te doen, daardie aangeleentheid na die Konstitusionele Hof vir sy beslissing: Met dien verstande dat, indien dit nodig is dat getuienis aangehoor word ten einde sodanige geskilpunt te beslis, die betrokke provinsiale of plaaslike afdeling sodanige getuienis moet aanhoor en 'n bevinding daaroor moet maak voordat die aangeleentheid na die Konstitusionele Hof verwys word."

Die drie voorwaardes waaraan 'n geldige verwysing moet voldoen, word weer eens aangetoon. Eerstens moet die vraagstuk binne die eksklusiewe jurisdiksie van die konstitusionele hof val. Tweedens moet die vraagstuk bepalend vir die betrokke saak wees. Derdens moet die verwysende hof oorweeg of die verwysing in die belang van geregtigheid sal wees. Volgens regter O'Regan is die oorweging dat daar *redelike vooruitsigte* moet wees dat die verwysing suksesvol sal wees implisiet in die vereiste dat die verwysing in die belang van geregtigheid moet wees (sien ook *S v Mhlangu* 1995 3 SA 867 (CC); *Bernstein v Bester* 1996 2 SA 751 (CC) en die bespreking van Stander en Jansen van Rensburg 1997 *THRHR* 348). Hoewel hierdie oorweging genoem word, word dit nie in die betrokke saak verder gevoer nie.

3 Uitspraak van regter O'Regan

3 1 Eksklusiewe jurisdiksie en bepalend vir die betrokke saak

Die vraagstuk val binne die eksklusiewe jurisdiksie van die konstitusionele hof maar is nie bepalend vir die betrokke saak nie. Daar word verwys na *Luitingh v*

Minister of Defence 1969 2 SA 909 (CC) waar beslis is dat die vraagstuk bepalend vir die saak voor die verwysende hof sal wees indien die bevinding van die konstitusionele hof 'n beslissende effek sal hê op die uiteindelike uitslag van die saak in die geheel óf op enige noemenswaardige aspek met betrekking tot die wyse waarop die oorblywende dele van die saak hanteer behoort te word (sien ook *Brink v Kitshoff* 1996 6 BCLR 752 (CC) en die bespreking van Stander en Jansen van Rensburg 1997 *THRHR* 119).

In die onderhawige saak het die ongeluk plaasgevind en is die dagvaarding uitgereik voordat die Grondwet in werking getree het. In *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (CC) het die konstitusionele hof tereg beslis dat die hof nie geredelik sal inmeng met regte wat reeds voor die inwerkingtreding van die Grondwet gevestig het nie. Die respondent se aanspreeklikheid om skadevergoeding te betaal, was op die tydstip van die ongeluk reeds vasgestel (inderdaad beperk). Die aanspreeklikheid kon gevolglik nie deur die Grondwet uitgebrei word nie. Die Grondwet het eers in werking getree ná die ongeluk plaasgevind het. Die gevolgtrekking word bereik dat die applikant nie sy toevlug tot die Grondwet kan neem om die geldigheid van die tersaaklike artikels aan te veg nie. Dusver is die vraagstuk dus nie bepalend vir die saak nie.

Onmiddellik kom die vraag egter by 'n mens op of dit nie moontlik is dat waar die afdwinging van reeds gevestigde of vasgestelde regte onregverdig is, dit deur die konstitusionele hof verbied kan word nie. In *Du Plessis v De Klerk* is die vraag nie beantwoord nie. Die applikant argumenteer dat die konstitusionele hof wel die onregverdige afdwinging van sodanige regte kan verbied en dat die betrokke saak voor die hof inderdaad so 'n geval is. Daar word geredeneer dat daar verskeie faktore bestaan waarvolgens die betrokke saak van die *Du Plessis*-saak onderskei kan word: Eerstens het die *Du Plessis*-saak oor 'n geskil tussen private litigante gehandel. Die saak onder bespreking is 'n geskil tussen die respondent wat as agent van 'n staatsinstansie, die MMF, optree en die applikant as 'n private individu. In die tweede plek handel die betrokke saak oor 'n statutêre bepaling wat volgens die applikant tot growwe inbreukmaking van die reg op gelykheid aanleiding gee. Wat die applikant met hierdie argument te kenne gee, is klaarblyklik dat die private individu in 'n ongelyke bedingingsposisie teenoor die staatsinstansie staan en dat die individu daardeur benadeel word. Terselfdertyd bestaan 'n beperking wat deur middel van wetgewing teweeggebring is en behoort die hof die onregverdige afdwinging van bedoelde regte te kan verbied. As daar 'n beperking sou bestaan het waar twee private individue teenoor mekaar te staan kom, is die argument waarskynlik dat die beperking op ooreenkoms gebaseer is. 'n Verbod deur die konstitusionele hof is dan nie ter sprake nie. Derdens word geargumenteer dat geregtigheid bereik sal word deur die bevel net op uitstaande eise van toepassing te maak.

Regter O'Regan meen dat hierdie argumente nie kan slaag nie. Volgens haar is dit in die geval onder bespreking onnodig om die vraag wat in die *Du Plessis*-saak oopgelaat is, te beantwoord. Die gestelde vraag het te doen met die algemene reël van nie-terugwerkendheid van 'n wetlike bepaling of 'n statuut, en die verdere vraag of daar uitsonderlike omstandighede kan bestaan waarin die algemene reël nie aanwending moet vind nie. Selfs indien die laaste vraag bevestigend beantwoord word met die gevolg dat die konstitusionele hof wel die afdwing van sulke vasgestelde regte kan verbied, is die betrokke saak in die woorde van die regter nie so 'n geval nie. Sodanige geval sal slegs ter sprake kom indien dit eerstens duidelik is dat die tersaaklike bepaling of optrede wel 'n

growwe inbreukmaking op die fundamentele regte soos in die Grondwet vervat, teweeg bring; of indien daar spesiale en buitengewone redes is waarom 'n bevel van terugwerkende krag gemaak moet word. Die regter verklaar onomwonde dat dit nie in hierdie saak die geval is nie. Selfs al sou die applikant die hof oortuig dat die tersaaklike artikels (a 46(a)(ii) en 47(a)) 'n inbreuk op die gelykheidsklousule daarstel, kan daar nie gesê word dat daardie bepalings so 'n *growwe* inbreukmaking op die gelykheidsklousule daarstel dat 'n spesiale uitsondering op die algemene reël met betrekking tot die terugwerkende toepassing van die Grondwet gemaak moet word nie. Dit wil dus voorkom of die regter meen dat die "ongelyke" regsposisie van die betrokke partye (private individu teenoor die MMF of benoemde agent) in hierdie saak nie van belang is nie, en selfs al sou dit blyk van belang te wees, dit nie buitengewone omstandighede daarstel nie. Ons stem saam.

Regter O'Regan verwys na die finansiële implikasies van 'n bevel wat die bepalings ongrondwetlik verklaar en dit met terugwerkende effek verwyder. Sy is van mening dat 'n terugwerkende bevel 'n te groot impak op die finansiële status van hierdie fonds sal hê; soveel so dat dit swaarder as die belange van geregtigheid weeg. Dit is inderdaad so. Die insolvensie van die fonds sal onberekenbare skade veroorsaak. Die regter verklaar verder dat die hof nie geredelik 'n bevel sal maak wat die finansiële sake van 'n maatskaplike program skaad nie. Dat dit nie die geval behoort te wees nie, is onbetwisbaar.

Regter O'Regan sê dat dit wel moontlik is, soos die respondent argumenteer, dat die belange van geregtigheid en goeie staatsbestuur die beste bereik sal word deur gebruikmaking van artikel 98(5) van die Grondwet uit hoofde waarvan 'n bevel oor die ongrondwetlikheid van hierdie bepalings vir 'n tydperk deur die hof bepaal, opgeskort word sodat die wetgewer die geleentheid het om die gebrek in die wet of bepaling reg te stel. Die wet bly van krag hangende die regstelling daarvan of die verstryking van die tydperk aldus bepaal. Weer eens en heeltemal tereg is dit die regter se mening dat die finansiële impak van 'n verklaring van ongrondwetlikheid bogenoemde belange van geregtigheid sekondêr stel.

Uit hoofde hiervan word die gevolgtrekking gemaak dat die verwysing van die betrokke saak na die konstitusionele hof nie geldig was nie omdat die betrokke vraagstuk by monde van regter O'Regan nie bepalend vir die saak voorhande kan wees nie. Regter O'Regan se bevinding in hierdie opsig is dan dat die meganisme van artikel 98(5) nie aangewend moet word nie omdat dit, weens die finansiële implikasies van so 'n optrede, nie gewens is dat die betrokke bepalings gewysig word nie. Dit sou die korrekte *werkswyse* wees om te volg maar is inderdaad nie gewens of nodig nie.

Daarmee beslis die regter terselfdertyd dat die verwysing nie in die belang van geregtigheid sal wees nie.

3 2 Die oorweging van direkte toegang in belang van geregtigheid

Die applikant argumenteer dat die betrokke saak 'n gepaste geval is om direkte toegang vir die applikant tot die konstitusionele hof te verleen, welke argument deur die respondent weerspreek word.

Die hof verwys na artikel 100(2) van die Grondwet wat soos volg bepaal:

> "Die reëls van die Konstitusionele Hof kan voorsiening maak vir direkte toegang tot die Hof waar dit in belang van geregtigheid is om dit te doen ten opsigte van enige aangeleentheid waaroor die Hof jurisdiksie het."

Reël 17(1) van die reëls van die konstitusionele hof bepaal dat die hof slegs in uitsonderlike omstandighede direkte toegang kan verleen. Hierdie uitsonderlike omstandighede bestaan slegs waar die saak so dringend of andersins van sodanige openbare belang is dat indien die gewone prosedure gevolg word dit die openbare belang of die belange van geregtigheid en goeie staatsbestuur sal benadeel. Die regter benadruk verder dat dit binne die diskresie van die konstitusionele hof val om direkte toegang te verleen en dat dit nie direkte toegang sal verleen in die afwesigheid van buitengewone omstandighede nie. Daar word na verskeie sake verwys waar die hof wel direkte toegang verleen het, maar daar word herhaaldelik beklemtoon dat uitsonderlike omstandighede moet bestaan en dat elke saak op sy eie unieke feite beoordeel moet word.

Die hof word egter nie oortuig dat die betrokke saak uitsonderlike omstandighede daarstel wat direkte toegang magtig nie. Die volgende redes word hiervoor gegee: Die ongeluk het voor die inwerkingtreding van die Grondwet plaasgevind en die hof kan gevolglik geen bevel in die guns van die applikant maak nie; die respondent staan die bevel teen; daar is geen bewering van enige "disruption" in die besigheid van die fonds wat voldoende is om direkte toegang tot die konstitusionele hof te waarborg nie; en daar is ook nie bewys dat 'n gekwalifiseerde litigant probleme sou hê om die hof vir verligting te nader nie. Ten slotte bestaan daar geen ander besondere omstandighede wat deur die applikant aangevoer word wat direkte toegang tot die konstitusionele hof sou waarborg nie.

Die saak word derhalwe na die Transvaalse Afdeling van die Hooggeregshof terugverwys.

4 Samevatting

Dit is inderdaad so dat die hoë gebruiksfrekwensie van motorvoertuie 'n groot benadelingspotensiaal vir passasiers, voetgangers, fietsryers en bestuurders inhou. Dit is ook so dat indien hierdie risiko as gevolg van 'n motorongeluk realiseer, die nalatige dader in die meeste gevalle nie in staat is om die skade te vergoed nie. Die wanverhouding tussen die omvang van die skade en die vermoë van die gewone man (delikspleger) is dan ook die rede vir die huidige stelsel van motorvoertuigongelukkevergoeding. Dit word deur 'n heffing op brandstofverkope gefinansier sodat daardie persone wat die meeste op die pad is, meer tot die sentrale fonds (MMF) bydra. Hieruit word volle of gedeeltelike vergoeding betaal aan sekere persone wat skade ly weens eie liggaamlike beserings of die liggaamlike besering of dood van 'n ander wat uit motorongelukke voortspruit. Die stelsel verskaf sekuriteit aan sekere benadeelde persone dat hulle wel vergoeding sal kan verhaal. In openbare belang is daar reeds gedurende die veertigerjare ingegryp ten einde hierdie aangeleentheid te reël.

Dat daar nog baie kritiek teen die stelsel ingebring kan word, is waar. MMF-vergoeding bied inderdaad hulp aan slegs 'n geringe persentasie van alle persone wat beserings opgedoen. Tog slaag dit in 'n mate daarin om 'n ekonomies-sosiale probleem te bekamp. Daarom kan die MMF-wet as 'n sosiale maatreël beskou word. Soos die stelsel tans funksioneer, kan die aanspreeklikheid van die MMF of sy benoemde agent nie absoluut en onvermydelik geld nie, óf onbeperk in alle gevalle toepassing vind nie. 'n Stelsel wat wel daarvoor voorsiening maak, sal die motoris baie meer kos. Om sodanige koste vir die motoris laag te hou, is die noodwendige effek van die stelsel dat die MMF nie op die oomblik vir die skade van alle persone kan instaan nie (kyk Hodes *Suzman, Gordon and*

Hodes on the law of compulsory motor vehicle insurance in South Africa (1982) 191). Soos dit tans daar uitsien, is die MMF nie finansieel baie sterk nie. 'n Wysiging van die stelsel sonder vasstelling van 'n addisionele inkomstebron sal die fonds finansieel knak, en dit sal voorwaar nie in belang van geregtigheid wees nie.

Een van die oorwegings wat die beperkings en uitsluitings ten opsigte van passasiers ten grondslag lê, is die moontlikheid van samespanning tussen 'n passasier en die bestuurder van die betrokke motorvoertuig wat die bewys van die bestuurder se skuld betref. 'n Bykomende oogmerk is om 'n kwantitatiewe beperking te plaas op die omvang van die aanspreeklikheid wat uit 'n enkele voorval vir die MMF of sy benoemde agent kan ontstaan (Loubser *Inleiding tot MMF-wetgewing* (1993) 19; Hodes 191).

Daar moet duidelik verstaan word dat die bepalings in artikel 46(a)(ii) nie beteken dat die passasier heeltemal sonder remedie is nie. Dit is steeds vir die benadeelde moontlik om, waar die fonds of sy benoemde agent onbevoeg is om skadevergoeding te betaal, die eienaar of bestuurder aan te spreek. Slegs in die mate waarin die skade kragtens die MMF-wet verhaal kan word, is 'n eiser verplig om die MMF of sy agent aan te spreek en word hy of sy verbied om die eienaar of bestuurder aan te spreek. Laasgenoemde word van sy gemeenregtelike aanspreeklikheid onthef slegs tot die omvang van die skadevergoeding wat kragtens die MMF-wet gebied word. Die eienaar of bestuurder mag derhalwe kragtens die gemenereg gedagvaar word vir enige skade wat die R25 000 oorskry. Artikel 46(a)(ii) is tipies so 'n geval. Die belang van geregtigheid word nie voldoende deur die bepalings in die wiele gery nie as ag geslaan word op die feit dat 'n kwantitatiewe beperking noodsaaklik is as gevolg van die finansiële posisie van die MMF, asook op die rede waarom die besondere kategorie persone soos in artikel 46(a)(ii) uitgesonder word, naamlik die moontlikheid van samespanning.

Gesien in hierdie lig sal 'n argument wat op die "ongelyke" regsposisie van die passasier gegrond is, nie slaag nie aangesien die MMF-vergoedingstelsel 'n deur en deur sosiale maatreël is wat in 'n sekere mate welkome en effektiewe verligting bring, maar terselfdertyd nie 'n benadeelde se gemeenregtelike eis totaal wegneem nie. Die partye is nie werklik in 'n ongelyke bedingingsposisie nie.

Die wisselwerking tussen die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes en die MMF-wet kom daarop neer dat 'n werknemer of sy afhanklike wat ingevolge albei wette op vergoeding geregtig is, nie dubbele vergoeding kan verhaal nie (sien bv Loubser 27). Dit beteken ook dat niks ingevolge die MMF-wet verhaalbaar is indien meer as R25 000 ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes verhaalbaar is nie. Die verhaling van dubbele vergoeding sou onbillik wees.

Ten aanvang is gewys op die standpunt dat die vereiste dat die verwysing van 'n saak na die konstitusionele hof "in belang van geregtigheid" moet wees, 'n ander oorweging impliseer, naamlik dat daar 'n "redelike vooruitsig bestaan dat die verwysing suksesvol sal wees". Hierdie oorweging word nie spesifiek deur regter O'Regan behandel nie. Met die eerste oogopslag wil 'n mens sonder meer aanvaar dat 'n verwysing wat motorvoertuigongelukkevergoeding betref, altyd 'n redelike vooruitsig op sukses sal bewerkstellig omdat dit net redelik, billik en regverdig is dat elke persoon wat in so 'n ongeluk beseer word ten volle vir bedoelde skade vergoed moet word. Dit is 'n situasie waarna enige gemeenskap moet strewe. Maar solank ons stelsel op bogenoemde skuldbeginsel gegrond is

en skuldlose aanspreeklikheidsversekering nie van toepassing of verpligtend is nie, kan aanvaar word dat sekere beperkings moet bestaan. Soos reeds gemeld, sal skuldlose aanspreeklikheidsdekking die motoris baie meer kos. Baie motorvoertuigeienaars sal dit nie kan bekostig nie. Koste word laag gehou deur beperkings daar te stel, en die billikste wyse om te beperk, is deur grense te stel vir die eise van passasiers in die motorvoertuig van die skuldige bestuurder of eienaar. Derhalwe is dit ons mening dat 'n verwysing betreffende motorvoertuigongelukkevergoeding en die eis van bedoelde klas passasier tans nie sonder meer 'n redelike vooruitsig op sukses het nie.

LEONIE STANDER
LINDA JANSEN VAN RENSBURG
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

EMOSIONELE SKOK, JURIDIESE KOUSALITEIT EN BYDRAENDE NALATIGHEID

Gibson v Berkowitz 1996 4 SA 1024 (W)

Tydens ginekologiese behandeling het die eerste verweerder op 'n nalatige wyse die geslagsdele van die eiseres met onverdunde suur gespoel wat ernstige brandwonde veroorsaak het. As gevolg hiervan het die eiseres geweldige pyn en ongemak verduur en emosionele en psigiese nadeel gely. Een van die nadelige gevolge was 'n ernstige depressie en angstoestand. Sy eis kompensasie vir mediese koste, verlies van verdienste, pyn, lyding en verlies van lewensgenietinge.

Vir ons doeleindes is *eerstens* die kwessie van aanspreeklikheid vir die emosionele skok en psigiese nadeel wat gevolg het op die eiseres se fisiese beserings ("the psychological *sequelae* to plaintiff's injuries" – 1038C ev) van primêre belang, en dan veral die delikselement juridiese kousaliteit in hierdie verband. *Tweedens* word die onderskeid tussen die toets vir juridiese kousaliteit en dié vir bydraende nalatigheid uitgelig; en *derdens* word kortliks ondersoek of die hof nie ook aandag moes gegee het aan die moontlikheid dat die eiseres haar mitigasieplig (die verpligting om haar skade nie te laat oploop nie) versaak het nie.

1 Regter Claassen bevestig ten aanvang dat psigiese nadeel in beginsel die Aquiliese aksie (en die aksie weens pyn en lyding) fundeer (1038C–D). *In casu* val die fokus veral op die kwessie van 'n juridiese kousale verband tussen die verweerder se nalatige optrede en die eiseres se psigiese benadeling. Die verweerder beweer eerstens dat 'n kombinasie van faktore wat nie met die verweerder se nalatigheid verband hou nie, die eiseres se depressiewe toestand veroorsaak het; en tweedens dat die eiseres se onredelike versuim om haar aan psigoterapie te onderwerp, 'n tussentredende oorsaak ("supervening cause") daarstel wat die kousale ketting verbreek het.

In verband met kousaliteit bevestig die hof die onderskeid tussen feitelike en juridiese kousaliteit. Alhoewel feitelike kousaliteit nie 'n twispunt in die saak was nie (die verweerder het toegegee dat feitelike kousaliteit aanwesig was –

1041G–I), wek die regter se opmerkings in hierdie verband ongelukkig die indruk dat hy die "but for"- of *conditio sine qua non*-benadering ten onregte as 'n "toets" vir feitelike kousaliteit beskou:

> "The test for factual causation is usually not too difficult to apply to any given circumstances. The *sine qua non* test normally results in an easy answer as to whether or not the harm would have resulted 'but for' the negligent conduct" (1040F–G).

Op grond van hierdie benadering het die regter geen moeite om feitelike kousaliteit te bevind nie. Hy verklaar: "'But for' the negligent burning incident, the plaintiff would never have fallen into her present pit of depression" (1041H).

Soos by herhaling aangetoon is, kan gemelde "toets" nie goedgepraat word nie. Sonder om die aangeleentheid weer in besonderhede te bespreek, moet dit duidelik gestel word dat die "toets" in werklikheid geen kousaliteitstoets is nie, maar hoogstens 'n *ex post facto*-wyse om 'n voorafbepaalde kousale verband uit te druk (sien oa Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 170–171; Snyman *Criminal law* (1995) 72; Neethling en Potgieter "Juridiese kousaliteit bereik volle wasdom" 1995 *THRHR* 347).

Wat juridiese kousaliteit betref, volg regter Claassen die soepele benadering van *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A), *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) en *Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 (A). Hier is die kernvraag of daar 'n genoegsaam noue verband tussen die dader se handeling en die gevolg bestaan dat die gevolg die dader, met inagneming van beleidsoorwegings op grond van billikheid, redelikheid en regverdigheid, toegereken kan word. Die bestaande juridiese kousaliteitsmaatstawwe (soos "direct consequences", adekwate veroorsaking en redelike voorsienbaarheid) het hiervolgens nie 'n deurslaggewende betekenis nie, maar kan wel 'n subsidiêre rol speel by die bepaling van juridiese kousaliteit aan die hand van die elastiese benadering (sien Neethling, Potgieter en Visser 178–181).

Toegepas op die feite van die saak, bevind regter Claassen dat die psigiese benadeling wel die verweerder toegereken kan word:

> "Taking into account reasonableness and equity, I am of the view that the present condition is justifiably linked to the defendant's negligence. Her present worsened depressive disorder is not harm of an altogether different kind from that which one would normally expect after an injury of the kind suffered by the plaintiff. A more severe form of depression, ie a major depressive disorder plus anxiety, following upon a burning of a woman's genitals is not an unexpected phenomenon. It is not a result of 'a different kind from that which would otherwise have resulted from the actor's negligence' (*per* Hiemstra J in *Alston and Another v Marine & Trade Insurance Co Ltd* 1964 (4) SA 112 (W) at 116F–G); it is a normal response to the stimuli created by the negligent injury to the plaintiff (see the *Alston* case *supra* at 117A), particularly so because of her neurotic state of learned helplessness and her inherent personality traits. This is merely a case of a young woman who was incapable of facing the results of her injuries with 'normal' fortitude and courage. In essence her vulnerability stemmed from the weakening effect which her pre-existing personality traits had on her ability to withstand trauma. Hers is a 'thin skull' case in the emotional and psychological sense. That being so, it seems to me that her emotional over-reaction to the stimuli emanating from these additional stressors cannot be regarded as a supervening cause and the defendants must be held liable. It must be remembered that her *sequelae* stemmed from actual physical injury to herself. It was not a case of merely witnessing a traumatic event which induced shock causing subsequent psychological *sequelae*. In cases where psychological *sequelae* follow after actual physical injury, there is less likelihood of

> 'limitless' liability and therefore greater scope for a flexible approach to include liability for psychological *sequelae* which are further removed from the original negligent conduct" (1048G–1049C).

Die regter verklaar voorts (1049I–1050E):

> "The thin skull rule applies . . . The defendants therefore found their victim as she was with all her personality traits which played an important although unquantifiable role in causing the collapse.
>
> The defendants also found the plaintiff with all her built-in stresses and strains arising out of her family-related problems. It is not possible to quantify the influence of these stressors. And thus the fact that the collapse occurred later rather than sooner is with hindsight of little consequence. I respectfully agree with what Berman AJ said in *Masiba and Another v Constantia Insurance Co Ltd and Another* 1982 (4) SA 333 (C) at 342D–F:
>
> 'Regard being had to the physical condition of the deceased and his long history of hypertension the present case affords an almost classic instance of the so-called "thin skull case", the rule being that a negligent defendant is bound to take his victim as he finds him, see *Wilson v Birt (Pty) Ltd* 1963 (2) SA 508 (D) at 516. It being a *sine qua non* of liability where non-physical injury is inflicted that this harm should have been foreseeable, the *application of the "thin skull rule" to cases involving injury of this nature is that once a psychiatric injury of gravity sufficient to render it actionable is foreseeable, then the injured party can recover for more extensive psychiatric damage which is attributable to his pre-existing weakness*, see *Bester* [*v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A)] *supra* at 779' . . .
>
> Applying these principles to the present case I am of the opinion that the defendants are liable for all forms of nervous shock and psychological trauma, the lesser as well as the more serious, following after the injury because it is irrelevant whether the precise nature and extent of plaintiff's psychological trauma could have been foreseen."

Gevolglik verwerp die regter ook die argument dat ander faktore as die verweerder se nalatigheid die eiseres se psigiese benadeling veroorsaak het. Hierdie faktore het dus nie 'n *novus actus interveniens* uitgemaak nie (1050H).

Regter Claassen se benadering tot juridiese kousaliteit in die geval van psigiese benadeling en emosionele skok verdien in die algemeen instemming. Soos die regter dit stel, gaan dit hier om 'n sogenaamde "psigiese eierskedelgeval". Hierdie tipe geval doen hom voor waar die eiser, as gevolg van die een of ander liggaamlike of psigiese swakheid, ernstiger benadeling opdoen weens die dader se optrede as wat die geval sou gewees het as die eiser nie aan so 'n swakheid gely het nie. Meeste juriste is dit eens dat die dader in so 'n geval aanspreeklik moet wees ook vir die benadeling wat aan die aanwesigheid van die betrokke swakheid toegeskryf kan word – hierdie beginsel word in die spreuk "you must take your victim as you find him" weerspieël en staan ook as die *talem qualem*-reël bekend (Neethling, Potgieter en Visser 198–199). Daar bestaan egter nie eenstemmigheid oor die juridiese grondslag vir sodanige aanspreeklikheid nie. Van Rensburg *Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf in die privaatreg* (1972) 59 ev is byvoorbeeld van mening dat die redelike voorsienbaarheidsnorm ook in hierdie gevalle as grondslag van aanspreeklikheid dien. Hy geen nietemin toe dat 'n mens hier met 'n afwyking van die normale toepassing van die norm te doen het aangesien dit oor 'n aantasting van die mens se hoogste regsgoed, sy fisies-psigiese integriteit, gaan. Van der Walt *Delict: Principles and cases* (1979) 100 weer is van mening dat benadeling in hierdie gevalle gewoonlik nie redelik voorsienbaar is nie en dat dit gevolglik

ongewens sou wees om die voorsienbaarheidsmaatstaf so te rek dat aanspreeklikheid daarvolgens verklaar word. Hy doen gevolglik aan die hand dat aanspreeklikheid vir fisies-psigiese eierskedelgevalle volgens die "direct consequences"-maatstaf, soos neergelê in die stelreël "the defendant takes his victim as he finds him", bepaal moet word. Die aanvaarbaarste benadering tot die sogenaamde eierskedelgevalle word moontlik gemaak deur die soepel maatstaf vir juridiese kousaliteit en geïllustreer deur appèlregter Botha se uitspraak in *Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 (A) 14 ev, wat oor 'n sogenaamde "finansiële eierskedelgeval" gehandel het. Hiervolgens is die feit dat die eiser 'n "eierskedelgeval" is,

> "maar net nog 'n feit wat tesame met al die ander feite van elke besondere saak in oorweging geneem moet word by die toepassing van die 'oorheersende elastiese maatstaf' waarvolgens [op grond van redelikheid, billikheid en regverdigheid] bepaal word of die betrokke skade die verweerder toegereken behoort te word" (15).

Die kernvraag is met ander woorde nie of die skade 'n "direct consequence" of "redelikerwys voorsienbaar" was nie, maar of dit in die lig van al die omstandighede van die saak, onder meer die eierskedelkwessie, die verweerder redelikerwys toegereken behoort te word.

Spesifiek wat emosionele skok betref, het die howe tot dusver hoofsaaklik die voorsienbaarheidsmaatstaf aangewend. (In 'n onlangse beslissing, *Clinton-Parker v Administrator, Transvaal* 1996 2 SA 37 (W) 52 ev 57, lig die hof ook voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf uit maar beklemtoon dat dit net 'n faktor is by die toepassing van die soepele benadering tot juridiese kousaliteit.) Die volgende faktore speel 'n rol by die voorsienbaarheidsmaatstaf (Neethling, Potgieter en Visser 285–286): die feit dat die skok uit 'n *fisiese besering* voortgevloei het (soos *in casu*); die feit dat die benadeelde *in persoonlike gevaar* van fisiese besering verkeer het; die feit dat die slagoffer 'n *naverwant of goeie vriend is* van 'n persoon wat gedood of beseer is in die voorval wat die emosionele skok veroorsaak het; en die feit dat die benadeelde die gebeurtenis wat die skok teweeggebring het, *persoonlik waargeneem* het. Nou is dit belangrik om daarop te let dat indien eenmaal bevind is dat die gewraakte emosionele skok redelikerwys voorsienbaar was, die dader volgens die howe aanspreeklik is vir enige nadelige fisies-psigiese gevolg wat daaruit resulteer ongeag of sodanige gevolg ook voorsienbaar was. Die "thin skull"-reël dat "the wrongdoer takes his victim as he finds him", vind dus hier toepassing. Dienooreenkomstig kan 'n verweerder nie aanspreeklikheid ontkom deur te bewys dat die benadeelde *besonder vatbaar* vir die nadelige gevolge van die skok was en dat die gevolge daarom nie redelikerwys voorsienbaar was nie (sien *Masiba supra* 342; *Boswell v Minister of Police* 1978 3 SA 268 (OK) 272). Dieselfde standpunt blyk uit die uitspraak van regter Claassen in die onderhawige saak (1050E–G):

> "Applying these principles to the present case I am of the opinion that the defendants are liable for all forms of nervous shock and psychological trauma, the lesser as well as the more serious, following after the injury because it is irrelevant whether the precise nature and extent of plaintiff's psychological trauma could have been foreseen."

Hierdie standpunt lyk in die lig van die soepele benadering in *Smit v Abrahams supra* 15 egter te rigied. Dit kan in 'n gegewe geval waar fisiese beserings veroorsaak is, tog gebeur dat 'n verskuilde psigiese skadepos so ver van die skadestigtende handeling verwyder is dat dit nie alleen hoegenaamd nie redelikerwys

voorsienbaar is nie, maar dat dit ook op grond van oorwegings van billikheid, regverdigheid en redelikheid die dader nie toegereken kan word nie. Daarom is die soepele benadering ook in die eierskedelgevalle te verkies.

2 Regter Claassen onderskei tussen die toets vir juridiese kousaliteit en dié vir bydraende nalatigheid met verwysing na die verweer dat die eiseres se onredelike versuim om haar aan psigoterapie te onderwerp, 'n tussentredende oorsaak ("supervening cause") daarstel wat die kousale ketting verbreek het. Hy stel dit soos volg (1051C–1052E):

> "I was somewhat concerned about the true nature of this defence . . . If I hold that the plaintiff negligently failed to submit to psychotherapy, is her negligence to be regarded as contributory negligence or is her negligence taken into account when legal causation is evaluated? Is it truly a defence of a *novus actus inteveniens* interrupting legal causation or is it a defence of contributory negligence by the plaintiff which causes her damages to be reduced by apportionment? If the latter, then plaintiff's damages may be reduced due to her contributory negligence . . ."

Die regter toon dan met verwysing na regspraak aan dat "skuld" ingevolge artikel 1(1)(a) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 verwys na sowel skuld met betrekking tot die skadestigtende gebeurtenis as skuld met betrekking tot die aard en omvang van die skade (sien ook Neethling, Potgieter en Visser 158–159), en laat hierop volg:

> "A close study of these cases has convinced me that they intend to convey the notion that the plaintiff's 'fault' which may help to cause both the harmful event and the subsequent nature and extent of his damages, is restricted to 'pre-accident' or 'pre-tortious' fault. Put differently: it is the plaintiff's negligent conduct *prior* to the commission of the defendants' delict which is judged as being relevant for purposes of apportioning the plaintiff's damages, and not his negligent conduct *after* the commission of the delict. Thus, as I understand the law, a plaintiff's negligent conduct subsequent to the harmful event which caused his damages, cannot be the subject of apportionment in terms of the Apportionment of Damages Act . . .
>
> A distinction should therefore be drawn between the parties' negligence prior to the harmful event and any relevant negligence after the harmful event. In the case of a plaintiff, his pre-delictual negligence will trigger the application of contributory negligence to reduce his damages. The plaintiff's post-delictual negligence will, however, affect the principles of legal causation (or remoteness) which may reduce his damages. *Post delictor*, the plaintiff's negligent conduct may be regarded as an *actus novus interveniens* which breaks the chain of causality sufficiently to absolve the defendants from liability for the plaintiff's damages. It is therefore in terms of the doctrine of legal causation (and not contributory negligence) that I will view the defence raised . . . of plaintiff's alleged refusal to submit to psychotherapy."

Hierdie onderskeid wat die toets vir bydraende nalatigheid beperk tot die optrede van die eiser *voor* die skadestigtende gebeurtenis en dié vir juridiese kousaliteit tot handelinge van die eiser wat *daarna* verrig is – hier kom die kwessie van 'n *novus actus interveniens* (sien Neethling, Potgieter en Visser 196–198) uiteraard ter sprake – lyk vir ons teoreties suiwer en prakties nuttig en uitvoerbaar. Daarom verdien dit volle steun.

3 Ten slotte kon die verweer dat die eiseres onredelik versuim het om haar aan psigoterapie te onderwerp, ook oor die boeg van die eiseres se mitigasieplig (dws die plig om skade nie te laat oploop nie) gegooi gewees het (sien hieroor Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 237 ev; Neethling, Potgieter en Visser

228–229). Dit is 'n beginsel van die deliktereg dat 'n eiser in 'n skadevergoedingsgeding nie vergoeding kan verhaal nie vir skade wat die feitelike gevolg van die verweerder se optrede is, maar tog deur die eiser voorkom kon gewees het deur die doen van redelike stappe. 'n Versuim om te verhinder dat skade oploop, kan gesien word as 'n versuim aan die kant van die eiser om redelike stappe te doen om die aanvanklike skade te beperk, of 'n versuim om te keer dat daar verdere skade intree. Hierdie plig ontstaan sodra die eiser werklik skade ly en weet of redelikerwys behoort te weet dat hy sy skade moet beperk. Op die feite lyk dit egter onwaarskynlik of hierdie verweer sou geslaag het aangesien die regter in ieder geval nie saamgestem het met die bewering "that she 'unreasonably refused' to submit herself to psychotherapy" nie (1053C). Gevolglik sou waarskynlik nie bewys kon word dat die eiseres redelikerwys behoort te geweet het dat sy haar skade moet beperk nie.

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

VADERLIKE OMGANGSREG, DIE BUITE-EGTELIKE KIND EN REGSANTROPOLOGIESE ONVERANDERLIKES

T v M 1997 1 SA 54 (A)

1 Inleiding

Die relevante feite in dié saak is die volgende: T, die appellant, het by die hooggeregshof aansoek gedoen om 'n omgangsreg met sy buite-egtelike dogter, Koketso. Dit is suksesvol deur haar moeder, M, teengestaan. Hierdie aansoek is gedoen voor die beslissing van die appèlhof in *B v S* 1995 3 SA (A) 571 en een van die redes vir die toestaan van 'n reg tot appèl deur die verhoorhof was juis gegrond op die (destydse) onsekere regsposisie. In sy uitspraak wys appèlregter Scott daarop dat die partye nie in 'n saamblyverhouding gestaan het nie. Hoewel hulle ouderdomme nie uit die dokumentasie blyk nie, was hulle klaarblyklik nog baie jonk ten tyde van Koketso se geboorte. M het nog by haar ouers ingewoon. Dit blyk egter dat die partye 'n standhoudende verhouding gehad het wat vanaf 1985 tot 1991 geduur het. Na die geboorte van Koketso het M tuis gebly totdat sy in Augustus 1986 weer begin werk het. Aangesien haar ouers ook gewerk het, is afgespreek dat T Koketso elke oggend sou oplaai en dan na sy ouers sou neem waar sy stiefma na haar sou omsien. Saans het hy haar weer na M se huis geneem. In November 1986, toe Koketso 9 maande oud was, het M Mamelodi verlaat en na Port Elizabeth gegaan waar sy opleiding as verpleegster tot Oktober 1987 ondergaan het. Koketso het egter nie saam met haar gegaan nie. Die verhouding tussen T en Koketso het voortgegaan soos voorheen. Met haar terugkeer het M werk as verpleegster by die Ga-Rankuwa-hospitaal aanvaar. Die verhouding tussen die partye was in daardie stadium nog goed. In Augustus 1988 is T, wat 'n leerling sisteem-analitikus was, na Pietersburg oorgeplaas. Hy het gewoonlik naweke na Pretoria teruggekeer maar by geleenthede het M en

Koketso naweke by hom in Pietersburg deurgebring. In Maart 1991 het T na Pretoria teruggekeer, toe Koketso reeds vyf jaar oud was. Sy is by 'n pre-primêre skool in Pretoria ingeskryf en T het die maandelikse gelde van R300 betaal. In April 1991 het M agtergekom dat T 'n verhouding met 'n ander vrou gehad het en hulle verhouding beëindig. T het voortgegaan om Koketso te sien maar die verhouding tussen die partye was alles behalwe hartlik. In Februarie 1992 het M vir T meegedeel dat hy nie meer Koketso mag besoek nie. In daardie stadium was sy ses jaar oud en in 'n privaatskool geplaas. Die skoolgelde is deur T se werkgewer betaal. T het Koketso by die skool besoek maar dit is op aandrang van M beëindig. Vroeg in 1992 het M 'n onderhoudseis teen T ingestel wat om jurisdiksionele redes afgewys is. In April 1992 het M 'n klagte van verkragting teen T gelê. T is aangekla en onskuldig bevind, waarop hy 'n eis weens kwaadwillige vervolging teen haar ingestel het. 'n Bedrag van R7 000 is by verstek toegeken. Intussen het M 'n verhouding met 'n ander man, 'n sekere Mamabolo, aangeknoop. Hulle is in Februarie 1993 getroud. Mamabolo het 'n goeie verhouding met Koketso ontwikkel en in die loop van 1993 'n proses begin om haar aan te neem. Dit was die toedrag van sake toe T in Augustus 1993 die aansoek, wat die voorwerp van die onderhawige appèl is, gerig het. Na teenstrydige deskundige verslae is T se aansoek deur die verhoorhof afgewys.

Die uitspraak van die appèlhof in dié saak word vervolgens onder die loep geneem. Die onderhawige problematiek word daarna in 'n breë regsantropologiese konteks geplaas.

2 Evaluasie van die uitspraak

In sy uitspraak verwys die regter na die voorafgaande beslissing van dieselfde hof in *B v S supra* en vat die regsposisie soos volg saam:

> "While at common law the father of an illegitimate child, unlike the father of a legitimate child, has no right of access, the difference between the respective positions of the two fathers is not one of real substance in practice since in our modern law whether or not access to a minor child is granted to its non-custodian father is dependent not upon the legitimacy or illegitimacy of the child but in each case wholly upon the child's welfare which is the central and constant consideration. Accordingly, and to the extent that one may choose to speak in terms of an inherent right or entitlement, it is the right or entitlement of the child to have access, or to be spared access, that determines whether contact with the non-custodian parent will be granted. Furthermore, when the question of access is judicially determined for the first time, there is no *onus* in the sense of an evidentiary burden or so-called risk of non-persuasion on either party. This is because the litigation really involves a judicial investigation in which the Court can call evidence *mero motu* and is not adversarial. Accordingly, a Court should be slow to determine facts by way of the usual approach adopted in opposed motions . . ." (57–58).

Die probleem wat ek met dié benadering in die algemeen het, kan aan die hand van die volgende hipotetiese voorbeeld verduidelik word: A en B is getroud en uit die huwelik word 'n kind C gebore. Tien jaar later word die huwelik ontbind. A doen aansoek om 'n omgangsreg met C. Die hof bevind dat dit in die kind se belang is om sy sosiale omgang (interaksie) met C te verbreek. Die eerste vraag wat by 'n mens opkom, is wat die regsposisie dan die voorafgaande tien jaar was. Was A se sosiale omgang met C regmatig of nie? Indien die antwoord nee is, beteken dit dat die sosiale omgang van duisende vaders met hulle kinders met wie hulle in 'n gesinsverhouding staan, onregmatig is. Aan die ouers se omgangsreg met hulle kind moet myns insiens 'n voorjuridiese en in besonder 'n

natuurmatig-sosiale grondslag toegeken word. Of word van die ouers verwag om elke keer as 'n kind vir hulle gebore word, eers die hof se toestemming te vra voordat hulle sosiaal met die kind omgaan? Indien daar 'n geskil bestaan oor die vraag of aan 'n ouer 'n omgangsreg met sy kind toegestaan moet word, is die belange van die kind van deurslaggewende aard. Is die hof van mening dat dit in belang van die kind is, ontstaan 'n interaksiereg, met ander woorde beide die ouer en kind het 'n omgangsreg met mekaar (sien Labuschagne "Vaderlike omgangsreg: die buite-egtelike kind en die werklikheidsonderbou van geregtigheid" 1996 *THRHR* 182). In die New Yorkse saak *Nancy M v Brian M* 642 NYS 2d 66 (AD 2 Dept 1996) 67 word dan ook na die ouerlike omgangsreg verwys as "a joint right of the noncustodial parent and the child".

Die opmerking wat gemaak word dat die ondersoek na die vaderlike omgangsreg "involves a judicial investigation in which the Court can call evidence *mero motu* and is not adversarial", sou beslis die beste belange van die kind kon dien (58). Die vraag bly steeds: wat sou die posisie by twyfel wees. In so 'n geval sou 'n omgangsreg met die betrokke kind (en van die kind met die ouer) myns insiens afgewys moet word. In die lig hiervan moet daar tog, binne tradisionele denkpatrone, sprake van 'n bewyslas wees. Die nadeel van onsekerheid kom die betrokke ouer toe, met ander woorde een of ander vorm van bewyslas rus op hom of haar.

Appèlregter Scott maak vervolgens die volgende opmerking:

> "Generally speaking, I think, it can be accepted that once a natural bond between parent and child (whether legitimate or illegitimate) has been established it would ordinarily be in the best interests of the child that the relationship be maintained, unless there are particular factors present which are of such a nature that the welfare of the child demands that it be deprived of the opportunity of maintaining contact with the parent in question" (60).

Hierdie siening beweeg duidelik in die rigting van die betekenis wat Europese howe aan die begrip "family life" in artikel 8(1) van die Europese Verdrag vir die Regte van die Mens toeken. Hiervolgens het 'n ongehude vader 'n omgangsreg met sy buite-egtelike kind indien hy in 'n gesinslewe ("family life") met sy kind gestaan het (*Keegan v Ireland* EHRC 26 Mei 1994, CEDH, Series A vol 290, NJ 1995, 247 par 44–45; Hoge Raad 11/6/1993, NJ 1993, 520). Die begrip "gesinslewe" is nie beperk tot 'n gesinslewe met 'n juridiese huwelik as basis nie maar omvat ook 'n suiwer sosiologiese gesinslewe (Labuschagne "Vaderlike omgangsreg en die toepassing van die vermoede *pater est quem nuptiae demonstrant* op 'n konkubinaat" 1994 *Obiter* 266; vgl Schwellnus "The legal position of cohabitees in the South African law" 1995 *Obiter* 135). Ek het by 'n vorige geleentheid aan die hand gedoen dat sodanige omgangsreg reeds behoort te vestig waar die ongehude vader sy verantwoordelikhede teenoor sy buite-egtelike kind erken ("Aanvaarding van verantwoordelikhede as ontstaansbron van 'n omgangsreg vir 'n ongetroude vader met sy buite-egtelike kind" 1995 *TSAR* 161; sien verder Goldberg "The right of access of a father of an extramarital child: Visited again" 1993 *SALJ* 274; Schwellnus "Paternal access to illegitimate children – A constitutional approach" 1996 *Obiter* 159–160). Kruger, Blackbeard en De Jongh maak die volgende opmerking:

> "Die oplossing wat deur sommige outeurs voorgestel word dat net 'n erkennende of deelnemende vader toegang behoort te hê, of dat 'n gevestigde ouer-kind-verhouding reeds moet bestaan, sal die vader van die buite-egtelike kind se reeds benarde posisie net verder verswak.'n Mens kan jou nouliks voorstel hoe 'n vader wat reeds vanuit die staanspoor nie deur die moeder toegelaat is om sy buite-

egtelike kind te sien nie, die bestaan van 'n gevestigde ouer-kind-verhouding sal kan bewys" ("Die vader van die buite-egtelike kind se toegangsreg" 1993 *THRHR* 703–704).

Volgens die benadering wat ek aan die hand doen, sou 'n ongehude vader wat bereid is om sy verantwoordelikhede na te kom en deur die moeder verhinder word om dit te doen, by die hof om 'n omgangsreg aansoek kan doen. Hoewel die moeder se houding 'n faktor is wat by bepaling van die beste belang van die kind in aanmerking geneem behoort te word, is dit nie die enigste faktor nie (sien Kruger "Die toegangsbevoegdhede van die ongetroude vader – is die finale woord gespreek?" 1996 *THRHR* 519).

3 Konklusie

Ek het by vorige geleenthede daarop gewys dat daar 'n antropologies-universele evolusieproses van egalisering of gelykmaking in die sosio-juridiese waardestrukture van die mens werksaam is ("Evolusielyne in die regsantropologie" 1996 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 42; "Eengeslaghuwelike: 'n Menseregtelike en regsevolusionêre perspektief" 1996 *SAJHR* 537). Aangesien hierdie proses 'n natuurbasis het, is dit 'n regsantropologiese onveranderlike, met ander woorde reëls en houdings sou dit kon vertraag maar nooit uitskakel nie, tensy die mens homself vernietig (sien verder Labuschagne "Regsnavorsing: 'n Meerdimensionele en regsevolusionêre perspektief" 1994 *TRW* 93–95). In die lig hiervan is daar 'n voortdurende proses van gelykstelling van die juridiese werklikheid met die sosiologiese werklikheid, dit wil sê met die beleweniswerklikheid van regsonderdane. Vandaar dat die konkubinaat in 'n toenemende mate met die juridiese huwelik gelykgestel word (sien Labuschagne "Die vermoede *pater est quem nuptiae demonstrant*, sosio-morele transformasie en die reg op nakomskennis" 1996 *Obiter* 30). Die ongehude vader wat in 'n sosiologiese gesinsverhouding met sy buite-egtelike kind staan, verkry in 'n toenemende mate wêreldwyd dieselfde regte as 'n gehude vader wat in 'n (sosiologiese) gesinsverhouding met sy kind staan. Aan die feitelike of werklike, dit wil sê die sosiologiese, word, sover dit intiem-menslike verhoudinge betref, prioriteit bo die abstrak-juridiese gegee. Hierdie ontwikkeling sal in finale instansie ook nie ons regstelsel verbygaan nie.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

That it is this Court's duty to develop the common law, in the manner laid down in the Constitution, is clear and I would, of course, endorse the importance of the rights of freedom of thought and speech as one of the main pillars of a democratic society based on individual freedom (per Plewman JA in *Hix Networking Technologies v Systems Publishers (Pty) Ltd* 1997 1 SA 391 (A) 400).

BOEKE

HOCKLY SE INSOLVENSIEREG

deur ROBERT SHARROCK, ELMARIE DE LA REY, KATHLEEN VAN DER LINDE en ALASTAIR SMITH

Juta Kaapstad, Wetton, Johannesburg 1996; xxxiv en 367 bl

Prys R130,00 (sagteband)

Hierdie boek is 'n vertaling van die sesde uitgawe van *Hockly's Insolvency law*. In die voorwoord dui die skrywers aan dat die doel met die boek is om 'n "beknopte, maar nogtans redelik gedetailleerde" weergawe van die insolvensiereg te gee. Die boek is veral gemik op studente maar poog ook om 'n gids vir insolvensiepraktisyns te wees.

'n Kort inhoudsopgawe aan die begin van die boek word opgevolg deur 'n vollediger opgawe van die inhoud aan die begin van elke gedeelte en 'n nog meer uitgebreide inhoudsopgawe voor elke hoofstuk.

Die outeurs slaag daarin om die insolvensiereg op 'n maklik toeganklike en verstaanbare wyse uiteen te sit. Die indeling wat gevolg word, is logies en die kleiner onderafdelings waarvan gebruik gemaak word, maak dit die ideale handboek om vir voorgraadse studente te gebruik. Dit is 'n groot pluspunt dat die boek in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar is.

Die uiteensetting van die insolvensiereg gaan gepaard met verwysing na toepaslike gesag. Hier maak die skrywers nie van voetnotas gebruik nie. Die verwysings word in die teks tussen hakies aangebring en dit dra daartoe by dat die leser verplig word om ook kennis van die gesag te neem, anders as wat dikwels die geval is met die gebruik van voetnotas. Verwysings na ander gedeeltes van die handboek kom ook voor en geskied met verwysing na die betrokke bladsynommers of paragraafnommers wat die naslaan daarvan baie vergemaklik.

Die boek bevat 'n aantal bylaes met voorbeelde van aansoeke, boedelrekenings en die teks van die Insolvensiewet. 'n Register van hofsake, van wetgewing en 'n alfabetiese indeks word voorsien.

Dit is 'n kenmerk van 'n dinamiese regstelsel dat daar gedurig ontwikkeling plaasvind wat nie altyd betyds in nuwe boeke opgeneem kan word nie. 'n Voorbeeld hiervan is die beslissing van die konstitusionele hof in *Brink v Kitshoff* 1996 6 BCLR 752 (CC) wat artikel 44(1) en (2) van die Versekeringswet ongrondwetlik en gevolglik nietig verklaar. Die uitspraak raak die bespreking van die tersaaklike gedeelte op bladsy 55.

Hoewel die voorwoord verklaar dat die boek op sowel studente as insolvensiepraktisyns gerig is, sal die ervare insolvensiepraktisyn dalk nie soveel baat daarby vind nie. Die boek skyn eintlik meer op die voorgraadse student gerig te wees. Die insolvensiepraktisyn en nagraadse student sou meer by die boek kon gebaat het indien daar onder andere gewag gemaak is van die verskillende hofuitsprake, literatuur en debat oor die afstanddoening van erflatings en die vraag of dit op 'n vervreemding sonder teenwaarde of selfs op 'n daad van insolvensie neerkom (sien *Kellerman v Van Vuren* 1994 4 SA 336 (T);

Boland Bank Bpk v Du Plessis 1995 4 SA 113 (T); *Klerck and Schärges v Lee* 1995 3 SA 340 (SOK)).

Hierdie paar punte van kritiek doen egter nie afbreuk aan die waarde van die boek in geheel nie. Veral omdat die boek in Afrikaans beskikbaar is, vul dit 'n leemte wat in die regsliteratuur ten opsigte van die insolvensiereg bestaan het. Die boek sal met groot vrug deur voorgraadse studente gebruik kan word.

EC SCHLEMMER
Universiteit van Suid-Afrika

DELICTUAL LIABILITY IN MOTOR LAW
deur WE COOPER
Juta Kaapstad, Wetton, Johannesburg 1996; lx en 519 bl
Prys R387,00 (BTW ingesluit) (hardeband)

Die skrywer, regter WE Cooper, het geen bekendstelling nodig nie. Sy jarelange ervaring en navorsing op hierdie terrein word volledig weergegee in dié werk, 'n hersiening van *Motor law* vol II (1987). Die teks is hersien en uitgebrei en die inhoud is heringedeel, met nuwe hoofstukke wat bygevoeg is. Hierdie werk bevat hofuitsprake tot en met die 1996 (1)-uitgawe van die Suid-Afrikaanse Hofverslae. Die werk handel oor die algemene beginsels van aanspreeklikheid vir eise gebaseer op vermoënskade veroorsaak tydens die bestuur van motorvoertuie. 'n Duidelike onderskeid word gemaak tussen die verskillende elemente van deliktuele aanspreeklikheid en die teoretiese uiteensettings word deurlopend volledig met relevante regspraak toegelig.

In deel een (hfst 1) word die rol beskryf wat motorvoertuie in deliktuele ontwikkeling gespeel het en in deel twee word die handeling (hfst 2) en onregmatigheid (hfst 3) bespreek. Deel drie (hfst 4) handel oor toerekeningsvatbaarheid. Deel vier (hfste 5–14), waarin die skuldelement behandel word, is seker die insiggewendste gedeelte van die werk. In hoofstuk 5 identifiseer die skrywer 'n aantal riglyne of hulpmiddels wat aangewend kan word by die bepaling van skuld (nalatigheid), naamlik onder andere voorvereistes vir die veilige bestuur van 'n motorvoertuig, voorsienbaarheid, voorkomende stappe, sekere afleidings wat die motorbestuurder tydens sy bestuurstaak geregtig is om te maak, en die praktiese toepassing van die *res ipsa loquitur*-leerstuk. Hoofstuk 7, waarin die elementêre pligte van die motorbestuurder behandel word, verdien ook vermelding. Daar is voorts interessante besprekings oor gevalle waarby voetgangers (hfst 11), passasiers (hfst 12) en diere (hfst 13) betrokke is. In deel vyf (hfst 15) word kousaliteit en in deel ses (hfst 16) vermoënskade bespreek. Deel sewe (hfste 17–22) omvat al die moontlike verwere wat by motorvoertuigongelukke relevant kan wees, naamlik noodtoestand, medewerkende skuld, vrywillige aanvaarding van risiko, bevoorregte voertuie en verjaring. In deel agt (hfste 23–25) word middellike aanspreeklikheid aangeraak en deel nege (hfste 26–27) is 'n praktiese gedeelte waarin prosedures en bewysregtelike aangeleenthede bespreek word. Die werk bevat ook 'n interessante addendum (deur prof Metealf) waarin 'n formule aangebied word om die spoed waarteen 'n motorvoertuig beweeg het, met behulp van die afstand wat dit geneem het om die motorvoertuig tot stilstand te bring, te bereken.

Hierdie werk se uniekheid is veral geleë in die besondere wyse waarop die skrywer beide die akademikus en die regspraktisyn se behoeftes aanspreek deur volledige teoretiese

grondslae te lê, toegelig met praktiese toepassings uit die regspraak. Die werk word dus aanbeveel vir sowel akademici as regspraktisyns. Dit sal ook onontbeerlik wees vir die nagraadse student wat op hierdie terrein sy navorsing doen. Ten spyte van 'n paar tikfoute (Prefaceto/Preface to (ix); Hostel/Hosten (xi); *Schutte v Butt/Schultz v Butt* (liv en 29 vn 8); Appointment of Damages Act/Apportionment of Damages Act – in die advertensie), getuig die boek van hoogstaande navorsing en 'n volledige uiteensetting van 'n gespesialiseerde onderwerp wat gereeld in die praktyk voorkom.

LOMA STEYNBERG
Universiteit van Suid-Afrika

IN MEMORIAM

Paul van Warmelo

Dit is by geleenthede soos hierdie dat 'n mens homself die vraag afvra wat eintlik die somtotaal van 'n lewe is. Is dit die prestasies en die eerbetoon of is dit die teleurstellings en tekortkomings? Die rasionalis sal antwoord dat dit beide is, maar ek wil betoog dat dit gevoelsmatig anders is en dat in die voortdurende stryd tussen verstand en emosie die aangeleentheid nog geensins besleg is nie.

Vir Paul van Warmelo was prestasie amper vanselfsprekend. "Fils unique", 'n leergierige persoon met 'n bogemiddelde intelligensie, behaal hy net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sy LLB-graad aan die Universiteit van Pretoria. Amper sestig jaar later vertel hy nog met 'n mate van irritasie hoe 'n regter van die hooggeregshof, by wyse van steekproef, by sommige van die finale LLB-mondelinge eksamens insit om te waarborg dat die standaard na behore was, "want hulle het gedink dat dit sedert Afrikaanswording niks werd kan wees nie". Hierdie irritasie, wat verband hou met sy Afrikaner nasionalisme, staan in konflik met sy brandende begeerte om die wêreld te sien. Wanneer die skip op pad na Nederland, waar hy in Leiden sy doktorsgraad gaan doen, in Calais in die hawe aanlê, deel hy met 'n paar ander haastige passasiers 'n taxi na Nederland, sit met sy neus teen die venster gedruk en verkyk hom aan die verbygaande landskap. As gevolg van die oorlog in Nederland vasgevang tot 1946, verloor hy sy hart in meer as een opsig en kom nie slegs met 'n Nederlandse vrou nie, maar as 'n soort hibride Nederlander terug. Meer as dertig jaar later het van sy studente nog hardnekkig beweer dat hy 'n Nederlander is, en in die lig van die tydsbestel wonder 'n mens of dit as 'n kompliment bedoel was.

Wat daardie studente miskien onbewustelik ervaar het, is dat die jong Paul van Warmelo vanuit die onder-die-depressie-sugtende Pretoria amper regstreeks in die deur-die-Tweede-Wêreldoorlog-geteisterde Europa beland het, waar hy met volle teue die Europese kultuur ingeneem het. Nadat hy op Vrydag 30 Mei 1941 om vier uur sy proefskrif verdedig het, begin hy Nederlandse reg studeer totdat die sluiting van die Leidse Universiteit verhoed dat hy afstudeer. Maar meer nog as die regstudie is dit die letterkunde en musiek, moderne asook klassieke tale wat hom besig hou. Dat daar in die ou wêreld 'n nuwe wêreld vir hom oopgaan, is duidelik uit sy versugtings dat daardie oorlogsjare die beste jare van sy lewe was. Die *humanitas* wat hy hom daar eie gemaak het, was terselfdertyd sy grootste aanwins maar ook die bron van vervreemding en teleurstellings.

Voorlopig loop hy van werklus oor en daar is baie om te doen. Alhoewel die eerste Suid-Afrikaanse regsprofessor, JH Brand, in 1859 aangestel is by die South African College in Kaapstad, was dit eers vanaf die begin van die eeu dat regsopleiding sistematies aangebied word en die onderskeie universiteite hul verskyning maak. Die meeste fakulteite werk egter met die minimum fakulteitslede en maak grootliks van deeltydse dosente gebruik. Suid-Afrikaanse handboeke en navorsing is 'n seldsaamheid en veral vir Afrikaanstalige regstudente 'n probleem. Dit is dus geen wonder nie dat Paul van Warmelo wat in 1948 juigend uit die bad spring om brandewyn te drink toe hy die 1948-verkiesingsuitslag verneem, met ywer en entoesiasme maar in besonder met groot bekwaamheid aan die werk gaan. Dit is nie my bedoeling om sy talryke publikasies op te som nie maar verskeie punte verdien aandag. Eerstens, Van Warmelo skryf nie net vir vakgenote nie – hy publiseer handboeke vir regstudente. In Afrikaans geskryf verskyn 'n *Inleiding tot die studie van die Romeinse reg* asook *Die oorsprong en betekenis van die Romeinse reg*, twee handboeke oor die Romeinse reg wat verkeerdelik *ex post facto* verguis word. Die kritiek was en is hoofsaaklik gerig op die gebruikersonvriendelikheid van die indelings of gebrek daaraan. Die feit dat daar op baie ander vakgebiede Afrikaanstalige handboeke vandag nog steeds nie verskyn het nie, word egter oor die hoof gesien. Ook sou 'n vergelyking met die destyds beskikbare handboeke oorsee ongetwyfeld in die voordeel van Van Warmelo beslis word.

My eerste kennismaking met die dosent en sy boeke was in 1970 in die destydse buitemuurse gebou van Tukkies. Nie slegs het dit verbasing gewek dat die professor self die meeste lesings aanbied en in die aande vir 'n handvol studente klasgee nie, maar die duidelikheid en entoesiasme van die aanbieding het besondere indruk gemaak. Die handboek was vir studente geskryf en in 'n prettige styl met voorbeelde en was vir 'n student beslis meer toeganklik as die grote of die kleine Kaser. Daarnaas publiseer hy voortdurend in vakwetenskaplike tydskrifte, die *Tydskrif* en die *Law Journal*, maar meer en meer oorsee. Spesiale vermelding verdien sekerlik "Verbeterde lesings van die 'Inleidinge tot die Hollandsche rechts-geleerdheid' van Hugo de Groot en van andere geskrifte, waarvan deur D.G. van der Keessel melding gemaak word" 1949 *THRHR* 179. Die 1952-uitgawe van die *Inleidinge* deur Dovring, Fischer en Meijers verwys herhaaldelik na hierdie werk. Dit bring 'n mens direk by wat vir 'n ander 'n lewenswerk sou gewees het, maar vir hom een van baie ysters in die vuur, naamlik Van der Keessel: die publikasie van die manuskrip en die vertaling van die lesings van Van der Keessel op De Groot. Hierdie Sisyphus-arbeid, naamlik die ontsluiting van die bronne van die Romeins-Hollandse reg vir die Suid-Afrikaanse regspraktyk, het hom van die begin van sy akademiese loopbaan af tot aan die einde van sy lewe, toe hy ongeduldig op die publikasie van Voorda se kollege-diktaat gewag het, besig gehou.

Beslis nie met die oog op finansiële gewin of die erkenning van kollegas of die dank van die praktisyns nie (wat minimaal was in verhouding tot die tyd en kundigheid opgeoffer aan die taak), maar omdat hy geglo het in die Romeins-Hollandse reg, 'n geloof wat hy tot met sy dood behou het, het hom aangevuur.

Miskien is dit in hierdie geloof wat ons die teleurstellings van sy lewe moet soek, want die standpunt dat die Romeins-Hollandse reg in sy volmaaktheid die alfa en die omega van die regswetenskap verteenwoordig, was nou verbonde aan die sukses van die Nasionale Party. Hoewel nooit 'n Nasionale Party-man nie en in sy eie oë 'n kritiese rasionalis, bewaarheid Van Warmelo Kuhn se siening dat 'n paradigma-keuse, soos 'n geloofskeuse, 'n belangrike subjektiewe element het en bewys hy homself baie meer emosiemens as kritiese rasionalis. Die kritiese rasionalis laat sy teorieë sterf maar die dogmatikus kom saam met hulle om.

Ph J THOMAS
Universiteit van Pretoria

HUGO DE GROOT-PRYS

Die Hugo de Groot-prys van R1 000 word elke jaar deur die Vereniging Hugo de Groot uitgeloof aan die outeur wat die beste bydrae oor die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 vir publikasie in die THRHR *aanbied. Die redaksiekomitee behartig die beoordeling na afloop van die kalenderjaar. Die redaksiekomitee behou hom die reg voor om die prys nie toe te ken nie indien die bydraes wat ontvang is, na sy mening toekenning nie regverdig nie.*

Konstitusionele voorskrifte rakende regspersone

Gerrit Pienaar
B Jur et Com LLD
Professor in Privaatreg, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

Constitutional provisions regarding juristic persons

The interim Constitution of 1993 and the final Constitution of 1996 contain specifie provisions applicable to juristic persons. Juristic persons are also entitled to the fundamental rights contained in the Bill of Rights to the extent that these rights are applicable to them. It must be kept in mind that juristic persons have peculiar characteristics and that the fundamental rights of juristic persons differ from those of natural persons.

Juristic persons are also under the obligation to respect the fundamental rights of natural persons and other juristic persons to the extent provided for in the Bill of Rights. In the case of juristic persons acting as organs of state the vertical application of the Bill of Rights safeguards the fundamental rights of persons against state action or interference. The eireumstanees where juristic persons aet as organs of state are discussed with reference to reeent case law. Difference of opinion exists regarding the horizontal application of the Bill of Rights, that is the application of the Bill of Rights to private law relationships. In terms of the interim Constitution the Bill of Rights applied horizontally in an *indirect* manner. Section 35(3) provided that the common and eustomary law must be developed by both the Supreme Court and the Constitutional Court to promote the values underlying an open and demoeratie soeiety based on human dignity, equality and freedom, without completely abolishing the eommon and eustomary law.

The final Constitution provides in seetion 8(2) that natural and juristic persons in private law relationships are also bound by the Bill of Rights if, and to the extent that, such rights are applicable, taking into account the nature of the right and the nature of any duty imposed by sueh right. The *direct* horizontal applieation of the Bill of Rights is, however, limited by section 36. The extent of the rights of juristic persons and limitations on them in private law relationships are investigated, taking into account the right of freedom of association in terms of seetion 18. The various principles to be taken into consideration in the case of clubs, religious organisations, educational institutions, politieal organisations and trading and professional institutions are discussed.

1 INLEIDING

In die tussentydse Grondwet 200 van 1993 en die finale Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 word besondere voorskrifte in verband met regspersone gestel. Die tussentydse Grondwet beskerm in hoofstuk 3 en die finale Grondwet in hoofstuk 2 bepaalde fundamentele regte van regspersone vir sover die inhoud van die regte hulle op regspersone toepaslik maak.

Voorts rus daar bepaalde verpligtinge op regspersone om nie op die fundamentele regte van natuurlike persone en ander regspersone inbreuk te maak nie.

Die verpligtinge wat ingevolge die Grondwet op regspersone rus, bind in eerste instansie regspersone wat as staatsorgane optree (vertikale toepassing van die Grondwet[1]). Daar is meningsverskil oor die vraag of die 1993-Grondwet ook regspersone wat nie as staatsorgane optree nie, bind. Die vraag of die Grondwet ook horisontale werking het, dit wil sê ook op die privaatregtelike verhouding tussen regsubjekte onderling toepassing vind, word by paragraaf 3 1 hieronder kortliks bespreek. In die 1996-Grondwet word daar duideliker bepaal dat die Grondwet wel horisontale werking het en dat dit ook op die onderlinge privaatregtelike verhouding tussen regsubjekte (natuurlike persone en regspersone) in bepaalde omstandighede van toepassing is. Die omvang van die horisontale werking sal by paragraaf 3 2 hieronder aandag geniet.

2 REGTE EN VERPLIGTINGE VAN REGSPERSONE

2 1 Regte

Ingevolge artikel 7(3) van die tussentydse Grondwet en artikel 8(4) van die finale Grondwet word bepaalde regte van regspersone beskerm. Die finale Grondwet bepaal:

> "8(4) A juristic person is entitled to the rights in the Bill of Rights to the extent required by the nature of the rights and of that juristic person."

In die finale Grondwet word dus voorsien dat nie alleen die aard van bepaalde regte nie, maar ook die aard van sekere regspersone die beskerming van regte in bepaalde omstandighede ontoepaslik of onmoontlik maak. Voorbeelde van regte wat weens die aard daarvan nie op regspersone van toepassing kan wees nie, is die beskerming van menslike waardigheid (artikel 10), die reg op lewe (artikel 11), vryheid en beskerming van die persoon (artikel 12), die beskerming teen slawerny en gedwonge arbeid (artikel 13), die reg op burgerskap (artikel 20), die reg op behuising (artikel 26), die reg op gesondheidsorg, voedsel, water en sosiale sekuriteit (artikel 27) en die beskerming van kinderregte (artikel 28).[2]

Bepaalde regspersone kwalifiseer uit hoofde van hulle aard nie op die beskerming van sekere fundamentele regte nie. 'n Voorbeeld hiervan is dat regspersone wat as staatsorgane optree in hulle uitoefening van owerheidsgesag nie altyd op vertikale beskerming teen die owerheid aanspraak kan maak nie.[3] Die aard van regspersone wat nie as staatsorgane optree nie, sal voorts bepaal in welke mate hulle op horisontale werking aanspraak sal kan maak (sien paragraaf 3 hieronder).[4] Daar is egter geen voorskrifte ten opsigte van die tipes regspersone

---

1 In *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (CC) 860I–861E word, sonder om daaroor te beslis, twyfel uitgespreek oor die terminologie *vertikale* en *horisontale* toepassing van die Grondwet.

2 Woolman "Application" in Chaskalson *et al* (reds) *Constitutional law of South Africa* (1996) (hierna Woolman) 10.6–10.7 dui aan dat 'n kerk bv nie 'n reg op geloofsvryheid ingevolge a 15 het nie ('n kerk het nie geloof nie, maar die individuele lidmate wel). Dit kan egter in bepaalde omstandighede as 'n verweer opgewerp word, bv ter regverdiging van sekere besluite geneem deur 'n kerkraad. Anders Rautenbach *General provisions of the South African bill of rights* (1995) 39–41, wat daarop wys dat kerke as regspersone ingevolge die Duitse reg 'n reg op geloofsvryheid het.

3 Daar is gevalle waar staatsorgane wel op vertikale beskerming kan aanspraak maak (sien bv a 227(1)(a) van die 1996-Grondwet en *Jeeva v Receiver of Revenue, Port Elizabeth* 1995 2 SA 423 (SOK)).

4 Woolman 10.6.

wat beskerming geniet nie. Dit sluit gevolglik gemeenregtelike regspersone en statutêre regspersone in wat nie as staatsorgane funksioneer nie. Dit behoort selfs privaatinstansies wat in bepaalde omstandighede as staatsorgane optree, in omstandighede waar hulle nie owerheidsgesag uitoefen nie, asook verenigings sonder regspersoonlikheid in te sluit.[5]

2 2 Verpligtinge

Ingevolge die huidige konstitusionele bedeling rus daar bepaalde verpligtinge op regspersone om nie op die regte en vryhede van natuurlike persone en regspersone soos verskans in die Grondwet inbreuk te maak nie. Die oorgangsgrondwet skryf in artikel 7(1) en (2) voor dat alle regspersone wat as wetgewende en uitvoerende staatsorgane funksioneer, gebind word deur die voorskrifte van die handves van fundamentele regte.[6] Dit is egter 'n ingewikkelde vraag om te bepaal watter (en in watter omstandighede) regspersone as staatsorgane getipeer sal word. Die blote feit dat 'n regspersoon statutêr in die lewe geroep word, maak dit nie noodwendig 'n wetgewende of uitvoerende staatsorgaan nie (byvoorbeeld die Methodist Church of Southern Africa en die Apostoliese Geloofsending van Suidelike Afrika). Aan die ander kant is daar statutêre regspersone wat oënskynlik privaatregtelik van aard is, maar as openbare liggame bepaalde owerheidsfunksies verrig (byvoorbeeld Eskom, Transnet en die Aandelebeurs).[7] 'n Derde kategorie regspersone word statutêr ingestel en gedeeltelik deur die owerheid gefinansier, maar hulle openbare funksie is nie so duidelik uitgespel nie. 'n Voorbeeld hiervan is universiteite en ander tersiêre onderwysinstellings, wat wel bepaalde openbare onderwysfunksies vervul maar histories en bestuursmatig grootliks outonoom funksioneer en wat bepaalde aspekte van hulle funksionering betref, moeilik as staatsorgane getipeer kan word. Die meningsverskil oor die aard van regspersone as staatsorgane en die horisontale werking van die Grondwet in geval van regspersone wat nie as staatsorgane optree nie, word by paragrawe 3 2 en 4 volledíger bespreek.

Ingevolge die finale Grondwet word die probleem in verband met die tipering van regspersone as staatsorgane en die horisontale werking van die Grondwet in geval van regspersone wat nie as staatsorgane optree nie, duideliker gereël. Die volgende bepalings is van toepassing:

(a) Artikel 2[8] skryf voor dat *reg* (*law*) en *optrede* (*conduct*) in stryd met die omskrewe fundamentele regte ongeldig is. Hieronder word nie net maatreëls ingevolge wetgewing ingesluit nie maar ook die gemenereg en inheemse reg (sien paragraaf 3 2 hieronder).

(b) Ter aanvulling van artikel 8(1), wat bepaal dat die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag en alle staatsorgane deur hoofstuk 2 gebind word, skryf artikel 8(2) uitdruklik voor dat hoofstuk 2 ook natuurlike persone en regspersone

5 Rautenbach *General provisions* 40 54; anders Du Plessis "Of the new Constitution: an evaluation of aspects of a constitutional text *sui generis*" 1996 *Stell LR* 5.

6 Dit is opvallend dat die regsprekende gesag by hierdie bepaling weggelaat is; die verband tussen a 7(1) en (2) word by par 3 1 hieronder bespreek.

7 *Committee Johannesburg Stock Exchange v Chairman Stock Exchange Appeal Board* 1992 2 SA 30 (W).

8 A 2 bepaal: "This Constitution is the supreme law of the Republic; law or conduct inconsistent with it is invalid, and duties imposed by it must be performed."

bind.[9] Die horisontale werking van hoofstuk 2 word egter gekwalifiseer deur die aard van die reg en die verpligting wat opgelê word, asook deur die feit dat daar by die ontwikkeling van die gemenereg deur die howe ook bepaalde beperkings op die regte geplaas kan word, met die voorbehoud dat beperkings op fundamentele regte slegs in ooreenstemming met die voorskrifte van artikel 36 mag plaasvind (sien paragraaf 4 hieronder).

(c) Artikel 9(4)[10] skryf voor dat geen persoon (natuurlike of regspersoon) teen 'n ander persoon mag diskrimineer nie. Ook hierdie voorskrif word gekwalifiseer deurdat artikel 9(5) voorsiening maak vir die feit dat onderskeid op grond van die faktore in artikel 9(3) onredelik is, met die uitsondering van die gevalle waar bewys kan word dat dit in die besondere omstandighede billik is.

Uit bogemelde artikels is dit dus duidelik dat die fundamentele regte van natuurlike en regspersone nie net beskerm word teen owerheidsoptrede deur staatsorgane nie, maar ook teen die optrede van ander natuurlike en regspersone (wat nie as staatsorgane optree nie) wat op die fundamentele regte van eersgenoemde natuurlike persone of regspersone inbreuk maak.

Alhoewel daar dus in die finale Grondwet uitdruklik vir die horisontale werking van fundamentele regte voorsiening gemaak word, is dit noodsaaklik om die omvang van die horisontale werking te ondersoek. Dit blyk duidelik uit die bewoording van artikels 7(3), 8(3)(b), 8(4), 9(5) en 36 dat daar wel in bepaalde omstandighede beperkings op die fundamentele regte van persone gelê kan word. Geen reg (ook nie 'n fundamentele reg nie) geld absoluut en onbeperk nie en daar is duidelike maatreëls om die regte in bepaalde omstandighede te beperk. Die voor-die-hand-liggendste beperking is dat 'n natuurlike of regspersoon se fundamentele regte in alle gevalle teen die fundamentele regte van ander natuur-

---

9 A 8 bepaal: "(1) The Bill of Rights applies to all law and binds the legislature, the executive, the judiciary, and all organs of state.
(2) A provision of the Bill of Rights binds a natural or a juristic person if, and to the extent that it is applicable, taking into account the nature of the right and of any duty imposed by the right.
(3) When applying a provision of the Bill of Rights to a natural and juristic person in terms of subsection (2), a court –
(a) in order to give effect to a right in the Bill, must apply, or if necessary, develop, the common law to the extent that legislation does not give effect to that right; and
(b) may develop rules of the common law to limit the right, provided that the limitation is in accordance with section 36(1)."

10 A 9 bepaal: "(1) Everyone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law.
(2) Equality includes the full and equal enjoyment of all rights and freedoms. To promote the achievement of equality, legislative and other measures designed to protect or advance persons, or categories of persons, disadvantaged by unfair discrimination may be taken.
(3) The state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture, language, and birth.
(4) No person may unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds in terms of subsection (3). National legislation must be enacted to prevent or prohibit unfair discrimination.
(5) Discrimination on one or more of the grounds listed in subsection (3) is unfair unless it is established that the discrimination is fair."

like en regspersone opgeweeg moet word. Vryheid van spraak van een persoon beteken nie noodwendig dat 'n ander persoon belaster mag word nie, maar dit kan in bepaalde omstandighede wel inhou dat een persoon se spraakvryheid nie deur die gemeenregtelike regsbeginsels aangaande laster aan bande gelê mag word nie.[11]

Aangesien daar nie 'n vasgestelde hiërargie van regte voorgeskryf word nie, hang dit van verskeie omstandighede af watter reg voorkeur bo 'n ander reg sal geniet. In geval van regspersone word die reg nog verder gekwalifiseer deur die aard van die reg en die regspersoon. Dit is dus belangrik om die omvang van die beskerming van regte van regspersone verder te ondersoek.

3 HORISONTALE WERKING VAN DIE GRONDWET

Uit die voorafgaande het dit geblyk dat daar onsekerheid bestaan ten opsigte van die omvang van die beskerming van die fundamentele regte ingevolge hoofstuk 3 van die tussentydse Grondwet en hoofstuk 2 van die finale Grondwet. Hierdie probleem is van besondere belang met betrekking tot regspersone. Indien die Grondwet wel horisontale werking het, ontstaan die vraag in watter mate regspersone by die toelating van lede, die neem van besluite, die uitoefening van regshandelinge en ten opsigte van die inhoud van hulle reglemente of konstitusies aan die voorskrifte van die gelykheidsbeginsel en nie-diskriminasievoorskrif in hoofstuk 3 (artikel 8) van die 1993-Grondwet en hoofstuk 2 (artikel 9) van die 1996-Grondwet onderskeidelik gebonde sal wees. Dit hou verband met die reg op vryheid van assosiasie wat in albei grondwette verskans is en by paragraaf 4 hieronder bespreek word.

3 1 Die 1993-Grondwet

Daar bestaan meningsverskil of die 1993-Grondwet vir die horisontale toepassing van fundamentele regte voorsiening maak, en indien wel, wat die omvang van die horisontale werking is. Daar bestaan wel eenstemmigheid oor die volgende:[12]

(a) Geen wetgewing en uitvoerende maatreëls wat deur die staat en staatsorgane op alle regeringsvlakke aangewend word in die uitoefening van staatsgesag, mag op enige fundamentele regte van regsubjekte soos in hoofstuk 3 voorgeskryf inbreuk maak nie (vertikale toepassing van hoofstuk 3). Dit is opvallend dat die regsprekende gesag nie in artikel 7(1) vermeld word nie.

(b) Wetgewing wat die privaatregtelike regsverhouding tussen regsubjekte reël, is onderworpe aan die voorskrifte van hoofstuk 3 en is hersienbaar indien dit op fundamentele regte van regsubjekte inbreuk maak (vertikale toepassing). Dit is 'n direkte gevolg van die voorskrif in artikel 7(1) dat alle wetgewende staatsorgane deur die voorskrifte van hoofstuk 3 gebind word.

(c) Indien die staat of staatsorgane gemeenregtelike beginsels toepas in die uitoefening van staatsgesag, moet dit sodanig toegepas word dat dit nie op fundamentele regte soos in hoofstuk 3 uiteengesit inbreuk maak nie.

---

11 Sien hieroor bv *Gardener v Whitaker* 1995 2 SA 672 (OK), 1996 4 SA 337 (CC) 343C–E; *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (CC) 708. Sien ook Neethling en Potgieter "Aspekte van die lasterreg in die lig van die Grondwet" 1995 *THRHR* 709–715.

12 Sien veral Woolman 10.1.

In *Du Plessis v De Klerk*[13] bevestig die konstitusionele hof dat die tussentydse Grondwet geïnterpreteer moet word aan die hand van die teks daarvan en dat daar in die wetteks nie voorsiening gemaak word vir die *direkte* horisontale toepassing van fundamentele regte nie. Die konstitusionele hof beslis by monde van regter Kentridge:

(a) Die verwysing na *reg* in artikel 7(2) sluit alle reg (ook die gemenereg) in. Indien die staat dus deur middel van staatsorgane in wetgewende of uitvoerende hoedanigheid optree, moet die toepassing van die gemenereg aan die voorskrifte van hoofstuk 3 voldoen.[14] Fundamentele regte ingevolge hoofstuk 3 word dus in alle gevalle (ook by die toepassing van gemenereg) teen wetgewende en uitvoerende optrede van staatsorgane beskerm.

(b) Die weglating van die regsprekende gesag in artikel 7(1) is nie toevallig nie, maar dit was die bedoeling dat hoofstuk 3 net op die wetgewende en uitvoerende gesag van toepassing sal wees.[15]

(c) In suiwer privaatregtelike aangeleenthede (waar geen owerheidsgesag op die verhouding tussen die partye van toepassing is nie) kan die partye gewoonlik nie steun op fundamentele regte soos in hoofstuk 3 verskans nie. Hoofstuk 3 het dus nie algemene horisontale werking nie.[16] Dit blyk veral uit die voorskrifte van artikels 33(4) en 35(3) wat onnodig sou wees as hoofstuk 3 algemene horisontale werking sou hê.

(d) In 'n privaatregtelike geskil kan 'n party egter steun op die beskerming van sy fundamentele regte ingevolge hoofstuk 3 indien die ander party se optrede berus op magtiging deur die wetgewende of uitvoerende gesag in stryd met hoofstuk 3.[17]

(e) Ingevolge artikel 35(3) word die horisontale werking van hoofstuk 3 *indirek* gemagtig in privaatregtelike verhoudings. Artikel 35(3) bepaal dat by die uitleg van enige wet en die toepassing en ontwikkeling van die gemenereg en gewoontereg, howe die gees, strekking en oogmerke van hoofstuk 3 in ag moet neem. Hiervolgens word howe nie gemagtig om die gemenereg en gewoontereg te vervang nie maar moet die gemenereg en gewoontereg ontwikkel word in ooreenstemming met die gees, strekking en waardes vervat in die Grondwet. Regter Kentridge beslis in hierdie verband:[18]

> "Fortunately, the Constitution allows for the development of the common law and customary law by the Supreme Court in accordance with the objects of chapter 3. I have no doubt that this section 35(3) introduces the *indirect* application of the fundamental rights provisions to private law. I draw attention to the words 'have due regard to' in section 35(3). That choice of language is significant. The Lawgiver did not say that Courts should invalidate rules of common law inconsistent with chapter 3 or declare them unconstitutional. The fact that courts are to do no more than have regard to the spirit, purport and objects of the chapter indicates that the requisite development of the common law and customary law is not to be pursued through the exercise of the powers of this Court under s 98 of the Constitution. The presence of this subsection ensures that the values embodied in chapter 3 will permeate the common law in all its aspects, including private litigation."

13 1996 3 SA 850 (CC).
14 876D–877A.
15 877H–878F.
16 881D–G.
17 879A–C.
18 885E–H.

(f) Die moontlikheid dat daar wel in bepaalde gevalle direkte horisontale toepassing van hoofstuk 3 in privaatregtelike geskille kan voorkom, word wel deur die konstitusionele hof voorsien sonder om voorbeelde daarvan te noem.[19] Die hof beslis egter dat dit nie in die besondere omstandighede van hierdie beslissing van toepassing is nie.

Ten einde te voorkom dat privaatregtelike regspersone en natuurlike persone in onderlinge regsverhoudinge met ander regsubjekte apartheidsgebruike voortsit, is artikel 33(4) ingevoeg. Artikel 33(4) bepaal dat die bepalings van hoofstuk 3 deur wetgewing en administratiewe maatreëls ook van toepassing gemaak kan word op ander persone en instansies as dié in artikel 7(1) genoem ten einde diskriminasie te voorkom.[20]

In verskeie hofuitsprake is daar ten gunste van die horisontale toepassing van hoofstuk 3 beslis.[21] Die uitspraak in *Gardener v Whitaker*[22] is in hierdie verband insiggewend. Volgens regter Froneman vereis die waardes onderliggend aan die Grondwet dat fundamentele regte wyer as net in regsverhoudings tussen die staat en ander regsubjekte beskerm moet word. Die doel van die Grondwet is om versoening en die uitskakeling van diskriminasie te bewerkstellig en dit kan slegs geskied deur die horisontale toepassing van fundamentele regte, ook in geval van die gemenereg en inheemse reg. Hoofstuk 3 behoort egter nie ongekwalifiseerd horisontaal toegepas te word nie:[23]

> "A word of caution, though, may also be called for. A radical break with *all* the legal traditions of the past is not what the Constitution demands. The Roman-Dutch legal system, interpreted at its best, was a rational, enlightened system of law, motivated by considerations of fairness' . . . What the Constitution has done is to release the common law from the shackles of institutionalised racial inequality . . .[24]
>
> It follows that, in my view, all aspects of the common law, including the present state of the law of defamation, should, in cases that now come before the courts, be scrutinised to decide whether they accord with the demands of the Constitution. To leave those areas of common law which are in conflict with the Constitution unaffected would in effect, if not by intent, perpetuate aspects of an undemocratic, discriminatory and unjust past."

---

19 887B–C.

20 Du Plessis "The genesis of the provisions concerned with the application and interpretation of the chapter on fundamental rights in South Africa's transitional Constitution" 1994 *TSAR* 93–94.

21 Sien veral *Waltons Stationary Company (Pty) Ltd v Fourie* 1994 1 BCLR 507 (O); *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W); *Jurgens v Editor, Sunday Times Newspaper* 1995 2 SA 52 (W); *Motala v University of Natal* 1995 3 BCLR 374; *Matukane v Laerskool Potgietersrus* 1996 1 All SA LR 468 (T); *Holomisa v Argus Newspapers* 1996 2 SA 588 (W). Sien ook Cachalia *et al Fundamental rights in the new Constitution* (1994) 19–20; Neethling en Potgieter 1995 *THRHR* 709–715; Henderson "Operation of the Constitution between private actors" 1995 *De Rebus* 439–441; Carpenter en Botha "The 'constitutional attack on private law': are the fears well founded?" 1996 *THRHR* 126–135.

22 1995 2 SA 672 (OK).

23 685B–E.

24 Sien egter Zaal "Roman law and the racial policies of the Dutch East India Company" 1996 *CILSA* 30–48 ivm diskriminerende praktyke ingevolge die Romeinse en Romeins-Hollandse reg. Anders Domanski "Teaching Roman law on the eve of the millenium: a new beginning" 1996 *THRHR* 539–556.

In *Gardener v Whitaker*[25] bevestig die konstitusionele hof die uitspraak van regter Froneman, maar wys daarop dat dit nie soseer neerkom op die direkte horisontale toepassing van fundamentele regte nie maar dat die regter by die toepassing van gemeenregtelike beginsels ingevolge die voorskrifte van artikel 35(3) die gees, strekking en oogmerke van die Grondwet in 'n privaatregtelike geskil in ag geneem het. Regter Kentridge beslis (343C–E):

> "My impression was that he the Judge was balancing one fundamental right (dignity, including reputation) against another (freedom of speech), and developing (or altering) a common-law rule in a manner which in his opinion struck the correct balance. He did not find that there had been an infringement of one or other of the two fundamental rights, and then go on to consider whether the infringement was justifiable in terms of s 33(1). Indeed, in one passage in his judgment he points out that, whereas the limitation provision in chap 3, ie s 33(1), seeks to diminish a right regarded as fundamental by the Constitution, 'the same cannot be said of competing fundamental rights. They are inherently of equal value in terms of the Constitution'."

In effek beteken dit dat die volgende prosedure in grondwetlike geskille tussen privaatindividue of instansies gevolg moet word:[26]

(a) Die hof beslis die aangeleentheid deur die onderskeie partye se belange teen mekaar op te weeg, met inagneming van die gemeenskapsbelang, redelikheid, billikheid en die *boni mores*.

(b) Daar rus 'n bewyslas op die eiser om aan te toon dat sy fundamentele regte voorkeur moet geniet bo dié van die verweerder.

(c) Indien die eiser daarin slaag, kom dit nie daarop neer dat die verweerder se fundamentele regte beperk is ingevolge die voorskrifte van artikel 33(1) nie, maar dat by die afweging van die partye se onderskeie fundamentele regte die eiser se reg in die bepaalde omstandighede voorkeur geniet bo dié van die verweerder.

3 2 Die 1996-Grondwet

Die finale Grondwet is met betrekking tot die horisontale toepassing van hoofstuk 2 heelwat duideliker as die tussentydse Grondwet. Tog is daar steeds enkele aspekte wat onduidelik is en verdere oorweging verdien. Daar sal nog steeds vasgestel moet word wanneer 'n persoon of instansie as 'n staatsorgaan optree en die omvang van die horisontale werking van hoofstuk 2 sal bepaal moet word. Dit is nouliks denkbaar dat alle privaatregtelike regsverhoudings tussen regsubjekte onderling ongekwalifiseerd aan die bepalings van hoofstuk 2 sal moet voldoen (sien byvoorbeeld artikel 9(5)).

3 2 1 Staatsorgaan

In die verhouding tussen die staat en ander regsubjekte tree die staat self as 'n regspersoon op.[27] Die staat as regspersoon is saamgestel uit sowel staatsburgers individueel en in groepsverband (as lede) as 'n verskeidenheid staatsorgane (regspersone, instellings en funksionarisse) wat draers van owerheidsgesag is of

---

25 1996 4 SA 337 (CC).

26 *Gardener*-saak 37A; sien ook Henderson 1995 *De Rebus* 441.

27 Basson en Viljoen *Staatsreg* (1988) 27; *Regering van die RSA v SANTAM Versekeringsmaatskappy* 1964 1 SA 546 (W).

openbare funksies vervul. 'n Staatsorgaan word ingevolge artikel 239 soos volg omskryf:

> "(1) In the Constitution, unless the context indicates otherwise, 'organ of state' means
>
> (a) any department of state or administration in the national, provincial or local sphere of government; and
>
> (b) any other functionary or institution –
>
> (i) exercising a power or performing a function in terms of the Constitution or a provincial constitution; or
>
> (ii) exercising a public power or performing a public function in terms of any legislation.
>
> (2) Despite subsection (1), "organ of state" does not include judicial officers or courts."

Artikel 239(1)(a) is heeltemal duidelik maar daar kan steeds meningsverskil bestaan oor artikel 239(1)(b). In laasgenoemde geval hoef die instansie nie 'n statutêre regspersoon te wees nie,[28] maar enige persoon (funksionaris) of instelling (regspersoon of nie-regspersoon) wat ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n funksie vervul of owerheidsgesag uitoefen (subartikel (i)) of wat ingevolge *enige ander wetgewing* 'n openbare funksie vervul of openbare gesag uitoefen (subartikel (ii)), tree as 'n staatsorgaan ingevolge artikel 8(1) op. Persone en instansies wat nie ingevolge die Grondwet, provinsiale grondwette of ander wetgewing openbare funksies of owerheidsgesag uitoefen nie, tree dus nie as staatsorgane op nie. Laasgenoemde persone en instansies is wel aan die bepalings van hoofstuk 2 gebonde as gevolg van die bewoording van artikel 8(2) (horisontale werking), maar die omvang van die horisontale werking van hoofstuk 2 word in hierdie geval gekwalifiseer deur sowel die aard van die reg wat ingevolge hoofstuk 2 beskerm word, as die aard van die verpligting wat deur die beskermde reg op die instansie gelê word.

Oor die vraag wanneer 'n persoon of 'n instansie deur die uitvoering van 'n openbare funksie of die uitoefening van owerheidsgesag as staatsorgaan omskryf kan word, bestaan daar meningsverskil. Dit is duidelik dat alle statutêre regspersone nie noodwendig staatsorgane is nie, maar dat dit gekwalifiseer word deur artikel 239(1)(b), naamlik dat die persoon of instansie ingevolge *wetgewing* owerheidsgesag uitoefen of 'n openbare funksie vervul. Dit sluit statutêre regspersone soos die Apostoliese Geloofsending en die Metodiste Kerk uit, maar twyfel bestaan oor instellings soos statutêre rade en universiteite.[29]

In *Baloro v University of Bophuthatswana*[30] is staatsorgane aan die hand van die volgende vereistes omskryf:

(a) Dit moet met die staat geïntegreer wees as 'n orgaan wat owerheidsgesag uitoefen. Die blote feit dat 'n instansie statutêr ontstaan, is nie noodwendig 'n aanduiding dat dit 'n staatsorgaan is nie.

(b) Dit kan by wyse van 'n spesifieke wet of algemeen magtigende wetgewing in die lewe geroep word.

---

28 Sien hieroor Rautenbach *General provisions* 54–55.
29 Du Plessis 1994 *TSAR* 110–111.
30 1995 4 SA 197 (B); sien ook Du Plessis 1994 *TSAR* 709.

(c) Liggame wat openbare funksies vervul, finansiële of ander ondersteuning van die staat ontvang en in noue samewerking met staatstrukture funksioneer, soos blyk uit staatsverteenwoordiging in sodanige liggame se bestuurstrukture, is staatsorgane. Voorbeelde hiervan is universiteite, beheerliggame van professies soos die Vereniging van Prokureursordes en die Mediese en Tandheelkundige Vereniging van Suidelike Afrika. Hierdie instansies funksioneer grotendeels deur privaatinisiatief maar met beduidende staatsbeïnvloeding.

(d) Privaatinstansies wat nie deur wetgewing in die lewe geroep word nie, maar wat 'n sleutelrol van openbare aard onder staatstoesig vervul, byvoorbeeld 'n privaat ouetehuis wat by die staat geregistreer is, staatsfinansiering ontvang en onder toesig van openbare maatskaplike werkers funksioneer, is staatsorgane.

(e) Statutêre regspersone, soos privaat- en publieke maatskappye, wat geen openbare funksie vervul of staatsgesag uitoefen nie, is nie staatsorgane nie.

In *Directory Advertising Cost Cutters v Minister for Posts, Telecommunications and Broadcasting*[31] word daar twyfel uitgespreek of instansies soos omskryf in (c) en (d) hierbo in *alle* omstandighede as staatsorgane geklassifiseer kan word. Daar word byvoorbeeld verwys na Kanadese regspraak ingevolge waarvan dit nie moontlik is om universiteite, ten spyte van staatsubsidie en owerheidsverteenwoordiging in bestuurstrukture, as staatsorgane te tipeer nie.

Ek is van mening dat die blote feit van owerheidsregistrasie en -inspeksie nie noodwendig 'n privaatinstansie as 'n staatsorgaan sal tipeer nie. Alle organisasies wat fondse by die publiek insamel, moet byvoorbeeld ingevolge die Wet op Fondsinsameling 107 van 1978 by die Direkteur van Fondsinsameling geregistreer word en aan hom verslag doen. Dit bring egter nie mee dat al sodanige organisasies as staatsorgane getipeer kan word nie.

Dit is duidelik dat die oorsprong of aard van 'n regspersoon nie finaliter bepaal of die regspersoon aan die bepalings van hoofstuk 2 gebonde sal wees nie, maar of die instansie 'n funksie vervul of owerheidsgesag uitoefen ingevolge die Grondwet of provinsiale wetgewing (artikel 239(1)(b)(i)) of 'n *openbare* funksie vervul of owerheidsgesag uitoefen ingevolge enige ander wetgewing (artikel 239(b)(ii)), in welke geval artikel 8(1) toepassing vind deurdat sodanige instansie as 'n staatsorgaan optree; in geval van enige ander regspersone geld artikel 8(2) (horisontale werking).

'n Privaat ouetehuis (voorbeeld (d) in die *Baloro*-saak hierbo genoem) kan dus in bepaalde omstandighede as 'n staatsorgaan getipeer word, afhangende van die mate waarin dit as statutêre liggaam optree en 'n openbare funksie vervul, maar alle ouetehuise is nie noodwendig staatsorgane nie. Daarteenoor is Telkom ongetwyfeld 'n staatsorgaan vanweë die openbare funksie wat dit vervul.[32] Dit is moeiliker om rade soos die Vereniging van Prokureursordes en die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as staatsorgane te tipeer, aangesien hulle nouliks as openbare liggame wat owerheidsgesag uitoefen, omskryf kan word. Die vraag ontstaan egter in watter mate hierdie instansies 'n

31 1996 3 SA 800 (T) 809; sien ook Venter "Die staat en die universiteitswese" 1995 *THRHR* 385–388.

32 Sien *Directory Advertising Cost Cutters v Minister for Posts, Telecommunications and Broadcasting* 1996 3 SA 800 (T) 811G–H.

openbare funksie vervul. Hieroor bestaan daar tans nie duidelike riglyne nie en regspraak (veral van die konstitusionele hof) behoort mettertyd riglyne in die verband te verskaf.

In geval van universiteite geld egter ander omstandighede. Universiteite is statutêre regspersone, vervul 'n openbare onderrigfunksie, word grotendeels deur die staat gefinansier, het 'n verslagverpligting teenoor die staat en staatsverteenwoordigers word in die rade van universiteite aangestel. Voorts kan kursusse en grade net met staatstoestemming ingestel word. Universiteite maak aanspraak op hulle outonomie ingevolge hulle ontstaansgeskiedenis, interne bestuursmaatreëls en samestelling, asook die feit dat hulle nie owerheidsgesag uitoefen nie. Tog is universiteite na my mening instellings van openbare aard wat nie naastenby met dieselfde onafhanklikheid, privaatinisiatief en -befondsing as die rade hierbo genoem funksioneer nie. Dit word vollediger by paragraaf 4 3 hieronder bespreek.

3 2 2 *Omvang van horisontale toepassing*

Ingevolge artikel 8(2) word alle handelinge en besluite van regspersone (ook regspersone wat nie as staatsorgane optree nie) binne die trefwydte van hoofstuk 2 gestel "... if, and to the extent that, it is applicable, taking into account the nature of the right and of the duty imposed by the right".

Laasgenoemde kwalifikasie laat die vraag ontstaan wat die omvang van die horisontale toepassing van hoofstuk 2 op regspersone in privaatregtelike regsverhoudinge is. Wêreldwyd het die tendens ontwikkel dat nie slegs ten opsigte van die verhouding tussen die staat en ander regsubjekte nie, maar ook in geval van die onderlinge verhouding tussen regsubjekte ongelykhede kan bestaan wat op regte van individue inbreuk kan maak.

Die verwysing na "all law" in artikel 8(1) sluit ook die gemenereg en die gewoontereg in. Voorts bepaal artikel 39:

> "(2) When interpreting any legislation, and when developing the common law or customary law, every court, tribunal or forum must promote the spirit, purport, and objects of the Bill of Rights.
>
> (3) The Bill of Rights does not deny the existence of any other rights or freedoms that are recognised or conferred by common law, customary law or legislation, to the extent that they are consistent with the Bill."

Dit is egter duidelik dat die horisontale werking van hoofstuk 2 nie onbegrens toegepas sal kan word nie en die vraag ontstaan wat die omvang van die horisontale werking sal wees. Rautenbach[33] dui aan dat die vereiste in artikel 39(2) (artikel 35(3) van die tussentydse Grondwet) dat 'n hof by die uitleg van wetgewing en by die toepassing en ontwikkeling van die gemenereg en gewoontereg die gees, strekking en oogmerke van hoofstuk 2 in ag moet neem, met betrekking tot die omvang van die horisontale toepassing die volgende inhou:

(a) Ongelyke privaatregtelike verhoudings: Aangesien die doel van hoofstuk 2 is om beskerming te bied in die ongelyke regsverhouding tussen staat en ander regsubjekte, word die gees, strekking en oogmerke ook in ag geneem by ongelyke privaatregtelike verhoudings, veral in geval van vrywillige verenigings. Administratiefregtelik bestaan daar alreeds die beginsel dat hierdie verhoudings

33 *General provisions* 76–80.

nie bloot kontraktueel van aard is nie maar dat administratiefregtelike beginsels toepassing vind.[34] Die standpunt is dat administratiefregtelike beginsels op privaatregtelike regspersone van toepassing is, uitgesonderd in gevalle waar dit uitdruklik kontraktueel tussen die partye uitgesluit is. As gevolg van die ongelyke verhouding kan dit selfs wees dat die kontraktuele uitsluiting van hierdie gemeenregtelike administratiefregtelike beginsels deur 'n hof onkonstitusioneel bevind kan word.

(b) Algemene privaatregtelike beginsels: Daar bestaan reeds in privaatregtelike verhoudings die beginsels van goeie trou, redelikheid, *boni mores* en openbare belang. Veral kontrakte wat nie aan bogemelde beginsels voldoen nie word nie deur die howe toegepas nie. Hierdie beginsels kan 'n nuttige funksie vervul in die bepaling van watter privaatregtelike regsverhoudings in stryd met die beginsels van hoofstuk 2 sal wees (sien *Rock Insurance Co Ltd v Carmichael's Executor*[35] en *Robinson v Randfontein Estates*[36] waar die hof geweier het om 'n kontrak wat in albei partye se guns was, af te dwing weens die feit dat dit teen die openbare belang was).

(c) Die gelykheidsbeginsel: Artikel 9(4) en (5) maak die gelykheidsbeginsel gekwalifiseerd op privaatregtelike verhoudings van toepassing. Hiervolgens is diskriminasie op die gronde soos uiteengesit in artikel 9(3) (ras, geslag, geslagtelikheid, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale oorsprong, kleur, geslagtelike oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, geloof, kultuur, taal en geboorte) onbillik tensy bewys word dat dit regverdigbaar is. Die bewyslas dat dit geregverdig is, rus vanselfsprekend op die persoon wat dit beweer. Hierdie aspek is van groot belang by die regshandelinge, lidmaatskap en interne verbandsreg van regspersone en word by paragraaf 4 hieronder vollediger bespreek.

(d) Ingevolge artikel 39(3) word ander regte (as die regte verskans in hoofstuk 2) ingevolge wetgewing, die gemenereg en gewoontereg erken in die mate wat dit met die regte in hoofstuk 2 bestaanbaar is. Omdat daar nie 'n hiërargie van verskanste regte bestaan nie, behoort die afweging van regte van die omstandighede in die verskillende gevalle af te hang en sal 'n besondere reg nie in alle gevalle voorrang geniet bo ander regte in hoofstuk 2 en ingevolge die gemene- of gewoontereg nie.[37]

Tans is die situasie dat ingevolge die gelykheidsbeginsel (artikel 9) alle regsverhoudings, ook privaatregtelike regsverhoudings, nie-diskriminerend van aard moet wees, tensy daar ingevolge artikel 9(5) aangetoon kan word dat dit 'n regverdigbare onderskeid is.[38] Die howe, en veral die konstitusionele hof, sal in

---

34 Vgl *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) 21D–F; sien ook *Durr v Universiteit van Stellenbosch* 1990 3 SA 598 (A); *Mfolo v Minister of Education, Bophuthatswana* 1994 BCLR 136 (B); *Yates v University of Bophuthatswana* 1994 3 SA 815 (B); *Baloro v University of Bophuthatswana* 1995 4 SA 197 (B); Wiechers *Administratiefreg* (1984) 77; Baxter *Administrative law* (1984) 340–342; Ferreira "Enkele gedagtes oor die onderskeid tussen publiek- en privaatreg in die Suid-Afrikaanse reg" 1990 *SA Publiekreg* 64, "Die nakoming van die *audi alteram partem*-reël in kontraktuele verhoudinge" 1991 *SA Publiekreg* 140–146.

35 1917 AD 598.

36 1926 AD 204.

37 Sien hieroor die prosedure van afweging van belange soos voorgestel deur Froneman R in *Gardener v Whitaker* 1995 2 SA 672 (OK) 37A (par 3 1 hierbo).

38 *K Entertainment CC v Minister of Safety and Security* 1994 2 BCLR 718 (OK).

die toekoms 'n uiters belangrike funksie vervul in die stel van presedente van die omstandighede waar die maak van onderskeide regverdigbaar sal wees.

Die mate waarin regspersone ten opsigte van lidmaatskapsregte, die inhoud en toepassing van die konstitusie of reglement van sodanige regspersoon en ten opsigte van interne verbandsreg en eksterne regshandelinge aan konstitusionele voorskrifte gebonde is, hang nou saam met die wisselwerking tussen artikel 9 (die gelykheidsbeginsel) en artikel 18 (vryheid van assosiasie).

4 VRYHEID VAN ASSOSIASIE

Artikel 18 van die finale Grondwet bepaal: "Everyone has the right to freedom of association."

Groepvorming is 'n natuurlike gegewe waarop normale gesins- en familiebande berus en wat die grondslag van religieuse, sosiale, ekonomiese en politieke betrekkinge vorm. Dit vorm dus deel van die menslike bestaanswyse en neem 'n onontbeerlike plek in enige samelewing in. Die reg op vryheid van assosiasie is dus een van die mees fundamentele regte wat alle samelewings erken.[39]

Die begrip vryheid van assosiasie is 'n wye begrip wat vir verskillende vertolkings vatbaar is.[40] Twee aspekte van vryheid van assosiasie kan geïdentifiseer word. Enersyds het lede van organisasies die vryheid om te bepaal met wie, waarom en wanneer hulle wil assosieer. Dit hou verband met die lidmaatskaps- of toelatingsvereistes van organisasies. Andersyds het elkeen die reg om te besluit by watter organisasies hy/sy wil aansluit. Eersgenoemde aspek hou verband met die feit dat individue en groepe bepaalde verbintenisse kan sluit en handhaaf wat verband hou met hulle sosiale, kulturele, religieuse en politieke oortuigings, wat dien as manifestering van hulle vryheid van geloof, godsdiens, spraak, uitdrukking, kultuur en taal. Dit lei tot 'n vrye samelewing waarin elke individu hom/haar na vrye keuse kan ontwikkel en uitleef.

Daarteenoor hou die horisontale toepassing van hoofstuk 2 in dat daar nie op grond van ras, geslag, geslagtelikheid, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, geloof, oortuiging, kultuur of taal teen 'n persoon gediskrimineer mag word nie (artikel 9(4)), met die uitsondering van gevalle waar sodanige diskriminasie geregverdig kan word (artikel 9(5)). Hierdie aspek hou veral verband met diskriminerende toelatingsvereistes of interne verbandsreg van organisasies.

Die vraag ontstaan in watter omstandighede diskriminasie ingevolge artikel 9(5) geregverdig mag word en in watter omstandighede die owerheid op grond van diskriminerende praktyke met die werksaamhede van organisasies sal inmeng. Staatsinmenging ter beperking van die reg op vryheid van assosiasie vind primêr plaas ten einde die gelykheidsbeginsel ingevolge artikel 9 toe te pas. Artikel 36 bevat voorskrifte met betrekking tot die beperking van fundamentele regte:[41]

---

39 Pienaar "Freedom of association in South Africa and the United States" 1993 *CILSA* 147–148.

40 Woolman en De Waal "Freedom of association" in Van Wyk *et al* (reds) *Rights and constitutionalism: The new South African legal order* (1994) (hierna Woolman en De Waal) 338.

41 Sien hieroor ook *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (CC) 708.

"36 (1) The rights in the Bill of Rights may be limited only in terms of law of general application to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom, taking into account all relevant factors, including–

(a) the nature of the right;

(b) the importance of the purpose of the limitation;

(c) the nature and extent of the limitation;

(d) the relation between the limitation and its purpose; and

(e) less restrictive means to achieve the purpose.

(2) Except as provided in subsection (1) or in any other provision of the Constitution, no law may limit any right entrenched in the Bill of Rights."

Hiervolgens behoort die staat op die volgende wyses by die funksionering of werksaamhede van organisasies te kan inmeng:

(a) Die verbod op of ontbinding van 'n organisasie of 'n voorskrif tot wysiging van die doelstellings van 'n organisasie waar sodanige organisasie se doelstellings of werksaamhede ingevolge sy konstitusie of reglement in stryd is met die beginsel van 'n oop en vrye gemeenskap gebaseer op menslike waardigheid, gelykheid en vryheid.

(b) Die eis dat lidmaatskap oopgestel word ten einde persone in te sluit wat 'n wesenlike belang by die doelstellings van die organisasie het en ingevolge die konstitusie lidmaatskap geweier word op grond van diskriminerende oorwegings.

(c) Die eis dat die interne verbandsreg van veral politieke organisasies aan demokratiese beginsels moet voldoen.

Die motivering vir bogemelde staatsinmenging is geleë in die bevordering van die openbare belang ingevolge die voorskrifte van artikel 36(1), maar dit geld nie absoluut nie en sal verskil na gelang die aard van die organisasie.[42] In hierdie verband speel die openbare funksie wat 'n organisasie vervul 'n groot rol. Vanselfsprekend sal organisasies wat ingevolge artikel 239(1)(b)(ii) as staatsorgane optree (sien paragraaf 3 2 1 hierbo) as gevolg van die vertikale toepassing van hoofstuk 2 op geen wyse mag diskrimineer nie, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle waar die diskriminasie ingevolge artikel 9(5) geregverdig kan word. Organisasies wat nie as staatsorgane optree nie is egter eweneens weens die horisontale werking van die Grondwet aan die voorskrifte van hoofstuk 2 gebonde maar in 'n beperkter mate. Dit is dus noodsaaklik om die trefwydte van die toepassing van hoofstuk 2 by organisasies wat nie as staatsorgane optree nie te ondersoek.

Die lidmaatskapsvereistes en interne reëlings van 'n tennisklub met 12 lede sal byvoorbeeld moeilik deur die owerheid beperk kan word aangesien sodanige vereniging weens sy aard binne die private sfeer val waar vryheid van assosiasie beskerm word.[43] In sodanige geval sal staatsinmenging nie as redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing beskou kan word nie. Daar kan egter ander kompliserende faktore bestaan. Indien die tennisklub byvoorbeeld van munisipale tennisgeriewe gebruik maak en lidmaatskapsvereistes op 'n

42 Woolman en De Waal 381–382.

43 Vir die onderskeid tussen die private sfeer en openbare sfeer, sien Rautenbach *General provisions* 77–78; Woolman 10.34.

rassegrondslag openlik geadverteer word, ontstaan die vraag of die lede op regverdiging van die diskriminerende faktor ingevolge artikel 9(5) kan steun. Dit laat die moontlikheid dat die owerheid in openbare belang en ter bevordering van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menslike waardigheid, gelykheid en vryheid in die interne aangeleenthede van die tennisklub kan inmeng. Die klub se konstitusie en/of optrede na buite het dit dus uit die private sfeer na die openbare sfeer verskuif wat owerheidsinmenging ingevolge artikel 36(1) regverdig. Die grens tussen die openbare en private sfeer is egter moeilik bepaalbaar en riglyne sal in die verband ontwikkel moet word.

Die teenoorgestelde is ook waar. 'n Plaaslike sakekamer waar die onderlinge ekonomiese belange van sakelui gedien en bevorder word, kan moontlik nog op taal- of ekonomiese grondslae lidmaatskapsvereistes stel, maar vereistes op grond van geslag of ras is moeiliker regverdigbaar ingevolge artikel 9(5). 'n Sosiale klub van sakelui wat geen openbare of ekonomiese nadele vir nie-lede inhou nie, sal egter wel diskriminerende lidmaatskapsvereistes kan stel as gevolg van die private aard daarvan. Die riglyn in al hierdie gevalle is die mate waarin sodanige organisasie in die openbare sfeer funksioneer, teenoor privaat organisasies wat hulle aktiwiteite nie met openbare oogmerke nie maar ter realisering van die lede die ekonomiese, sosiale, kulturele, taal- of godsdienstige belange uitoefen. In die Amerikaanse reg is daar egter twee vorme van diskriminasie wat moeilik regverdigbaar is (selfs by organisasies van 'n private aard), naamlik diskriminasie op grond van ras[44] en geslag. Dit is nie onmoontlik om sodanige organisasies op 'n private grondslag te bedryf nie, maar die vraag of daar 'n regverdigbare motivering vir sodanige onderskeid is, word strenger toegepas as gevolg van die krenkende effek van sodanige optrede.[45]

Wanneer diskriminerende maatreëls dus getref word deur organisasies wat in die private sfeer optree, geld die volgende riglyne met betrekking tot die toelaatbaarheid van sodanige onderskeide:[46]

(a) Kan die onderskeid gemotiveer word in die lig van die organisasie se doelstellings en werksaamhede?

(b) Is die onderskeid in stryd met die openbare belang deurdat dit krenkend van aard is en dus nie as redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing bestempel kan word nie?

(c) Moet die belange van die lede van die organisasie voorkeur geniet bo die belange van persone wat wil toetree tot die organisasie of gekrenk word deur die organisasie se doelstellings of werksaamhede?

Daar word in geval van private organisasies waar die owerheid se inmenging ten opsigte van lidmaatskapsvereistes, die inhoud van die konstitusie of reglement

---

44 Davis "Equality and equal protection" in Van Wyk *et al* (hierna Davis) 202: "The justification for differentiation has also been fundamental to anti-discrimination jurisprudence in the US. Classification based upon racial criteria are [*sic*] considered to be suspect and the doctrine of strict scrutiny has been applied to them. In such cases it is not sufficient to justify a differentiation on the basis of a rational relationship between the classification and a state interest. The classification must be shown to be a necessary means to the promotion of a 'compelling and overriding' state interest."

45 *Roberts v United States Jaycees* 468 US 606 (1984); sien Pienaar 1993 *CILSA* 150–151 en gesag aldaar.

46 Rautenbach *General provisions* 54–55.

en die interne verbandsreg in bepaalde gevalle kan plaasvind, veral onderskei tussen klubs (verenigings met of sonder regspersoonlikheid), kerke, opvoedkundige instellings, politieke organisasies en ekonomiese (beroeps-, professionele of bedryfs-) organisasies. Die aard van die organisasie sal dikwels bepaal in welke mate dit in die private of openbare sfeer val en in watter mate owerheidsinmenging ingevolge artikels 9 en 36 regverdigbaar is.

4 1 Klubs

'n Klub kan gemeenregtelik getipeer word as 'n vereniging met of sonder regspersoonlikheid.[47] Die regspersoonlikheid van 'n vereniging hou egter verband met die uitoefening van kompetensies en het nie direk betrekking op die vraagstuk van vryheid van assosiasie soos dit veral met betrekking tot lidmaatskapsvereistes en interne verbandsreg toepassing vind nie. Vir doeleindes van die verdere bespreking maak dit dus nie 'n verskil of 'n vereniging regspersoonlikheid het al dan nie.

Lidmaatskapsvereistes bepaal gewoonlik 'n vereniging se identiteit en funksioneringswyse en is 'n uiting van die bestaande (individuele) lede se reg op vryheid van assosiasie. Daar sal egter in geval van diskriminerende lidmaatskapsvereistes 'n bewyslas op die vereniging rus dat die diskriminasie regverdigbaar is ingevolge artikel 9(5), maar daar rus eweneens 'n bewyslas op die ander party dat 'n beperking op die vereniging om lidmaatskapsvereistes te stel of 'n voorskrif om dit te verslap ingevolge artikel 36 redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menslike waardigheid, gelykheid en vryheid.[48]

Vryheid en gelykheid as beginsels wat in hierdie verband in ag geneem moet word, is op die oog af teenstrydige beginsels.[49] Dit is egter noodsaaklik dat daar 'n afweging van belange plaasvind wat in elke besondere geval sal aandui in watter mate die gelykheidsbeginsel met die vryheid van individue (in hierdie geval vryheid van assosiasie) versoenbaar is.[50] In die afweging van hierdie belange is die mate waarin 'n vereniging privaat of openbaar van aard is en/of funksioneer dikwels van deurslaggewende belang.

In die Amerikaanse reg word daar onderskei tussen die reg op *intimate association* en *expressive association*, en in albei gevalle kan daar (indien geregverdig) lidmaatskapsvereistes gestel word wat diskriminerend van aard mag wees.[51] In geval van *intimate association* word beperkende lidmaatskapsvereistes toegelaat op grond van die feit dat dit 'n inherente deel van individuele vryheid van keuse (en gevolglik assosiasie) vorm. Die vereistes wat die regspraak stel, is dat dit slegs toelaatbaar is in geval van relatief klein organisasies (in die besondere geval minder as 400 lede), dat die keuse van lede gemotiveer kan word in die lig van die klub se doelstellings en funksioneringswyse en dat nie-lede

47 Pienaar *Die gemeenregtelike regspersoon in die SA privaatreg* (LLD-proefskrif PU vir CHO 1982) 190–232, "Die regsaard van verenigingsregspersone" 1990 *De Jure* 81–97.

48 *Gardener v Whitaker* 1995 2 SA 672 (OK); 1996 4 SA 337 (CC).

49 Davis 196.

50 *Ibid*: "Equality thus is inextricably linked to the conception of liberty if society is to allow the promotion of competing interests. Where equality is different, however, to liberty is that it depends upon a comparator. It is here that equality becomes an enigmatic concept."

51 Pienaar 1993 *CILSA* 149–151; Davis 202–203; Woolman en De Waal 345–350.

uitgesluit word van die klub se aktiwiteite wat inhou dat dit 'n privaatklub is wat nie enige openbare aktiwiteite beoefen nie.[52] Dat daar egter nie in alle gevalle op die reg op *intimate association* aanspraak gemaak kan word nie, blyk uit die uitspraak in *Roberts v United States Jaycees*[53] – die hof was nie bereid om op grond van die reg op *intimate association* die Jaycees se besluit dat vroue nie vir lidmaatskap kwalifiseer nie, te handhaaf nie. Die hof beslis dat die feit dat die Jaycees 'n openbare diensfunksie vervul en nie-toelating tot die organisasie die potensiaal het om lede ekonomies te benadeel, die organisasie buite die kader van *intimate association* plaas.

In geval van *expressive association* bepaal die organisasie se doelstellings dat lede die bevordering van bepaalde gemeenskaplike oogmerke nastreef. Indien die toelating van bepaalde persone die funksionering van die organisasie ter uitoefening van die gemeenskaplike doelstellings bemoeilik of onmoontlik maak, of die aard van die organisasie sal verander, kan daar beperkende lidmaatskapsvereistes gestel word:[54]

> "The right to expressive association is linked to recognition of the fact that people have the right to associate in pursuit of activities protected by the First Amendment and that such people have the right to exclude certain categories of people from membership of the association if inclusion of such categories will prevent the association from engaging in its various activities or expressing its views."

Hierdie kriteria sal waarskynlik nie regstreeks uit die Amerikaanse reg in die Suid-Afrikaanse situasie toepassing vind nie, maar die feit dat 'n organisasie van openbare aard is of 'n openbare funksie vervul,[55] sal waarskynlik deurslaggewend wees in die toepassing van die gelykheidsbeginsel ingevolge artikel 9 (horisontale werking van die Grondwet). Daarteenoor behoort dit hoogs onwaarskynlik te wees dat die owerheid sal inmeng in die lidmaatskapsvereistes en aktiwiteite van suiwer privaat organisasies wat nie enigsins 'n openbare funksie vervul nie. Indien 'n organisasie (selfs 'n privaat organisasie) se doelstellings en/of aktiwiteite egter sodanig is dat dit krenkend van aard is, is dit wel moontlik dat die owerheid daarmee sal inmeng vanweë die feit dat die inmenging ingevolge artikel 36(1) redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Die bepalings van artikel 31 (vryheid van kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe) sal egter ook deurentyd in gedagte gehou moet word (vir 'n bespreking hiervan, sien paragraaf 4 2 hieronder). Veral artikel 31(1)(b) maak dit moontlik dat organisasies gebaseer op gemeenskaplike kultuur, taal en godsdiens vrylik kan bestaan mits hulle privaat van aard is ("associations and other organs of civil society"). Die vraag of daar in sodanige organisasies beperkings op grond van ras of geslag opgelê sal kan word, sal afhang van die feit of dit geregverdig kan word ingevolge die voorskrif van artikel 9(5) wat bepaal dat daar 'n bewyslas op die organisasie rus dat sodanige diskriminasie regverdigbaar is.

---

52 *New York State Club Association v City of New York* 69 NY 211 215 (1987).

53 468 US 609 (1984); sien ook *Rotary Club of Duarte v Board of Directors of Rotary International* 178 Cal App 1035 (1987).

54 Pienaar 1993 *CILSA* 151; *Roberts v United States Jaycees* 468 US 609 627 (1984).

55 Indien sodanige organisasie 'n openbare funksie *ingevolge wetgewing* uitoefen, is dit natuurlik 'n staatsorgaan ingevolge a 239(1)(b)(ii).

4 2 Kerke en godsdienstige organisasies

In geval van kerke en godsdienstige organisasies word bogemelde beginsels verder gekompliseer deur die volgende artikels van die finale Grondwet:

"15. Freedom of religion, belief and opinion

(1) Everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion.

(2) Religious observances may be conducted at state or state-aided institutions provided that –

(a) those observances follow rules made by the appropriate public authorities;

(b) they are conducted on an equitable basis; and

(c) attendance at them is free and voluntary.

(3) (a) This section does not prevent legislation recognising –

(i) marriages concluded under any tradition or a system of religious, personal or family law; or

(ii) systems of personal and family law under any tradition or adhered to by persons professing a particular religion.

(b) Recognition in terms of paragraph (a) must be consistent with this section and the other provisions of the Constitution.

31. Cultural, religious and linguistic communities

(1) Persons belonging to a cultural, religious or linguistic community may not be denied the right, with other members of that community, to –

(a) enjoy their culture, practise their religion and use their language, and

(b) form, join and maintain cultural, religious and linguistic associations and other organs of civil society.

(2) The rights in subsection (1) may not be exercised in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights."

In die eerste plek is artikel 15(1) daarop gemik om individue se reg op vryheid van geloof, oortuiging en meningsuiting te beskerm. Aangesien artikel 8(4) egter voorsiening maak vir die beskerming van regte van regspersone vir sover die aard van die reg en die aard van die regspersoon dit moontlik maak, ontstaan die vraag of artikel 15(1) ook beskerming verleen aan kerke as regspersone. Dit is te betwyfel of 'n kerk oor geloof of gewete beskik en in dié geval wil dit voorkom of artikel 15(1) slegs op individue van toepassing is.[56] Artikel 31(1)(a) en (b) maak egter voorsiening vir vryheid van assosiasie van godsdienstige, kulturele en taalgemeenskappe.

37 *Idem.* Alg Inl–2 Alg Inl–102. *Bestuurscompensatie* kom bv ter sprake in die volgende gevalle: (i) die regmatige onttrekking deur 'n munisipaliteit (gemeente) van drinkwater vir die inwoners van die munisipaliteit, welke onttrekking lei tot die uitdroging van 'n naburige landgoed tot nadeel van die eienaar (sien HR 1944-02-18, NJ 1944, 226 (*'s-Gravenhage/Jochems*); (ii) die verlening van 'n vergunning aan 'n munisipaliteit om 'n brug aan te lê, waarvan die hoogte die deurvaart van skepe beperk, ter vervanging van 'n ophaalbare brug. Die aanleg van die nuwe brug strek tot nadeel van 'n skeepswerf wat geleë is aan die kanaal aangesien skepe vanweë die nuwe brug nie meer in die kanaal kan vaar nie (sien AR 1982-01-12, AB 1982, 299 (*Paul Krugerbrug I*); AR 1983-11-22, AB 1984, 154 *Paul Krugerbrug II*).

38 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–2.

39 *Idem* Alg Inl–14.

40 Sien *idem* Alg Inl–102 t/m Alg Inl–122; Lubach en Van Wijmen *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* F–3–1 t/m F–3–98. Lubach en Van Wijmen F–3–99 konkludeer dat die grondslag vir *nadeelcompensatie* tans te vinde is in a 3:4 van *de Algemene wet bestuursrecht* van 1992, Stb 315.

(c) Die oplegging van gebruiksbeperkinge wat nie so ingrypend beskou word dat betaling van vergoeding hoef plaas te vind nie.[41]

(d) Die oplegging van "gedoog"-pligte teen betaling van volledige skadevergoeding.[42] In 'n aantal sogenaamde "gedoog"-wette[43] word 'n tydelike of langdurige verpligting vir die grondeienaar opgelê om die aanleg en gebruik van owerheidswerke te duld wat inbreuk maak op eiendomsreg,[44] byvoorbeeld die aanleg van hoogspanningslyne, elektrisiteitskabels, telefoonlyne, gaspype en dergelike.[45]

(e) Die vernietiging of onbruikbaarmaking van eiendom in algemene belang deur die owerheid teen betaling van skadevergoeding of tegemoetkoming in skade waarvoor kragtens wetgewing[46] voorsiening gemaak word.[47]

(f) Skadevergoeding by vordering in algemene belang.[48]

Teen die agtergrond van voorgaande skema ontstaan die vraag vervolgens of onteiening in 'n privaatregtelike sin gesien behoort te word as 'n ontneming van eiendomsreg of 'n beperking daarvan. Hierdie onderskeid was vantevore belangrik in soverre vergoeding altyd vereis is by onteiening terwyl vergoeding vir die beperking van bevoegdhede voortspruitend uit eiendomsreg nie vanselfsprekend was nie.[49] Onteiening kan in 'n sakeregtelike sin gesien word as 'n ontneming of oorgang van eiendomsreg[50] en behoort steeds onderskei te word van die beperkinge van eiendomsreg,[51] hetsy vergoeding betaalbaar is vir sodanige beperkinge al dan nie. Onteiening word inderdaad beskou as 'n oorspronklike wyse van eiendomsverkryging.[52] Onteiening werk titelsuiwerend, dit wil sê die grond word van saaklike laste bevry.[53]

Telders[54] huldig ook 'n wyer beskouing van onteiening, as synde nie alleen die oorgang van eiendomsreg nie maar ook die verbreking van die feitelike en ekonomiese betrekking tussen die eienaar en sy saak. Van Wijmen en Hamming[55] voer aan dat onteiening nie net beperk kan word tot ontneming van

41 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–2 t/m Alg Inl–3.
42 *Idem* Alg Inl–2.
43 Bv a 1 van *de Belemmeringenwet privaatrecht* van 1927, Stb 159; a 7 van *de Spoorwetgeving* van 1917, Stb 703; a 15 van *de Rivierenwet* van 1908, Stb 339; a 7–11 van *de Waterstaatswet* van 1900, Stb 176; a 32 van *de Wet op de Telecommunicatievoorzieningen* van 1988, Stb 520; a 14 van *de Wegenwet* van 1930, Stb 342; a 29 van *de Wet op Stads- en dorpsvernieuwing* van 1984, Stb 406.
44 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–2, Alg Inl–122; Van Wijk-Konijnenbelt-Van Male *Administratief recht* 632.
45 Van Wijk-Konijnenbelt-Van Male *Administratief recht* 632.
46 Bv a 59 en 39 van *de Veewet* van 1920, Stb 153.
47 A 14 van die Grondwet; Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–134.
48 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–2.
49 *Idem* Alg Inl–12.
50 Telders *Schadeloosstelling voor onteigening* (1968) 8 (hierna *Schadeloosstelling*); Jansen *Onteigenen* 4; Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–2, Band 3 Bijz II.I–4 Bijz II.I–6; Van der Gouwe *Onteigening* Band 1 II–1; Van den Berk *Schadevergoeding voor rechtmatig toegebrachte schade door de overheid* (1991) 2 (hierna *Schadevergoeding*).
51 Jansen *Onteigenen* 5.
52 Snijders en Rand-Berenschot *Goederenrecht* 223.
53 A 4 lid 2 van *de Onteigeningswet*; Van Zundert *Het bestemmingsplan: Een juridisch-bestuurlijke inleiding in de ruimtelijke ordening* (1993) 233 (hierna *Bestemmingsplan*).
54 *Schadeloosstelling* 21–22.
55 *Onteigening* Band 3 Bijz II.I–6.

eiendomsreg of verbreking van die regsbetrekking tussen eienaar en saak nie omdat onteiening ook finansiële gevolge inhou vir derdes wat as reghebbendes ingevolge die *Onteigeningswet* erken word.

By die privaatregtelike benadering tot owerheidsaanspreeklikheid vir sogenaamde regmatige owerheidsdade (waaronder onteiening en voorgaande beperkinge van eiendomsreg tuishoort) val die klem op die burger se reg of belange wat ontneem of beperk word en daarop dat die burger vervolgens volle vergoeding kan eis.[56]

Die privaatregtelike beskouing van onteiening as 'n ontneming van eiendomsreg (in 'n sakeregtelike sin) beteken egter nie dat ontken word dat die skeidslyn vir doeleindes van aanspreeklikheid vir verskillende owerheidshandelinge besig is om te vervaag en eenvormig hanteer behoort te word nie.

2 2 Onteiening vanuit 'n publiekregtelike gesigspunt

In die publiekregtelike sfeer val die klem op die handeling vanaf owerheidskant: owerheidshandelinge synde aktiwiteite wat die owerheid verrig.[57] In die huidige konteks word wetgewingshandelinge onderskei van administratiewe (oftewel bestuurs-) handelinge. Laasgenoemde handelinge word weer in regmatige en onregmatige bestuurshandelinge verdeel.[58] Onteiening (en die ander vorme van eiendomsbeperkinge) is 'n regmatige bestuurshandeling wat onder die bestuursreg tuishoort.[59] Regmatige bestuurshandelinge kan voorts onderverdeel word in regshandelinge (waaronder onteiening tuishoort) en feitelike handelinge.[60]

By die publiekregtelike benadering tot owerheidsaanspreeklikheid word die burger slegs vergoed tot die hoogte waaraan die owerheidshandeling nie aan die eise van behoorlike bestuur voldoen nie.[61] Soos weldra aangetoon sal word, word egter in die geval van onteiening vir volle vergoeding voorsiening gemaak.

2 3 Onteiening vanuit 'n neutrale gesigspunt

In die konteks van owerheidsaanspreeklikheid vir owerheidshandelinge is die nuwe benadering van Lubach en Van Wijmen[62] om nie meer 'n prinsipiële onderskeid te maak tussen publiekregtelike en privaatregtelike skadevergoedingsreg nie. Met ander woorde, binne hierdie kader sou die onteieningsbegrip vanuit 'n neutrale gesigspunt benader behoort te word.

As motivering vir hulle benadering word die volgende redes aangegee:[63] (a) die nuwe ontwikkelinge op die grensgebied tussen privaat- en publiekreg bring mee dat dit onwenslik is om steeds die prinsipiële onderskeid te handhaaf; (b) die moeilike onderskeid tussen skadevergoeding by regmatige en onregmatige

56 Van der Gouwe *Onteigening* Band 1 I–6 I–15.
57 *Idem* I–1.
58 *Ibid.* Aanspreeklikheid vir die onregmatige owerheidsdaad is gegrond op a 6:162 *NBW*, welke vorm van aanspreeklikheid buite bespreking gelaat word.
59 Wijting *Een studie tot hervorming van het onteigeningsprocesrecht* (1983) 2–4 (hierna *Onteigeningsprocesrecht*).
60 Van der Gouwe *Onteigening* Band 1 I–1.
61 *Idem* I–8 t/m I–9 en I–15.
62 *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* Band 1 Deel B–1–1.
63 *Idem* B–1–1 t/m B–1–3 en C–1–1.

owerheidsdaad kan juis vermy word; (c) die verskillende vorme van bestuursregtelike skadevergoeding kan vanuit 'n samehang tussen verskillende leerstukke en tipes skadevergoeding beskou word; (d) die skadevergoedingsreëls ten aansien van onteiening en die skadevergoedingsreëls ten aansien van die ander bestuursregtelike onderwerpe groei steeds nader aan mekaar; en (e) die behoefte wat bestaan vir die daarstelling van 'n algemene wetlike basis vir die verskillende soorte bestuursregtelike skadevergoeding.

Lubach en Van Wijmen onderskei eenvoudig tussen skadeveroorsakende owerheidshandelinge waardeur fisiese inbreuk gemaak word op 'n saak en skadeveroorsakende owerheidshandelinge waardeur nie fisies inbreuk gemaak word op 'n saak nie.[64] Onteiening kragtens die *Onteigeningswet* en die oplegging van "gedoog"-pligte kragtens wetgewing word as voorbeelde van die eerste kategorie vermeld.[65] Skadeveroorsakende owerheidshandelinge sonder 'n fisiese inbreuk op 'n saak word op hulle beurt weer onderverdeel in owerheidshandelinge waar skadevergoeding op 'n wetlike grondslag berus en owerheidshandelinge waar dit nie die geval is nie.[66] As voorbeeld van eersgenoemde subkategorie dien wetgewing[67] wat voorsiening maak vir plan-[68] en maatreëlskade.[69] Die handeling by die betaling van *nadeelcompensatie* word gemeld as voorbeeld van die laaste subkategorie.[70]

Op sterkte van Lubach en Van Wijmen se skema sou onteiening, neutraal gesien, aangemerk kan word as 'n skadeveroorsakende owerheidshandeling waardeur fisies inbreuk gemaak word op 'n saak teen betaling van volledige vergoeding.[71]

3 VEREISTES VIR ONTEIENING

Vervolgens word gekyk na die onteieningsbegrip en vereistes vir onteiening in wetgewing.

3 1 Nederlandse Grondwet

Die onteieningsklousule in artikel 14 van die Nederlandse Grondwet bepaal:

> "1. Onteigening kan alleen geschieden in het algemeen belang en tegen vooraf verzekerde schadeloosstelling, een en ander naar bij of krachtens de wet te stellen voorschriften.
>
> 2. De schadeloosstelling behoeft nie vooraf verzekerd te zijn, wanneer in geval van nood onverwijld onteigening geboden is.

64 *Idem* B–1–6 t/m B–1–7.

65 Sien vn 43 hierbo.

66 *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* B–1–7 t/m –11.

67 Onderskeidelik a 49 van *de Wet op de Ruimtelijke Ordening* van 1962, Stb 286; a 13 van *de Boswet* van 1961, Stb 256; a 22–29 van *de Monumentenwet*; en a 18 van *de Natuursbeschermingswet* van 1967, Stb 572.

68 Planskade spruit voort uit die verandering van die gebruik van 'n eienaar se perseel of persele wat aan 'n ander behoort kragtens 'n dorpsbeplanningskema (bestemmingsplan), welke gebruiksverandering tot nadeel strek van die betrokke eienaar.

69 Bv die tref van maatreëls tav 'n onroerende saak, soos die aanwysing van 'n beskermde natuurmonument.

70 *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* B–1–9.

71 Vgl *idem* B–1–6 en G–1–2.

> 3. In de gevallen bij of krachtens de wet bepaald bestaat recht op schadeloosstelling of tegemoetkoming in de schade indien in het algemeen belang eigendom door het bevoegde gezag wordt vernietigd of onbruikbaar gemaakt of de uitoefening van het eigendomsrecht wordt beperkt."

Vir doeleindes van artikel 14 van die Grondwet kan onderskei word tussen (a) onteiening; (b) die beperking van die uitoefening van eiendomsreg; en (c) die onbruikbaarmaking en vernietiging van eiendom deur die owerheid. Artikel 14 verskaf dus 'n waarborg waaraan onteiening, vernietiging of onbruikbaarmaking van eiendom, of die beperking van eiendomsreg, moet voldoen.[72]

Eiendomsreg as sodanig word egter nie gewaarborg nie.[73] Die verklaring vir die nie-erkenning van eiendomsreg in die Grondwet was die regering se beskouing dat die insluiting van eiendomsreg in die Grondwet verwagtinge sou skep waaraan nie voldoen kon word nie. In soverre eiendomsreg as onbepaalde reg aan die uiteenlopendste beperkinge onderworpe is, bring dit voorts mee dat die grondwetlike erkenning van eiendomsreg meteens opgevolg sou moes word deur 'n beperkingsklousule in die allerruimste sin van die woord.[74] Artikel 14 bied slegs 'n waarborg teen owerheidsoptrede. Van horisontale werking van die bepalings van die Grondwet is daar ook nie sprake nie.[75]

Onteiening kan dus ingevolge die Grondwet plaasvind: (a) by verklaring van die algemene belang; (b) teen vooraf versekerde skadeloosstelling;[76] en (c) met inagneming van die voorskrifte van die wet[77] ingevolge waarvan die onteiening moet plaasvind.[78]

Die begrip "onteigening" in lid 1 van artikel 14 word nie nader omskryf nie. Met "onteigening" word bedoel die reeks administratiewe en prosesregtelike handelinge wat die owerheid die reg en middele verskaf om eiendomsreg van 'n ander te verkry, bevry van alle laste en regte wat daarop rus, vir doeleindes van die gebruik deur die owerheid teen betaling van skadeloosstelling.[79]

Die doelkriterium van "het algemene belang" in die eerste lid van artikel 14 in die *Onteigeningswet* word nader omskryf as die "publieke belang" van openbare liggame.[80] Akkermans en Koekkoek[81] doen aan die hand dat vir sover die *Onteigeningswet* onderskei tussen verskillende tipe onteienings, die begrip "algemene belang" in die onderskeie gevalle 'n verskillende betekenis kan kry na gelang die doelstellings verskil.

Die begrip "schadeloosstelling" in lid 1 van artikel 14 word ook nie in die Grondwet omskryf nie. 'n Toevoeging van die begrip "volledige" tot skadeloosstelling ontbreek ook in die Grondwet.[82] Uit die geskiedenis van die

---

72 Koopmans-Bellekom-Heringa *Staatsrecht* 310; Belinfante en De Reede *Beginselen van het Nederlands staatsrecht* (1994) 259 (hierna *Staatsrecht*).
73 Koopmans-Bellekom-Heringa *Staatsrecht* 310; Belinfante en De Reede *Staatsrecht* 259; Van den Berk *Schadevergoeding* 10.
74 Koopmans-Bellekom-Heringa *Staatsrecht* 310–311; Akkermans en Koekkoek *De Grondwet – een artikelsgewijs commentaar* (1992) 300 (hierna *Grondwet*).
75 Akkermans en Koekkoek *Grondwet* 303.
76 Tensy in nood onteien word.
77 *De Onteigeningswet* of ander onteieningswetgewing soos vermeld in vn 29 hierbo.
78 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 1 Alg Inl–5; Van Zundert *Bestemmingsplan* 227.
79 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 3 Bijz II.1–4.
80 Akkermans en Koekkoek *Grondwet* 300.
81 *Grondwet* 300.
82 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 3 Bijz II.1–5.

totstandkoming van artikel 14 blyk dit dat die regering met die grondwetlike verpligting tot skadeloosstelling wel volledige skadeloosstelling beoog.[83] In die regspraak[84] word skadeloosstelling van meet af vertolk as volledige skadeloosstelling, met ander woorde nie alleen die waarde vir die onteiende moet vergoed word nie maar ook alle skade wat 'n regstreekse gevolg van die ontneming van eiendomsreg is.[85]

Skadeloosstelling word in die gewone gang van sake vooraf verseker deurdat die inskrywing van die onteieningsvonnis, waardeur eiendomsreg oorgaan, slegs geskied by voorlegging van 'n kwitansie vir die bedrag in die vonnis vermeld.[86]

Anders as in artikel 14 lid 3, waar vir doeleindes van onbruikbaarmaking na *eigendom* verwys word, word die voorwerp van onteiening nie in lid 1 vermeld nie.[87] *Eigendom* vir doeleindes van artikel 14 van die Grondwet word in die tradisionele sin van eiendomsreg van 'n stoflike saak opgevat. 'n Ruim vertolking van die grondwetlike begrip van eiendom (en daarmee gepaardgaande onteiening) ontbreek derhalwe.[88]

Beperking van eiendomsreg kan dus ooreenkomstig die Grondwet plaasvind (a) in die algemene belang; en (b) teen skadeloosstelling of tegemoetkoming in skade indien statutêr daarvoor voorsiening gemaak word. Dieselfde vereistes geld vir vernietiging of onbruikbaarmaking van eiendom.

Die beperking van die uitoefening van eiendomsreg in artikel 14 lid 3 geskied nie kragtens die *Onteigeningswet* nie maar kragtens diverse ander wetgewing.[89] 'n Reg op skadeloosstelling of tegemoetkoming in skade bestaan alleen indien wetgewing daarvoor voorsiening maak.[90]

Vernietiging en onbruikbaarmaking van eiendom verskil prinsipieel van onteiening omdat daar glad nie sprake is van oorgang van eiendomsreg nie.[91] "Onbruikbaarmaking" vir doeleindes van artikel 14 lid 3 beteken dat die goed geheel en al in stand kan bly dog die funksie of funksies daarvan ontneem word.[92]

Die regsbeskerming teen inbreuk deur die owerheid op eiendomsreg en ander vermoënsregte is dus eerder gegrond op 'n sisteem van wetlike skadevergoedingsreëlings as 'n verruimde grondwetlike uitleg van die begrip eiendom.[93]

3 2 *Onteigeningswet*

Artikel 1 lid 1 van die *Onteigeningswet* bepaal soos volg: "Onteigening ten algemeenen nutte kan in het publiek belang van den Staat, van eene of meer

---

83 *Idem* Band 1 Alg Inl–6 t/m Alg Inl–10, Band 3 Bijz II.I 5; sien verder Belinfante en De Reede *Staatsrecht* 259; Akkermans en Koekkoek *Grondwet* 301.

84 Sien bv van die vroeë beslissings soos HR 1864-03-07, W2569 (*Haenen/Staat*); HR 1864-12-23, W2652 (*Staat/Overtuwe*).

85 Schenk en Den Drijver-Van Rijkevorsel *Onteigening* (1986) 3.

86 *Ibid.*

87 Indien a 14 in die geheel gelees word, blyk dit dat onteiening van "eigendom" beoog word.

88 Van den Berk *Schadevergoeding* 8–9.

89 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 3 Bijz II.I–4 t/m Bijz II.1–5; sommige van hierdie wette word in vn 33 hierbo vermeld.

90 Belinfante en De Reede *Staatsrecht* 259–260.

91 *Idem* 259.

92 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 3 Bijz II.I–4.

93 Van den Berk *Schadevergoeding* 8–9.

provincien, van eene of meer gemeente, en van een of meer waterschappen plaats hebben."

Artikel 1 van die *Onteigeningswet* kan gesien word as 'n nadere uitwerking van die grondwetartikel omtrent onteiening.[94]

Voordat onteien word, moet – volgens die *Onteigeningswet* – die algemene nut of belang van die besondere onteiening in 'n sogenaamde nutswet verklaar word.[95] Alhoewel die nutswet nie meer in artikel 14 van die Grondwet genoem word as 'n administratiewe titel vir onteiening nie, is dit nog nie geskrap uit die *Onteigeningswet* nie en bevat titel I van die *Onteigeningswet* bepalings omtrent die gewone nutswetprosedure.[96] Die spesifieke gevalle of doelwitte waarvoor onteien mag word en waarvoor geen nutswet vereis word nie, word opgesom in titels II tot en met VII van die *Onteigeningswet*. Weinig onteienings vind egter nog plaas kragtens "nutswet".[97] Op die nutswetvereiste bestaan 'n aantal uitsonderings waar meteens oorgegaan kan word tot die aanwysing by koninklike besluit van die persele wat benodig word en onteien staan te word of tot die neem van die onteieningsbesluit deur die gemeenteraad welke besluit koninklike goedkeuring verg. Ten aansien van sodanige uitsonderings, wat by name in die wet vermeld word, hou die *Onteigeningswet* self dus implisiet die verklaring van algemene nut in.[98]

Alhoewel die begrippe "ten algemenen nutte" en "publieke belang" sinonieme blyk te wees, word beide begrippe in artikel 1 gebruik.[99] Uit die geskiedenis van die wetsartikel lei Van Wijmen en Hamming[100] af dat met "het publieke belang van de Staat" 'n nadere omskrywing van die algemene nut beoog word. Onder "algemeen nut" behoort verstaan te word die publieke taak van die owerheid wat die onteiening moet bevorder.[101] Byvoorbeeld, die voorgenome onteiening van 'n perseel vir oordrag na onteiening aan 'n garagebedryf ten einde 'n aaneenlopende stuk grond aan die garage te voorsien, is vanweë 'n tekort aan publieke belang afgekeur.[102] Daarteenoor is goedkeuring verleen aan die onteiening van 'n perseel wat na onteiening oorgedra sou word aan die eienaar van 'n aangrensende perseel om hom in staat te stel om die perseel saam met ander grond as nuwe bougrond te verkoop aangesien die belange van volkshuisvesting daardeur gedien sou word.[103]

Ingevolge die *Onteigeningswet* is die voorwerp van onteiening in die praktyk meestal eiendomsreg van onroerende sake.[104] Ook ander saaklike regte[105] en

94 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 2 Bijz I.A–1.
95 A 10 van *de Onteigeningswet*; Van der Gouwe *Onteigening* Band 1 II–4.
96 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 2 Bijz I.A–2.
97 Schenk en Den Drijver-Van Rijckevorsel *Onteigening* 2.
98 Van der Gouwe *Onteigening* Band 1 II–4.
99 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 2 Bijz 1.A–3.
100 *Onteigening* Band 2 Bijz 1.A–3.
101 Van der Gouwe *Onteigening* Band 1 II–4.
102 KB 1997-12-19, nr 15 (*Weststellingwerf*), 1978 *Bouwrecht* 148.
103 KB 1984-10-12, nr 57 (*Harderwijk*), 1985 *Bouwrecht* 642; sien voorts KB 1986-08-12 nr 13 (*Venlo*), 1987 *Bouwrecht* 55; KB 1987-08-14 nr 16 (*Harderwijk*) 1988 *Bouwrecht* 917.
104 Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 3 Bijz II.I–4; sien verder a 3, lid 1; 59, lid 3 van *de Onteigeningswet*.
105 A 4 van *de Onteigeningswet* bepaal dat indien die onteiende onroerende saak onderworpe is aan reg van opstal, erfpag, vruggebruik, gebruik, bewoning of beklemming,

vervolg op volgende bladsy

vermoënsregte[106] kan die voorwerp van onteiening uitmaak.[107] Die *Onteigeningswet* bevat ook voorskrifte oor roerende sake.[108]

Skadeloosstelling vir doeleindes van die *Onteigeningswet* beteken volledige vergoeding vir alle skade wat die eienaar regstreeks en noodsaaklikerwys deur sy verlies van die saak ly.[109]

3 3 Europese Konvensie vir die Beskerming van Menseregte en Fundamentele Vryhede

Die bepalings van die Europese Konvensie vir die Beskerming van Menseregte en Fundamentele Vryhede (EVRM) vind regstreeks aanwending in die Nederlandse reg.[110] Artikel 1 van die eerste Protokol van die EVRM bepaal soos volg:

> "Iedere natuurlijke of rechtspersoon heeft recht op het ongestoord genot van zijn eigendom. Aan niemand zal zijn eigendom worden ontnomen behalve in het algemeen belang en onder de voorwaarden voorzien in de wet en in de algemene beginselen van internationaal recht.
>
> De voorgaande bepalingen tasten echter op geen enkele wijze het recht aan, dat een Staat heeft om de wetten toe te passen, die hij noodzakelijk oordeelt om het gebruik van eigendom te reguleren in overeenstemming met het algemeen belang of om de betaling van belastingen of ander heffingen of boeten te verzekeren."

Eiendomsreg word gewaarborg in artikel 1 van die Eerste Protokol.[111] Die begrip "eigendom" word nie omskryf nie.[112] Eiendom word egter wyd vertolk as insluitende alle subjektiewe (publiek- en privaatregtelike) vermoënsregte.[113] So word die reg op werfkrag van 'n rekenmeester,[114] 'n vergunning om 'n perseel vir die verkoop van brandstof te gebruik[115] en eksklusiewe produksieregte wat ingevolge landbou-, vervoer-, milieu- en ander sosiaal-ekonomiese wette deur die owerheid toegeken word, as eiendom beskou.[116]

'n Drieledige onderskeid kan dus gemaak word tussen die ontneming van eiendomsreg, die beperking daarvan en die heffing van belasting. Solank daar nog eienaarsbevoegdhede vir die eienaar oorbly, is beperking en nie ontneming nie van eiendomsreg voorhande.[117] Onteiening moet geskied in algemene belang,

---

sodanige saaklike regte afsonderlik onteien kan word. 'n Reghebbende kragtens *appartementsrecht* word as mede-eienaar beskou. Sien in die algemeen Wijting *Onteigeningsprocesrecht* 5–13; Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 2 Bijz I.A–10 t/m–15.

106 Bv *oktrooien* (a 97). Persoonlike regte, soos huur, huurkoop en bruikleen is egter nie vatbaar vir onteiening nie. Sien verder Wijting *Onteigeningsprocesrecht* 13; Van Wijmen-Hamming *Onteigening* Band 3 Bijz II.I–9.

107 Akkermans en Koekkoek *Grondwet* 300.

108 A 76a, lid 1 Ow.

109 A 40 Ow.

110 AR 1979-07-31, AB 1979, 539 (*Moor/Terschelling*); Koopmans-Bellekom-Heringa *Staatsrecht* 44.

111 Belinfante en De Reede *Staatsrecht* 259.

112 Sewandono (nota oor HvJEG 1989-07-13, AB 1992, 14 (*Wachuaf/Germany*) 41.

113 Van den Berk *Schadevergoeding* 9 vn 26; Lubach en Van Wijmen *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* F–3–91.

114 EHRM 1986-06-26, NJ 1987, 581 (*Marle/Nederland*) 2008.

115 EHRM 1985-03-23, AB 1986, 1 (*Benthem/Netherlands*) 4.

116 Lubach en Van Wijmen *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* Band 1 F–3–91; sien verder Sewandono (nota oor die *Wachauf*-beslissing) 41.

117 Lubach en Van Wijmen *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* Band 1 F–3–91; EHRM 1989-07-07 (*Tre Traktorer*), A 159, par 55.

ooreenkomstig wetsvoorskrifte en beginsels van die volkereg. Die beperking van eiendomsreg deur die staat is dus ook moontlik mits die beperking in openbare belang plaasvind en noodsaaklik blyk te wees.

Artikel 1 van voorgenoemde Protokol word uitgelê as bestaande uit drie afsonderlike reëls:[118] Die eerste is van 'n algemene aard en bevestig die beginsel van ongestoorde genot van eiendom. Die tweede dek die ontneming van eiendomsreg en maak sodanige ontneming onderworpe aan besondere voorwaardes. Erkenning word in die derde reël verleen aan die bevoegdheid van die staat om deur wetgewing die gebruik van eiendom in ooreenstemming met die algemene belang en noodsaak te reguleer. Die drie reëls staan egter nie los van mekaar nie. Die tweede en derde reël handel oor die besondere wyses van inbreukmaking op die ongestoorde genot van eiendom. Sodanige reëls behoort uitgelê te word in die lig van die algemene beginsel wat in die eerste reël neergelê is. By die oorweging van die derde reël binne die konteks van die eerste reël word as toets ter bepaling van 'n moontlike skending van artikel 1 vereis dat daar 'n redelike eweredigheid of proporsionaliteit moet bestaan tussen die maatreëls deur die staat getref en die oogmerke wat die staat daardeur wil bereik.[119] In die daarstelling van 'n redelike ewewig tussen die algemene belange van die gemeenskap en die beskerming van die fundamentele regte van die individu geniet die staat 'n groot mate van vryheid.

Die derde reël en toepassing van die toets van eweredigheid bied wye moontlikhede vir die beperking van die genot van eiendom vir die owerheid.[120] Daar word volstaan met enkele voorbeelde uit die gewysdes:

In die *Moor*-beslissing[121] was die regsvraag of 'n bewoningsvergunningstelsel wat kragtens die *Vestigingsregeling* van die gemeente (munisipaliteit) van Tershelling op die eiland Terschelling ingestel is ingevolge waarvan dit verbode was om 'n woning te betrek alvorens 'n skriftelike vergunning deur die munisipaliteit verleen is aan 'n bewoner wat aan die maatskaplike of ekonomiese vereiste van eiland-binding voldoen het, in stryd is met (onder andere) artikel 1 van die eerste Protokol van die EVRM. Die afdeling Regspraak van die Raad van State was van mening dat, vanweë die toepassing van 'n vergunningstelsel, inbreuk gemaak word op eiendomsreg indien 'n eienaar van 'n woning nie vergun sou word om die woning te betrek nie.[122] Maar in soverre die vergunningstelsel daarop gemik was om die tekort in die bestaande woningvoorraad te verlig en die leefbaarheid op die eiland te beskerm, word voorts beslis dat die stelsel 'n noodsaaklike beperking en 'n beperking in algemene belang op

118 EHRM 1989-10-25, AB 1990, 334 (*Jacobson/Zweden*) 999.

119 In die *James*-beslissing (EHRM 1986-02-21, NJCM-bulletin 1986, 546 (*James/VK*)) word die toets soos volg geformuleer (553): "Not only must a measure depriving a person of his property pursue, on the facts as well as in principle, a legitimate aim 'in the public interest', but there must also be a reasonable relationship of proportionality between the means employed and the aim sought to be realised ... The requisite balance will not be found if the person concerned has had to bear 'an individual and excessive burden' ..." Sien ook HvJEG 1989-07-13, AB 1992, 14 (*Wachauf/Germany*) 39.

120 Lubach en Van Wijmen *Bestuursrechtelijke schadevergoeding* F–3–91.

121 AR 1979-07-31, AB 1979, 539 (*Moor/Terschelling*).

122 1366–1367.

uitoefening van eiendomsreg verteenwoordig, welke beperking kragtens artikel 1 van die Eerste Protokol geoorloof is.[123]

In die *Jacobson*-saak[124] is vir doeleindes van artikel 1 van die Eerste Protokol deur die Europese Hof vir Menseregte bevind dat die uitgerekte toepassing van boubeperkings op 'n eiendom ingevolge 'n stadbeplanningskema nie buite verhouding is tot die strewe van 'n munisipaliteit om die area behoorlik te beplan nie. In die *Van Marle*-saak[125] het die Europese Hof vir Menseregte beslis dat die beperking van die toelating tot registrasie as rekenmeesters kragtens wetgewing nie in stryd met artikel 1 is nie. Daar is beslis dat die beperking die algemene belang van 'n bevoegde rekenmeestersprofessie bevorder het. Die beperking het voorts 'n regverdige balans verseker tussen die middele wat aangewend en die oogmerk wat beoog is deurdat die oorgangsmaatreëls verseker het dat voormalige ongekwalifiseerde rekenmeesters by nakoming van voorgeskrewe voorwaardes wel toegang tot die professie kan verkry.

In die *Hauer*-beslissing[126] het die hof van Justisie van die Europese Gemeenskappe oorweging geskenk aan die geldigheid van die Raad van Europese Gemeenskappe se verbod op die aanplanting van nuwe wingerde ten einde wynoorskotte te voorkom. Daar word bevind dat die tydelike beperking van eiendomsreg deur die verbod regverdigbaar is in die lig van die bevordering van die algemene belang van die Europese Gemeenskap. Die verordening staan in 'n redelike verhouding tot die Europese Gemeenskap se doelwitte om die wynmark op 'n gemeenskaplike wyse te orden en om die wynboubedryf struktureel te verbeter.[127]

Die *Sporrong en Lönnroth*-beslissing[128] bied daarenteen 'n voorbeeld waar die Europese hof vir Menseregte beslis het dat 'n skending van artikel 1 van die Eerste Protokol van die EVRM plaasgevind het. Die onroerende sake van twee klaagsters was vir periodes van 25 en 12 jaar, onderskeidelik, onderworpe aan 'n vergunning tot onteiening ten gunste van die stad van Stockholm. Kragtens sodanige vergunning moes die owerheid die eienaar binne vyf jaar voor 'n bevoegde hof daag ten einde skadevergoeding vas te stel. Die vergunning is egter telkens verleng. Die hof het bevind dat die lang geldingsduur van die onteieningsvergunnings, die daarmee gepaardgaande onsekerheid en afwesigheid van die wetlike moontlikheid om die belange van die owerheid en die onderdaan in die tussentyd en opnuut af te weeg, daartoe aanleiding gegee het dat die juiste ewewig tussen die beskerming van eiendomsreg en die algemene belang versteur is. Daar is bevind dat die klaagsters 'n buitengewone swaar las gedra het wat slegs geregverdig sou wees indien dit vir hulle moontlik sou wees om die geldingsduur van die vergunning te verkort of om skadevergoeding te eis. Artikel 1 van die Eerste Protokol is derhalwe geskend.

---

123 1367. Daar is egter bevind dat die vergunningstelsel in stryd met a 14 van die EVRM is. Deur 'n onderskeid te maak tussen diegene wat op die eiland gebore en getoë is en ander persone, het die applikant nie gelyke behandeling in die toekenning van regte geniet nie, soos vereis word deur a 14 van die genoemde verdrag (1367).

124 EHRM 1989-10-25, AB 1990, 334 (*Jacobson/Zweden*) 999–1000.

125 EHRM 1986-06-26, NJ 1987, 581 (*Marle/Nederland*) 2008.

126 HvJEG 1979-12-13, AA 1980, 6 (*Hauer/Rheinland-Pfalz*).

127 361.

128 EHRM 1982-09-23 NJ 1988, 290 (*Sporrong/Zweden*).

4 SAMEVATTING

Alhoewel die ontneming van eiendomsreg voorop staan in die privaatregtelike beskouing van die onteieningsbegrip in Nederland, word ook rekening gehou met verdere fasette soos die implikasies van die verbreking van die betrekking tussen die eienaar en sy saak en die finansiële gevolge van onteiening. Onteiening as verlies van eiendomsreg dien dan as vertrekpunt in die daarstelling van 'n oorsaaklike verband tussen onteiening en die skade waarvoor skadeloosstelling betaalbaar is, welke verband die grondslag van die moderne Nederlandse onteieningsreg vorm.[129]

By die publiekregtelike beskouing van onteiening word gefokus op die nadelige gevolge van die regmatige uitoefening van 'n owerheidshandeling. Die neutrale beskouing van onteiening, as verfyning van die publiekregtelike beskouing, lê daarbenewens ook klem op feitelike inbreuk op 'n saak deur 'n skadeveroorsakende handeling van die owerheid. Die publiekregtelike beskouing van onteiening sluit aan by belangrike resente ontwikkelinge, soos *nadeelcompensatie*, wat op die gebied van die bestuursreg plaasgevind het.

Op die verskillende *niveaus* kan steeds onderskei word tussen die ontneming van eiendomsreg (onteiening) en beperking van eiendomsbevoegdhede. Die ontneming van eiendomsreg kan net geskied in openbare belang en teen betaling van volledige skadeloosstelling ooreenkomstig die voorskrifte van wetgewing en die norme van internasionale reg. Die beperking van eiendomsreg in die algemene belang en noodsaak is toelaatbaar. Indien wetgewing of die norme van bestuursreg voorsiening maak vir skadeloosstelling, is vergoeding betaalbaar. Die vereistes van openbare belang en skadeloosstelling figureer dus deurgaans op die verskillende *niveaus*.

5 SLOTSOM

Die wisselwerking tussen 'n privaatregtelike en publiekregtelike beskouing van onteiening het bygedra tot die ontwikkeling van die moderne Nederlandse reg betreffende onteiening en eiendomsbeperking. Alhoewel 'n toetsingsreg in die Nederlandse Grondwet ontbreek,[130] dien onteieningswetgewing tot uitbouing (eerder as inperking) van die grondwetlike vereistes van openbare belang en volledige skadeloosstelling vir doeleindes van geldige onteiening. Op supranasionale vlak word hierop voortgebou deur die byvoeging van die verskansing van eiendomsreg in artikel 1 van die eerste Protokol van die EVRM. In soverre die begrip "eiendom" op supra-nasionale vlak wyer strek as die grondwetlike eweknie, is die trefwydte vir die beskerming van regte teen onteiening daardeur vergroot.

129 Sien in die algemeen Badenhorst "Oorsaaklikheid in die Nederlandse Onteieningsreg" 1996 *De Jure* 273 ev.

130 A 120 van die Grondwet.

AANTEKENINGE

NEW YORK TIMES v SULLIVAN AND SOUTH AFRICAN LAW

In recent years it has on more than one occasion been proposed that our courts should adopt the solution proferred by the American Supreme Court in *New York Times Co v Sullivan* 376 US 254 (1964) to the problem of finding a balance between freedom of expression and protection of reputation. In both *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (CC) and *Holomisa v Argus Newspapers Ltd* 1996 2 SA 588 (W) the defendants attempted, in the latter case by way of exception (594H), to import into our law the protection accorded to the press and other critics of the government in *Sullivan*. *Sullivan* featured in a number of judgments even before the interim Constitution with its bill of rights came into operation (see eg *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Esselen's Estate* 1994 2 SA 1 (A) 33F–G; *Neethling v Du Preez; Neethling v The Weekly Mail* 1994 1 SA 708 (A) 780B–C). In *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Inkatha Freedom Party* 1992 3 SA 579 (A) 594G EM Grosskopf JA said that *Sullivan* and other American cases cited in argument were "of limited assistance because of the different legal, social and political milieu in which they operate".

In *Du Plessis v De Klerk supra*, Kentridge AJ warned (par 58) that before we adopt the rules enunciated in *Sullivan*, consideration should be given to the sharp criticism they have elicited and their rejection by the Supreme Court of Canada in *Hill v Church of Scientology of Toronto* (1995) 126 DLR (4th) 129. The High Court of Australia in *Theophanous v Herald and Weekly Times Ltd* (1994) 124 ALR 1 and *Stephens v West Australian Newspapers Ltd* (1994) 182 ALR 211 adopted a highly modified and qualified version of the *Sullivan* rules. (The Australian cases have given rise to considerable discussion. See Chesterman "The money or the truth: Defamation reform in Australia and the USA" 1995 *Univ NSW LJ* 300–326; Cassimatis "Defamation – The constitutional public officer defence" 1996 *The Tort* 27–43; Loveland "*Sullivan v The New York Times* goes down under" 1996 *Public Law* 126–139.)

In the United States, the law under *Sullivan* has been described as "a failure" which is "not worth saving":

> "It gives plaintiffs delusions of large windfalls, defendants nightmares of intrusive and protracted litigation, and the public little assurance that the law favours truth over falsehood" (see Anderson "Is libel law worth reforming?" 1991 *Univ Penn LR* 487–554 489; the conclusion that the present libel law of the US is "a failure" is stated at 550).

A closer look at the genesis and deve'opment of the rules in *Sullivan* will perhaps facilitate a proper evaluation of the suitability of those rules for South African law.

The facts of *Sullivan* are well-known and can be briefly stated. The late nineteen-fifties was a time of frequently violent conflict in southern states between white groups which tried to prevent civil rights groups from asserting and exercising their newly accorded rights after *Brown v Board of Education* 347 US 483 (1954). Newspapers from northern states, including the *New York Times*, reported on this violence. In the south "an ingenious, devastating counteroffensive weapon" against the civil rights movement was adopted: the defamation action (Leval "'Strangers on a train', a review of Anthony Lewis *Make no law: the Sullivan case and the First Amendment* (1991)" 1993 *Mich LR* 1138–1157 1139). Numerous actions were brought against newspapers in the courts of Alabama by public officials of local government. These actions were invariably successful since, truth being the only defence available in the circumstances, it was easy to show that a report contained mistakes, however trivial and innocuous. The *New York Times* was a prime target and in all millions of dollars in damages were claimed.

In a full-page advertisement, headed "Heed their rising voices", which appeared in the *New York Times* of 2 March 1960, contributions were sought on behalf of the "Committee to defend Martin Luther King and the Struggle for Freedom in the South", and attention was drawn to the violent repression of peaceful demonstrations.

Lester B Sullivan, who was not mentioned in the advertisement, brought suit against the *New York Times* on the ground that the references to the actions of the police in the advertisement were defamatory of him as head of the Montgomery police. The advertisement contained a few trivial mistakes, but this was sufficient to render the defendant liable in terms of Alabama law.

Judgment was given for Sullivan and the jury awarded the full 500 000 dollars claimed. The decision was confirmed by the Supreme Court of Alabama. By the time the *Sullivan* case reached the Supreme Court of the United States of America, another plaintiff who claimed in respect of the same advertisement had been awarded a further 500 000 dollars, and several more judgments were pending.

Chief Justice Warren assigned the writing of the opinion to Justice Brennan. Though it was clear from the justices' first conference that the Alabama judgment would be set aside, Justice Brennan was faced with a task of extreme delicacy if he were to structure an opinion that would command a majority of the court – in the end his endeavours took him through a number of different approaches. (The genesis of the opinion and the negotiating process that occurred behind the scenes are traced by Lewis *op cit.*)

For a proper understanding the eventual opinion must be seen against the background of the problems that faced Justice Brennan. These included the following:

(a) The justices were in agreement that the judgment of the Alabama court should be set aside, but generally on the narrow ground of insufficient reference to the plaintiff in the advertisement. A finding on this basis would not have resolved the issues of principle raised by the case.

(b) Defamation (libel) is governed by state tort law and falls outside the scope of the First Amendment. Moreover, the Alabama court had found that the advertisement contained factual errors, and since this was a correct finding, the Supreme Court had no jurisdiction to intervene. The only way in which the Supreme Court could intervene, and prevent the Alabama verdicts in libel cases

from establishing censorship and effectively destroying press freedom, was to "read" the values embedded in the First Amendment into libel law (see Hall "Justice Brennan and cultural history: *New York Times v Sullivan* and its times" 1990/91 *Cal West LR* 340). Justice Brennan was, however, sensitive to the fact that such an expansion of constitutional principles into tort law might offend the deep commitment to federalism shared by several of the justices.

(c) A major problem was how to deal with the possibility of retrial in the Alabama courts should the judgment be vacated. A formulation had to be found which would prevent a state court, upon retrial, from paying ostensible heed to the opinion of the Supreme Court reversing the original judgment, but in the end arriving at exactly the same result as before.

The principal findings of the Supreme Court in *Sullivan* were prefaced by a statement of policy:

> "Thus we consider this case against the background of a profound national commitment to the principle that debate on public issues should be uninhibited, robust and wide-open, and that it may well include vehement, caustic, and sometimes unpleasantly sharp attacks on government and public officials."

Against this background the Supreme Court propounded a main "federal rule" and two ancillary rules. The federal rule

> "prohibits a public official from recovering damages for a defamatory falsehood relating to his official conduct unless he proves that the statement was made with 'actual malice' – that is, with knowledge that it was false or with reckless disregard whether it was false or not".

The Supreme Court promulgated the two rules ancillary to the main rule for, had the case gone back to Alabama for retrial, the "actual malice" test would merely have raised a jury issue and a new jury might well have found that the *New York Times* had published with the requisite subjective awareness of falsity.

Anderson has pointed out (1991 *Univ Penn LR* 494 fn 18) that though it is not clear from the *Sullivan* decision itself that the ancillary rules were distinct rules in themselves, they soon emerged in subsequent decisions as important rules in their own right. The two ancillary rules are:

(a) "Actual malice" must be established with "convincing clarity" rather than by the usual preponderance-of-evidence standard in civil cases.

(b) Since the factual issue of "actual malice" was one upon which constitutional rights depended, the members of the Supreme Court must engage in independent review of a jury finding of actual malice to satisfy themselves that the evidence is constitutionally sufficient. Under this rule, the judges are empowered to overturn jury verdicts that under usual rules will have to be accepted.

It was not so much the "actual malice" rule that effected a decisive break with the English law of defamation, as the court's

> "demonstrated willingness to involve itself deeply in the administration of state libel law, to make sure that the preference for 'wide open, robust debate' was observed in practice as well as theory" (Anderson "An American perspective" in Dias and Markesinis *Tort law* (1989) 465).

The introduction of fault in the sense of a subjective state of mind (which is not a feature of the common law of defamation) on the part of a defendant has led to an increase in costs. The root of the costs problem is the massive amount of discovery that has been allowed in defamation cases since the ruling in *Herbert v Lando* 441 US 153 (1979). (See Hopkins *Actual malice: Twenty-five years after*

Times v Sullivan (1989) and the review by Wille 1991 *Mich LR* 1414–1420. It must also be kept in mind that discovery in the American civil process is a much more comprehensive, and a much more probing, penetrative and invasive process than in either English or South African law.) Once the spotlight is turned on the defendant's state of mind, the importance of investigating that state of mind assumes a new significance. The costs of such an investigation have become a major factor in defamation litigation, especially where the defendant is a newspaper or other media organ. The costs of discovery have escalated to the extent that the costs of litigation have become as much of an incentive to self-censorship as the common law rules ever were.

Subsequent to *Sullivan*, the Supreme Court introduced a further fault requirement in respect of private figures. In *Gertz v Welch* (1974) 418 US 323 it was held that the requisite standard in respect of private figures was that the plaintiff must show some sort of fault, at the minimum negligence, on the part of the defendant. The appropriate standard is left to the individual states to determine. The Supreme Court held, in the words of Justice Powell, that

> "so long as they do not impose liability without fault, the States may define for themselves the appropriate standard of liability for a publisher or broadcaster of defamatory falsehood injurious to a private individual".

The fault requirement was also extended to damages, the Supreme Court holding in *Gertz* that the states could not permit recovery of presumed or punitive damages unless liability was based on showing of knowledge of falsity or reckless disregard for truth. The law of defamation in the United States is, in the wake of *Sullivan* and *Gertz* and subsequent cases, characterised by a multiplicity of factors which dictate the rules applicable to a particular case.

The pros and the cons of *Sullivan* have been extensively debated (see the comprehensive discussion of all the problems by Anderson 1991 *Univ Penn LR* 487–554 which also contains references to the voluminous literature). We have already adverted to one such criticism, namely that it increases costs to the extent that it may encourage self-censorship. Other points of criticism are:

(a) The concept of "public official" has given rise to endless difficulties and anomalies – in *Curtis Publishing Co v Butts* 388 US 130 (1967) the *Sullivan* principle was extended to other so-called "public figures" to include one Wally Butts, a university athletic director accused of rigging football games.

(b) Confidentiality of sources has always been regarded as one of the pillars of the freedom of the press; *Sullivan* requires that a plaintiff may minutely investigate the editorial process. It was held in *Herbert v Lando supra* that in order to enable a plaintiff to satisfy the heavy burden of proof imposed by *Sullivan*, a plaintiff in a defamation case may inquire into the state of mind and the editorial processes of the defendant newspaper or broadcaster.

(c) *Sullivan* presents a pro-defendant bias rather than a compromise or balance between the competing interests (values) of reputation and free speech. This has been held to be the case by the Canadian Supreme Court in *Derrickson v Tomat* (1992) 88 DLR (4th) 401 and *Hill v Church of Scientology of Toronto supra*, and by the High Court of Australia in *Theophanous v Herald and Weekly Times Ltd supra* and *Stephens v West Australian Newspapers Ltd supra* (see also Schauer "Uncoupling free speech" 1992 *Col LR* 1321–1357; Kentridge "Freedom of speech: Is it the primary right?" 1996 *ICLQR* 253–270).

(d) The rule in *Sullivan* fails to make provision for the determination of the truth (at the end of litigation governed by *Sullivan* we still do not know the truth of the matter).

If, as counsel in *Du Plessis v De Klerk supra* and *Holomisa v Argus Newspapers Ltd supra* urged, the rules in *Sullivan* are to be imported into our law, a number of questions arise:

(a) Our law of defamation has hitherto made no distinction between different kinds of plaintiffs, such as between public figures and private persons, nor was such a distinction known to Roman-Dutch law or English law, the constituent elements of our common law. Will adoption of the *Sullivan* rules entail the importation into our law of the difficulties of classification experienced in the United States in the wake of *Sullivan*? In *Rivett-Carnac v Wiggins* 1997 2 *Juta's Digest* 8, Davis AJ adverted to the fact that the "plaintiff is not a public figure". It would seem that the phrase was not used in any "technical" sense.

(b) The "federal rule" enunciated in *Sullivan* imposes upon a public figure a heavy onus to prove fault on the part of a defendant newspaper or broadcaster. This is in contrast to the strict liability and heavy onus our law imposes on the printed and electronic media. As Kentridge AJ indicated in *Du Plessis v De Klerk supra* par 58, the strict liability of the media and the burden of proof imposed upon the defendant in a defamation action in our law are clearly issues which require reconsideration. While there seems to be little doubt that the strict liability of the media will be found to be in conflict with the values entrenched in the Constitution, it is less certain which way the eventual decision on onus will go. The decision on onus is, as was recognised by EM Grosskopf JA in *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Inkatha Freedom Party supra* 591B–C dependent upon "the balance to be struck between various policy considerations".

In particular, the provisions of section 35(3) of the 1993 Constitution were considered by the court. It was indicated that if the spirit, purport and object of chapter 3 of the interim Constitution and the basic values underlying it are in conflict with the view as to public policy expressed and applied in the *Ismail* case, then the values underlying chapter 3 must prevail (see also s 39 Act 108 of 1996). Thus the spirit and the tenor of the Constitution was made to permeate the process of interpretation and judicial discretion (*S v Acheson* 1991 2 SA 805 (Nm)). Justification to deviate from the decisions which refused, on the ground of public policy, to recognise, or to give effect to the consequences of unrecognised marriages was founded on the spirit, purport and object of the interim Constitution.

Monogamy *vis-à-vis* polygamy

It cannot be disputed that (potentially) polygamous marriages are contracted in South Africa (*Mthembu v Letsela* 1997 2 SA 986 (T) 944B). Despite the fact that the court in *Ryland* was not called upon to decide on the validity of a polygamous marriage, I think it is apposite for the purposes of this note to determine whether, in the light of our present constitutional dispensation, polygamous marriages deserve some form of recognition. The definition of a fully recognised monogamous marriage has already been given above and mention has also been made that the non-recognition of Hindu (Muslim) and customary marriages is based on potential polygamy which has been regarded as being against public policy.

In my opinion, the nature of a marriage, that is, whether it is polygamous or monogamous, should not be used as justification for its non-recognition or for refusing to give effect to its consequences. The basic question that has to be determined is whether the community within which such a marriage is prevalent, regards it as legally binding. This in effect involves the determination of the *mores* of a particular community (see Maithufi "*Chawanda v Zimnat* 1990 1 SA 1019 (Z)" 1990 *De Jure* 379; Ferreira and Robinson "Reflections on the *boni mores* in the light of chapter 3 of the 1993 Constitution" 1997 *THRHR* 303).

If the community regards such a marriage as valid, the courts have to recognise it and enforce consequences arising therefrom. Non-recognition of such marriages would cause hardships to both children born therefrom and the spouses. South Africa is an African country and its legal system inevitably has to be interpreted in a manner which reflects African values, culture and aspirations (Heyns "Where is the voice of Africa in our Constitution?" *Centre for Human Rights (UP)* (1996)). The South African position with regard to these marriages has been that they are invalid because they are "fundamentally opposed to our principles and institutions" (*Ismail supra* 1024D–E).

We cannot, in the light of our present constitutional dispensation, continue to hold the view that

> "it is unwise to accord recognition to polygamous marriages for the simple reason that all our marriage and family laws – and to some extent also our law of succession – are primarily designed for monogamous relationships" (*Ismail supra* 1024E–1025B).

This does not reflect the position in South Africa – even before 27 April 1994, the need for the recognition and enforcement of certain consequences of polygamous marriages existed (see Molepo "A contemporary view of the status of African customary unions outside KwaZulu-Natal" 1996 *De Rebus* 629). The

examples in mind here are the numerous legislative enactments aimed at recognising customary marriages for certain specified purposes (see *inter alia* s 31 of Act 76 of 1963; Regulations for the Administration and Distribution of Estates of Deceased Blacks R 200 of 1987). Of interest in this regard, although it is beyond the scope of this note, is the decision in *Mthembu v Letsela* 1997 2 SA 936 (T) concerning the constitutionality of the rule of primogeniture applicable in the customary law of succession. This rule generally excludes African women from inheriting *ab intestato*. The question to be determined here was whether this rule is inconsistent with the provisions of the bill of rights as contained in chapter 3 of the 1993 Constitution (presently ch 2 Act 108 of 1996; see *Mthembu* 945E). The court decided that, bearing in mind the duty to provide sustenance, maintenance and shelter by the heir in customary law as a corollary of the system of primogeniture, this rule cannot be regarded as unfair discrimination in terms of the interim Constitution. The court commented as follows (945J–946A:

> "In view of the manifest acknowledgement of customary law as a system existing parallel to the common law by the Constitution (vide ss 33(3) and 181(1)) and the freedom granted to persons to choose this system as governing their relationships (as implied in s 31), I cannot accept the submission that the succession rule is necessarily in conflict with s 8. Neither is it contrary to public policy as envisaged in Act 45 of 1988" (see also *Thibela v Minister van Wet en Orde* 1995 3 SA 147 (T)).

It was, however, stressed that, should the right to support by the heir fall away, the whole matter will assume a different aspect as a result of the possible operation of the Intestate Succession Act 81 of 1987 to the benefit of the children of the deceased. This Act places so-called illegitimate children on the same basis as legitimate children of the deceased (children born of a recognised marriage) for the purposes of succession *ab intestato* (*Mthembu* 946D–E).

Conclusion

The case of *Ryland v Edros* indicates that the question of the eventual recognition of potentially polygamous marital relationships has to be addressed. This endeavour should involve "a holistic approach aimed at the reform of the South African law of marriage" (Church "The dichotomy of marriage revisited: a note on *Ryland v Edros*" 1997 *THRHR* 295). Although these marriages have been recognised for various purposes by statute, they do not enjoy the same status as civil marriages. It has already been indicated that this eventual recognition can be brought about by means of legislation or by our courts in interpreting our law in accordance with the spirit, purport and object of our newly found constitutional dispensation (see Maithufi 1996 *THRHR* 298; Church 1997 *THRHR* 294).

IP MAITHUFI
Vista University

DIE REGTE VAN GEVANGENES MET HIV

C v Minister of Correctional Services 1996 4 SA 292 (T);
B v Minister of Correctional Services [1997] 2 All SA 574 (K)

Twee sake waarin HIV-infeksie ter sprake was, is in die onlangse verlede in Suid-Afrikaanse howe beslis. In beide gevalle was die Minister van Korrektiewe

Dienste 'n verweerder. Die eerste saak het gegaan oor die vraag of 'n gevangene sy ingeligte toestemming ten opsigte van 'n bloedtoets vir HIV gegee het. In die tweede saak moes die hof beslis of 'n gevangene geregtig was op duur behandeling teen HIV op staatsonkoste. In beide gevalle was die resultaat dat 'n gevangene met HIV in 'n beter posisie geplaas is as 'n persoon met HIV in vergelykbare omstandighede buite 'n gevangenis (buiten natuurlik die beperking van sy of haar vryheid).

C v Minister of Correctional Services is reeds by twee geleenthede in hierdie tydskrif bespreek. (Sien die vonnisbesprekings deur Strauss en Knobel in 1996 *THRHR* 492 ev en 1997 *THRHR* 533 ev onderskeidelik.) Daar word gevolglik in hierdie bespreking met enkele opmerkings volstaan. Die saak het hoofsaaklik gehandel oor die omvang van inligting wat gegee moet word ten einde ingeligte toestemming te verkry van 'n persoon (in dié geval 'n gevangene wat in die gevangenis se kombuis gewerk het) wie se bloed vir HIV getoets sou word. Volgens die gevangenisbeleid wat op daardie tydstip (September 1993) nog gegeld het en wat intussen hersien is, kon slegs mense wat vry van HIV was, in kombuise van gevangenisse werk. (Hierdie beleid was in ooreenstemming met regulasies mbt oordraagbare siektes en die aanmelding van aanmeldbare mediese toestande wat in Oktober 1987 ingevolge die Wet op Gesondheid 63 van 1977 afgekondig is. Hierdie regulasies het onder meer bepaal dat draers van oordraagbare siektes nie voedsel vir ander mense mag voorberei nie. VIGS is in aanhangsel 1 onder "oordraagbare siektes" ingesluit. Hierdie regulasies is intussen hersien en reeds in 1993 vir kommentaar gepubliseer (*GK* 703 van 1993-07-30). In die hersiene regulasies word VIGS nie meer onder "oordraagbare siektes" ingesluit nie. Die hersiene regulasies is egter nog nie afgekondig nie. Gevolglik het die Suid-Afrikaanse Regskommissie in sy eerste tussentydse verslag oor *Aspekte van die reg wat betrekking het op VIGS* in Februarie vanjaar onder meer aanbeveel dat die ontwerpregulasies gefinaliseer en gepromulgeer word. Hierdie verslag is onlangs, op 28 Augustus, deur die Minister van Justisie in die parlement ter tafel gelê.)

Knobel 1997 *THRHR* 534–535 kritiseer die hof se verheffing van die Departement van Korrektiewe Dienste se "Hanteringstrategie: VIGS in Gevangenisse" tot norm om die inhoud van die regverdigingsgrond toestemming te bepaal, in plaas daarvan dat die hof primêr die algemene beginsels van ingeligte toestemming (kennis, begrip en afwesigheid van dwang) soos dit in die deliktereg neerslag gevind het, toepas. Ingevolge die departement se beleidsdokument is die doel van voor-toets berading onder meer om te verseker dat die gevangene weet wat HIV-infeksie beteken, hoe die infeksie oorgedra word, wat die toets behels, wat die sosiale, sielkundige en regsimplikasies van die toets is en wat om te verwag as die uitslag van die toets positief is. Voorts moet die gevangene ingevolge die beleid "tyd gegun word om die inligting wat hy/sy van die berader ontvang het te oordink alvorens toestemming verleen word om die bloed te laat trek vir die toets". Die beleid maak ook voorsiening vir na-toets berading, of die uitslag van die toets nou positief of negatief is.

Regter Kirk-Cohen aanvaar dat C ingelig was dat sy bloed getoets sou word vir HIV en oor sy reg om te weier om die toets te ondergaan toe hy mondeling tot die toets ingestem het. Die hof bevind egter dat C geen privaatheid of *tyd* gegun is om die besluit te neem nie. Hoofsaaklik op grond van hierdie afwyking van die norm, soos gestel in die gevangenisbeleid, beslis die hof dat die optrede van die gevangenisbeampte (K) wat die bloed getrek het, onregmatig was en dat

C nie die voor-toets berading ontvang het wat vir ingeligte toestemming nodig is nie. Die hof bevind voorts dat die vereiste *animus iniuriandi* aanwesig was ten spyte daarvan dat K *bona fide* opgetree het, gemeen het dat hy die ingeligte toestemming van C verkry het en onbewus was van die bestaan van die beleidsdokument en laasgenoemde se inhoud. Die hof staan R1 000 skadevergoeding toe vir privaatheidskending. Hierdie "verslapping" van die vereiste van onregmatigheidsbewussyn as deel van opset, is volgens die hof die gevolg van die omstandighede van die geval, naamlik die inperking van C se persoonlike vryheid. Regter Kirk-Cohen brei hiermee die beperkte klas *iniuriae* (onder meer onregmatige vryheidsberowing) waarvoor onregmatigheidsbewussyn nie vereis word nie, uit na gevalle van privaatheidskending in omstandighede van gevangeskap. Strauss 1996 *THRHR* 497 bestempel hierdie uitspraak as 'n uitnemend billike een omdat dit die belangrikheid van die verkryging van ingeligte toestemming tot HIV-toetsing beklemtoon. Ten spyte van enkele punte van kritiek, meen Knobel 1997 *THRHR* 536 ook dat daar regspolities veel vir hierdie ontwikkeling in die reg gesê kan word, aangesien die verhouding tussen gevangenisowerheid en gevangene so ongelyk is.

Dit is interessant om daarop te let dat alhoewel regter Kirk-Cohen uitdruklik geweier het om uitspraak te lewer oor die vereistes van ingeligte toestemming *in die algemeen*, sy uitspraak wyer implikasies gehad het. Dit is naamlik as gesag aanvaar deur die projekkomitee van die Suid-Afrikaanse Regskommissie wat regshervorming in die konteks van HIV/VIGS ondersoek. Die projekkomitee het tot die gevolgtrekking gekom dat die regsnorm vir ingeligte toestemming, in die lig van hierdie uitspraak, voor-toets berading moet insluit. Die projekkomitee het gevolglik voorgestel dat 'n nasionale beleid oor HIV-toetsing en ingeligte toestemming aanvaar moet word waarin ingeligte toestemming in die algemeen voor-toets berading moet insluit. Die voorgestelde beleid gee die volgende inhoud aan ingeligte toestemming en voor-toets berading in die konteks van HIV/VIGS: Ingeligte toestemming beteken dat die individu ingelig word oor die implikasies van die toets (insluitend die voordele, risiko's, alternatiewe en die moontlike sosiale implikasies daarvan) en dit verstaan; dat die inligting gegee word in 'n taal en in woorde wat die pasiënt verstaan; en dat uitdruklike toestemming tot HIV-toetsing (verkieslik skriftelik) gegee word in omstandighede waarin dwang afwesig is, en waarin die individu net so vry voel om toestemming te gee as om dit te weerhou. Voor-toets berading, in die vorm van 'n vertroulike gesprek tussen die individu en 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon, soos 'n geneesheer, 'n verpleegster of 'n opgeleide HIV-berader, word beskou as die doeltreffendste manier waarop inligting gegee en toestemming verkry kan word. Kennisgewings, pamflette en ander media (insluitende video's) kan gebruik word om inligting oor HIV/VIGS beskikbaar te stel, maar kan nie beskou word as algemene plaasvervangers vir voor-toets berading nie. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in sy eerste tussentydse verslag oor *Aspekte van die reg wat betrekking het op VIGS* (sien hierbo) aanbeveel dat die Minister van Gesondheid so 'n nasionale beleid behoort te aanvaar kragtens die bevoegdhede wat aan haar verleen is. Daar word voorsien dat die beleid die basiese regsbeginsels sal stel waaraan gevolg gegee sal moet word, en dat omvattender riglyne in die praktyk opgestel sal word waarin die basiese regsbeginsels beliggaam en verder uitgebou sal word.

In *B v Minister of Correctional Services* was die feite kortliks soos volg: B (en drie ander applikante) was gevangenes met HIV. B was die enigste applikant wie

se mediese besonderhede aan die hof bekend was. Hy is in Februarie 1992 as HIV-positief gediagnoseer. Hy was by verskeie vorige geleenthede in die gevangenis, is in een stadium op parool vrygelaat en het by 'n ander geleentheid uit aanhouding ontsnap. Hy is in Augustus 1995 gearresteer en in die Pollsmoor Gevangenis buite Kaapstad aangehou. Hy het geen spesifieke behandeling vir sy HIV-infeksie ontvang nie, en sy CD4-telling was in daardie stadium 298 per milliliter bloed (298/ml). (CD4 is 'n limfosiet- of witbloedsel wat infeksie help beveg. Hoe laer die CD4-telling, hoe swakker is die liggaam se weerstand teen infeksie. 'n Gesonde persoon het 'n CD4-telling van tussen 600 en 1 200.) Gedurende 1996 is reëlings getref vir gevangenes met HIV om by twee HIV-klinieke behandeling te ontvang. By een so 'n kliniek (verbonde aan 'n gevangenis) is 'n kombinasieterapie van AZT en ddl vir B voorgeskryf. Hierdie behandeling is egter nie deur die gevangenisowerheid aan hom gegee nie. By die ander kliniek (verbonde aan 'n provinsiale hospitaal) het B nie vir behandeling met AZT gekwalifiseer nie omdat sy CD4-telling nog te hoog was, gemeet aan die hospitaal se behandelingsbeleid.

In September 1996 het B die huidige aansoek gebring. Die ander drie applikante het ook almal CD4-tellings van minder as 500/ml gehad. Die applikante vra 'n verklarende bevel tot die effek dat hulle (en ander gevangenes met HIV) die reg het op behoorlike en toereikende mediese aandag, versorging en behandeling, en dat hierdie reg diegene wat simptomaties is en 'n CD4-telling van minder as 500/ml het, daarop geregtig maak om (1) 'n voorskrif te ontvang en (2) op staatsonkoste gepaste medisyne teen HIV te ontvang. Volgens die aansoek sluit gepaste medisyne AZT, ddl, 3TC of ddC afsonderlik of in kombinasie in, maar is dit nie beperk tot hierdie middels nie. Alternatief vra die applikante 'n *mandamus* dat hulle uit die gevangenis vrygelaat moet word.

Regter Brand van die Kaapse hooggeregshof bevind eerstens dat die vraag of pasiënte geregtig is op 'n voorskrif vir medisyne op mediese gronde, 'n mediese aangeleentheid is waaroor die hof nie by magte is om te beslis nie en dat die hof nie aan geneeshere kan dikteer wanneer hulle 'n bepaalde behandeling moet voorskryf nie. Aangesien AZT en ddl wel op mediese gronde vir B en die tweede applikant voorgeskryf is, kan die hof die vraag oorweeg of hierdie twee applikante geregtig is om op staatsonkoste van dié medisyne voorsien te word.

Die hof verwys na artikel 35(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 waarvolgens elkeen wat aangehou word, met inbegrip van elke gevonniste gevangene, die reg het "op omstandighede van aanhouding wat met menswaardigheid rekening hou, met inbegrip van, minstens, oefening en die voorsiening, op staatskoste, van toereikende akkommodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling" (nie-amptelike Afrikaanse vertaling). Die Grondwet waarborg nie sodanige regte aan individue buite gevangenisse nie; laasgenoemde het bloot die reg *op toegang tot* toereikende behuising (a 26(1)), tot gesondheidsdienste en tot voldoende kos en water (a 27(1)) en die staat moet bloot redelike wetgewende en ander stappe binne sy beskikbare bronne doen om hierdie regte progressief te verwesenlik. Die reg op toegang tot behuising, voedsel en gesondheidsdienste word wel as fundamenteel beskou, maar word gekoppel aan die staat se vermoë om daarin te voorsien.

Uit artikel 35(2) is dit duidelik dat die applikante 'n reg op toereikende mediese behandeling op staatsonkoste het. By die uitleg van hierdie artikel verwys die hof na gemeenregtelike beginsels rakende die regte van gevangenes. Volgens die gemenereg behou gevangenes alle basiese regte wat gewone burgers het, met

uitsluiting van daardie regte wat uitdruklik of by noodwendige implikasie (tydelik) deur wetgewing van hulle weggeneem is of wat noodwendig onversoenbaar is met hul staat van gevangeskap (vgl die *dicta* van Innes AR in *Whittaker and Morant v Roos and Bateman* 1912 AD 92 122–123; Corbett AR in *Goldberg v The Minister of Prisons* 1979 1 SA 14 (A) 39C–E; Jansen AR in *Mandela v Minister of Prisons* 1983 1 SA 938 (A) 957E–F; Hoexter AR in *Minister of Justice v Hofmeyr* 1993 3 SA 131 (A) 141C–D).

In die lig van artikel 35(2) van die Grondwet en van die *residuum* van regte, moet die hof nou beslis of "toereikende mediese behandeling" neerkom op die behandeling van die simptome van HIV-infeksie (nl opportunistiese siektes, soos tuberkulose, wat toeslaan waar immuniteit laag is), of op terapie teen die menslike immuniteitsgebrekvirus (HIV) self waarmee gepoog word om die immuunstelsel langer te beskerm. Aangesien HIV-infeksie en VIGS steeds ongeneeslik is, gaan dit dus nie hier om enige behandeling wat genesing bring nie.

Die Departement van Korrektiewe Dienste het geen duidelike riglyne oor die anti-HIV behandeling van gevangenes gehad nie en het die beleid van provinsiale hospitale en hulle klinieke in die verband gevolg. Namens die departement is geargumenteer dat toereikende, en nie optimale mediese behandeling nie, gegee moes word en dat wat goed genoeg was vir mense buite gevangenisse, goed genoeg moes wees vir gevangenes. Daar is aangevoer dat pasiënte wat in dieselfde mediese toestand as applikante verkeer het, nie die behandeling wat deur die applikante geëis is, in provinsiale hospitale ontvang het nie. Weens die koste van AZT gekombineer met ander medisyne (R18 000–R24 000 per pasiënt per jaar) is slegs AZT-monoterapie (R14 000 per pasiënt per jaar) in provinsiale hospitale gegee en is slegs pasiënte met 'n CD4-telling van minder as 200/ml (maar meer as 50/ml) vir AZT-behandeling oorweeg. (Wanneer die CD4-telling onder 200 is, het die pasiënt reeds volskaalse VIGS en 'n lewensverwagting van twee jaar.) Daar is verder aangevoer dat bronne beperk is en dat behandeling gegee moet word waar die beste resultate behaal kan word. Indien swanger vroue byvoorbeeld met AZT behandel word, kan voorkom word dat die virus aan hulle babas oorgedra word. Voorts is aangevoer dat indien pasiënte met HIV die kombinasieterapie sou ontvang, dit ander pasiënte wat ook afhanklik is van die voorsiening van mediese sorg deur die staat, sou benadeel. 'n Verdere argument was dat selfs al word anti-HIV terapie nie gegee nie, staatspasiënte met HIV nog steeds behandeling ontvang vir die opportunistiese siektes waaraan hulle ly. Sodoende word hulle gesondheid verbeter en hulle lewens verleng.

Die volgende argumente is namens die applikante aangevoer: Die behandeling van opportunistiese infeksies alleen is ontoereikend. Wanneer die pasiënt eers aan opportunistiese infeksies begin ly, is dit 'n teken dat sy of haar immuunstelsel reeds uitgeput is. Verder is dit kostedoeltreffend om voorkomende terapie teen HIV in 'n vroeër stadium te gee omdat die immuunstelsel beter beskerm word en die vatbaarheid vir opportunistiese siektes verminder word. Sodoende word dit minder noodsaaklik om opportunistiese infeksies later te behandel.

Die hof aanvaar deskundige mediese getuienis dat terapie teen HIV aangedui is wanneer die CD4-telling onder 500/ml is en die pasiënt simptomaties is (maw simptome van opportunistiese siektes begin toon). Die hof aanvaar ook dat die beste behandeling vir HIV-infeksie tans bestaan uit 'n kombinasie van AZT met 3TC of met goedkoper alternatiewe (ddI en ddC) en dat hierdie behandeling die uitwerking van die virus vertraag, die pasiënt se vatbaarheid vir ander infeksies verminder en sy of haar lewensgehalte en -verwagting verbeter.

Regter Brand beslis dat die posisie in provinsiale hospitale irrelevant is: Die staat het 'n groter plig teenoor gevangenes as teenoor burgers wat dieselfde infeksie het, en die standaard van toereikende mediese behandeling vir gevangenes kan nie *per se* bepaal word deur wat die staat vir pasiënte met HIV buite gevangenisse gee nie. Sy redes is kortliks die volgende:

(a) Die Grondwet self maak 'n onderskeid tussen gevangenes en mense daarbuite. Ingevolge artikel 35(2) het gevangenes 'n fundamentele reg op toereikende huisvesting, voeding en mediese sorg, terwyl sodanige waarborg nie vir mense buite gevangenisse gegee word nie. Wat voorsien word vir mense daarbuite kan gevolglik nie die standaard stel vir huisvesting, voeding of toereikende mediese sorg binne gevangenisse nie.

(b) Om toegang tot mediese behandeling teen HIV te weier, sou 'n inbreuk op die *residuum* van gevangenes se regte daarstel wat nie 'n noodwendige gevolg van aanhouding is nie.

(c) Aangesien die staat gevangenes met HIV aanhou in omstandighede waar hulle meer vatbaar is vir opportunistiese infeksies as pasiënte met HIV daarbuite, moet toereikende behandeling deur die staat hulle immuunstelsels beter beskerm as die behandeling wat die staat vir pasiënte met HIV buite gevangenisse bied.

Regter Brand beslis dat anti-HIV behandeling die "toereikende mediese behandeling" is tensy die departement afdoende bewys kan lewer dat die behandeling onbekostigbaar is of dat dit 'n ongeregverdigde las op die staat sou plaas. Hy beslis dat die departement nie sodanige bewys gelewer het nie. Hy beveel gevolglik dat die eerste en tweede applikante voorsien moet word van die anti-HIV terapie (nl AZT en ddl) soos vir hulle voorgeskryf op mediese gronde en dat hulle die behandeling moet ontvang vir die tydperk wat dit voorgeskryf word. Die derde en vierde applikante (en by implikasie al die ander gevangenes met HIV) is nie geregtig op 'n bevel dat die respondente aan hulle anti-HIV behandeling moet gee wat nie op mediese gronde vir hulle voorgeskryf is nie. Die versoek om 'n *mandamus* word ook van die hand gewys.

Regter Brand verwys na die *residuum* van gevangenes se basiese regte wat nie aangetas mag word nie. Wat presies onder hierdie basiese regte inbegryp word, blyk egter nie duidelik uit die regspraak nie: In *Goldberg supra* is beslis dat hulle aan die hand van sowel die gemenereg as wetgewing bepaal moet word; in *Mandela supra* is verwys na fundamentele gemeenregtelike regte wat soms in wetgewing neerslag vind; in *Whittaker supra* na natuurlike regte wat verband hou met die persoonlikheid en waardigheid en in *Hofmeyr supra* na persoonlike en persoonlikheidsregte soos vervat in die gemenereg en wetgewing. In die saak onder bespreking word melding gemaak van "persoonlike vryhede", maar daar word nie na wetgewing verwys nie. (Gevangenisregulasies wat kragtens a 94 van die Wet op Gevangenisse 8 van 1959 uitgevaardig is (*GK* R 2080 van 1965-12-31) maak bv ook voorsiening vir mediese dienste, toereikende voedsel en huisvesting.) Die *residuum*-begrip wat in die onderhawige geval gebruik word om die grondwetlike reg op toereikende mediese behandeling te interpreteer, slaan waarskynlik hoofsaaklik op die reg op liggaamlike integriteit wat die gesondheid insluit (sien Joubert *Grondslae van die persoonlikheidsreg* (1953) 131; Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 29–30). Alhoewel die hof dit nie uitspel nie, is dit sekerlik hierdie residuele reg wat geskend sou word indien anti-HIV behandeling geweier word.

Die hof volg 'n gesonde regsbeleid deur die *onus* om die onbekostigbaarheid van die behandeling te bewys, te plaas op die departement wat die aanhouding gelas het en nie die aangeduide mediese behandeling gee nie (en sodoende die reg op liggaamlike integriteit van gevangenes aantas). Die bewyslas hang dus saam met die *residuum*-beginsel (per Hoexter AR in *Hofmeyr supra* 153IJ). Hierdie benadering is ook in ooreenstemming met die vermoede van uitleg dat wanneer meer as een konstruksie van 'n bepaling moontlik is, die een gekies moet word wat die billikste en regverdigste is en nie bestaande regte wegneem nie (Du Plessis *The interpretation of statutes* (1986) 85 ev). Dit is ook in ooreenstemming met die beginsels van grondwetlike uitleg wat daarna streef om die waardes onderliggend aan die Grondwet (menswaardigheid, gelykheid en vryheid) te bevorder by die uitleg van sowel die menseregte-akte as gemeenregtelike regte (a 39 van die Grondwet).

Alhoewel die uitspraak betrekking het op die voorsiening van duur medisyne aan net twee gevangenes, kan dit wyer implikasies hê. Ander gevangenes met HIV (en volgens die Departement Korrektiewe Dienste was daar teen Junie 1997 ten minste 1 026) sal anti-HIV behandeling as hul grondwetlike reg kan eis indien dit op mediese gronde aan hulle voorgeskryf word en die departement nie kan bewys dat hierdie behandeling onbekostigbaar is nie. Dit kan meebring dat skaars fondse van ander verdienstelike programme weggeneem sal moet word. Ten spyte hiervan is hierdie uitspraak (soos ook dié in *C v Minister of Correctional Services*) billik omdat dit diegene wat vanweë gevangeskap nog meer kwesbaar as ander individue is, teen die oormag van die staat beskerm. Regter Brand gaan in sy uitspraak egter nog verder: Hy neem ook kennis daarvan dat gevangenes met HIV as "dubbel kwesbaar" bestempel kan word vanweë hulle gebrekkige immuniteit.

CHRISTA VAN WYK
Universiteit van Suid-Afrika

AANRANDING EN VRYHEIDSBEROWING AS SELFSTANDIGE EISOORSAKE EN DIE TOEPASLIKHEID VAN DIE *ACTIO LEGIS AQUILIAE*, AKSIE WEENS PYN EN LYDING EN *ACTIO INIURIARUM*

Brandon v Minister of Law and Order 1997 3 SA 68 (K)

Die relevante feite is kortliks die volgende: Die eiser is na bewering deur twee lede van die publiek (Kirsten en Muir) aangerand waarna die polisie al drie gearresteer en in dieselfde sel aangehou het. Hier is die aanranding op die eiser deur K en M voortgesit. Aanvanklik het die eiser sy eis net op hierdie aanranding gebaseer, maar later sy pleitstukke gewysig sodat dit óók op onregmatige arrestasie en aanhouding gegrond was. Die verweerder se spesiale pleit dat laasgenoemde eisoorsaak verjaar het omdat die eiser gefaal het om die eis in te stel binne ses maande nadat die eisoorsaak ontstaan het, word gehandhaaf.

In die loop van sy uitspraak maak regter Van Reenen die volgende stellings wat kommentaar regverdig (78E–79D):

> "The plaintiff's cause of action regarding the damages suffered by him as a result of the assault by Kirsten and Muir contains all the elements of the Aquilian action, under which, in an extended sense, in the case of bodily injuries, not only patrimonial, but also non-patrimonial loss may be recovered (see *Government of the Republic of South Africa v Ngubane* 1972 (2) SA 601 (A) at 606; *Evins v Shield Insurance Co Ltd* (*supra* at 838H–839A); *Administrator, Natal v Edouard* 1990 (3) SA 581 (A) at 595F–H). A claim for wrongful arrest and detention, on the other hand, seeks to compensate a claimant for the infringement of different interests of personality, namely the restriction of his or her physical freedom of movement and also impairment of his or her subjective feelings of dignity or self-respect (see Joubert (ed) *The Law of South Africa* (1st Reissue) vol 7 para 101; Neethling *Persoonlikheidsreg* 2nd ed at 111; Neethling, Potgieter and Visser *Deliktereg* 3rd ed at 327–8; Van der Merwe and Olivier *Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* 6th ed at 550; Visser and Potgieter *Law of Damages* at 423–5). Such compensation is recoverable by means of the *actio iniuriarum*, but patrimonial loss flowing therefrom may be recovered by means of the *actio legis Aquiliae* (see Amerasinghe 'The Protection of *Corpus* in Roman-Dutch Law' (1967) 84 *SALJ* 335; *Neethling* (*op cit* at 118); *Visser and Potgieter* (*op cit* at 404)). What is apparent from the aforegoing is that, whilst the plaintiff's claim for damages flowing from the assault is based on the *actio legis Aquiliae*, the claim for damages for wrongful arrest and detention is based on the *actio iniuriarum*. Although both causes of action are delictual in nature, their elements and characteristics are unidentical (see Joubert (ed) *The Law of South Africa* (1st Reissue) vol 8 part 1 paras 7–10, para 32).
>
> It is apparent from the manner in which the causes of action for damages flowing from the assault, on the one hand, and wrongful arrest and detention, on the other hand, have been formulated in the amended particulars of claim, that the respective *facta probanda* for their proof are not identical (cf *Evins v Shield Insurance Co Ltd* (*supra* at 839C–E)). That is not surprising as they, in my view, constitute separate and distinct causes of action.
>
> In addition, *contumelia* is not an automatic element of loss for wrongful arrest and detention and has to be averred and proved (see *Bennett v Minister of Police and Another* 1980 (3) SA 24 (C) at 37D and see also Neethling *Persoonlikheidsreg* 2nd ed at 111; *PJ Visser and JM Potgieter* (*op cit* at 99); *Neethling, Potgieter and Visser* (*op cit* at 325) but cf *Makhanya v Minister of Justice* 1965 (2) SA 488 (N) at 492). The plaintiff, in the instant case, not only failed to aver in the particulars of claim, as originally formulated, that he suffered *contumelia*, but made no allegations that he suffered damages as a result of the alleged wrongful arrest and furthermore did not claim any damages in respect thereof. That omission resulted therein that the cause of action for wrongful arrest and detention on which the plaintiff now relies, did not form part of the claim originally instituted. As the cause of action on which the plaintiff now relies was perfected longer than six months after it had arisen, the plaintiff, in my opinion, failed to commence a civil action to recover the damages which flowed from his alleged wrongful arrest and detention, timeously."

(a) Daar kan met die hof saamgestem word dat die eis weens aanranding en dié weens onregmatige arrestasie en gevangehouding twee selfstandige eisoorsake daarstel. (Soos egter sal blyk uit par (b) *infra*, verdien nie al die beweegredes vir Van Reenen R se standpunt instemming nie.) Volgens die benadering in *Evins v Shield Insurance Co Ltd* 1980 2 SA 814 (A) 838 bestaan daar 'n eisoorsaak indien al die vereistes daarvoor (die *facta probanda*) aanwesig is. Hierdie vereistes is die elemente wat nodig is om deliktuele aanspreeklikheid te fundeer

(sien Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 130–131; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 221). So toegepas, verskil die elemente van 'n gedingsvatbare aanranding (die onregmatige opsetlike aantasting van die liggaam of *corpus*) van dié van onregmatige arrestasie en gevangehouding (die onregmatige krenking van die liggaamlike vryheid of *libertas*) op tweërlei wyse (sien Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 89 ev 101 114 123 ev 124 129; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 324–325 327–328): Eerstens is die betrokke persoonlikheidsgoedere (*corpus versus libertas*) en gevolglik die persoonlikheidsnadeel wat ervaar word, verskillend (liggaamsaantasting teenoor vryheidsberowing; vgl ook *in casu* 78F); en tweedens, anders as by aanranding, is *animus iniuriandi* nie 'n aanspreeklikheidsvereiste vir onregmatige arrestasie en gevangehouding ingevolge die *actio iniuriarum* nie (sien *Minister of Justice v Hofmeyr* 1993 3 SA 131 (A) 156).

(b) Die hof se belangrikste oorweging vir sy beskouing dat dit hier om twee eisoorsake gaan, is vatbaar vir kritiek, te wete dat die eis weens aanranding die Aquiliese aksie fundeer waarmee vergoeding vir sowel vermoënskade as nievermoënskade verhaal kan word, terwyl die *actio iniuriarum* ingestel moet word vir die eis weens onregmatige arrestasie en gevangehouding. Sodoende word nie alleen die selfstandige bestaan van die aksie weens pyn en lyding as *sui generis*-aksie en die toepaslikheid van die *actio iniuriarum* by aanranding misken nie, maar word ook die prinsipiële verskille tussen die drie grondpilare van ons deliktereg – die *actio iniuriarum*, die aksie weens pyn en lyding en die *actio legis Aquiliae* (Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 5–6) – by aanranding ten onregte negeer.

Regter Van Reenen se standpunt dat vergoeding vir die nie-vermoënskade weens die aanranding *in casu* met die (uitgebreide) Aquiliese aksie verhaal kan word, is in die lig van gesaghebbende *dicta* van die appèlhof duidelik verkeerd. In *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A) 776 het die hof uitdruklik daarop gewys dat genoegdoening vir skok, pyn en lyding weens liggaamsaantasting verhaal word "met die besondere aksie wat in die Romeins-Hollandse reg, onder invloed van die Germaanse gebruiksreg, ontwikkel het" (sien ook *Hoffa v SA Mutual Fire and General Insurance Co Ltd* 1965 2 SA 944 (K) 950–952; sien in die algemeen Visser en Potgieter 92–99 179–186 402–415; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 18–19 239–250). Ook in *Government of the Republic of South Africa v Ngubane* 1972 2 SA 601 (A) 606 – 'n beslissing waarna regter Van Reenen as gesag vir sy standpunt verwys – word die korrektheid van die *Hoffa*-saak bevestig dat "[it would be] inappropriate to try to bring such a claim under the umbrella of either the *actio legis Aquiliae* or the *actio iniuriarum*". Dieselfde geld *Administrator, Natal v Edouard* 1990 3 SA 581 (A) 595 waar appèlregter Van Heerden die aksie weens pyn en lyding as 'n *actio sui generis* bestempel. Laasgenoemde twee beslissings is bevestig in *Guardian National Insurance Co Ltd v Van Gool* 1992 4 SA 61 (A) 65. Net in *Evins supra* 838 blyk 'n mate van steun vir regter Van Reenen se benadering. Appèlregter Corbett praat wel van "an Aquilian action for damages for bodily injury" maar kwalifiseer dit onmiddellik met die volgende woorde:

> "[A]nd here I use the term Aquilian in an extended sense to include the *solatium* awarded for pain and suffering, loss of amenities of life, etc, which is *sui generis* and strictly does not fall under the umbrella of the *actio legis Aquiliae: Government of the Republic of South Africa v Ngubane* 1972 (2) SA 601 (A) at 606E–H) . . ."

In die lig van hierdie kwalifikasie en die duidelike *dicta* van die appèlhof waarna hierbo verwys is, asook om verwarring en bygevolg regsonsekerheid te vermy, is dit noodsaaklik om die toepassingsgebiede van die Aquiliese aksie (skadevergoeding vir vermoënskade) en die aksie weens pyn en lyding (vergoeding vir persoonlikheidsnadeel weens liggaamsaantasting) duidelik uitmekaar te hou (sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 5–6 256–257).

Soos aangedui, is daar geen blyke in regter Van Reenen se uitspraak dat die *actio iniuriarum* ook by die onderhawige aanranding te pas kon kom nie; en dat daar dus 'n sameloop van die *actio legis Aquiliae*, die aksie weens pyn en lyding en die *actio iniuriarum* by die aanranding kon plaasvind, soos trouens veelal by dié tipe gevalle gebeur. Snaaks genoeg, dit was inderdaad die geval *in casu* aangesien die eiser vergoeding geëis het vir "past and future medical expenses"; "pain and suffering, loss of amenities of life, shock and permanent disablement"; en *contumelia* (73F–G).

Die sameloop van hierdie drie deliksremedies by aanranding sien soos volg daaruit. Staan dit vas dat die dader die fisies-psigiese integriteit van die benadeelde op onregmatige en opsetlike wyse aangetas het, kan laasgenoemde genoegdoening, wat *ex aequo et bono* begroot word, met die *actio iniuriarum* verhaal. Hierdie bedrag *solatium* word primêr vir gekwetste gevoelens toegeken, oftewel die "sentimental loss" wat die eiser weens die *contumelia* of die minagting van sy liggaam ervaar het. *Contumelia* moet hier nie as sinoniem vir *belediging* (sien ook *infra*) opgevat word nie, maar eerder in die sin van 'n *gevoel van veronregting* wat uit die minagting van die liggaam resulteer (sien *Neethling's Law of personality* 55–56 65–66 117–118).

Waar die eiser afgesien van *contumelia* ook fisiese pyn en lyding weens 'n opsetlike aantasting van sy liggaam ervaar het, kan (onvolmaakte) kompensasie (genoegdoening of *solatium*) met die aksie weens pyn en lyding verhaal word. Hierdie aksie is gerig op vergoeding vir pyn, lyding, skok, liggaamlike ontsiering, verlies aan lewensgenietinge en verkorte lewensverwagting as gevolg van 'n skuldige (opsetlike of nalatige) aantasting van 'n persoon se fisies-psigiese integriteit. Van belang vir huidige doeleindes is die verhouding tussen dié aksie en die *actio iniuriarum*. Uit bostaande behoort reeds duidelik te wees dat in die geval van 'n opsetlike aantasting van die liggaam, die aksie weens pyn en lyding vir kompensasie naas die *actio iniuriarum* vir genoegdoening ingestel kan word. By aanranding loop die twee aksies dus saam. Hierdie feit word egter deur Van der Merwe en Olivier (*Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 465) ontken. Hulle redeneer dat in die geval van aanranding die aksie weens pyn en lyding sy sin verloor en vervang word deur die *actio iniuriarum* waarmee volle genoegdoening (ook vir pyn en lyding) verhaal kan word. Hierdie beskouing gaan egter nie op nie. Afgesien van regspraak wat die *sui generis*-aard van die aksie weens pyn en lyding teenoor die *actio iniuriarum* beklemtoon (sien *supra*), verskil die doel of funksie van die *actio iniuriarum* (*genoegdoeningsfunksie*) van dié van die aksie weens pyn en lyding (*kompensasiefunksie*). Daarom kan hulle wat aanranding betref nie oor dieselfde kam geskeer word nie. Beide aksies is dus in beginsel by 'n onregmatige en opsetlike liggaamsaantasting beskikbaar (sien *Neethling's Law of personality* 118–119; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 257). Hierdie posisie blyk by implikasie ook reeds uit die regspraak waar onderskei word tussen genoegdoening vir *contumelia* (*iniuria* – ongelukkig meesal in die verkeerde sin van belediging: sien *Neethling's Law of personality* 49–50 53 55–56 oor die regte beskouing van die begrip *contumelia*) en kompensasie vir

fisiese pyn en lyding (sien bv *Radebe v Hough* 1949 1 SA 380 (A) 384–385; *Magqabi v Mafundityala* 1979 4 SA 106 (OK) 110; *Mabona v Minister of Law and Order* 1988 2 SA 654 (SOK) 664; *N v T* 1994 1 SA 862 (K) 864; *GQ v Yedwa* 1996 2 SA 437 (Tk) 438–439).

Waar 'n persoon ook vermoënskade as gevolg van aanranding oploop, soos mediese koste, verlies van verdienste of verdienvermoë, kan skadevergoeding met die *actio legis Aquiliae* verhaal word (sien *Neethling's Law of personality* 119).

(c) Regter Van Reenen wys tereg daarop dat onregmatige arrestasie en gevangehouding nie noodwendig met *contumelia* (wat hy klaarblyklik ook hier in die verkeerde sin van belediging of krenking van die eergevoel opneem: vgl 78F waar hy van "impairment of his or her subjective feelings of dignity or self-respect" praat) gepaard hoef te gaan nie. Belediging is dus nie 'n *factum probandum* vir onregmatige arrestasie en gevangehouding nie. Dit beteken natuurlik nie dat 'n aantasting van die liggaamlike vryheid nie terselfdertyd ook die eergevoel kan krenk nie. Trouens, in *Makhanya v Minister of Justice* 1965 2 SA 488 (N) 492 word verklaar dat *contumelia* (krenking van "dignity") "is always an element in deprivation of liberty involved in imprisonment by authority". Nietemin onderskei die hof (491 – soos Van Reenen R) tog duidelik tussen die "aggression upon her liberty" en dié "upon her dignity" (sien ook *Neethling's Law of personality* 123 vn 20).

Samevattend word aan die hand gedoen dat die howe ter wille van gesonde regsontwikkeling en regsekerheid op die gebied van die deliktereg, die vereistes, funksies en toepassingsgebiede van die *actio iniuriarum*, die aksie weens pyn en lyding en die *actio legis Aquiliae* suiwer moet onderskei, al is dit dan ook so dat die aksies in die pleitstukke nie (altyd) by name genoem word nie.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

RIGLYNE VIR HERSTEL VAN GRONDREGTE

The Transvaal Agricultural Union v The Minister of Land Affairs; The Commission on the Restitution of Land Rights CCT 21/96

Die herstel van grondregte aan daardie persone wat hulle grond deur middel van rasdiskriminerende wetgewing verloor het, is 'n komplekse aangeleentheid. Teen Junie 1996 was daar reeds 7 095 grondeise ingedien (Politieke Redaksie "R1 miljard bestee aan agtergeblewe boere" *Beeld* 1996-06-13 6). Kennisgewings van grondeise word feitlik weekliks in die *Staatskoerant* gepubliseer (vgl bv AK 825 in *SK* 17287 van 1996-07-05; AK 1332 in *SK* 17414 van 1996-09-13; AK 1624 in *SK* 17617 van 1996-11-22).

Die Transvaalse Landbou Unie (TLU), 'n liggaam wat die belange van hulle lede (boere) verteenwoordig, het gedurende September 1996 die konstitusionele hof *in casu* direk genader om sekere bepalings van die Wet op Herstel van

Grondregte 22 van 1994 (hierna Wet 22 van 1994) te betwis as synde in stryd met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 (hierna 1993-Grondwet).

Alhoewel die konstitusionele hof bevind dat die applikante se aansoek nie direkte toegang tot dié hof regverdig nie (46–48), word daar tog bepaalde riglyne in die saak neergelê vir die interpretasie van beide die relevante artikels in die 1993-Grondwet en Wet 22 van 1994. Die doel van die vonnisbespreking is om 'n kort uiteensetting van die saak te gee en veral klem te lê op hierdie riglyne wat vir die hooggeregshof, die Kommissie op Grondtoewysing en grondeisers en -teenstanders in die toekoms van belang kan wees.

1 Agtergrond

Wet 22 van 1994 is uitgevaardig na aanleiding van artikels 121–123 (gelees met artikels 8(2) en 28) van die 1993-Grondwet. Artikel 121 bepaal dat die parlement wetgewing kan daarstel om herstel van grondregte te verleen in gevalle waar 'n persoon of gemeenskap van hulle regte in grond na aanleiding van rasdiskriminerende wetgewing na 19 Junie 1913 ontneem is (soos verwys na in a 8(2)). Die wet is nie van toepassing op grond waarvoor voldoende vergoeding kragtens die Onteieningswet 63 van 1975 ontvang is nie. Alle eise is onderworpe aan die voorwaardes, beperkings en uitsluitings wat deur die wet opgelê kan word en is slegs deur 'n hof beregbaar nadat artikel 122 toegepas is (a 122(6)).

'n Kommissie op die Herstel van Grondregte is kragtens artikel 122 van die 1993-Grondwet en artikel 4 van Wet 22 van 1994 ingestel. Die kommissie moet die meriete van die aansoeke ondersoek, geskille besleg en afhandel, verslae aan die howe voorlê en kan enige ander bevoegdhede en funksies uitoefen wat in die wet voorgeskryf word (a 122(1)(a)–(d); vgl ook a 6 Wet 22 van 1994). Die prosedures moet ook in die wetgewing uiteengesit word (a 122(2)).

Wet 22 van 1994 maak voorsiening vir 'n kommissie (a 4), 'n grondeisehof (a 22), delegasie aan 'n grondeisekommissaris en streekgrondeisekommissarisse (a 7), mediasie (a 13), prosessuele aangeleenthede soos die indiening van eise (a 11) en die ondersoekbevoegdhede van die kommissie (a 12) (vgl ook Du Plessis, Olivier en Pienaar "The ever-changing land law" 1995 *SAPR/PL* 147–154).

Daar is reeds in 1991 voorsiening gemaak vir die indiening en afhandeling van grondeise in die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings 108 van 1991. Die Kommissie op Grondtoewysing het verskeie eise aangehoor en heelwat eise is reeds in die periode voor 1994 afgehandel en die grond aan grondeisers oorgedra. Die eise was meestal gevalle waar stamme weens rasdiskriminerende wetgewing hul grond ontneem is (vgl Du Plessis en Olivier "Nuwe grondmaatreëls" 1991 *SAPR/PL* 264–265, "Land: new developments 1993/1994" 1994 *SAPR/PL* 183; Du Plessis, Olivier en Pienaar "Grond – verdere komplikasies" 1992 *SAPR/PL* 149, "Grond 1992/3" 1993 *SAPR/PL* 131–133, "Land: new developments 1993" 1993 *SAPR/PL* 363–364).

2 Betoë

Die TLU beweer dat die volgende artikels met die doel, gees en bepalings van die Grondwet in stryd is (1):

• artikel 6(1)(c) (die grondeisekommissaris moet eisers gereeld in kennis stel van die verloop van hulle eise)

• artikels 9(1)(b) en 13(2)(b) (aanwysing deur die grondeisekommissaris van geskilbeslegters)

• artikel 11(1) (die grondeisekommissaris publiseer na oorweging die eis in die *Staatskoerant* en maak dit bekend in die distrik waar die grond geleë is)

• artikel 11(6)(b) (opdrag aan die registrateur van aktes om 'n nota van die eis teen die titelakte aan te teken)

• artikel 11(7) (sodra die eis gepubliseer is, mag niemand van grond afgesit en geen verbeterings verwyder, beskadig of vernietig word sonder skriftelike toestemming van die hoofgrondeisekommissaris nie)

• artikel 11(8) (betredingsbevoegdhede indien vermoed word dat verbeterings vernietig, beskadig of verwyder word of dat enige persoon woonagtig op die grond benadeel word – 'n lys van die werknemers, bewoners, landboukundige toestand van die grond, uitgrawings, myn- en prospekteeraktiwiteite kan opgestel word).

Daar is beweer dat artikels 11(1), 11(6)(b), 11(7), 11(8) en reëls 13 en 14 in stryd is met artikel 24(b) (administratiewe geregtigheid); artikels 11(7) en 11(8) met artikels 28 (beskerming van eiendomsreg en vryheid van ekonomiese bedrywighede); artikels 9(1)(b) en 13(2)(b) met artikel 122(1)(b); en artikel 6(1)(c) met die gelykheidsklousule (a 8(2)) van die Grondwet (9–15).

Die aansoek word deur die Minister van Grondsake teengestaan op grond van (a) die meriete van die aansoek en (b) die feit dat die aansoek nie deur die konstitusionele hof verhoor behoort te word nie aangesien dit nie onder die spesiale jurisdiksie van reël 17 (GK 703 in *SK* 16407 van 1995-05-12) val nie (4).

Die konstitusionele hof versoek die partye om skriftelike argumente voor te lê oor die vraag of die saak hoegenaamd direkte toegang tot die hof behoef (3). Applikant beweer dat (a) die konstitusionele hof die enigste hof is wat jurisdiksie oor die vraag het; (b) die aansoek dringend en in die openbare belang is en 'n beslissing oor die geldigheid van die artikels die regte van grondeienaars en restitusie-aansoekers kan raak en ook 'n wesenlike uitwerking op die funksionering van die kommissie en die grondeisehof kan hê; (c) die saak afgehandel kan word sonder die aanhoor van getuienis; en (d) die redelike vooruitsig bestaan dat 'n aansoek kan slaag (17).

3 Bevinding

Die hof bevind dat die applikant nie kon aantoon waarom direkte toegang tot die hof nodig is nie en wys die aansoek van die hand. 'n Kostebevel word teen applikant gemaak aangesien die gewone prosedure van aansoek tot die hooggeregshof nie gevolg is nie. Die weg van 'n reël 17-aansoek is verkies met die risiko van mislukking van die aansoek (46–48).

4 Direkte toegang tot konstitusionele hof

Reël 17 van die konstitusionele hofreëls laat slegs in uitsonderlike omstandighede direkte toegang tot dié hof toe; in alle ander gevalle moet die prosedure wat deur artikel 102(1) van die Grondwet voorgeskryf word, gevolg word. Ingevolge artikel 102(1) moet die hooggeregshof genader word vir die verwysing van die saak na die konstitusionele hof. Sou bevind word dat die aangeleentheid binne die uitsluitlike jurisdiksie van die konstitusionele hof val, moet voorts bepaal word of die beslissing bepalend is vir die spesifieke geskil en of daar voldoende meriete in die aansoek is om die verwysing te regverdig

(die hof verwys na *Brink v Kitshoff* 1996 4 SA 197 (CC); 1996 6 BCLR 752 (CC) 4 6–10 in die verband).

Wet 22 van 1994 behandel aangeleenthede wat die openbare belang in 'n groot mate raak. Die hof is egter van mening dat dit nie 'n voldoende grond vir direkte toegang tot die hof is nie en dat ook bewys moet word dat die vertraging wat die gewone prosedure kan meebring die openbare belang kan raak of geregtigheid en die daarstel van 'n behoorlike staatsadministrasie ("good government") kan skaad. Volgens die hof is dit bindende vereistes (18).

Dit moet duidelik wees dat die aansoek werklik dringend is soos in die geval van *Executive Council, Western Cape Legislature v President of the Republic of South Africa* 1995 4 SA 877 (CC); 1995 10 BCLR 1289 (CC) 15–17 waar verkiesings in die wiele gery kon word en die moontlikheid bestaan het dat die parlement vinnig byeengeroep sou moes word (19–20). Die hof bevind dat die twee sake nie vergelykbaar is nie. Die applikante in die onderhawige saak het geleentheid gehad om kommentaar te lewer op die Wetsontwerp op die Herstel van Grondregte en 'n lang tydperk het reeds sedert inwerkingtreding van die wet verloop. Die applikante kon ook nie aantoon dat daar enige benadeling van hulle lede deur die publikasie van enige van die kennisgewings oor grondeise was nie (21–23).

Die vraag na die geldigheid van die bepalings van 'n wet is sekerlik in die openbare belang maar kan nie as uitsonderlik aangemerk word nie (23). Uit die beslissing van die hof blyk dit dus weer eens baie duidelik dat die konstitusionele hof werklik net in uitsonderlike gevalle direk genader moet word en dat behoorlike argumente om die aansoek te staaf, voorgelê moet word. Dit wil dus voorkom of artikel 102(1) van die 1993-Grondwet behoorlik nagekom moet word. 'n Soortgelyke bepaling is nie in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 (hierna 1996-Grondwet) opgeneem nie maar artikel 167(6)(a) maak voorsiening vir nasionale wetgewing of reëls wat voorsiening moet maak dat in die belang van geregtigheid en met toestemming van die konstitusionele hof 'n saak direk voor dié hof geplaas kan word. Alle wetgewing (dus ook reël 17) bly van toepassing onderworpe aan wysiging en herroeping en die bepalings van die 1996-Grondwet (Item 2 Bylae 6).

5 Administratiewe geregtigheid

Die beswaar van applikant is dat artikel 11(1) nie voorsiening maak dat grondeienaars gehoor word alvorens die streekgrondkommissaris 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer nie. Die hof verwys (25) na die volgende reël gebaseer op *Cabinet for the Territory of South West Africa v Chikane* 1989 1 SA 349 (A) 379G en *Administrator, Transvaal v Traub* 1989 4 SA 731 (A) 748G–H:

> "[W]hen a statute empowers a public official or body to give a decision prejudicially affecting an individual in his liberty or property or existing rights, the latter has a right to be heard before the decision is taken ... unless the statute expressly or by implication indicates the contrary."

Die vraag of die *audi alteram partem*-reël uitgesluit is, hang van die interpretasie van die betrokke wetgewing af (26) (in dié betrokke geval die interpretasie van die hooggeregshof: vgl *Brink v Kitshoff* 1996 4 SA 197 (CC); 1996 6 BCLR 752 (CC) 14).

Die streekgrondkommissaris moet volgens artikel 11(1)(a)–(d) bepaal of die grondeis aan die formele vereistes voldoen en of dit nie beuselagtig of kwaadwillig is nie. Daarna moet die voorgeskrewe prosedures nagekom word. Die nota

wat teen die titelakte aangebring word (a 11(6)), raak nie die regte van die grondeienaar of derdes wat belange in die eiendom het direk nie. Volgens die hof kan die eienaar steeds die grond vervreem en derdes hulle regte uitoefen. Die aantekening teen die titelakte is slegs 'n kennisgewing aan derde partye dat die betrokke grondstuk onderworpe is aan 'n grondeis – die eienaar sou bowendien verplig gewees het om die inligting aan 'n potensiële koper of verbandhouer te openbaar (28).

Artikel 11(7) en (8) raak wel die regte van die eienaar en ander moontlike belanghebbende partye. Die hoofgrondeisekommissaris kan egter toestemming vir uitsettings en die verwydering, beskadiging of vernietiging van verbeterings gee. Hierdie diskresie is onderworpe aan hersiening deur die grondeisehof (a 36). Die hof stel dit duidelik dat die regte van die grondeienaar soos deur die 1993-Grondwet beskerm en enige geregverdigde beperkings wat deur Wet 22 van 1994 opgelê word, behoorlik in ag geneem moet word voordat toestemming verleen of geweier word (29).

Die hooggeregshof sou sekere riglyne in ag kan neem om in die lig van die getuienis voor die hof te bepaal of administratiewe geregtigheid kragtens artikel 11(1) geskied het (30–31). Die belange van die eisers moet teenoor dié van die grondeienaars opgeweeg word met inagneming van die volgende (30):

- die tydelike aard van die verswaring
- die doel van die *status quo*-bepaling in artikel 11(7)
- die noodsaak vir die bespoediging van die beskerming van die *status quo*-doel
- die skade wat die grondeienaars kan ly deur die beperkings van artikel 11(7) en (8)
- die kwesbaarheid van die eisers en die skade wat hulle kan ly indien die *status quo* nie bewaar word nie
- die reg van die grondeienaars om die hoofgrondeisekommissaris te nader vir uitsetting of inmenging met die verbeterings op die grondstuk
- die vraag of Wet 22 van 1996 redelikerwys vereis dat grondeise spoedig afgehandel word.

Artikel 11(6) is vervang deur die Wysigingswet op Grondherstel- en Grondhervormingswette 78 van 1996 en 'n endossement hoef nie meer teen die titelakte aangebring te word dat die grond onderworpe aan 'n grondeis is nie; die wysiging verwyder dus die vertraging wat dit in die verkoop van die grond of die verkryging van sekuriteit kon meebring (vgl ook Politieke Redaksie "Grondhervorming: 'vasskoppery ontstel'" *Beeld* 1996-09-18 7). Artikel 11(6) vereis nou nadat die streekgrondeisekommissaris die kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer het, hy of sy die grondeienaar en enige ander belanghebbende party skriftelik daarvan in kennis moet stel en hulle aandag op artikel 11(7) vestig. Subartikel (aA) word by artikel 11(7) gevoeg en bepaal dat geen persoon die betrokke grond mag verkoop, verruil, skenk, verhuur, onderverdeel of hersoneer sonder om een maand vooraf skriftelik kennis aan die grondeisekommissaris te gee nie. Indien kennis nie gegee is nie kan die betrokke handelinge deur die grondeisehof tersyde gestel word of enige ander bevel gemaak word as bevind word dat die handelinge nie te goeder trou geskied het nie.

Artikel 11A is ook ingevoeg om voorsiening te maak dat enige persoon wat deur die publikasie van die kennisgewing geraak word, vertoë kan rig tot die

streekgrondeisekommissaris vir intrekking of wysiging van die kennisgewing. Alle belanghebbende partye moet per aangetekende pos van enige moontlike intrekking of wysiging van 'n kennisgewing in kennis gestel word en geleentheid gebied word vir die verskaffing van redes waarom die kennisgewing nie gewysig of ingetrek moet word nie.

Hierdie wysigings gee dus groter beweegruimte aan die grondeienaar sonder dat die belange van die grondeisers op die agtergrond geskuif word. Dit skakel ook heelwat van die TLU se besware uit.

6 Eiendomsreg en die reg op vrye ekonomiese aktiwiteit

Alhoewel artikel 28 van die 1993-Grondwet nie spesifiek verwys na die beperking op die uitoefening van eiendomsreg en regte in grond wat deur grondeise opgelê word nie, bepaal die gelykheidsklousule (a 8(3)(b)) dat elke persoon of gemeenskap wel geregtig is om 'n eis kragtens artikels 121–123 van die Grondwet in te stel (vgl par 2 hierbo). Die konstitusionele hof bevind dat die bestaande eiendomsreg nie voorrang geniet bo grondeise nie. Die hof lê die riglyn neer dat "the conflicting interests of claimants and current registered owners are to be resolved on a basis that is just and equitable" met inagneming van die faktore neergelê in artikel 123(2) van die 1993-Grondwet (33). Sodra die eis deur die grondeisehof toegestaan is, moet die staat die grond, indien nodig, aankoop of teen billike vergoeding onteien (a 123(2), (4) en (5) gelees met a 28(3) 1993-Grondwet).

Die applikant in die saak kon nie aantoon hoe artikel 11(7) en (8) wesenlik op die eiendomsreg van die grondeienaar inbreuk maak nie. Die hof maak die stelling dat al sou daar wel op die grondeienaar se eiendomsreg inbreuk gemaak word, die inbreukmaking ooreenkomstig artikel 33 van die 1993-Grondwet geregverdig sou wees (37–38). Die argument sou verder deur artikel 8(3)(b) van die Grondwet gestaaf kon word.

Artikel 25(1) van die 1996-Grondwet verwys nie meer spesifiek na eiendomsreg nie maar bepaal dat niemand van hulle eiendom ontneem mag word nie behalwe deur 'n wet met algemene werking. Grond mag ontneem word vir 'n openbare doel en in die openbare belang onderworpe aan vergoeding (a 25(2)). Die openbare belang sluit die regering se verbintenis tot grondhervorming in (a 25(3) en (8)). Artikel 25(7) maak spesifiek voorsiening dat 'n persoon of gemeenskap wie se eiendom na 19 Junie 1913 as gevolg van rasdiskriminerende wetgewing of praktyke ontneem is, geregtig is op herstel van dié eiendom of vergoeding.

7 Delegasie

Applikant het beweer dat die grondeisekommissie nie kragtens artikel 122(1)(b) van die 1993-Grondwet die bevoegdheid het om in wetgewing-mediasie aan iemand anders te delegeer nie (40). Volgens applikant sou die kommissie (al die kommissarisse gesamentlik) alle mediasies self moet onderneem. Dit sou volgens die hof 'n onmoontlike taak op die kommissarisse lê, veral in die lig van die hoeveelheid eise wat reeds ingedien is (42–43). Artikel 121(6) van die Grondwet voorsien volgens die hof slegs dat die kommissie 'n belangrike rol in die hele proses rondom grondeise, mediasie en onderhandeling te speel het (43).

Die konstitusionele hof stel as riglyn (45) dat die 1993-Grondwet aan die parlement die bevoegdheid verleen om wetgewing uit te vaardig (a 121(1) – 44). Die parlement is nie 'n suborgaan waarvan die bevoegdhede van delegasie

beperk word nie en die Grondwet behoort nie legalisties uitgelê te word nie (die hof verwys na *Minister of Home Affairs (Bermuda) v Fischer* 1980 AC 319 (PC) 328H in die verband). Daar is geen beperking in die Grondwet op die grondeisekommissaris om onderhandelaars om 'n grondeis af te handel, aan te stel of sodanige bevoegdheid te delegeer nie. Artikel 122(1)(d) bepaal in elk geval dat die kommissie enige ander funksies en bevoegdhede kan uitoefen wat die wet voorskryf.

8 Slot

In die onderhawige saak het die konstitusionele hof riglyne verskaf oor hoe die Wet op die Herstel van Grondregte 22 van 1994 en die 1993-Grondwet geïnterpreteer behoort te word om administratiewe geregtigheid te bewerkstellig. Die hof maak wel die opmerking dat die belange van die grondeienaar en die beskerming van sy of haar eiendomsreg nie swaarder weeg as dié van die grondeiser nie. Artikel 11(7) en (8) is daar geplaas om te verseker dat die grondeiser nie benadeel word nadat die grondeienaar van die eis te hore kom nie. Dié *status quo* beskerming geld nie absoluut nie en kan deur die hoofgrondeisekommissaris opgehef word na voorlegging van behoorlike redes en met inagneming van 'n aantal faktore. Dié diskresie kan slegs na behoorlike afweging van alle belange uitgeoefen word. Sedert die publikasie van die hofsaak was die grondeisekommissaris al gedwing om van die bepalings van artikel 11(7) en (8) gebruik te maak ten einde grondeisers te beskerm (vgl bv AK 521 in *SK* 17119 van 1996-05-03 (Barkly-Wes in Noord-Kaap)); die noodsaak van die beskerming van wat die wet in die vooruitsig gestel het en wat die konstitusionele hof korrek opgesom het, blyk hieruit.

Grondeise is en bly 'n moeilike aangeleentheid en meerdere persone as bloot die grondeisers en grondeienaars word daardeur geraak. Deur 'n behoorlike en regverdige uitleg van wetgewing kan heelwat van die probleme uitgeskakel word.

W DU PLESSIS
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

VOORDELE EN NADELE WEENS DIE DOOD VAN 'N MEDEBROODWINNER

Santam Insurance Co Ltd v Fourie 1997 1 SA 611 (A)

1 Basiese feite

Die eiser (respondent) en sy (oorlede) gade (X) was buite gemeenskap van goed getroud maar het hulle onderskeie inkomstes in 'n gemeenskaplike fonds gestort waaruit onderhoud voorsien is aan sowel hulleself as hulle drie afhanklike kinders. Die gekombineerde gesinsinkomste is so verdeel dat elkeen van die gades twee dele en elkeen van die kinders een deel ontvang het. X het in lewe

meer uit die gemeenskaplike fonds vir haar eie onderhoud ontvang as wat sy tot hierdie fonds bygedra het (614B–C).

2 Regsvraag

Na die nalatige doding van X ontstaan die vraag of die drie afhanklike kinders skade gely het weens X se dood (in die lig van die feite hierbo gemeld) en, indien wel, welke bedrag skadevergoeding hulle daarvoor behoort te ontvang (betaalbaar aan die eiser as verantwoordelike voog deur die aanspreeklike versekeraar van die motorbestuurder wat X se dood veroorsaak het) (615D).

3 Twee moontlike benaderings tot skadebepaling

In die uitspraak van die hof *a quo* is daar gewys op die volgende twee moontlike benaderings tot skadebepaling wat in hierdie geval aangewend kan word (sien *Fourie v Santam Insurance Ltd* 1996 1 SA 63 (T) 64J–64D):

Volgens *metode 1* (wat deur die appellant se advokaat voorgestel is) moet die feit dat X meer uit die gemeenskaplike fonds ontvang het as wat sy daartoe bygedra het (in haar hoedanigheid as 'n tipe "medebroodwinner"), noodwendig beteken dat haar dood geen netto geldelike verlies vir die fonds aandui nie maar eerder dat die fonds nou beter daaraan toe is. Gevolglik kan nie gesê word dat X enige netto bydrae tot die onderhoud van die drie kinders gemaak het nie en impliseer haar dood geen vermoënsverlies (onderhoudsverlies) vir hulle nie. Daar was ook geen sprake van 'n toekomstige verlies nie aangesien die getuienis nie die moontlikheid van 'n relevante verswakking van die kinders se toekomstige vermoënsposisie aangedui het nie (614H).

Ingevolge *metode 2* wat namens die eiser (respondent) se advokaat as korrekte metode voorgehou is, is daar *in casu* wel skade teenwoordig. Hierdie metode aanvaar dat beide ouers 'n plig het om hulle kinders te onderhou. Die geld wat in die gemeenskaplike fonds inbetaal is, moet dus gesien word as 'n onderhoudsbetaling aan beide die gades en aan die afhanklike kinders. Elkeen van die gades se bydrae moet gevolglik op die gebruiklike wyse in breukdele verdeel word (sien vir verdere gesag hieroor Davel *Skadevergoeding aan afhanklikes* (1987) 94; Koch *The reduced utility of a life-plan* (1993) 304–305). Met ander woorde, ook X se inkomste word verdeel in twee dele vir haar en die eiser sowel as een deel vir elke kind. Met die dood van X verval haar bydrae tot die kinders se onderhoud en, so lui die argument, is daar gevolglik skade waarvoor skadevergoeding toegeken moet word (615A–C).

Volgens metode 2 is dit natuurlik irrelevant dat X se onderhoudsvoorsiening na haar dood deur die eiser oorgeneem sou word.

4 Die hof se beslissing

Die hoogste hof van appèl beslis in 'n kort maar eenparige uitspraak (gelewer deur EM Grosskopf AR met wie Eksteen AR, Howie AR, Scott AR en Zulman AR saamstem) dat metode 1 die korrekte benadering weerspieël en dat die hof *a quo* se gebruik van metode 2 verkeerd is. In die proses verwerp die hof onder meer die ongerapporteerde saak *Bosch v Mutual and Federal Versekeringsmaatskappy Bpk* (saaknr 2090/92 van 1993-03-25 (T)) vir sover dit met die uitspraak *in casu* teenstrydig sou wees (sien verder oor hierdie saak Koch 315 vn 314).

Volgens die hof is die vraag na die bestaan van skade bloot 'n feitevraag en lei die aktuariële teorieë tot 'n verduistering van hierdie basiese kwessie (615D).

In 'n sin is die hof natuurlik reg maar die vraagstuk deur middel van welke *skadeformule* skade (en skadevergoeding) bepaal of uitgedruk word, is inderdaad 'n regsvraag (sien in die algemeen Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 62 ev). Weens die feit dat X *in casu* meer uit die gemeenskaplike fonds benodig het as wat sy daarin geplaas het, meen die hof (sonder om hom op enige besondere skadeformule te beroep) dat die afhanklike kinders geen skade kon gely het nie (615F).

Appèlregter Grosskopf motiveer sy gevolgtrekking soos volg:

> "The basic fallacy in the plaintiff's approach, it seems to me, is the following: It assumes that, because the wife is in principle under a duty to support her husband and children, every contribution which she makes to the common pool must be taken to be (in part) a payment pursuant to that duty. This does not follow. The question whether she paid for the maintenance of the children is, as stated above, one of fact. There are no legal rules as to appropriation of payments in this situation" (615G).

5 Evaluasie en bespreking

Daar kan min twyfel wees dat die hof se beslissing *in casu* korrek is. Die basiese struikelblok vir die eiser se argument betreffende die gebruik van metode 2 hierbo verduidelik, is geleë in die erkenning (614B) dat die eiser en sy gade X hulle inkomste in 'n *gemeenskaplike fonds* betaal en daaruit aangewend het. Hierdie feit weerspreek die kunsmatige verdeling van elke gade se inkomste in verskillende dele ingevolge metode 2. Waar die totale gesinsinkomste *de facto* as 'n eenheid behandel is, maak dit geen sin om nou by afsterwe van 'n gade vir skadevergoedingsdoeleindes dit skielik as twee afsonderlike fondse of bronne van onderhoud te behandel nie.

Die hof deins ook nie terug om die ietwat koelbloedige maar korrekte afleiding te maak (sien ook Reinecke "Nabetragtinge oor die skadeleer en voordeeltoerekening" 1988 *De Jure* 224 in ietwat ander verband) dat die betrokke gesin *per capita* na die dood van X geldelik beter daaraan toe is as *voor* haar dood nie (616A). Waar die doel van 'n skadevergoedingstoekenning is om die afhanklike in die posisie te plaas waarin hy/sy sou gewees het indien die betrokke broodwinner (of medebroodwinner soos *in casu*) nie voortydig gedood is nie (sien bv *Legal Ins Co Ltd v Botes* 1963 1 SA 608 (A) 614; *Groenewald v Snyders* 1966 3 SA 237 (A) 246; *Milns v Protea Ass Co Ltd* 1978 3 SA 1006 (K) 1010; *Kotwane v Unie Nasionaal Suid-Britse Versekeringsmaatskappy Bpk* 1982 4 SA 458 (O) 463: "Die skadevergoeding moet net vervang wat sy sou ontvang het"; Visser en Potgieter 158), is 'n *vergoedende* toekenning *in casu* beswaarlik moontlik. En, soos bekend, veroorloof ons reg nie *solatium*-betalings as gevolg van nievermoënskade weens die dood van 'n bloedverwant nie.

Na my mening beteken die onderhawige uitspraak nie dat waar die moeder as medebroodwinner meer onderhoud uit die gesinsinkomste wegneem as wat sy daarin plaas, haar afhanklike kinders *nooit* 'n aksie sal hê weens verlies aan onderhoud na haar dood nie. Die hof voorsien immers self die geval waar die blote feit dat 'n afhanklike nou 'n enkelouer as broodwinner het, die onderhoudsposisie van so 'n afhanklike kan verswak (vgl ook *Senior v National Employers General Ins Co Ltd* 1989 2 SA 136 (W) wat moontlik ook 'n tipe voorbeeld van so 'n geval bied; vgl egter Burchell 1989 *Annual Survey* 137–138; sien verder Davel "*Senior v National Employers General Insurance Co Ltd* 1989 2 SA 136

(W)" 1989 *De Jure* 365; Dendy "Claims for damages for loss of support: Dependants' or breadwinners' actions?" 1990 *SALJ* 155).

Die hof gee in hierdie verband 'n voorbeeld van waar 'n vader na die dood van sy vrou weer trou met 'n vrou wat geen inkomste het nie of waar die vader sy inkomste verloor (615H). Daar moet egter in gedagte gehou word dat slegs verdere feite wat redelikerwys met die skadestigtende gebeurtenis verband hou (die nalatige doding van die moeder as medebroodwinner) waarskynlik aldus in aanmerking geneem kan word. Met ander woorde, die hertroue van 'n man (met die gepaardgaande finansiële gevolge) kan *moontlik* relevant wees maar waarskynlik nie bloot die toekomstige verlies of vermindering van sy inkomste weens ander redes nie – tensy 'n mens die uitgangspunt aanvaar dat die verlies van 'n ouer wat op enige wyse inkomste bygedra het (of later sou kon bydra), noodwendig die afhanklike se verwagting op onderhoud aantas. 'n Ander geval wat die hof nie vermeld nie, is waar die vader in elk geval mettertyd weens gesondheidsredes deur die moeder as hoofbroodwinner vervang sou word. In so 'n geval moet dit duidelik wees dat 'n hof noukeurig sal moet oorweeg of die voortydige dood van die moeder (ongeag haar bydrae tot onderhoud in daardie stadium) nie die afhanklike kinders se onderhoudsposisie so verswak dat hulle op skadevergoeding geregtig is nie.

Dit is miskien 'n leemte in die onderhawige saak dat die hof nie uitdruklik 'n skadeformule as uitgangspunt gestel het nie (ondanks die verwysing na *Evins v Shield Insurance Co Ltd* 1980 2 SA 814 (A) 838). Waar die hof juis met verwysing na bespaarde uitgawes bevind dat daar *in casu* geen skade gely is nie, ontstaan die vraag of bespaarde uitgawes ingevolge 'n skadeformule hanteer moet word of dalk eerder ingevolge die leerstuk van voordeeltoerekening (sien bv Visser en Potgieter 200–201 207).

In *Hendricks v President Ins Co Ltd* 1993 3 SA 158 (K) het dit gegaan oor 'n man wat vergoeding geëis het weens die verlies van sy vrou se dienste na haar nalatig veroorsaakte dood. In hierdie geval is die man se eis van die hand gewys aangesien hy nie van meet af aan bewys het dat haar dood nie groter geldelike besparings meegebring het as die onkoste om 'n huishoudster te huur nie (163C). Hierdie saak is dus ook gesag (net soos die saak onder bespreking) dat sekere besparings blykbaar reeds in die stadium van skadebepaling oorweeg kan word en dat dit nie die *verweerder* is wat dit as toegerekende voordele moet aandui nie. Die vraag is nou of *alle* besparings so hanteer moet word en wat die kriteria sou wees indien 'n mens byvoorbeeld 'n rasionele onderskeid tussen verskillende tipes relevante besparings wil maak.

Die feite in die *Hendricks*-saak is natuurlik indirek van belang by die bepaling of afhanklikes 'n eis weens onderhoudsverlies het aangesien Grosskopf AR juis na die geval verwys waar 'n man na sy vrou se dood 'n huishoudster moet huur (615I). Indien die man geen vergoeding vir die (addisionele) uitgawes in hierdie verband eis of ontvang nie, kan dit die afhanklike kinders se onderhoudsposisie negatief beïnvloed. Nogtans blyk dit dat die hof nie voorsien dat die *afhanklikes* in so 'n geval 'n eis het nie maar dat die langslewende broodwinner sy geld wat vir onderhoud beskikbaar is, sal moet aanvul deur self 'n aksie in te stel. Dit is egter onseker of die hof se kriptiese voorbeeld regverdiging vir so 'n algemene afleiding bied.

Ten slotte kan 'n mens daarop wys dat alhoewel die uitspraak *in casu* korrek is wat die feite voor die hof betref (en dat dit enkele algemene riglyne vir ander

howe bied), die uitspraak nie voorgee om 'n antwoord te bevat wat noodwendig in alle feitelike situasies geldig sal wees nie.

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

VERFYNING VAN DIE ONREGMATIGHEIDSTOETS BY LASTER EN BY KRENKING VAN DIE GODSDIENSGEVOEL

Mohamed v Jassiem 1996 1 SA 673 (A)

Inleiding

Vir doeleindes van hierdie bespreking is die tersaaklike feite in die onderhawige saak dat die verweerder die eiser, 'n Moslem van die Wes-Kaap, in 'n moskee by 'n huweliksplegtigheid daarvan beskuldig het dat hy (die eiser) "'n sympathiser met die Ahmadis [is]. Hy staan saam met hulle". By die verhoor was dit gemeensaak dat dit volgens die ortodokse Wes-Kaapse Moslemgemeenskap uiters krenkend is om as aanhanger van of simpatiseerder met die Ahmadi gebrandmerk te word (690C–D): diesulkes word as afvalliges van Islam beskou en moet as "Murtad" of "kafirs", dit wil sê uitgeworpenes uit die geloof, behandel word. Die gevolge daarvan is verreikend en kom op ban uit die betrokke gemeenskap neer (sien oa 681D–I).

Die eiser slaag in die hof *a quo* met 'n lastereis gegrond op die vermelde woorde en R25 000 word aan hom toegeken. Die hoogste hof van appèl gee die verhoorhof gelyk wat hierdie deel van die beslissing betref.

Die aard van die onregmatigheidstoets by laster

Die saak is veral belangrik weens die hof se siening van aspekte van die onregmatigheidstoets by laster. Voor die beslissing is betreklik algemeen aanvaar dat die gewraakte gepubliseerde woorde of gedrag volgens die oordeel van die redelike man die strekking moet hê om die eiser se goeie naam *in die gemeenskap in die algemeen* aan te tas; dat die redelike man hier die *gemeenskap as geheel* verteenwoordig en *nie slegs 'n bepaalde groep of segment van die gemeenskap nie* (sien bv *Botha v Marais* 1974 1 SA 44 (A) 49; *HRH Zwelithini of KwaZulu v Mervis* 1978 2 SA 521 (W) 528–529; *Conroy v Nicol* 1951 1 SA 653 (A) 662–663; *Mohamed* 691B; Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 146–147 en die ander bronne daar aangehaal). Daar was weliswaar enkele uitsonderings op die reël: die feit dat die eiser 'n blanke of 'n Indiër was het byvoorbeeld al 'n rol gespeel by die toepassing van die redelike man-maatstaf (vgl onderskeidelik *Brill v Madeley* 1937 TPD 106 109–110 en *Naidu v Naidu* (1915) 36 NPD 43 waaroor later meer). Tot met die hoogste hof van appèl se beslissing in die saak onder bespreking kon die regsposisie egter tereg as onseker beskryf word (*Neethling's Law of personality* 147).

In *Mohamed* bekragtig die hoogste hof van appèl in 'n enkele uitspraak van die volle regbank (dié van regters Hoexter, Smalberger, MT Steyn, Marais en Schutz) nou die beslissing van die Kaapse Provinsiale Afdeling (Van den Heever

R) dat 'n lasteraksie kan slaag ook waar die gewraakte woorde die reputasie van die eiser aantas in die oë van 'n *bepaalde segment* van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap en nie noodwendig in die oë van die hele gemeenskap nie.

Die hof stem saam (703E ev) met regter Van den Heever se opmerking dat 'n mens se reputasie nie in 'n lugleegte ("a void") bestaan nie (702G) en beskou die argumente wat sy in die loop van die volgende opmerkings maak (sien 702G–703B) as "both logically compelling and sound in principle" (703E):

> "[A man's reputation] consists of the esteem in which he is held by 'society' or within 'the community'. How the community, society, is to be defined, must, in my view, depend upon the facts and the pleadings in each particular case. Sometimes geographical borders of a country may define what society or community is relevant in a particular case; for example, where a member of Parliament of a government within those boundaries claims to be defamed as such. If a man's reputation within the scientific community of which he is a member, or within the financial community within which he operates, or within the black community within which he lives, is tarnished by an imputation within that community of conduct disapproved on the whole by that community, the Court will use its muscle to recompense him for the loss . . . And by his pleadings a plaintiff makes it clear whether the loss for which he claims reparation is of reputation countrywide, or in a more limited particular society . . .
>
> I do not understand anything in the Appellate Division decisions as barring such an approach, which is accepted in many other countries and urged here as a matter of common sense and fairness . . . [Hier verwys Van den Heever R ter ondersteuning na die werke van Prosser, Burchell, Street, Salmond en Heuston, Ameransinghe, Ranchod, en Hahlo en Kahn; 'n mens sou Neethling *Persoonlikheidsreg* (1991) 133 en *Neethling's Law of personality* 147 ook kon byvoeg.] The only qualification, it seems to me, is that the particular society should not be one whose reasonably uniform norms are *contra bonos mores* or anti-social" (sien weer *Neethling's Law of personality* 147 vn 70).

Die verhoorhof – en hiermee stem die hoogste hof van appèl saam – bevind dan dat die eiser behoort te slaag al verteenwoordig die Wes-Kaapse Moslemgemeenskap (in wie se oë die eiser se aansien gedaal het) slegs 'n klein deeltjie van die totale nasionale bevolking (703D): na raming ongeveer 260 000 mense (679E).

Die hoogste hof van appèl bespreek (703H–709B) enkele hofbeslissings en menings van skrywers oor die vraag of 'n lastereis kan slaag waar die mening van slegs 'n deel van die gemeenskap betrokke is (oa *Sim v Stretch* [1936] 2 All ER 1237 (HL); *Demmers v Wyllie* 1978 4 SA 619 (D); *Naidu v Naidu supra*; *Pillay v Ivins* (1919) 40 NLR 137; *Brill v Madeley supra*; *GA Fichardt Ltd v The Friend Newspapers Ltd* 1916 AD 1; *Wallachs Ltd v Marsh* 1928 TPD 531; *Conroy v Nicol* 1951 1 SA 653 (A); Hahlo en Kahn *The Union of South Africa – The development of its laws and constitution* (1960) 546; Ranchod *Foundations of the South African law of defamation* (1972) 256; Burchell *The law of defamation in South Africa* (1985) 99). Daar word bevind dat die presiese probleem wat deur die besondere feite in die onderhawige saak na vore gebring is, nog nie deur die hoogste hof van appèl oorweeg is nie; nóg is daar enige beslissing van die hof wat direk teenstrydig is met regter Van den Heever se hierbo aangehaalde uiteensetting van die regsposisie (703F). Voorts bestaan daar volgens die hof nie regtig gesag in die regspraak vir die stelling dat ons reg nie sogenaamde "segmental defamation" erken nie (707C). Die hof som sy siening soos volg op (706J–707B):

> "If the requirement of 'society generally' ... were to be applied in every conceivable case of defamation it would have the consequence that, in the case of a plaintiff belonging to a particular community representing only a fraction of the entire population of the country, the views of such community would be disregarded in circumstances in which the views of that community were all that mattered. That, so we consider, is not the position in our law of defamation."

Daar moet volmondig met die hof saamgestem word. Soos by herhaling uitgewys deur die skrywers wat die hof met klaarblyklike instemming aanhaal (sien hierbo), is 'n streng toepassing van die "society generally"-beginsel onrealisties in die heterogene Suid-Afrikaanse gemeenskap (708F). Hahlo en Kahn (546; deur die hof aangehaal by 708F–H), som die posisie so op:

> "The South African population is composed of comparatively large groups of persons having widely divergent cultural, education, social and economic backgrounds. In many cases persons belonging to different racial groups hold different views. Under these circumstances it is submitted that it would be preferable to adopt the American approach, according to which it is recognised 'that the plaintiff may suffer real damage if he is lowered in the esteem of any substantial and respectable group, even though it be a minority one, with ideas that are not necessarily reasonable [provided that] ... if the group who will think the worse of the plaintiff is so small as to be negligible, or one whose standards are so clearly anti-social that the court may not properly consider them, no defamation will be found'."

Die hof self stel dit soos volg (704F–G):

> "It is hardly a matter for surprise that the complex population structure of our country has been mirrored in a number of South African defamation cases in which the Court has appeared to disregard the view of 'society in general' in favour of a narrower provincial, ethnic or religious view."

Wanneer bestaan daar 'n groep vir doeleindes van die onregmatigheidstoets by laster?

Dit is duidelik dat 'n bewering lasterlik kan wees ook wanneer die eiser se aansien in die oë van slegs 'n gedeelte van die gemeenskap gedaal het en nie net volgens die bevolking as geheel nie. Wanneer kan gesê word dat daar so 'n groep vir doeleindes van die lasterreg bestaan? Volgens die hoogste hof van appèl is dit 'n feitelike vraag wat van die omstandighede van elke gegewe geval afhang (709B–C). Die hof vervolg (709C–D):

> "It goes without saying that such jurisdiction is to be exercised cautiously, and that appropriate line-drawing may prove difficult. It may also require the concomitant evolution of defences peculiarly appropriate to it and which would not necessarily be recognised as defences where the words complained of are defamatory in the eyes of society at large."

Die faktore wat die hof in *Mohamed* oorweeg het, bied nuttige riglyne ook vir ander sake (709D–F):

> "In the present case ... the claim for recognition is, in our view, a strong one. In the total fabric of South African society the Western Cape Muslim community is a long-established, well-defined and closely-knit social, cultural and religious unit. Despite the fact that its numbers are relatively small the evidence in this case satisfies us, inasmuch as it is a substantial and respectable segment of our society, that when a member of the Western Cape Muslim community is lowered in its esteem he suffers damage; and that he is in law entitled to seek reparation by way of an action for damages for defamation."

Volgens Melius de Villiers (aangehaal deur Burchell 99) gaan dit by reputasie om "that character for moral or social worth to which [a person] is entitled among his *fellow men*" (my beklemtoning). Hierop vervolg Burchell (*ibid* – sien *Mohamed* 709A–B):

> "In South Africa, with its diverse population with different ideologies and cultures, in many instances the concept of a person's fellow men inevitably assumes a sectional meaning and there is a distinct need for the recognition of the views of different groups."

'n Segmentale benadering blyk ook uit die regspraak waarna die hoogste hof van appèl verwys. Volgens die hof het in *Naidu v Naidu supra* 'n "narrower provincial, ethnic or religious view" (704F) voorkeur bo die algemene gemeenskapsopvatting geniet: in *Naidu* het die hof naamlik bevind dat dit lasterlik is om te beweer dat 'n Indiër van die Naidu kaste 'n lid van die Woda kaste is. In *Brill v Madeley supra* het die hof uitsluitlik ag geslaan op die siening van blankes in die destydse Transvaal – 'n suiwer streeksopvatting van 'n bepaalde rassegroep – by sy bevinding dat dit lasterlik is om valslik te kenne te gee dat 'n openbare figuur 'n voorstander van rassevermenging is. Die hof in *Brill* vind dit nie nodig om in te gaan op die vraag of die siening van hierdie bepaalde groep (die meerderheid witmense in die Transvaal) gedeel sou word deur die meerderheid van die "better classes" en van die "saner members" van witmense elders in Suid-Afrika nie.

Die hoogste hof van appèl het klaarblyklik geen beginselprobleem met die benadering in byvoorbeeld *Brill* nie (706F–H). Tog moet daar, soos die hof self aandui (709C–D), versigtig te werk gegaan word wanneer 'n mens moet bepaal of 'n groep se siening deur die reg aanvaar behoort te word om vas te stel of 'n eiser wie se reputasie weens krenkende bewerings in die oë van daardie groep gedaal het, met 'n lasteraksie moet slaag. Indien die reg 'n afkeur behoort te hê van die siening van 'n bepaalde groep, behoort in die onderhawige verband nie daarvan kennis geneem te word nie. Hier doen Neethling *Persoonlikheidsreg* 133 vn 66 (sien ook *Neethling's Law of personality* 147 vn 70) as algemene riglyn aan die hand dat

> "die reaksie van *redelike mense* in *belangrike groepe of segmente* van die samelewing teenoor wie die *reg nie 'n antipatie het nie*, by die vraag na die lasterlikheid van woorde of gedrag 'n rol behoort te kan speel".

By hierdie beoordeling kan die waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996, byvoorbeeld dié ten opsigte van nie-diskriminasie, 'n rol speel: die reg sal waarskynlik nie in die huidige tydsgewrig geneë wees om 'n eiser genoegdoening weens laster toe te ken indien sy reputasie uitsluitlik in die oë van byvoorbeeld 'n ekstremistiese rassistiese groep gedaal het nie.

Onregmatigheid by die krenking van die godsdiensgevoel

'n Mens sou 'n saak kon uitmaak dat in *Mohamed* nie net die eiser se goeie naam aangetas is nie, maar ook sy persoonlikheidsreg op sy *godsdiensgevoel*. Die hof sê onder meer (690C–D):

> "It was common cause at the trial that to say of a Muslim in the Western Cape that he is an Ahmadi or Ahmadi sympathiser, is highly *insulting*" (my beklemtoning).

Ek doen aan die hand dat 'n mens met "insulting" hier nie soseer met die goeie naam of die eergevoel van die eiser te doen het nie – dit natuurlik ook – maar met sy *godsdiensgevoel*, en dat die benadering wat die hoogste hof van appèl in *Mohamed* tot onregmatigheid by laster aanvaar het, *de lege ferenda* ook by die

krenking van die godsdiensgevoel diens kan doen. (Ek gaan nie hier op die godsdiensgevoel as regtens beskermingswaardige persoonlikheidsgoed in nie; sien daaroor in die algemeen Potgieter *Aspekte van die juridiese beskerming van die godsdiensgevoel* (LLD-proefskrif Unisa 1987) *passim*, "Die toets vir onregmatigheid by die krenking van die godsdiensgevoel" 1992 *THRHR* 462–465; *Neethling's Law of personality* 222–225).

As vertrekpunt is die krenking van die godsdiensgevoel *prima facie* onregmatig indien die gewraakte woorde of gedrag die godsdiensgevoel nie alleen subjektief krenk nie, maar van so 'n aard is dat die *redelike man* se godsdiensgevoel ook in die besondere omstandighede gekrenk sou gewees het (Potgieter 1992 *THRHR* 463). Omdat daar soveel uiteenlopende godsdiensrigtings in Suid-Afrika is, sal dit gewoon onrealisties wees om die redelike man-kriterium toe te pas met verwysing na die oordeel van die redelike man wat die gemeenskap *as geheel* verteenwoordig. In die reël deel 'n individu sy godsdiensgevoel met 'n godsdiensgroep waarvan hy lid is en hierdie feit moet by die bepaling van onregmatigheid in ag geneem word. Onregmatigheid moet immers altyd konkreet, in die lig van die omstandighede wat inderdaad in die betrokke geval aanwesig is, bepaal word.

As algemene reël behoort daar gevolglik by die bepaling van die *prima facie* onregmatigheid van optrede wat 'n eiser se godsdiensgevoel krenk, telkens vasgestel te word of die gewraakte optrede ook die godsdiensgevoel van die *redelike lid van die godsdiensgroep of kerk waaraan die eiser behoort*, sou gekrenk het (die "redelike lid"-maatstaf). Vanselfsprekend behoort die redelike lid-maatstaf nie absoluut te geld nie. Die redelike lid-maatstaf is immers, soos die redelike man-toets by laster, bloot 'n konkretisering van die algemene *boni mores*-onregmatigheidsmaatstaf; 'n hulpmiddel om die regsopvattings van die gemeenskap te peil en te verwoord. Daarom behoort die opvattings van 'n lid van die godsdiensgroep wat volgens die gemeenskapsopvatting byvoorbeeld *ongewenste* of *skadelike* beskouings handhaaf, nie juridies beskerm te word nie selfs al het die gewraakte bewering die godsdiensgevoel van die "redelike" lid van daardie ongewenste groep gekrenk. In so 'n geval kan dit volgens die gemeenskapsopvatting dalk nie net redelik en regmatig nie, maar selfs prysenswaardig wees om die ongewenste groep se oortuigings aan die kaak te stel al krenk dit die godsdiensgevoelens van individuele lede van so 'n groep ernstig (sien vir voorbeelde die British Law Commission se Working Paper No 79 *Offences against religion and public worship* (1981) 128–129). Ook hier, soos by onregmatigheid in die algemeen (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delik-tereg* (1996) 33 ev), gaan dit om die afweeg van belange. Waar die gemeenskapsbelang dit eis, moet individuele en selfs groepsbelange wyk.

JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

MISAPPROPRIATION OF A RIVAL'S PERFORMANCE: IS IT LAWFUL, UNLAWFUL OR MERELY "UNFAIR"?

Premier Hangers CC v Polyoak (Pty) Ltd 1997 1 SA 416 (A)

Unlawful competition in South Africa is not governed by any single comprehensive Act. The common law and more specifically the law of delict is the primary source from which one draws when seeking protection from unlawful competition. In *Matthews v Young* 1922 AD 492 507 it was said:

> "In the absence of special legal restrictions a person is without doubt entitled to the free exercise of his trade, profession or calling ... But he cannot claim an absolute right to do so without interference from another. Competition often brings about interference in one way or another about which rivals cannot legitimately complain. But the competition ... must itself remain within lawful bounds. All a person can, therefore, claim is the right to exercise his calling without unlawful interference from others. Such an interference would constitute an injuria for which an action under the Lex Aquilia lies if it has directly resulted in loss."

Applying the *actio legis Aquiliae* for protection against unlawful competition has been generally recognised by the Appellate Division in *Geary and Son (Pty) Ltd v Gove* 1964 1 SA 434 (A) (see also *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd* 1981 2 SA 173 (T) 186; *Schultz v Butt* 1986 3 SA 667 (A) 678). The courts have consequently applied the general principles of Aquilian liability to the various forms of unlawful competition recognised in our law, namely, passing-off, misrepresentation as to a rival's own performance, acquisition and use of a competitor's trade secrets, copying and adopting of a rival's own performance, competition in conflict with statutory provisions and boycott. An important implication of this, as pointed out by Van Heerden and Neethling (*Unlawful competition* (1995) 64) is that the comprehensive basis of the *actio legis Aquiliae* is now at the disposal of an aggrieved competitor even where there is no direct precedent in case law. Thus it is unnecessary for the wronged competitor to squeeze his action into the sphere of one of the recognised categories of unlawful competition or another particular type of delict. In this respect it has been stated that the common law delict of unlawful competition has begun to play a more prominent role in the protection of technology and technological innovations, and that the diminished role of copyright in recent developments may result in unlawful competition becoming a dominant force in protecting intellectual property in the technological field (Dean "Reproduction of three-dimensional utilitarian objects – copyright infringement and unlawful competition" 1990 *Stell LR* 50).

In respect of one of these recognised forms of unlawful competition, the act known as the misappropriation (copying or adopting) of a rival's performance, however, a tendency seems to be developing in the courts to allow a prejudiced competitor to take recourse on Aquilian grounds under very limited circumstances only. "Piracy" or the "slavish copying of a rival's performance" occurs where not only the idea on which a competitor's performance is based is copied, but the performance as such is made the basis of the perpetrator's performance. The attitude of our courts, however, is that not all imitation is unlawful; on the

contrary, imitation may be said to be the essence of life (*Bress Designs (Pty) Ltd v GY Lounge Suite Manufacturers (Pty) Ltd* 1991 2 SA 455 (W) 474) and an entrepreneur may copy that which is in the public domain or take over the published ideas and concepts of a competitor (see also *Payen Components SA Ltd v Bovic Gaskets CC* 1994 2 SA 464 (W) 477; Callman *The law of unfair competition, trademarks and monopolies* vol 2 (1982) 15: 17–20). This issue will further be considered in analysing the judgment in *Premier Hangers CC v Polyoak (Pty) Ltd* hereunder.

In *Schultz v Butt* 1986 3 SA 667 (A), the *locus classicus* in our law in respect of misappropriation of a rival's performance, Nicholas AJA stated, *inter alia* (683–684):

> "In South Africa the Legislature has not limited the protection of the law in cases of copying to those who enjoy rights of intellectual property under statutes. The fact that in a particular case there is no protection by way of patent, copyright or registered design, does not license a trader to carry on his business in unfair competition with his rivals."

Case law seems to indicate, however, that as far as copying is concerned traders sometimes do hold licence to compete unfairly, albeit not unlawfully. A question to be considered is whether a trader who has not utilised or cannot utilise the available legislative protection should even bother to approach the courts in cases which might be classified as a misappropriation of a rival's performance. The rationale behind the principles applicable to copying is that a monopoly or stifling of technology should be avoided. In this respect the following has been said:

> "The basic theory of the patent system postulates that it is desirable in the public interest that industrial techniques should be improved. In order to encourage improvement, and to encourage also the disclosure of improvements in preference to their use in secret, any person devising an improvement in a manufactured article, or in machinery or methods for making it, may upon disclosure of his improvement at the patent office demand to be given a monopoly in the use of it for a fixed period. After that period it passes into the public domain; and the temporary monopoly is not objectionable, for if it had not been for the inventor who devised and disclosed the improvement, nobody would have been able to use it at that or any other time, since nobody would have known about it. Furthermore, the gaining of the monopoly encourages the putting into practice of the invention, for the only way the inventor can make a profit from it (or even receive the fees for his patent) is by putting it into practice: either by using it himself, and deriving an advantage over his competitors by its use, or allowing others to use it in return for royalties . . ." (*Lewis Berger & Sons Ltd v Svenska Ojeslageri Aktiebolaget* 1959 3 SA 604 (T), as cited in *Premier Hangers CC* 423).

